

**'n Historiese perspektief oor die kontroversiële lewe van  
Johanna Brandt  
(1876 – 1964)**

deur

Magrietha Elizabeth van der Merwe

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

Doctor Philosophiae (Geskiedenis)

in die

Departement Historiese en Erfenisstudies

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Pretoria

November 2016

STUDIELEIER: Dr. J.E.H. Grobler

## VOORWOORD

Die lewensverhaal van Johanna Brandt bevat soveel fasette dat 'n navorser by wyse van spreke verswelg kan word deur die uitdaging om dit te dokumenteer. Aan die ander kant is dit van voordeel dat daar 'n skat van inligting oor haar lewe in veilige bewaring in die Nederduitsch Hervormde Kerkargief, Pretoria, is. Dit mag klink asof dit gevolglik maklik sou wees om die navorsing te doen, naar dit was allermins die geval. Daar is soveel inligting in die meer as 200 lêers in daardie argief alleen dat dit meer as vyf jaar geneem het om daardeur te worstel.

Ek het in die middel van die 1980's die eerste keer indringend met Johanna Brandt kennis gemaak toe ek aan my MA-verhandeling oor haar vroeë loopbaan, met die titel *Johanna Brandt en die kritieke jare in Transvaal, 1899 – 1908*, begin werk het. Ek het dit in 1989 voltooi. In 2010 het ek na baie jare weer in aanraking gekom met prof. Johan Bergh, die hoof van die Departement Historiese en Erfenisstudies aan die Universiteit van Pretoria. Hy het daarop aangedring dat ek die dokumentering van Johanna se lewensverhaal moes voltooi, aangesien haar rol en impak so belangwekkend was dat dit ongetwyfeld 'n proefskrif regverdig. Ek het nooit besef dat dit so 'n omvangryke studie sou word nie – anders sou ek dit bes moontlik nooit onderneem het nie.

Alleen sou ek beslis nie die berg kon uitklim nie. Ten eerste wil ek my hartlike dank aan dr. J.E.H. Grobler betuig vir sy gewaardeerde advies, konstruktiewe kritiek en die feit dat hy altyd daar was om bystand te verleen.

Vervolgens wil ek aan my broer Koot Dippenaar dankie sê vir sy navrae en belangstelling sowel as finansiële hulp teen die einde van die studie. Marzelle Haskins, my dogter, het my so geduldig bygestaan in my onkunde met die elektroniese media, waarvan ek nog steeds nie 'n kenner is nie: dankie is te min. Jean-Pierre, kleinseun, wat te alle tye bereid was om te help met soek na dokumente op die rekenaar, regstelling van foute en alles wat ek nie kon vind nie: jy het my by diep slote uitgehelp. Dankie vir jou bereidwilligheid. Ten slotte is ek deur my seun, Marco van der Merwe, gehelp om die finale berg uit te klim: die organisasie van die werk maar die finansiële hulp met die drukwerk en die daar wees vir my. Dankie, Seun!

Rita van der Merwe, 1 November 2016



**Johanna as verpleegster in die Irene-konsentrasiekamp**

## Inhoud

Voorwoord	i
Illustrasie: Johanna as verpleegster in die Irene-konsentrasiekamp	ii
Inhoudsopgawe	iii
Afkortings in die teks gebruik	

### Hoofstuk 1. Inleiding

1. Die plek van vroue in die geskiedskrywing	1
2. Keuse van onderwerp	2
3. Vraagstelling en hipotese	3
4. Navorsingsopset en –metodologie	4
5. Bronne	7

### Hoofstuk 2. Die lewe van Johanna en Louis Brandt

1. Inleiding	13
2. Die lewensloop van Johanna tot 1902	13
2.1 Die genealogie van Johanna: die Van Warmelo's	13
2.2 Die Maré-stamboom	16
2.3 Johanna se jeugjare	17
3. Die genealogie en studentelewe van Louis Brandt	20
4. Die ontmoeting tussen Johanna en Brandt	21
5. Johanna en Brandt se huwelik en verblyf in Nederland	23
6. Die Brandts verhuis na Suid-Afrika	28
7. Die Brandts as pastoriepaar in die Gemeente Zoutpansberg (1904-1908)	32
8. Die Brandts in die Gemeente Johannesburg (1908-1923)	42
9. In die Gemeentes Vereeniging-Heilbron (1923-1930)	57
10. die Gemeentes Kensington/Turffontein (1930-1939)	60
11. Ten slotte	63

### Hoofstuk 3. Johanna se bedrywighede as humanis

1. Inleiding	65
2. Bedrywighede as humanis tydens die Anglo-Boereoorlog	66

3.	Verpleegster in die Irene-konsentrasiekamp	67
4.	Humanitêre optrede as predikantsvrou in Pietersburg	78
5.	Predikantsvrou op die Witwatersrand en in Vereeniging	90
6.	Betrokkenheid by die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV)	93
7.	Ten slotte	95

#### **Hoofstuk 4. Spioen gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902**

1.	Inleiding	97
2.	Johanna se aanvanklike belewenis van die oorlog	97
3.	In Pretoria na die Britse besetting daarvan	98
4.	Johanna raak betrokke by spioenasie-netwerke	105
5.	Die einde van Johanna se betrokkenheid by oorloggebeure	114

#### **Hoofstuk 5. Johanna se betrokkenheid by feministiese ideologieë en politieke aktiwiteite (±1910–1920)**

1.	Inleiding	116
2.	Nuwe denkwyses aan die begin van die 20e eeu wat vroue beïnvloed het	116
3.	Johanna en die kwessie van stemreg vir vroue	121
4.	Die Vroue-optog van 1915 en Johanna se betrokkenheid daarby	123
5.	Johanna se betrokkenheid by die VNP	128
6.	Onverkwiklike konflik in die leierskorps van die VNP	134
7.	Ten slotte	146

#### **Hoofstuk 6. Johanna se verknogtheid aan Harmony, 1895–1921**

1.	Inleiding	148
2.	Johanna se ontsteltenis oor die finansiële situasie rondom Harmony	149
3.	Johanna se verblyf in Harmony as huurder, Augustus 1917 – September 1919	152
4.	Besware van die Johannesburgse kerkraad oor Johanna se verblyf te Harmony	156
5.	Die laaste fase van Johanna se verblyf op Harmony, Oktober 1919 – Februarie 1921	158
6.	’n Sigbare nalatenskap van Harmony leef voort	165

## **Hoofstuk 7. Die impak van visioene op Johanna en die neerslag daarvan in publikasies, ±1916–1921**

1.	Inleiding	168
2.	Bonatuurlike aktiwiteite en kultusse waarby Johanna betrokke geraak het, 1902–1908	169
2.1	Séances	169
2.2	Spiritisme/spiritualisme	170
2.3	Handlesery	171
3.	Johanna se hernude belangstelling in die bo-natuurlike van 1916 af	173
4.	Johanna se visioene in die tydperk 1914-1916	179
5.	Johanna se wedervaringe met die besoekers van Boosens en die ‘groot doop’	187
6.	Die neerslag van Johanna se visioene in haar skryfwerk, 1916-1921	195
6.1	<i>Millennium</i>	196
6.2	<i>Smeltkroes</i>	202
7.	Ten slotte	206

## **Hoofstuk 8. Gereelde verhuisings en lesingstoere, 1921–1927**

1.	Inleiding	208
2.	Die aanvang van Johanna se betrokkenheid by natuurgeneeskunde	210
2.1	<i>Die Nieuwe Wyn</i>	212
2.2	<i>The Fasting-Book</i>	213
3.	Johanna verhuis weereens alleen na Pretoria (Julie 1922)	215
4.	Die historiese roman <i>Patricia</i>	217
5.	Johanna terug in die pastorie in Johannesburg, 1923	219
6.	Johanna se aanvanklike bedrywighede in die Vereeniging-era, 1923-1925	222
7.	<i>The Grape Cure</i>	223
8.	Landsweye lesingtoer, April–Junie 1926	225
9.	Johanna stig die ‘School van Harmonie’, 1926	228
10.	Aktiwiteite die eerste ses maande van 1927	229
11.	Ten slotte	230

## Hoofstuk 9. Johanna se oorsese reis, 1927-1928

1.	Inleiding: Johanna se beplanning van die reis, Januarie–Julie 1927	232
2.	Van Vereeniging na Europa, 4-31 Julie 1927	234
3.	Johanna se eerste besoek aan Londen, 31 Julie–12 Augustus 1927	236
4.	Johanna se besoek aan Nederland, 12 Augustus–21 September 1927	238
5.	Johanna terug in Brittanje, 21 September–21 November 1927	241
6.	Die reis na en eerste gewaarwordinge van die VSA, 21–29 November 1927	246
7.	Wedervaringe in Noord-Amerika, 29 November 1927–2 November 1928	247
7.1	Haar aankoms en verblyf in New York	247
7.2	Johanna reis deur die VSA, 16 Junie–13 September 1928	257
7.3	Johanna se onbeplande besoek aan Kanada, 13-25 September 1928	260
7.4	Die laaste vyf weke in die VSA, 27 September–2 November 1928	261
8.	Johanna se terugreis na Suid-Afrika, 2 November–16 Desember 1928	263
9.	Johanna se publikasies tydens haar reis na en verblyf in die buiteland	265
9.1	<i>The Red Octopus</i>	265
9.2	<i>The Grape Cure/Die Druiwekuur</i>	267
9.3	<i>Anchored in America</i>	271
10.	Ten slotte	272

## Hoofstuk 10. Johanna se laaste dekade as predikantsvrou, 1929–1939

1.	Inleiding	274
2.	Die laaste tydjie in Vereeniging	274
3.	Verhuising na Johannesburg, 1930	276
4.	Die Brandts bou 'n sanatorium vir Johanna se werksaamhede	277
5.	Finansiële probleme van die Brandts in die 1930's	282
6.	Toestande verbeter na afloop van die droogte en depressie	284
7.	Johanna se belangstelling in die Nuwe Era-beweging	288
8.	Johanna weer op reis, 1938-1939	293
9.	Brandt se laaste jare as predikant, 1930-1939	296

## Hoofstuk 11. Tyd- en geestesgenote van Johanna

1.	Inleiding	302
2.	Olive Schreiner (1855-1920)	303

3.	Nicolaas Pieter Johannes Jansen (Siener) van Rensburg (1862-1926)	310
4.	Tromp van Diggelen (1885-1976)	316
5.	Ten slotte	320
	<b>Hoofstuk 12. Die vrou van Harmony se unieke lewe</b>	322
	<b>Bronne</b>	330
	Opsomming	348
	Abstract	349



## Afkortings in die teks gebruik

BIWF	British Israel's World Federation
NG	Nederduitse Gereformeerde
NHK	Nederduitsch Hervormde Kerk
NHKA	Nederduitsch Hervormde Kerkargief
NHSV	Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging
NP	Nasionale Party
NVV	Nationale Vrouwevereniging
SAVF	Suid-Afrikaanse Vrouefederasie
VNP	Vroue Nasionale Party
VSA	Verenigde State van Amerika
ZAR	Zuid-Afrikaansche Republiek

## Hoofstuk 1

### Inleiding

*“Perhaps some day I may be able to write my experiences to give some idea of what it means to be forsaken by Christ”.* Johanna Brandt, 1918.<sup>1</sup>

*“A remarkable woman, visionary and brave Brandt developed from a narrow conservatism a radical feminism, foreshadowing an international movement that would arise more than thirty years later. How was this achieved in the face of an implacable patriarchy?”* Louisa Gaul, 2003.<sup>2</sup>

#### 1. Die plek van vroue in die geskiedskrywing

Hierdie biografiese studie van Johanna Brandt verteenwoordig ’n poging om aan vroue – in hierdie geval ’n Afrikaanse vrou – ’n meer prominente plek in die Suid-Afrikaanse historiografie te gee. Volgens Christina Landman vorm die vrou bloot die subteks in die geskiedenis van die Afrikanergemeenskap wat oor ’n tydperk van 350 jaar strek.<sup>3</sup> Herman Giliomee het in *The Afrikaners* erken dat Afrikanervroue in die geskiedskrywing verwaarloos is.<sup>4</sup>

Afrikanervroue het ongetwyfeld ’n rol in die geskiedenis van hulle gemeenskap gespeel, maar dit het selde die nodige erkenning gekry. Dit is moontlik omdat hulle nie op ’n prominente wyse die politieke klimaat beïnvloed het nie. Politieke geskiedenis was vir baie jare die belangrikste faset van die Afrikanerverlede wat deur historici bestudeer en beskryf is. Tog is Afrikanervroue nie geheel en al vergeet nie. Alhoewel hulle nie veel erkenning in die geskiedskrywing gekry het nie, is hulle tog van die vroegste jare af onthou – vroue soos Maria van Riebeeck, Susanna Smit, Deborah Retief en Hendrina Joubert – om maar net ’n paar uit die wordingsjare van die

---

<sup>1</sup> Nederduitsch Hervormde Kerkargief, Pretoria (hierna in voetnote NHKA), Lêer LIX 160/iii, aantekening van Johanna Brandt (née Van Warmelo) (hierna in voetnote Johanna genoem) terwyl sy skryf aan die boek *“Die Millennium”, een voorspelling* (hierna in voetnote aangedui as *Millennium*), 7 September 1918.

<sup>2</sup> L. Gaul, “Performativity” in the lives of Julian of Norwich (1343-1413) and Margery Kempe (1373-1438) (hierna in voetnote aangedui as Gaul, “Performativity”). Ongepubliseerde D.Philproefskrif, RAU, 2003, p. 204.

<sup>3</sup> C. Landman, *The piety of Afrikaner women, diaries of guilt*, p. 8; C. Landman, Tussen breinaald en koeksister, *Insig*, Desember 2003, p. 18.

<sup>4</sup> H. Giliomee, *The Afrikaners, Biography of a people*, p. xvi.

ontluikende Afrikanergemeenskap te noem. Hierdie vermeldings ten spyt kom dit voor asof die historiese bydrae van vroue, hetsy as heldinne, humaniste, patriotte op watter gebied ook al en meningsvormers, nie in die geskiedskrywing ingebou is nie. 'n Moontlike bydraende verklaring hiervoor is dat die Afrikanervroue ongetwyfeld 'n minderwaardige rol in die patriargale samelewing gespeel het. “This is rather like assuming, as histories have done often enough, that if a law or dominant behavioural code said that women ... must not do something, they did not”.<sup>5</sup>

Enkele historici se standpunte oor vroue se rol in die geskiedenis verwys na hul invloed en bydrae tot die politieke geskiedenis. Dikwels word vroue deur historici aan die man of manlik-manipuleerde samelewing in 'n minderwaardige posisie gekoppel.<sup>6</sup> Wat Johanna Brandt – wat in die res van die proefskrif kortweg Johanna genoem word – betref kan dit onomwonde verklaar word dat sy nooit bereid was om 'n minderwaardige posisie in te neem nie.

## 2. Keuse van onderwerp

Die skryfster hiervan se MA-verhandeling oor Johanna handel alleenlik oor die periode vanaf 1899 tot 1908.<sup>7</sup> Oor haar doen en late sedert haar Pietersburgdae, oor die impak wat haar radikale opvattinge op haar eie lewe, sowel as op dié van haar man en kinders gehad het, oor haar publikasies, haar ongewone standpunte en vreemde optredes, is nog geen omvattende navorsing in diepte gedoen nie. Die behoefte om 'n volledige biografie oor haar hoogs maar interessante lewe saam te stel het by die skryfster bly voortleef. Die proefskrif handel nie oor net enkele van die vele fasette van Johanna se lewe nie. Aangesien sy soveel belangstellings gehad het en so 'n ongewone lewenstyl gelei het, word verskeie fasette sowel as aktiwiteite waarby sy betrokke was, tematies en in detail bespreek. Die volgende stelling deur Bep du

Toit verduidelik miskien die beste hoe veelsydig sy was: “Dit is Johanna Brandt. Die vrolike Johanna van Warmelo. Verpleegster, mevrou Dominee, volksmoeder, politikus, rebel, profetes, dr. Brandt, N.D., Ph.N., MA, die eksentrieke vrou van Dean-woonstel in Nuweland”.<sup>8</sup>

---

<sup>5</sup> H.B. Raddeker, *Feminist and Postmodern Approaches in practice*, Sceptical History, November 2007, p. 84.

<sup>6</sup> L. Maritz, *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women's National Coalition van 1991*, p. xii. (Hierna in voetnote aangedui as Maritz, Afrikanervroue).

<sup>7</sup> M.E. van der Merwe, Johanna Brandt en die kritieke jare in Transvaal, 1899-1908. Ongepubliseerde MA-verhandeling, UP, 1989, gepubliseer met dieselfde titel in 2004. (Gepubliseerde weergawe hierna in voetnote aangedui as Van der Merwe, *Johanna Brandt*)

<sup>8</sup> B. du Toit, Die eintlike Kappiekommando, *De Kat*, April 1986, p. 19.

Die historiese periode waarin Johanna geleef het, vorm noodwendig die agtergrond tot die studie en verskaf die konteks waarbinne haar opvattinge en lewenswyse verstaan moet word. Sy was 'n produk van haar tyd, alhoewel sy in verskeie opsigte haar tyd vooruit was, soos wat in die proefskrif aangetoon sal word. Daar is reeds verskeie biografiese studies oor bekende Suid-Afrikaanse vroue geskryf, maar benewens Bep du Toit se geromantiseerde lewensbeskrywing<sup>9</sup> nog nie een oor Johanna nie en daar is nog nooit uitvoerig inligting oor haar optredes en standpunte ontsluit nie. Met die proefskrif word gepoog om al Johanna se lewenspaaië te bestudeer en 'n akademiese gegronde begrip van haar as mens en haar belang as historiese figuur te verkry.

### 3. Vraagstelling en hipotese

Wanneer die bogenoemde uiteensetting in oënskou geneem word, duik daar verskeie vrae op, waaronder die volgende: Wat was die verskillende dimensies van haar lewe? Hoe het dit haar menswees beïnvloed? Wat was die invloed van verskillende traumas wat sy beleef het, soos haar moeder se dood in 1916, op haar lewe en loopbaan? Hoe het wêreldgebeure en nuwe perspektiewe op die rol van vroue in beide die huisgesin en die gemeenskap haar persoonlikheid beïnvloed (waaronder politieke veranderings, godsdienstige filosofieë, kennis van medisyne en die ontwaking van feminisme)? Watter impak het sy op haar gesin, die kerk en haar pasiënte gehad? Hoekom het sy bekend geword en gebly? Die proefskrif poog om antwoorde op hierdie en ander verbandhoudende vrae te beantwoord. Johanna was hoogs intelligent, het verskeie kwessies ondersoek en bevraagteken en het meestal haar bevindinge en opvattinge uitvoerig gedokumenteer.

Johanna is tot vandag toe nog tot 'n mate bekend, al was dit moontlik juis omdat sy so eksentriek was. Sy het deur soveel dimensies in haar lewe gegaan. As daar in retrospeksie na haar lewe gekyk word, het die fases haar menswees beïnvloed – van liefdevolle dogter, eggenote en moeder tot 'n bekende skrywer, persoon met internasionale kontakte en met natuurgeneeskundige kwalifikasies. Wanneer sy tuis was het sy alles reggepak, kouse gestop, klere reggemaak en gebak en gekook soos wat destyds van 'n besige huisvrou, vol liefde vir haar

---

<sup>9</sup> B. du Toit, *Die verhaal van Johanna Brandt. Roman*. (Hierna in voetnote aangedui as Du Toit, *Die verhaal*).

man en kinders, verwag is. Terselfdertyd was sy gewoonlik ook besig om alles tuis in gereedheid te kry vir haar volgende aktiwiteit ... wat moontlik lang afwesighede uit die huis sou meebring.

Die hipotese in hierdie proefskrif is dat die buitengewone invloede waaraan Johanna as jong vrou blootgestel was, tesame met haar ondersoekende geaardheid, haar belangstelling in die bonatuurlike, haar huwelik met 'n buitelanders wat nie in die Afrikaanse patriargale tradisie opgegroeï het nie en veral haar neiging om haar eie belangrikheid te oorskakel en haar onblusbare energie, gesamentlik bygedra het tot haar omstrede en buitengewone lewe. Dit sal vervolgens ondersoek word.

#### **4. Navorsingsopset en -metodologie**

Die uiteenlopende fasette of fases van Johanna se lewe word sover moontlik as aparte temas chronologies bespreek om herhaling te vermy. Die grootste uitdaging wat die sintese in hierdie studie betref was juis om herhaling te voorkom en kruisverwysings tot 'n minimum te beperk. Die nodige verwysings word net gemaak wanneer daar 'n oorvleueling van insidente is en dit noodsaaklik is om die leser daarvan bewus te maak.

Johanna het die grootste gedeelte van haar 88 lewensjare met buitengewone ywer aan een of ander aktiwiteit gewy. Johanna se jeugjare, asook haar huwelik met en huwelikslewe saam met Louis Brandt vorm die onderwerp van hoofstuk 2 van die proefskrif. Daar word in ander hoofstukke ook dikwels na die huwelikslewe van die Brandt-egpaar verwys omdat dit die agtergrond vorm waarteen die gekompliseerde lewe van Johanna afgespeel het.

Hoofstuk 3 handel oor Johanna se rol as humanis. Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het sy aanvanklik as hulpverpleegster in hospitale in die stad en later as hulpverpleegster in die Irene-konsentrasiekamp gedien. Na die oorlog en hulle huwelik het die Brandt-egpaar hulle in 1904 as predikantspaar in Pietersburg in die Verre Noord-Transvaal gevestig waar Louis Brandt as predikant bevestig is. Die na-oorlogse armoede en ellendige vooruitsigte waarmee die oorgrote meerderheid van hulle lidmate te kampe gehad het, het hulle gedwing om alles in die stryd te werp om die ellende daar te verlig. Hierdie fase van Johanna se humanitêre bedrywighede is in die skrywer hiervan se MA-verhandeling in besonderhede bespreek en word gevolglik net kortliks in hoofstuk 3 behandel. In 1908 het die Brandts na die Witwatersrand verhuis waar daar eweneens ellende onder die verarmde Afrikaners geheers het. Weereens het

hulle 'n oorvloed van hulle tyd en van Brandt se karige inkomste as predikant spandeer om hulp aan die behoeftiges te verleen. In die praktyk het Johanna van 1904 af tot ongeveer in 1915 tussen al haar ander verpligtinge deur, terwyl haar gesin tot sewe kinders aangegroei het en verskeie publikasies uit haar pen die lig gesien het, tyd aan die opheffing van veral die blanke vroue in die Noord-Transvaal en aan die Rand bestee. Dit het deur die jare heen tot die stigting van verskeie barmhartigheidsorganisasies soos die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) en die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV), waaraan sy ywerig deelgeneem het, bygedra. Ook dit word in hoofstuk 3 behandel.

Johanna se rol as Boere-spioen tydens die Anglo-Boereoorlog word in hoofstuk 4 behandel. Aangesien hierdie fase van Johanna se lewe ook deel van die onderwerp van die skrywer hiervan se MA-verhandeling was, word dit nie in detail in die proefskrif herhaal nie maar wel ter wille van volledigheid in verkorte en gewysigde vorm ingesluit.

Die era waarin Johanna opgegroeï het, was in die Afrikanergemeenskap gekenmerk deur die oorheersing van die patriargale stelsel waarin vroue as 'volksmoeders' funksioneer het. In haar huweliksewe het sy dit nooit ten volle aanvaar nie. In hoofstuk 5 word haar aanklank by feministiese denkwyses behandel. Haar kortstondige belangstelling om by politieke aktiwiteite betrokke te raak en haar standpunte oor vrouestemreg word ook bespreek. As uitvloeisel van die Eerste Wêreldoorlog het die Afrikanerrebelle gevolg. Die Brandts was nie by een van die kante betrokke nie, maar Johanna het 'n leidende rol gespeel in die Vroueoptog wat in 1915 in Pretoria plaasgevind het ten einde op die vrylating van rebelleleiers uit die gevangenis aan te dring. Terselfdertyd het sy 'n leidende rol in die stigting van die Vrouen Nasionale Party gespeel, wat spoedig op talle onaangename komplikasies vir haar uitgeloop het en waarna sy haar rug op die politiek gedraai het.

Hoofstuk 6 handel oor Johanna se verknogtheid aan die woonhuis Harmony. Dit het onder meer daartoe gelei dat sy van 1916 af vir sowat vyf jaar haar en haar man se pastorie verlaat en hom vir lang tydperke met die versorging van die kinders opgesaai het. Gedurende dié tydperk het sy ook probeer om Harmony te koop, maar sy het, ten spyte van al haar verbete pogings om dit reg te kry, eenvoudig nie genoeg geld gehad om dit te kon doen nie. Die hoofstuk toon ook aan hoe 'n groot impak haar behepthed met Harmony op haar lewe gehad het.

Johanna se godsdienstig/geestelike optredes en standpunte, insluitende haar visioene, word in hoofstuk 7 bespreek. Sy het voor haar huwelik al belangstelling getoon in verskynsels soos spiritisme en handlesery. Die bonatuurlike het haar gefassineer. In 1916 het haar moeder, wat in Harmony gewoon het, as gevolg van siekte begin verswak en het Johanna haar feitlik voltyds gaan versorg. In dié proses het sy mettertyd 'n totale persoonlikheidsverandering ondergaan. Sy het vas geglo dat sy tydens haar ma se sterfbed in Desember 1916 verskeie visioene gesien het. Boonop het sy die leerstellings van die Teosofiese denkskool met toewyding begin navolg. Dit het haar geïnspireer om verskeie boeke te skryf wat opspraakwekkend geword het. Daarvan was die bekendste haar boek "*Die Millennium*", *een voorspelling* (voortaan in die proefskrif aangedui as *Millennium*). In die proses het sy standpunte ingeneem wat direk in stryd was met die leerstellings van die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) van Afrika, waarvan sy 'n lidmaat en waarin haar man 'n predikant was. Dit het noodwendig spanning veroorsaak.

Hoofstuk 8 handel oor haar gereelde verhuising en lesingtoere in die jare 1921 tot 1927. Johanna het mettertyd by natuurgenesing (naturopatie) betrokke geraak en met verskeie kure eksperimenteer, waaronder die druiwekuur waarvoor sy baie bekend geword het. Alhoewel sy in 1921 van Harmony af na haar gesin in die pastorie in Johannesburg teruggetrek het, het sy in 1922-1923 weer alleen gaan woon. Dit was in Mountain View, 'n voorstad van Pretoria. Sy wou, volgens haar eie verklaring, haar in stilte aan haar skryfwerk wy. Van 1923 tot 1927 was sy terug tuis – nou in Vereeniging, waar Brandt die predikant van verskeie gemeentes geword het. Sy het boeke oor natuurgenesing geskryf en toere onderneem om haar kure landswyd te gaan verkondig.

In 1927-1928 was Johanna vir bykans 18 maande alleen en aaneen uithuisig toe sy na Europa en die Verenigde State van Amerika (VSA) gereis waar sy bekendheid vir haar naturopatiese middels en behandelings verwerf het. Al was sy daar oortuig van dat sy geld sou maak uit haar kuurmiddels, het sy finansiële nie veel gebaat nie en inderdaad arm huiswaarts teruggekeer. Dit word in hoofstuk 9 behandel.

Hoofstuk 10 handel oor Johanna se laaste dekade as predikantsvrou van 1929 tot 1939. In 1930 het sy en Brandt na 'n plasje buite Johannesburg verhuis. Hy was op daardie stadium die predikant van twee gemeentes in Johannesburg. Sy het 'n hospitaaltjie (of ook genoem sanatorium) op die plaas opgerig. As gevolg van haar optredes wat met die kerk se beginsels in botsing was, was Brandt se rol as predikant en voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHK van Afrika uitgedien. Hy het op 16 Junie 1939 as predikant afgetree en is 'n week

later as gevolg van 'n fratsongeluk, oorlede. Johanna was toe 63 jaar oud. Tot en met haar man se dood was sy nog aktief by die hospitaal betrokke, maar sy het dit kort daarna laat vaar. Na haar man se dood in 1939 was sy oor die algemeen minder aktief as tevore. Sy het nog af en toe gereis en geskryf, maar het nie haar beginsels laat vaar nie. Heelwat van haar dokumentasie na 1939 het verlore geraak en daarbenewens het sy skynbaar self die meeste van die inligting wat oor dié periode tot haar dood handel, vernietig. Dit bemoeilik die navorsing oor daardie periode aansienlik.

Johanna het gedurende die eerste helfte van die twintigste 'n unieke lewe gelei. Tog was daar ander figure in die tydperk waarin sy gelewe het wat op een of ander wyse dieselfde of aanverwante belangstellings as Johanna gehad of het haar lewensuitkyk beïnvloed het. Hierdie persone (Olive Schreiner, Siener van Rensburg en Tromp van Diggelen) en die aktiwiteite waarvoor hulle bekend was, word in hoofstuk 11 bespreek en met die lewe van Johanna vergelyk. Deur Johanna met die persoonlikhede te vergelyk word daar 'n beter perspektief op haar lewenswyse, belangstellingsvelde en optredes gevind. Sy het positiewe en negatiewe eienskappe as deel van 'n besondere lewe nagelaat.

Die slothoofstuk, hoofstuk 12, bevat 'n evaluering van Johanna se lewe en bydrae as 'n merkwaardige vrou. Sy het nie gehuiwer om standpunt in te neem nie en het soms daardeur baie kritiek verduur; sy was veelsydig, omstrede, leergierig, voortvarend, talentvol en waaghalsig – voorwaar 'n persoon wat dit waardig is om as onderwerp vir 'n doktorsale proefskrif te dien.

## **5. Bronne**

Die inligting wat beskikbaar is oor Johanna se lewe en loopbaan is omvattend. Hierbo is reeds gewys op enkele boeke en studies wat oor haar handel of wat sy self geskryf het en waarin lig op haar lewe en loopbaan gewerp word.

Johanna en haar man se persoonlike dokumente asook Brandt se kerklike dokumente word bewaar in die Brandt-versameling (LIX) in die Nederduitsch Hervormde Kerkargief (NHKA), Pretoria. Die versameling bestaan uit meer as 200 lêers wat inligting van 1897 af tot 1939 bevat. Daar is ook enkele lêers oor die tydperk na 1939, wat uit dokumente in verband met Johanna se laaste skryfwerk en korrespondensie bestaan, maar die grootste gedeelte van hierdie dokumente (na 1939) het skynbaar na haar dood verlore geraak of is vernietig. Dit is juis die feit dat daar



so 'n groot skat van dokumentêre inligting oor Johanna in die NHKA tot navorsers se beskikking is, wat aan skrywer hiervan die geleentheid verskaf het om haar ideaal om 'n deeglike biografiese studie oor Johanna die lig te laat sien, te verwesenlik. Du Toit beskryf die versamelde dokumentasie van die Brandt-egpaar wat in die NHKA as 'n verbysterende verhaal.<sup>10</sup>

'n Besondere kenmerk van die versameling is dat die Brandts aan al hulle korrespondente gevra het om die oorspronklike korrespondensie saam met die antwoord terug te stuur. Aangesien die meeste van hulle korrespondente aan hierdie versoek voldoen het, het 'n merkwaardige volledige versameling tot stand gekom en het dit in bewaring gebly. Dit bring ook mee dat 'n hedendaagse navorser met gemak die spoor van die groot aantal briewe in die Brandt-versameling van die NHKA kan volg, want beide die skrywe van die sender en dié van die ontvanger het in die meerderheid gevalle bewaar gebly het.<sup>11</sup> 'n Ander metode wat soms deur Johanna en haar gesins- en familielede gebruik is, was om die korrespondensie in die vorm van 'n kettingbrief te stuur. Een voorbeeld was 'n brief wat Johanna op 23 Augustus 1905 van die destydse Pietersburg af aan haar suster Deliana in Wynberg in die Kaap ge-pos het. Deliana het dit, met haar antwoord daarby gevoeg, na die Brandts in Nederland ge-pos. Nadat ook hulle hul antwoord bygevoeg het, het hulle al die briewe na Johanna teruggestuur. Die hele bondel is steeds in veilige bewaring in die NHKA.<sup>12</sup>

Vir die doeleindes van hierdie proefskrif was die korrespondensie tussen Johanna en haar vriend, beminde en latere eggenoot, ds. Louis Brandt, wat deel vorm van die Brandt-versameling, van die allergrootste belang. Dit is 'n merkwaardige nalatenskap wat bestaan uit 'n groot aantal briewe. Hul korrespondensie kan waarskynlik nie met dié van Olive Schreiner en Havelock Ellis<sup>13</sup> vergelyk word nie, maar in eie reg het Johanna en Brandt se briewe onberekenbare waarde in die sin dat dit nie net 'n noukeurige gedokumenteerde weergawe van 'n romanse in die streng Victoriaanse styl weergee nie, maar ook insig bied in die emosies, karakter en deursettingsvermoë van 'n verfynde jong meisie in Suid-Afrika en 'n besondere intelligente, uiters sportiewe jong man uit 'n vooraanstaande familie in Nederland, gedurende die begin van die twintigste eeu. Na hul huwelik het die korrespondensie aan familie, kerklike sake,

---

<sup>10</sup> B. du Toit, Die eintlike Kappiekommando, *De Kat*, April 1986, p. 19.

<sup>11</sup> Die Brandt-versameling in die NHKA, Pretoria, bestaan uit net meer as 200 lêers wat toeganklik is vir navorsers.

<sup>12</sup> NHKA, LIX 149/ii, brief van Johanna aan familielede, 23 Augustus 1905, plus antwoorde daarop.

<sup>13</sup> D.R. Beeton, Schreiner, Olive Emilie Albertina, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, p. 728.

publiseerders en aan mekaar tydens tye van skeiding, nie gestaak nie maar is volgens die tradisie en tegnologie (slakkepos) van die tyd, voortgesit tot hul laaste jaar saam in 1939.

Die korrespondensie tussen Johanna en Brandt beslaan 'n groot deel van die versameling. Hulle twee het vir sowat 40 jaar gekorrespondeer, beginnende nog voor hulle getroud was en sy in Pretoria en hy in Nederland woonagtig was. Hulle het daarmee volgehou tot kort voor Brandt se dood toe sy in 1938-1939 na Europa gereis het. Ten spyte van Johanna se buitengewone optredes wat soms vir Brandt 'n verleentheid was, kan die kragtige band tussen hulle in elke brief waargeneem word, gekenmerk deur humor, besorgdheid oor sy of haar gesondheid en die aktiwiteite van die kinders toe hulle nog klein was en in sy sorg gelaat was, terwyl sy gereis het.

In 1904, nadat Brandt en Johanna hulle as pasgetroudes in Suid-Afrika kom vestig het, het sy as volg aan haar moeder geskryf: “I have made up my mind to devote a certain amount of time every week to the family letters, no matter how busy my life is”.<sup>14</sup> Sy en Brandt het al die jare met die tradisie volgehou en het elke verjaarsdag onthou – óf met 'n gelukwensingskaartjie óf met 'n brief. Die familielede het waardering daarvoor gehad, soos uitgedruk deur Brandt se broer Frans toe hy aan keer aan hulle geskryf het: “Jullie denkt altyd zoo trouw aan onze verschillende feestdagen dat wij er heunsch beschaamd worden”.<sup>15</sup>

Johanna se korrespondensie is ongelukkig na Brandt se dood in 1939 nie meer in die Brandtversameling in die NHKA opgeneem nie. Daar kon nie vasgestel word wat daarvan geword het en of dit iewers bewaar word nie. Die nadelige gevolg hiervan is dat daar heelwat minder gegewens oor haar gedagtes, doen en late ná as vòòr 1939 is.

Sewe van die agt skrifte waarin Johanna tydens die Anglo-Boereoorlog dagboek gehou het, vorm ook deel van die Brandtversameling in die NHKA in Pretoria. Skrif nommer V, wat gehandel het oor die tydperk toe Johanna 'n hulpverpleegster in die Irene-konsentrasiekamp was, het verlore geraak. Interne getuienis dui daarop dat die inhoud van daardie skrif grotendeels of selfs moontlik geheel en al in vertaalde vorm in haar boek *Het ConcentratieKamp van Iréne*

---

<sup>14</sup> NHKA, LIX 149/i, Johanna aan haar moeder, 5 Januarie 1904.

<sup>15</sup> NHKA, LIX 30/ii, Frans Brandt, Zeist, Nederland aan die Brandt-egpaar in Suid-Afrika, 13 Julie 1911.

opgeneem en gepubliseer.<sup>16</sup> Skrif nommer VIII, haar geheime dagboek wat sy met suurlemoensap geskryf het, het oor haar spioenasie-tydperk gehandel. Dit vorm die kern van haar publikasie *Die Kappie Kommando*.

Alhoewel die Brandt-versameling nie ten volle georden nie, is dit besonder volledig. Johanna se skriftelike dokumentasie is ’n plesier om te lees aangesien haar skryfstyl boeiend en haar handskrif besonder leesbaar is – in kontras met dié van haar man! Sy het in ver-Afrikaanse Nederlands, Engels en later in Afrikaans geskryf. Johanna het soms een brief oor die verloop van twee of meer dae geskryf. In enkele gevalle het sy in Engels begin skryf en die volgende dag het sy in Afrikaans/Nederlands aangegaan. Ter wille van oorspronklikheid het skrywer hiervan heelwat direkte aanhalings uit die korrespondensie in die proefskrif opgeneem en haar terselfdertyd daarvan weerhou om in aanhalings taalkundige veranderinge of regstellings aan Johanna of Brandt se skryfwyses aan te bring.

Johanna het tien boeke oor ’n verskeidenheid onderwerpe geskryf. Die uitstaande voorbeelde is *Die Kappie Kommando* oor haar oorlogsbelewensisse in Pretoria,<sup>17</sup> *Het Concentratie-Kamp van Iréne* oor haar ervarings daar, en *Millennium* oor haar visioene en haar stryd om Harmony te probeer behou – onderwerpe wat weldra in die proefskrif onder die loep kom. Waar dit van toepassing is, is daar gedeeltes van die inhoud van hierdie boeke in die proefskrif benut. Voorts word daar weereens waar van toepassing ’n kernagtige opsomming van elke publikasie in die teks verskaf. Voorts het Johanna talle manuskripte, pamflette, nuusbriewe, koerant- en tydskrifartikels daargestel wat, waar van toepassing, as bronne benut word.

Net enkele skrywers, waaronder Christina Landman, wat hoofsaaklik uit ’n teologiese/feministiese oogpunt skryf, asook Louisa Gaul, wat feministiese standpunte huldig, het in akademiese publikasies oor fasette van die lewe van Johanna uitgewy.<sup>18</sup> Hennie Botes het

---

<sup>16</sup> J. Grobler (ed.), *The War Dairy of Johanna Brandt*, Pretoria, 2007 (hierna in voetnote aangedui as Grobler, *War Dairy*), p. 273; J. Brandt-Van Warmelo, *Het Concentratie-Kamp van Iréne*, Amsterdam-Kaapstad, 1905 (hierna in voetnote aangedui as Brandt-Van Warmelo, *Iréne*).

<sup>17</sup> J. Brandt, *Die Kappie Kommando of Boerevrouwen in Geheime Dienst*, Amsterdam, 1913; in Engels gepubliseer as *The Petticoat Commando, or Boer women in Secret Service*, London, 1913, en in Afrikaans as *Die Kappiekommando of Boerevroue in geheime Diens*, KaapstadPretoria, 1958 (hierna in die teks en in voetnote aangedui as Brandt, *Kappie Kommando*).

<sup>18</sup> Gaul, “Performativity”, pp. 202, 223. Sy haal Landman se menings oor Johanna uitvoerig aan.

in sy proefskrif oor ds. Louis Brandt heelwat inligting oor Johanna, sy eggenote, ingesluit.<sup>19</sup><sup>20</sup> F.G.M. du Toit het 'n kort lewensbeskrywing van haar vir publikasie in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* gelewer.<sup>20</sup> Jackie Grobler het haar dagboek wat sy tydens die Anglo-Boereoorlog gehou het, op akademiese wyse vir publikasie geredigeer en geannoteer.<sup>21</sup> Enkele akademiese artikels bevat verwysings na haar.<sup>22</sup> Haar volle loopbaan was nog nooit die onderwerp van 'n omvattende akademiese ondersoek nie.

Buiten akademiese geskrifte is daar al in talle nie-akademiese boeke en artikels oor Johanna geskryf. Theo Gerdener het in sy boek *Suid-Afrika se groot liefdesverhale*, wat in 1951 verskyn het, 'n hoofstuk aan Johanna en Lou Brandt se eerste huweliksjaar gewy. Hy noem dit *Die Romanse van 'n Spioen*. Gerdener beskryf hul lewe as 'n idilliese verhaal van romanse en spanning waarin Johanna die heldin is met Lou as die ridder in die verre Europa. Dit is nie 'n akademiese gefundeerde werk nie en datums en feite korreleer dikwels nie. Bep du Toit het in 1999 'n roman met die titel *Die verhaal van Johanna Brandt* gepubliseer. Dit kan beskou word as 'n relatief korrekte oorsig oor Johanna se lewensgeskiedenis. Alhoewel dit duidelik is dat Du Toit indringend navorsing gedoen het en die boek 'n omvattende bronnelys bevat, is dit nie 'n akademiese werk nie. Du Toit het inderdaad vrylik dialoog bygevoeg.<sup>23</sup> B. Roberts het Johanna opgeneem as een van sy drie heldinne in *Those Bloody Women. Three Heroines of the Boer War*.<sup>24</sup> Annelize Morgan het 'n boekie oor *Die visioene van Johanna Brandt* die lig laat sien.<sup>25</sup> Dit is insgelyks nie 'n akademiese werk nie. Johanna het al telkens in tydskrifartikels ter sprake gekom, soos in *Fleur*, *Sarie Marais* en die *Almanak en Bybelse Dagboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk*.<sup>26</sup> Deesdae verskyn daar steeds artikels oor Johanna op die Internet, maar

---

<sup>19</sup> H.J. Botes, Ds. L.E. Brandt (1873-1939) as kerklike leier en bouer. Ongepubliseerde D.D.proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989 (hierna in voetnote aangedui as Botes, Brandt).

<sup>20</sup> F.G.M. du Toit, Brandt, Johanna, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, pp. 56-57 (hierna in voetnote aangedui as Du Toit, Brandt, Johanna).

<sup>21</sup> Grobler, *War Dairy*.

<sup>22</sup> Byvoorbeeld: R. van der Merwe en J. Grobler, Dagboeke as oorlogsdokumentasie: Johanna van Warmelo se dagboek en haar beleving van die Anglo-Boereoorlog, *Literator*, 20/3, Nov 1999, pp. 69-86.

<sup>23</sup> Du Toit, *Die verhaal*.

<sup>24</sup> B. Roberts, *Those Bloody Women. Three Heroines of the Boer War*. London, 1991.

<sup>25</sup> A. Morgan, *Die visioene van Johanna Brandt*. Mosselbaai, 1994.

<sup>26</sup> E. Rosenthal, Kampvegter vir die Kappiekommando, *Fleur*, Maart 1948; T.C. Pienaar, Vroue voer 'n groot plan uit, *Sarie Marais*, 12 November 1958; E.L. Coetzee, Johanna Brandt, *Almanak en Bybelse Dagboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk* 1985, pp. 74-75 (hierna in Voetnote aangedui as Coetzee, Johanna Brandt).

dikwels is die inligting wat dit bevat foutief, onakkuraat en sensasioneel, veral dié oor haar lewe en optredes vanaf 1916 tot 1939.<sup>27</sup>

---

<sup>27</sup> Byvoorbeeld: Johanna Brandt, <http://boerevryheid.co.za/forums/shortbread.Php.16369-op-soekna-gesigte-van-Johanna-Brandt>, geraadpleeg op 2012-11-12.

## Hoofstuk 2

### Die lewe van Johanna en Louis Brandt

#### 1. Inleiding

Johanna Brandt (née Van Warmelo) het 'n lang en gebeurtenisvolle lewe gehad. Veral die periode van 1900 af tot 1940 was die tydperk wanneer sy betrokke was met vele aktiwiteite, onder meer as predikantsvrou met 'n groot huisgesin. Benewens haar omvangryke skryfwerk en korrespondensie was sy betrokke by uiteenlopende organisasies, van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) tot die Teosofiese Vereniging. Sy het 'n aantal uitgebreide reise na Europa en een na die Verenigde State van Amerika (VSA) onderneem. Van haar publikasies word tot vandag nog gelees as van die bekendste geskrifte wat oor die Anglo-Boereoorlog handel. Ander was kontroversiële publikasies wat teen die leerstellings van haar man, Louis Brandt, se kerk (en ook ander kerke) ingedruis het. Sy het egter voortgegaan en by wyse van spreke 'haar eie ding' gedoen. Sy het ongetwyfeld oor positiewe eienskappe beskik, soos haar liefde vir haar man en haar liefdadigheidswerk, maar dan het sy ook dikwels in eie belang opgetree. Al die fasette van haar lewe word in hierdie proefskrif bespreek. Hierdie hoofstuk verskaf 'n oorsig oor haar lewe as predikantsvrou saam met haar man.

#### 2. Die lewensloop van Johanna tot 1902

Johanna was aan vaderskant uit 'n buitengewoon hoog ontwikkelde Nederlandse familie afkomstig. Aan moederskant was sy 'n afstammeling van Europese emigrante wat van die 17de eeu af hulle aan die suidpunt van Afrika gevestig het en dié se latere Voortrekker-afstammeling.

##### 2.1 Die genealogie van Johanna: die Van Warmelo's

Die vroegste bekende voorvader van die familie Van Warmelo waaruit Johanna stam, is in

1652 in Oldenzaal, Nederland, gebore.<sup>1</sup> Alreeds in 1758 het die eerste Van Warmelo in teologie begin studeer.<sup>2</sup> Daarna het dit feitlik 'n tradisie onder die mans in daardie familie geword om hulle as predikante te bekwaam. Hulle was protestants en aanhangers van die Nederlandse Gereformeerde teologie. Johanna se vader, Nicolaas Jacobus van Warmelo, is op 8 September 1835 in die pastorie van die Hervormde gemeente in Gouda gebore, uit “eene goede Hollandsche familie”.<sup>3</sup> Hy het aan die Universiteit van Leiden teologie bestudeer en sy studies in 1858 voltooi. Vervolgens kon hy weens die oorfloed van predikante op daardie tydstip in Nederland nie daarin slaag om 'n beroep te kry nie. Onder invloed van een van sy vroeëre leermeesters, dr. J.W.G. Van Oordt, wat na 'n tydelike verblyf in Suid-Afrika uit die Kaap na Nederland teruggekeer het, het Van Warmelo besluit om in die Kaapkolonie 'n werkkring te probeer vind. Hy het in 1862 in die Kaap aangekom, maar eers in 1864 daarin geslaag om in die verre Noord-Transvaal as leraar van die NHK, Gemeente Zoutpansberg, bevestig te word. Hy en sy eerste vrou met wie hy in Nederland getrou het, Josina van Vollenhoven, het hulle in die pioniersdorpie Schoemansdal aan die voet van die Soutpansberg gevestig, waar sy in 1865 oorlede is. Van Warmelo het in 1867 vir die tweede keer in die huwelik getree en wel met Maria Magdalena Elizabeth Maré, 'n dogter van die bekende landdros D.S. Maré van Soutpansberg. In 1868 het hy 'n beroep na die Nederduitsch Hervormde Kerk, Gemeente Heidelberg aangeneem waar hy tot met sy dood in 1892 gedien het.<sup>4</sup>

Van Warmelo was 'n toonaangewende persoonlikheid in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR). Ten spyte van sy Hollandse afkoms het hy hom hart en siel met die vryheidstrewes van die Afrikanergemeenskap vereenselwig. As deftige, fynbesnaarde en wellewende predikant het hy hemelsbreed in opvoedingspeil van die meerderheid van sy gemeentelede, wat Voortrekker-nasate was, verskil. Tog was daar 'n onderlinge band van wedersydse begrip en waardering vir mekaar.<sup>5</sup> Hy het op die vooraand van die Eerste Vryheidsoorlog (Desember 1880) die diens by Paardekraal gelei – die enigste predikant by die byeenkoms wat deur meer as 6 000 burgers

---

<sup>1</sup> A.D. Pont, Nicolaas Jacobus Van Warmelo, 1835-1892 (hierna in voetnote aangedui as Pont, Van Warmelo), p. 6.

<sup>2</sup> Pont, *Van Warmelo*, p. 8.

<sup>3</sup> NHKA, LIII 13/i, N.J. van Warmelo-versameling, ongedateerde koerantberig uit *De Volksstem*; Pont, *Van Warmelo*, p. 21.

<sup>4</sup> Pont, *Van Warmelo*, pp. 32-56; A.D. Pont, Van Warmelo, Nicolaas Jacobus, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 1*, p. 877; Du Toit, Brandt, Johanna, pp. 56-57; S.P. Engelbrecht, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg 1852-1952*, pp. 58, 63.

<sup>5</sup> A.D. Pont (red.) *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg 1865-1965* (hierna in voetnote aangedui as Pont, *Heidelberg*), p. 33.

bygewoon is. Hy het, soos weinig ander predikante in die Transvaal, hom beywer vir die Transvaalse vrywording van Brittanje.<sup>6</sup>

In 1888 het Van Warmelo betrokke geraak by die kerkskeuring wat tussen die NHK en die Verenigde Kerk ontstaan het. Hy was daar oortuig van dat daar uiteindelik net een kerk sou uitkristalliseer. Gevolglik het hy sy gewig by die Verenigde Kerk ingewerp, al het hy steeds gevoel dat die Hervormers ook sy mense was. Die skeuring het egter voortgeduur en selfs Van Warmelo se vrou, wat hom tot op daardie stadium deurgaans gesteun en met haar sterk persoonlikheid en besliste opvattinge getrou in sy dienswerk bygestaan het, het nie saam met hom by die Verenigde Kerk ingeskakel nie. Sy het nie meer in sy kerk nagmaal gebruik nie, maar wel by die dienste van die konsulent van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg, ds. Goddefroy. Van Warmelo se twee dogters, Deliana en Johanna, is ook nie deur hom as lidmate van die Verenigde Kerk aangeneem nie, maar wel as lidmate van die NHK.<sup>7</sup>

Van Warmelo se enigste biograaf, A.D. Pont, se mening oor hierdie kwessie was: “Die Kerkvereniging het vir Van Warmelo alleen maar verdriet en miskenning gebring”. Van Warmelo self het teenoor A.D.W. Wolmarans beken: “Met die beste bedoelinge het ik medegewerkt tot de vereeniging, hopende dat daarvan goede vruchten zouden gezien worden, maar helaas!”<sup>8</sup> Die kerkstryd het vir hom mettertyd so ’n verwarrende doolhof geword dat hy sy pad byster geraak het. Die spanning en teleurstelling van die mislukte onderhandelinge het sy gesondheid benadeel en hy het al eensamer geword.<sup>9</sup> Op 12 April 1892 is hy oorlede. As beminde persoon het hy agting van albei die kerke bly geniet, wat gestaaf is deur die feit dat albei kerke se predikante en gemeentelede sy begrafnis bygewoon het.<sup>10</sup>

---

<sup>6</sup> A.D. Pont, Van Warmelo, Nicolaas Jacobus, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 1*, p. 877; J.E.H. Grobler, Paardekraal: Eensydige herstel van die onafhanklikheid, in F.A. van Jaarsveld (et al., reds), *Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884*, p. 104; M.C. van Zyl, *Die Protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners 1877-1880*, p. 162; Pont, *Heidelberg*, pp. 3335.

<sup>7</sup> Pont, *Heidelberg*, p. 35.

<sup>8</sup> S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg 1865-1935*, p. 33.

<sup>9</sup> S.P. Engelbrecht, *Gedenkboek van die Nederduits Hervormde Gemeente Heidelberg 1865-1935*, pp. 35-39.

<sup>10</sup> Pont, *Heidelberg*, p. 198; NHKA, LIII 13/i, N.J. van Warmelo-versameling, ongedateerde koerantuitknipsel uit *De Volksstem*.



## 2.2 Die Maré-stamboom

Aan moederskant het Johanna direk van die Maré-Voortrekkerfamilie afgestam, wie se stamboom teruggevoer kan word tot in 1700 toe die eerste Maré's as Franse vlugtelinge in Tafelbaai aangekom het.<sup>11</sup> Johanna se oupagrootjie, Paul Maré, is in 1767 in Stellenbosch gebore, maar het hom op Graaff-Reinet gevestig waar hy later as heemraadslid opgetree het en verskeie kere as landdros waargeneem het. Paul Maré en sy tweede vrou, Johanna Magdalena (née Pretorius), en vyf kinders het in 1838 die Kaapkolonie in 'n onafhanklike trekgroepie wat hoofsaaklik uit vriende en familieledede bestaan het, verlaat.<sup>12</sup> Hy het in die omgewing van die huidige Bethlehem as gevolg van 'n ongeluk gesterf – volgens oorlewering nadat hy beseer is toe hy voor die wiel van 'n swaar gelaaide skotskar beland het. Sy weduwee het met die res van die groepie alleen verder getrek totdat hulle in Oktober 1838 by die laer van Gert Maritz op pad na Natal aangesluit het.<sup>13</sup>

Paul en Johanna Maré se jongste seun, Dietlof Siegfried (1824-1890)<sup>14</sup>, was Johanna se oupa aan moederskant. Hy het voor die Groot Trek 'n rukkie lank in Port Elizabeth skoolgegaan. Na sy vestiging in Pietermaritzburg het hy as wamaker begin werk. In 1848 het hy met Johanna Elizabeth Kruger (1828-1874) in die huwelik getree. Sy was Johanna se ouma aan moederskant. Sy was besonder skrande en het selfs 'n studie van die regte gemaak. Later jare toe haar man, Dietlof, landdros geword het, was sy vir hom van groot hulp in sy amp gewees.<sup>15</sup> Uit hierdie huwelik is ses kinders gebore. Die oudste was Maria Magdalena Elizabeth (noemnaam Maria), wat later die moeder van Johanna geword het.<sup>16</sup>

Maria Maré het haar skoolopleiding in Pietermaritzburg in 'n Engelse atmosfeer ontvang. Gevolglik het sy in later jare meestal in Engels geskryf. Sy was Nederlands goed magtig en dit

---

<sup>11</sup> NHKA, LIX 161/iii, [brief van] Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1919; R.T.J. Lombard, F.K. en D.S.Maré – twee broers, twee landdroste in die Suid-Afrikaanse Republiek, *Historia* 13(2), Junie 1968, p. 95, gee stamvader as Ignace Maré aan.

<sup>12</sup> R.T.J. Lombard, Maré, Paulus, in D.W. Kruger en C.J. Beyers (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 3*, pp. 595-596.

<sup>13</sup> J.C. Visagie, *Voortrekkerstamouers 1835-1845* (2011 uitgawe), p. 299.

<sup>14</sup> R.T.J. Lombard, Maré, Dietlof Siegfried, in W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 2*, pp. 456-457.

<sup>15</sup> J.A. Heese en R.T.J. Lombard, *Suid-Afrikaanse Geslagregisters Volume 4 J – K*, p. 503; R.T.J. Lombard, F.K. en D.S.Maré – twee broers, twee landdroste in die Suid-Afrikaanse Republiek, *Historia* 13(2), Junie 1968, p. 98.

<sup>16</sup> R.T.J. Lombard, Maré, Dietlof Siegfried, in W.J. de Kock en D.W. Krüger (reds.), *SABW*, vol. II, p. 456.

was haar alledaagse spreektaal. Sy was net 17 jaar oud toe sy in 1867 met ds. Van Warmelo getroud is. Alhoewel hy 15 jaar ouer as sy was, was dit 'n gelukkige huwelik. Hy het haar as 'n ware dame met “vele talenten, aangenaam en opgeruimd van humeur” beskryf.<sup>17</sup> Uit die huwelik is sewe kinders gebore waarvan vyf volwassenheid bereik het, naamlik Christiana Deliana (noemnaam Line, gebore 1870), Dietlof Siegfried (gebore 1872), Willem (gebore 1874), Johanna (gebore 1876) en Fritz (gebore 1878).<sup>18</sup>

### 2.3 Johanna se jeugjare

Die eerste skriftelike vermelding in verband met Johanna is kort na haar geboorte in 'n brief van haar vader aan sy familie in Holland, gemaak. Hy het geskryf “dat wij weer een dochtertje ryker zyn geworden. Op 18 November, is Maria voorspoedig daarvan verlost ... vooral het kind schynt zeer gezond, en is welgevormd”.<sup>19</sup> Dit was die jaar 1876.

Weinig inligting oor die eerste 20 jaar van Johanna se lewe het behoue gebly. Sy het haar basiese onderrig by 'n verarmde Engelse edelman, ene mnr. Iliff (of Yliff) in Heidelberg ontvang.<sup>20</sup> In 1908 het sy die volgende oor haar jeugjare geskryf: “zoo ben ik in Heidelberg opgegroeid – een gelukkiger jeugd kan ik mij niet voorstellen”.<sup>21</sup> Sy was 12 jaar oud toe haar ouers haar vir onderrig by die Good Hope Seminary for Young Ladies na Kaapstad gestuur het. Vier jaar later het sy na Heidelberg teruggekeer.<sup>22</sup> Rosenthal het haar skooldae in die Kaap as die van 'n rabbedoe wat 'n verskrikking vir haar onderwysers was, beskryf.<sup>23</sup> In 'n brief aan haar suster Deliana het J.W.G. van Oordt kort nadat Johanna na Heidelberg teruggekeer het, geskryf: “Uw zuster Johanna mis ek hier al te danig; zy was een ‘echte lieve meisje’ en iedereen hield van haar”.<sup>24</sup> Sy het later vir 'n tyd lank onderrig by die Doringfonteinkollege in Johannesburg ontvang.<sup>25</sup>

---

<sup>17</sup> Pont, *Van Warmelo*, p. 84.

<sup>18</sup> NHKA, LIII 165, geslagregister soos deur N.J. van Warmelo in die Familiebybel aangeteken.

<sup>19</sup> NHKA, LIII, N.J. van Warmelo-versameling, N.J. Van Warmelo in brief aan familie in Nederland, 27 November 1876.

<sup>20</sup> B. du Toit, Die eintlike Kappiekommando, *De Kat*, April 1986, p. 5; NHKA, LIX 167, Johanna aan ouers, ongedateerde brief.

<sup>21</sup> NHKA, LIX 26, Johanna aan skoonmoeder, 8 November 1908.

<sup>22</sup> NHKA, LIX 165, tante Kate aan Johanna, 26 April 1892; E. Rosenthal, Kampvegter van die Kappiekommando, *Fleur*, Maart 1948, p. 34; Du Toit, Brandt, Johanna, p. 57; *The South African Women's Who's Who 1938*, Brandt, Mrs. Johanna, p. 42.

<sup>23</sup> E. Rosenthal, Kampvegter van die Kappiekommando, *Fleur*, Maart 1948, p. 34.

<sup>24</sup> NHKA, LIII 4/i, J.W.G. van Oordt aan Deliana van Warmelo, 21 September 1892.

<sup>25</sup> *The South African Women's Who's Who 1938*, Brandt, Mrs. Johanna, p. 42.

Tussen die dokumentasie in die Nederduitsch Hervormde Kerkargief (HHKA) in Pretoria is daar verskeie briewe van Johanna aan ene Andrew Brown, wat 'n lewenslange vriend van haar was. Hy was waarskynlik haar eerste jeugliefde toe sy slegs 15 jaar oud was. Haar moeder het die romanse spoedig stopgesit.<sup>26</sup> Volgens Johanna het hulle “sielsverwante” gebly, soos uit die ywerige korrespondensie oor die jare afgelei kan word.<sup>27</sup>

Ten tyde van ds. Van Warmelo se dood in 1892, het Dietlof en Willem in Holland studeer, terwyl Fritz in Kaapstad op skool was.<sup>28</sup> Deliana het kort tevore met adv. Henry Cloete in die huwelik getree en het op daardie stadium in Sunnyside, Pretoria gewoon.<sup>29</sup> Mev. van Warmelo en Johanna is toegelaat om tot Julie 1893 in die pastorie van die NHK in Heidelberg te bly woon.<sup>30</sup> Daarna was hulle vir langer as 'n jaar op hulle plaas in die Heidelbergdistrik gevestig. In 1895 het hulle na 'n ruim huis op die landgoed Harmony, aangrensend aan Sunnyside in Pretoria, verhuis ten einde naby Deliana te wees.<sup>31</sup>

Op 17-jarige ouderdom het Johanna aan ene Karel de Kok verloof geraak.<sup>32</sup> Hulle sou op 7 April 1897 in die huwelik getree het, maar die verlowing is voor daardie datum verbreek en van die trouplanne het niks gekom nie.<sup>33</sup> Johanna het later oor die verlowing geskryf dat “when a foolish child of seventeen engages herself to a man who is not a Christian and who would never make her happy”, sal dit beslis nie werk nie. Sy was dankbaar dat daar niks van gekom het nie.<sup>34</sup> Hulle

---

<sup>26</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonmoeder, 23 Julie 1906.

<sup>27</sup> NHKA, LIX, briewe o.a. in lêers 15, 34, 36, 153, 154, 156.

<sup>28</sup> NHKA, LIII 13/i, ongedateerde koerantuitknipsel uit *De Volksstem*.

<sup>29</sup> E. Rosenthal, Kampvegter van die Kappiekommando, *Fleur*, Maart 1948, p. 34.

<sup>30</sup> NHKA, Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, G VII volume 9/2/i, telegram van prokureur Buskus aan ouderling Jacobs, 12 Julie 1893.

<sup>31</sup> Die spelling van die naam van die landgoed is op die oorspronklike dokumente as “Harmony” aangedui. Deur die jare heen het verskillende skrywers van die Engelse sowel as die Nederlandse/Afrikaanse skryfwyse, Harmonie, gebruik gemaak. Aanvanklik het Johanna net van die Engelse skryfwyse gebruik gemaak, maar het later albei skryfwyses gebruik. Ter wille van eenvormigheid in die aanbieding van hierdie proefskrif word net van die Engelse skryfwyse gebruik gemaak, soos dit by die Aktekantoor, Pretoria, op die Akte van Transport T 1519/1895 en kaart DB49, Folio 18 aangedui word. C.K. Oberholtzer, *Die Pretoriase Normaalkollege*, 2 September 1952, p. 81; Aktekantoor, Pretoria, T7330/1920.

<sup>32</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonfamilie, 2 April 1905; NHKA, Skrif 3 van Dagboek tydens die Anglo-Boereoorlog deur Johanna van Warmelo bygehou (hierna in voetnote na verwys as Skrif - van Dagboek), p. 2, inskrywing op 7 April 1901.

<sup>33</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan Brandt, 31 Augustus 1901; Skrif 3 van Dagboek, p. 107, inskrywing op 5 Mei 1901; B. Roberts, *Those Bloody Women. Three Heroines of the Boer War*, p. 100.

<sup>34</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 13 November 1897; NHKA, LIX 146, Brandt aan Johanna, 27 November 1897.

paaie het tydens die Anglo-Boereoorlog en kort daarna weer gekruis, maar sy het hom toe as 'n verraaier beskou omdat hy die eed van neutraliteit aan Brittanje afgelê het en vroeër inligting oor die Boerebewegings aan die Britse owerhede verskaf het.<sup>35</sup>

Op 13 Mei 1897 het Johanna en haar moeder op 'n lang reis na Europa uit Pretoria vertrek. Die belangrikste rede vir die reis was om haar broers Dietlof en Willem, wat op daardie stadium in Nederland in teologie studeer het, te gaan besoek. Vir Johanna het dit boonop as ontvlugting gedien nadat haar verlowing met De Kok verbreek is. Johanna het gedurende die reis 'n reisjoernaal in Engels bygehou. Dit het uit kort beriggies oor historiese figure en besienswaardighede in Skotland, Engeland en later op die Europese vasteland, bestaan. Die joernaal weerspieël die ontwikkeling van haar gemaklike maar boeiende skryfstyl.<sup>36</sup>

Volgens verskeie bronne het Johanna Europa toe gegaan om haar musiekstudies voort te sit, want sy het van haar kinderdae af onderrig in klavier en sang ontvang.<sup>37</sup> Sy het immers self in 1901 geskryf dat “ever since I can remember I wanted to study music in Europe”.<sup>38</sup> Johanna se reisjoernaal vermeld niks hiervan nie. Volgens haar het sy en haar ma bloot die laaste ses maande van 1897 deur Europa gereis. Johanna het wel in 1901 in brief gemeld dat sy op 'n stadium die begeerte gehad het om vir 'n jaar in Europa agter te bly het om haar musiekstudies voort te sit, maar “when it came to the point she [her mother] found she could not do without me”.<sup>39</sup> Van haar begeerte om verder in musiek te studeer het niks van gekom nie. Dit kom tog voor asof haar liefde vir musiek en vir klavierspeel veral in die donker jare van die Anglo-Boereoorlog asook tydens haar moeder se lang siekbed en dood, vir haar 'n emosionele uitlaatklep was.<sup>40</sup>

Die feit dat twee van Johanna se drie broers dit kon bekostig om in Europa te gaan studeer en dat die twee dames Van Warmelo 'n lang reis na die Britse Eilande en Europa kon onderneem, is 'n aanduiding dat hulle gedurende daardie tyd finansiële goed daaraan toe was. Weens

---

<sup>35</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 18 November 1901; NHKA, Skrif 3 van Dagoek, p. 107, inskrywing op 5 Mei 1901.

<sup>36</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 31 Augustus tot 1 September 1901; NHKA, Skrif 1 van Dagboek, waarvan die eerste 55 bladsye oor die oorsese reis gehandel het.

<sup>37</sup> Grobler, *War Diary*, p. 16.

<sup>38</sup> Du Toit, Brandt, Johanna, p. 57; E. Rosenthal, Kampvegter van die Kappiekommando, *Fleur*, Maart 1948, p. 34; *Die Burger*, 23 Januarie 1964 – doodsberig, Johanna Brandt; NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 18 Junie 1898.

<sup>39</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 24 Julie 1901; kyk ook in NHKA, Skrif 2 van Dagboek, pp. 31-32, inskrywing op 16 Februarie 1901.

<sup>40</sup> NHKA, Skrif 2 van Dagoek, p. 117, inskrywing op 16 Februarie 1901.

verarming sou die meeste Afrikaners dit nie destyds kon bekostig om oorsee te reis nie. Die reis dui ook op hul verfynde kulturele agtergrond en op Johanna se besondere belangstelling in musiek.

### 3. Die genealogie en studentelewe van Louis Brandt

Louis Ernst Brandt (soms kortweg Lou genoem, maar in hierdie proefskrif na verwys as Brandt) is op 21 Oktober 1873 in Zoeterwoude, Suid-Nederland gebore. Sy voorouers was oorspronklik van Denemarke afkomstig. Brandt se ouers was bekend as lede van 'n welgestelde en gerespekteerde familie in Nederland.<sup>41</sup> Sy vader was burgemeester van Rheeden en Velp. Sy moeder, 'n Labouchere, was familie van die bekende stigter van die Engelse nuusblad, *Truth*, naamlik Henry Labouchere, wat later tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) 'n sterk kampvegter vir die Boeresak geword het.<sup>42</sup>

Brandt het aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in teologie studeer. Hy was 'n leiersfiguur in vele studente-organisasies soos byvoorbeeld om senator van die skaakgeselskap te wees; hy was hoofredaksielid van die studenteweekblad en is verkies tot fiscus van die Utrechtsch Studenten-corps. Hy het ook oor die fisiese en geestelike eienskappe beskik wat 'n natuurlike sportman benodig. Gevolglik het hy met groot sukses aan byna elke bekende sportsoort van sy tyd, soos skaats en tennis, deelgeneem en veral uitblink in roei. Hy en sy drie spanmaats het vir sy klub, die Triton, sowel as sy universiteit en vir Nederland roemryke oorwinnings behaal. Hulle het twee keer die wêreldkampioenskap geseëvier en daarbenewens het hy 35 medaljes in verskillende lande soos Engeland, die VSA en Duitsland verower. Brandt was dus 'n sportman van internasionale gehalte.<sup>43</sup>

In November 1898, met die suksesvolle aflegging van die proponents-eksamen, het Brandt se studenteloopbaan tot 'n einde gekom. Hy het vervolgens die sekretaris van die Hollandse Christen Vereniging geword en het dit gebly tot in 1901 toe hy as predikant in die dorpie Niezijl bevestig is.<sup>44</sup> In daardie tyd was dit die gewoonte in Nederland vir ouers om hul seuns op

---

<sup>41</sup> P.S. Dreyer, Brandt, Louis Ernst, in W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 2*, p. 85.

<sup>42</sup> R.J. Hind, Labouchere, Henry du Pré, in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 3*, p. 504-505.

<sup>43</sup> P.S. Dreyer, Brandt, Louis Ernst, in W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 2*, pp. 85-86.

<sup>44</sup> NHKA, LIX 146, Brandt aan Johanna, 11 Januarie 1901; Coetzee, Johanna Brandt, p. 74.

universiteit ook ’n ambag te laat leer, ingeval hulle in hul akademiese studieveld misluk. Brandt het besluit om opleiding as timmerman te ontvang. Hy was lewenslank vaardig met houtwerk en het dit dwarsdeur sy lewe as stokperdjie beoefen. In 1958 het Johanna in hierdie verband die volgende oor hom geskryf: “dit was sy hartstogtelike begeerte om die voorbeeld van Christus te volg, meubelmaker!”<sup>46</sup>

#### 4. Die ontmoeting tussen Johanna en Brandt

Dit was in die jaar 1897, terwyl Brandt ’n student was, dat sy pad met dié van Johanna gekruis het. Johanna en haar moeder het, terwyl hulle in daardie jaar met hulle Europese toer besig was, onder meer ook in Utrecht ’n draai gemaak. Hulle doel was om Johanna se twee broers, Dietlof en Willem, wat in teologie aan dieselfde universiteit as Brandt studeer het, te gaan besoek. Dietlof was ’n kamermaat van Brandt. Sy korrespondensie aan sy gesinslede in Pretoria het daarop gedui dat Dietlof ’n groot bewondering vir Brandt gehad het.<sup>45</sup>

Omdat Dietlof op die tydstip van hul besoek nie by die universiteit was nie, het Brandt hulle in Utrecht ontvang. Johanna het in haar reisjoernaal aangeteken: “In Utrecht we went all over the Academy conducted by Dietlof’s charming friend Louis Brandt”.<sup>46</sup> Hulle eerste ontmoeting het op 21 Oktober 1897 (op sy 24e verjaarsdag) plaasgevind. Daarna het mev. Van Warmelo vir Brandt en sy ouers formeel uitgenooi om by die vriende waar hulle tuis was, ’n besoek te kom aflê.<sup>49</sup> Johanna en Brandt het mekaar nog ’n paar keer gesien voor sy en haar moeder vertrek het. Johanna het aan hom gesê dat sy spyt is dat hulle mekaar nie weer sou sien nie. Sy het voorgestel: “Once I am in the Transvaal again I shall be glad to hear of your welfare occasionally and if you like I shall write to you on board ship”.<sup>47</sup> Enkele dae later het sy verleë geskryf dat sy nie geweet het dat: “in your country young ladies do not offer to write to young gentlemen in that uninvited, impulsive fashion”.<sup>48</sup>

Dietlof het na sy terugkeer na Transvaal om tydens die Anglo-Boereoorlog sy gewig by die republikeinse magte in te gooi, met Brandt bly korrespondeer. Toe Dietlof op kommando vertrek

---

<sup>45</sup> NHKA, Brandtversameling, Skrif 1 van Dagboek I, inskrywing op 29 Oktober 1897; NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 31 Augustus-1 September 1901.

<sup>46</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 29 Oktober 1901; Coetzee, Johanna Brandt, p. 74.

<sup>47</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 31 Augustus-1 September 1901.

<sup>48</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 13 November 1897.

het, het hy gevra dat Johanna die takie moes oorneem en sy briewe moes beantwoord.<sup>49</sup> Die eerste brief wat Brandt aan Johanna persoonlik gerig het, het sy op 18 Januarie 1899 ontvang.<sup>50</sup> Johanna het die brief meer as 'n jaar later beantwoord met die verskoning dat “writing is an almost impossibility when one is sick at heart and tired to death. Many, many months before war were declared we were living in such a state of uncertainty and suspense that all social duties were neglected and everyone visibly deteriorated in mind, manners and morals”.<sup>51</sup>

Teen die middel van 1901 het die oorlog vir Johanna emosioneel en fisies uitgeput maar het sy steeds sporadies met Brandt gekorrespondeer. As gevolg van die oorlogsontwrigting het sommige van die briewe verlore geraak, of is deur die sensors wat in Britse militêre diens was, beskadig. Dit het soms maande geduur voordat die briewe, wat op dié stadium platonies van aard was, hul bestemming bereik het. Hulle het mekaar aanvanklik in hul korrespondensie formeel aangespreek as “Meneer Brandt” en “Juffrou Van Warmelo”, soos in haar eerste brief aan hom.<sup>52</sup> Mettertyd word dit: “My friend Lou” en “my vriendin Johanna”. Terwyl sy in die Irene-konsentrasiekamp verpleeg het, het sy as volg geskryf: “My dear friend, I thank you from my heart for the high honour you have shown me ... I would gladly yield myself to the joy of loving you ...” Teen daardie tyd het hulle al meer as ses maande ernstig gekorrespondeer.<sup>53</sup> In sy volgende brief het Louis 'n versoek gerig: “May I write my dear Johanna?”<sup>54</sup>

Brandt het hierna die inisiatief geneem om aan 'n niggie van Johanna, Maria ten Bosch, te skryf en te vra dat sy Johanna moes pols ten einde vas te stel hoe Johanna oor hom voel, want hy oorweeg dit om haar te vra om te trou. Maria het daarvoor aan Johanna geskryf: “He also asked whether I thought his case was quite hopeless”.<sup>55</sup> Uit die korrespondensie kon Johanna aflei dat Brandt ernstig begin raak het, maar dit was eers vyf maande later dat sy vir hom die ja-woord gegee het: hy het haar nooit per brief gevra om met hom te trou nie, maar dit net indirek via Maria ten Bosch as tussenganger gedoen.<sup>56</sup> Johanna het later op speelse wyse aan Brandt geskryf dat hy haar eintlik onbillik behandel het en: “some day I must punish you for having placed me

---

<sup>49</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 13 Augustus 1899.

<sup>50</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 117.

<sup>51</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 2 Februarie 1900.

<sup>52</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna vanaf Den Haag aan Brandt in Utrecht, 28 Oktober 1897.

<sup>53</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 11 Junie 1901.

<sup>54</sup> NHKA, LIX 146, Brandt aan Johanna, 21 Julie 1901.

<sup>55</sup> NHKA, LIX 159/ii, Maria ten Bosch aan Johanna, 6 Junie 1901.

<sup>56</sup> Maria ten Bosch (Nederland) het in haar brief aan Johanna geskryf dat Brandt by haar wou uitvind of Johanna met hom sou trou – hy het dus indirek die ja-woord gevra. NHKA, LIX159/ii, Maria aan Johanna, 6 Junie 1901.

in such an awkward position for you never asked me properly to marry you, and you got other people to fight your battles, so I did not know whether you were sure of yourself or not”.<sup>57</sup> Uiteindelik het die nie-amptelike verlowing per brief op 10 November 1901 plaasgevind toe sy geskryf het dat sy sy versoek via Maria ten Bosch aanvaar het, want dit is die dag toe sy die brief ontvang het waarin hy gesê het dat hy haar lief het.<sup>58</sup> Sy het op 19 November 1901 hieroor in haar dagboek geskryf: “It is a weighty step to take and God knows how utterly unworthy I feel of a man like Lou, but I have long prayed for guidance and it seems to me clear enough that we are destined for one another ... Strange betrothal, strange sequel to a stormy life! But perhaps my days of calm and peace are not very far off”.<sup>59</sup>

## 5. Johanna en Brandt se huwelik en verblyf in Nederland

Johanna het telkens tydens die oorlog verklaar dat sy nooit haar land sou verlaat nie, al sou die oorlog nog ’n verdere tien jaar voortduur. In haar dagboek het sy geskryf: “If everything here were peaceful I would go but now I dare not think of it. My duty is here and here I shall stay even if I knew that he would get impatient and refuse to wait and marry someone else”. Verskeie faktore het daartoe bygedra dat sy mettertyd wel besluit het om na Nederland te gaan. Van die redes was fisiese en emosionele uitputting wat gespruit het uit haar diens as hulpverpleegster in die Irene-konsentrasiekamp en haar betrokkenheid by spioenasieaktiwiteite wat haar gesondheid geknak het. Boonop was dit vir haar onveilig om in Transvaal aan te bly.<sup>60</sup> Dat dit vir Johanna moeilik was om voor die einde van die oorlog na Nederland te gaan, is ’n feit. Sy het onder andere oor haar sielestryd geskryf: “I shall always be miserable at the thought of having failed in the hour of trial” en ook: “To leave my country in this state seems more than I can bear”,<sup>61</sup> waarmee sy waarskynlik die vooruitsigloosheid van die Republikeinse magte teen die einde van die oorlog bedoel het. Boonop het haar moeder ernstig siek geword en saam daarmee het haar eie geestesgesondheid as gevolg van die oorlogspanning verswak.<sup>62</sup> Johanna het waarskynlik op daardie stadium aan die Post Traumatiese Spanningsindroom gely, maar kennis van die siekte is eers teen die 1980’s gediagnoseer. Sy het net voor haar vertrek uit Pretoria in Mei 1902 erken dat “my whole nervous system seems to be ruined”, sowel as “I have made up my mind to leave the thorny path of duty”. Nogtans het sy voorbereidings begin tref om na Brandt in Nederland

---

<sup>57</sup> NHKA, LIX146/I, Johanna aan Brandt, 10 November 1901.

<sup>58</sup> NHKA, LIX146/I, Johanna aan Brandt, 10 November 1901; Skrif 7 van Dagboek, p. 75.

<sup>59</sup> NHKA, Skrif 7 van Dagboek, inskrywing op 9 November 1901.

<sup>60</sup> Botes, Brandt, p. 74; NHKA, Skrif 6 van Dagboek, inskrywing op 31 Augustus 1901.

<sup>61</sup> NHKA, LIX 163/ii, Johanna aan Brandt, 24 April 1902; LIX 167/i, Johanna aan Brandt, 8 Mei 1902.

<sup>62</sup> NHKA, Skrif 7 van Dagboek, inskrywing op 25 Maart 1902.



te gaan. Die vernaamste uitdaging was om 'n permit vir die reis van die Britse owerhede in Transvaal te verkry. Haar versoek vir sodanige permit is aanvanklik geweier, maar aan die einde van April 1902 het sy daarin geslaag om die nodige dokumentasie in die hande te kry.<sup>63</sup>

Johanna het via Wynberg in die Kaapse Skiereiland, waar haar suster Deliana toe gewoon het, gereis. Sy het Kaapstad op 2 Junie aan boord van die *SS Aberdeen* verlaat en 22 Junie in Londen aangekom. Nadat sy 'n paar dae daar vertoef het, het sy na Nederland vertrek waar Brandt haar ingewag het. Hy het intussen sy moeder op hoogte van Johanna se bewegings gehou. Sodra hy 'n skrywe van Johanna ontvang het of in koerante gelees het wanneer bote vertrek het, het hy haar laat weet. Sy korrespondensie dui daarop dat hy op 3, 6, 19, 24 en 27 Junie briewe van Johanna oor haar vordering met haar reisplanne totdat sy in Nederland aangekom het, ontvang het.<sup>64</sup>

Johanna het aan haar moeder oor haar gewaarwordinge op 28 Junie by die Hoek van Holland, waar Brandt haar ontvang het, as volg geskryf: "I saw Lou standing on the pier waiting for me ... with the first hand clasp I felt as if all the sorrows of the past had rolled away from me. It was wonderful. We had a carriage alone all the way. Lou put a beautiful opal and pearl ring on my finger ... Lou is all that a woman's heart could desire".<sup>65</sup> Johanna was bygelowig oor die stene: volgens haar het pêrels trane beteken, maar Brandt het gesê opaal verwys na die verlede, "the past in which we were brought together in such a wonderful way".<sup>66</sup> So het hulle dan direk na hul herontmoeting besluit om so gou as moontlik in die huwelik te tree. Johanna was op die stadium 25 jaar oud en Brandt 28.<sup>67</sup>

Op hulle reis deur Nederland van Hoek van Holland af het Johanna enkele lede van Brandt se familie, waaronder sy broer George, 'n neef in Rotterdam en sy ander broer, Frans, in Utrecht ontmoet. Daarna het hulle sy vader by Arnhem ontmoet, wat toe saam gereis het tot by Velp waar hulle hartlik deur Brandt se moeder, Henriëtte, met 'n ruiker blomme ontvang is. Johanna het vervolgens by Brandt se ouers tuisgegaan maar sy het ook vir 'n paar dae na Londen teruggegaan om haar trousseau te koop, soos sy reeds voor haar huwelik beplan het.<sup>68</sup>

---

<sup>63</sup> NHKA, LIX 147/II, Johanna aan Brandt, 2 Mei 1902.

<sup>64</sup> NHKA, LIX 14, Brandt aan sy moeder, 27 Junie 1902.

<sup>65</sup> NHKA, LIX 167/i, Johanna aan haar moeder, 2 Julie 1902.

<sup>66</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan haar moeder, 16 Julie 1902; Du Toit, *Die verhaal*, p. 141.

<sup>67</sup> Botes, Brandt, pp. 74-75.

<sup>68</sup> NHKA, LIX 147/ii, Johanna aan haar moeder, 5 Junie 1902.

In die loop van die volgende twee maande, tot en met haar troudag, is Johanna met die hartlike gasvryheid van die familie Brandt-Labouchere orals rondgeneem. In die proses het sy talle mense ontmoet aan wie sy breedvoerig van haar wederverarings tydens die oorlogsjare vertel het. Die voornemende egpaar het onder meer by oud-president Paul Kruger, wat op daardie stadium in Utrecht vertoef het, besoek afgelê. Johanna het daarvoor aan haar moeder geskryf dat “the president is in very good health and was in a talkative and confidential mood. [He] began talking about the war and Bible history and said his faith was still as firm as a rock”. Hy was volgens Johanna se skrywe aan haar moeder, besonder beïndruk met Brandt. Met die oog op hul naderende huwelik het hy hulle die volgende toegewens: “Onthoudt dit woord: hebt elkander hartelijk lief”.<sup>69</sup>

Mev. Brandt was op daardie stadium bekommerd oor Johanna se gesondheid. Bep du Toit beweer dat Koo Wouters, ’n homeopaat, aangedui het dat sy aan oorlogskok gely het wat haar geestelik geknak het. Hy het glo ’n kalmerende drankie tesame met baie rus en ontspanning voorgeskryf.<sup>70</sup> In haar briewe aan haar moeder het Johanna onthul dat sy ten spyte van al die aktiwiteite en opwinding oor die naderende huwelik, soms moeg en melankolies was en met tye lank geslaap het. Sy was selfs vol twyfel oor die raadsaamheid van haar naderende huwelik.<sup>71</sup> Eers na ’n paar weke het sy aangedui dat sy van die impak van die oorlog in SuidAfrika en van haar lang seereis herstel het en dat sy gesond genoeg gevoel het om in die huwelik te tree.<sup>72</sup>

In die weke wat die huweliksbevestiging voorafgegaan het, het die paartjie soveel tyd as moontlik gebruik om indringende gesprekke te voer om mekaar as egpaar geestelik op te bou en te leer ken. Hulle het saam beplan om ’n ware tuiste te skep: “to be perfect – it must breathe an atmosphere of love and refinement that will make itself felt to everyone who enters our door”.<sup>73</sup> Johanna het boonop kort na haar aankoms in Niezyl vir die eerste keer die geleentheid gehad om Brandt te hoor preek. “I saw Lou for the first time in his toga ... and saw his fine form on the pulpit”. Sy het geskryf dat hy haar baie aan haar vader herinner het wanneer hy gepreek

---

<sup>69</sup> Botes, Brandt, pp. 75-76.

<sup>70</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 142.

<sup>71</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan moeder, 16 Julie 1902; NHKA, LIX 157/iv, Johanna aan moeder, ongedateerde brief.

<sup>72</sup> NHKA, LIX 14, Johanna aan moeder, 2 Augustus 1902.

<sup>73</sup> NHKA, LIX 14, Johanna aan moeder, 2 Augustus 1902.

het. Hy het in 'n alledaagse maar ernstige taal gepraat en sy gebede het 'n mens se hart geraak. "He will be the very man for S[outh] A[frica]".<sup>74</sup>

Johanna het talle briewe van vriende en kennisse ontvang wat haar voorspoed toegewens het met haar komende huwelik. In die meeste gevalle het die briefskrywer bloot sy/haar voornaam bygevoeg, wat daarop dui dat die afsender goed aan Johanna bekend was. Ene Dick het geskryf: "You must marry a man who is a leader, a man whom you could help by the great influence you have over people". Hierop volg 'n klein bietjie goed bedoelde advies: "A minister's wife should be diplomatic".<sup>75</sup> 'n Vriendin, Hilda, het na haar verlowing aan Johanna geskryf: "You will as often have to sacrifice your inclinations to your husband's work and often you will be torn by your love for him and your sense of his duty to his people when you feel he sacrifices himself to them".<sup>76</sup> Die boodskappe het profetiese waarde gehad.

Die huweliksdag was 28 Augustus 1902. Die amptelike egverbinding het te Steeg, in die gemeente Rheeden plaasgevind en die onthaal was te Klein Gelrestein, die Brandts se woning. Die troukaartjie en die onthaalspyskaart dui daarop dat dit 'n besondere stylvolle plegtigheid was.<sup>77</sup> Daar is 51 telegramme, 75 poskaarte en 56 briewe van gelukwense in Brandt en Johanna se korrespondensieversameling in bewaring. Dit sluit onder meer telegramme van koningin Wilhelmina van Nederland, die koninginmoeder Emma en prins Hendrik van Nederland (die Hertog van Mecklenburg) in, sowel as gelukwense van die eertydse spesiale gesant van die ZAR in Europa, W.J. Leyds en van oud-president Kruger, met 'n persoonlike boodskap daarby waarin hy haar bedank het vir: "bewese dienste in die laaste oorlog".<sup>78</sup>

Tydens haar en Brandt se wittebroodsreis in Switserland, wat drie weke lank geduur het, het Johanna tyd gekry om op skroomvallige wyse vir haar skoonmoeder te skryf van hulle wonderlike liefde wat hulle opnuut by Interlaken ervaar het. "Lou versorgt mij met een tederheid zóó groot, dat het heerlijk is nu en dan een beetje moe of ziek te zijn om door hem vertroeteld te worden".<sup>79</sup> Aan haar moeder het sy van die pragtige natuurskoon en die glinsterende Jungfrau-bergspits in die verte geskryf, maar sy het ook meer persoonlike inligting oor hulle

---

<sup>74</sup> NHKA, LIX 44 Johanna aan moeder, 24 Julie 1902.

<sup>75</sup> NHKA, LIX 15, Dick aan Johanna, 25 November 1901.

<sup>76</sup> NHKA, LIX 16, Hilda aan Johanna, 5 Februarie 1902.

<sup>77</sup> NHKA, LIX 19, troukaartjie, spyskaart.

<sup>78</sup> NHKA, LIX 19, telegramme en gelukwensingsboodskappe met huwelik.

<sup>79</sup> NHKA, LIX 44, Johanna aan skoonmoeder, 6 September 1902.

verhouding verskaf. “That Sunday we learnt to know one another very intimately and it seems to be a second and holier wedding day”.<sup>80</sup>

Na die afloop van die euforiese wittebrood het die egpaar teruggekeer na die pastorie in Niezijl wat deur Brandt se ouers pragtig met blomme versier was, om hulle te verwelkom.<sup>81</sup> Johanna was teen daardie tyd volslae uitgeput. Na vier maande van onophoudelike reis en kuier was sy bly om teen die einde van September 1902 tot rus te kom.<sup>82</sup> Sy het wel op 27 September na Groningen gereis waar sy met bewondering na die drie besoekende Boeregeneraals – Louis Botha, Koos de la Rey en Christiaan de Wet – gaan luister het. Hulle hoofdoel met hulle besoek aan Europa was om geld vir hulle behoeftige landgenote wat deur die pas-afgelope Anglo-Boereoorlog geruïneer is, te gaan insamel. Hulle het ook vir oudpresident Kruger, wat steeds as balling in Europa gewoon het, besoek. Johanna het aan haar moeder geskryf dat die drie generaals soos helde ontvang is en bygevoeg: “I shall never forget ... how proud I was to be one of the daughters of the Transvaal”.<sup>83</sup>

Johanna was aanvanklik gelukkig in die ruim pastorie in Niezijl met kleurvolle tuine wat die huis omring het. Sy was ook beïndruk met die pragtige landskap. In die stil, kalm dae wat gevolg het, het Johanna die rus gevind waarna sy teen die einde van die oorlog gesmag het. Waar sy aanvanklik gesukkel het om te slaap, het ’n loodswaare moegheid op haar toegesak en sy kon net nie ophou om te slaap nie. Brandt het naderhand ’n spesialis ontbied en dié het aanbeveel dat sy soveel as moontlik moes slaap – daarna sou sy gesond wees. Uiteindelik het sy byna die hele winter deur geslaap. Sy self het dit haar ‘winterslaap’ genoem.<sup>84</sup>

Johanna het tot kort na haar troue nie besef dat die Europese winter wat op hande was vir haar ’n nagmerrie sou word nie. Niezijl is in die noorde van Nederland geleë (53° Noorderbreedte). Hoe verder mens noord van die ewenaar beweeg, hoe kouer word die winters. Die lae en lae klere wat sy moes aantrek en die bittere koue, selfs binnenshuis, het haar morbied gestem. Sy het in Desember 1902 aan haar moeder geskryf: “it makes me desperate to think of another winter in Niezijl.” Twee weke vroeër het sy aan haar skoonmoeder geskryf: “en ik heb vreeslijk medelijden met hem [Brandt] dat hij zoo ’n vrouw [soos ek] gekregen heeft.” Sy het bygevoeg

---

<sup>80</sup> NHKA, LIX 167/ ii, Johanna aan moeder, 21 September 1902.

<sup>81</sup> Botes, Brandt, p. 80; NHKA, LIX 167/ ii, Johanna aan moeder, 16 Julie 1902.

<sup>82</sup> NHKA, 167/ ii, Johanna aan moeder, 27 September 1902.

<sup>83</sup> NHKA, 167/ ii, Johanna aan moeder, 27 September 1902; M.C.E. van Schoor, *Christiaan Rudolph de Wet. Krygsman en Volksman*, pp. 206-212.

<sup>84</sup> Botes, Brandt, pp. 80, 173; NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan moeder, 7 Augustus 1902.

“dat ik ben nooit anders bang, maar in Nieziji kan ik nie alleen bly”.<sup>85</sup> Brandt het mettertyd besef dat sy vrou ongelukkig in Holland was. Omdat sy so wanhopig was, het selfs die huisarts aanbeveel dat hulle na Suid-Afrika moes verhuis.<sup>86</sup>

Die moontlikheid dat die Brandt-egpaar hulle na ’n kort verblyf in Nederland in Suid-Afrika sou kom vestig, het reeds sedert die begin van hulle verhouding bestaan.<sup>87</sup> Johanna het kort na hulle verlowing geskryf dat sy bereid was om ter wille van haar gesondheid ’n jaar in Europa te bly. In Desember 1901 het sy aan Brandt geskryf: “You must come and settle here – belief me ... there is an extensive field of labour for any young man with energy, faith and perseverance, but it will be a most difficult task”.<sup>88</sup> Talle soortgelyke opmerkings – dat haar verblyf in Nederland net tydelik van aard sou wees – kan uit aanmerkings in haar briewe voor haar vertrek na Nederland, sowel as onmiddellik na haar aankoms in Europa, waargeneem word. Sy het voor haar huwelik aan haar moeder geskryf dat Brandt “is burning to devote his whole life and all his talents to our people”, maar in opvolgende briewe aangedui dat hulle eers vir ’n deel van hulle getroude lewe alleen in die klein dorpie in Nederland wou woon.<sup>89</sup> Twee faktore het verhinder dat hulle nie dadelik na Suid-Afrika kon verhuis het nie. Ten eerste was Brandt kontraktueel verbind om tot in Januarie 1903 in Nieziji aan te bly en tweedens het Johanna swanger geraak – tot almal se vreugde. Sy en Brandt se eersteling, Louis Dietlof, is op 6 Augustus 1903 gebore, wat ’n vroeëre bootreis op daardie stadium onmoontlik gemaak het.<sup>90</sup>

## 6. Die Brandts verhuis na Suid-Afrika

Dit is duidelik dat die oorspronklike idee om na Suid-Afrika te kom van Johanna afkomstig was. Tog was Brandt vir ’n hele aantal jare, sedert die uitbreek van die oorlog, die Boererepublieke simpatiek gesind. Hy het dikwels as koerier tussen Johanna en W.J. Leyds opgetree.<sup>91</sup> ’n Versameling Europese koerantberigte oor die verloop van die oorlog sowel as talle berigte oor hulpverlening aan die Boere, bestaande uit naamlyste met geldelike skenkings, het onder sy

---

<sup>85</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan moeder, 24 Desember 1902; NHKA, LIX 44, Johanna aan skoonmoeder, 10 Desember 1902; LIX 148/ii, Johanna aan skoonmoeder, 4 April 1903.

<sup>86</sup> Botes, Brandt, p. 55.

<sup>87</sup> NHKA, LIX 145/i, Brandt aan Johanna, 12 November 1901.

<sup>88</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 22 Desember 1901

<sup>89</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan moeder, 2, 8 en 16 Julie 1902; NHKA, LIX 14, Johanna aan moeder, September 1902.

<sup>90</sup> NHKA, LIX 45, Lêer met gelukwensingsboodskappe met Louis Dietlof se geboorte.

<sup>91</sup> NHKA, LIX 162/i, W.J. Leyds aan Brandt, Brussel, 22 Januarie 1902.

nagelate dokumente bewaar gebly, as teken van sy belangstelling.<sup>92</sup> Uit sy briewe aan Johanna tydens die oorlog kan afgelei word dat hy, sowel as die Nederlandse regering, die Boere saak goedgesind was.<sup>93</sup>

Vir Brandt was dit dus hoegenaamd nie 'n moeilike oorweging om na Suid-Afrika te verhuis nie. Hy het waarskynlik nie verwag dat dit so gou na sy huwelik sou gebeur nie. In Julie 1902 het hy aan Johanna se moeder geskryf dat hy bly is dat sy vir Johanna toegelaat het om na hom te kom en dat hy beplan het om “someday to bring her back to you and to come out to Africa too”.<sup>94</sup> Die feit dat hy geroepe gevoel het om wel eendag na Suid-Afrika te verhuis te same met Johanna se ongelukkige verblyf in Nederland in die winter van 1902/1903 was 'n sterk genoeg motivering om veel gouer te emigreer. Boonop was Brandt skynbaar nie gelukkig in Niezijl nie. Kort na sy bevestiging aldaar het hy die volgende vermeld: “In Niezijl gaat het goed. Het volk is niet gemakkelijk om mee om te gaan en ik kon heel goed merken dat de gemeente is niet hartelijk, maar ik zal mij er niet daar door laten ontmoedigen”.<sup>95</sup>

Teen die einde van 1902 het die Brandts ernstig navraag begin doen oor moontlike beroepe vir Brandt na gemeentes in Suid-Afrika. As gevolg van die swak ekonomiese toestande na afloop van die Anglo-Boereoorlog – veral in Transvaal (die eertydse ZAR) – het beide ds. H.S. Bosman en ds. J. van Belkum aan Brandt teruggeskryf dat daar geen geld was om die predikante te betaal nie, al was daar vakatures.<sup>96</sup> Johanna was bereid om tot in September 1903 in Niezijl aan te bly, waarna sy tydens 'n reis van Brandt deur Nederland in Velp by haar skoonouers sou inwoon. Dan wou sy na Suid-Afrika terugkeer – sy het die saak met die Here uitgemaak.<sup>97</sup> Die verlange na haar eie mense en die sonskyn van Transvaal het haar selfs teenoor haar nuwe man ongeduldig gemaak.<sup>98</sup> Gevolglik het sy aan hom geskryf: “[B]esluit nu ‘once and for all’ en stuur mij je antwoord!”<sup>99</sup>

Johanna het haar eie agenda gehad in die situasie: sy wou nie nog 'n koue winter in Niezijl deurbring nie; by haar skoonouers sou sy tyd kry om die boek wat sy reeds voor haar troue begin

---

<sup>92</sup> Dit word bewaar in NHKA, LIX 154 /iii en iv; Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 123.

<sup>93</sup> Botes, Brandt, p. 81.

<sup>94</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan moeder, 29 Julie 1902.

<sup>95</sup> Botes, Brandt, p. 82.

<sup>96</sup> NHKA, LIX 46/vi, ds. Bosman aan Brandt, 26 November 1902; LIX 94/i, ds. Van Belkum aan Brandt, 12 Augustus 1903.

<sup>97</sup> NHKA, LIX 44, Johanna aan Brandt, 12 September 1902.

<sup>98</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan moeder, 19 Augustus 1903.

<sup>99</sup> NHKA, LIX 157/iv, Johanna aan Brandt, ongedateerde brief.

skryf het, oor haar wederverarings in die Irene-konsentrasiekamp, te voltooi. Daar sou boonop ook genoeg gewillige hande wees om haar babaseuntjie, Louis, te help versorg.<sup>100</sup> Sy wou graag die boek in Europa persklaar maak, wat sy inderdaad reggekry het. *Het Concentratie-Kamp van Iréne* is in 1905 in Amsterdam gepubliseer.

Uiteindelik het Johanna vir Brandt oorreed om nie op 'n beroep na 'n gemeente in Suid-Afrika te wag nie, maar sonder verwyf te verhuis. Haar plan was dat hulle by haar ma in Harmony, Pretoria kon tuisgaan tot tyd en wyl Brandt 'n beroep ontvang, verkieslik na 'n gemeente in Pretoria of Johannesburg. Sy wou nie na plattelandse gemeentes, waar daar wel vakatures was, soos Lichtenburg of Zeerust (Marico) gaan nie. Vir Brandt was dit vanselfsprekend 'n waagstuk om so sonder 'n gewaarborgde heenkome te verhuis. Die onsekerheid is vererger deur die feit dat daar destyds 'n gekibbel tussen die verskillende Afrikaanse kerke in die Transvaal was. Dit het die topstrukture van die kerke lamgelê het en die organisasie, waaronder die vul van vakatures, belemmer.<sup>101</sup> Dit was skynbaar nie vir Johanna van belang nie, maar vir Brandt was dit nie 'n maklike besluit om te neem nie. Aan die een kant het hy uitgesien na die uitdaging om as predikant in Suid-Afrika te dien, maar aan die ander kant het hy die afskeid van Nederland traumaties beleef. In hierdie trant het hy aan sy vriend Theo Scharren geskryf: “Het zijn wonderlike weken, deze laatste, zoo vol van allerlei indrukken, maar oorwegen van smartelijke afskeids momenten. Zich zoo los te scheuren van alles is niet gemakkelijk”. Oor sy roepingsbewustheid het hy bygevoeg: “Gods wegen zijn wonderlijk met het Afrikaansche volk en ik acht het een groot voorrecht geroepen te zijn om aan den wederopbouw van dat volk mede te werken”.<sup>102</sup>

Die Brandts het deeglike voorbereidings vir hulle verhuising na Suid-Afrika getref. Johanna was terdeë bewus van watter gebruiksgoedere daar in Transvaal beskikbaar sou wees of nie sou wees nie en het toegesien dat hulle 'n behoorlike voorraad linne, boeke, meubels, silwerware, eetgerei en selfs 'n tandemfiets inpak. Die meeste van hulle bagasie is aan boord van die *Cowder Castle* vooruit na Durban verskeep. Dit sou by hulle afgelewer word sodra hulle 'n vaste woonplek gekry het.<sup>103</sup> Brandt het reeds op Sondag 27 September 1903 sy afskeidspreek in Niezijl gelewer,<sup>104</sup> maar hy, Johanna en klein Louis het eers op 7 November 1903 met die *Avondale*

---

<sup>100</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan moeder, 17 Augustus 1902; Botes, Brandt, p. 80.

<sup>101</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan moeder, 31 Desember 1902; NHKA, LIX 94/i, Van Belkum aan Brandt, 12 Augustus 1903 en ook Brandt aan Van Belkum, 25 Desember 1903.

<sup>102</sup> Botes, Brandt, pp. 83-84.

<sup>103</sup> Botes, Brandt, p. 90.

<sup>104</sup> Botes, Brandt, p. 91, inligting t.o.v. notule van die kerkraad van Niezijl, 29 September 1903.

van Southampton in Engeland af na Suid-Afrika vertrek. Aan die begin van hul suidwaartse reis het 'n geweldige storm hulle skip in die baai van Biskaje naby die kus van Frankryk getref.<sup>105</sup> Johanna het die storm later in 'n brief aan haar moeder beskryf. Volgens haar het hulle vir vier dae magteloos rondgedryf en kon hulle net met moeite die baba versorg.<sup>106</sup> Brandt, aan die ander kant, wat die onbekende ingevaar het, het in 'n ernstige toon aan sy familie geskryf: "Gelukkig weten Johanna en ik beiden heel vast, dat God voor ons een werkt heeft in Zuid-Afrika en dat de moeilijkheden daarom wel opgelost zullen worden".<sup>107</sup>

Op 20 Desember 1903 het hulle in Kaapstad voet aan wal gesit, waar Johanna se moeder, Maria, haar suster Deliana en dié se man, Henry Cloete, hulle ontmoet het. Hulle het by die Cloetes in Wynberg tuisgegaan aangesien hulle moes wag op reispermitte van lord Milner, wat intussen goewerneur van Transvaal geword het, om na Transvaal te kon reis, ten spyte van die feit dat vrede al op 31 Mei 1902 gesluit was.<sup>108</sup>

Johanna het besef dat omstandighede verander het sedert sy 18 maande gelede die land verlaat het en dat haar geliefde Transvaal intussen 'n Britse kolonie geword het. Uit Kaapstad het sy aan haar skoonmoeder geskryf: "O, het is moeilijk om weer met die Engelschen om te gaan".<sup>109</sup> Brandt, daarenteen, het ten spyte van sy antipatie teenoor die Engelse, te alle tye daarin geslaag om op formele vlak gemaklik met die 'andersdenkendes' te verkeer. Dit was tydens hul verblyf in Kaapstad en dwarsdeur sy hele lewe in die bediening sy houding.<sup>110</sup> Die Brandts in Holland was ontsteld oor die Sjinese wat Milner na die Transvaal wou invoer om as laagbesoldigde arbeiders in die Witwatersrandse goudmyne te dien. Hulle was bekommerd dat daar "grootskaalse verbastering en vermenging sou plaasvind tussen die blankes en al die verskillende nie- blanke groepe".<sup>111</sup> Brandt het hulle verseker dat: "geen Afrikaner zal zich evemin afgeven" aan enige nie-blankes nie.<sup>112</sup> Dit was die standpunt van daardie tyd.

Die Brandts het op 23 Januarie 1904, met ander woorde sowat 'n maand na hulle aankoms in Kaapstad, daarin geslaag om die nodige permitte te bekom om na Transvaal te reis. Dit moes

---

<sup>105</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 163.

<sup>106</sup> NHKA, LIX /ii, Johanna aan moeder, 29 Oktober 1903.

<sup>107</sup> Botes, Brandt, p. 91; NHKA, LIX 148, Brandt aan familie in Nederland, 15 Desember 1903.

<sup>108</sup> NHKA, LIX 94/i, Brandt aan Van Belkum, 25 Desember 1903.

<sup>109</sup> Botes, Brandt, p. 91; NHKA, LIX 148, Johanna aan skoonmoeder, 21 Desember 1903.

<sup>110</sup> Botes, Brandt, p. 91.

<sup>111</sup> Botes, Brandt, p. 141.

<sup>112</sup> NHKA, LIX 149, Brandt aan familie, 1 April 1908.



vir hulle 'n groot verligting gewees het, want hulle kon reeds kort na hulle aankoms in Suid-Afrika nie wag om so gou as moontlik na Transvaal te vertrek nie.<sup>113</sup> Na hulle aankoms in Pretoria het hulle in Harmony, waar Johanna se broers Dietlof en Fritz destyds gewoon het, tuisgegaan. Mev. van Warmelo het nog met vakansie in die Kaap vertoef.<sup>114</sup>

## 7. Die Brandts as pastoriepaar in die Gemeente Zoutpansberg (1904-1908)

Brandt het aanvanklik in Pretoria aangebly terwyl hy alle moontlike opsies insake 'n beroep oorweeg het. Hy het nie omgee of dit na 'n gemeente van die Verenigde Kerk of van die NHK sou wees nie. Intussen het verskeie predikante hom gevra om in hul gemeentes te preek, waaronder ds. Bosman van die Verenigde Kerk in Pretoria. Johanna het nog steeds gehoop dat Brandt 'n beroep in die Pretoria/Johannesburg-omgewing sou ontvang. Omdat die enigste beroep op daardie stadium dié Gemeente Zoutpansberg van die NHK, met Pietersburg as standplaas was, moes hulle dit oorweeg. Voordat hulle besluit het, het hulle eers 'n besoek aan Pietersburg gebring. Johanna het daarvoor aan haar skoonfamilie in Nederland geskryf dat die hartlikheid van die Pietersburgers vir hulle opvallend was: “They all knew and loved my father and received us with open arms and you can imagine how I enjoyed being the predikants vrouw and being treated with so much reverence. For our Boers there are two very important people in the world: The first is the domine and the second is the domine's wife”.<sup>115</sup> Brandt het vervolgens op 6 Maart 1904 besluit om die beroep aan te neem. Sy salaris sou £500 per jaar wees.<sup>116</sup>

Johanna het haar by Brandt se besluit berus. Sy het veral op grond van haar werksaamhede in die Irene-konsentrasiekamp in die winter van 1901 ervaring van die plattelandse Transvalers gehad, maar het aan haar skoonfamilie geskryf dat daar by wyse van spreke 'n kultuurskok op haar man gewag het: “My beloved husband has sacrificed everything ... he will have a life full of discomfort and exertion and hard work and he will sometimes be away from home for weeks and sleep in all sorts of dirty little holes (poor clean old Lou!)”.<sup>117</sup> Voorts sou hy te kampe hê met die gekibbel tussen die Afrikaanse kerke: “We are going to have many difficulties in our new life ... You have no idea what a mess the Herv. Kerk [NHK] is in – it is a hundred times

---

<sup>113</sup> NHKA, LIX 94/i, Brandt aan Van Belkum, 28 Desember 1903; LIX 149, Brandt aan familie, 7 Februarie 1904.

<sup>114</sup> NHKA, LIX 158/iv, Johanna aan skoonfamilie, 7 Februarie 1904.

<sup>115</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan skoonfamilie, 3 Maart 1904.

<sup>116</sup> NHKA, LIX 46/vi, beroepsbrief van NHK, Gemeente Zoutpansberg, aan Brandt, 10 Januarie 1904; Brandt onderteken dit op 6 Maart 1904.

<sup>117</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonfamilie, 26 Februarie 1904.

worse than we expected ... but in Pietersburg he can have it all his own way”. Dan het sy vervolg: “There is so much enmity between the two churches”.<sup>118</sup> Omdat die kerkgeskiedenis van Suid-Afrika vreemd was vir haar Nederlandse familie, het Johanna probeer om die situasie so taktvol as moontlik aan hulle te verduidelik.<sup>119</sup>

Die Brandts het, Johanna se kommer ten spyt, geen benul gehad van ellende wat in die noorde van Transvaal op hulle gewag het nie. Toe die oorlog aan die begin van die winter in 1902 tot ’n einde gekom het, het ’n verslane volk na ’n verwoeste platteland teruggekeer waar hulle sonder enige kapitaal hul vernielde plase en swartgebrande bouvalle van vooraf moes opbou. Ingevolge die Vereeniging-vredesooreenkoms van 31 Mei 1902 moes die Britse regering ’n vrye gif van £3 miljoen as skadevergoeding aan die eertydse republikeinse burgers gee. Dit het gou duidelik geword dat dit heeltemal te min was.<sup>120</sup> Die toestande is verder vererger deur ’n kwaai droogte gedurende die somer van 1902-1903. Menige plase het gevolglik onproduktief bly lê. Volgens die geskiedskrywer J.D. Kriel het die Afrikanerboere ’n ingewortelde vrees vir skuld gehad. Voorts was hulle trots en wou hulle nie aan die wêreld hul armoede en ellende wys nie. Al hierdie faktore saam het daartoe gelei dat ’n groot deel van die ou Transvaalse bevolking hulle nie by die veranderde na-oorlogse omstandighede kon aanpas nie en in die ekonomiese wedloop agtergebly het. Die ou, eenvoudige patriargale lewenswyse toe talle gesinne van jag gelewe het en net genoeg vir eie gebruik gesaai het, het boonop vir altyd verdwyn.<sup>121</sup> Die swak ekonomiese toestande het vir ’n paar dekades voortgeduur en die Afrikaner-boergemeenskap het vasgevang gebly in ’n finansiële wurggreep. Dit was te midde van hierdie verwarde, vooruitsiglose gemeenskap waar die Brandts hulle as pastoriegesin gaan vestig het.

Al het Brandt vroeër al na Pietersburg vertrek het, het Johanna eers op 8 April 1904 per trein daar aangekom. Klein Louis het voorlopig by haar familie in Pretoria agtergebly. Aangesien die pastorie nog nie gereed was nie, het sy tydelik in ’n losieshuis tuisgegaan. Die dag na haar aankoms het sy in die eerste van ’n reeks ellelange briewe (hierdie een was in getikte formaat vyf bladsye lank) aan haar skoonfamilie van haar wederverarings vertel. ’n Mens kry die indruk

---

<sup>118</sup> NHKA, LIX 149/i, Johanna aan skoonfamilie, 7 Februarie 1904.

<sup>119</sup> NHKA, LIX 149/i, Johanna aan skoonfamilie, 3 April 1904.

<sup>120</sup> Die toestande word uitvoerig in die volgende studies behandel: S.J. Esterhuizen, *Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in Transvaalkolonie, 1900-1910*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit Pretoria, 1965 (hierna in voetnote aangedui as Esterhuizen, *Ekonomiese*); en N.C. Weideman, *Politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit Pretoria, 1955 (hierna in voetnote aangedui as Weideman, *Die politieke naweë*).

<sup>121</sup> J.D. Kriel, Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boereoorlog, p. 216.

dat sy aan daardie ver-weg Nederlanders 'n helder prentjie wou teken van haar en haar man se lewe in die onbekende. Die humor, literêre vaardigheid en taalgebruik in hierdie briewe is van groot kulturele waarde. Dit blyk duidelik in die volgende aanhaling uit haar eerste brief:

“Ik ben in onze slaapkamer – nogal een geschikte kamer, maar vol kakkerlakken (ik hoop geen andere ongedierte) en dunne muren van plank zoodat ik alls kan hooren dat hier naast gebeurt. Jonge, vroolijke manne maken musiek en stappen hier elk oogenblik langs met groot lawaai. Ze hebben een zither, die schandalig slecht gespeeld wordt en iedereen zingt mee zo hardt hij kan, [M]oody en Sanky, opera musiek, high church hymns and love ballads, alles doormekaar”. Dan gaan sy ongeërgd voort om van hul bedrywighede te vertel, met tussenvoegsels soos: “nu is het ‘Abide with me’ met variaties en vreeselijk vals” en dan weer later “Nu is het ‘Eternal Father, strong to save’ ofschoon ‘the perils of the deep’ ver van hier zijn”.<sup>122</sup>

Johanna het haar na skaars 'n week in Pietersburg daarby berus dat hulle werksakker in die Zoutpansberg-gemeente sal wees: “We have completely got over our disappointment and have not the shadow of a doubt left that this was why God called Lou to South Africa”.<sup>123</sup> Intussen word Brandt op 10 April 1904 as predikant bevestig. Johanna het die geleentheid beskryf as “een heerlijke, plechtige dienst”.<sup>124</sup> Ongeveer twee maande later het sy geskryf dat “wij ontvangen zooveel bewijzen van liefde en hartelijkheid dat dit een groot genot is met de menschen om te gaan. Lou is al een soort afgod”.<sup>125</sup> Sommige van hul kennisse het Pietersburg as ‘Sodom en Gomorra’ beskryf en Johanna het erken dat die plek wemel van “National Scouts, Engelsen en Indiers ... [E]r zijn wijnigen Afrikaansche families ... [Tog,] die menschen waarmee wij in aanraking komen die zijn nog van de beste oude-Boeren”.<sup>126</sup> Die vriendelikheid en hoflikheid van die gemeentede oral in die Zoutpansberggemeente, wat aanmerklik verskil het van die gereseerveerde gemeentede van Niezijs, het vanselfsprekend daartoe bygedra om Brandt in die nuwe omgewing te laat tuis voel. Sy eie kommentaar aan sy ouers was: “Ik gevoel mij hoe langer zoo meer op mijn plaats onder de Boeren”. Hy het die mening uitgespreek dat sy opvoeding, voorouers en belangstellings hom op die lewe in Suid-Afrika voorberei het. “Het is wel in vele opzichten anders dan ik had gedacht, maar het is goed zoo”.<sup>127</sup>

---

<sup>122</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan haar skoonfamilie, 9 April 1904; Botes, Brandt, pp. 131-134.

<sup>123</sup> NHKA, LIX 149/i, Johanna aan haar skoonfamilie, 17 April 1904.

<sup>124</sup> NHKA, LIX 149, Brandt aan familie, 17 April 1904.

<sup>125</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan skoonfamilie, 3 Maart 1904.

<sup>126</sup> NHKA, LIX 149/I, Johanna aan skoonfamilie, 9 April 1904.

<sup>127</sup> NHKA, LIX 149, Brandt aan familie, 17 April 1904.

Die Brandts het met groot ywer begin om die gemeente te help om lewenstoestande te verbeter. Gou het hulle besef dat dit 'n geweldige taak was wat op hulle gewag het. Een van die Brandts se eerste ervarings van die gevolge van die oorlogsverwoesting was die ellendige toestand van die kerkgebou wat nooit in gebruik was nie omdat dit net voor die oorlog eers gebou is. Die gebou was tydens die oorlog deur die Britte in 'n stal omskep waarin hulle perde gehuisves het. Dit moes dringend skoon en kerkgereed gemaak word. Tydens die eerste nagmaal het gemeentelede van heinde en verre opgedaag. Die kerkgebou het volgens Johanna plek vir 500 mense gehad. Vir haar, het sy aan haar skoonfamilie geskryf, was “de gekste is dat iedereen zijn eigen stoeltje of bankje onder den arm mee brengt. Er is geen enkele zit plaas in de kerk, die erg verwoest is door den oorlog, en ik zag ... dat er geen eens geld zakjes zijn. Die ouderlingen stonden bij se deuren met hun hoeden te collecteren”. Sy het voorts vertel dat daar 'n geleende orrel was, maar niemand kon dit speel nie en hulle het “zonder musiek met Lou als voorzanger” gesing. Die gemeentelede het volgens haar gedink dit is nog 'n wonderwerk wat die dominee kan doen wanneer “[hij] zoo goed brullen van de preekstoel [af]”.<sup>128</sup>

Een van die dringendste probleme wat die Brandts aanvanklik ervaar het, was hul eie behuising. Aangesien die gemeente se pastorie tot Augustus 1904 verhuur was, het hulle na hulle aankoms eers in die losieshuis gebly.<sup>129</sup> Van die begin van Mei af het hulle vir vier maande in 'n gemeubileerde, gehuurde huis gewoon.<sup>130</sup> Die gemeente se pastorie en die kerk was langs mekaar op twee erwe gebou. Aangesien die pastorie baie klein was en uit net drie of vier kamers bestaan het, sou daar volgens Johanna aangebou moes word of dalk sou daar 'n nuwe huis gebou moes word. Die oplossing was dat die kerkraad besluit het om 'n ander huis teen £900 te koop, wat as pastorie sou dien. Daardie pastorie was tot ongeveer 1933 nog in gebruik. Die kerkraad het boonop aanbouings laat doen om die huis so gerieflik moontlik in te rig. Op 4 September 1904 het hulle ingetrek. Die Brandts se meubels wat hulle voor hulle eie vertrek uit Nederland na Suid-Afrika na Durban laat verskeep het, is intussen na Delagoabaai (vandag Maputo in Mosambiek) versend en in Augustus 1904 per ossewa van daar af na Pietersburg vervoer. Toe hulle met groot verwagting die 38 kiste oopgemaak het, was hulle erg geskok omdat die meubels in 'n erg beskadigde toestand hul eindbestemming bereik het. Johanna het daarvoor aan haar skoonouers geskryf: “onze vreugde werd langzamerhand in smart veranderd toen een na de andere kostbare en dierbare meubel in stukken en brokken voor den dag kwam. Het is hartverscheurend en nooit heb ik mijn dierbare man zoo teneergeslagen gezien”.<sup>131</sup> Gelukkig

---

<sup>128</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonfamilie, 9 April 1904.

<sup>129</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonfamilie, 9 April 1904.

<sup>130</sup> Botes, Brandt, p. 213.

<sup>131</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 28 Augustus 1902; Botes, Brandt, p. 214.

kon Brandt weens sy opgeleiding in meubelmakery die meeste beskadigde stukke self herstel. Johanna het daarvoor aan haar skoonfamilie geskryf: “Maar wat is Lou toch handig en sterk en heerlijke hulp onder deze omstandighede”.<sup>132</sup> Aangesien sy tyd beperk was met al sy ander verpligtinge, het hy die hulp van ’n meubelmaker, ene Elston, bekom wat die meeste van die meubels herstel het. Die breekbare glas-, porselein- en marmerartikels het gelukkig onbeskadig gearriveer. Mettertyd is die pastorie volledig met waardevolle Nederlandse meubels ingerig en het dit as’t ware ’n vertoonstuk van die fynste ameubelment en ornamente van die Westerse beskawing geword: iets wat uniek in die Noord-Transvaal was.<sup>133</sup> Johanna het geglo dat die pastorie beslis die enigste “chic huis in Pietersburg is ... zeker is er geen een met zooveel kostbare oude meubels”.<sup>134</sup>

Die Brandts het ywerig begin met geldinsamelingsprojekte vir die gemeente. Die geboorte van hulle tweede baba, die dogtertjie Emmie, wat Emilie Marie Dorothee gedoop is – sy is na Brandt se ma vernoem – op 8 Desember 1904 het Johanna se gemeentelike bedrywighede aansienlik beperk. Haar twee kleingoes het baie van haar aandag geveer.<sup>135</sup> Brandt het intussen onverpoos voortgegaan met sy werksaamhede. Hy het pligsgetrou die uitgestrekte gemeente met die oog op huisbesoek deurreis – telkens in die geselskap van ’n ouderling wat hom vergesel het. In een geval was hulle met ’n perdekar op reis. Die kar het gebreek, waarop hulle die reis met die perde alleen voortgesit het. Die perde het kort na mekaar albei gevrek. Daarna het hulle te voet verder gegaan totdat een of ander Samaritaan vir hulle vir die volgende skof van hulle reis ’n *spider* en twee muile geleen het. Daarna is ’n ander soort van karretjie, wat deur Johanna beskryf is as ’n kerskas wat op die onderstel van ’n ploeg gemonteer was en deur ’n donkie getrek is, aan hulle voorsien. Dié voertuig het hulle ook in die steek gelaat. Toe het iemand aan hulle ’n fiets geleen waarop die twee verder gereis het. Brandt het inderdaad dikwels per fiets van Pietersburg na Louis Trichardt, Potgietersrus of selfs na Nylstroom gery. Baie kere het hy geloop en geklim op plekke waar daar nog nooit ’n predikant was nie. Soms het die mense op vlug geslaan as hy doodmoeg en waarskynlik onversorgd op ’n verlate plaas opdaag het.<sup>136</sup> Die aard van die huisbesoeke het beslis van dié in Niezijl verskil.

Die skreiende armoede wat in die Zoutpansberg-gemeente geheers het, het almal geraak. Die Brandts was nie gespaar nie: Brandt het dikwels nie sy salaris ontvang nie en dan kon hulle nie

---

<sup>132</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 23 Oktober 1904.

<sup>133</sup> NHKA, LIX 149, Brandt aan familie, 21 September 1904.

<sup>134</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan skoonfamilie, 15 Februarie 1905.

<sup>135</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 26.

<sup>136</sup> Botes, Brandt, pp. 146-147.

hul eie rekeninge betaal nie. Alledaagse benodighede soos eiers en botter was volgens Johanna duur en skaars. Sy het aan haar skoonfamilie geskryf dat “versche boter hebben wij nog nooit ... gehad alleen ‘frozen butter’ van Australië”.<sup>137</sup> Johanna het dit heel filosofies met dié woorde aanvaar: “Het is goed dat wy ook lijden met ons arm, verwoeste volk”.<sup>138</sup> Hulle moes ook die ongeërgde houding van die Britse koloniale owerheid in sake hulpverlening aan die verarmde boere, aanvaar. Brandt het die ellende eerstehands ervaar en het dit as volg beskryf: “Ik heb in hutjies van ongebakke steenen opgetrokken en zoo groot als de kleinste huisjes in Niezijl, geslapen. De vloeren gewoon van gestampte klei, en dakken van zink of gras. Op een plek kwamen wij bij een ouden man met twee dochters die woonde onder een zink platens-dak op palen waaronder een oud stuk tent hing waarin zij allen samen woonden”.<sup>139</sup>

Nadat hulle ongeveer ’n jaar in Pietersburg woonagtig was, het Johanna begin besef dat die armoede van die gemeente hulle ook ernstig raak want Brandt het steeds nie gereeld sy salaris ontvang nie.<sup>140</sup> Op 2 Mei 1906 het Johanna geboorte geskenk aan haar en Brandt se tweede seun, Francois Antoine (Frans). Hulle het nou drie kinders gehad waarvan die oudste nog nie drie jaar oud was nie, maar dit het Johanna nie weerhou van verskeie bedrywighede nie.<sup>141</sup> Sy het in talle briewe aan haar skoonfamilie oor hulle huislike lewe besonderhede verskaf. Sy het elkeen van haar swangerskappe in detail beskryf, die geboortes wat soms baie spanningsvol was, die eerste tandjies, hoe die kindertjies begin kruip het, kindersiektes opgedoen het en nog vele meer. Uit hierdie korrespondensie is dit duidelik dat sy en Brandt ouerskap geniet het. As Brandt met lang tye weg was en hy tuis kom, skryf Johanna dat: “[hy] ons bijna verslind van plesier. Hy kan zijn oogen van de Bambino (Louis in dié geval) niet afnemen [en] zoent en knuffeld hem onophoudelijk.”<sup>142</sup>

Aangesien Brandt in Nederland ’n sportman van faam was, is dit bykans vanselfsprekend dat hy gepoog het om te midde van al die sonskyn in sy nuut-aangenome land sy liefde vir sport aan die inwoners van Pietersburg oor te dra. Hy het gereeld golf en tennis gespeel en Johanna ook betrek by die aktiwiteite. Hy het geweldige stamina gehad en aan sy ouers geskryf dat die wonderlike klimaat hom krag gee om op een dag 80 km fiets ry, gholf te speel en toe nog tot 11

---

<sup>137</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan skoonfamilie, 28 Januarie 1905.

<sup>138</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonfamilie, 18 Februarie 1908.

<sup>139</sup> NHKA, LIX 149, Brandt aan skoonfamilie, 21 September 1904.

<sup>140</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonfamilie, 2 Julie 1905.

<sup>141</sup> NHKA, LIX 149/iii, Johanna aan skoonfamilie, 6 Mei 1906.

<sup>142</sup> Botes, Brandt, pp. 205-211.

uur dieselfde aand koor te sing.<sup>143</sup> Dit was hy self wat 'n koor gestig waarvan hy die dirigent was en waarin hy soms solo's gesing het. Anders het hy die kornet gespeel terwyl Johanna gesing en klavier gespeel het. Benewens hulle pogings om die liefde vir musiek wat hulle met mekaar gedeel het aan hulle gemeenskap oor te dra, het die Brandts uit hulle pad gegaan om die Pietersburgse Afrikaners kultureel op te hef. Die kulturele armoede wat in daardie omgewing geheers het, het die Brandts gefrustreer. Gevolglik het hulle gepoog om 'n opvoedkundige doelwit te gee aan alles wat hulle aangepak het, insluitende sport en musiek. 'n Belangrike doel was om die ledige jongmense se tyd sinvol te vul deur betekenisvolle opheffingswerk.<sup>144</sup>

Van Johanna en haar man se pogings om kulturele opheffingswerk te verrig, het daar nie veel gekom nie. Die Afrikaansprekende gemeenskap van Pietersburg was uiters konserwatief en het die Brandts gekritiseer eerder as waardeur. Die kerkraad het beswaar aangeteken oor "die gedrag van den predikant en zijn vrouw" weens hulle aanbieding van "concerten". Brandt moes ter wille van die vrede belooft dat hy nie meer die koor sou lei nie. Hy het hom ook onttrek aan alle openbare opvoerings.<sup>145</sup> Johanna het vol teleurstelling aan haar skoonouers geskryf dat die gemeente "zijn nog bekrompen en onopgevoed en hij (Brandt) wil geen aanstoot geven ... Hij heeft hier niets, arme Lou die het zoo goed gewend is".<sup>146</sup>

Johanna en haar man is ook gekritiseer omdat hulle met die Engelsprekende gemeenskap, wat besmoontlik 'n hoër ontwikkelingspeil as die Afrikaanssprekendes gehad het, sosiaal verkeer het. Dit het nie saak gemaak dat hulle veral ten opsigte van hul politieke standpunt pro-Boer was nie.<sup>147</sup> Johanna se kommentaar was: "De 'red tape' onder de Engelschen Regeering [Britse koloniale bewind in Transvaal] maken een prettige verhouding tusschen Boer en Brit onmogelijk". Skynbaar het sy mettertyd 'n aanvaarbare oplossing gevind toe sy begin het om volgens die Engelse tradisie op Dinsdae 'n "at home" vir die Engelsgesindes aan te bied met toebroodjies, koek en tee deur die dag en sang in die aand. Aan haar skoonfamilie in Nederland het Johanna geskryf: "Voor onze Afrikaansche vrienden zijn wij altijd thuis".<sup>148</sup> In Junie 1906 het Johanna aan haar skoonfamilie geskryf dat sy vir Brandt 'n vakansie ten einde 'n paar maande Nederland te kan besoek, beplan. Sy het hulle terselfdertyd op 'n verleë wyse gepols oor die moontlikheid om 'n finansiële bydrae te lewer ten einde die reis bekostigbaar te maak. Sy sou

---

<sup>143</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonfamilie, 28 Januarie 1905.

<sup>144</sup> NHKA, LIX 149, Johanna aan skoonfamilie, 28 Januarie 1905.

<sup>145</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan Brandt, 15 Junie 1905; Botes, Brandt, p. 241.

<sup>146</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 28 Januarie 1905; Botes, Brandt, p. 209.

<sup>147</sup> NHKA, LIX 149/iii, Johanna aan skoonfamilie, 10 Junie 1905.

<sup>148</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 11 Januarie 1907.

intussen alles in haar vermoë doen om plaaslik die nodige fondse bymekaar te kry. Haar rede hoekom sy die reis beplan het, was die volgende: “Ik heb mijn man innig lief en u ook, en ik heb bitter, bitter medelijden met hem dat hij zoo hard moet werken en zooveel moeilijkheden en byna geen genot heeft. Als iemand weet hoe zwaar zijn leven is dan is dit zijn vrouw. Ik kan aan alles zien dat hij dikwijls heimwee heeft en soms erg verlangt na u allen”.<sup>149</sup>

Johanna het vir Brandt ernstig aangemoedig om vir ’n vakansie na Nederland te gaan indien hulle die nodige geld bymekaar kon skraap. Hy het tentatief ja gesê en besef dat dit ekonomies en logisties onmoontlik sou wees om vir haar en hulle kinders saam Nederland toe te vat. Johanna was tevrede om agter te bly want sy het gevoel sy betaal ’n ereskuld omdat hy ten eerste sy vaderland prysgegee het en ook in die lig van die ywer waarmee hy sy gemeente bearbei het. Na haar mening was hy geregtig op die beloning.<sup>150</sup> Hy het boonop teen daardie tyd drie jaar ononderbroke gewerk en nie ’n dag verlof geneem nie.<sup>151</sup> Toe die kerk haar planne goedgekeur en die reisreëlings gefinaliseer was – ’n hele jaar nadat Johanna begin planne maak het – het sy volgens Brandt uitgeroep: “Ik ben dol van plesier ... Lou gaat naar Holland!”<sup>152</sup>

Voordat Brandt kon vertrek het hy ’n belangrike plig wat met sy gesin verband gehou het, gehad om af te handel. Hulle vierde baba, ’n dogtertjie, is op 8 Mei 1907, net ’n jaar na Frans, gebore. Hulle het besluit om haar na Johanna se moeder te noem. Brandt het haar haar twee weke na haar geboorte in die huis gedoop met net ’n ouderling en diaken as getuies teenwoordig. Haar volle name was Maria Magdalena Elizabeth maar hulle het haar Mira genoem.<sup>153</sup> Twee weke later het Brandt na Durban vertrek op die eerste skof van sy reis,<sup>154</sup> wat van 1 Junie tot 13 Oktober 1907 geduur het. Hy het in Nederland sy bes gedoen om soveel as moontlik van sy vriende en familie te besoek. By sy terugkeer het hy met ’n sweem van nostalgie aan sy ouers geskryf: “U moet maar niet toegeven aan gevoelens van weemoed ... Wij zien dezelfde zon en maan en het is dezelfde God en Vader die over ons waakt en voor ons zorgt”.<sup>155</sup>

---

<sup>149</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 18 Mei 1907; Botes, Brandt, p. 217.

<sup>150</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 11 Januarie 1907.

<sup>151</sup> Botes, Brandt, p. 212.

<sup>152</sup> NHKA, LIX 158/iv, Brandt aan familie, 7 Februarie 1907.

<sup>153</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 18 Mei 1907; Botes, Brandt, p. 217.

<sup>154</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 1 Junie 1907.

<sup>155</sup> Botes, Brandt, p. 212



Terwyl Brandt in Europa was, het hy 'n beroep na die Johannesburgse gemeente van die NHK ontvang.<sup>156</sup> Johanna het geweet dat hy graag daarheen wou gaan en het dit as vanselfsprekend aangeneem dat hy die beroep sou aanvaar, maar hy het vir haar gesê dat dit ten eerste 'n saak van gebed was.<sup>157</sup> Tog het hy reeds in Oktober 1907 tydens die nagmaalsviering in Pietersburg bekend gemaak dat hy die beroep aangeneem het. Die Zoutpansbergers het hom kwalik geneem oor die besluit – volgens Johanna nie soseer omdat hulle gevoel het dat hulle 'n uitsonderlike predikant verloor nie, maar omdat hy hulle met skuld gelaat het, veral ten opsigte van die koop van die pastorie. Hulle het beweer dat hy om finansiële redes die gemeente verlaat het, en “zij verwijten mij en sommige mensen verdenken mij dat ik terwille van geld een ander beroep hebben aangenomen hebt”.<sup>158</sup> Om gemoedere te kalmeer het hy vir nog drie maande aangebly en sy afskeidspreek eers op 26 Januarie 1908 gelewer, terwyl hy en die gemeente probeer het om die skuld te verminder. Dit het inderdaad die lug ietwat gesuiwer.<sup>159</sup>

Johanna het aan haar skoonouers geskryf oor die behandeling wat hulle gedurende die laaste drie dae van hul verblyf van die gemeente ontvang het: “Aangenaam is het afscheid niet geweest. Ik heb geen enkele traan gezien ... en dat is niet gewoon bij zulke gelegtheden”. Sy het vervolg: “Er was niemand van ons eie kerkeraad aan het station toen wij weg gingen, ... maar wel Ds. Postma van de Doppe Kerk met zijn heele kerkeraad!”<sup>160</sup>

Die gebrek aan waardering wat soms by die Gemeente Zoutpansberg teenoor Brandt en Johanna te bespeur was, kan volgens Botes toegeskryf word aan die feit dat meeste lidmate vir jare geestelik en kerklik verwaarloos was en in retrospeksie nie in staat was om te begryp dat hulle in die Brandt-egpaar 'n groot skat gehad het nie. Daar moet ook in ag geneem word dat die lidmate nie die fondse of soms nie die neiging gehad het om finansiële bydraes te maak nie en die gemeente het die verantwoordelikheid aan die predikant oorgelaat. Dit was een van die redes hoekom Brandt die beroep in 1907 aangenaam het, want die kerkraad was nou gedwing om self van die kerkskuld werk te maak.<sup>161</sup>

---

<sup>156</sup> B.J. van der Merwe, 1908 – 1958, *'n Halfeeu tuis in die Goudstad. Aandenkingsprogram Nederduitsch Hervormde Kerk, Johannesburg, 1958*, p. 8. Brandt was reeds sedert 1905 konsulent van die gemeente en is op 7 September 1907 daarheen beroep.

<sup>157</sup> Botes, Brandt, p. 219.

<sup>158</sup> NHKA, LIX 150, Brandt aan familie, 26 Oktober 1907; Botes, Brandt, pp. 263-266, brief van Johanna oor die hele aangeleentheid.

<sup>159</sup> Botes, Brandt, p. 222.

<sup>160</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 21 September 1907.

<sup>161</sup> Botes, Brandt, pp. 213-214.

Die Brandts het albei daarna uitgesien om na Johannesburg te gaan want daar sou hulle nader aan Harmony en aan Johanna se moeder wees en: “natuurlijk zullen wij al de voorrechten van een stadslewe hebben”. Tog was dit vir Johanna swaar om van die Pietersburgers en die gebied as sodanig afskeid te neem. Sy het hieroor geskryf: “Ik heb de arme, achterlijke Zoutpansbergers lief en weet niet wat worden zal van onze gemeente als wij weg gaan”. Daarby het sy die vrye, eenvoudige lewe wat hulle gelei het, baie geniet. Die klimaat was ook besonder geskik vir die kinders.<sup>162</sup> Jare nadat hulle die gebied verlaat het, het Brandt in ’n toespraak oor hulle Pietersburgjare opgemerk: “Die nageslachten zullen ons oordeelen naar de vruchte van ons werk. Miskien sal hulle ons prys, miskien veroordeel”. Hy het bygevoeg dat hy weet dat hy en Johanna hul beste gegee het om die gemeente in die kritieke jare op te bou en hulp te verleen na die beste van hul vermoë.<sup>163</sup>

Die baanbrekerswerk wat die Brandt-egpaar in die Zoutpansberg-gemeente gedoen het, was inderdaad van groot waarde. Johanna het as predikantsvrou haar plek in meer as een opsig volgestaan. Behalwe vir die feit dat sy moeite gedoen het om geld vir die herstel van die kerk en vir ’n pastorie te help insamel, het sy die verarmde gemeentelede onder andere van klerasie waar moontlik, voorsien. Sy was intensief betrokke by die stigting van ’n tak van die SuidAfrikaanse Vrouefederasie (SAVF) en die oprigting van ’n weefskool<sup>164</sup> asook by ander pogings om veral die Afrikaanstalige vrouens en jong meisies op te voed en te leer om selfstandig te wees en ’n inkomste te verdien. In die vier jaar wat sy in Pietersburg gewoon het, het sy boonop drie babas gehad om na om te sien, maar dit het haar nie verhinder om haar plek as predikantsvrou vol te staan nie. Brandt was dikwels van die huis af weg, want hy moes ook die Waterberggemeente bedien en op vêrafgeleë plekke huisbesoek doen. Johanna het op haar eie die spreekwoordelike pot aan die kook gehou. Nogtans is sy by een geleentheid deur die kerkraad kwalik geneem omdat sy nie saam met haar man huisbesoek gedoen het nie. Haar verontwaardige reaksie was om te vra: “Moet ik mijn kleine kinderen verwaarloozen voor de gemeente?” Sy is voorts beskuldig dat sy net vir eie eer by die SAVF en die weefskool betrokke geraak het.<sup>165</sup>

In die vier jaar wat Johanna as predikantsvrou in Pietersburg gewoon het, het sy die beginsel gehuldig dat “een vrouw haar huishouden even goed, en nog veel beter kan dien wanneer zy

---

<sup>162</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 141.

<sup>163</sup> NHKA, LIX 140, toespraak deur Brandt gelewer; NHKA, LIX 150/i, Johanna aan skoonfamilie, geen datum; Botes, Brandt, p. 223.

<sup>164</sup> Hierdie kwessies kom in hoofstuk 3 van die proefskrif onder die loop.

<sup>165</sup> NHKA, LIX 31, Johanna aan skoonfamilie, 2 Maart 1907.

haar verstand ontwikkel in ander rigtingen”.<sup>166</sup> Sy het hierdie beginsel in die komende jare aan die Rand deeglik toegepas.

## 8. Die Brandts in die Gemeente Johannesburg (1908-1923)

Die eerste gemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Johannesburg het op 23 Februarie 1895 in Fordsburg tot stand gekom – bykans 10 jaar na die stigting van Johannesburg.<sup>167</sup> Ds. S. Lagerwey van die Heidelbergse gemeente het aanvanklik die gemeente, wat in Fordsburg gesetel was, as konsulent bearbei. Hulle het nie ’n kerkgebou gehad nie en het onder andere in ’n skool, ’n saal van die rondgaande hof of in die vrymesselaarsaal vir kerkdienste byeengekom. Met behulp van die bydrae van verskeie konsulente het die gemeentetal in 1899 tot 2 200 siele gegroei en was ’n permanente leraar dringend nodig. Die Anglo-Boereoorlog het egter tussenbeide getree om hierdie plan in die wiele te ry. Die gemeente het nie tydens die oorlog ’n predikant of ’n kerkraad gehad nie, want hulle was almal op kommando of in krygsgevangenskap.<sup>168</sup>

Na die chaos van die oorlog en te midde van onderlinge geskille tussen die onderskeie Afrikaanse kerkgenootskappe het Brandt as konsulent van die Johannesburg-gemeente oorgeneem, wat mettertyd op die gemelde beroep op 7 September 1907 uitgeloop het.<sup>169</sup> Toe Brandt op 16 Februarie 1908 deur prof P.J. Muller in die Gemeente Johannesburg bevestig is, was hy die eerste voltydse Hervormde predikant wat hom aan die Witwatersrand gevestig het.<sup>170</sup> Tydens sy intrepreek op 17 Februarie het hy die hoop uitgespreek dat: "Niet meer zooveel tijd verloren aan reizen en trekken en een meer ontwikkeld gehoor en meer geregeld volle kerken" vir hom in die vooruitsig gelê het.<sup>171</sup> Hy het egter die uitdagings wat op hom gewag het, onderskat soos mettertyd aangedui sal word. Brandt was boonop verheug dat, alhoewel daar baie werk voorgelê het, "worden wij hier ten minste niet met een vooroordeel ontvangen".<sup>172</sup>

---

<sup>166</sup> NHKA, LIX 31, Johanna aan skoonfamilie, 2 Maart 1907.

<sup>167</sup> J.J. Prinsloo, Die Gemeente Johannesburg, *Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika*, Jaargang 31, 1936, p. 135.

<sup>168</sup> NHKA, LIX 26, Brandt aan familie, 7 Februarie 1908; J.J. Prinsloo, Die Gemeente Johannesburg, *Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika*, Jaargang 31, 1936, p.135.

<sup>169</sup> B.J. van der Merwe, 1908 – 1958, *'n Halfeeuw tuis in die Goudstad. Aandenkingsprogram Nederduitsch Hervormde Kerk, Johannesburg, 1958*, pp. 8 en 23.

<sup>170</sup> Botes, Brandt, p. 272.

<sup>171</sup> NHKA, LIX 26, Brandt aan familie, 17 Februarie 1908.

<sup>172</sup> NHKA, LIX 28, Brandt aan familie, 12 Augustus 1908.

Alhoewel die hoeksteen van die Johannesburgse Nederduitsch Hervormde kerkgebou reeds in 1905 deur generaal Louis Botha gelê is, het verskeie probleme die bouwerk vertraag. Dit was veral 'n gebrek aan fondse asook onderlinge twis tussen outoriteite, predikante en gemeentelêde wat die oprigting in die wiele gery het. Gevolglik is die kerkgebou, wat as die Westerkerk bekendgestaan het, eers in September 1908 ingewy. Teen die tyd was daar slegs 754 lidmate.<sup>173</sup> Die bouwerk was op dié stadium steeds nie voltooi nie, want die plafon het ontbreek. Gelukkig het lady Selborne, die eggenote van die Britse goewerneur-generaal, in 1908 “een contributie [bydrae gelewer] ... om een plafon in de kerk te doen”. Die laaste pleister- en verfwerk is eers later gedoen en die gebou het eers in 1923 permanente banke gekry.<sup>174</sup>

Die Brandts se woonhuis in Johannesburg was boonop alles behalwe na Johanna se smaak. Sy het op 'n sarkastiese noot aan haar skoonmoeder geskryf dat: “Mijnheer van den Broek (die skriba van die gemeente) dacht dat hij ons een groot plesier zou doen door voor ons een groot huis, een dubbele verdieping, duur en deftig te huren aan de tram lijn en vlak bij het spoorstation maar de goede man weet niet hoe wij het hadden in Pietersburg en hoe wij gesteld zijn op onze vrijheid”. Die huis wat aanvanklik deur hulle betrek was, was geleë op die hoek van Bok- en Nuggetstraat (in die omgewing van Joubertpark vandag). Volgens Johanna was die huis was vuil, donker en baie beknop. Brandt het selfs gekla dat hy nie eers 'n plek gehad het om sy preke te skryf nie. Die sanitêre stelsel was “schandalig slecht” – slegte reuke en die vuil strate was walglik en talle mense in die omgewing het [maag]koors en tifus gekry. Boonop het die trems, motors, fietse, karre, perde en treine deurentyd 'n lawaai veroorsaak. Die stofwolke het verhoed dat hulle die huis se deure of vensters kon oopmaak, daar was “ongediertes” in die kombuis en mense van verskillende nasies het op mekaar gevloek en geskel. Johanna het haar onmiddellik voorgeneem dat: “Wij zullen niet lang hier blijven”.<sup>175</sup>

Johanna het so naorstiglik na 'n beter pastorie gesoek dat sy spoedig vergeet het dat die mense van Pietersburg “naar was met hulle”.<sup>176</sup> Sy het gou daarin geslaag om 'n geskikte woning wat by haar vereistes gepas het, te identifiseer. Dit was in Braamfontein geleë, in Ameshofstraat 53, waar die straat teen 'n koppie doodgeloop het en dit rustig en stil was. Hulle kon dit vir £12 per maand huur. Johanna het nie geweet waar hulle die huurgeld vandaan sou kry nie, maar het geweet dat dit die plek was waar hulle moes gaan woon. Dit was 'n dubbelverdieping huis met

---

<sup>173</sup> Botes, Brandt, p. 272.

<sup>174</sup> Du Toit, *Die verhaal*, pp. 178-180.

<sup>175</sup> NHKA, LIX 26, Johanna aan skoonfamilie, 22 Maart 1908.

<sup>176</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 187.

sewe kamers, 'n badkamer, kombuis, spens en groot solder. Alhoewel die voortuin klein was, het die agterplaas tot bo-oor die koppie gestrek en was daar genoeg plek om selfs 'n koei aan te hou. Daar was reeds 'n hoenderhok, 'n koetshuis en 'n stal in die agterplaas. Skaars twee maande nadat hulle van Pietersburg af na Johannesburg verhuis het, het hulle op 15 April 1908 in hierdie huurhuis ingetrek. Johanna het van toe af aan altyd na hulle adres verwys as: "In the most charming part of Braamfontein". Tog het sy, toe sy later tot haar groot vreugde uitgevind het dat die huis in die voorstad Clifton geleë was, dadelik daarop aanspraak gemaak dat dit 'n baie beter gebied as Braamfontein is. Brandt het haar oor haar valse trots en hoogmoed gespot, maar sy het dit gelate aanvaar. Terwyl hulle in Johannesburg woonagtig was, het hulle nog twee keer verhuis na twee verskillende huise in Jutstraat (nommers 221 en 223), beide in Braamfontein.<sup>177</sup>

Brandt het aanvanklik nie besef dat die gemeentelike arbeid aan die Witwatersrand hoër eise aan hom sou stel as wat dit die geval in die Zoutpansberg/Waterberggemeentes was nie. Die gemeentelike was feitlik almal pas verstedelike lede van die Afrikanergemeenskap. Die oorgrote meerderheid van hulle was geheel onbekend met die stadslewe. Hulle was onvoorbereid op die uitdagings van die stad, ontwrig en verarm. Boonop het hulle geen kennis van die mynbou-ekonomie gehad nie. Hierdie lidmate van die NHK in Johannesburg het oorwegend in die armlastige voorstede Vrededorp en Burgersdorp in minderwaardige huisies wat van sink, seil en hout opgerig was, gewoon.<sup>178</sup> As 'n gemeenskap van ontworteldes het hulle 'n enorme verantwoordelikheid op die kerk, wat die laaste bolwerk teen sedelike en morele verval was, geplaas.<sup>179</sup>

Johanna het aan haar skoonouers geskryf dat Brandt die predikant geword het van: "de laagste, gemeenste Boeren die in Vrededorp wonen". Dit was 'n troostelose toestand wat daar geheers het.<sup>180</sup> Maar die omvang van sy gemeente was veel groter as Vrededorp. "Dit het gestrek van die grens van Krugersdorp [in die weste] tot waar die grens van Delmas ongeveer geleë is [in die ooste]. Per trein en meestal per motorfiets het hy van die een plek na die ander gereis om dienste en begrafnisse te hou, om siekes te besoek en alles [te doen] wat verder met die werk van 'n predikant saamgegaan het".<sup>181</sup> Dit was dan ook nie verbasend dat Brandt binne 'n maand na sy bevestiging ernstig siek geword het met 'n aanval van tifuskoors nie. Hy is vir behandeling

---

<sup>177</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan die skoonfamilie, 23 Maart 1908; Botes, Brandt, p. 278.

<sup>178</sup> Botes, Brandt, pp. 99-100.

<sup>179</sup> H.S. Bosman, *Een terugblik op kerklike en godsdienstige toestande in die Transvaal*, p. 46.

<sup>180</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonouers, 12 Julie 1908.

<sup>181</sup> NHKA, LIX 26, Johanna aan skoonfamilie, 19 Junie 1908; LIX 137, preekbeurt 1908 – 1958.

in 'n Rooms-Katolieke sanatorium opgeneem. Johanna moes by 'n jarelange vriend, Andrew Brown, wat op daardie stadium 'n Engelse predikant in Johannesburg was, geld leen om die mediese koste te betaal.<sup>182</sup> Na 'n verblyf van agt dae is Brandt ontslaan en “kwam hij thuis in een tram, nog wel swak en erg afgefallen en geen ‘beauty’ meer met zijn stoppelbaardje en holle oogen, maar toch weer thuis”, het Johanna aan haar skoonfamilie geskryf.<sup>183</sup>

Drie maande later het Brandt 'n hartaanval gekry. Sy dokter het aanbeveel aan dat hy moes rus en verkieslik nooit weer op 'n fiets moes ry nie. Johanna het haar tot haar skoonouers gewend om finansiële hulp om vir hom 'n motorfiets te koop. Sy het geskryf: “Lou klaagde nooit en leek zoo gezond en sterk als vroeger”, maar sy was bekommerd oor hom, die werk was te veel.<sup>184</sup> Bo en behalwe sy gemeentelike werk wat die gebiede van Newlands tot Springs behels het, het Brandt ook 29 buitedienspunte bedien wat onder andere Heilbron en Vereeniging ingesluit het. Hy het gereeld in al die gebiede dienste gehou.<sup>185</sup>

Dit was terwyl Brandt in die hospitaal was dat Johanna die huis in Ameshofstraat 53 gehuur en hom oorreed het om die kontrak te teken. Intussen het sy met eier- en melkverkope daarin geslaag om kop bo water te hou. Sy het steeds gepoog ook om geld bymekaar te maak om vir Brandt 'n motorfiets te koop, maar gelukkig het hy een present gekry.<sup>186</sup>

Johanna het destyds 'n bedrywige lewe gelei. Sy het talle vergaderings bygewoon, tydskrifartikels geskryf, 'n SAVF-kongres gelei, vier kinders grootgemaak ... en 'n moeilike vyfde swangerskap deurgegaan. Sy moes vir weke in die bed lê en toe het baba Andrew (wat later Andries genoem is) heel onverwags, baie skielik op 16 Julie 1909 opgedaag ... met Brandt as die vroedvrou!<sup>187</sup>

Een van die gemeentelike take waarby die Brandts van meet af ten nouste betrokke was, was die insameling van fondse. Reeds in Junie 1908 het die gemeente onder hulle leiding 'n suksesvolle basaar gehou wat £190 opgelewer het. Dit is vir die bou van 'n preekstoel, die aanbring van 'n klankbord, die installering van elektrisiteit en die aankoop van stoele vir die kerkgebou benut.

---

<sup>182</sup> NHKA, LIX 26, Johanna aan skoonfamilie, 19 Junie 1908 asook 26 Julie 1908.

<sup>183</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 30 Julie 1908.

<sup>184</sup> Botes, Brandt, pp. 283-284.

<sup>185</sup> NHKA, Notule Kerkraadsvergadering, Gemeente Johannesburg, 6 Junie 1908.

<sup>186</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 22 Desember 1908.

<sup>187</sup> Du Toit, *Die verhaal*, pp. 199-200.

Die fondse wat ingesamel is, het egter nie al die gate toegestop nie. Vir die hele duur van Brandt se verblyf in Johannesburg was daar 'n onophoudelike worstelstryd om die gemeente se finansies te laat klop. Brandt het, net soos die geval in die Gemeente Zoutpansberg was, nie in Johannesburg gereeld sy salaris ontvang nie. Die vernaamste redes vir die armoede van die gemeente en gebrek aan offervaardigheid by die lidmate was dat die meeste van hulle self bitter arm was en dat hulle nie gewoond was aan verpligtinge wat hulle teenoor die kerk moes nakom nie. Die NHK was voor die Anglo-Boereoorlog 'n staatskerk en die regering het die predikante betaal. Na 1902 moes die gemeentedele self hierdie verpligting nakom.<sup>188</sup>

Intussen het geldsake in die pastorie ook nie voorspoedig verloop nie. Die Brandts moes telkens meet en pas sodat die finansies daar kon klop.<sup>189</sup> Johanna het moeilik herstel na die geboorte van Andrew. Alhoewel sy vir 'n ruk lank by haar moeder in Harmony, Pretoria gaan inwoon het om aan te sterk, was sy na haar terugkeer steeds moeg. Brandt het besef dat sy vrou nie vanself beter sou word nie en het geld bymeekaargeskraap om haar vir drie maande na sy moeder in Nederland te stuur ten einde daar te gaan herstel en uit te rus. Na haar terugkeer in Oktober 1910 was sy 'n ander mens, maar haar swaer, Koo Brandt, 'n homeopatiese geneser, het haar aangeraai om nie meer kinders te hê nie.<sup>190</sup>

Brandt het kort na Johanna se terugkeer 'n reis na Durban onderneem, waar hy vir sy broer George gaan kuier het. Nadat hy terugkeer het, het al die bedrywigheede waarby hy en Johanna betrokke was, normaalweg voortgegaan. Voorts het die Brandts betrokke geraak by die Victoria League, 'n Britse imperiale organisasie wat onder andere aan armes hulp verleen het. Hulle het selfs by geleentheid by die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika en sy vrou, lord en lady Selborne, asook by hulle opvolgers, lord en lady Gladstone, sowel as by sir Herbert Baker en by Lionel Philips besoek afgelê. Die doel van die besoeke was om in gekultiveerde geselskap te verkeer maar terselfdertyd om finansiële hulp vir hulle gemeentedele en hulle kerkboupogings te verkry. Talle Randse Afrikaners was ontevrede oor hulle betrokkenheid by en vriendskap met die imperialistiese organisasie en belangrike Britte. Die Brandts het aangevoer dat hulle optrede in belang van die kerk en sy verarmde lidmate was. Johanna het destyds gedrewe gevoel om opheffingswerk onder die vroue van die kerk te doen en het in 1912 'n sustersvereniging – wat

---

<sup>188</sup> Botes, Brandt, pp. 212, 283.

<sup>189</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 15 Augustus 1908 asook Brandt aan familie, 14 Maart 1909.

<sup>190</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonfamilie, 20 Augustus 1909; Du Toit, *Die verhaal*, pp. 195-196.

later deel van die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV) geword het – gestig.<sup>191</sup> Brandt het reeds al in 1908 'n Christelike Jongelingsvereniging gestig. Hy het aan vele ander organisasies soos die Witwatersrand Church Council, die Society for the Encouragement of Arts en die Nederlandse Vereniging behoort.<sup>192</sup>

Johanna het in 1910 besluit om nog 'n boek te skryf wat oor haar oorlogservarings gehandel het, te skryf. Sy was eenvoudig nie tevrede om bloot haar pligte as 'n huisvrou, moeder en predikantsvrou uit te voer nie. Elke dag wanneer sy 'n kansie gekry het, het sy aan *Die Kappie Kommando, of Boerevrouwen in Geheime Dienst* gewerk. Van Oktober 1912 af het die Nederlandse weergawe in episodes in die tydskrif *Brandwag* verskyn. Hierdie publikasie wat in 1913 in druk verskyn het, het haar naam in die Afrikaanse letterkunde en kultuurhistoriese milieu verewig.<sup>193</sup>

Ten spyte van alles wat die Brandts ter wille van die kerk probeer doen het, is hulle gekritiseer oor hul wanordelike en verwaarloosde huishouding. Johanna het aan haar skoonmoeder geskryf dat sy en Brandt toe besluit het om 'n musiekaand te hou ten einde al die 'skinderbekke' op hulle plek te sit. Na deeglike beplanning soos Johanna as predikantskind in Heidelberg en jong dame in Harmony gewoon was, is alles in gereedheid gebring. Hulle pragmeubels vanuit Holland is gepoleer en die beste breekgoed is gedek. Johanna het besef dat hulle twee aande sou moes regstaan om al die gaste te onthaal. Alles het suksesvol afgeloop maar het haar tot in die murg uitgeput.<sup>194</sup>

Op 25 Februarie 1912 het die Brandts weereens verhuis – die keer na Jutastraat 121, Braamfontein, by die kruising met Rissikstraat. Die vooraangesig van die huis het op die straat uitgekyk. Aan die agterkant was die uitsig op “Wanderers’ View”. Johanna was duidelik tevrede want sy het aan haar skoonmoeder geskryf dat: “Het zou moeilijk zyn om vlak in de buurt van Johannesburg een mooier en rustiger plaatsje te vinden”.<sup>195</sup> Hulle het aanvanklik die huis gehuur en die kerk het bygedra. Later het die gemeente die huis as pastorie aangekoop. Na 'n paar maande se verblyf in die nuwe huis het Johanna besef dat sy weer swanger was. Ten spyte van vorige waarskuwings en haar huisdokter, dr Pettavel, se bekommernis het sy besluit om met die

---

<sup>191</sup> Hierdie aktiwiteite word in hoofstuk 3 bespreek.

<sup>192</sup> Botes, Brandt, p. 55.

<sup>193</sup> NHKA, LIX 31, Johanna aan skoonmoeder, 17 Desember 1912; Botes, Brandt, pp. 212-213.

Die Engelse weergawe, *The Petticoat Commando*, is vroeër dieselfde jaar gepubliseer.

<sup>194</sup> NHKA, LIX 30, Johanna aan skoonmoeder, 23 Novemder 1911.

<sup>195</sup> NHKA, LIX 31, Johanna aan skoonmoeder, 17 Maart 1912.



swangerskap deur te druk. Op 1 Junie 1913 is haar en Brand se sesde baba, Willem Benjamin, gebore. Enkele weke na die geboorte van Willem is Brandt se vader, wat 'n gesiene man in Nederland was en aan wie Brandt besonder geheg was, oorlede.<sup>196</sup>

Die swak finansiële toestand van hulle gemeente en die apatiese houding van die gemeentedelede het Brandt en sy gesin teen die middel van 1913 in 'n desperate situasie gedompel. Johanna se reaksie was om 'n ope brief in die gemeenteblad aan die susters te rig om hulle te verwittig van die ware stand van sake:

“Wanneer ik u vertel, dat uw leraar voor de maand Augustus (1914) maar £23.6.8 ontving en voor September en Oktober nog geen penny, dan moet u met mij instemmen, dat er een verandering moet komen. Daar is bepaald gebrek in de Pastorie, en ik ben verplicht u te vragen, zusters van onze gemeente, om uw invloed te gebruiken, zoodat er voorspoed en vooruitgang mag komen, en uw leraar met een onbeswaard gemoed en met al de liefde van zijn hart zijn werk onder u mag voortsetten”.<sup>197</sup>

Sy het hierop vervolg deur die susters se aandag pertinent op haar man se druk maandelikse program gevestig het. Dit het ingesluit die lei van eredienste en van buitendienste, die bediening van die sakramente, vergaderings en die aanbied van katekisasieklasse. Dan moes hy nog ander pligte nakom wat nie in die maandprogram aangeteken is nie soos huweliksbevestigings, begrafnisse, siekebesoek, kerkadministrasie, baie skryfwerk en korrespondensie. Sy het gevra hoe een persoon wat al die verpligtinge moes nakom, nog tyd vir huisbesoek kon oorbê?<sup>198</sup> Sy het nie eers gemeld dat hy ook nog aandag aan sy gesin moes – en wou – skenk nie.

Die jaar 1914 was vir die Brandt-huishouding 'n besonder woelige jaar. Terwyl Johanna ses kinders gehad het om te versorg, was sy, ten einde 'n paar pond in te vorder, met skryfwerk vir tydskrifte en koerante besig. Boonop was sy betrokke by die werksaamhede van die SAVF, die NHSV en verskeie ander organisasies.<sup>199</sup> Haar uitgebreide korrespondensie het haar steeds baie besig gehou. Sy en Brandt was voorts bedrywig met gemeentelike pligte. Van die tweede helfte van 1914 af het verwickelinge wat met die Eerste Wêreldoorlog in verband gestaan het, hulle

---

<sup>196</sup> NHKA, LIX 35, Brandt aan sy moeder, 4 Junie 1913; LIX 35, mev. Brandt aan Brandt na sy vader se dood, 15 Julie 1913; Botes, Brandt, p. 30.

<sup>197</sup> NHKA, LIX 173, brief van Johanna aan gemeente i.s. Brandt se salaris, 22 Augustus 1913.

<sup>198</sup> NHKA, LIX 173, brief van Johanna aan gemeente i.s. Brandt se salaris, 22 Augustus 1913.

<sup>199</sup> Hierdie kwessies word in hoofstukke 3 en 4 van die proefskrif bespreek.

aandag begin verg. Die Afrikanerrebellie wat kort na die uitbreek van die oorlog gevolg het,<sup>200</sup> het met geringe onrus in Johannesburg gepaard gegaan. Brandt het gevoel dat Johanna liever tydelik met die kinders by haar moeder in Harmony, Pretoria moes gaan inwoon. Dit was na sy mening veiliger daar en die ouer kinders kon sommer daar skool toe gaan. Johanna was bly om vir 'n ruk lank by haar moeder te wees, aangesien laasgenoemde se gesondheid besig was om agteruit te gaan. Sy het aan haar skoonfamilie geskryf dat haar moeder “maakt een onbeskryfelijk lijden door en ik geloof niet dat het lang meer kan duren”.<sup>201</sup> Terselfdertyd het sy haar mening oor die Rebelle aan haar skoonfamilie in Nederland bekendgemaak:

“You probably know by this time (28 October 1914) that the Boers have risen in revolt against the Government & that a war is once more raging in South Africa. All the world seems to be set ablaze by the European war, for this Boer Rebellion is a direct result of the action of the Government in invading German territory in S[outh]. W[est]. Africa. Who could have foreseen such disastrous developments within a few weeks? We have much reason to be anxious about the future but we are in God's hands & I only trust our little children will not suffer in any way”.<sup>202</sup>

In April 1915 het die Brandts na Jutstraat 123, net twee huise van die vorige woning af, verhuis. Die huis op daardie perseel was deur die kerk as pastorie aangekoop. Johanna was bly om in dieselfde omgewing aan te bly, want daar was sprake dat die kerkraad 'n pastorie in Vrededorp wou gekoop het. “Voor de kinderen en in alle opzigthen is het beter dat wij hier blyven”, was haar mening. Die verhuising was vir die Brandts finansiëel voordelig, want die huis het 11 slaapkamers en 'n aantal buitegeboue gehad. Johanna het huurders ingeneem en kon in 'n verligte trant berig dat hulle vir die eerste keer in jare “nu helemal geen geld-sorgen hebben”.<sup>203</sup> Die finansiële probleme het egter nie verdwyn nie en dit bly 'n vraag hoe die Brandts kon voortgaan om as 'n gesiene egpaar wat albei onder goeie toestande grootgeword het en veral Brandt wat as van die adel van Holland beskou is, kop bo water kon hou om 'n trotse beeld aan die wêreld te toon. Verder het sy ook gedurende die winter van 1915 besef dat sy weer swanger is, maar dit het haar nie verhinder om met haar talle aktiwiteite voort te gaan nie. Na 'n paar maande het sy en die kinders na Johannesburg teruggekeer. In Augustus het sy haar skoonmoeder meegedeel: “Lou is gezond, de kinderen ook, en wij zijn deze keer perfect gezond. Ik moet elke dag voor

---

<sup>200</sup> Dit word onder meer behandel in G.D. Scholtz, *Die Rebelle 1914-15*, Johannesburg, 1942, en in D. Langner & A. Raath (reds.), *Die Afrikanerrebellie, 1914-1915*, Pretoria, 2014.

<sup>201</sup> NHKA, LIX 30, Johanna aan skoonfamilie, 28 Oktober 1914. Die impak van haar moeder se siekte op Johanna word in hoofstuk 5 bespreek.

<sup>202</sup> NHKA, LIX 30, Johanna aan skoonmoeder, 30 Oktober 1914.

<sup>203</sup> NHKA, LIX 30, Johanna aan skoonmoeder, 14 Mei 1914.

elf menzen koken en doe al het naaldwerk zelf en speel piano en maak speches en antwoord de telefoon en ben met my beslommering door en door gelukkig”.<sup>204</sup>

Op 5 Desember 1915 is Christiaan Jacobus, haar sewende kind in net meer as 12 jaar, gebore. Dit was kort na haar 38ste verjaardag. Sy het ’n voorgevoel gehad dat dit haar laaste baba sou wees. Reeds aan die begin van haar swangerskap het sy aan haar skoonmoeder geskryf: “U weet hoe ik op mijn ‘heilig getal’ gesteld ben – wel nu ben ik erg bly en Lou ook, dat er een sewende komt”.<sup>205</sup>

Intussen het die nasleep van die Afrikanerrebelle, wat op ’n mislukking uitgeloop het, ’n direkte impak op die lewens van beide Johanna en Lou gehad. Hulle was albei sterk patrioties en het die beginsels van J.B.M. Hertzog se Nasionale Party (NP), wat in Januarie 1914 gestig is, ondersteun. Brandt het aan sy moeder geskryf dat hy hom sterk ten gunste van die Afrikanervolk se belange beywer en die NP as die kampvegter van die verslane Rebelle beskou het. Na sy mening het die Rebelle ’n gevoel van bitterheid laat ontstaan wat ’n verhoogde volksgevoel onder die Afrikaners laat ontwikkel het.<sup>206</sup> Brandt se verhoogde politieke bewustheid het inderdaad daartoe gelei dat hy hom met die oog op die algemene verkiesing van 20 Oktober 1915 as parlementêre kandidaat van die NP in ’n setel in Pretoria verkiesbaar gestel het.<sup>207</sup> Johanna het terselfdertyd na vore getree as die stigter van die Vroue Nasionale Party (VNP) in Johannesburg.<sup>208</sup> Sy was ook aktief betrokke by die Vroueoptog wat betoog het teen die boetes en gevangenisstraf van die Rebelle.<sup>209</sup> Brandt was op sy beurt ’n stigterslid van die Helpmekaarbeweging wat geld ingesamel het vir die Rebelle. Brandt het nie sy setel in die verkiesing van 1915 gewen nie, waarna sy aktiewe politieke betrokkenheid tot ’n einde gekom het. Johanna se betrokkenheid by die VNP het boonop kort daarna geëindig. ’n Groot eer het Brandt egter te beurt geval toe hy in 1916 tot voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHK verkies is. Hy was toe 43 jaar oud en het die amp vir meer as 20 jaar bekleed.<sup>210</sup>

---

<sup>204</sup> NHKA, LIX 30, Johanna aan skoonmoeder, 23 Augustus 1914.

<sup>205</sup> NHKA, LIX 37/5, Johanna aan skoonmoeder, 26 Mei 1915.

<sup>206</sup> NHKA, LIX 169, Brandt aan moeder, 2 November 1915; Botes, Brandt, pp. 99-100.

<sup>207</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 218.

<sup>208</sup> Botes, Brandt, p. 314. Johanna se betrokkenheid by die VNP word in hoofstuk 4 bespreek.

<sup>209</sup> J. Grobler, Volksmoeders in verset: Afrikaner-vroueoptogte in Pretoria, 1915 en 1940, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 23/1, Junie 2009, pp. 26-54.

<sup>210</sup> Botes, Brandt, pp. 94-132.

Uit die talle briewe wat Johanna en haar moeder aan mekaar geskryf het, kan daar afgelei word dat daar 'n besondere sterk band tussen hulle twee bestaan het, wat van 1914 af 'n negatiewe uitwerking op die verhouding tussen Johanna en Brandt gehad het.<sup>216</sup> Mev. van Warmelo was 64 jaar oud toe sy 'n kroniese siektetoestand opgedoen het. Johanna het destyds aan haar skoonmoeder geskryf dat haar moeder toe al vir dertien jaar aan 'n maagkwaal gely het wat mettertyd in kanker oorgesit het. Sy het bygevoeg dat sy dit oorweeg het om met die kinders by haar moeder in Harmony te gaan inwoon en die kamers in die pastorie te verhuur. Sy het uiteindelik nie die kamers verhuur nie, maar tog op 15 Desember 1914 met haar kinders na Harmony vertrek.<sup>211</sup> Dáár het sy, ten spyte van al haar ander verpligtinge, vir twee jaar haar moeder versorg. Johanna het wel in hierdie tydperk soms vir 'n wyle na die pastorie in Johannesburg teruggekeer, maar sy was meestal in Harmony. In Augustus 1915 het sy aan haar skoonmoeder geskryf: “Mijn moeder is tegenwoordig heel zwak en gaan hard achteruit”.<sup>212</sup> Op 2 Desember 1916 het mev. Van Warmelo vroeg die oggend te sterwe gekom. Johanna was alleen by haar toe dit gebeur het. Sy het self daarna as gevolg van emosionele uitputting in 'n siektetoestand verkeer. Op 19 Januarie 1917 het Brandt se moeder onmiddellik nadat sy per pos van mev. Van Warmelo se dood en Johanna se siekte verneem het, aan hom geskryf dat: “het is ook niet onnatuurlyk dat Johanna ... op eens in de zoo verschillende emoties by het lyden en sterven van hare moeder geschoot is in haar senuwee gestel”. Sy het voorgestel dat as die enigszins moontlik is, Johanna 'n “lange rust-tyd nodig hebt maar dat sy dit zeker niet thuis sou kunnen vinden”.<sup>213</sup>

Johanna het agterna vertel dat sy daardie nag toe haar moeder oorlede is, haar eerste visioen gesien waarin sy opdrag gekry het om by Harmony op die wederkoms van Christus te wag. Hierdie insident het haar lewensloop hierna verander en tesame daarmee ook die lewens van al die Brandts, want sy het geweier om die ou woonhuis te verlaat.<sup>214</sup> Dit was tydens haar verblyf daar dat sy die boek *Millennium*, waarin sy van haar bonatuurlike ervarings vertel het, geskryf het. Sy het vroeg in 1918 vir Brandt belowe dat sy, sodra sy die manuskrip van *Millennium* voltooi het, “daarna kan ik naar huis”.<sup>215</sup> Uiteindelik het sy wel teruggegaan toe haar manuskrip voltooi was, maar van Junie tot Oktober 1918 het sy weer na Harmony teruggekeer, want sy

---

<sup>211</sup> NHKA, LIX 160/ii, “Redeeming Harmony”, p. 1; NHKA, LIX 37.3, Johanna aan skoonmoeder, 11 en 12 November 1914.

<sup>212</sup> NHKA, LIX 39/iii, Johanna aan skoonmoeder, 11 Augustus 1915.

<sup>213</sup> NHKA, LIX 31/i, Brandt se moeder aan Brandt, 19 Januarie 1917.

<sup>214</sup> NHKA, LIX 160, Johanna aan Haarhoff, November 1918; NHKA, Vergaderingnotules, 12 November 1921 – 20 Mei 1922.

<sup>215</sup> NHKA, LIX 39/iv, Johanna aan Brandt, 16 Januarie 1918. *Millennium* word op pp. 220-208 bespreek.

was met 'n volgende boek met die titel *Smeltkroes* besig. Die kinders was soms saam met Johanna by Harmony en Brandt het soms daar vir hulle gaan kuier, soos in Julie 1918 toe hy aan sy moeder geskryf het dat hy siek was en “ik ben nog op Harmony waar ik logeer bij Johanna”.<sup>216</sup>

Johanna en haar kinders was by Harmony woonagtig toe die wêreldwye epidemie van sogenaamde Spaanse Griep Suid-Afrika in Oktober 1918 getref het. Volgens amptelike syfers het daar moontlik 200 000 mense in Suid-Afrika gesterf.<sup>217</sup> Johanna het in 'n algemene skrywe aan haar geestelike vriendekring oor die griep epidemie met 'n doemprefesie vorendag gekom: “Die Heer het u nou nodig. Vergeet nie dat ons nou kragtig moet getuig deur te wys op die Vervulling. Die Spaanse Griep is een gevaarlike long-pest en is nog maar het begin van die moeilikhede, een kleine voorloper van die komende pestilensies”. Voorts het sy in die brief aangevoer dat: “Dit is een onvermydelike suiwerings proses wat ons moet doormaak voordat ons die Verlosser mag aanskouw. By ons was dit droewig. Ik het vyf kinders verpleeg ... en twee swart werkers en toe het ik self die siekte gekry en moes toe een verpleegster inroep. Allemaal beteren, dank sy God”.<sup>218</sup> Aan haar skoonmoeder het sy geskryf: “Of course I know that we had the simple Infuenza, whereas those who fell down dead in the streets or succumb after a few hours, turning black almost before death, had the real Pneumonic Plague”. Sy het geskryf dat dit net die begin was van die verwoesting wat almal se voorland was.<sup>219</sup>

Die skryfster Bep du Toit beweer dat Johanna se jongste seun, Chris, in November 1918 die laaste een van hulle was wat griep gekry het. Toe die dokter die aand besoek afgelê het, het hy aan Johanna gesê dat Chris dood was en dat sy lyk weggeneem moes word om verdere besmetting te verhoed. Johanna het geweier en by hom gewaak terwyl sy om sy herstel gebid het. Teen drie-uur die volgende oggend het sy, toe sy oor hom gebuk het, 'n paar sweetdruppels op sy bolip gesien, wat 'n teken was dat hy geleef het. Die volgende oggend het die dokter met twee polisiemanne opgedaag om Chris se lyk weg te neem, maar toe hulle instap het hy glo regop in die bed gesit.<sup>220</sup> Du Toit se lewensverhaal van Johanna is nie 'n akademiese publikasie nie en hierdie bewering kan betwyfel word. In die Brandt-versameling is daar net vae verwysings na dié insident, soos 'n brief van Johanna aan haar skoonmoeder waarin sy bloot noem dat Chris 'n noue ontkoming gehad het. Mens sou verwag dat Johanna, indien die insident

---

<sup>216</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan moeder, 28 Julie 1918. *Smeltkroes* word op pp. 208-211 bespreek.

<sup>217</sup> S.B. Spies, Unie en onenigheid, 1910-1924, in T. Cameron (hoofred.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, p. 240; Botes, Brandt, pp. 291-292.

<sup>218</sup> NHKA, LIX 181/v, Johanna aan vriendin, 25 Oktober 1918.

<sup>219</sup> NHKA/LIX 165/ii, Johanna aan skoonmoeder, 26 November 1918.

<sup>220</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 24.

wel so dramaties was as wat Du Toit beweer, beslis wyd en syd daaroor sou gepraat en geskryf het, wat nie gebeur het nie. Gevolglik bestaan daar ernstige twyfel oor die feitelike korrektheid van Du Toit se weergawe van die jonge Chris se ervaring van die griepepidemie.

Teen die einde van 1918 het Johanna nog steeds in Harmony gewoon. Op daardie stadium en in die eerste maande van 1919 het dit soms goed en dan weer beroerd gegaan met haar finansies. Sy het aan Brandt geskryf dat sy goed gedoen het met die verkope van haar publikasies, dat sy al haar skuld aan die uitgewers betaal het en dat daar genoeg oor was om al die rekeninge en die huishuur te betaal. Terselfdertyd was die brief aan Brandt deels vol verwyte, veral oor die hantering van wasgoed, maar dan was dit opgewek gewees en toe weer vol selfbejammering. Sy het gemeld dat die kinders baie na hom verlang het en na hom gevra het. Laastens het sy weer oor haar openbarings gedweep.<sup>221</sup>

Die situasie het mettertyd weer verander, want in Mei 1919 het Johanna vir Brandt laat weet dat dit vir haar onmoontlik was om alles te betaal.<sup>222</sup> Die onstabiele toestand het vir Brandt en selfs ook sy moeder, aan wie Johanna teen daardie tyd nie meer briewe geskryf het nie, bekommerd gelaat. Brandt het sy moeder gerus gestel deur te verklaar dat hy dikwels na Harmony gegaan het, dat hy nooit lank daar kon bly nie en dat Johanna belowe het om te skryf maar te besig was om daarby uit te kom. Teen die einde van 1919 was Brandt met sy verjaarsdag op 18 November en weer Kersfees op Harmony. Teen Februarie 1920 het hy self byna niks oor Johanna in sy briewe aan sy moeder gemeld nie, wat daarop dui dat hulle mekaar selde gesien het.<sup>223</sup>

Die twee Brandt-dogters, Emmie en Mira, het in 1919 en 1920 met tye by ene mev Maakel ingewoon sodat Johanna meer aandag aan haar skryfwerk kon gee. Johanna het soms gekla dat die dogters nie dáár goed versorg is nie (onder meer dat hul wasgoed nie behoorlik skoon was nie), maar tog het sy vir mev Maakel, wat in Desember 1920 na Brittanje verhuis het, gevra of hulle twee tot met haar vertrek daar kon aanbly.<sup>224</sup>

Dit was duidelik dat die lewens van die Brandt-gesin vir ongeveer ses jaar chaoties was. Brandt en Johanna was albei welbekend in die Johannesburg/Pretoria-omgewing. Haar ongewone optredes het ongetwyfeld wenkbroue laat lig. Die kerkraad het gedreig dat Brandt die pastorie

---

<sup>221</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 2 November 1918.

<sup>222</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 6 Mei 1919.

<sup>223</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 13 Februarie 1920.

<sup>224</sup> NHKA, LIX 151/iii, Johanna aan mev. Maakel, 4 November 1920.

kon verloor as hulle dit nie as gesin bewoon nie en dat sy salaris selfs in gedrang kon kom. As gevolg van die kerkraad se dreigement, het Johanna teen die einde van 1920 besluit om terug te keer na Johannesburg, al was sy op daardie stadium hard besig om aan 'n boek met die titel *Vastkuur* te skryf. Die feit dat sy nie meer op die gronde van Harmony mag gewoon het nie, het sekerlik die besluit vergemaklik.<sup>225</sup> In Februarie 1921 was sy terug in die Jutastraat-pastorie. Dit beteken nie dat sy rus gevind het nie. Sy het sy oor die trekkery aan Brandt geskryf: “Ik heb nog niet gedaan en weet niet waar om te beginnen – wat om uit te houden voor gebruik en wat om goed weg te pakken om ergens te bergen”.<sup>226</sup> Intussen het Brandt in 'n emosionele brief aan sy moeder sy hart teenoor haar uitgestort oor Johanna se terugkeer na Johannesburg: “Ik ben nu zoo bly dat ik nooit geweld gebruikt heb tegenover Johanna en haar nooit gedwongen had, want nu is zij uit eigen overtuigen terug komenen, kon er nooit eenig verwijt zijn, dat ik haar belet heb haar voornemen uit te voeren en dat daarom altyd volkome vrijheid gegeven om te doen wat zij meende wat zij moet doen. Zij sal nu seker erkennen dat zij misleid is, wat ik altijd gedag heb hoewel zij self altyd oprecht was en eerlijk”.<sup>227</sup>

Na haar terugkeer na Johannesburg het Johanna besluit om die kerkraad in 'n brief op hoogte te bring van die redes waarom sy haar na Harmony begewe het en vir so 'n lang tyd daar gaan woon het. In hierdie skrywe het sy haar doelbewus daarvan weerhou om verskonings aan te bied. Sy het net oor gebeure in haar lewe wat haar besluitneming beïnvloed het, geskryf.<sup>228</sup>

Brandt, wat 'n fynbesnaarde en trotse persoon was wat na 'n betaamlike lewenstyl gestreef het, moes die verwarde huislike omstandighede en die openbaarmaking van Johanna se oortuigings wat in stryd met die kerk se vernaamste leerstellings was, as 'n pynlike ervaring beleef het. Ten spyte van die verleentheid wat sy vrou hom aangedoen het, het hy nugter en bedaard met sy werk voortgegaan, al was sy ook vir lang periodes afwesig.

Brandt het in 1921 by die Nederduitsch Hervormde Kerk verlof gekry om vir sewe maande na Europa te reis. Hy het langs die ooskus van Afrika opgevaar met die doel om twee gemeentes van die kerk in Oos-Afrika te besoek, aangesien hulle sewe jaar tevore laas 'n besoekende

---

<sup>225</sup> Hoofstuk 6 van hierdie proefskrif handel oor die omstandighede van Johanna se lewe t.o.v. Harmony en hoofstuk 7 bespreek haar moeder se siekte en Johanna se visioene en haar skryfwerk.

<sup>226</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 13 Februarie 1921.

<sup>227</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy moeder, 11 Februarie 1921

<sup>228</sup> NHKA, LIX 156/iv, “Open Brief van Mevrouw Brandt aan NH Gemeente, Johannesburg”, 25 April 1921.

predikant gehad het. Daar was vanselfsprekend by die lidmate behoefte aan 'n predikant om die sakramente te bedien en eredienste te hou.<sup>229</sup> Brandt het gevoel dat hy en Johanna se twee dogters, Emmie en Mira, as 'jong dametjies' in Europa 'n beter opvoeding as in Suid-Afrika sou kon ontvang. Hy het vir Johanna oorreed dat hulle saam met hom na Holland moes gaan en by sy moeder moes agterbly sodat hulle hul "opvoeding [kon] voltooiën onder toezicht van [sy] moeder".<sup>230</sup> So het dit dan gebeur dat hulle in Junie 1921 saam met hom die reis aangepak het.

In Januarie 1922 was Brandt weer terug in Johannesburg.<sup>231</sup> In dieselfde maand wat hy van Europa af teruggekeer het, het die Randse Staking van 1922 'n aanvang geneem. Die oorsake, verloop en gevolge van die gebeure in 1922 is deeglik deur historici en ekonome nagevors en is nie hier ter sprake nie. Die Brandts het in die hartjie van die Witwatersrand gewoon en vanselfsprekend die staking intens beleef. Mens kan aanvaar dat talle van Brand se gemeentelede die staking ondersteun het en dat enkele van hulle selfs direk by die geweldpleging betrokke was. Die staking is in Maart 1922 op hardhandige wyse deur die regering onderdruk. Die direkte gevolge het ingesluit dat 153 dood en meer as 650 beseer is, dat ongeveer 2 000 blanke mynwerkers hul werk verloor het en 3 000 families het op die punt van hongersnood gestaan het.<sup>232</sup> Dit is die kil, historiese statistiek, maar die persoonlike ooggetuieverslag wat Brandt in Maart 1922 aan sy moeder gestuur het, verskaf 'n kosbare persoonlike insig oor die gebeure: "Deze algemeene staking gaf aanleiding tot geweld pleging door optochten van stakers in commandos, die menschen, die nog werken wilden met geweld beletten naar hun werk te gaan of van hun werk afjagen. Verscheiden menschen werden beseerd en ook swartes die geen kwaad deden werden gemolesteerd. De stakers commandos lep den volgende dag gewapend door de straten en droegen allerlei stokken en ijzeren dingen rond zoodat het werkelijk gevaarlijk begen te worden voor de gewone vredelievende burgers van de stad ... In een deel van de stad in de buurt van Vrededorp word de swartes oproerig, zoodat de vrouwen bang werden, en in Jeppe werden eenige mannen op straat door eenige swartes aangevallenen". Hy het vertel dat die stakerskommando's so gewelddadig geraak het, dat hulle "dreigen de vrouwen en kinderen van de mannen wie nog werkten te vermoord en de huizen te verbranden". Aan die Oosrand by Boksburg, Benoni, Brakpan en Bezuidenhoutsvallei is eiendom wel verbrand en met dinamiet vernietig. Hy het vervolg: "Wij worden al om 3 uur in den nacht gewekt door een hevig geweervuur en kort na 6 uur in den morgen waren er 4

---

<sup>229</sup> NHKA, LIX 152, Brandt aan Johanna terwyl hy op reis was, 22 Desember 1921.

<sup>230</sup> NHKA, LIX 154, Brandt aan sy moeder, 15 Januarie 1921.

<sup>231</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy moeder, 5 Maart 1922.

<sup>232</sup> H. Giliomee & B. Mbenga, *New History of South Africa*, p. 247; Botes, Brandt, pp. 320-321.



aeroplanes, de over de stad vlogen en in de buurt van Vrededorp bommen leiten vallen”.<sup>233</sup> Die Brandts het hierop besluit dat Johanna en hulle drie jongste kinders, Andries, Willem en Chris, per trein na Pretoria moes gaan. Die treindiens was so deurmekaar dat dit hulle lank gevat het om hulle bestemming te bereik. Hulle het in Pretoria gebly totdat die staking verby was.<sup>234</sup>

Johanna het in enkele geskifte tydens die staking voorspellings gemaak oor die uitwerking wat dit sou hê en daarop aanspraak gemaak dat ‘verborgenhede’ in verband daarmee aan haar bekend gemaak is. Sy het opgemerk dat die invloed van die kommunistiese denkwysse baie van die blanke stakers beïnvloed het. Dit word dan ook die ‘gevaar’ waaroor sy in een van haar minder bekende publikasies, *The Red Octopus* (in 1927 gepubliseer), uitgewei het.<sup>235</sup>

’n Paar weke na die einde van die Randse Staking het Johanna in Mei 1922 weer die pastorie verlaat – dié keer om vir bykans ’n jaar alleen in Mountain View, Pretoria te gaan woon. Johanna was op daardie stadium aan ’t skryf aan ’n historiese roman, *Patricia*, wat nie omstrede van aard en inhoud was nie, maar sy het dit as ’n soort van outobiografie beskou.<sup>236</sup>

Johanna het eers in April 1923 na haar gesin teruggekeer.<sup>237</sup> Vier maande later het Brand tydens ’n kerkraadsvergadering wat op 18 Augustus 1923 te Vrededorp gehou is, die lede meegedeel dat hy ’n beroep van die gekombineerde gemeentes Vereeniging en Heilbron ontvang het. Na die aankondiging het hy die kerkraadslede versoek om aan hom leiding in sy besluitneming te verskaf. Verskeie kerkraadslede het met vrymoedigheid aanbeveel dat die tyd vir hom ryp was om te verhuis. Die rede vir die standpunt was dat alhoewel die gemeente liefde en agting vir Brandt gehad het, hulle nie dieselfde gesindheid jeens sy gade gekoester het nie. Brandt het ten einde laaste erken dat daar “in tyden van onaangenaamheid ... soms lelike dinge gezegd werde ook in zake spr's vrou”. Daarom het hy hom daarby berus “dat dit het beste zou zijn dat nu een

---

<sup>233</sup> NHKA, LIX 173/iii, Brandt aan moeder, Maart 1922.

<sup>234</sup> NHKA, LIX 152, Johanna aan haar skoonmoeder, 7 November 1922.

<sup>235</sup> LIX 164/iii, algemene brief van Johanna aan haar vriende, 7 Mei 1922; NHKA, LIX 164/iii, Johanna se dokumentasie oor haar skryfwerk. *The Red Octopus* word in hoofstuk 9.1 bespreek.

<sup>236</sup> NHKA, LIX 175/ii, Johanna aan skoonmoeder, 19 April 1922. Dié boek word in hoofstuk 8.4 bespreek.

<sup>237</sup> Johanna se verblyf in Mountain View vanaf Mei 1922 tot April 1923 word in hoofstuk 8 bespreek.

nuwe predikant komen.<sup>238</sup> Hy het die beroep na Vereeniging-Heilbron aanvaar.<sup>239</sup> Dit het ook 'n nuwe tydvak in die Brandts se huwelikslewe ingelui.

## 9. In die Gemeentes Vereeniging-Heilbron (1923-1930)

'n Identiese probleem aan dié in hulle eerste twee gemeentes het die Brandt-gesin met hulle aankoms in Vereeniging ingewag, naamlik die gebrek aan 'n geskikte pastorie. Hierdie probleem was deels toe te skryf aan die feit dat Brandt in al drie gevalle die eerste permanente predikant van die gemeente was. Die kerkraad in Vereeniging het wel kort voor die Brandts se koms 'n pastorie aangekoop, maar dit was ondoelmatig en veels te klein vir hulle groot gesin. Van die kerkraad se mondelinge beloftes dat hulle die pastorie sou vergroot en verbeter het daar boonop aanvanklik niks gekom nie. Gevolglik moes hulle 'n tent huur om die seuns in die agterplaas te akkommodeer. Volgens Johanna was die een voordeel van die ligging van die pastorie dat hulle na hulle 12 jaar lange stedelike verblyf in Johannesburg, op Vereeniging weer die rustigheid van die platteland geniet het. Aan haar skoonmoeder het sy destyds oor Brandt geskryf dat hy al meer in homself gekeer geraak het en meer somber, saaklik en ernstig (byvoorbeeld in sy korrespondensie) geword het. Sy het hierdie verwikkeling toegeskryf aan sy groot werkslas, die ontberings waaraan hy blootgestel was in sy werk (soos swak finansies en arm gemeentes) en sy huislike verpligtinge. Met groot bewondering het sy bygevoeg: “Er is iets heiligs over hem. Ik weet niet wat het is, en smee hem soms plagende om eens echt ondeugend en werelds te zijn omdat hij helemaal te goed word voor de aarde”.<sup>240</sup>

Dit was opmerklik dat Johanna skynbaar geensins besef het dat haar ondeurdagte en soms blatant selfsugtige optrede besmoontlik die grootste bydrae gelewer het om haar man somber te stem nie. Gevolglik het sy nie haar lewensstyl verander nie. Soos wat die geval was terwyl Brandt in Johannesburg predikant was, het Johanna na die verhuising na Vereeniging meer tyd aan haar eie aktiwiteite as aan haar verpligtinge as huweliksmaat, moeder en predikantsvrou spandeer. Sy was onvermoeid met skryfwerk besig. As gevolg van akute maagpyn was sy dikwels ongesteld. Sy het haarself met haar eie druiwekuur behandel en vervolgens baie tyd gespandeer aan die boek *The Grape Cure*, wat sy in Engels geskryf het en wat in 1925 gepubliseer, waarin die behandeling beskryf is. (Dit word op pp. 228-230 bespreek). Sy het dit self jare later in 1948

---

<sup>238</sup> NHKA, notule van Kerkraadsvergadering Vrededorp NHK-gemeente 18 Augustus 1923; Botes, Brandt, pp. 403-404.

<sup>239</sup> NHKA, Notule Buitengewone vergadering van Vereeniging NHK, 30 Augustus 1923.

<sup>240</sup> NHKA, LIX 150, Johanna aan skoonmoeder, 31 Oktober 1923.

in Afrikaans vertaal en laat publiseer. Johanna het ook in hierdie periode 'n aantal organisasies gestig waarvan die meerderheid op die “Harmony”-kultus gegrond was. Boonop het sy baie gereis, veral in Suid-Afrika, maar van die middel van 1927 af het sy ook 'n 18 maande lange oorsese reis na Europa en Noord-Amerika onderneem.<sup>241</sup> Daar was nie meer vrolike gesinsdae of kerkfunksies deur Johanna georganiseer nie, want sy was te veel uithuisig of met vergaderings oor háár belangstellings in teosofie of natuurgeneeskunde besig.

In 1927 was Brandt 50 jaar oud en Johanna 48. Hulle kinders het al hoe minder van haar tyd vereis. In 1927 was Louis, die oudste 23 jaar oud en het van 1928 af in London in ingenieurswese studeer. Andries het aan die Universiteit van Pretoria teologie studeer. Frans het vir hom 'n werk gekry en later 'n patoloog geword. Willem (17) en Chris (12), die jongstes twee, was nog op skool. Die twee dogters, Emmie en Mira, het by hulle ouma in Nederland gewoon. Emmie het mettertyd teruggekeer en het met Johannes (Kellie) Kellerman getrou. Mira was in 1930, toe sy al 23 jaar oud was, nog steeds in Nederland onder haar ouma se sorg. Johanna het in 'n brief haar dank aan haar skoonmoeder oorgedra omdat Mira “zulke heerlijken voorrechten heeft ... en zolang zij leefd zal zy profeteren van wat zij geleerd en ervaren heeft in Holland, iedereen kan zien aan Mira dat zy helemaal anders opgevoed was dan de andere kinderen – toen zy sy verleden jaar thuis was”.<sup>242</sup>

Terwyl Johanna in 1927-1928 in Europa en die VSA op reis was, het Brandt hom ongestoord aan sy talle verpligtinge gewy. Hy, Louis, Willem, Chris en twee van Louis se maats wat by hulle loseer het, het die huishouding behartig. In 'n brief aan sy moeder in September 1928 het Brandt die situasie as volg opgesom: “Wij hebben het nu niet stil want wij leven met 6 mannetjies by elkaar”.<sup>243</sup> Hierdie gerusstelling aan sy moeder ten spyte is dit duidelik dat Brandt nie gelukkig met die situasie was nie. Minder as 'n maand later het hy in 'n sterk bewoorde brief vir Johanna aangespreek oor haar “chroniese uithuisigheid” en “voortdurende kruistogte”.<sup>244</sup> Haar reaksie was 'n brief waarin sy gedreig het om as gevolg van haar werk glad nie terug te keer nie.<sup>245</sup> Nogtans het sy kort daarna teruggekeer en teen Kersfees 1928 was sy by Brandt in die pastorie op Vereeniging. Johanna se optrede op hierdie stadium van haar lewe skep die

---

<sup>241</sup> Johanna se bedrywighede tussen 1923 en 1930 wat haar reise, ondernemings en skryfwerk betref word in hoofstukke 8 en 9 van hierdie proefskrif bespreek.

<sup>242</sup> NHKA, LIX 176, Johanna aan skoonmoeder, 5 November 1930.

<sup>243</sup> NHKA, LIX 150, Brandt aan sy moeder, 21 September 1928.

<sup>244</sup> NHKA, LIX 147, Brandt aan Johanna, 13 Oktober 1928.

<sup>245</sup> NHKA, LIX 151/iii, Johanna aan Brandt, 31 Oktober 1928.

indruk dat sy as't ware haar vaderland – wat haar in haar jeug met vurige patriotisme gevul en tot humanitêre daade aangespoor het – ontgroeï en 'n swerwer geword het.

In die jaar na Johanna se terugkeer uit die VSA het sy en Brandt 'n babadogtertjie – 'n kleinkind van een van Brandt se gemeentelede in Johannesburg – aangeneem. Hulle het haar Benedict genoem. Alhoewel Johanna nie veel oor Bennie (soos sy later bekendgestaan het) in haar dokumentasie nagelaat het nie, het Brandt getuig dat sy hulle baie vreugde verskaf het.<sup>246</sup>

Johanna was soms vir lang tydperke so vasevang in haar eie lewenswyse dat sy selfs haar skoonmoeder eenkant toe geskuif het. 'n Skuldgevoel oor haar buitengewone lewenstyl en optredes sowel as haar verwaarlosing van haar man en kinders het besmoontlik tot haar vermyding van kontak met haar skoonmoeder bygedra. In 1930 het sy in 'n brief floutjies probeer verduidelik hoekom sy so selde geskryf het. “Soms ben ik bang om naar Holland te schryven omdat mijn Hollands zo achteruit gaat. Wij horen hier alleen Afr. en Engels”.<sup>247</sup> Dit was 'n swak verskoning, want in die eerste plek was haar skoonmoeder Engels goed magtig en het sy in die voorafgaande 27 jaar soms in Engels aan haar geskryf. Tweedens het Johanna in al haar briewe wat sy as gebore Transvaler in Hollands probeer skryf het, nooit daardie taal korrek gebruik nie, want sy is nooit daarin onderrig nie. Nogtans het sy vroeër die vrymoedigheid gehad om in Hollands te probeer skryf.

Johanna het van die natuur van die Vereeniging-omgewing gehou want die klimaat was “goddelik en de nachten zijn prachtig ... zoo rustig en stil”, maar terselfdertyd beny sy haar skoonma, want “het leven daar [in Nederland] is zo vol, vol van grote en verheven dingen, kunst en muziek, heerlijke reizen, gesellige ontmoetingen”.<sup>248</sup> Johanna het na haar terugkeer heelwat tyd aan haar gesin en huishouding gespandeer – moontlik om te vergoed vir haar lang afwesigheid. Sy het selfs soms saam met Brandt ‘gemeentelike besoek’ gedoen. In hierdie verband het sy in 1929, na haar terugkeer uit die VSA, as deel van haar gemeentelike aktiwiteite die leiding geneem met die stigting van 'n sustersbond. Hierdie vereniging het aanvanklik as 'n aparte instansie funksioneer, met die doel om die gebrek aan geld in die gemeente te verlig deur onder meer pluimvee, landbouprodukte en handwerk te verkoop. Sodoende is die geldelike nood van die kerkraad ietwat verminder. Slegs 'n paar maande na die stigting van die sustersbond het Brandt 'n beroep na die gemeente Kensington ontvang. Johanna kon gevolglik nie veel tyd aan

---

<sup>246</sup> NHKA, LIX 176, Brandt aan sy moeder, 15 Februarie 1933.

<sup>247</sup> NHKA, LIX 176, Johanna aan haar skoonmoeder, 5 November 1930.

<sup>248</sup> NHKA, LIX 176, Johanna aan haar skoonmoeder, 12 Maart 1930.

die sustersbond bestee nie, maar dit het suksesvol voortbestaan en later met die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV) saamgesmelt.

Op 6 Junie 1930 het Brandt en Johanna afskeid van die Gemeente Vereeniging geneem. Brandt kon met oortuiging verklaar dat hy teruggekyk het na sewe jaar van betekenisvolle arbeid. Op 10 Augustus het hy van die Heilbrongemeente afskeid geneem.<sup>249</sup>

#### **10. In die Gemeentes Kensington/Turffontein (1930-1939)**

Johanna het reeds voor haar en haar gesin se vertrek uit Vereeniging gevoel dat die pastorie waarin hulle veronderstel was om in Johannesburg in te trek, te klein was. Sy het gevolglik begin soek na 'n groter plek waar sy bowendien natuurkundige behandeling op pasiënte kon doen. Uiteindelik het sy en Brandt 'n lappie grond met 'n woonhuis op in die omgewing van Rosettenville aangeskaf. Dit het as Oakdene bekendgestaan. Een negatiewe uitvloeisel van hierdie stap was dat Brandt skuld gemaak het. Aan die positiewe kant het Johanna nou die geleentheid gehad om 'n sanatorium in te rig waar sy haar pasiënte kon behandel.<sup>250</sup>

Johanna het niks verkeerd gesien met hulle planne nie. Aan haar skoonmoeder het sy geskryf dat alles goed gegaan het. “Voor de eerste keer werken Lou en ik met hart en ziel samen in onze gemeenten”. Johanna het die pasiënte vir watter kwaal hulle ookal mag hê, behandel. Brandt het dan met “ vertroosting ... 'n woord van hoop” tot hulle gespreek. “Dat de Domine dan na zijn praktiese predikasje 'n gebed doet maakten veel indruk,” het Johanna haar skoonmoeder verseker.<sup>251</sup> Die projek was allermins 'n sukses. Die finansiële uitgawes en die kwaksalwer genesers wat Johanna gehuur het (“drs.” Keyter en Jay), het mettertyd aan Brandt matelose hoofbrens besorg. Omdat Johanna soms op verafgeleë plekke pasiënte behandel het en lesings gegee het, moes Brandt maar noodgedwonge die bestuur van die sanatorium op sy skouers neem, want hy was aanspreeklik vir die skuld wat hy aangegaan het. Die sanatorium het in 1932 misluk. Die Brandts wou dit toe in 'n losieshuis omskep in 'n poging om die finansies te laat klop, maar ook daardie poging het skipbreuk gely. Die Brandts het in 1933 weer die sanatorium

---

<sup>249</sup> Botes, Brandt, p. 474.

<sup>250</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 271.

<sup>251</sup> NHKA, LIX 165, Johanna aan skoonmoeder, 12 Augustus 1930.

heropen, maar Brandt het aan sy moeder eskryf dat hy ongelooflik swaar gekry het as gevolg van die groot skuld las wat hy aangegaan het.<sup>252</sup>

Johanna het geen aandag aan die gemeente geskenk soos in die vorige gemeentes nie – sy was ten volle betrokke by haar werk as naturopaat en haar pasiënte in die sanatorium. Sy het ook gereeld na haar kantoor in die stad gegaan waar sy “pasiënte” gesien het. Waarskynlik het sy dit as haar deel van werk beskou om pasiënte te behandel (fisies) en Brandt doen die geestelike werk. Die gemeente het dit skynbaar gelate aanvaar.

Die nege jaar wat Brandt predikant van die Gemeente Kensington/Turffontein was, was gekenmerk deur die Brandts se stryd om finansiëel te oorleef. Hierdie stryd was deels huishoudelik, soos dit in die vorige paragraaf aangedui is. Daarbenewens kon die kerkrade nie sy traktement bybring nie. ’n Onderliggende rede vir die kerkrade se onvermoë was die wêreldwye ekonomiese insinking – bekend as die Groot Depressie – wat Suid-Afrika se binnelandse ekonomiese aktiwiteite so nadelig getref het dat die gemeentelike, wat meestal Afrikaners van die werkersklas was, eenvoudig nie tot die gemeentelike fonds kon bydra nie. Brandt is verskeie kere gevra om te bedank, maar het aan sy moeder geskryf dat hy “beslist geweigerd” het. Sy salaris (wat nog steeds £500 per jaar was), is wel met 25% verminder. Dit het hom nie daarvan weerhou om met sy werk voort te gaan nie.<sup>253</sup> Johanna het Brandt se houding tydens hierdie periode as volg beskryf: “Tog werk Lou met leeuwenmoed niet tegestaande de ontnugtering en zelfs ondankbaarheid hij gedurig ondervindt. ... Hoe minder salaris hy trekt, hoe meer hij werkt, hoe later komt hij 'savonds thuis”.<sup>260</sup>

Asof Brandt nie genoeg probleme gehad het nie, het dit in 1933 bekend geword dat Johanna ongeveer 17 jaar tevore deur die Apostoliese Geloofsending groot gedoop is. Brandt was tot op daardie stadium nie bewus daarvan nie. Johanna is van kettery beskuldig en dat sy ’n “Apostolie” is. Die gevolge van die openbaring het veroorsaak dat Brandt byna sy werk verloor het, want hy het inderdaad aangebied om as predikant te bedank.<sup>261</sup> Na vele vergaderings, ’n biebrieff van Johanna asook haar belydenisaflegging tydens ’n erediens van die Turffonteingemeente, en ’n pleidooi van ouderling Laubscher wat daarop gewys het dat die probleem nie Brandt se skuld

---

<sup>252</sup> NHKA, LIX 176/iii, Brandt aan sy moeder op respektiewelik 1 September 1932, 20 Oktober 1935, 26 November 1935 en 22 Oktober 1936; NHKA, LIX 176/iv, Johanna aan skoonmoeder, 23 November 1932.

<sup>253</sup> NHKA, LIX 176/iii, Brandt aan sy moeder, 5 Desember 1932; NHKA, stukke van die Argief van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, K1/2, band 1/1/5, 1933; NHKA, LIX 167, Johanna aan skoonmoeder, 12 Januarie 1933; Botes, Brandt, pp. 266-277.

was nie, het hy sy bedanking weer teruggetrek. Laubscher se argument was dat “Ds. Brandt ’n beroemde persoon [was] ... en dat sy toekoms nie belemmer moet word nie”. Die notule van die betrokke kerkraadsvergadering eindig met die woorde: “Mev Brandt is ook weer terug onder die gemeente en ‘wil opnieuw saamwerk’”.<sup>254</sup>

Met die Algemene Kerkvergadering van die NHKerk in 1937, is Brandt nie weer as voorsitter herkies nie. Dit was ’n amp wat hy sedert 1916 met onderskeiding beklee het.<sup>255</sup> Alhoewel dit nêrens direk in die notules van die Algemene Kerkvergadering aangedui word nie, word daar in enkele briewe in die Brandt-versameling na die onvoorspelbare optredes van Johanna as moontlike rede waarom hy nie herkies is nie, gesinspeel.<sup>256</sup>

Die tydperk 1933-1939 was moeilike jare vir Brandt. Hy was, benewens sy gemeentelike werk, by talle organisasies en aktiwiteite soos die Afrikaner Broederbond, die Nederlandsche Vereeniging, die ontvangs van die eerste Bybel in Afrikaans in 1933, godsdiensuitsendings oor die radio vanaf 1936 en tydens die Voortrekkereuefees van 1938 as spreker by talle feesgeleenthede, betrokke.<sup>257</sup> Van Johanna se kant af het hy weinig steun geniet, want sy het ongesteurd met haar eie bedrywighede voortgegaan. Sy het in 1938 onder meer na Europa gereis en terwyl sy daar was te kenne gegee dat sy haar permanent van man en kinders wou losmaak. Dit het Brandt hartseer gestem en hy het ’n roerende brief aan sy kinders daaroor geskryf: “De dinge van moeder is baie moeilik, ek kan my nie heeltemal losskeur van haar nie en ek bid nog daaglik vir haar, maar ek verlang nie eintlik na haar nie. Ek ga nou maar voort met my werk, en verdiep my daarin. Daar sal wel besliste wending kom in die verhouding tussen ons”.<sup>258</sup> Dit het helaas nooit gebeur nie. Johanna het wel teruggekeer, maar het steeds skuld gemaak en sukkelend haar sanatorium aan die gang probeer hou.

In Mei 1939 het ’n groot terugslag vir Brandt, wat 65 jaar oud was, getref toe die Algemene Kerkvergadering hom versoek het om in die lig van die swak finansiële toestand van sy

---

<sup>254</sup> NHKA, Notule, Kerkraadsvergadering, Kensington, 13 Mei 1933.

<sup>255</sup> NHKA, Notule, Argief Algemene Kerkvergadering, 1937, K1/1, Band 1/1/11: Brandt nie herverkies as voorsitter nie; Botes, Brandt, p. 277.

<sup>256</sup> NHKA, LIX 82, bevat kort notas van ouderling Wolmarans en diaken Du Toit (sonder datums) gerig aan Brandt i.s. die feit dat hy nie herverkies is as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering nie. Albei het verwys na Johanna se onvoorspelbare optrede as predikantsvrou.

<sup>257</sup> NHKA, LIX 184, ongesorteerde inligting oor Brandt en Johanna, waaronder koerantberigte en geleentheidsprogramme

<sup>258</sup> NHKA, LIX 200, Brandt aan kinders, 28 Januarie 1939.

gemeentes as predikant af te tree.<sup>259</sup> Hy het op 16 Junie 1939 sy emiritaat aanvaar. Daar sou op 2 Augustus 1939 'n afskeidsgeselligheid vir Brandt in die Selbornesaal in Johannesburg aangebied word ten einde hom te huldig vir al sy jare van opoffering, nougesette werksaamhede en ware Christenskap. Al sy gemeentelede van die Johannesburg-omgewing sou na die funksie uitgenooi word. Dit het nooit plaasgevind nie, want Brandt is die dag nadat hy die emiritaat ontvang het, ernstig beseer toe hy van 'n leer afgeval het. Hy is sewe dae later, op 23 Junie, oorlede en op Sondag 26 Junie 1939 vanuit die kerkgebou van die NHK in Cottesloe in Johannesburg begrawe.<sup>260</sup>

As daar na die lewe van Brandt gekyk word, het hy as predikant sy Christelike plig eerste gestel en die finansiële vergoeding het tweede gekom. Sy hele lewe lank het hy 'n karige vergoeding gekry en dikwels het hy dit nie eers gekry nie, maar hy het nog steeds sy taak as predikant getrou nagekom. Dit blyk voorts uit die Brandts se korrespondensie dat Brandt 'n wonderlike vader vir sy agt kinders was. Hy was altyd daar vir hulle, het hulle versorg en was betrokke by hul daaglikse aktiwiteite, veral wanneer Johanna nie daar was nie, wat telkens was en het deur die jare kontak met hulle gehou, waar hulle ook al in die wêreld was.

## 11. Ten slotte

Toe Johanna Suid-Afrika in 1902 verlaat het, was haar lewe in 'n warboel as gevolg van haar aktiwiteite gedurende die Anglo-Boereoorlog. Sy het nie geweet wat wag vir haar in Nederland nie, behalwe Louis Brandt. Alles goed verloop van die ontmoeting by die Hoek van Holland af tot en met hul vestiging in Brandt se eerste gemeente in Niezijsl. Daarna het Johanna vir Brandt oortuig om na "Afrika" te kom, wat dan ook gebeur het.

Brandt het na sy aankoms in Suid-Afrika alles as 'n uitdaging beskou. In hulle eerste gemeente in die distrik Zoutpansberg, waar Brandt hoogstens 'n fiets of 'n donkiekar as vervoer gehad het, of anders te voet moes loop, het Johanna hom bygestaan saam met hom swaargekry, veral as dit by finansiële probleme gekom het. Tog het hulle daar en ook lateraan kop bo water gehou. Hulle het hul sewe kinders (sowel as die agtste een wat aangeneem was) goed opgevoed en die seuns het goeie opleiding na skool gehad.

---

<sup>259</sup> NHKA, stukke van die Kommissie van die Algemene Kerkraadsvergadering, Band 1-6.

<sup>260</sup> NHKA, LIX 185/I, Koerantberigte en ander publikasies i.s. ds. Brandt se dood en begrafnis.



Die grootste struikelblok waarmee die Brandts te kampe gehad het, was die verandering in die verhouding tussen hulle in die loop van die 37 jaar van hulle getroude lewe. Brandt was standvastig en het sy bes probeer om hul huweliksband in stand te hou, terwyl Johanna soms heel ongeërg was en haar belange eerste gestel het. Wanneer sy weer die rol van pastorie-vrou gespeel het, het sy gemaak asof alles normaal was in hul huwelik. Dit was die situasie tydens Brandt se onverwagte dood. Johanna het hom met 25 jaar oorleef. Sy is in 1964 dood toe sy reeds 87 jaar oud was.<sup>261</sup>

---

<sup>261</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 292.

## Hoofstuk 3

### Johanna se bedrywighede as humanis

#### 1. Inleiding

Die konsep ‘humanisme’ in hierdie proefskrif volg die definisie daarvan in die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, naamlik ’n “Wêreldbeskouing ... wat die mens, sy waardigheid, belange, vryheid en persoonlike waarde en ontwikkeling as middelpunt en bo alle dinge vooropstel; geestesrigting wat strewe om die kulturele en estetiese te bevorder en in opstand kom teen ordes en opvattinge wat die mens onreg aandoen.” Dieselfde woordeboek beskryf ’n humanis as iemand “met die beste eienskappe van die mens; met ’n ruim en sagte oordeel, met welwillende belangstelling in die geluk van ander; menslik, mensliewend, welwillend”.<sup>1</sup>

Alhoewel klassieke humanisme die wegbeweeg van oorgelede teologie behels het, en Johanna as ’n toegewyde gelowige dan eerder ’n weldoener as ’n ware humanis was, is dit die doelwit in hierdie hoofstuk is om aan te toon dat verskeie kenmerke van die humanisme grotendeels op Johanna van toepassing was, maar net in sekere fases van haar lewe. Haar eerste humanitêre fase het van ongeveer 1899 af tot 1916 geduur. Die tweede fase het in die 1920’s gevolg. Hierdie fases van haar humanitêre bedrywighede word in hierdie hoofstuk ontleed. Van ongeveer 1930 af het sy haar nie meer doelbewus aan humanitêre dae toegewy nie.

Dit kan as ’n gegewe aanvaar word dat Johanna reeds as pastorie dogter in Heidelberg onder die indruk moes gekom het dat die werk van ’n predikant, bo en behalwe sy plig om op Sondag te preek, uit humanitêre dae bestaan het. Haar ouers, ds Nicolaas en mev Maria van Warmelo, se bedrywighede het ingesluit om behoeftige en noodlydende gemeentelede te versorg, siekes te besoek en diegene wat geliefdes deur die dood verloor het, in hulle tyd van rou by te staan. Johanna was 16 jaar oud toe haar vader oorlede is.<sup>2</sup> Dit kan aanvaar word dat sy toe reeds oud en volwasse genoeg was om die empatie wat haar ouers aan hulle medemens betoon het, waarvan sy ’n ooggetuie was, as lewenswyse te aanvaar.

---

<sup>1</sup> P.C. Schoonees (hoofred., *et al.*), *Woordeboek van die Afrikaanse Taal, Vierde Deel H – I*, pp. 453-454.

<sup>2</sup> Dit is in hoofstuk 2 behandel.

## 2. Bedrywighede as humanis tydens die Anglo-Boereoorlog

Die gebeurtenis wat Johanna tot humanitêre optrede aangespoor het, was die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899. Sy het naamlik tydens die oorlog aanvanklik as hulpverpleegster in hospitale in Pretoria en later in dieselfde hoedanigheid in die Irenekonsentrasiekamp opgetree.

Die Volkshospitaal, wat in 1888 op 'n perseel langs die Artilleriebarakke in Potgieterstraat opgerig is, was met die uitbreek van die oorlog die enigste hospitaal in Pretoria.<sup>3</sup> Die eerste gewonde burgers is vir behandeling daarheen geneem. Johanna het geen formele opleiding as verpleegster gehad nie, maar sy het nie gehuiwer om enkele weke na die uitbreek van die oorlog, haar dienste as vrywillige verpleegster aan te bied nie.<sup>4</sup> Sy was vanaf 8 tot 26 November 1899 by die Volkshospitaal werksaam. Dit was die eerste keer dat sy blootgestel was aan die ellende wat 'n oorlog kan veroorsaak. Sy het baie respek vir die gewondes gehad en in haar dagboek aangeteken: “One sees the most awful suffering borne with the greatest fortitude and bravery ... [O]ne seldom hears one word of complaint and their only desire is to get back to the front as soon as possible.”<sup>5</sup> Tog het sy later geskryf dat sy ontsteld was toe sy besef het dat talle van die gewondes, nadat hulle herstel het, reguit na die slagveld teruggestuur is, net om daar te sterf, soos sy dit uitgedruk het.<sup>6</sup> Omdat Johanna as verfynde jong dame waarskynlik nooit tevore blootgestel was aan harde roetiewerk wat boonop emosioneel uitputtend was nie, het sy na 18 dae van ononderbroke verpleging, self siek geword en moes sy haar pligte tydelik staak om self eers gesond te word.

Die grootste veldslae van die Anglo-Boereoorlog het gedurende die eerste ses maande van die oorlog plaasgevind. Baie gewondes is met goed georganiseerde hospitaaltreine onder beheer van die Transvaalse Rooikruis na Pretoria gebring – hoofsaaklik van die Natalse front af.<sup>7</sup> Aangesien die Transvaalse owerhede opnuut 'n beroep op jong vroue gedoen het om met die verpleging behulpsaam te wees, het Johanna haarself naderhand weer beskikbaar gestel. Sy was

---

<sup>3</sup> R. Peacock, *Die geskiedenis van Pretoria, 1855-1902*, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955, p. 232.

<sup>4</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 8 November 1899, p. 13.

<sup>5</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 2 Desember 1899, p. 15.

<sup>6</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 2 Februarie 1900.

<sup>7</sup> J.H. Breytenbach, *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, Deel 1*, pp. 72-73; S. Izedinova, *A few months with the Boers, The war reminiscences of a Russian nursing sister*, p. 315.

aanvanklik as hulpverpleegster by die Staatsmeisjesschool werksaam.<sup>8</sup> Die pas voltooide gebou van hierdie skool op die hoek van Visagie- en Prinsloostraat is as hospitaal benut aangesien al die skole in die ZAR na die uitbreek van die oorlog gesluit het. Die personeel onder leiding van die hoof, mej. Adriani, wat 'n vriendin van die Van Warmelo's was, het hulle dienste as verpleegsters onder toesig van die Rooikruis aangebied.<sup>9</sup>

Johanna het waarskynlik ook in die Bourke-hospitaal op die hoek van Schoeman- en Van der Waltstraat verpleeg. Hierdie hospitaal was deur die invloedryke Bourke-familie in stand gehou.<sup>10</sup> Sy het in haar dagboek aangeteken wat sy daar beleef het: "I saw a youth ... with a Dum-dum bullet wound through his hand – an enormous hole that will perhaps necessitate amputation".<sup>11</sup> Die gebou van die Staatsmodelskool, wat reg langs die Bourke-hospitaal in Van der Waltstraat geleë was, het as krygsgevangenskap vir Britse offisiere gedien. Johanna het die volgende opmerkings van Britse krygsgevangenes aangeteken: "The prisoners here asked for so and so many bottles of champagne a day and some of the officers said they expected each to be put in a separate cottage ('it is done in civilized countries!')".<sup>12</sup> Johanna se dagboekinskrywings dui daarop dat die verwagtings van die Boere en Britse vegters heelwat van mekaar verskil het.

### 3. Verpleegster in die Irene-konsentrasiekamp

Indringende navorsing is deur vele skrywers oor die behandeling van die Republikeinse vroue en kinders in die konsentrasiekampe gedoen.<sup>13</sup> Aangesien Johanna nie by die daarstelling van die kampe betrokke was nie, word besonderhede daaroor vir die doeleindes van hierdie proefskrif as gelese beskou en nie hier herhaal nie. Een van die bekendste van die sowat 50 kampe waarin Republikeinse mans, vroue en kinders tydens die oorlog gehuisves is, was die Irene-konsentrasiekamp. Dit was ongeveer 20 kilometer suid van Pretoria, aan die westekant van die Irene-stasie op die spoorlyn na die Witwatersrand, geleë. Die Britse militêre owerhede het reeds op 9 Desember 1900 besluit om 'n kamp hier aan te lê. Teen Februarie 1901 was daar

---

<sup>8</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek 1, 2 November 1899, p. 13.

<sup>9</sup> V. Allen, *Kruger's Pretoria*, p. 117; J.C. Roos, "Het Transvaalsche Rode Kruis" gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902, Ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa, 1943, p. 43.

<sup>10</sup> B. Theron, *Pretoria at war 1899-1902*, pp. 102-103.

<sup>11</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 17 Januarie 1900, p. 27.

<sup>12</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 2 November 1899, p. 13.

<sup>13</sup> J.C. Otto, *Die Konsentrasiekampe*; L. Stanley, *Mourning Becomes... Post/memory, commemoration and the concentration camps of the South African War*; E. van Heyningen, *The Concentration Camps of the Anglo-Boer War. A Social History*; J. Grobler & M. Grobler, *Vrouekampjoernaal. Die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog*.

al 891 inwoners, in Maart was daar 1 324 en op 11 Mei was daar 4 118, waarvan 968 volwasse mans, 1 397 volwasse vroue en 1 753 kinders was.<sup>1415</sup>

Talle van die bejaardes, vroue en kinders wat in hierdie kamp opgeneem is was reeds met hulle aankoms gebroke na gees en liggaam, verpletter en stom van wanhoop en ellende wat hulle in die gesig gestaar het. Mettertyd het sterfgevalle by die dag toegeneem as gevolg van 'n gebrek aan voedsame kos en die koue met dat wintertoestand van Meimaand af ingetree het. Boonop het verskeie siekte-epidemies (waaronder masels) die gesondheid van veral die kinders in die kamp bedreig.<sup>16</sup> Emily Hobhouse het met reg die konsentrasiekampe as 'n barbaarse stelsel beskryf, waar “woman en children are broken by its cruel force”.<sup>17</sup>

Berigte oor die ellendige toestand in Irene het invloedryke, maar ook simpatieke dames in Pretoria bereik en hulle het die nodige toestemming gekry om die kamp te besoek te einde te gaan kyk of hulle nie hulp kon verleen nie. Die gevolg was die ontstaan van 'n organisasie wat as die “Irene Vrywillige Verpleegsters” bekendgestaan het met mev. Henrietta Armstrong aan die hoof daarvan, sowel as die Irene Hulpkomitee onder leiding van mev. (ds.) Bosman.<sup>18</sup> Die vrywillige verpleegsters was net toegelaat om vir 'n maand aaneen daar te verpleeg, aangesien die omstandighede in die kamp veeleisend en ontstellend was. Daar was dus gedurig 'n soektog na nuwe vrywilligers. So het dit gebeur dat Johanna op 24 April 1901 genader is om by Irene te gaan verpleeg. Mev. Van Warmelo, wat vroeër saam met mev. Bosman die kamp besoek het en bewus was van die troostelose omstandighede daar, wou nie toelaat dat Johanna gaan nie omdat sy gevoel het dat Johanna nie die toestande sou kon verduur nie. Voorts het sy geglo dat Johanna nog nie ten volle herstel het van haar siektes en vorige traumatiese ervarings as verpleegster nie.<sup>19</sup>

- 
- <sup>14</sup> J.L. Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, <sup>15</sup> /I, 1967, p. 123 (hierna in voetnote aangedui as Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*); T. van Rensburg (ed.), *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong: Experiences of a Boer nurse in the Irene concentration camp, 6 April – 11 October 1901* (hierna in voetnote aangedui as Van Rensburg, *Camp diary*), p. 8; Grobler, *War Diary*, p. 198 voetnota 4.
- <sup>16</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 5 Mei 1901, p. 105; Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p. 123; Van Rensburg, *Camp diary*, p. 8.
- <sup>17</sup> E. Hobhouse, *The Brunt of the War and Where it Fell* (hierna in voetnote aangedui as Hobhouse, *The Brunt*), p. 179.
- <sup>18</sup> T.C. Pienaar, Armstrong, Henriette Ester Carolina, in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, p. 31; Van Rensburg, *Camp diary*, p. 8.
- <sup>19</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, pp. 3 en 26; Van Rensburg, *Camp diary*, pp. 6, 8 en 68; T.C. Pienaar, *Vroue voer 'n groot plan uit*, *Sarie Marais*, 12 November 1958, p. 50.

Johanna se ervarings as verpleegster vroeër in die oorlog het waarskynlik reeds as aanduider gedien dat sy, wanneer sy aan emosioneel uitputtende werk soos verpleging blootgestel was, geneig was om beide psigies en fisies afgetakel te raak en dan ontvlugting van die onmenslikheid van verminking en lyding in die siekbed gevind het. Die moontlikheid bestaan dat mev. Van Warmelo hierdie swakheid van Johanna alreeds op daardie stadium waargeneem het. Johanna was egter ywerig om in die kamp te gaan werk aangesien sy sterk en gesond gevoel het na tien maande van rus sedert haar vorige bedrywighede as verpleegster. Sy het besef dat sy dit waarskynlik nie in die kamp sou geniet nie en dat die werk uiterste selfdissipline sou verg. In haar dagboek het sy aangeteken dat: “I shall require all my time and energy and patience for the poor sufferers and [I] shall not think of myself at all”.<sup>20</sup>

Johanna het op 12 Mei 1901 met haar werk by Irene begin. Sy en die vyf ander hulpverpleegsters moes die reëls soos deur mev Bosman aan hulle voorgehou is, streng nakom. Hulle mag onder andere nie “kwakzalver-medicijn” of te wel Boererate vryelik gebruik het nie en mag nie die heersende oorlogspolitiek bespreek het nie.<sup>21</sup> Johanna het deurentyd in haar dagboek uitvoerige aantekeninge oor haar aktiwiteite in die kamp gemaak. In skrif 4 van haar dagboek het sy oor die periode 12 Mei tot 27 Junie geskryf. Die vyfde skrif van haar dagboek, waarin sy oor haar Irene-tydperk tussen 29 Junie en 12 Julie 1901 geskryf het, is nie in die Nederduitsch Hervormde Kerkargief in Pretoria waar die ander skrifte bewaar word nie. Dit het skynbaar reeds lank gelede verlore geraak. Johanna se boek *Het Concentratie-Kamp van Iréne*, bevat lang uittreksels uit haar dagboek van 12 Mei 1901 af. Sy het self, maar met behulp van haar man wat ’n Nederlander was, daardie uittreksels in Hollands vertaal. Die uittreksels eindig nie met die dagboekinskrywing op 27 Junie nie, maar hou aan tot 12 Julie 1901. Mens kan met sekerheid aanvaar dat die dagboekinskrywings van 29 Junie tot 12 Julie wat in *Het Concentratie-Kamp van Iréne*, pp 84-98 opgeneem is, ’n vertaling is van skrif 5 van die dagboek.<sup>22</sup>

Uit Johanna se dagboek asook haar boek *Het Concentratie-Kamp van Iréne* kom dit duidelik na vore dat sy alles in haar vermoë gedoen het om die ellende van die kampbewoners te help verlig en dat sy met die grootste empatie haar mede-volksgenote bygestaan het. Dit word terselfdertyd duidelik dat die superintendente wat in beheer van die kamp was terwyl Johanna daar was, weinig empatie met die kampbewoners gehad het. Johanna het beweer dat superintendent N.J.

---

<sup>20</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 5 Mei 1901, p. 107; NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 8 Mei 1901.

<sup>21</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 5 Mei 1901, p. 105.

<sup>22</sup> Grobler, *War Diary*, p. 273.

Scholtz die kampbewoners vir vyf maande met 'n “yzere hand” beheer het. Oor sy opvolger, G.F. Esselen, het Johanna woedend opgemerk: “[Daar is] niets wreeder en onbarmhartiger dan een Engelschgezinde Afrikaner en dat wisten de Engelschen heel goed, toen zij in de meeste moordkampen zulke menschen ... macht gaven over de ongelukkige inwoners”. Sy het Scholtz as 'n “jingo” (Britse imperialis) beskryf wat talle pogings aangewend het om die verpleegsters uit die kamp te sit, “juist nu dat onze diensten het meest vereischt worden. Hij zocht altijd iets bepaalds tegen ons te vinden”.<sup>23</sup>

Die pligte van die vrywilliger-verpleegsters was duidelik afgebaken. Van agtuur in die oggend tot eenuur in die middag moes hulle al die tente waarvoor hulle verantwoordelik was, besoek, die siekes versorg en die ernstige gevalle by die mediese beampte aanmeld. Johanna was vir ongeveer 140 tente met 'n totaal van sowat 700 bewoners verantwoordelik. Sy moes verslag hou van elke pasiënt se behandeling. Daarvoor was 'n notaboekie asook 'n fenomenale geheue nodig en moes sy telkens takt en geduld aan die dag lê. In die middag moes die verpleegsters weer die “siek-tente” besoek en toesien dat die siekes so gemaklik as moontlik vir die nag gemaak word. Johanna en haar mede-verpleegsters was “besig om aan te moedig, te troos en raad te gee – geen wonder dat die mense ons daaglikse besoeke as die enigste ligpunt in hul troostelose bestaan beskou het nie”.<sup>24</sup>

Alhoewel Johanna en die ander verpleegsters beter verblyf as die gewone kampbewoners gehad het, was dit nog steeds onvoldoende. Hulle het 'n groot markiestent as eetkamer en vier tente as slaapplek gekry – hulle het geen meubels ontvang nie en moes vir hulle eie geriewe sorg. Die kamp was op 'n koue plek geleë en Johanna meld dat sy haar horlosie snags onder haar kussing gesit het, anders was die meganisme vroegoggend vasgeys. Volgens getuies was haar hare, as sy in die oggende opgestaan het, aanmekaar geys.<sup>25</sup>

Johanna moes daagliks op haar innerlike krag steun en met empatie en liefde haar pligte onder baie moeilike omstandighede uitvoer. Sy het verskeie besware gehad oor die algemene toestande in die kamp. Haar hoofbesware was die Britse mishandeling van die kampbewoners deur nie aandag te gee aan hul behuising, gesondheid en medikasie nie; en die swak kos – te min en dit was telkens bedorwe. Die meeste kampbewoners was gewoon aan gesonde, vars kos op hulle

---

<sup>23</sup> Brandt-Van Warmelo, *Iréne*, pp. 2, 41, 81.

<sup>24</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irené*, pp. 14-15; NHKA, Skrif IV van dagboek, inskrywing op 12 Mei 1901, pp. 4, 7.

<sup>25</sup> Van Rensburg, *Camp diary*, p. 10.

plase sowel as higiëniese toestande ten opsigte van wasgeriewe, skoon klerasie en algemene verblyf – om net ’n paar voorbeelde te noem. Sy was ook ten diepste geraak deur die kampbewoners se gelate aanvaarding van hul omstandighede; hul ware Christenskap, ten spyte van hul diepe smart van alles wat hulle verloor het soos hul besittings; ook die onsekerheid van die toestand van hul mans, broers, seuns en/of vaders op die slagveld; maar die ergste was die geliefdes wat hulle onder tragiese omstandighede in die kamp aan die dood moes afstaan.<sup>26</sup>

Hospitale was vir die kampbewoners vreemd: hulle het geglo dat dit ’n plek is waar ’n mens doodgaan. Die matrone het aan Johanna vertel van ’n jong man wat na die hospitaaltent toe gebring is. Nadat hy die heel dag absoluut doodstil gelê het, “en toen hij het eindelijk niet meer uit kon houden, vroeg hij verlof, op de andere zijde te gaan liggen, belovende het bed niet slordig te zullen maken! Geen wonder, dat zij allen zoo bang zijn voor het hospitaal!”<sup>27</sup>

Dit is nie verbasend dat die sterftesyfer in die kampe weens al die swak toestande toegeneem het nie.<sup>28</sup> Die moeders se gebruik van boererate (tradisionele medikasie) om hulle kinders te behandel het ook in gevalle daartoe bygedra. Die lyding van veral die kinders het Johanna baie ontstel. “O! onze kleintjes lijden onuitsprekelijk, en toch zijn zij zoo geduldig en zien mij soms aan met oogen vol smart, als stomme dieren die pijn lijden”.<sup>29</sup> Nadat Johanna slegs vier dae in die kamp was het sy ’n lang lys van benodighede aan haar moeder gestuur met die versoek om toe te sien dat dit spoedig aan haar en die ander verpleegsters in die kamp verskaf moes word.<sup>30</sup>

Mev. Van Warmelo het tien dae nadat Johanna begin verpleeg het, die kamp besoek want sy het uit Johanna se briewe afgelei dat die toestande daar haglik was. Saam het hulle planne gemaak om die ellende te verlig, maar dit wat hulle alleen gedoen het, was geheel en al onvoldoende.<sup>31</sup> Na drie weke van haar verblyf in die kamp het Johanna besef dat meer hulp van buite nodig word as gevolg van die stygende sterftesyfer.<sup>32</sup> Sy was daar bewus van dat daar in Pretoria welgestelde en invloedryke mense was wat hard aan die werk was om ’n verbetering in omstandighede in die kamp te weeg te bring. Mev Domela Nieuwenhuis, die eggenote van die Nederlandse konsul-generaal in Pretoria, het reeds in Januarie 1901 ’n fonds ten behoeve van

---

<sup>26</sup> Toestande uitvoerig verwoord in E. Hobhouse, *Die Smarte van die Oorlog*, pp. 168-171.

<sup>27</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 45.

<sup>28</sup> J.C. Otto, *Die Konsentrasiekampe*, p.129.

<sup>29</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 17.

<sup>30</sup> NHKA, LIX 167/i, Johanna aan moeder, 10 Mei 1901.

<sup>31</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, pp. 69-70.

<sup>32</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, pp. 69-70.



die hulpbehoewendes gestig.<sup>33</sup> Hulle het geld asook voedsel en klere ingesamel. Mev. Van Warmelo het na haar besoek aan die kamp 'n brief aan die buitelandse konsuls in Pretoria gerig waarin sy die omstandighede in die kamp uiteen gesit het. Sy het die brief afgesluit met die woorde: “Helpt ons dan om Gods wil en ter wille van de humaniteit”.<sup>34</sup> Die brief is via die Britse militêre goewerneur in Pretoria, generaal-majoor John Maxwell, aan die Britse militêre opperbevelvoerder in Suid-Afrika, lord Kitchener gestuur en is met die oog op die verspreiding daarvan in diplomatieke kringe in Europa in Frans vertaal.<sup>35</sup>

Nadat sy vyf weke lank tevergeefs op 'n antwoord gewag het terwyl sy daar bewus van was dat die ellende in die Irene-konsentrasiekamp daagliks toegeneem het,<sup>36</sup> het mev. Van Warmelo op 1 Julie 1901 'n tweede brief aan die konsuls in Pretoria gerig waarin sy gemeld het dat “our brave little nation is running into danger of being totally exterminated”.<sup>37</sup> Die konsuls het teen daardie tyd besef dat daar van die skrywe aan Kitchener niks sou kom nie en het geglo dat indien die haglike toestand so sou voortduur, “[de inwoners van] de concentratie-kampen binnen drie jaren uitgestorven zouden zijn”.<sup>38</sup>

Johanna, wat saam met haar moeder aan die tweede brief help opstel het, het nie geweet of hulle enige sukses behaal het nie. Dit is wel moontlik dat hulle brief in Londen uitgekom het, waar die Britse regering op 22 Julie 1901 'n Dameskomitee benoem het om die kampe te besoek.<sup>39</sup> Die ses lede daarvan het die Irene-konsentrasiekamp eers nadat Johanna daar weg is, naamlik op 23 tot 25 September en weer op 12 November 1901, besoek.<sup>40</sup> Ten spyte van die feit dat nie een van hulle Hollands (of Afrikaans) kon verstaan nie en te kort daar vertoef om 'n weldeurdagte mening oor die kamp te kon lug, het hulle die vrywillige verpleegsters skerp gekritiseer.<sup>41</sup> Hulle het die vrywillige verpleegsters beskryf as “a dangerous element ...

---

<sup>33</sup> NHKA, Skrif 2 van Dagboek, inskrywing op 18 Januarie 1901, pp. 5-6; Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 52.

<sup>34</sup> 'n Afskrif van die brief in mev. Van Warmelo se handskrif, het bewaar gebly in NHKA, LIX 153/vii, 25 Mei 1901. Dit is opgeneem in Brandt-Van Warmelo, *Irène*, pp. 52-54 en 'n vertaalde weergawe daarvan in Hobhouse, *The Brunt*, pp. 175-176.

<sup>35</sup> R. Eales, *The Compassionate Englishwoman. Emily Hobhouse in the Boer War*, (hierna in voetnote aangedui as Eales, *The Compassionate*), p. 151.

<sup>36</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 153.

<sup>37</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 55.

<sup>38</sup> *The New Age*, 24 October 1901, Consular Report on the Concentration Camps, p. 25.

<sup>39</sup> Eales, *The Compassionate*, p. 210; Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 57.

<sup>40</sup> Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p. 115; Van Rensburg, *Camp diary*, p. 116.

<sup>41</sup> Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p. 116.

represent[ing] antagonism”<sup>42</sup> en aanbeveel dat hulle dadelik die kamp moes verlaat, wat dan ook gebeur het.<sup>43</sup>

Verskeie van die Dameskomitee se positiewe aanbevelings het ooreengestem met dié van Emily Hobhouse en is wel toegepas, veral ten opsigte van voedsel en behuising. Toe Johanna die kamp in April 1902 besoek het, het sy ’n drastiese verbetering bespeur. Die kinders was bruingebrand en gesond alhoewel hul klerasie nog steeds karig was.<sup>44</sup> Intussen het Johanna vir generaal Maxwell, wat as die militêre goewerneur onder andere verantwoordelik was vir voorrade wat die konsentrasiekampe moes bereik, besoek en hom ingelig oor die ellende in die Irene-kamp. Maxwell het homself volgens Johanna verontskuldig deur te vra: “Waarom word ek niet in kennis gestel met dergelyke dinge?”<sup>45</sup> Hy het belowe om die kamp te besoek, wat hy op 1 Julie 1901 gedoen het – op ’n tydstip toe toestand werklik ellendig was. Hy was verbaas omdat die mense vuil was, maar volgens Johanna wou hy nie aanvaar dat die skuld daarvoor aan die superintendente gegee moes word nie omdat hulle nie seep verskaf het nie. Volgens haar was die algemene ellende wat daar geheers het, aan hulle te wyte.<sup>46</sup> Johanna het gewonder of daar iets van sy vae beloftes van hulp sou kom.<sup>47</sup>

Johanna se volgende poging om die wêreld bewus te maak van die haglike toestande in die konsentrasiekampe, was haar korrespondensie met William Stead, wat ’n bekende Britse joernalis en redakteur van die publikasie *Review of Reviews* was. Stead het aanvanklik die imperialiste soos Rhodes en Milner bewonder, maar hy het mettertyd bewus geraak van die negatiewe Britse propaganda. Nadat hy inligting oor die werklike toestande in die konsentrasiekampe ingesamel het, het hy dit in sy pro-Boere publikasies in Engeland aan die lig gebring.<sup>48</sup> Op 25 April 1901 het Johanna besluit om feite oor gebeure in die

---

<sup>42</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 111.

<sup>43</sup> British Parliamentary Papers, Cd. 893, *Report on the Concentration Camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War, 1902*, p. 119; Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p. 112; Van Rensburg, *Camp Diary*, p. 121; Brandt-Van Warmelo, *Irène*, pp. 114-116.

<sup>44</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 119; NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 7 April 1901, p. 9.

<sup>45</sup> T. Pakenham, *The Boer War*, p. 474; Hobhouse, *The Brunt*, p. 181; ook vermeld in British Parliamentary Papers, Cd. 893, *Report on the Concentration Camps in South Africa, by the Committee of Ladies, appointed by the Secretary of State for War, 1902*, p.118.

<sup>46</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 20 Augustus 1901. Kyk ook in T. Gerdener, *Suid-Afrika se groot liefdesverhale*, pp. 242-243; Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 70-75.

<sup>47</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irené*, p. 85.

<sup>48</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 25 April 1901, p.71 (daar is ook in Skrif 4 op p. 57 ’n verwysing na haar kontak met Stead); D.W. Krüger, Stead, William Thomas, in W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 2*, pp. 724-725; J.C. Otto, *Die Werk van die Pro-Boere in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*, in J.H.

Irenekonsentrasiekamp aan Stead te stuur. Sy het allerhande inligting oor die ellende en wanbestuur bymekaar gemaak. Sy het met behulp van haar medewerkers in die kamp en later ook van die medewerkers in geheime diens kommissie 'n dokument van 60 getikte bladsye in 'n verseëelde kakaoblik suksesvol na Stead versend.<sup>49</sup>

Johanna was vir twee maande in die konsentrasiekamp afgesonder en nie bewus van die antikonsentrasiekamp-agitasie wat deur die bekende filantropiese figuur, Emily Hobhouse, van stapel gestuur is nie. Sy het wel later heelwat kontak met Hobhouse gehad.<sup>50</sup> Hobhouse het reeds vroeg in 1901, met ander woorde vier maande voordat Johanna in die Irenekonsentrasiekamp begin werk het, na Suid-Afrika gekom. Sy het daarin geslaag om 'n aantal kampe in die Oranje-Vrystaat, wat deur die Britte die Oranjerivierkolonie genoem is, asook in die Kaapkolonie, te besoek en was geskok oor die troostelose omstandighede in die meeste van hierdie kampe. In Mei 1901 het sy na Brittanje teruggekeer met die wete dat sy sal moet poog om meer hulp te kry en moet aandring op ingrypende hervormings in die konsentrasiekampe. Johanna het, nadat sy later meer te wete gekom het, geskryf dat Hobhouse baie meer as sy vermag het, veral omdat sy as aristokratiese dame met belangrike familiebande in Engeland, daarin geslaag het om die Britse pers se aandag te trek. Hobhouse het ten eerste by die Britse regering aangedring om 'n kommissie bestaande uit 'n aantal dames na Suid-Afrika te stuur om toestande in die kampe amptelik te ondersoek. Dit was natuurlik haar veronderstelling dat sy 'n lid van hierdie kommissie sou wees. 'n Britse Dameskommissie waarvan sy nie 'n lid was nie, is uiteindelik gestuur en het verskeie positiewe aanbevelings gemaak om toestande in die kampe te verbeter, soos deur Johanna asook talle navorsers vermeld is.<sup>51</sup>

Toe Hobhouse Suid-Afrika weer wou besoek, is sy op bevel van lord Kitchener nie toegelaat om in Kaapstad aan wal te stap nie, omdat krygswet daar afgekondig is. Hobhouse het mettertyd 'n heldin vir die Boere geword. Johannna skryf dat Hobhouse die persoon was wat “ons meer geholpe [heeft] dan al die andere pro-Boers in Engeland samen”.<sup>52</sup>

---

Breytenbach (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 407. Die tydskrif *Review of Reviews* was 'n samevatting van die beste uit ander tydskrifte met kommentaar deur Stead.

<sup>49</sup> Grobler, *War Diary*, p. 169 asook voetnota 300, p.184.

<sup>50</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna aan familie in Suid-Afrika, 17 Augustus 1902 en 10 Desember 1902 waar Johanna verwys na haar korrespondensie met Hobhouse; LIX 162/i, Hobhouse vanuit Rome, Italië, aan Johanna, 1 Junie 1913; Hobhouse, *The Brunt*, p. 185.

<sup>51</sup> Eales, *The Compassionate*, pp. 210-215, 217-224; Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p. 115; Van Rensburg, *Camp Diary*, p. 116.

<sup>52</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna uit Nederland aan Deliana, 10 September 1902.

Uit die beskrywing hierbo is dit duidelik dat Johanna verskeie pogings aangewend het om die ellendige toestande in die konsentrasiekampe te verbeter. Sy was vir twee maande daar werksaam, tot 10 Julie 1901 toe sy self siek geword het. Sy het enkele dae later dr. Kendal Franks, een van die vernaamste dokters van die Britse leër, op 'n inspeksietoer deur die kamp geneem. Sy het gehoop dat hy objektief sou wees, maar maande later toe sy verslag verskyn het, was dit na Johanna se mening vol vooroordeel en eensydigheid – en dit nadat hy minder as vyf uur in die kamp deurgebring het.<sup>53</sup> Franks het in sy verslag onder meer aangevoer dat “die hoë sterftesyfer is hoegenaamd nie toe te skrywe aan gebrek aan sorg of verwaarlosing van plig aan die kant van die verantwoordelike beamptes in die kamp nie. Dit is m.i. toe te skrywe aan die mense self, hulle vuil gewoontes ... aan hul ingewortelde beswaar teen seep en water, ens., ens.” Johanna se bevinding reeds kort nadat sy in Irene begin werk het was dat die superintendente nie aan die kampbewoners seep voorsien het om hulleself mee te was nie. Sy het gevolglik 'n beroep op liefdadige vriende in Pretoria gedoen om te help. Die hulpverpleegsters het volgens Johanna daarna soveel voorrade ontvang dat hulle 'n aparte tent gebruik het om alles in te stoor. Nogtans het sy vermeld “dit sou 'n miljoen pond kos om die lewe in die kamp draaglik te maak vir vroue en kinders”.<sup>54</sup>

Johanna het na haar vertrek uit Irene, by generaal Maxwell toestemming gekry om ander konsentrasiekampe in die Transvaal te besoek. Kort voor haar beplande inspeksiereis het sy egter 'n brief van hom ontvang waarin hy tot haar teleurstelling gemeld het dat: “I have come to the conclusion that it will be better for you not to go. I have very good reasons for changing my mind”.<sup>55</sup> Johanna se poging om eerstehandse inligting te kry en sodoende die buitewêreld in kennis te stel van die onmenslike situasies in die omliggende kampe, het dus misluk.

Op 27 September 1901 is Johanna in kennis gestel dat sy na Irene moes terugkeer om weer as hulpverpleegster te dien, maar sy het haar eie gesondheid en haar moeder se swak gesondheid as verskoning aangebied om nie te gaan nie. Die ware rede hoekom sy nie gegaan het nie, is omdat sy en haar moeder by spioenasie-aktiwiteite betrokke geraak het. Dit word in hoofstuk

---

<sup>53</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, p. 105; Grobler, *War Diary*, p. 279 en voetnota 121; R. & N. Musiker, Franks, Sir Kendal Matthew St John, in C.J. Beyers & J.L. Basson (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel V*, pp. 295-296.

<sup>54</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, pp. 87-88.

<sup>55</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 15 Julie 1901; ook 'n verwysing in NHKA, Skrif 6 van Dagboek, inskrywing op 13 Junie 1901, p. 2; T. Gerdener, *Suid-Afrika se groot liefdesverhale*, pp. 242-243; Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 70-75.

4 van hierdie proefskrif bespreek. Sy het reeds op 9 September hieroor aan Brandt geskryf: “I am not going back to Irene – never again – and I may not tell you my reasons for this sudden change. Trust me now that is all I ask”.<sup>56</sup>

Alhoewel Johanna net twee maande in die Irene-konsentrasiekamp verpleeg het, het sy dit as die twee belangrikste maande in die bestaan van daardie kamp beskou. Daar was gedurende haar verblyf van 11 Mei tot 11 Julie 238 sterftes: die hoogste syfer in die bestaan van die kamp.<sup>57</sup> Sy het haar uiterste bes gedoen om die ellende te verlig, maar haar optrede het nie die goedkeuring van Britse beleidmakers weggedra nie. Gevolglik word sy dan ook deur Britsgeoriënteerde geskiedskrywers gekritiseer oor haar radikale anti-Britse standpunte. Martin beskryf haar as “strongly partisan, belligerently so”. Sy gevolgtrekking is kortweg: “her feelings often clouded her judgement”.<sup>58</sup> Selfs Leon Hattingh, wat allermens as ’n pro-Britse historikus gereken kan word, het ’n mate van kritiek teen haar publikasies gehad. Hy het bevind dat sy haar soms doelbewus daarvan weerhou het om gunstige kommentaar oor die Britse optrede te lewer, wanneer dit wel verdienstelik was.<sup>59</sup> Die Dameskomitee was bewus van haar selfstandige optredes en het daarop gereageer met die aanbeveling dat alle vrywillige verpleegsters moes “be closely scrutinised” en moes met die superintendente saamwerk: iets wat Johanna beswaarlik sou kon reggekry het.<sup>60</sup> Selfs generaal Maxwell, met wie Johanna oor die algemeen oor die weg gekom het, het later opgemerk dat die dames wat in die kamp gewerk het (met spesifieke verwysing na Johanna), bygedra het tot die onrus en die ondermyning van die gesag in die kampe.<sup>61</sup>

Nieteenstaande hierdie kritiek het Johanna hoë agting van die kant van die kampbewoners vir haar werksaamhede in Irene verwerf – veral waar sy te doen gekry het met oud-gemeentelede van haar vader, soos dié uit die verre Noord-Transvaal. Reeds kort na haar aankoms in die kamp het sy aan haar moeder geskryf dat: “[It] is very touching how they loved me for my father’s sake. Already I am regarded as a sort of angel with my bag of comfort”. Een van die kampgangers het na haar vertrek aan haar geskryf: “Ik is hier een vreemdeling ... maar ik weet

---

<sup>56</sup> NHKA, Skrif 7 van Dagboek, inskrywing op 9 September 1901, p. 12.

<sup>57</sup> J.C. Otto, *Die Konsentrasiekampe*, p. 148; Brandt-Van Warmelo, *Irène*, tabel 2.2, sterftesyfer vanaf 11 Mei tot 11 Julie, p. 51. Die presiese sterftesyfer word in verskillende bronne verskillend aangedui. Volgens Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p. 160, is daar tussen 1149 en 1163 mense in die geheel dood.

<sup>58</sup> A.C. Martin, *The Concentration Camps 1900-1902: facts, figures and fables*, p. 132.

<sup>59</sup> Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p. 150.

<sup>60</sup> A.C. Martin, *The Concentration Camps 1900-1902: facts, figures and fables*, p. 74.

<sup>61</sup> Hattingh, *Die Irenekonsentrasiekamp*, p. 150.

God is mijn een metgezel dagelijks. Zuster, wees dan als uwe blief zoo goed en collecteer ver mij iets [kleren en schoenen]. Van u hier weg is heb ik nog nooit weer iets gekrijg van kleren”.<sup>62</sup> Hieruit kan afgelei word dat sy baie vir die mense in die kamp beteken het en dat sy diepe deernis geopenbaar het. Daarbenewens het sy bewondering vir die vroue gehad wat met ’n gelate berusting hulle lot aanvaar het.<sup>63</sup> Sy het dit as volg verwoord: “overall waren bloedende harten van moeders, die hun kinderen moesten zien sterven, van vrouwen in angst en spanning over hun vegtende mannen en zoons, en tog waren wij ... hoe langer hoe meer doordrongen van eerbied en respect voor hun heldenmoed, hun geloof en geduld en vast vertrouwen op den God hunnen vaderen. Hul geest zal nimmer verbroken worden”. Johanna het voorts geskryf dat selfs die “handsuppers” met deernis deur haar versorg is, want hulle het aan haar vertel dat hulle “bitter berouw hadden over hun gedrag”, maar bygevoeg dat berigte oor die ellende van hul families in die konsentrasiekampe, hulle genoodsaak het om die wapen neer te lê.<sup>64</sup>

Die simpatieke aard van haar beskrywings het hedendaagse ontleders van haar publikasies en briewe opgeval. Coetzee beskryf haar publikasies as volg: “In geen stadium word sy verbitter of haatdraend nie en ten spyte van die morbiede heersende toestande, is daar altyd ’n ondertoon van rustige kalmte en berusting in haar briewe”.<sup>65</sup> In haar dagboek, wat meer persoonlik van aard en ’n emosionele ontboeseming was, kan tekens van bitterheid en selfs haat teen die Britse optrede, verwyte teen die joiners vir wie sy die Judasboere genoem het en ’n groot mate van subjektiwiteit ten gunste van haar volksgenote, opgemerk word.<sup>66</sup>

Johanna het in haar publikasie *Het Concentratie-Kamp van Iréne*, ’n beroep op die vroue wat in die konsentrasiekampe was gedoen om hulle ervarings in die kampe neer te skryf, sodat dit vir die nageslag bewaar kon word: “Niets mag verloren gaan, niets mag vergeten worden”.<sup>67</sup> Haar dienstydperk in Irene het beslis ’n ingrypende impak op haar lewe, veral in die jaar direk daarna, gehad. Haar humanitêre rol wat sy in die kamp gespeel het, kan vanuit die breë perspektief van Suid-Afrika se nasionale geskiedenis as gering beskou word. Nogtans het haar pogings om die toestande in die kamp te verbeter en haar kritiek op die kampstelsel wye aandag geniet en aan haar bekendheid besorg. Haar dagboekinskrywings was van persoonlike aard maar ook verslaggewend van gebeure in die kamp sowel as oor haar pogings om die toestande daar te

---

<sup>62</sup> NHKA, LIX 167/ii, mev. C. Terblanche aan Johanna in Harmony, 27 November 1901.

<sup>63</sup> Brandt-Van Warmelo, *Iréne*, p. 105.

<sup>64</sup> Brandt-Van Warmelo, *Iréne*, pp. 7-8 en 71.

<sup>65</sup> Coetzee, Johanna Brandt, p. 75.

<sup>66</sup> Byvoorbeeld in Grobler, War Diary, pp. 400, 402 en 418.

<sup>67</sup> Brandt-Van Warmelo, *Iréne*, p. 11.

verbeter. Haar nalatenskap, veral haar publikasie oor die Irene-kamp, wat een van die eerste publikasies uit Afrikanergeleedere oor die konsentrasiekampe was, is van groot waarde omdat sy hiermee 'n belangrike tema oor die geskiedenis van die AngloBoereoorlog op die agenda geplaas het.

#### 4. Humanitêre optrede as predikantsvrou in Pietersburg

Nadat Johanna en haar eggenoot Louis Brandt hulle vroeg in 1904 as pastoriepaar in Pietersburg in die verre Noord-Transvaal gevestig het, het daar 'n nuwe tydperk in haar lewe aangebreek. Hiertydens het sy nie net as predikantsvrou nie, maar as 'n persoon wat geroepe gevoel het om opheffingswerk onder haar medemense te doen, na vore getree. Opheffingswerk was dringend noodsaaklik. Toestande in die Transvaal, wat na die vredesluiting op 31 Mei 1902 'n Britse kroonkolonie was, was haglik. Dit is bekend dat bykans die totaliteit van die verslane Afrikanergemeenskap na omtrent drie jaar van oorlogvoering sonder enige kapitaal na vernielde plase en swartgebrande bouvalle terugkeer het. Volgens Botes kan hierdie periode na die oorlog as “die belangrikste fase in die geskiedenis van die Afrikaner gesien word omdat dit 'n periode van oorlewing of verdwyn was vir die bepaalde volk”. Die Brandts was na hulle vestiging in Pietersburg eerstehandse getuies van hierdie tydperk, veral op geestelik-kulturele terrein.<sup>68</sup>

Die politieke maghebber in die destydse Transvaal was lord Milner. Hy het hom ten doel gestel om die Transvalers se beskawingspeil volgens die Britse tradisie te verhoog en uiteindelik 'n Engelstalige kolonie tot stand te bring. Daarbenewens was sy doel om die ekonomie te verbeter.<sup>69</sup> Die Britse regering het tydens die vredesluiting 'n vrye gif van £3 miljoen as skadevergoeding aan die eerstydse republieke beloof. Dit het spoedig geblyk dat daardie bedrag geheel en al onvoldoende was om die inwoners te hervestig en die land her op te bou. Die somerseisoen van 1902-1903 was boonop deur 'n knellende droogte gekenmerk met die gevolg dat die plase onproduktief gebly het. Die boere het intussen gepoog om hulle huise weer op te bou sodat hulle nie in tydelike strukture sou moes woon nie. Ten spyte van Milner se pogings was die ekonomiese toestand veral ten opsigte van die boeregemeenskap so negatief dat hulle vir nog etlike dekades in 'n finansiële wurggreep vasgevang was.<sup>70</sup>

---

<sup>68</sup> Botes, *Brandt*, p. i.

<sup>69</sup> A.L. Harington, Milner, Alfred, in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, pp. 629-633; C. Headlam (red.), *The Milner Papers, Vol. II, South Africa 1899-1905*, p. 367.

<sup>70</sup> Esterhuizen, *Ekonomiese*, pp. 57-72, 96; Weideman, *Die politieke naweë*, pp.12-13; J.C.G. Kemp, *Die pad van die veroweraar*, pp. 84 – 86.

Johanna was op die vooraand van hulle vestiging in Pietersburg vol entoesiasme om na die Transvaal terug te keer en het opgewonde aan haar skoonouers geskryf: “One hears so much of the want and the misery in Transvaal that we are longing to begin our work”.<sup>71</sup> Na hulle vestiging het die ware toedrag van sake haar egter spoedig ontnugter. In Junie 1904 het sy haar man op ’n besoek aan Duiwelskloof vergesel. Dit was ’n gebied wat sy in haar jeugjare besoek het. Sy was uiters geskok oor die toestande. “Waar vroeger mooie, groote huizen stonden zijn nu kleine, ongerieflijke krotjes met dakken van zink, zonder houten ceilings”.<sup>72</sup> Brandt, wat ’n nugterdenkende persoon was, het toe hy die na-oorlogse ellende in Transvaal die eerste aanskou het, aan sy familie in Nederland geskryf “dat wij werkelijk nooit de berigten reg gehoord hebben, wat de Engelschen ook gezegd mogen hebben”. Hy het lakonies bygevoeg dat lord Milner as ’n “nare man” beskou moet word.<sup>73</sup>

Een van Johanna se eerste pogings om geld vir hulle verarmde gemeente in te samel was om ’n konsert te reël. As gevolg van ’n besoekende sirkus enkele weke tevore, het sy bitter min wins gemaak. Dieselfde het gebeur toe sy ’n basaar gereël het. Haar gevolgtrekking was dat die ekonomiese omstandighede so swak was, dat sy voor die oorlog “twee of drie keer zooveel [zou] gemaakt hebben”.<sup>74</sup>

Die Brandts het besef dat aangesien hulle eerste, beskeie pogings om geld in te samel geheel en al onvoldoende was, ander planne gemaak sou moes word om die ellende te bekamp. Dit was egter nie so maklik nie, want uit die verarmde gemeenskap self sou hulle nie fondse kon genereer nie. Uit Johanna se korrespondensie kan afgelei word dat sy soms deur moedeloosheid oorval is. In Februarie 1905 het sy aan haar skoonouers rapporteer: “het vee is alles dood hier”. Dit het met haar gesin ook broekskeur gegaan, maar dit kom voor asof sy hulle persoonlike armoede met ’n soort gelatenheid aanvaar het, want: “Het is goed dat wy ook lijden met ons arm, verwoeste volk”.<sup>75</sup>

Die negatiewe ekonomiese toestande het nie Johanna se gees geblus nie. Dit was vir haar asof sy persoonlik geroepe was om iets te doen om die situasie te verbeter. Hieroor het sy in Maart

---

<sup>71</sup> NHKA, LIX 149/i, Johanna aan skoonfamilie, 5 Januarie 1904.

<sup>72</sup> NHKA, LIX 149/i, Johanna aan familieledede, 12 Junie 1904.

<sup>73</sup> NHKA, LIX 149/i, Johanna aan familieledede, 12 Junie 1904 asook Brandt aan familie, 13 Januarie 1904.

<sup>74</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan familieledede, 25 Junie en 16 Augustus 1904.

<sup>75</sup> NHKA, LIX 149/ ii, Johanna aan skoonfamilie, 18 Februarie 1905.



1905 aan haar skoonfamilie geskryf: “Ik moet naar Pretoria en Johannesburg gaan om geld te bedelen van de ryke menschen”.<sup>76</sup> Hierdie voorneme het uitloop op haar eerste daadwerklike poging om die situasie te verbeter. Teen April 1905 het haar planne begin vorm aanneem om ten eerste van die hulp van die SAVF gebruik te maak. Sy het egter selfs groter begin dink. Sy het haar naamlik voorgeneem om die kapitaliste in Johannesburg om fondse te nader, die koloniale owerhede in Pretoria van die ellende in die verre Noord-Transvaal bewus te maak en ten slotte van die hulp van Emily Hobhouse gebruik te maak om ’n weefskool vir werklose meisies in Pietersburg op te rig.<sup>77</sup>

Johanna was nie van plan om bloot haar voornemens te vertroetel nie, maar het spoedig daad by woord gevoeg. In April 1905 het sy aan haar skoonouers geskryf dat sy “op mijn eigen houtje stappen genomen [heb]. Ik het een brief geschreven aan al die rijk heeren van Johannesburg, hen vertellende hoe arm onze gemeente hier is, hoe verwoest door den oorlog, en hem om hulp vragende”.<sup>78</sup> Tot haar teleurstelling het sy nie veel van ’n positiewe reaksie op haar “bedelbriewe” aan die welgestelde *Rand Lords* ontvang nie. Tog het sy op hierdie wyse altesaam £80 ingesamel, waarvan £10-10-00 (tien ghienies) van Abe Bailey en £25 van W. Dalrymple afkomstig was. Die geld het ongetwyfeld tydelike verligting gebring. Sy het dit aangewend om ’n gedeelte van hulle gemeente se kerkskuld af te betaal.<sup>79</sup>

Johanna het besef dat sy, met die hoop om ten minste £800 in te samel, persoonlik na Johannesburg en na Pretoria sou moes gaan om hulp te gaan vra. Dan sou die volgende paalement van die kerkskuld minstens afbetaal wees. Sy het besef dat sy nie by die kapitaliste op die Witwatersrand geholpe sou raak nie. Daarom het sy besluit om direk na lord Selborne – Milner se opvolger as die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika en die goeweneur van die Transvaal-kolonie asook die Oranjerivierkolonie – te gaan. Dit was ’n besonder moedige stap van Johanna om haarself ongenooid en direk tot die hoofvertegenwoordiger van die veroweraar van haar volk te wend om ’n hand van deernis na hulle uit te strek. Sy het self verduidelik dat sy daarvoor kans gesien het omdat sy gehoor het dat: “De nieuwe Hooge Kommissaris schein een heel ander man te zijn dan Milner en ik besloot direct naar Z. Ex. te gaan”.<sup>80</sup>

---

<sup>76</sup> NHKA, LIX 149/ ii, Johanna aan skoonfamilie, 17 Maart 1905.

<sup>77</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 129.

<sup>78</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan skoonfamilie, 1 April 1905.

<sup>79</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan skoonfamilie, 16 April 1905.

<sup>80</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan familie, 14 Junie 1905.

Johanna se moed het nie beskaam nie, want sy het spoedig na haar aankoms in Pretoria 'n onderhoud met Selborne gehad waaroor sy in een van haar rondgaande briewe aan haar familie breedvoerig geskryf het. “Hy kwam naar mij toe met uitgestrekte handen met de woorden ‘Mrs. Brandt I cannot tell you how much pleasure you have given me by coming to me direct. You are the very first of your people to appeal to me and I wish you would tell your friends who are in trouble to come direct to me. I cannot see them all at once but I shall see them all in time’.” Sy het Selborne ingelig oor die armoede in Noord-Transvaal, oor die agteruitgang sedert die oorlog en oor die geweldige taak wat op haar eggenoot gerus het. Na al die moeite en in 'n sekere opsig die vernedering waaraan sy haar onderwerp het om hierdie bedelbesoek af te lê, het Selborne aan haar £25 uit sy eie sak gegee asook 'n voorstellingbrief om te toon wanneer sy die res van haar ‘bedel’-roete aanpak. Sy het uiteindelik daarin geslaag om £200 bymekaar te skraap voordat haar selfvernedering voor die Randse kapitaliste vir haar te veel geword het. Agterna het sy haarself voorgeneem om “nooit, nooit weer zoo iets [te] doen [nie]. Niemand weet wat het mij gekost heeft om zoo rond te loopen in de straten van Johannesburg”.<sup>81</sup>

Johanna se selfopgelegde bedeltog dui daarop dat sy bereid was om tot uiterstes van selfvernedering te gaan in haar kruisvaart om die toestande in Pietersburg te verbeter. Dit het nie oor haarself en haar ‘status’ as predikantsvrou gegaan nie, maar oor die nood van Brandt se gemeente in die besonder en om aan die erg verarmde Noord-Transvalers beter vooruitsigte te bied. Haar besoek aan Selborne het wel kort daarna vrugte afgewerp, want dit het toestande in Noord-Transvaal onder die aandag van die regering gebring. Die Brandts was persoonlik by die stadige verbetering in toestande in die gebied betrokke. Ten eerste moes Brandt kort na Johanna se terugkeer aan die plaaslike magistraat, maj. Benson, verdere inligting oor die toestande in sy gemeente verskaf. En tweedens het die Kommissaris van Lande, dr. Jameson, Johanna persoonlik versoek om aanbevelings te maak aangaande onmiddellike verbeterings van die swak toestande. Johanna het die volgende voorgestel: dat spoorlyne van Pietersburg na die kopermyne en omliggende omgewing aangelê moes word; dat daar 'n fonds beskikbaar gestel moes word vir tydelike noodlenigingswerk sodat dit kon bydra tot werkverskaffing; en dat daar van die dienste van die SAVF in hierdie verband gebruik gemaak moes word omdat dit 'n nie-politieke organisasie was. Voorts het sy 'n naamlys van 40 hulpbehoewende boerefamilies wat vir twee jaar net van grondbone en patats gelewe het aan Jameson gegee.<sup>82</sup>

---

<sup>81</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan familie, 14 Junie 1905.

<sup>82</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan familie, 14 Junie 1905; *Zoutpansberg Review*, 16 Junie 1905. (Meeste van die berigte was sonder opskrifte as gedeeltes van algemene nuusberigte in dié koerant gepubliseer.)

Johanna het besef dat hierdie nuwe inisiatiewe om 'n verbetering in Pietersburg te weeg te bring, aan Selborne se positiewe houding te danke was. Gevolglik het sy toegesien dat daar breedvoerige nuusdekking hieroor aan die pers verskaf word. Al die publisiteit het daartoe gelei dat die luitenant-goewerneur van Transvaal, sir Arthur Lawley en sy vrou 'n paar maande later die gebied besoek het, met die doel om verdere hulp te verleen.<sup>83</sup>

Die Brandts het deurgaans terwyl hulle in Pietersburg was uit hulle pad gegaan om mense in nood te help. Dit het nie net hulle eie gemeentede ingesluit nie. Ds. Kriel van die Verenigde Kerk het by geleentheid 'n gesin van agt volwassenes na Johanna gestuur het – 'n pa, ma, vier dogters en twee seuns. Hulle het op die sogenaamde “okkupasie plase” van die regering probeer boer, maar kon nie daarin geslaag om 'n bestaan te maak nie. Johanna het met hulle gereël om “twee van die gezondste dogters ... by fatsoenlike Afrikaansche families” te laat inwoon en om die res met kos en klere te help. Vervolgens het sy die twee seuns van die korrekte klerasie en die nodigste toiletware voorsien en hulle op koste van die SAVF na Pretoria gestuur sodat hulle kon gaan werk soek by die bou van die spoorlyn van Pretoria na Rustenburg.<sup>84</sup>

Johanna se pleidooie in sake die gemeente se kerkskuld was ook nie tevergeefs nie, want dit is tot Brandt se vreugde deur die regering oorgeneem. Hy kon dadelik vir die eerste paaieement van £800 aanvra om die skuld te begin afbetaal.<sup>85</sup> Beide die Brandts was in die jare toe hulle in Pietersburg gewoon het, bekend vir hul humanitêre optrede en opheffingswerk. Maar met hulle persoonlike finansies het dit nooit goed gegaan nie: indien Brandt sy salaris ontvang het, het hy dit met die gemeente gedeel.

In die voorafgaande paragrawe is sydelings na die SAVF verwys. Die stigter van die organisasie, mev. Georgiana Solomon, was 'n Skotse dame van geboorte wat as onderwyseres na Suid-Afrika gekom en in 1874 met Saul Solomon, 'n Kaapse politikus, getrou het. Tydens die Anglo-Boereoorlog was sy en haar gesin in Engeland woonagtig, waar sy met Emily Hobhouse en ander persone wat die Boere goedgesind was of van die oorloggeteisterde gebied gekom het, soos mev. Annie Botha, die vrou van kommandant-generaal Louis Botha, kontak gehad het. So het sy op hoogte gebly van die toestande in Suid-Afrika. Sy het die gerugte van die ellende en

---

<sup>83</sup> NHKA, LIX 154/iv, bevat koerantuitknipsels wat onder andere in *The Leader* (Johannesburg) en *De Volkstem* (Pretoria), verskyn het oor hierdie besoek. Talle koerantuitknipsels is deur Johanna gebêre, ongelukkig in talle gevalle sonder die naam van die koerant of die datum daarby.

<sup>84</sup> NHKA, LIX 154/iv, koerantuitknipsel sonder datum of opskif.

<sup>85</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan familie, 2 Julie 1905; Esterhuizen, *Ekonomiese*, p. 216.

armoede waarin die Boerevolk na vredesluiting verkeer het, ter harte geneem en besluit om na Suid-Afrika terug te keer ten einde met die rehabilitasie van die Boeregemeenskap te help. Sy het aanvanklik by die Botha-gesin in Pretoria tuisgegaan en saam met mev. Botha 'n reis deur sommige van die verwoeste streke onderneem. Dit was tydens hierdie reis wat die twee dames – mevroue Solomon en Botha – besluit het om 'n vereniging van vroue te stig om te help met die opheffing van verarmde mense. Die uitvloeisel was die stigting van die SAVF op 19 Oktober 1904 in Pretoria. Die vernaamste doelstellings daarvan was om te werk vir die heropbou van die Boerenasie op geestelike, sedelike, verstandelike en stoflike gebied. Dit het aanvanklik ook beperkte politieke oogmerke gehad, maar het mettertyd 'n suiwer liefdadigheidsorganisasie geword.<sup>86</sup>

Vandat die eerste planne gemaak is om die SAVF tot stand te bring, was Johanna betrokke. Die ideale wat Johanna vir die heropbou van die Transvaal gekoester het, spesifiek die verre Noord-Transvaal, het tot 'n groot mate met die ideale wat in die konstitusie van die SAVF uiteengesit is, ooreengestem. Johanna en talle van haar vriendinne wat tydens die AngloBoereoorlog in Pretoria woonagtig was en/of saam met haar in die Irene-konsentrasiekamp verpleeg het, soos mev. Henriëtta Armstrong, Aletta Bosman, Susanna Celliers (Jan F.E. Celliers se vrou) en mej. Du Toit en Findlay, het die stigtingsvergadering in Oktober bygewoon. Dit is opvallend dat di. Bosman en Brandt en generaal Louis Botha ook die vergadering bygewoon het en dat Brandt as spreker opgetree het. Johanna is op die bestuur verkies.<sup>87</sup>

Nadat Johanna in 1905 haar gemelde besoek aan Selborne in Johannesburg gebring het, het sy by 'n bestuursvergadering van die SAVF in Pretoria verslag gedoen oor haar gesprek met hom. Aangesien sy 'n tyd lank as die sekretaresse van die SAVF gedien het, het sy (en Brandt, wat haar gewoonlik vergesel het) gereeld na Pretoria gereis om vergaderings by te woon.<sup>88</sup> Johanna het verslae oor al hulle bedrywighede aan al die koerante in Pretoria, Johannesburg en Pietersburg gestuur en so seker gemaak dat mense kennis geneem het van Selborne se goeie dae en die werk van die SAVF. Hierdie berigte het in die pers verskyn onder opskrifte soos die volgende: “Hulp aan armen. Door een dame verkregen” (*De Volkstem*); “Destitute Boers. Lord Selborne's sympathy. First appeal from the Dutch” (*Zoutpansberg Review*); en “S.A. Women's

---

<sup>86</sup> T.C. Pienaar, Solomon, Georgiana Margaret, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, pp. 623-624; T.C. Pienaar, Botha, Annie Francis Bland, in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, p. 91; Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 34.

<sup>87</sup> *Gedenkblad van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, 1984*, pp. 11-12 (anonieme bydrae).

<sup>88</sup> *Gedenkblad van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, 1984*, pp. 1-23.

Federation. Result of an interview. Lord Selborne’s donation to a local church” (*Zoutpansberg Review*). In die berigte is daar gewoonlik aangedui dat dit van “our own correspondent” afkomstig was. Die rol wat Johanna in die bedrywighede gespeel het – en haar naam – het egter in meeste van die berigte verskyn, en dit was duidelik dat sy die uitgebreide inligting verskaf het.<sup>89</sup> Dit is eweneens duidelik dat Johanna die ideaal gekoester het om ’n bekende humanis te word en sy het op ’n hoë golf van sukses met haar humanitêre bedrywighede voortgegaan.<sup>90</sup>

Die gemeenskap van Pietersburg het reeds kort na die stigting van die SAVF vir die eerste keer hulp van daardie organisasie in die vorm van geld en ou klere wat die dames van Pretoria bymekaar gemaak het, ontvang. Johanna het dit ongeag die kerkverband van die hulpbehoewendes uitgedeel. In die proses het sy meer as een familie gelukkig gemaak en sy het gehoop om nog meer klere te ontvang. Haar gevoel was dat: “Bedelen is ellendig maar gelukkig is het voor anderen”. Sy het dadelik begin planne maak om ’n tak van die SAVF in Pietersburg te stig. Na intense voorbereiding het die stigtingsvergadering op 20 April 1905 plaasgevind: nog ’n humanitêre daad wat tot Johanna se krediet strek. Brandt het hieroor aan sy moeder geskryf: “Dezer dagen is Johanna ook druk in de werk om een tak op te richten van de Zuid Afrikaansche Vrouwen Federatie”.<sup>91</sup> Aanvanklik was daar nie baie lede nie en die organisasie het ook heelwat kritiek verduur. Sommige Pietersburgers het dit bloot as “onnodig” beskou, terwyl ander se standpunt was dat die stigting nie “raadzaam” was nie omdat dit die Britsgesindes “tegen ons verbitteren”.<sup>92</sup> Johanna het haar nie laat afskrik nie en sommer met die intrapslag onder die vaandel van die nuwe SAVF-tak ’n babatoonstelling aangebied. Dit was nie ’n wafferse finansiële sukses nie – hulle het net £22 wins gemaak – maar die *Zoutpansberg Review* het aangekondig: “Altogether the affair was a great success”. Volgens daardie plaaslike koerant het dit daartoe bygedra om die Soutpansbergers te laat saam werk.<sup>93</sup> Die geskille tussen die Engelssprekendes en die Hollands/Afrikaanse groepe in Soutpansburg het egter nog vir dekades ’n groot twispunt gebly.

Intussen het die SAVF-tak in Pretoria, “grootte balen stof voor kleeren en ondergoed, kousen, Flanellen onderrokke, wintermantels, hoeden, enz. alles van de beste kwaliteit”, na Pietersburg

---

<sup>89</sup> In die NHKA, in lêer LIX,154/v, is daar 13 soortgelyke koerantberigte in bewaring.

<sup>90</sup> NHKA, LIX 149, Johanna en Brandt aan familie in Nederland, 5 Oktober 1904.

<sup>91</sup> NHKA, LIX 146/ii, Brandt aan familie, 22 April 1905.

<sup>92</sup> NHKA, LIX 146/ii, Johanna aan skoonfamilie, Ibid. 16 April 1905.

<sup>93</sup> NHKA, LIX 154/v, knipsel uit *Zoutpansberg Review*, geen datum.

gestuur en Johanna het uitgedeel want sommige mense het nie eers klere gehad om kerk toe te dra nie. Soms het ma en dogter een uitrusting om die beurt kerk toe gedra.<sup>94</sup>

Ten spyte van die aanvanklike hindernisse het die SAVF in Pietersburg 'n organisasie geword wat nie net daartoe bygedra het om die lewensomstandighede in daardie omgewing te verbeter nie, maar ook om kulturele en sosiale opheffingswerk te doen. Johanna was in haar Pietersburgjare die dryfkrag in die plaaslike tak van die SAVF. Sy het soms gekla dat haar huishoudelike verpligtinge haar so besig gehou het dat sy nie tyd gehad het om by alles uit te kom wat sy wou doen nie. Dat Johanna besonder besig moes gewees het, is duidelik, want sy het met 'n baba van onder een jaar in Pietersburg aangekom en binne die volgende vier jaar dáár nog drie babetjies in die wêreld gebring. Volgens Du Toit het sy begin opstandig raak en het die eerste tekens van 'n geëmansipeerde vrou by haar na vore gekom. Du Toit voer aan dat Johanna in hierdie verband 'n versugting in die volgende trant uitgespreek het: “Hoe kan 'n vrou onder sulke omstandighede haar plig teenoor land en volk doen? Nes die swangerskap wys, behoort jy volgens gewoonte sedig by die huis te sit, maar ek gaan dit nie meer doen nie. Volgende maand [September 1906] is die kongres van die Vrouefederasie en ek gaan soontoe!”<sup>95</sup>

'n Volgende belangrike humanitêre aktiwiteit waarby Johanna in Pietersburg betrokke geraak het, was die oprigting van 'n spinskool. Sy was reeds sedert haar konsentrasiekamp-tydperk van die bedrywighede van Emily Hobhouse, die bekende Britse filantroop, bewus. Nadat vrede gesluit is, het Hobhouse nie haar humanitêre daede in Suid-Afrika gestaak nie. Sy het inderdaad kort na die oorlog na Suid-Afrika teruggekeer met die idee om werksgeleenthede te skep ten einde die heersende armoede in die land te verlig. Sy was daar bewus van dat die plattelandse Afrikaanse gesin 'n hegte eenheid was wat nie sommer uitmekaar sou gaan sodat volwasse kinders in die stad werk kon gaan soek nie, dus moes die werk na hulle toe gebring word. Nadat Hobhouse heelwat moontlikhede ondersoek het, het sy besluit dat sy tuisnywerhede moes ontwikkel. Die aangewese vlyt sou wees om vroue en jong meisies te leer spin en weef. Nadat sy hierdie bedryf oorsee bestudeer het, het sy haar eerste spin- en weefskool in Philippolis in die destydse Oranjerivierkolonie gestig, omdat die klimaat daar geskik was vir die produksie van

---

<sup>94</sup> NHKA, LIX 146/ii, Johanna aan skoonfamilie, 30 April 1905.

<sup>95</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 173.

wol en katoen.<sup>96</sup> Sy het die nodige fondse van die “South African Women and Children’s Distress Fund” verkry.<sup>97</sup>

Hobhouse het gewet dat een skool nie voldoende sou wees nie en het in 1905 ook een by die Langlaagte-kinderhuis in Johannesburg, waar ds. Abraham Kriel die hoof was, op die been gebring. Dit was met die opening van hierdie skool dat Johanna en mej. Hobhouse mekaar die eerste keer persoonlik ontmoet het. Die ter saaklike uitvloeisel van hierdie ontmoeting was dat Johanna besluit het om ’n spin- en weefskool in Pietersburg te vestig. Brandt het onderneem om haar behulpsaam te wees. Hierdie onderneming verteenwoordig ’n verdere poging van hulle twee om toestande in Pietersburg te verbeter en veral om verarmde mense op te lei sodat hulle selfonderhoudend kon word. Die Brandts het deeglik ondersoek ingestel na die beste metodes om aan te wend. Vervolgens het hulle ’n uiteensetting van hulle beplanning aan die Kommissaris van Lande gestuur met die versoek om bystand met die poging om vroue in Pietersburg van werk te voorsien “door wewerrijen hier op te richten, ‘hand looms’ in te voeren en allerlei ‘home industries’ te beginnen. Katoen groeit hier overal wild en wol kan ingevoerd worden van de Vrij Staat [sic], waar Miss. Hobhouse al zoo enorm success gehad heeft”. Die dokument wat hulle opgestel het, het die titel van “Pietersburg Home Industries” gehad. Dit het uit 11 artikels bestaan wat meestal oor die organisasie van die skool gegaan het en die reëls wat van toepassing op die studente sou wees.<sup>98</sup>

Johanna het gehoop om van die hulp van Hobhouse gebruik te maak, maar laasgenoemde was te besig met die nuwe skool in Langlaagte om daadwerklik bystand te verleen. Sy was boonop aanvanklik skepties of die Brandts suksesvol sou wees.<sup>99</sup> Aangesien daar baie water nodig was om die wol te was vir die spinproses en water nie volop in Pietersburg was nie, het sy aanbeveel dat die skool in Pietersburg net moet weef. Boonop het sy aangebied dat sy vir hulle wol uit die Oranjerivierkolonie sou voorsien.<sup>100</sup> Volgens Hobhouse sou 35 spinwiele wat ongeveer £200

---

<sup>96</sup> R. van Reenen (red.), *Emily Hobhouse Boer War Letters*, p. 354.

<sup>97</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna vanuit Nederland, met verwysing na haar korrespondensie met Hobhouse, 10 Desember 1902.

<sup>98</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan skoonfamilie, 16 April 1905 asook Johanna aan skoonfamilie, 14 Junie 1905; NHKA, LIX 157/iii, Brandt aan moeder, 22 Mei 1905; J.D. Kriel, *Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boereoorlog*, pp. 235-242; R. van Reenen (red.), *Emily Hobhouse Boer War Letters*, pp. 357-362.

<sup>99</sup> Botes, Brandt, p. 199.

<sup>100</sup> NHKA, LIX 48, Hobhouse aan Johanna, 24 Junie en 18 Julie 1905.

gekos het, benodig word. Dit sou van Noorweë af ingevoer moes word. Dié berekening het die betaling van 'n opgeleide vrou om die vrou te leer spin, ingesluit.<sup>101</sup>

Die idee en die beplanning van die bedryf het alles van Johanna gekom. Sy het besef dat sy alles sou moes organiseer en vir die finansies ook sou moes sorg. Sy was nie verplig om hierdie taak op haarself te neem nie, maar was op daardie stadium van haar lewe begeesterd (net soos haar man was) om alles in haar vermoë te doen om 'n gemeenskap in nood te help. Ten einde die nodige befondsing asook 'n lokaal waarin die skool gevestig kon word te bekom, het sy haar weer tot lord Selborne gewend. Hy het haar na Lawley verwys en groot was haar vreugde toe “de Gouverneur ons permissie gaf om op Regeerings kosten 35 wielen te bestellen (£100 uitgaven en verder een jaarliksche bijdrage van £150 beloofde). Hy keurde het idee van veldtente terstond af en gaf ons permissie om een huis te huren in die buurt van de Pastorie”.<sup>102</sup> Boonop het dit haar geluk dat mev. Lawley en Annie Botha ingestem het om die organisasie en administrasie van die skool oor te neem en vanuit Pretoria te beheer, maar die inisiatief in die hande van die vrou wat by die daaglikse werksaamhede van die skool betrokke sou wees, te laat.<sup>103</sup>

Alhoewel Johanna die onderneming met groot ywer aangepak het, was sy tog vol twyfel of dit suksesvol sou wees, want niemand in Pietersburg was kundig oor die weefbedryf en oor die sinvolheid daarvan nie. Sy het aan haar skoonfamilie verduidelik dat: “Wij weten zelf nog niet of het een success zal zijn – alles zal afhangen van de menschen die geholpen worden – of ze de waard zijn. De boeren hier, zijn zoo ontzettend gedemoralizeerd”.<sup>104</sup> Teen Oktober 1905 was alles in gereedheid behalwe dat die gebou waarin die skool gehuisves sou word, nog gemeubileer moes word. Johanna het 'n beroep op die publiek gedoen om meubels te verskaf. Sy was aangenaam verras deur die milde skenkings van stoele, tafels, beddens sowel as finansiële bydraes. In Januarie 1906 is die spinskool amptelik met toesprake wat deur die burgemeester en magistraat gelewer is, geopen.<sup>105</sup>

Die bedrywigheide van die spinskool het nie sonder haakplek verloop nie. Aangesien die koloniale owerheid in die eerste plek vir die organisasie en die finansies verantwoordelik was,

---

<sup>101</sup> NHKA, LIX 149/i, Johanna aan familie, 14 Augustus 1905.

<sup>102</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan familie, 23 Augustus 1905.

<sup>103</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan familie, 20 Augustus 1905.

<sup>104</sup> NHKA, LIX143/iii, Johanna aan skoonfamilie, 5 November 1905.

<sup>105</sup> NHKA, LIX/149 iii, Johanna aan skoonfamilie, 19 November 1905 en 27 Januarie 1906.



was die SAVF wat met die aanvanklike organisasie van die skool behulpsaam was, ontevrede dat hulle nie volkome onafhanklik kon bydra tot die werksaamhede nie. Die situasie het tot onenigheid gelei wat Johanna moes probeer oplos en dit het weer tot tweespalt in die geleedere van die SAVF gelei wat Johanna ook betrek het.<sup>106</sup>

Johanna was teleurgesteld toe sy teen die einde van 1905 verneem het dat die Lawleys na Madras sou verhuis, maar tevrede toe sy (Johanna) ingelig is dat mev. Selborne mev. Lawley se pligte op die sentrale komitee van die tuisnywerhede oorgeneem het.<sup>107</sup> Johanna het ywerig aan die werk gespring, met fondsinsamelings begin en spoedig nog £170 bymekaar gemaak. Johanna se bedrywighede is ietwat in die wiele gery met haar derde swangerskap aan die einde van 1905 en vroeg in 1906, maar die spinskool het ongehinderd voortgegaan met hul bedrywighede. Die eerste prinsipale, mej. Strauss, 'n Vrystater, het die skool goed bestuur, daar was genoeg fondse beskikbaar vir die volgende agt maande en die tweede groep dogters was besig met opleiding. Die Brandts het persoonlik toegesien dat die leerders van die skool godsdienstig en met goeie lewenswaardes opgevoed word. Johanna het hulle gereeld toegesprek sodat hulle goeie opleiding en toerusting ontvang het wat 'n vormende betekenis op hul lewens gehad het.<sup>108</sup>

Die Brandts, maar veral Johanna, is destyds heftig gekritiseer weens hul samewerking met hooggeplaaste regeringsamptenare. Johanna se jongste broer, Fritz, het haar kwalik geneem omdat sy kwansuis 'n vurige patriot was, maar met regeringslede saamgewerk en geëet het. Johanna was ongelukkig oor hierdie toedrag van sake en het die saak so aan haar skoonmoeder gestel: “Wij zullen nooit Engelschgezind worden en de gunsten die wij ontvangen zullen ons niet onder zulke verplichtingen brengen, dat wij niet meer met hart en ziel voor de Boeren zullen kunnen werke; integedeel, deze hooge ambtenare weten precies hoe wij denken en zullen ons meer respecteeren en vertrouwen als wij trouw blijven aan onze menschen dan wanneer wij ‘turncoats’ worden”.<sup>109</sup> Sy het voorts haar standpunt in meer as een koerant verdedig. In die *Transvaal Leader* het sy aangevoer dat sy met die regering saamgewerk het “in the interests of the country ... [for] all knew they [the Boers] were under the British flag and must bow their heads to that, although she would not say she liked it”.<sup>110</sup>

---

<sup>106</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 136.

<sup>107</sup> NHKA, LIX 149/iii, Johanna aan familie, 19 November 1905.

<sup>108</sup> Botes, Brandt, p. 204.

<sup>109</sup> NHKA, LIX/ii, Johanna aan skoonfamilie, 23 Augustus 1905.

<sup>110</sup> *Transvaal Leader*, Mrs Brandt and the British, 16 Augustus 1905.

Al kom dit voor asof Johanna die bittere vyandskap tussen Boer en Brit wat steeds na die oorlog in Suid-Afrika voortgeleef het, onderskat het, kan dit ook gestel word dat Johanna haar tyd ver vooruit was. Sy was belese en berese en boonop Engels goed magtig. Dit het meegebring dat haar denkwêreld heelwat breër was as dié van die meeste Afrikanervroue van haar era. Sy was destyds steeds baie patrioties maar het gevoel dat politieke tweespalt nie in die weg van humanitêre hulpverlening moes staan nie. In hierdie opsig was sy besonder volwasse in haar denke, want al was sy in 1905 nog nie 30 jaar oud nie, het sy die politieke verwydering tussen Boer en Brit op die agtergrond geskuif terwille van die opheffing van die verarmde Afrikanervolk.

Johanna moes ook kritiek uit ander oorde afweer. Talle Afrikaners in die Soutpansberg-distrik was aanvanklik skepties oor die sukses van die onderneming.<sup>111</sup> Boonop was daar gedurig twis oor die beheer van die spinskool tussen die verskillende kerke en die SAVF het dit vir Johanna problematies gemaak. Die spinskool was 'n staatsondersteunde onderneming en kon nie onder beheer van 'n ander instansie staan nie.<sup>112</sup> Vir haar was dit ironies dat die oprigting van die spinskool haar idee was, dat sy hard gewerk het om dit van die grond af te kry en dat dit baie van haar tyd in beslag geneem, waarna daar onenigheid ingetree het oor wie in beheer daarvan moes wees. So ver uit haar korrespondensie kan afgelei word, het sy die spinskool uit suiwer humanitêre oorwegings gestig. Sy was waarskynlik verlig toe die Transvaal in 1907 Verantwoordelike Bestuur gekry het en al die spinskole deur die regering oorgeneem is. Die meeste van hulle het nywerheidskole geword en Johanna het nie weer in haar korrespondensie daarna verwys nie.<sup>113</sup> Die Brandts het in elk geval die volgende jaar die Soutpansberg-distrik verlaat en hulle in Johannesburg gevestig.

Johanna kon met trots terugkyk op haar werksaamhede ten opsigte van die spinskool waar 'n hele aantal meisies opleiding in spinwerk ontvang het, in 'n tyd toe daar nie veel opleiding beskikbaar was nie. Die opgeleide meisies het 'n inkomste gehad, alhoewel nie veel nie, en hulle kon die kuns om te spin aan die nageslag oordra: iets wat min van hul tydgenote kon vermag.

Johanna het in die vier jaar wat Brandts in Pietersburg woonagtig was, op humanitêre vlak baie vermag. Vir Brandt was hierdie verwickelinge 'n lewensles, want hy het duidelik onder die

---

<sup>111</sup> NHKA, LIX 149/iii, Johanna aan skoonfamilie, 17 Maart 1906.

<sup>112</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 140.

<sup>113</sup> Botes, Brandt, p. 204.

indruk gekom dat die rol van die predikant en sy vrou veral op die Suid-Afrikaanse platteland, baie van dié in Holland verskil het. “Wij worden hier in allerlei zaken getrokken, waar in Holland niet gedacht zou worden, want wij moet maar optreden als leiers en voormannen anders gebeurt er niets; en de menschen sien naar de predikanten en hun vrouwen op om hulp en leiding”.<sup>114</sup> Die tradisie dat die predikantspaar leiding in die dorpe dwarsdeur die land geneem het, het al bestaan vandat die eerste gemeentes in Suid-Afrika gestig is. Al die predikantsvroue het egter nie met soveel ywer as Johanna te werk gegaan nie en sy het as humanis ’n merk in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis gemaak, veral na die Anglo-Boereoorlog toe die ellende so groot was en sy alles in die stryd gewerp het om hulp te verleen.

## 5. Predikantsvrou op die Witwatersrand en in Vereeniging

Toe die Brandts hulle in 1908 in Johannesburg gevestig het, was die lewensomstandighede in hul gemeente in Vrededorp vir die Afrikaner gemeenskap daar nie veel anders as dié in Pietersburg nie. Talle plattelandse Afrikaners wat nie meer op die plase ’n bestaan kon maak nie, het na die Rand verhuis, met die hoop om daar werk te kry by die myne. Die meeste van hierdie nuwe stedelinge het net verder verarm en talle van hierdie verarmdes het in die Vrededorp omgewing gaan woon.<sup>115</sup>

Net soos in Pietersburg, het die Johannesburgse gemeente hulp van die SAVF nodig gehad. Johanna was steeds by die SAVF betrokke, maar op administratiewe en organisatoriese gebied eerder as om die grondvlak waar die hulpbehoewendes hulle bevind het. In een van haar “rondgaande” briewe aan haar skoonfamilie het sy teen die einde van 1908 van Johannesburg af die volgende oor haar bedrywighede in hierdie verband geskryf: “Deze week hebben wij hier een ‘South African Fair’ voor de Vrouwen Federatie om fondse bij elkaar te krygen voor een eigen gebou in Vrededorp voor onze scholen van verschillende industries”. Dan meld sy verder dat “als Secretaresse zijn mijn handen vol en wordt er niet zoo veel verwacht van mij. Behalve de notulen, die in twee talen gehouden worden, hef ik voor de Federatie in vijf maanden 150 brieven en meer dan 600 kennisgevingen geschrewe. Ek vind het werk erg prettig en interessant (behalve de kennisgevingen!). Het Kongres is heel interessant geweest en wij hebben twee heerlijke dagen gehad met de leden van het Hoofd Bestuur en de afgevaardigen van zestien takken ... en wij hebben belangrijke dingen besproken voor land en volk ... [E]r zijn veel zaken van groot gewicht”. Johanna se tak waarvan sy ere-sekretaresse was, “bestaat grootendeels uit

---

<sup>114</sup> NHKA, LIX 146/ii, Johanna aan skoonfamilie, 16 April 1905.

<sup>115</sup> Botes, Brandt, p. 199.

Engelschen en Amerikanen en Duitschers enz. die hart en ziel voor ‘Het Volk’ zijn en toch geen woord Hollandsch verstanen”. Dan eindig sy met die woorde: “Maar och! Ik kan nu niet meer aan al deze dingen denken – hoof en hart konnen nu niets meer dragen”.<sup>116</sup> In ’n vroeëre skrywe het sy verduidelik dat die SAVF onder andere aandag gegee het aan “zaken van groot gewicht [soos] reddingswerk, ‘reformatories’ voor jongens in de gevangenis [nie in tronke nie], kraaminrichtingen voor de armen ... onechte kinderen niet aan kleurlingen weggeven” en nog vele meer.<sup>117</sup> Johanna het tot ongeveer 1916 ’n aktiewe lid van die SAVF gebly.

’n Ander organisasie wat humanitêre dienste gelewer het waarby die Brandts betrokke geraak het, was die Victoria League. Hulle het inderdaad pas na hulle aankoms in Suid-Afrika daarby aangesluit. Die organisasie is van Britse oorsprong en soos uit die naam afgelei kan word, is dit na koningin Victoria, wat in 1901 oorlede is, vernoem. Dit is deur Britse vroue gestig “to promote a closer union between the different parts of the British Empire”. Die liga se hoofdoelstellings was om Britse vriendskapsbande wêreldwyd te smee en hulp te verleen aan mense wat verswelg is deur na-oorlogse ellende. Die eerste versoeke om hulp het vanuit Suid-Afrika gekom: eerstens ’n versoek om hulp vir die versorging van die Britse oorlogsgrafte en daarna ’n versoek vir “fund-raising to alleviate distress among British refugees and for extra comforts for boer women and children in detention camps”. Die noodsaaklikheid om geld in te samel was altyd daar en dit het tydens sosiale byeenkomste, “including trading tables, concerts, luncheons, afternoon teas, dinners, picnics and raffels”, plaasgevind.<sup>118</sup> Dit was veral by laasgenoemde aktiwiteite waar die Brandts betrokke was en wel met tweërlei doelstellings: om sosiale kontak op te bou en om finansiële skakelwerk te doen met die hoop dat dit later op befondsing vir die kerke en/of armes sou uitloop.<sup>119</sup> Beide die SAVF en die Afrikaanse kerke (veral die NHK waaraan die Brandts behoort het) was teen samewerking met die Victoria League gekant – waarskynlik omdat die meeste lede daarvan nie hulself as deel van die Britse Ryk beskou het nie en niks met die Engelse taal, kultuur of selfs geld te doen wou hê nie. Die Brandts daarenteen het ander standpunte gehuldig. Ten eerste was Brandt ’n Hollander wat, alhoewel hy na die oorlog die Britse verwoesting in die gewese republieke aanskou het, nie so haatdraend soos die Boere was nie. Hy en Johanna het besef dat hul pro-Britse vriende en spesifiek die Victoria League, materiële hulp kon verskaf. Daarom het hulle, ten spyte van die

---

<sup>116</sup> NHKA, LIX 26, Johanna aan familie en skoonfamilie, 1 November 1908.

<sup>117</sup> NHKA, LIX 26, Johanna aan familie en skoonfamilie, 27 Januarie 1908.

<sup>118</sup> *Victoria League for Commonwealth Friendship*, <http://www.vcleague.com.au/wp/history>, geraadpleeg op 8 April 2012.

<sup>119</sup> NHKA, LIX 30, Brandt aan familie, 8 Januarie 1912.

antagonisme wat daar soms van Afrikaner kant teen hulle uitgespreek is, volgehou om ten behoewe van die Kerk en die Afrikanersaak in imperiale kringe te beweeg.<sup>120</sup>

Johanna het gevoel die Victoria League was “not a political body whatever it may be in other dominiums, it is merely social, for promoting fine arts, helping travellers to get letters of introduction, etc”. Sy kon nie verstaan waarom daar beswaar gemaak word omdat sy en haar man aan die organisasie behoort nie, want dit was juis mense wat daaraan behoort het wat aan hulle hulp verleen het in Pietersburg en Johannesburg. Talle van die lede was senior owerheidsamptenare. Sy het verduidelik dat sy en Brandt lede van die Victoria League was, but “our nationality was never violated. Contact makes no difference: respect one another”.<sup>121</sup> Die Brandts se gevoel was dat meeste van die Afrikaners nie begryp het dat die Liga baie bygedra het om hul toestande te verbeter nie. Boonop was een van die redes waarom hulle aan die Liga behoort het, ten spyte daarvan dat hulle sterk pro-Afrikaans was en die meeste Victoria League-lede soos lord Selborne, Herbert Gladstone, Herbert Baker en Lionel Phillips sterk pro-Brits was,<sup>122</sup> bloot om die lede daarvan se gekultiveerde geselskap te kon geniet.<sup>123</sup>

Die Victoria League het nie in Suid-Afrika as ’n sterk humanitêre organisasie gefunksioneer nie, maar deur van hulle finansiële hulp via die Brandts gebruik gemaak, het die noodlydendes tog in ’n geringe mate gebaat. Brandt het byvoorbeeld vermeld dat sy gemeente in Johannesburgse in 1911 in ernstige finansiële nood verkeer het. Toe daar skynbaar geen uitkoms was nie, het hy hoofsaaklik by Engelse maatskappye (waarvan sommige se bestuurslede aan die Victoria League behoort het) £200 gekollekteer en die krisis so afgeweer. Hy het bygevoeg: “Natuurlik weet de gemeente hier niets van, niet eens de kerkeraad. Het is een geheim tusschen mij en en paar leden van de Financieele Commissie”.<sup>124</sup>

Dit blyk dat die Brandts se lidmaatskap van die Victoria League reeds voor die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 tot ’n einde gekom het, want in April van daardie jaar het Johanna ’n brief van die voorsitter van die vorige ligatak in Johannesburg, Clair Griffiths, ontvang waarin sy haar spyt uitgespreek het dat Johanna bedank het en nie meer “suffrage work or any other

---

<sup>120</sup> H.J. Botes, *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Gemeente Johannesburg*, pp. 12-13.

<sup>121</sup> NHKA, LIX 158/ii, Johanna se lesing by vergadering van die Victoria League, Johannesburg, 1909.

<sup>122</sup> NHKA, LIX 30, Johanna aan skoonfamilie, 29 Mei 1910; NHKA, LIX 31, Johanna aan skoonfamilie, 31 Januarie 1911.

<sup>123</sup> NHKA, LIX 31, Johanna aan skoonfamilie, 20 Maart 1911.

<sup>124</sup> H.J. Botes, *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Gemeente Johannesburg*, pp. 12-13.

position in The League” wil beklee nie. Daar het gerugte bestaan dat Johanna se begeerte om voorsitter te word nie verwesenlik is nie en dat dit die rede vir haar bedanking was.<sup>125</sup> Dit is meer waarskynlik dat die Brandts se toenemende betrokkenheid by die landspolitiek, waarna in hoofstuk 2 verwys is, meegebring het dat hulle ’n keuse tussen hulle politieke aspirasies en die Victoria League moes maak en dat hulle op eersgenoemde besluit het. Humanitêre oorwegings het skynbaar geen rol in hulle besluit gespeel nie.

## 6. Betrokkenheid by die Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging (NHSV)

’n Aanloop van meer as 25 jaar het die stigting van die NHSV voorafgegaan en verskeie dames – waarvan Johanna een was – wat by die aanvoorwerk betrokke.<sup>126</sup> As gevolg van die sterk patriargale agtergrond van die Afrikaners, het mans gewoonlik die inisiatief geneem met die verlening van hulp aan armes, barmhartigheidsdiens in die algemeen en geldinsamelingspogings om sodanige hulp te kon finansier. Vroue was telkens op die agtergrond om te help en sommige van dié vroue het mettertyd sterk na vore getree en die leiding in die kerklike aktiwiteite begin neem. Binne die Afrikaanse kerke het die opvatting mettertyd posgevat dat vroue die beste kollektante was omdat hulle hoë agting in die samelewing gehad het. Gevolglik is vroue toenemend uit die huis gehaal en as kollektante gebruik.<sup>127</sup> Dit was die begin van die vrou se rol in die kerkorganisasie – ’n ontwikkeling wat nie destyds goed gedokumenteer is nie.

Een van die eerste vroue wat ’n beduidende humanitêre rol in die NHK gespeel het, was Ida Ruysh van Dugteren. Sy was die suster van ds C.J.L. Ruysch van Dugteren van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria en van 1915 af eggenote van J.H.J.A. (Antonie) Greyvensteyn, wat kort daarna hoogleraar in teologie aan die Transvaalse Universiteitskollege (TUK, later ontwikkel in Universiteit van Pretoria) geword het. Sy het die vroue in daardie gemeente gemobiliseer om praktiese take vir die kerk uit te voer. Dit was waarskynlik ook sy wat die eerste vrouevereniging in die Hervormde Kerk gestig het. Dit was in 1910.<sup>128</sup> Johanna meld dat sy in 1912 ’n sustersvereniging in die Vrededorpse gemeente in Johannesburg gestig het. Dit

---

<sup>125</sup> NHKA, LIX 30, Clair Griffiths, Victoria League aan Johanna, 20 April 1914.

<sup>126</sup> M. Barnard-Weiss, *Die vrou in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Haar beeld en kerklike rol, 1940-1983*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1999 (hierna in voetnote aangedui as Barnard-Weiss, *Die vrou*), p. 10.

<sup>127</sup> M. Jordaan, *Vyftig jaar van Seën, NHSV 1949-1990* (hierna in voetnote aangedui as Jordaan, *Vyftig jaar*), pp. 79, 103.

<sup>128</sup> Jordaan, *Vyftig jaar*, pp. 98, 104; Barnard-Weiss, *Die vrou*, p. 10; B.J. Engelbrecht, Greyvenstein, Jan Hendrik Jacobus Antonij, in C.J. Beyers & J.L. Basson (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel V*, pp. 323-324.

was waarskynlik een van die vele soortgelyke plaaslike organisasies wat van 1910 af tot stand gekom het en 'n onoffisiese status binne die Hervormde Kerk geniet het. Sy het nie veel oor haar werksaamhede in verband met hierdie sustervereniging vermeld nie, behalwe dat die hoofdoel opheffingswerk was.<sup>129</sup>

Die NHK het mettertyd die waarde wat die vroue veral tot barmhartigheidswerk kon toevoeg, raakgesien. Ds A.R. Smit het in 'n artikel, “'n Vroue Organisasie in die die Ned. Herv. Kerk”, in die tydskrif van die kerk, *Die Hervormer*, 'n beroep op predikantsvroue gedoen om hierdie bron verder te ontgin. Hy het in die artikel spesifiek gewys op die “die geesdrif waarmee die Engelse publiek in Natal lesings van mev. Johanna Brandt begroet het”.<sup>130</sup> Milde Jordaan het in haar publikasie *Vyftig jaar van Seën, NHSV 1940-1990*, Johanna se rol in die stigting van die NHSV vermeld met die opmerking “dit was eers in die loop van die twintiger - en dertigerjare wat die verenigings van susterslidmate in toenemende mate in verskeie gemeentes die lig gesien het ... So is die ‘Sustersbond’ in 1929 deur mev. Brandt in Vereeniging gestig”.<sup>131</sup> Die stigting van hierdie vereniging het gevolg op 'n periode van sowat 15 jaar waartydens Johanna skynbaar geen aandag aan die mobilisering van vroue in die kerk vir dienslewering aan hulle medemenses gegee het nie. Dit was nadat sy van een van haar oorsese reise teruggekeer het dat sy in 1928 gevoel het dat sy iets vir die Vereeniging-gemeente moes doen aangesien sy die meeste van die tyd oorsee was of elders in Suid-Afrika lesings gegee het.<sup>132</sup> Haar ‘Sustersbond’ was 'n organisasie vir vroue-lidmate wat onder andere die gemeente-basaars georganiseer het en sekere welsyns- en liefdadigheidswerk verrig het. Die Sustersbond het daarbenewens “'n helpende hand ... na die Kerkraad uitgesteek aangesien die Diakonie nie so goed georganiseer was nie in daardie dae nie en die Kerkraad ingenome was dat die susters in 'n baie lastige soort werk die mans behulpsaam was”.<sup>133</sup>

Alhoewel Johanna die stigter van die Sustersbond in Vereeniging was, was sy nie lank aktief by die werksaamhede daarvan betrokke nie aangesien Brandt 'n beroep na die Kensington/Turffontein-gemeentes aangeneem het en hulle in 1930 terug na Johannesburg verhuis het. Tog het die Sustersbond in Vereeniging suksesvol bly voortbestaan. Die Gemeente

---

<sup>129</sup> NHKA LIX 167/ii, Johanna aan skoonma, 12 Desember 1910.

<sup>130</sup> A.R. Smit, 'n Vroue Organisasie in die die Ned. Herv. Kerk, *Die Hervormer*, 17 Julie 1926, p. 23. Johanna het pas voor die artikel verskyn het, Natal tydens 'n lesingtoer besoek en verskeie lesings daar aangebied. Dit word in hoofstuk 8 bespreek.

<sup>131</sup> Jordaan, *Vyftig jaar*, p. 104.

<sup>132</sup> NHKA, LIX 176/i, inskrywing in haar reisdagboek op 19 Februarie 1928, toe sy in die VSA was.

<sup>133</sup> Robson, C., *NHSV 1929-1954. Herdenkingsblad*, p. 69.

Vereeniging het in 1954 die vyf-en-twintigste herdenking van die Sustersbond gevier met die publikasie van 'n gedenkblad wat aan Johanna gewy is met 'n foto van haar op die voorblad.<sup>134</sup>

Johanna het met haar bedrywighede die grondslag help lê om aan vroue 'n plek in die kerkorganisasie van die NHK te gee. Sy self het in 1954 terugskouend op die toestande in 1929 daarop gewys dat: “Ons volk het gely onder verbysterende teenslae, te veel om op te noem en die gevolg was bittere verdeeldheid in ons eie range – armoede, werkloosheid en algemene agteruitgang. In die nood van daardie donker tydperk het die vroue van Suid-Afrika meer as ooit hul verantwoordelikheid besef om volksleiers van die Kerk en Staat by te staan. Die groot gebrek was in die eerste plek geld. Onder ons gemeentede was daar 'n aantal vroue wat op eie houtjie begin werk het vir die verkoop van pluimvee, landbouprodukte, handwerk, e.s.m. Die geldelike sorg van die leraar en Kerkraad het toe aansienlik verminder. Maar omdat daar van die ingesamelde fondse verlore geraak het, het dit spoedig nodig geblyk om ouditeurs aan te stel en 'n bankrekening te open. Dit was die begin van 'n behoorlike organisasie”.<sup>135</sup> Haar grootste bydrae benewens hulpverlening aan verarmde lidmate was om aan die gemeentevroue selfvertroue te gee om neffens hulle mans hulle plek in die kerklike samelewing vol te staan. Onder haar leiding het talle vroue boonop geleer dat dit moontlik is om ook 'n eie inkomste te verdien met naaldwerk, gebak en ander tuisnywerhede.

Die doelstellings van Johanna se Sustersbond in Vereeniging het baie ooreengestem met die eertydse bonde in die verskillende gemeentes sedert 1910 wat uiteindelik in 1940 gelei het tot die amptelike stigting van die NHSV. Teen daardie tyd – dit was kort na Brandt se dood – was sy reeds 64 jaar oud en was haar humanitêre rol iets van die verlede.

## 7. Ten slotte

Die vernaamste humanitêre daade wat Johanna verrig het, was dienslewering as hulpverpleegster tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), eers in hospitale in Pretoria en daarna in die Irene-konsentrasiekamp; haar werksaamhede in verband met barmhartigheidswerk as predikantsvrou in Pietersburg; haar betrokkenheid by die stigting van die SAVF en bedrywighede as aktiewe bestuurslid daarvan; die stigting van die spinskool in Pietersburg; en haar stigting van sustersverenigings of sustersbonde op die Witwatersrand en in Vereeniging. Die humanitêre

---

<sup>134</sup> Robson, C., *NHSV 1929-1954. Herdenkingsblad*.

<sup>135</sup> Robson, C., *NHSV 1929-1954. Herdenkingsblad*, bydrae deur Johanna Brandt, p. 32.



periode het van 1904 af tot 1930 geduur. Na 1930 het sy hoofsaaklik aandag geskenk aan haar naturopatiese geneeskunde soos in hoofstukke 8 en 10 bespreek word.

## Hoofstuk 4

### Spioen gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902

#### 1. Inleiding

Die Anglo-Boereoorlog is die omvattendste en ingrypende oorlog wat ooit in Suid-Afrika gevoer is. Dit het nie alleen die inwoners van die twee Boererepublieke geraak nie, maar ook dié in die Kaapkolonie en Natal (Britse kolonies), en het manne en vroue opgelewer wat wêreldroem verwerf het. Die belangstelling van die hele ontwikkelde wêreld was op Suid-Afrika gevestig soos geen ander gebeurtenis gedurende dié tyd nie.

#### 2. Johanna se aanvanklike belewenis van die oorlog

Johanna was 'n vurig-patriotiese Transvaler en was op hoogte van die omstandighede wat tot die uitbreek van die oorlog bygedra het. Op 30 September 1899 het sy die dagboek waarmee sy twee jaar tevore 'n aanvang geneem het toe sy en haar moeder Europa besoek het, weer nader getrek en die eerste van 'n lang reeks inskrywings oor die oorlog gemaak. Die opskrif wat sy skynbaar eers op 'n latere stadium bo-aan die eerste bladsy gemaak het, het gelui: "Notes on the Franchise War". Daarmee het sy duidelik te kenne gegee wat sy as die belangrikste oorsaak van die oorlog beskou het, naamlik die twis oor die toekenning van stemreg aan die sogenaamde Uitlanders in die Zuid-Afrikaansche Republiek.<sup>1</sup> Geen van haar tydgenote het in 'n geskrif die term "Stemregoorlog" gebruik nie, wat as 'n aanduiding beskou kan word dat sy haar eie mening gevorm het.

Johanna het in die eerste paar weke van die oorlog 'n reeks aantekeninge oor die verloop daarvan in haar dagboek gemaak. Dit vorm dan ook die vernaamste bron waaruit die wyse waarop sy die oorlog belewe het, afgelei kan word. Teen die middel van Oktober, enkele dae na die amptelike aanvang van die oorlog, het sy aangeteken dat die Transvaalse regering op 11 Oktober aan die Britse agent, sir Walter Conyngham Greene, sy paspoort teruggegee het en dat: "The Greenes left at 1.30 the following day under a strong police escort".<sup>2</sup> Daarmee was die oorlog 'n

---

<sup>1</sup> Grobler, *War Diary*, p. 23. Die stemregkwessie in die ZAR is onlangs opnuut ontleed deur I. Smith, *The Origins of the South African War, 1899-1902*, veral pp. 240-242 en 305-315.

<sup>2</sup> NHKA, Skrif I van Dagboek, inskrywing op ongeveer 15 Oktober 1899, p. 1.

voldonge feit, maar dit het Johanna nog nie persoonlik geraak nie, want die eerste groot veldslae, waaronder dié by Stormberg, Magersfontein en Colenso, het ver van Pretoria af plaasgevind. Sy het wel opmerkings daarvoor in haar dagboek gemaak.<sup>3</sup> Die aanvanklike sukses wat die Boeremagte behaal het, was nie blywend van aard nie. Die eerste rampspoedige terugslag was die oorgawe van generaal Piet Cronjé met sy mag van sowat 4 000 burgers by Paardeberg op 27 Februarie 1900. In haar dagboek het Johanna aangeteken dat die nuus daarvoor “has plunged us all into the deepest gloom”.<sup>4</sup> Daarna volg die val van Bloemfontein, die hoofstad van die Oranje-Vrystaat en bondgenoot van die Transvaal op 13 Maart 1900.

Die Transvaalse magte noord van Bloemfontein het teruggeval en die Britse magte het hulle opmars na Pretoria sonder versuim voortgesit. Johanna het niks hieroor in haar dagboek vermeld nie, want, het sy aangeteken, “the war ceased to interest me”.<sup>5</sup> Op 30 Mei 1900 het die oorlog weer vir haar ’n realiteit geword, want toe het sy vir die eerste keer die gebulder van kanonne gehoor. Johanna se twee broers Dietlof en Fritz was onder die duisende burgers wat in die loop van die volgende paar dae uit die suide in Pretoria ingestroom het. Na een kort nagrus het hulle die volgende dag weer saam met die kommando’s vertrek ten einde met die voortsetting van die stryd te gaan help. Die Britse magte het Pretoria op 4 Junie vanuit die suide en weste benader met die doel dit te beset. Op een stadium het hulle met kanonne op die suide en oostekant van die hoofstad gevuur met die doel om die stasie en spoorlyne te beskadig. Johanna en haar moeder het pas begin om hulle middagete te nuttig toe hulle die kanonvuur gehoor het. Sommige van die kartetse het in die woongebied Sunnyside, waar hulle tuis was, geval. Johanna het hieroor in haar dagboek geskryf: “Harmony was directly in the line of fire ... [W]e fled, leaving our dinner standing on the table. The shells went shrieking and whistling through the air over our heads and we were not one moment out of danger”.<sup>6</sup> Gelukkig het hulle geen skade gely nie.

### 3. In Pretoria na die Britse besetting daarvan

Die formele Britse besetting van Pretoria het op 5 Junie 1900 plaasgevind. Johanna het die verrigtinge wat daarmee gepaard gegaan het daardie middag op Kerkplein, voor die Goewermentsgebou (die Ou Raadzaal) as toeskouer bygewoon. Sy het vooraf seker gemaak dat almal sou kon sien waar haar simpatie gelê het deur met ’n vierkleurlint om haar hoed by die

---

<sup>3</sup> NHKA, Skrif I van Dagboek, inskrywing op 18 Desember 1899, p. 8.

<sup>4</sup> Grobler, *War Diary*, p. 42.

<sup>5</sup> Grobler, *War Diary*, p. 44.

<sup>6</sup> NHKA, Skrif I van Dagboek, inskrywing op 5 Junie 1900, p. 25.

verrigtinge op te daag. Sy het as volg in haar dagboek oor die gebeure geskryf: “I think such things will become historical and everyone ought to see them”. Haar patriotiese gevoelens is opgesweepte toe sy opgemerk het hoe mense wat hulself kort tevore nog as “redhot Republicans” voorgedoen het, vol blydskap oor die gebeure was. Die parade wat ongeveer drie uur lank geduur het, het haar nie juis beïndruk nie. Haar kommentaar op die soldate, wat vir vyf weke van Bloemfontein af in die koue wintersweer na Pretoria marsjeer het, was dat hulle “were really not worth looking at – covered with filth, footsore, weary. I can’t say I admired them and yet one must admit that the discipline is perfect”.<sup>7</sup> Winston Churchill, wat as ’n joernalis ’n ooggetuie van die verrigtinge was, het daarenteen later die parade met dié woorde beskryf: “The townsfolk gazed in awe and wonder at those majestic soldiers whose discipline neither perils nor hardship had disturbed”.<sup>8</sup> Johanna het voorts erken dat toe die Union Jack teen drie-uur die middag gehys is en die skare gejuig het, sy baie eensaam gevoel het: “[O]nly this poor child stood like a marble statue and soon afterwards she nearly fainted, what with heat, emotion and fatigue ... but I shall never forget having seen what I saw today.” Sy het haar dagboekinskrywing oor die besetting afgesluit met die versugting: “Oh dear diary, if ever we shall require courage and patriotism and loyalty it is now and now I shall stick to my colours. I think there is a bitter time before us”.<sup>9</sup> Haar woorde het profetiese waarde gehad, want die oorlog het na die besetting van Pretoria veel langer geduur as wat die meeste kommentators verwag het dat dit sou. Volgens die historikus Thomas Pakenham het die Britse bevelvoerder, lord Roberts, asook die res van die Britse soldate gedink dat sodra Pretoria, “the holy of holies, the Boer Jerusalem”, val, die oorlog verby sou wees,<sup>10</sup> maar bykans twee jaar van stryd en verwoesting het nog voorgelê.

Toe Johanna die middag na die oorgawe-parade op Kerkplein teruggekeer het huis toe, het sy gou besef dat die atmosfeer in Pretoria as gevolg van die besetting ingrypend verander het. Die hele wêreld was vol Britse troepe, tente en perde. Harmony was vir die grootste gedeelte van die oorlog deur Britse soldate omring. Die Britse Residensie in Sunnyside, wat net een lang straatblok van Harmony af geleë was, het nou die kwartiere van die Britse bevelvoerders geword. Dit eers deur lord Roberts (tot 29 November 1900) en daarna vir ’n ruk lank deur sy opvolger, lord Kitchener, beset. Nadat die welgestelde Britse entrepreneur George Heys sy pragtige woning, Melrosehuis in Jacob Maréstraat, aan die Britse bevelvoerders beskikbaar gestel het, het die Residensie die setel van die militêre goewerneur, generaal-majoor John

---

<sup>7</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 5 Junie 1900, pp. 26-28.

<sup>8</sup> Aangehaal in F.J. du T Spies, *One day in the history of Pretoria, Pretoriana*, vol. 56/57, 1968, p. 23.

<sup>9</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 5 Junie 1900, pp. 27-28.

<sup>10</sup> T. Pakenham, *The Boer War*, p. 430.

Grenfell Maxwell, geword.<sup>11</sup> Hy was in beheer van Pretoria en alle Britse-besette Transvaalse gebiede. Sy paadjie en dié van Johanna was bestem om telkens in die loop van die volgende twee jaar te kruis.

Tydens die Britse besetting van Pretoria het die Van Warmelo's 'n uitdagende bestaan gevoer. Hulle was omring deur Britse soldate, met wie hulle noodgedwonge telkens kontak gehad het. Daarbenewens was hulle van voor die oorlog af al bevriend met Engelstalige Pretorianers en het hulle in die “gesiene” kringe van die Afrikaans/Nederlandse gemeenskap sosiaal verkeer. Soos die oorlog verloop het, is die inwoners se bewegings al meer deur die Britse militêre owerhede aan bande gelê. Aangesien Johanna en haar moeder op die oog af geen bedreiging vir die Britte ingehou het nie, is hulle relatief met rus gelaat en toegelaat om ongehinderd te beweeg. Nadat hulle van meet af geweier het om huisvesting aan Britse soldate te gee, is hulle nie weer deur die Britse goewerneur lastig geval nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor wat deur Johanna self aangevoer is, was dat haar suster Deliana getroud was met Henry Cloete, wat 'n gesiene Britse amptenaar in die Kaapkolonie was.<sup>12</sup> Geen besliste aanduiding dat Cloete wel 'n beskermende ogie vanuit Kaapstad oor hulle gehou het, kon opgespoor word nie. Dit is ook opvallend dat daar in Johanna se geskrifte geen tekens van spanning tussen die patriotiese, pro-Republikeinse Van Warmelo-dames in Harmony en Deliana en haar man wat in Britse diens was, waarneembaar is nie.

Generaal-majoor Maxwell het op 9 Junie 1900 – slegs vier dae na die val van Pretoria – aangedui dat hy graag vir mev. Van Warmelo wou besoek. Johanna het hieroor geskryf dat haar moeder se reaksie was dat: “she doesn't want to be looked at”.<sup>13</sup> Teen die einde van Junie het nood hulle egter genoop om Maxwell te gaan besoek ten einde permitte vir hul wapens te kry. Johanna het hieroor geskryf dat Maxwell “most affable” was en aan hulle 'n permit gegee het om “een revolver en een zakpistool” te behou.<sup>14</sup> Teen die einde van Augustus het sy hom weer besoek om toestemming vir 'n kooroefening te kry, want die veiligheidsregulasies het intussen strenger geword as gevolg van die beweerde maar mislukte sluipmoordpoging op Kitchener se lewe deur Hans Cordua en laasenoemde se teregstelling daarna. Haar gevoel teenoor Maxwell op daardie stadium was: “[The] Governor is very charming but I don't trust him – he tried to fish all sorts

---

<sup>11</sup> Grobler, *War Diary*, pp. 46-49; Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 39-40; M.H. Buys, Militêre regering in Transvaal, 1900-1902, ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1972, p. 41.

<sup>12</sup> Brandt, *Kappie Kommando*, p. 41.

<sup>13</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 9 Junie 1900, p. 30.

<sup>14</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 28 Junie 1900, p. 33; Brandt, *Kappie Kommando*, p. 49.

of things out of me but oh, I was hopelessly ignorant whenever he tried to pump me about ... whether I ever hear from my brothers”.<sup>15</sup>

Die Britse militêre owerhede het na hulle besetting van Pretoria streng sensuur op posstukke wat in en uit Transvaal versend is, toegepas. Deliana, wat in Kaapstad gewoon het, het as Britse onderdaan soms Britse offisiere met wie sy kontak gehad het en wat na Pretoria moes gaan, oorreed om briewe na Harmony saam te neem. Johanna het oor twee van hierdie posdraers, naamlik kaptein Buckle en kolonel St. Clare, geskryf en vermeld hulle was “the first khaki’s to cross our threshold as visitors and equals”.<sup>16</sup> Tot op dié stadium het mev. Van Warmelo geweier om Britse soldate as gaste te ontvang, maar sy moes toe van haar standpunt afsien ten einde ongesensorde nuus van haar Kaapse dogter af te kry. Kaptein Buckle het gereeld op Harmony gaan kuier waar hy en die twee Van Warmelo telkens in argumente oor die oorlog betrokke geraak het.<sup>17</sup> Na sowat ses maande het hy die boodskap gekry dat hy nie daar welkom was nie en dit was die einde van sy besoeke, asook die einde van die ontvangs van briewe direk van Deliana af. Dit was Johanna en haar moeder se doelbewuste gebruik om op ’n vriendskaplike wyse met lede van die Britse magte te praat maar om nooit ’n geheim van hulle anti-Britse gevoelens te maak nie.<sup>18</sup>

Nadat Dietlof van Warmelo in April 1901 krygsgevangene geneem is, is Johanna en haar moeder persoonlik deur Maxwell in kennis gestel van die situasie. Hy het selfs aan die twee Van Warmelo-dames ’n voorstellingsbrief gegee om aan die militêre goewerneur in Johannesburg te oorhandig sodat hulle vir Dietlof by die Fort, wat deur die Britte as krygsgevangenekamp benut is, kon gaan besoek. Hulle het inderdaad daarin geslaag om saam met Dietlof van die Johannesburg stasie na die Fort te stap en vir hom ’n hele tas vol alledaagse noodsaaklikhede sowel as ’n notaboek om sy oorlogservarings in aan te teken, te gee. Die notas wat hy in daardie boek gemaak het, was later die basis van die inhoud van die boek *Mijn Commando en Guerilla-Commando Leven* waarin Dietlof sy oorlogsherinneringe gepubliseer het. In daardie boek het hy oor hierdie ontmoeting met sy moeder en suster geskryf dat hy bevoorreg was om met hulle te kon kommunikeer, “terwyl ik vrouwen schreiend zien smeeken, om slechts een paar woorden met hun familie te mogen spreken, die door de wacht op ruwe wijze werden weggejaagd”.<sup>19</sup>

---

<sup>15</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 30 Augustus 1900, p. 47; Grobler, *War Diary*, pp 58-61 en voetnoot 41.

<sup>16</sup> NHKA, Skrif 1 van Dagboek, inskrywing op 23 Augustus 1900, p. 48.

<sup>17</sup> NHKA, Skrif 2 van Dagboek, inskrywing op 18 Januarie 1901, pp. 7-8.

<sup>18</sup> Brandt, *Kappie Kommando*, p. 51.

<sup>19</sup> D.S. van Warmelo, *Mijn Commando en Guerilla-Commando Leven*, pp. 212-213. Dietlof het die res van die oorlog as krygsgevangene in Indië deurgebring.

Johanna het besef dat sy baie aan Maxwell te danke gehad het en het verskonend in haar dagboek aangeteken: “He was so kind and good and has done all he can to make things easier for us ... and I apologise for calling him names in my dairy”.<sup>20</sup>

Gedurende die eerste tien maande na die Britse besetting van Pretoria was Johanna nie bewus van enige aktiewe Republikeinse spioenasienetwerk of van georganiseerde ontsnappings uit Pretoria van burgers wat vroeër die eed van neutraliteit afgelê het nie. In April 1901 het sy vir die eerste keer in haar dagboek van ’n suksesvolle ontsnapping melding gemaak. Dit was nadat sy en haar moeder haar broer Dietlof in Johannesburg as krygsgevangene gaan besoek het en hy hulle gevra het om die burger Jan F.E. Celliers, wat later ’n bekende digter geword het, se vrou in kennis te stel dat haar man in goeie gesondheid verkeer en saam met Johanna se broer Fritz op kommando was.<sup>21</sup> Dit was eers na hierdie insident dat Johanna en haar moeder bewus geraak het van mev. Cilliers se rol as skakelpersoon in die ontsnappingspogings van burgers wat weer by die kommando’s wou aansluit. Mev. Celliers het nie besonderhede van hulle planne bekend gemaak nie, maar aan Johanna-hulle gesê dat indien hulle van iemand wat wil ontsnap weet, hulle haar in kennis moes stel. Sy sou so ’n burger na ’n tweede persoon verwys, “and so on, until a the fourth person was reached. He would work the rest”.<sup>22</sup> Op daardie stadium het hulle met niemand die geheim gedeel nie – die gevaar verbonde aan so ’n stap was te groot, want dit was strafbaar ingevolge Britse militêre reg.

Daar was baie jong manne wat graag uit Pretoria sou wou ontsnap ten einde weer by die vegtende Boeremagte aan te sluit. Die redes hoekom hulle na die val van Pretoria die neutraliteitsede afgelê het, was dat hulle na die oornamende deur die Britte vasgekeer was en geen ander uitweg gehad het as om oor te gee nie. Sommige van hulle het aanvanklik gedink dat dit beter sou wees om onder die eed in Pretoria te bly as om as ’n krygsgevangene ver weggestuur te word. Enkele van hulle het selfs gehoop dat Pretoria sommer gou weer deur die Boeremagte ontsit sou word en dan sou hulle weer vry wees. Na ’n jaar van tevergeefse hoop het hulle begin rusteloos raak en wou hulle weer gaan veg. Die Britte het boonop begin om burgers wat oorgegee het, na krygsgevangenekampe weg te stuur aangesien hulle uitgevind het, soos Johanna dit gestel het, “that men are continually escaping – but they cannot find out how it is done. Pretoria is so well guarded that one would think it is an impossibility for even a mouse to

---

<sup>20</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 7 April 1901, p. 9.

<sup>21</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 30 April 1901, pp. 43-44; Van der Merwe, *Johanna Brandt*, pp. 91-92.

<sup>22</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 30 April 1901, p. 90.

get out unseen”.<sup>23</sup> Ten spyte van die Britte se verskerpte waaksaamheid meld die Britse skrywer Wilson dat “it seemed that the traitors within Pretoria moved in and out of the town almost nightly”.<sup>24</sup> Mev. Van Warmelo het teen Mei 1901 tot die kring van wat Wilson verraaiers genoem het, toegetree want sy het gevoel “it is our duty to try and get some of our young friends out”.<sup>25</sup> Johanna het kennis van hierdie verwickelinge gedra maar het weens haar bedrywighede in die Irene-konsentrasiekamp op daardie stadium geen rol daarin gespeel nie.<sup>26</sup>

Johanna en haar moeder het tydens die Britse besetting van Pretoria sporadies kontak met mev. Annie Botha, die eggenote van kommandant-generaal Louis Botha, gehad. Mev. Botha was van Ierse afkoms en haar moedertaal was Engels. Sy het gedurende die eerste helfte van die besettingsperiode as bemiddelaar opgetree by Britse pogings om samesprekings met haar man te voer, het funksies en formele etes in Britte se huise bygewoon en sosiaal met Britse offisiere verkeer. As gevolg van hierdie optredes is sy deur sommige pro-Republikeine in Pretoria as dislojaal beskou.<sup>27</sup> Johanna-hulle, wat persoonlik met haar gesels het, het begryp waarom sy so opgetree het. Nogtans het Johanna geglo dat mev. Botha, as die eggenote van die kommandant-generaal, veronderstel was om deurentyd onberispelik (pro-Boer) te wees. Nadat Johanna mev. Botha se moeilike situasie oordink het, het sy in haar dagboek daaroor geskryf dat: “In after years, dear diary, you will have to testify to Mrs. Botha’s innocence and loyalty”.<sup>28</sup>

Alhoewel mev. Botha aanvanklik op vriendskaplike vlak met die Britte verkeer het, het sy namate die ellende van die oorlog toegeneem het, haar van hulle gedistansieer. Dit was ook die houding van Johanna, haar moeder en die ander lojale Republikeine in ’n verwarde Pretoria. Aangesien kommandant-generaal Botha wou hê dat mev. Botha na Europa moes gaan, het sy in April 1901 toestemming van die Britte gevra en gekry om die ZAR te verlaat.<sup>29</sup> Sy het na Europa gegaan waar sy pres. Kruger en dr W.J. Leyds besoek het, verslag gelewer het oor die oorlogstoestande en die weg voorberei het vir die besoek van Boeregeneraals na die oorlog.<sup>30</sup>

---

<sup>23</sup> Grobler, *War Diary*, p. 180.

<sup>24</sup> H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria*, IV, p. 638.

<sup>25</sup> Grobler, *War Diary*, p. 180; Brandt, *Kappie Kommando*, p. 164.

<sup>26</sup> Grobler, *War Diary*, p. 266.

<sup>27</sup> NHKA, Skrif 2 van Dagboek, inskrywing op 28 Januarie 1901, p. 45.

<sup>28</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, inskrywing op 26 April 1901, p. 71.

<sup>29</sup> Grobler, *War Diary*, pp. 165-170.

<sup>30</sup> T.C. Pienaar, Botha, Annie Frances Bland, in D.W. Krüger & C.J. Beyers (hoofreds), *SuidAfrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, p. 91.



Die mees algemene wyse van korrespondensie aan die begin van die twintigste eeu was om briewe per pos te stuur. Beide Johanna en haar moeder was ywerige korrespondente, soos uit die Brandt-versameling in die argief van die NHK van Afrika in Pretoria afgelei kan word. Na die okkupasie van Pretoria het die Britse militêre owerhede streng sensorskap van posstukke ingestel. Onmiddellik na die okkupasie kon Johanna-hulle hierdie hindernis omseil deur by haar suster Deliana in Kaapstad se gebruik van Britse offisiere as “koeriers” in te skakel. Dit het net vir ’n kort tydperk die probleem opgelos totdat hulle noodgedwonge die openbare posstelsel moes gebruik. Dit het meegebring dat al hulle posstukke aan ’n onsekere lot onderwerp was, omdat die sensors alle briewe oopgeskeur en deurgelees het en soms gedeeltes met ’n swart stof (wat vir Johanna soos gesmelte swart skoenpolitoer gelyk het) uitgewis het. Sy het hieroor aan Brandt geskryf: “Half the letter is a ‘black mystery’ to me. As a war curio it is very interesting but as a love letter it is most unsatisfactory”.<sup>31</sup> Oor die algemeen is vriendskaplike briewe deurgelaat, soos dié van Johanna aan Brandt, maar selfs dit was nie bevredigend nie, veral as ’n persoonlike liefdesbrief deur ander oë as dié waarvoor dit bestem was, gelees is. Sy het dan ook in ’n hoogs gefrustreerde stemming aan Brandt geskryf: “There is so much I want to say that cannot possibly be put into a letter these days of Martial Law and censors and other disagreeable things, and I am afraid that we shall never get to know one another properly”.<sup>32</sup>

Die Van Warmelo’s was nie die enigste mense wat die frustrasie van die sensor beleef het nie. Almal wat vegtende of krygsgevangene familieledes iewers gehad het, wou nuus oor hulle welstand hê. Die kans om enige inligting oor Britse troepebewegings, oor die bedrywighede van die Kaapse rebelle of oor die pro-Boerebewegings in Europa onder oë te kry, het daagliks afgeneem. Daar was wel uitsonderings. Soms het Johanna-hulle ’n brief ontvang sonder dat hulle geweet het hoe dit by hulle afgelewer is. Sy het daarvoor in haar dagboek geskryf: “An angel must have brought it”.<sup>33</sup>

Sommige Pretorianers het, ten spyte van die militêre sensors se streng maatreëls, tog daarin geslaag om briewe uit Pretoria te smokkel. Generaal Maxwell se personeel het spoedig besef dat daar nog steeds inligting in en uit Pretoria gekom het. Gevolglik het hy die militêre sensorskap verskerp. Maxwell was selfs genoodsaak om ’n amptelike verbod op die dra van

---

<sup>31</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 12 Junie 1901; T. Gerdener, *Suid-Afrika se groot liefdesverhale*, p. 238.

<sup>32</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 28 Oktober 1901.

<sup>33</sup> NHKA, Skrif 2 van Dagboek, inskrywing op 24 Januarie 1901, p. 23.

briewe in en uit Pretoria in te stel.<sup>34</sup> Die Van Warmelo-dames het gevolglik met vindingryke planne na vore gekom om inligting na Deliana in Kaapstad gestuur te kry. Sy het van daar af haar eie planne gemaak om die inligting na Europa te stuur. 'n Marokkaanse horlosiedosie waarvan die boom met fluweel uitgevoer was, was die versteekplek van meer as een brief na Kaapstad.<sup>35</sup> 'n Ander plan was om poppe van binne uit te hol en die briewe daarin te versteek. Die poppe was dan in die sorg van 'n niksvermoedende dame na Kaapstad gestuur as “geskenke” vir Deliana se dogters.<sup>36</sup> Johanna het by geleentheid ook inligting vir versending na die buiteland in 'n silwer sigaretdosie versteek. Dit was hoe sy besonderhede oor die haglike toestande in die Irene-konsentrasiekamp na die Engelse joernalis W.T. Stead gestuur het.<sup>37</sup>

Dit is onwaarskynlik dat die militêre sensors van die Van Warmelo-dames se smokkelmetodes bewus was. Dit het eers op die lappe gekom toe Johanna in haar boek *Die Kappie Kommando* in 1913 en daarna in ander publikasies daaroor geskryf het. Die smokkel van inligting word ingevolge militêre regulasies as spioenasiedade beskou en is hoogs strafbaar – iets wat Johanna en haar moeder moontlik nie besef het nie of bloot net geïgnoreer het. Inskrywings in haar dagboek dui tog daarop dat Johanna begin dink het dat die sensor mettertyd wantrouig geraak en sy waaksaamheid verskerp het. Sy het naamlik aangeteken dat doodgewone posstukke verlore geraak het of, indien dit hulle wel bereik het, onherkenbaar vermink was. Op 16 Julie 1901 het sy byvoorbeeld aangeteken: “The letter ... was censored, as most letters are, and something it contained was evidently not to Mr Censor’s taste, for he scribbled over it in thick ink and very impolitely wrote over it ‘We are soldiers of the king and we’ll fight for England’s glory to the bitter end’”.<sup>38</sup>

#### 4. Johanna raak betrokke by spioenasie-netwerke

Vanaf Junie 1900, met val van Pretoria, tot Julie 1901, toe Johanna die Irenekonsentrasiekamp verlaat het, het die Van Warmelo-dames se bestaan daarop neergekom dat hulle die Britse besetting van Pretoria onder Maxwell moes verduur, terwyl hulle allerhande planne gemaak het om die sensor te ontduik. Nadat Johanna twee maande in die konsentrasiekamp verpleeg het,

---

<sup>34</sup> *Transvaal Government Gazette*, 17 April 1901, Government Notice No. 3 of 1901; NHKA, LIX 162/i, W.J. Leyds aan Brandt, Brussel, 22 Januarie 1902.

<sup>35</sup> 'n Volledige beskrywing van hoe die inligting versteek is, word in NHKA, Skrif 3 van Dagboek, p. 64 sowel as in Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 61-62 verstrek. In *Nongqai*, November 1913, p. 16, verskyn 'n foto van die dosie.

<sup>36</sup> Brandt, *Kappie Kommando*, p. 63.

<sup>37</sup> Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 65-66.

<sup>38</sup> NHKA, Skrif 6 van Dagboek, inskrywing op 17 Julie 1901, p. 31.

het sy na Harmony teruggekeer. Sy het toe eers besef hoe diep haar moeder ondertussen by spioenasie-aktiwiteite betrokke geraak het. Haar gevoel van patriotisme, wat waarskynlik as gevolg van die tonele wat sy in die konsentrasiekamp aanskou het, versterk het, het haar gemotiveer om te help met die ontsnappingspogings van jong mans wat Pretoria wou verlaat ten einde by die kommando's te gaan aansluit. Dit was die begin van Johanna se lewe as spioen.<sup>39</sup>

Benewens haar moeder se betrokkenheid en haar eie, sterk patriotiese gevoelens is Johanna se deelname aan die spioenasie-aktiwiteite gestimuleer deur haar voorkeur vir aksie en sensasie. Alhoewel haar dagboek telkens as uitlaatklep vir haar emosionele uitbarstings gedien het en sy haar in haar dagboekinskrywings uitgeleef het, het sy ongetwyfeld magteloos gevoel omdat sy nie daadwerklik meer kon doen as wat sy tot in die middel van 1901 gedoen het om tot die Republikeinse oorlogspoging by te dra nie. Sy was weldeeglik daar bewus van dat spioenasie vir haar asook die res van die groep dames wat by die aktiwiteitbetrokke was, gevaar kon inhou want alle inwoners in die Vrystaat en Transvaal was wetlik gesproke onder die Britse militêre regering, en hulle het die krygswet oortree wat tot tronkstraf of selfs tot die doodstraf kon gelei het. Terwyl sy nog in Irene was, het sy die volgende daaroor in haar dagboek geskryf: “Mama had a great deal to tell me but as they are secrets of the utmost importance – dangerous secrets – I shall not mention them here”.<sup>40</sup>

Voordat Johanna betrokke geraak het by spioenasie, was daar reeds 'n Geheime Diens Kommissie in plek. 'n Burger wat in Pretoria woonagtig was, Willem Botha, het mev. Van Warmelo genader om hierdie kommissie behulpsaam te wees om inligting oor die werklike oorlogstoestande na president Kruger in Europa te ‘smokkel’. Behalwe dat die kommissie gepoog het om inligting via Pretoria na Europa te stuur, het hulle jong manne gehelp om uit die dorp te ontsnap ten einde by die kommando's aan te sluit; het die lede van die kommissie inligting van Britse troepebewegings en getalle ingesamel en onder die kommando's versprei; en het die kommando's deur middel van die netwerk inligting oor hulle omstandighede, benodighede en enige ander relevante inligting versprei. Kommandant-generaal Botha was bewus van hierdie bedrywighede en het die kommissie gewaarsku om nie roekeloos op te tree nie. Dit was immers lewensgevaarlike spioenasiewerk wat aangepak is.<sup>41</sup>

---

<sup>39</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 95.

<sup>40</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 94.

<sup>41</sup> Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 132, 160-161; G.D. Scholtz, *In Doodsgevaar. Die Oorlogservarings van Kapt. J.J. Naudé* (vervolgens in voetnote aangedui as Scholtz, *In Doodsgevaar*), p. 96; Grobler, *War Diary*, p. 295 voetnoot 14.

Die Geheime Diens Kommissie moes verskeie hindernisse baasraak ten einde te kon funksioneer. In die eerste plek was die Britse militêre owerhede bewus daarvan dat Boerespioene sporadies van buite af in Pretoria inbeweeg en weer uitbeweeg het en het gevolglik moeite gedoen om te dorp van die buitewêreld af te sny deur dit met blokhuisse te omring en by strategiese punte soos die forte rondom Pretoria skerp soekligte te plaas. Verder was die dorp met doringdraad omring en het wagte dag en nag hierdie omheining gepatrolleer.<sup>42</sup>

Die tweede groot probleem was die nimmereindigende teenwoordigheid van Boere-verraaiers. Reeds van vroeg in die oorlog af het die Britse militêre owerhede hulle daarop toegespits om Republikeine te oorreed om hulle rûe op hulle eie mense te draai en hulle lojaliteit aan die invallers te verklaar. Sommige van hierdie manteldraaiers het inderdaad mettertyd aan die Britte se kant geveg. Hulle is die naam van National Scouts gegee en het geldelike vergoeding ontvang. Die lojale Republikeine het hulle egter as ‘verraaiers’, ‘hensoppers’, ‘joiners’ of ‘hanskakies’ beskou. Johanna het groot minagting vir die Scouts gehad. Na haar mening was hulle vir altyd in die toekoms verlore, “veracht door de Engelschen, die hem gebruikte voor hun eigen doel, gehaat door de Boeren; zijn goeden naam, zijn eer en zelfrespect kwijt”. Meer as ’n vyfde van die Boeremagte het teen die einde van die oorlog oorgeloop na die Britte. Enkele van hulle was voor die oorlog arm boere maar ná die oorlog was hulle welgesteld.<sup>43</sup>

Teen die tyd wat Johanna aktief by die Geheime Diens Kommissie ingeskakel het, was die grondslag vir hulle werksaamhede alreeds gelê. Die persoon wat in beheer was van die ‘agente’ was J.J. Naudé, ’n Pretorianer wat direk na die Britse besetting baie teësinnig sy perd en wapen moes inhandig en op versoek van kommandant-generaal Louis Botha die eed van getrouheid moes aflê, sodat hy op die Britte in die stad kon spioeneer.<sup>44</sup> Naudé het daarna sy vorige betrekking as koster van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk op Kerkplein hervat. Hier was hy in die ideale posisie om van die kerktoering af met behulp van ’n verkyker

---

<sup>42</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 94.

<sup>43</sup> Die Engelse woorde *hands up* is in die volksmond tot ‘hensop’ omskep. A.M. Grundlingh, *Die “hensoppers” en “joiners”*, pp. 1-5; A. Blake, *Boereverraaier. Teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog*, pp. 13-20; J. Meintjes, *The Anglo-Boer War 1899-1902. A Pictorial History*, p. 148; Brandt, *Kappie Kommando*, p. 159; aanhaling uit Brandt-Van Warmelo, *Het Concentratie-Kamp*, p. 9.

<sup>44</sup> J.J. Naudé (1876 – 1956) het sy wedervaringe onder die titel *In Doodsgevaar* in *De Volksstem* in 1903 laat verskyn. In 1904 word dit in boekvorm uitgegee met ’n byvoegsel *De Dood Trotseren* deur Mev. Van Warmelo geskryf. In 1940 verwerk G.D. Scholtz die inligting op versoek van Naudé en publiseer sy eie weergawe van *In Doodsgevaar*.

op hoogte te kom van die Britse troepebewegings en die veiligste roetes om te volg om uit die stad uit te kom. Hy het ten nouste met Willem Botha, wat aanvanklik die enigste persoon was met wie hy sy inligting gedeel het, saamgewerk en inligting aan kommandantgeneraal Botha uit die stad gesmokkel. Hierdie optrede van Naudé het daartoe gelei dat die Kommandant-generaal hom later in 1900 as kaptein en hoof van die Republikeinse speurdiens in Pretoria aangestel het. 'n Groep van sowat 30 betroubare manne het onder hom gedien. Hulle opdrag was om die Republikeinse kommando's van inligting te voorsien. Hulle het van nie-vegtendes – beide manne en vroue – in Pretoria gebruik gemaak om hulle by te staan. Die groep as geheel het die naam 'Geheime Dienst Kommissie' aangeneem. Volgens Johanna was daar nie “bekwamer, onverschrokkener of getrouwen mannen [as Naudé se spioene] ... te vinden” nie.<sup>45</sup>

Dit was die toedrag van sake toe Johanna aktief by die kommissie betrokke geraak het. Op die nag van 16 Julie 1901 het Naudé Pretoria ingesluit met inligting wat hy net aan mev. Van Warmelo moes oorhandig. Op 18 Junie het Johanna hom ontmoet toe hy 'n verslag oor 'n konferensie wat deur die generaals Botha, de Wet, de la Rey en Smuts sowel as president Steyn gehou is en 'n besluit geneem is om die stryd voort te sit totdat die onafhanklikheid herwin is, by Harmony afgelewer het. Naudé het mev. Van Warmelo versoek om sorg te dra dat die verslag by pres. Kruger en Leyds in Nederland uitkom.<sup>46</sup> Waar die Van Warmelo's begin het om relatiewe onskuldige nuus van die verloop van die oorlog uit die Transvaal uit te smokkel, het hulle nou met die aanvaarding van hierdie opdrag volwaardige spioene geword.

Naudé het gou besef dat Boerevroue soos die twee Van Warmelo-dames baie goeie spioene uitgemaak het, omdat hulle, in Johanna se woorde, “meer bekwaamheid en takt dan een man bezit, want ... een vrouwspersoon [kan] haar invloed deur mooi praten en het aanwenden van ingeschapen list sterk op een manspersoondoen inwerken”.<sup>47</sup> Hy het vir Johanna as uiters geskik vir spioenasiewerk beskou omdat sy vlot Engels kon praat en wanneer sy in die konsentrasiekamp of in die omgewing van Harmony was, het sy in direkte verbinding met die leërowerheid gekom. So kon sy inligting bekom wat ander spioene nie kon verkry nie.<sup>48</sup>

---

<sup>45</sup> Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 144-145, 150, 160-161; Scholtz, *In Doodsgevaar*, pp. 39-62; J.P. Brits, Naudé, Jacobus Johannes, in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, p. 668.

<sup>46</sup> Scholtz, *In Doodsgevaar*, pp.138; Brandt, *Kappie Kommando*, p. 152.

<sup>47</sup> Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 171-172.

<sup>48</sup> Scholtz, *In Doodsgevaar*, p.138.

Johanna het van Julie tot September 1901 op verskeie wyses aan die bedrywighede van die Geheime Diens Kommissie deelgeneem. Een van haar eerste opdragte was om twee pakkies dinamiet wat in 'n huis in Pretoria versteek was, te gaan 'optel' en dit aan een van die spioene te oorhandig. Op pad terug na Harmony met die dinamiet by haar, het sy besluit om Maxwell te gaan spreek insake dokumentasie wat sy vir haar voorgenome inspeksiereis na plattelandse konsentrasiekampe in Transvaal benodig het.<sup>49</sup> Dit was 'n onnodige, gewaagde stap, maar soos Martin in sy publikasie van 1957 beweer het, was haar "patriotic fervour" op daardie stadium so oorweldigend van aard was dat sy tartend opgetree het en van Maxwell se vriendskap misbruik probeer maak het.<sup>50</sup> Die vermoede bestaan dat Maxwell haar teen daardie tyd al minder vertrou het en dat dit waarskynlik die rede was waarom hy haar besoeke aan die konsentrasiekampe gekanselleer het.<sup>51</sup>

'n Volgende spesifieke opdrag wat haar lewe beslis in gevaar gestel het, was om 'n Britse militêre spoorwegrooster vir die spioene in die hande te kry. Dié dokument het uitvoerige besonderhede oor die bewegings van militêre treine bevat. Johanna kon daarin slaag om die rooster by ene Dan, wat die eed van trou afgelê het en by die spoorweë gewerk het, te bekom. Haar verkryging van die rooster het haar en al die betrokkenes by die Geheime Diens Kommissie se lewens in gevaar gestel en Johanna het gewet dat "the timetable alone is enough to bring us to the stake". Aan die een kant was sy verheug oor die sukses van die missie. "It [the timetable] is working wonders judging by the number of trains that are flying into the air now. Last week three – all heavy laden with provisions. One had a lot of khaki's on board and the poor things were awfully mauled about. I don't know how many were killed or mauled". Aan die anderkant het haar gewete haar gepla. "The great loss of life in connection with these trains preys on my heart since I had a hand in it. I feel as if we are helping to *murder* and yet our commandoes are depending on the taking of those trains". Verder het sy ook 'n aandeel gehad aan die versending van die dinamiet en lout wat gebruik is om die treine op te blaas.<sup>52</sup>

Naudé het Johanna en haar moeder laat belowe dat hulle aan geen spioene skuiling sou gee nie, behalwe aan homself, Botha en nog een persoon aangesien hulle bang was vir verraaiers in die midde van die kommissie. Die Van Warmelo-dames het nougeset sy voorskrifte gehoorsaam. Tog het die spreekwoordelike bom teen die einde van Augustus 1901 gebars. Die

---

<sup>49</sup> Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 152-158; Grobler, *War Diary*, pp. 295-296 voetnoot 14.

<sup>50</sup> A.C. Martin, *The Concentration Camps 1900-1902: facts, figures and fables*, p. 75.

<sup>51</sup> NHKA, Skrif 6 van Dagboek, inskrywing op 31 Julie 1901, p. 51; Brandt, *Kappie Kommando*, pp. 179, 180.

<sup>52</sup> NHKA, Skrif 8 van Dagboek, inskrywing op 1 September 1901, p. 6.

spioenasienetwerk is naamlik ontmasker toe 'n aantal Boerespioene, onder wie die jeugdige G.J.E. van Nikkelen Kuyper, wat vroeër by die Van Warmelo's kom slaapplek soek het, enkele weke later gevange geneem is. Hulle is van verraad aangekla en Kuyper het ingestem om in ruil vir vrywaring van vervolging 'n kroongetuie te word. Johanna was rasend van onsteltenis toe sy daarvoor ingelig is en het Kuyper in haar dagboek uitgekryt as 'n "cad, traitor, hound, mean sneak, coward". Die Geheime Diens Kommissie was bekommerd oor die vroue wat hulle gehelp het en het nie geweet wat met hulle sou gebeur as hulle verraai sou word nie. Dit is wel bekend dat Otto, een van die verraaiers wat saam met Kuyper gewerk het, selfs sy verloofde verraai het en sy en drie ander vroue later in die Pretoria-gevangenis toegesluit is. Dit is nie bekend wat hulle uiteindelijke lot was nie. Die Van Warmelo-dames het 'n meer prominente rol in die spioenasie-netwerk gespeel as die vier dames wat in die tronk geland het. Hulle kon egter nie vasstel of hulle verraai was of nie. Johanna het in haar dagboek aangeteken dat sy verneem het dat daar tydens die verhoor tussen 80 en 100 mense wat by die spioenasienetwerk betrokke was, se name aan die Britse intelligensiediens bekend geword het. Al wat sy en haar moeder kon doen was om in angs en spanning te wag, want: "the cordon is drawing around us and I feel tonight as if there is no way of escape for us".<sup>53</sup> Hulle name is skynbaar nooit genoem nie, want hulle is deur die Britte in vrede gelaat.

Naudé was een van die gelukkiges wat nie verraai is nie. Groot was die Van Warmelo-dames se verligting toe hy hulle meegedeel het dat die enigste huis wat nie onder verdenking gestaan het nie, Harmony was, maar ter wille van almal se veiligheid het hy besluit om hom voorlopig nie naby Pretoria te waag nie.<sup>54</sup> Omdat die oorblywende spioene pro-Boer of pro-Brits kon wees, was die Van Warmelo's ook hierna uiters versigtig om by geen grootskaalse aktiwiteite betrokke te raak nie.

Ongeveer 'n maand na die verraadverhoor, toe die stof weer gaan lê het, het Johanna besluit om 'n nuwe spioenasienetwerk saam te stel wat net uit 'n aantal vroue bestaan het. Die lede was mev. Van Warmelo (president), Johanna (sekretaresse), en mevv. Honey, Malan en Armstrong as addisionele lede. Mevv. Malan (wat 'n dogter van wyle kommandant-generaal Piet Joubert was) en Armstrong het albei saam met Johanna in die Irene-konsentrasiekamp gewerk en was vir 'n geruime tyd al by spioenasie-aktiwiteite betrokke.<sup>55</sup>

---

<sup>53</sup> NHKA, Skrif 8 van Dagboek, inskrywing op 1, 2 asook op 10 September 1901, pp. 4, 7, 16.

<sup>54</sup> Scholtz, *In Doodsgevaar*, p. 165.

<sup>55</sup> Van Rensburg, *Camp dairy*, p. 14.

Die aktiwiteite van hierdie spioenasienetwerk het gewentel om vier sake: die insameling van betroubare inligting – meestal uit Kaapse en Europese koerante; die identifisering van veilige skuilplekke in Pretoria vir Boere-spioene; die verkryging van noodsaaklike voorrade vir die manne in die veld en die besorging van noodsaaklikhede aan hulle via die spioene; en die versending van amptelike verslae van die Boere-generaals te velde of na Kruger en Leyds in Europa.<sup>56</sup> Johanna het in haar dagboeke noukeurig verslag gehou van elke stukkie inligting wat sy oor die oorlog kon insamel. Soms was die inligting niksseggend, ander kere was dit nuuswaardig. Sy het besluit om inligting wat moontlike gevaar ingehou het, met suurlemoensap in plaas van ink in 'n aparte skrif aan te teken. Die aantekeninge was gevolglik onsigbaar. Sy het haar Skrif 8, wat saam met die ander skrifte in die NHK-Argief bewaar word, vir die doel aangewend. Die aantekeninge word net sigbaar wanneer dit aan intense hitte blootgestel word, soos aan direkte sonlig of as mens met 'n warm strykyster op die bladsy stryk. Skrif 8 het egter tot aan die einde van die oorlog onleesbaar gebly. Britse soldate het selfs by een geleentheid toe hulle Harmony visenteer het, die skrif hanteer maar geen snuf in die neus gekry dat dit moontlik inkriminerende getuienis bevat het nie.<sup>57</sup>

Johanna het ook dié suurlemoensapmetode gebruik om geskrewe inligting aan Kruger en Leyds in Europa te versend. Sy het van Brandt as tussenganger gebruik gemaak. Sy het deur middel van mondelinge boodskappe aan Brandt laat weet dat gewone korrespondensie aan hom in blou koeverte versend sou word. As hy egter 'n brief in 'n wit koevert sou ontvang, moes hy die koevert versigtig oopmaak, want die binnekant van die koevert bevat dan inligting wat met suurlemoensap daarop geskryf is. Indien hierdie inligting vir Kruger en/of Leyds bedoel was, moes Brandt dit aan hulle besorg. Enkele boodskappe aan Kruger en/of Leyds het wel op hierdie wyse by hulle uitgekom en word steeds in die Leyds-versameling in die Nasionale Argief in Pretoria bewaar.<sup>58</sup>

Dit het teen die einde van 1901 vir Naudé en sy twee vertrouelinge al moeiliker geword om in en uit Pretoria te beweeg. Tog het hulle dit op 14 Desember weer gewaag. Hulle was soos gewoonlik in kakie-uniforms geklee en het van die Fonteine se kant af Harmony genader. Die omgewing was ruig en vir al drie van hulle relatief onbekend. In hul omswerwinge in die pikdonker nag het hulle onwetend oor 'n deel van die Harmony-landgoed gestrompel. Teen

---

<sup>56</sup> NHKA, Skrif 8 van Dagboek, inskrywing op 18 Oktober 1901, pp. 37-38.

<sup>57</sup> NHKA, Skrif 7 van Dagboek, inskrywing op 18 Februarie 1902.

<sup>58</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, pp. 106-107.



dagbreek het hulle moed opgegee en skuiling vir die dag gesoek. Brinckman, een van die spioene, het besef dat hy veilig by sy huis sou kon uitkom. Hy sou dan die volgende nag met behulp van sy susters vir Naudé-hulle, waar hulle langs die Apiesrivier geskuil het, kom haal en na die Van Warmelo's se huis toe neem. Die plan was suksesvol maar Naudé-hulle was so styf dat hulle kwalik kon loop, want hulle moes die hele dag doodstil lê omdat daar Britse soldate baie naby hulle was. Gelukkig kon hulle daarin slaag om Harmony ongedeerd te bereik, maar dit was eers na donker daardie aand.<sup>59</sup>

Dit was die eerste keer dat die Van Warmelo's skuiling aan spioene gebied het. Dit was uiters riskant, want die gebied was nog steeds omring met Britse militia en: "Niet veraf waren een hele boel tenten van Boeren vrouwen waaronder 'hands-uppers' en verraders in dienst van die vijand".<sup>60</sup> Naudé en sy makker het in mev. Van Warmelo se kamer geskuil (Brinckman was by sy eie huis). Die dames van die spioenasienetwerk het deur die loop van die dag Harmony besoek. Hulle het die spioene gehelp om voorrade soos skoene, hoede, seep, vuurhoutjies en sout in streepsakke te verpak. Om die broodnodige klere te vervoer, het die mans voor hulle vertrek tot drie lae klere oormekaar aangetrek. Johanna kon nie verstaan hoe hulle kon beweeg, "through thick forests, creep through barbed wire, climb walls and sometimes creep on all fours for many hundred of yards ... it is all a mystery to me".<sup>61</sup> Die hele operasie het groot gevaar vir al die betrokkenes ingehou, want daar was onder andere 'n losprys van £2 000 op Naudé se kop. Nadat hulle drie dae in Harmony geskuil het, het die spioene, geklee in hulle Britse kakie-uniforms, weer vertrek. Naudé het vir Johanna soos 'n ware Britse offisier gelyk, het sy geskryf. "He was clean shaven and looked an English officer, every inch of him – that is to say as long as he kept his mouth shut – his English is very bad".<sup>62</sup> So het die spioene daarin geslaag om die stad skelm-skelm te verlaat.

Kort na hierdie insident het Johanna by 'n vriendin in Johannesburg gaan kuier. Terwyl sy daar was, het die militêre polisie hulle huis deursoek – volgens mev. Van Warmelo het hulle na spioene gesoek. Toe Johanna vir generaal Maxwell op 'n latere geleentheid daarna gevra het, het hy beweer dat hy nie van die klopjag bewus was nie. Johanna was inderdaad daar oortuig van

---

<sup>59</sup> NHKA, Skrif 8 van Dagboek, inskrywing op 20 Desember 1901, pp. 55-56; Brandt, *Die Kappie Kommando*, pp. 208-209.

<sup>60</sup> Brandt, *Die Kappie Kommando*, p. 359.

<sup>61</sup> NHKA, Skrif 8 van Dagboek, inskrywing op 21 Desember 1901, p. 59.

<sup>62</sup> NHKA, Skrif 8 van Dagboek, inskrywing op 21 Desember 1901, p. 60; Scholtz, *In Doodsgevaar*, pp. 230-231.

dat dit sonder sy medewete geskied het.<sup>63</sup> Vriende het hierna die Van Warmelo's aangeraai om die land te verlaat.<sup>64</sup> Hulle was nie van plan om dit te doen nie, maar het al hulle geld uit die bank getrek en gehoop hulle hoor iets van Naudè, want hulle het vir hom inligting gehad. Hy het op 9 Februarie 1902 met enkele vriende sy opwagting gemaak, maar het die volgende nag weer in die donker verdwyn met kos, klere en die inligting oor troepebewegings, ongevallesyfers en vertroulike inligting wat die komitee intussen vir die offisiere versamel het.<sup>65</sup> Dit was as't ware die einde van Johanna se spioenasie-bedrywighede.

Die vraag bestaan of Johanna werklik as 'n spioen beskou kan word. Volgens die elektroniese ensiklopedie *Wikipedia* kom spioenasie neer op die verkryging van inligting wat geheim of konfidensieel geag word sonder die toestemming van die bewaker oor daardie inligting. Spioenasie kan deur 'n individuele spioen of deur 'n netwerk van spioene onderneem word wat in opdrag van óf 'n regering óf 'n instansie óf in eie belang optree. Dit word oor 'n wye veld van aktiwiteite onderneem, waarvan spioenering op die vyand tydens 'n oorlog een van die bekendste vorme is. Spioenasie is in wese 'n klandestiene aktiwiteit wat in die oë van die teiken(s) daarvan onwettig en strafbaar is. Spioene wat gevang word, word in oorlogstyd gewoonlik baie swaar gestraf.<sup>66</sup>

Die situasie waarin Johanna haar bevind het, kom in die eerste plek daarop neer dat sy tydens 'n oorlog op eie inisiatief ten behoeve van 'n regering te velde wat nie in staat was om direkte opdragte aan haar te gee nie, opgetree het. Sy en veral die lede van die Geheime Diens Kommissie het wel met die medewete van spesifiek kommandant-generaal Louis Botha opgetree. Johanna het inligting aan haar suster in Kaapstad versend en koeriers het briewe by haar en haar moeder afgelewer. Later het sy briewe in onleesbare skrif (suurlemoensap) na Kruger in Europa versend. Sy het spioene van hulp soos voedsel, klere en inligting voorsien en in en uit vyandelike gebiede help smokkel. Sy het inligting en dinamiet bekom wat tot die ontsporing van vyandelike militêre treine bygedra het. Ten slotte is lede van die geheime kommissie aan die vyand verraai wat Johanna se lewe bedreig het. Volgens bogenoemde uiteensettings het sy aan die vereistes voldoen om as 'n spioen te kwalifiseer.

---

<sup>63</sup> Grobler, *War Diary*, pp. 427, 441.

<sup>64</sup> Brandt, *Die Kappie Kommando*, p. 367.

<sup>65</sup> Pienaar, T.C. Vroue voer 'n groot plan uit, *Sarie Marais*, 12 November 1958, p. 50.

<sup>66</sup> Espionage, <http://en.wikipedia.org/wiki/Espionage>, geraadpleeg op 20 Mei 2012.

Die feit dat Johanna self besef het dat haar lewe moontlik in gevaar was, was benewens die feit dat sy graag by haar verloofde in Nederland wou aansluit, die vernaamste rede hoekom sy voor die vredesluiting die Transvaal verlaat het. Ten spyte van die gevaar wat aan die spioenasiewerk verbonde was, blyk dit tog dat Johanna behae gehad het in die opwinding wat sy daaruit geput het. Beide haar dagboekinskrywings en haar publikasie *Die Kappie Kommando*, waarin sy die spioenasie-aktiwiteite in detail beskryf het, verskaf 'n romantiese kleur aan die spioenasiebedrywighede.

## 5. Die einde van Johanna se betrokkenheid by oorloggebeure

Alhoewel Johanna teen die Suid-Afrikaanse herfs van 1902 bewus was van samesprekings tussen die Republikeinse leiers en Britse owerhede wat moontlik op die beëindiging van die oorlog kon uitloop, het sy op 25 Maart 1902 in haar dagboek aangeteken dat “I have not a grain of faith in these negotiations as long as the British refuse our independence”.<sup>67</sup> Sy was teen daardie tyd op geen wyse meer by oorlogsverwante bedrywighede betrokke nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat haar gesondheid begin verswak het as gevolg van die emosionele en fisiese eise wat haar bedrywighede aan haar liggaam gestel het. Sy het reeds in September 1901 die eerste keer na haar staat van uitputting verwys toe sy aan Brandt geskryf het dat sy dit oorweeg het om Pretoria tydelik te verlaat: “I feel lately as if the strain is becoming too much for me ... if I feel myself breaking down, I shall go away before the time”.<sup>68</sup> Twee maande later, in November 1901, het sy weer na die neerdrukkende omstandighede verwys en bygevoeg dat sy smag na vrede. “Just now we are too miserable to think of ourselves and we are absorbed in the suffering around us, so that I cannot bear to make plans for my own future. But we are longing to see peace restored to our own poor land. It is terrible, terrible to be living through such times and see no glimmer of speedy settlement”.<sup>69</sup> Op 30 April 1902 het sy in haar dagboek aangeteken dat sy beheer oor haar emosies verloor het en aan haar moeder en suster geskree het dat sy besig was om “gek” te word.<sup>70</sup> Dit dui daarop dat sy 'n senuwee-ineenstorting gehad het. In hoofstuk 2 is aangedui dat sy Pretoria enkele dae later verlaat het ten einde via Kaapstad na Nederland te reis waar sy met Brandt in die huwelik getree het. Haar rol in die oorlog was verby.

---

<sup>67</sup> Grobler, *War Diary*, p. 446.

<sup>68</sup> NHKA, LIX 147/i, Johanna aan Brandt, 29 September 1901.

<sup>69</sup> NHKA, LIX 44, Johanna aan Brandt, 14 November 1901.

<sup>70</sup> Grobler, *War Diary*, p. 456.

In hoofstuk 2 is ook vermeld dat sy kort na haar huwelik met Brandt na Groningen gereis het om die heldeontvangs van die drie besoekende Boeregeneraals, Louis Botha, Koos de la Rey en Christiaan de Wet by te woon. Na afloop van die verrigtinge het sy, asof gevul met haar ou patriotiese vuur, aan haar moeder berig dat die generaals oral soos helde ontvang is met spesiale feeskerkdienste, nuusberigte, verwelkomingsoptogte en huldebetuigings: “The worship and adulation are beyond description and I think it must be very strange to these simple men to be made so much of. It is a continual marvel to me how they can stand up so naturally and speak to thousands of people, who simply devour each word as it falls from their lips”. Sy was bevoorreg om tydens hul verblyf in Groningen met die generaals en hul sekretarisse te gesels en was so diep getref deur die moedige houding van haar volksleiers dat sy daar en dan besluit het om haar beskeie deeltjie by te dra. “I have decided to do my little best for ‘land en volk’ viz. Wield the pen! I am going to write a book ... on the subject of Irené Camp and that right soon”. Sy het tussen die troureëlings begin skryf en het die boek kort na haar huwelik voltooi, want sy het gevoel “we must do all that we can to make money for our poor people”.<sup>71</sup>

Johanna se grootste blywende bydrae as een van die patriotiese vrouefigure van die AngloBoereoorlog was ongetwyfeld die publikasie van haar boeke *Het Concentratie-Kamp van Iréne* en *Die Kappie Kommando of Boerevrouwen in Geheime Dienst*. Sy het self vertel dat die rede waarom sy besluit het om die boek te skryf was “omdat ik, zoover bekend is, de enigste persoon was die tydens den oorlog een dag-doek hield over de Geheime Diensten, en omdat ik daarom als een nationale plicht beschouwde om myn feiten en aantekeningen aangaande de grootste heldendaden van de oorlog te publiceren en aan ons volk bekend te maken, als historiese gebeurtenissen van veel belang voor Zuid Afrika”.<sup>72</sup> Die boek is gepubliseer op ’n stadium toe die Afrikanergemeenskap aan die negatiewe gevolge van die oorlog gely het. Die publikasie het lesers daarvan laat trots voel op een van hul eie mense en dit was terselfdertyd inspirerend om te lees.

---

<sup>71</sup> NHKA, LIX 167 /ii, Johanna aan haar moeder, 17 Augustus 1902 asook Johanna aan haar moeder, 27 September 1902.

<sup>72</sup> NHKA, LIX 157/i, Johanna aan SAVF, 2 Julie 1912.

## Hoofstuk 5

### Johanna se betrokkenheid by feministiese ideologieë en politieke aktiwiteite (±1910–1920)

#### 1. Inleiding

’n Britse dame, Emily Hobhouse, word hedendaags steeds as ’n heldin gehuldig op grond van haar hulpverlening aan veral die Boerevroue en kinders tydens asook direk na die Anglo-Boereoorlog. Sy het as ’n inspirasie vir menige vrou gedien om ook soos sy op een of ander wyse hulp aan haar medemens te verleen. Al is sy sekerlik die bekendste, was sy vanselfsprekend nie die enigste vrou wat ’n rol gespeel in die stryd om die oorlewing van die Afrikaners as gemeenskap gedurende en onmiddellik na die Anglo-Boereoorlog nie. Meiring skryf in hierdie verband:

“The courage and indestructible spirit of the Afrikaner women supported their men and ensured the survival of the Afrikaner nation. While both men and women were bringing language and culture to their people, the majority of the women were concerned with the practical problems of restoring their homes and society. The ladies of Pretoria ... who had done so much to help the people ... during the war, became also very active in the post-war years. All these problems of the ‘Aftermath’ had to be addressed. So out of the a cruel war a new South Africa blossomed due largely to the practical activities of these caring women”.<sup>1</sup>

Een van die “caring women” was Johanna, wie se lewensverhaal daarop dui dat sy nie net vir haar medemens omgee het nie, maar dat sy doelbewus daaraan meegedoen het om vir vroue ’n rol gelykstaande aan dié van mans in die vinnig veranderende wêreld van die eerste helfte van die 20ste eeu, te beding.

#### 2. Nuwe denkwyses aan die begin van die 20e eeu wat vroue beïnvloed het

In wat bes moontlik as die eerste boek in Afrikaans oor vroueregte beskryf kan word, naamlik *Vrou en feminis: of iets oor die vroue-vraagstuk* (gepubliseer in 1920), haal Marie du Toit, ’n

---

<sup>1</sup> J. Meiring, *Against the tide. A story of women in war*, p. 244.

suster van die bekende J.D. du Toit (Totius), 'n uitspraak van die Pools-Franse filosoof Jean Finot aan: “By believing themselves of unequal importance, the two sexes have erected between themselves, for centuries, barriers of falsehood”.<sup>2</sup> Dit was teen hierdie beweerde valsheid dat daar teen ongeveer 1900 'n verskeidenheid nuwe denkwyses na vore getree het. In veral die Westerse lande is nuwe filosofiese opvattinge oor vroueregte toenemend gehuldig en het die argaïese status van vroue as die minderes van mans as besprekingspunt en in navorsing aandag geniet. Gaul het in haar navorsing oor die ontwikkeling van die patriargale sisteem sedert die voor-geskiedenis, deur die Middeleeue tot in die moderne tydperk aangetoon dat “the universality of patriarchy around the world and throughout history shows that this phenomenon is defined as an oppressive system of male domination within the family and society”.<sup>3</sup> Verskeie verwikkelinge wat nie in hierdie proefskrif ontleed word nie, maar as 'n gegewe beskou word, het teen die einde van die 19de eeu in 'n stryd om vroueregte gemanifesteer wat stapsgewyse in Suid-Afrika daartoe gelei het dat vroue teen die einde van die 20ste eeu as gelykes hulle plek langs mans kon inneem. Dit is spesifiek bevestig in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika van 1996, wat ten opsigte van die vrou as een van die mees verligte grondwette wêreldwyd beskou word en waarvolgens vroue van alle rasse absolute gelykheid met hulle manlike eweknieë bereik het.<sup>4</sup>

In Suid-Afrika en meer spesifiek in die Afrikanergemeenskap is ‘Volksmoeder’ 'n term wat dui op die posisie/status van Afrikaanse vroue sedert die grensboer-era toe die Afrikaners as eiesoortige gemeenskap begin ontwikkel het. “The political culture that developed in the white settler societies of southern Africa was a thoroughly male one”, is die standpunt van Brink en Landman.<sup>5</sup> Variante van hierdie ideologie het vir eeue wêreldwyd en onwrikbaar bestaan. Die vrou se plig was om in die huwelik te tree, om onderdanig aan haar man te wees, om toesig oor die huishouding te hou, om kinders in die wêreld te bring en om die waardes en norme van die gemeenskap aan die nageslag oor te dra deur mondelinge oorvertellings. Gevolglik was sy ook verantwoordelik vir tuisonderrig en tuisteskepping.<sup>6</sup>

---

<sup>2</sup> M. du Toit, *Vrou en feminis: of iets oor die vroue-vraagstuk*, p. 12.

<sup>3</sup> Gaul, “Performativity”, p. 210.

<sup>4</sup> *South Africa at a glance, 2005-2006*, p. 55.

<sup>5</sup> E. Brink & C. Landman, Man-made women: Gender, class and ideology of the volksmoeder, in C. Walker, *Women and Gender in Southern Africa to 1945*, p. 213 (hierna in voetnote aangedui as Brink & Landman, Man-made women).

<sup>6</sup> *Mosby's Medical, Nursing & Allied Health Dictionary*, p. 105; Y. Yuval, N. Davies & F. Anthias (eds), *Woman – Nation – State*, p. 62.

Navorsing dui daarop dat hierdie opvattinge sterk aanklank in die Afrikanergemeenskap gevind het, onder meer tydens die Groot Trek. Vincent het in hierdie verband opgemerk: “The Voortrekker Mother was teacher, doctor and nurse; and if there was fighting to be done, she casts the bullets and stood faithfully at her husband’s side”. Volgens Vincent was die Bybel die ‘handboek’ waaruit die kinders leer lees en skryf het. Daar was vele Bybelse tekste wat die man se patriargale status onderskryf het, soos in I Timoteus 2: 11,12, waarin Paulus daarop wys dat: “n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer. Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees”.<sup>7</sup> Die patriargale Israelse gemeenskap het geglo dat die vrou haar moet onderwerp aan die man – dit is die wil van God. Dieselfde ideologie is deur die Afrikanerman as leier van sy gesin nagevolg.<sup>8</sup> Elsabé Brink en Christina Landman, wat beide skrywers is wat die status van vroue vanuit ’n feministiese oogpunt bestudeer het, stel dit onomwonde dat die patriargale struktuur die beginsel behels het dat die reëls soos deur die vader daargestel is, nagevolg moes word: hy was die hoof van die gesin.<sup>9</sup>

Tog het daar in die loop van die negentiende eeu ’n tydperk van verandering ingetree, beide in die Europese samelewing en ook in Suid-Afrika. Die eerste keer dat Afrikanervroue op politieke vlak van hulle laat hoor het, was toe ’n groep Voortrekkervroue – na wie soms as Voortrekkermoeders verwys word – in 1843 geweier het om die Britse bewind in Natal te erken en gedreig het om ‘kaalvoet oor die Drakensberge’ die gebied te verlaat.<sup>10</sup> Dit is opmerklik dat Susanna en haar man, eerwaarde Erasmus Smit, nie saamgetrek het toe die meeste Voortrekkers wel weer Natal – per ossewa – verlaat het nie, moontlik omdat hulle bloot te verarm was.

Die halfeeue voor en tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 word deur Maritz beskou as die tydperk toe die ware identiteit van die Afrikaners in die twee Boererepublieke gemanifesteer het. Die vrou het steeds net op marginale wyse ’n openbare rol gespeel, maar die landelike lewenswyse was oor die algemeen rustig en daar is nie veel uitdagings aan hulle gestel nie. Na die aanvang van die Anglo-Boereoorlog moes die vrou noodgedwonge ’n nuwe rol vervul. Die meeste landelike vroue se mans was op kommando (of

---

<sup>7</sup> L. Vincent, *A Cake of Soap. The ‘volksmoeder’ ideology and Afrikaner women’s campaign for vote* (hierna in voetnote aangedui as Vincent, *A Cake of Soap*), p. 11; Bybelaanhaling uit *Die Bybel, Nuwe vertaling*, Nuwe Testament, p. 275.

<sup>8</sup> Maritz, *Afrikanervroue*, p. 39.

<sup>9</sup> Brink & Landman, *Man-made women*, p. 211.

<sup>10</sup> K. Schoeman, *Die Wêreld van Susanna Smit 1799-1863*, p. 150; Brink & Landman, *Man-made women*, p. 213; M. McClintock, ‘No Longer in Future Heaven’: Women and Nationalism in South Africa, *Transition*, 51, 1991, pp. 109-110; Vincent, *A Cake of Soap*, p. 11.

later krygsgevangene geneem) en hulle moes die boerdery aan die gang hou. Vroue in die dorpe moes om dieselfde rede sonder die alomteenwoordige steun van hulle mans die pot aan die kook hou. Noodsaak het die vroue sterker en ook onafhankliker laat optree.<sup>11</sup> Dit het nie onopgemerk verbygegaan nie. Die historikus Eric Stockenström het in sy publikasie in 1921, *Die Vrou in die Geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse Volk*, die vrou veredel en as 'n bron van morele versterking uitgebeeld. Sy het gedurende die oorlog by uitstek veggees en uithouvermoë openbaar.<sup>12</sup>

Die twee dekades na die oorlog is gekenmerk deur die geleidelike mobilisasie en vorming van 'n eie identiteit van Afrikanervroue. Sommige nasionalistiese Afrikanermans – en vroue – het nogtans bewustelik of onbewustelik in teenstelling tot hierdie verwikkeling die konsep van die ondersteunende volksmoeder bly aanmoedig. In 1918 was dr. Willem Postma (ook bekend as Dr. Okulis)<sup>13</sup> waarskynlik een van die eerste skrywers van wie 'n artikel oor die onderwerp in *Die Huisgenoot* verskyn het. Die titel daarvan was “Die Boervrou. Moeder van haar Volk”. Sy vernaamste standpunt was dat daar geen plek vir die vrou in die party-politieke arena was nie. Stemreg was gevolglik nie vir haar beskore nie. Talle Afrikaners het inderdaad die titel ‘volksmoeder’ as 'n kompliment vir die Afrikanervrou beskou. President Steyn het tydens die inhuldiging van die Vrouemonument in Bloemfontein die vrou geloof as versorger van haar kinders en iemand wat haar volk koester.<sup>14</sup> Sy word nie net as die moederfiguur van haar kinders nie, maar ook as die moeder van die Afrikanernasie uitgebeeld.<sup>15</sup>

Brink het in hierdie verband aangevoer: “Die formele woordbeeld van die Volksmoeder maak net na die Rebelle en na afloop van die Eerste Wêreldoorlog sy verskyning en word in die eerste deel van die twintigste eeu 'n belangrike onderdeel van die propaganda-arsenaal van Afrikanernasionalisme”.<sup>15</sup> Skrywers soos McClintock, Maritz, Vincent, Gaitskell en Landman het almal van die benaming ‘volksmoeder’ as 'n negatiewe en onderdanige beskrywing van die vrou gesien. Volgens hulle is die vrou aan die begin van die 20e eeu iemand wat Afrikanernasionalisme versterk het, maar dit was 'n manlike gemanipuleerde rol om saam te val

---

<sup>11</sup> Maritz, *Afrikanervroue*, p. 2.

<sup>12</sup> E.E. Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging in Suid-Afrika tot 1930*, met 'n inleidende hoofstuk oor die vrouestemreg in Engeland, ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1944, pp. 10-35.

<sup>13</sup> W. Postma, *Die Boervrou, moeder van haar volk*, pp. ii, 141-142.

<sup>14</sup> Maritz, *Afrikanervroue*, pp. 11-12. <sup>15</sup> Vincent, *A Cake of Soap*, p. 8.

<sup>15</sup> E. Brink, Die Volksmoeder, 'n beeld van die vrou, in A.M. Grundling & S. Huigen (reds), *Van Volksmoeder tot Fokofpolisiekar. Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringe*, p. 290.



met die herlewing van Afrikanernasionalisme. Die vrou se rol in die samelewing gedurende dié tydperk word as edel maar onderdanig aan die man verklaar. Volgens Vincent “the status the *volksmoeder* ideology afforded to Afrikaner women was a two-edged sword. While it offered them a platform from which to express their own interpretation of their identity as women, it also had the potential to act as means of control over them”.<sup>16</sup>

Ten spyte van die gewildheid van die Volksmoederkonsep in leidende Afrikanerkringe, was daar destyds enkele vroue in die Afrikanergemeenskap, waarvan sommige soos Marié du Toit en Johanna Brandt uit bekende families afkomstig was, wat begin het om die juk van onderdanigheid, wat onderliggend aan die volksmoederkonsep was, af te skud. Of dit as gevolg van invloede van oorsee of van plaaslike verwickelinge was dat hierdie gees vaardig geword het, is moeilik om te met sekerheid te sê, maar dat ’n veranderde gesindheid waarneembaar was, veral as daar na die geskifte en optrede van sekere vroue hoofsaaklik na 1900 gekyk word, staan vas. Du Toit se boek *Vrou en feminis: of iets oor die vroue-vraagstuk* het wel die stem van ’n vrou verteenwoordig.<sup>17</sup> Haar werk het hoofsaaklik berus op noukeurige waarneming en selfs filosofiese bespiegelings, maar sy was nie aktief betrokke by gebeure tydens en na die oorlog nie. Aangesien sy nie geskryf het wat haar tydgenootlike manlike gehoor wou aanhoor nie – sy het nie met die algemene aanvaarde definisie van die ‘volksmoeder’-begrip saamgestem nie en het die idee dat die vrou minderwaardig, swak en onderdanig was, bevraagteken – is sy deur hulle geïgnoreer. Volgens Brink was Marie du Toit se “feminist voice ... a lone cry in the dark, which did not take hold in either middle – or working class Afrikaner circles”.<sup>18</sup>

Die vraag kom na vore of Johanna as ’n vroeë feminis onder Afrikanervroue beskou moet word. Die feministiese beweging verwys na ’n reeks veldtogte vir hervormings oor sake soos vroue-en stemreg, gelyke regte met die man en spesifiek in Suid-Afrika, om weg te breek van die status van die onderdanige ‘volksmoeder’. Die feministiese standpunt is immers dat “History ... is not only one of male, but also of female experience. It should not be studied in male or apparently gender-neutral perspectives, but also in female and gender-encompassing perspectives. All other human relations contribute to and affect gender relations”.<sup>19</sup> Die invloed van hierdie denkrigting het die ontwikkeling van die feministiese gedagte bevorder – veral die

---

<sup>16</sup> Vincent, *A Cake of Soap*, p. 18.

<sup>17</sup> M. du Toit, *Vrou en feminis: of iets oor die vroue vraagstuk*.

<sup>18</sup> C. Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945*, pp. 282-289.

<sup>19</sup> S. Morgan (ed.), *The Feminist History Reader*, p. 112.

woord ‘gelykheid’ het die kern gevorm van die standpunte van die meeste feministiese organisasies. Johanna het onbewustelik in dié rigting beweeg, sonder om aggressief teenoor paternalistiese idees te wees.

Afrikaanse vroue se status kan in die era direk na Unifikasie in 1910 – met ander woorde tydens die eerste algemene verkiesing van parlamentslede tot en met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914, met reg beskryf word as dié van manlik-gemanupileerde volksmoeders. Volgens meeste van die skrywers oor die ‘volksmoeder’-idee, het die Rebelle daartoe bygedra om die Afrikanervrou daaraan te laat dink om die idee van ‘volksmoeder’ te verwerp. Die Vroue-optog van 1915 en die stigting van die VNP in dieselfde jaar het bygedra tot Afrikanervroue se politieke ontwaking. Hierdie gebeure het nie noodwendig gehelp om toestande in die land te verbeter nie, maar was ontwikkelings wat ’n groot invloed op veral die denke en gedrag van Afrikanervroue gehad het. Voordat dit bespreek word, word eers aandag gegee aan Johanna se houding ten opsigte van vrouestemreg.

### 3. Johanna en die kwessie van stemreg vir vroue

Die stemregkwessie kan as ’n faset van die politieke ontwaking en deelname van Afrikanervroue gesien word, maar dit was baie duidelik dat dit nie op die eerste lede van die VNP se agenda was nie. Dit was ook nie op Johanna se agenda toe sy polities betrokke geraak het nie. In 1915 het sy in *De Volkstem* onder die skuilnaam ‘Moeder Vernuf’, as volg oor die stemregaangeleentheid geskryf: “Ik is amper bang om an die saak te roer, want ik is ook, op een of ander onschadelike manier een ‘stemreg-vrouw’. Nie dat ik self verlang om stemreg te hê of te gebruik nie, maar omdat ik weet dat daar duisende vrouwe in die wereld is, met tyd en geld en bovenal, met bekwaamheid, om land en volk te dien op een andere manier dan die vrouwens wat voor die bevolking moet sorg en hulle hande vol het met hul huishoudens. En dit lyk vir mij verkeerd, dat hulle nie kan stem al wil hulle”. Sy vervolg dan verder: “[D]aar [moet] geen onderskeid gemaak word nie tussen bekwaam en onbekwaam (net so min als met mans vandaag onderskeid gemaak word): dit is di enigste oplossing om di stemreg aan alle vrouwens te geef en dit da aan hulle o’er te laat of hulle daarvan gebruik wil maak of nie”.<sup>20</sup> Sy eindig die berig met die filosofiese kommentaar: “Maar dit sal reg kom, de lawaai-maaksters kan maar gerus hulle oproer staak, want vrouwestemreg sal kom, net so seker als die wereld draai. Dit leg in die loop van evolutie van alle dingen. Intussentijd sal ons maar thuis bak en brouw en

---

<sup>20</sup> *De Volkstem*, 17 September 1915 (Byvoegsel: *Boer*).

mekaar help soveul als ons kan om bekwaam te word ver die grote dag”.<sup>21</sup> Johanna se standpunt oor die stemreg vir vroue was dus soos dié van die Afrikanervroue in die algemeen: “No call was made for female suffrage and the women’s demands were couched in terms of their relative position to men – as wives, mothers and daughters of the state”.<sup>22</sup>

Dat Johanna in beginsel die toekenning van stemreg aan vroue ondersteun het, het sy op 29 September 1915 bevestig toe sy aan die sekretaresse van die “Vrouwen Stemrecht Vereeniging” die volgende meegedeel het: “In antwoord op uwe circulaire van 8 Augustus kan ik u mededeelen, dat ik geheel instem met het beginsel van stemrecht voor vrouwen op dezelfde voorwaarden als voor mannen; dat ik bereid ben een voorstel in dien geest in het Parlement gedaan te ondersteunen en dus in geen geval zal stemmen tegen vrouwen stemrecht”.<sup>23</sup> Sy het hier op haar eie standpunt gewys en het nie die VNP, wat op hierdie stadium na vore getree het, betrek nie.

Die regering het sedert die stigting van die Unie in 1910 verskeie versoeke vir vrouestemreg in die parlement aangehoor. Dit is telkens verwerp of ander insidente soos die Eerste Wêreldoorlog, het meer aandag geniet. Na die oorlog het agitatie vir vrouestemreg sterker geword. In 1927 het verskeie VNP-kongresse aangedui dat hulle: “unanimously [were] in favor of the vote. The party’s pro-suffrage stance was seen as a bold step”.<sup>24</sup> Teen daardie tyd was dit duidelik dat dat Johanna se standpunt van “tuisbly en bak en brou” onder die vroue van die VNP verander het en het mev. Mabel Malherbe, wat van die begin af lid van die VNP was, gevoel dat as man en vrou saam hul huishoudelike kan sake bedryf kan hulle ook “net so goed saam die landsake bespreek, sodat hulle saam hulle stem kan uitbring vir die welvaart van die hele volk”. Nadat alle blanke vroue in Suid-Afrika in 1930 stemreg verwerf het, is sy as ’n kandidaat van die NP tot parlamentslid verkies (1933).<sup>25</sup>

Op daardie stadium was daar nie deur enige parlementêre politieke party in Suid-Afrika gedink aan gelyke stemreg met blankes vir die nie-blanke bevolkingsgroepe nie. Alhoewel die ANC reeds in 1912 gestig is, het die swart lede daarvan teen 1933 nog geen politieke regte gehad nie.

---

<sup>21</sup> *De Volkstem*, 17 September 1915 (Byvoegsel: *Boer*).

<sup>22</sup> S. Swart, ‘*Motherhood and otherhood’ gendered citizenship and Afrikaner women in South Africa 1914 Rebellion*, p. 55.

<sup>23</sup> NHKA, LIX 169/iii, Johanna aan “Vrouwen stemregt Vereeniging”, 29 September 1915.

<sup>24</sup> Vincent, *A Cake of Soap*, p. 7.

<sup>25</sup> D.P. Goosen (red.), *Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953) insluitende ‘n volksalbum van nasionale kampvegters in die algemene verkiesing, 1953*, p. 136.

Johanna het reeds teen 1920 haar rug op politieke sake gedraai en het, sover vasgestel kon word, nooit enige vermelding van die swart politieke ontwaking gemaak nie.

#### 4. Die Vroue-optog van 1915 en Johanna se betrokkenheid daarby

Die aanvang van die Eerste Wêreldoorlog in Augustus 1914 is spoedig in Suid-Afrika gevolg deur die uitbreek van die sogenaamde Afrikanerrebellie, wat teen Januarie 1915 finaal deur die regering van generaal Louis Botha onderdruk is. Die rebelleleiers is deur spesiale howe verhoor en tronkstraf en/of boetes opgelê.<sup>26</sup> Hulle ondersteuners was stomgeslaan en teleurgesteld oor die strawwe, want hulle het geglo dat die rebelle reg opgetree het.<sup>27</sup> Kort nadat die rebelle gevonniss is, het 'n aantal vroue in Pretoria, insluitende Johanna Brandt (wat destyds gereeld tussen Pretoria – by Harmonie – en Johannesburg – by die pastorie – gependel het), waarvan sommige vroue tydens die Anglo-Boereoorlog by verpleging die Irene-konsentrasiekamp betrokke was en later onder die stigterslede van die SAVF getel het en ook aktief betrokke was by die heropbou van die eertydse Boererepublieke na die oorlog, weereens besluit om op te tree ten einde hulle besware teen die behandeling van die rebelleleiers onder die regering se aandag te bring. Navorsing deur J. Streutker dui daarop dat die idee om 'n optog te hou by mev. Hendrina Joubert, die weduwee van die eerstydse kommandant-generaal van die ZAR, ontstaan het. Haar oorspronklike doelwit was bloot om vir die begenadiging van die rebelle by die regering te gaan pleit, maar sy is aangeraai om al die vroue van Suid-Afrika wat haar saak goedgesind was, in hierdie poging te betrek. So het dit gebeur dat 'n groot betoging georganiseer was ten einde druk op die regering uit te oefen om die veroordeeldes spoedig vry te laat.<sup>28</sup>

Mevv. Joubert en Elsie Eloff, 'n dogter van wyle president Paul Kruger, het twee dae nadat generaal Christiaan de Wet vir sy aandeel in die Rebelle gevonniss is, die beplande optog in verskeie koerante bekend gestel. Vroue dwarsoor die land is gevra om komitees te stig om met die sentrale komitee in Pretoria saam te werk en afgevaardigdes te kies om aan die optog deel te neem. Die optoggers sou petisies van vroue dwarsoor die land aan die

---

<sup>26</sup> J. Grobler, *Rebellie-kronologie*, in D. Langner, & A. Raath (reds.), *Die Afrikanerrebellie, 1914/1915*, p. 32.

<sup>27</sup> J. Grobler, *Volksmoeders in verset: Afrikaner-vroueoptogte in Pretoria, 1915 en 1940*, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 23/1, Junie 2009, p. 28.

<sup>28</sup> J. Streutker, *Hendrina Susanna Joubert (1830-1916)*, Ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa, 1991, p. 231; A.H. Marais, *Die Oorlogsbesluit, die Rebelle en die Nasionale Party*, in O. Geysers & A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party, Deel 1*, p. 235.

Goewerneur-Generaal oorhandig.<sup>29</sup> In hierdie petisies moes die Goewerneur-Generaal versoek word om De Wet onmiddellik vry te laat, om aan al die Afrikaners wat weens hulle deelname aan die Rebelleie gevonniss is, amnestie te verleen en om diegene vry te skeld wat ná die betoging nog verhoor sou word. Die datum van die optog en die oorhandiging van die petisie was bepaal vir 4 Augustus 1915. Die organisasie om alles te reël was wydreikend maar suksesvol onderneem. Op die beplande dag was daar ongeveer 6 000 vroue wat petisies wat deur 65 000 vroue onderteken is van die middestad van Pretoria na die Uniegebou gedra het.<sup>30</sup>

Die verrigtinge het op 4 Augustus met 'n biduur in die stampvol NG-kerkgebou op die hoek van Bosman- en Vermeulenstraat begin. Die vroue wat aan die optog deelgeneem het, is hierna op die hoek van Beatrix- en Vermeulenstraat volgens hul provinsies in groepe geplaas. Die meeste vroue was pynlik netjies en somber in hulle deftige, formele Edwardiaanse uitrustings met groot hoede, wat toe hoogmode was, geklee. Toe die eerste vrou by die Uniegebou opgedaag het, het die laastes nog nie van Kerkplein af vertrek nie.<sup>31</sup>

'n Afvaardiging wat uit mev. Joubert en Eloff sowel as afgevaardigdes van elke provinsie bestaan het, het per motor vooruit na die Uniegebou gery. Na 'n soektog het hulle die Goewerneur-Generaal, burggraaf Buxton, by sy ampswoning opgespoor waar hulle die versoekskrif aan hom oorhandig het. Hy het dit ontvang maar kon geen kommentaar lewer voordat die kabinet dit nie bespreek het nie. Johanna het op 17 Augustus 1915 in haar hoedanigheid as een van die organiseerders van die optog 'n amptelike skrywe ontvang wat namens die Minister van Justisie aan haar gerig is. Daarin is sy die volgende meegedeel:

“Met betrekking tot de petitie door U en anderen getekend ten behalve van de Rebelleie, ben ik opgedragen U te melden dat de Ministers niet in staat zyn enige aanbeveling aan zyn Excellentie de Goewerneur-Generaal te maken voordat alle zaken voor hoogverraad in verband met de Rebelleie afgehandeld zyn, waarna ieder geval afzonderlik op zyn eigen waarde zal worden overwogen, tenzy voordien om gezondheids of andere special redenen behandeld”.<sup>32</sup>

<sup>29</sup> *De Spectator*, “Speciale uitgaaf”, Augustus 1915.

<sup>30</sup> *Beeld*, 26 September 1989, Protesvroue se wapen, p. 19.

<sup>31</sup> J. Grobler, *Volksmoeders in verset: Afrikaner-vroueoptogte in Pretoria, 1915 en 1940*, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 23/1, Junie 2009, pp. 31-35.

<sup>32</sup> NHKA, LIX 170/i, brief van die kantoor van die Minister van Justisie, 17 Augustus 1915. Dit is die enigste amptelike dokument/geskrif in die Brandt-versameling oor die optog.

Die Minister van Justisie self het sowat tien weke later verklaar dat amnestie onprakties was, omdat die gees van die opstand nog te lewendig onder die volk was, en omdat dit steeds gedurig deur persone en instansies wat belang daarby het, aangevuur is.<sup>33</sup>

Johanna was ten nouste by die gebeure tydens die optog gemoeid. Sy het met groot entoesiasme aan die vooraf-reëlings deelgeneem en was betrokke by die insameling van ongeveer 15 000 name op die petisie.<sup>34</sup> Enkele dae na die gebeure het sy met groot entoesiasme aan haar skoonmoeder daaroor verslag gedoen: “Lou en ik waren naar Pretoria gegaan in de motor van Dr. Mangold, ten minste was ik in de motor met drie andere dames, en Lou om en by ons op de motor fiets – voor de merkwaardige byeenkomst van vrouwen te Pretoria ... vrouwen van alle delen van de Unie, om clementie te vragen van lord Buxton voor gevangenen De Wet en alle anderen rebellen”. Die petisie was volgens Johanna so swaar dat Buxton “moest twee footmen sturen naar de motor kar om de pakken te dragen, twee van elke provincie, terwyl 5,000 vrouwen wachten in de Amphiteater van de Unie Gebouwen”. Sy vertel verder: “Er waren byna zoveel mannen als vrouwen om ons tegen beledigingen te beschermen. Zulk een processie van vrouwen heeft de wereld seker nooit tevoren gezien, zomber gekleed, velen in zware rouw, anderen in donker bruin of blaauw, stemmig, deftig, stil, weemoedig, – er was iets droewigs in die vrouwen schare. Geen woord word gesproken, al dat lawaai en geschreeuw en gewapper van vlaggen hoort niet thuis in een volk dat zo ondersteun het ernstig zaak. Zulk een toewyding én eensgezindheid heb ik nog nooit gezien”.<sup>35</sup>

Die organiseerders van die vrouebetoging het op 5 Augustus, die dag na die optog, al die afgevaardigdes by die Nasionale Dieretuin in Pretoria onthaal. Boodskappe het van oral ingestroom en die vroue is gelukkigwens met die groot omvang van hulle onderneming, waarna hulle huiswaarts gekeer het. Die pers kon nie anders as om oor die gebeurtenis as geheel verslag te lewer nie. Die *Pretoria News* van 5 Augustus 1915 het die spot gedryf met die deelnemers aan die optog, veral omdat die berigskrywer hoofsaaklik op die vroue se kleredrag eerder as die doel en die omvang van die optog klem gelê het. Die opskrif van die berig was “The Petticoat Commando” – verwysend na Johanna se publikasie van 1913. *De Vriend des Volks*, wat die regeringsparty ondersteun het, het wel simpatie met die vroue getoon en hul optrede as verblydend en hoopvol beskou omdat hulle begin betrokke raak by maatskaplike en politieke

---

<sup>33</sup> A.H. Marais, Die Oorlogsbesluit, die Rebelle en die Nasionale Party, in O. Geyser & A.H.

Marais (reds), *Die Nasionale Party, Deel 1*, p. 236, wat verwys na ’n berig wat op 1 November 1915 in *De Vriend des Volks* verskyn het.

<sup>34</sup> B. du Toit, Die eintlike Kappiekommando, *De Kat*, April 1986, p. 30.

<sup>35</sup> NHKA, LIX 39/ix, Johanna aan skoonmoeder, 11 Augustus 1915.

sake. *De Spectator*, aan die anderkant, het slegs positiewe kommentaar gelewer en het selfs 'n spesiale uitgawe oor die optog gepubliseer. *Die Brandwag*, wat op daardie stadium 'n gewilde kulturele tydskrif was, het 'n artikel deur M.M. oor die optog gepubliseer. Daarin is na die vroue verwys as “die sterkste geslag” wat lof toegeswaai moet word vir hul harde werk as nasiebouers. Die bekende volksdigter van daardie era, Jan F.E. Celliers, het in 'n gedig met die titel *By die Vrouebetoging* die dapperheid van die vroue-optoggers besing.<sup>36</sup> Die skrywer A.H. Marais is van mening dat die vroueoptog tot gevolg gehad het dat die regerende Suid-Afrikaanse Party lede verloor het, wat daarna by die Nasionale Party aangesluit het, tot dié party se voordeel.<sup>37</sup>

Die vernaamste kenmerke van die vroue-optog was dat dit 'n spontane optrede van die vroue was wat nie deur die mans – wat op dié stadium stemreg gehad het – tot die stap aangespoor is om so tot die uitbouing van Afrikanernasionalisme by te dra of stemme vir die nuutgestigte Nasionale Party te werf nie. Voorts was die optog gekenmerk die goeie organisasie, die stille waardigheid van die vroue en die feit dat dit die meer invloedryke, ouer vrouens was wat die leiding geneem het. Mev. Joubert was destyds reeds 84 jaar oud.<sup>38</sup> Volgens Swart “they represented the ‘first families of the land’ ... [they were] the leadership network of an old guard of Boer matriarchs, wives of generals for the most part”.<sup>39</sup> 'n Verdere vername kenmerk van die vroue-optog was dat dit die eerste keer was dat Afrikanervroue die politieke terrein betree het, alhoewel dit nog in 'n rol onderdanig aan die mans se politieke mag was. Die betekenis van die optog, volgens mev. Joubert, was: “De dochters van Zuid-Afrika zijn ontwaakt!”<sup>40</sup>

Na die optog is daar ruimskots deur die pers na die deelnemende vroue verwys as ‘volksmoeders’.<sup>41</sup> As die oorsake, verloop en gevolge van die optog vergelyk word met die ‘volksmoeder’-konsep, kan met sekerheid gesê word dat die vroue op eie inisiatief gehandel het maar *met die ondersteuning van hul mans*. Hulle het nie op onderdanige wyse toestemming gevra nie maar wou van hulle kant *hulle mans ondersteun* sowel as die rebelleiers help om vry te kom van die straf wat hulle moes verduur wat indirek deur die Britse regering via die

---

<sup>36</sup> J. Grobler, Volksmoeders in verset: Afrikaner-vroueoptogte in Pretoria, 1915 en 1940, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 23/1, Junie 2009, pp. 36-37.

<sup>37</sup> A.H. Marais, Die Oorlogsbesluit, die Rebelleie en die Nasionale Party, in O. Geysers & A.H. Marais (reds), *Die Nasionale Party, Deel 1*, p. 235.

<sup>38</sup> *De Spectator*, “Speciale uitgaaf”, Augustus 1915.

<sup>39</sup> S. Swart, ‘Motherhood and otherhood’ gendered citizenship and Afrikaner women in South Africa 1914 Rebellion, p. 51.

<sup>40</sup> Maritz, *Afrikanervroue*, p. 18.

<sup>41</sup> J. Grobler, Volksmoeders in verset: Afrikaner-vroueoptogte in Pretoria, 1915 en 1940, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 23/1, Junie 2009, pp. 40.

Suid-Afrikaanse regering van generaal Louis Botha op hulle toegepas is. Dit was selfs binne die internasionale konteks tydens die Eerste Wêreldoorlog 'n unieke gebeurtenis dat vroue op hulle eie inisiatief 'n massa-betoging onderneem. Tog het historici dit oor die algemeen as “'n geïsoleerde aktivistiese optrede” beskryf.<sup>42</sup> Postma het in 1918 die betoging beskryf as 'n tipiese optrede van vroue. Liefde het geroep en hulle het gehoor gegee. Hy skep die indruk dat 'n vrou nie dink nie, net handel sonder om aan die gevolge van haar daade te dink – sy word net deur liefde gemotiveer!<sup>43</sup>

Ten spyte van Postma se opinie kan die vroue-optog van 1915 as 'n waterskeiding-insident op die Afrikanervroue se weg van die passiewe ‘volksmoeder’ na aktiewe, selfstandige vroue beskou word. Streutker stel hierdie verandering só: “In die geskiedenis van die Afrikanergemeenskap [het] die vrou gewoonlik agter die skerms gewerk en het onsigbaar gebly. Met die optog van 1915 ... het hulle openlik opgetree”.<sup>44</sup> So het die Rebelle bygedra tot 'n nuwe, sterker rol van die vrou. Met hierdie optrede het Afrikanervroue volgens sommige resente vroueskrywers vir die eerste keer uit hulle ‘volksmoeder’-rol getree. Hulle voer aan dat die Afrikanervroue besig was om uit 'n manlik-gemanipuleerde samelewing, waarin hulle totaal uitgelewer aan hulle mans was, te ontsnap.<sup>45</sup>

Ten slotte kan daar gevra word hoekom die onverskrokke Afrikanervroue so lank tevrede was om in onderdanigheid aan hulle mans te funksioneer. Dit word deur historici toegeskryf aan veral die Calvinistiese godsdiens waarvolgens die vrou onderdanig moes wees aan die man, by die huis moes bly en kinders moes grootmaak.<sup>46</sup> Die verandering het nie oornag plaasgevind nie. 'n Kombinasie van faktore soos die Industriële Revolusie, die Eerste Wêreldoorlog en die talle nuwe filosofiese publikasies oor die status van vroue, het bygedra tot hulle geleidelike ontwaking as die gelykes van mans.

---

<sup>42</sup> Maritz, *Afrikanervroue*, p. vii.

<sup>43</sup> W. Postma, *Die Boervrou, moeder van haar volk*, pp. 141-145.

<sup>44</sup> J. Streutker, Hendrina Susanna Joubert (1830-1916), Ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa, 1991, p. 107.

<sup>45</sup> J. Streutker, Hendrina Susanna Joubert (1830-1916), Ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa, 1991, p. 107.

<sup>46</sup> Jordaan, *Vyftig jaar*, pp. 95-96; Maritz, *Afrikanervroue*, pp. 13-14.



## 5. Johanna se betrokkenheid by die VNP

Dit was eers tydens die era van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en die Afrikanerrebellie wat in Suid-Afrika daaruit voortgevloei het, dat daar 'n merkbare politieke ontwaking by Afrikanervroue plaasgevind het. Daardie politieke ontwaking het onder meer gemanifesteer in die stigting van die Vrouen Nasionale Partij (VNP), wat vervolgens onder die loep geneem word.

Johanna se redes vir die stigting van 'n tak van die VNP selfs voordat daardie organisasie amptelik tot stand gekom het, het gespruit uit die volgende omstandighede wat in 1914-15 tot algemene onstabieleit in die gemenskap aanleiding gegee het, naamlik die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die politieke verdeeldheid in veral die Afrikanergemeenskap oor deelname aan die oorlog of nie. Vervolgens het dit tot die Afrikanerrebellie gelei waarvoor nie net die mans standpunt ingeneem het nie, maar die vroue het ook betrokke geraak. "In al die krisisure van ons volk het die vrou pal gestaan en haar invloed laat geld." So skryf Goosen in *Die Triomf van Afrikaner Nasionalisme* wanneer hy verwys na die Vroue-optog van Augustus 1915. Hy vervolg: "Uit hierdie demonstrasie het die Vroue Nasionale Party ontstaan – 'n vroue-organisasie wat gebore is uit die smarte van die volk".<sup>47</sup>

Dit sal egter daarop neerkom om die kar voor die perde te span as die stigting van die VNP bloot as 'n uitvloeisel van die Vroueoptog beskou sou word, want die eerste tak daarvan is reeds voor die optog in Johannesburg deur Johanna gestig. In 'n brief aan haar skoonmoeder het sy in Augustus 1915 daarvoor geskryf: "Met het oog op de a.s. Parlements verkiesingen zyn alle partyen druk aan het organiseren. De Nasionale Party was nog maar zwak een paar maanden geleden en er bestond geen enkele vrouwen tak daarvan. Nu heb ik op 21 Juli de eerste tak gesticht in Braamfontein".<sup>48</sup> Vir Johanna het die politieke organisering van Afrikanervroue op die Witwatersrand hiervolgens gewentel om ondersteuning van die Nasionale Party: die party wat moes veg vir die behoud van die Afrikanergemeenskap in Suid-Afrika. Tydens die stigtingskongres van die VNP in Transvaal nege maande later het Johanna in 'n verslag oor die gebeure op 21 Julie 1915 geskryf: "Enige honderde mannen en vrouwen waren aanwezig, en

---

<sup>47</sup> D.P. Goosen (red.), *Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953) insluitende 'n volksalbum van nasionale kampvegters in die algemene verkiesing, 1953*, pp. 130-131. Die VNP se eerste tak in Johannesburg is 14 dae voor die optog gestig, maar as gevolg van die dames se betrokkenheid met die reëlins van die Vroue-optog, het hulle eers in September met hul werksaamhede begin.

<sup>48</sup> NHKA, LIX 39.9, Johanna aan skoonmoeder, 7 Augustus 1915.

vanuit deze eerste tak werden zeven-en-twintig takke op de Witwatersrand gesticht, zowel as een aantal te Rustenburg, Klerksdorp en Heidelberg”.<sup>49</sup> In September 1915 is die eerste voorlopige hoofbestuur van die Witwatersrandse takke verkies. Dit het uit sewe lede bestaan waarvan Johanna die voorsitster was.<sup>50</sup>

Alhoewel daar in die argivale dokumentasie geen verwysing hierna gevind kan word nie, is dit nie seker of Johanna moontlik ’n geheime agenda gehad het met die stigting van die VNP nie, naamlik om haar man te bemagtig deur te help om stemme te werf waar hy as kandidaat van die NP in Pretoria-Sentraal sou staan. Hy was relatief onbekend in Pretoria en as daar na sy persoonlikheid gekyk word, is dit nie verbasend dat hy nie die setel gewen het nie: hy, as predikant, was nie gemaak vir politiek nie. Tog is dit onwaarskynlik dat haar man se politieke loopbaan haar belangrikste dryfveer was, want sy het haar op die organisering van vroue op die Witwatersrand toegespits, ver van Sunnyside af. Tog is dit bykans vanselfsprekend dat wat haar betref die SAVF en die Helpmekaar-beweging reeds daar was vir liefdadigheid en daarom moes die VNP bly voortbestaan om die manne polities te ondersteun.

Johanna het self ’n verduideliking vir haar keuse van naam van die vroueparty verskaf: “Zy [Johanna] het de eerste tak gesticht had met het doel de Nationale Party van die mannen te ondersteunen, vooral in verband met de komende Parlements verkiezingen. Daarom had zy de naam Vr. Nat. Party genomen. Sedert deze tyd heeft de grote uitbreiding van de organisatie een zeker bewys gegeven dat er een verlangen onder de Afrikaner vrouwen was naar een breeder ontwikkeling op polities gebied. Zy hoopte dat de Vrouwen Nationale Party zou voort blyven bestaan onder de oorspronklike naam en voor het doel waarvoor het opgericht was”.<sup>51</sup> Tydens die stigtingsvergadering van die tak in Rustenburg het Johanna ’n verdere verduideliking verskaf: “Die VNP is een politieke beweging gebou op Christelike Nationale beginselen”.<sup>52</sup>

Kort na die Vroue-optog het ’n tweede vroue politieke party tot stand gekom, naamlik die Nationale Vrouevereniging (NVV) onder leiding van mev. Elsie van Broekhuizen (’n kleindogter van president Kruger) in Pretoria. Haar man, ds. Herman van Broekhuizen, was ’n

---

<sup>49</sup> NHKA, LIX 156/i, uit Johanna se verslag tydens die opening van die stigtingskongres, April 1916, p. 10.

<sup>50</sup> NHKA, LIX 156/i, uit Jaarverslag van die VNP, 1916.

<sup>51</sup> NHKA, LIX 170/I, uit notule van Witwatersrand-tak se vergadering, 18 Mei 1916.

<sup>52</sup> NHKA, LIX 158/ii, Rustenburg-vergadering genotuleer deur Johanna, 28 September 1915.

prominente deelnemer aan die Afrikanerrebellie.<sup>53</sup> Die doelstellings van die NVV was min of meer dieselfde as dié van Johanna se VNP. Daarbenewens wou die NVV die rebelleleiers bystaan en hulle lot verlig. Toe dié organisasie verneem het van die VNP wat reeds deur Johanna in Johannesburg gestig is, het hulle besluit om saam te werk. Die eerste gesamentlike vergadering van bestuurslede van die VNP en NVV het op 23 Oktober 1915 in Pretoria plaasgevind. Tydens die vergadering is besluit op samesmelting, om voorlopig die naam VNP te gebruik en om 'n hoofbestuurverkieë met mev. Van Broekhuizen as voorsitter. Die ander bestuurslede was mevv. Langenegger, Marais, Nel, Rörich, Grundlingh en Johanna, wat die ere-sekretaresse was.<sup>54</sup>

Ten einde oor uitbreiding en die meer vaartbelynde funksionering van die VNP te besin, het hoofbestuur op 21 Januarie 1916 'n spesiale vergadering in Johannesburg gehou waartydens besluit is om so spoedig moontlik 'n kongres te belê. Dit sou aan afgevaardigdes van al die takke 'n geleentheid bied om saam te vergader en 'n konstitusie saam te stel.<sup>55</sup> Johanna het intussen nog steeds takvergaderings in Johannesburg gehou en nuwe takke gestig. Op 24 Februarie is daar 'n reëlingsvergadering met die oog op die kongres gehou. Die datum vir die kongres is bepaal vir 18 tot 20 April 1916 en dit sou in Johannesburg plaasgevind. Johanna het hard gewerk om die nodige reëlings te tref en om die *Programma, Beschrijvingspunte* aan al die afgevaardigdes te versprei. Die kongres is in die Vrymesselaarsaal in Jeppe, Johannesburg gehou. Dit is deur afgevaardigdes van 90 takke in die Transvaal bygewoon. Die VNP het op die stadium uit 4 130 gewone lede en 109 bestuurslede bestaan, 'n totaal van 4 239 lede. Dit was die 109 bestuurslede en enkele sprekers wat die kongres bygewoon het. Aangesien dit in haar tuisstad gehou is, kan mens aanvaar dat Johanna 'n groot rol in al die finale reëlings ten opsigte van die lokaal, verversings, gassprekers en dies meer vervul het. Uit die verloop van die drie-daagse verrigtinge was dit duidelik dat Johanna die hooforganiseerder was en tot 'n mate die verrigtinge gelei het.<sup>56</sup> Op daardie stadium het sy boonop ook 'n gedeelte van die finansiële koste gedra – 'n kwessie wat hieronder weer ter sprake kom.

---

<sup>53</sup> T.C. Pienaar, Van Broekhuizen, Elsie Francina, in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, pp. 817-818.

<sup>54</sup> E.E. Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging in Suid-Afrika tot 1930*, met 'n inleidende hoofstuk oor die vrouestemreg in Engeland, p. 185; A. Grundlingh & S. Swart, *Radelose rebellie?*, p. 64.

<sup>55</sup> E.E. Stockenström, *Geskiedenis van die vrouebeweging in Suid-Afrika tot 1930*, met 'n inleidende hoofstuk oor die vrouestemreg in Engeland, pp. 185-191.

<sup>56</sup> NHKA, LIX 156/ i, Jaarverslag van VNP, 1916, p. 23.

Op Donderdag 20 April is die Hoofbestuur van sewe lede verkies. Hulle was mevv. Van Broekhuizen (voorsitter), Marais en Beyers, wat die drie verteenwoordigers van Pretoria was, mevv. Nel, Van Niekerk en Brandt (sekretaresse), wat die Johannesburgse verteenwoordigers en mev. Van der Walt wat die buitestedelike verteenwoordiger was. Die hoofbestuurslede het as sprekers opgetree. Johanna het die verrigtinge met 'n verwelkomingswoord aan al die afgevaardigdes en besoekers geopen, waarna mev. Marais die reglement van orde voorgehou het. Mev. Nel het die verwelkoming namens die Witwatersrandse takke gedoen. Mev. Van Broekhuizen het as voorsitster die openingsrede gelewer waarna Johanna oor die stigtingsgeskiedenis, die statistiek oor die aantal takke en die finansies van die VNP verslag gedoen het. Gassprekers het die volgende ingesluit: adv. Beyers (onderwerp: Die vrou se waarde in politiek), ds. Neethling (onderwerp: Die Helpmekaar Vereniging), dr. Visser (onderwerp: Die NP in Johannesburg) en ds. Brandt (onderwerp: Verwaarloosde kinders en weeshuise). Johanna se voorstel vir die amptelike samesmelting van die NVV en die VNP is aanvaar. Die konstitusie is uit 97 beskrywingspunte saamgestel wat o.a. die samestelling van die hoofbestuur bepaal het en verder oor sake soos onderwys en taal, regte van etniese groepe, spoorweë, landswette, fabriek, fondse, beurse en hulp aan noodlydendes gehandel het.<sup>57</sup> Die oorspronklike nasionalistiese/patriotiese/humanitêre doelstellings van Johanna wat sy reeds as jong volwassene tydens die Anglo-Boereoorlog uitgeleef het, het met die stigting van die VNP weer sterk na vore gekom en kan in die konstitusie duidelik waargeneem word. Volgens die historikus Sandra Swart was die konstitusie internasionaal van aard en het dit sterk op die beginsel van republikaanse gesteun. Dit het in Swart se woorde die volgende belangrike beginsels ingesluit: “The development of our national life following the best tradition of our ancestors to guard over national education of our children and the improvement of national laws”.<sup>58</sup>

Tydens die kongres is daar 'n versoekskrif deur die afgevaardigdes opgestel en onderteken wat “Aan de Voorzitter en Edelachtbare leden van de Volksraad der Unie van Zuid Afrika” gerig is. In hierdie dokument is die regering bedank “voor clementie reeds bewezen aan personen, die wegens deelname aan de opstand in ons land, ter strafzitting waren verwezen. Voorts willen wij u eerbiediglijk doch dringend smeken om de onmiddellike invrijheidstelling der nog

---

<sup>57</sup> NHKA, LIX 156/ i, Jaarverslag van VNP, 1916, pp. 23-27

<sup>58</sup> S. Swart, *‘Motherhood and otherhood’ gendered citizenship and Afrikaner women in South Africa 1914 Rebellion*, p. 53.

overgeblevene gevangenen”.<sup>59</sup> Hierdie dien as bewys dat die Rebelle nog vars in die geheue van die kongresgangers was.

Die moontlike toekenning van stemreg aan vroue het ook tydens die kongres ter sprake gekom maar was geensins ’n belangrike besprekingspunt nie. Tydens die kongres, wat in sy totaliteit ’n Transvaalse aangeleentheid was, was daar ook sprake om vroue die ander provinsies te betrek by die stigting van VNP-takke. Alhoewel vroue uit ander provinsies bedrywig begin raak het, het hulle nie op groot skaal takke georganiseer nie, maar het hul in baie opsigte gehelp met fondsinsamelings, tydens verkiesingsdae hulp verleen en het selfs oor die kwessie van vrouestemreg begin praat.<sup>60</sup><sup>61</sup>

Op 29 April het daar ’n berig oor die kongres in die koerant *De Spectator* verskyn. In die berig word daar onder meer verwys na mev. Van Broekhuizen se afsluitingswoorde van dank aan die Witwatersrandse VNP. “Zij waren bang geweest om het Kongres in Johannesburg te komen houden, maar hun vrees veranderde in vreugde toen zij op het station deur zoveel nationale vrienden ontvangen werden. Zij dacht ... het nationale leven in Johannesburg [zijn] sterker geworden dan in enige ander plek in Zuid-Afrika”.<sup>62</sup>

Na die kongres het Johanna ’n deftig gedrukte dokument in boekievorm met die titel: *Eerste jaarverslag van het eerste kongres der Vrouwen Nationale Partij gehouden te Johannesburg, Transvaal, op 18, 19 en 20 April, 1916*, opgestel en versprei. Die verrigtinge, finansiële state, inligting oor takke/ledetal en die samestelling van die konstitusie is hierin uiteengesit. Die boekie bestaan uit 38 A5-bladsye en het ’n volle 6d. gekos.<sup>63</sup>

Kort na die kongres is Johanna deur verskeie voornemende nuwe takke genooi om as spreker en raadgewer op te tree. Wanneer sy enigsins kon het sy sodanige uitnodigings aanvaar en daarvoor was daar by talle vroue groot waardering. Die Brandt-versameling in die Argief van die NHK in Pretoria bevat ’n briefie van “Ons Dorptje” vanwaar ’n komiteelid (geen naam of adres verskyn op die briefie nie) Johanna bedank vir haar hulp met die stigting van ’n VNPTak daár. Die skryfster het tereg opgemerk: “Gy heft uw huis achter gelaaten (het welk geen

---

<sup>59</sup> NHKA, LIX 166/ii, ongedateerde dokument van VNP aan Volksraad.

<sup>60</sup> M.P.A. Malan, *Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy Stryd en sy Prestasies, 1914-1964*, p.

<sup>61</sup>

<sup>62</sup> NHKA, LIX 156/i, knipsel uit *De Spectator*, 29 April 1916, p. 20.

<sup>63</sup> NHKA, LIX 156/I, Jaarverslag van die VNP.

makkilike zaak voor een Moeder is). Koude, regen, en ongemak heeft U niet bedwongen uwe plicht te verzuimen. Gy waagd uwe gezondheid als't ware, om verwaarloze blanke kinders in ons land te redden en versorgen ... menchen die niet zo diep over zaken denken, of nog niet bekend is met zulke behoefte om ons land, polities wakker te schudden".<sup>64</sup> Alhoewel die briefie onsamehangend is, is die waardering opreg.

Johanna het 'n wesentliche bydrae tot die groei van die VNP gelewer. Sy het onder meer in drie maande 25 takke van die VNP gestig, onder andere in Jeppestown, Bezuidenhoutsvallei, Kenilworth, Turffontein, Newlands en Aucklandpark. In haar verslag hieroor aan haar moeder het sy bygevoeg: "Er zijn nog vele kiesafdelingen die op my wachten zoals Fordsburg, Vrededorp, Germiston, Norwood, enz, en het sal my wel nog een paar weken nemen om de hele Witwatersrand te organiseren. Tegen de tyd dat de leden beginnen te werken voor de electies, leg ik myn arbeid neer en wyd ik myn kragten meer aan huishoudelike zaken".<sup>65</sup> Volgens Bep du Toit was Johanna besonder suksesvol as stigter van die VNP. "Sy onderneem reise deur die hele land om nuwe takke ... te stig en menige politikus van vandag sal moet terugstaan vir Johanna Brandt se oorredingskrag en boeiende voordrag".<sup>65</sup>

Op 11 November 1916 meer as 400 Nasionaliste (mans en vroue) in die stadsaal van Barkly-Oos (Kaapprovinsie) vergader om die wenslikheid te bespreek om 'n tak van die VNP daar te stig. Johanna is na die geleentheid uitgenooi om die doel van die organisasie te verduidelik. Die dagblad *Ons Vaderland* het daaroor berig: "In haar rede maakte de spreekster aan de vergadering duidelik de politieke aard van de VNP en hoe de beweging in de donkere en zelfs gevaarlike tijd na de rebellie op touw werd gezet met het doel om de Nationale Partij van Transvaal te ondersteun in de moeilike elektrie-strijd. Spreekster gaf een kort overzicht van de werkzaamheden van de Partij en van de Fondsen die gesticht waren".<sup>66</sup> Sy het die werksaamhede van die party veral wat betref fondsinsamelings saam met die Helpmekaarbeweging en hulpverlening aan weeskinders verduidelik, maar bygevoeg dat die party in hoofsaak 'n vroue-politieke party was wat die mans in die politieke stryd moes bystaan. Die uitkoms die stigting in Barkly-Oos van die eerste VNP-tak in die Kaapprovinsie daar op 28 November 1916.<sup>67</sup>

---

<sup>64</sup> NHKA, LIX 170/vi, briefie van "Ons Dorptje" aan Johanna, 17 November 1916. <sup>65</sup>

NHKA, LIX 39/ix, Johanna aan haar moeder, 15 Augustus 1915.

<sup>65</sup> B. du Toit, Die eintlike Kappiekommando, *De Kat*, April 1986, p. 28.

<sup>66</sup> NHKA, LIX 154/v, knipsel uit *Ons Vaderland*, 29 November 1916, p. 5.

<sup>67</sup> NHKA, LIX 154/v, knipsel uit *Ons Vaderland*, 29 November 1916, p. 5.

Johanna het geen rol gespeel in verdere planne om die VNP in die Kaapprovinsie uit te brei nie. Sy het skynbaar wel destyds van dr. D.F. Malan en van prof. H.E.S. Freemantle, wat respektiewelik die voorsitter en ondervoorsitter van die NP in die Kaapprovinsie was, hulle sienswyse en advies oor die stigting van takke van die VNP in daardie provinsie gevra. Hulle mening was dat dit raadsaam sou wees om eers daarmee te wag, aangesien daar reeds wrywing en misverstand tussen die ACVV en die Helpmekaarvereniging in die Kaap bestaan het en mens alle inisiatiewe wat tot verdere verdeeldheid kon lei, moes vermy. Dit was dr. Malan se standpunt in Augustus 1917.<sup>68</sup> Johanna het haar gevolglik nie verder met die VNP in die Kaapprovinsie bemoei nie.

## 6. Onverkwiklike konflik in die leierskorps van die VNP

Latere aktiwiteite van Johanna na die stigting van die VNP, het haar volgehoue pligte as sekretaresse ingesluit. Sy was verantwoordelik vir feitlik al die korrespondensie en kon hierdie verantwoordelikheid nakom omdat sy werklik goed belese was. Sy was Engels volkome magtig en waar Afrikaans gedurende dié tydperk nog nie 'n ten volle gevestigde skryftaal was nie, het sy haar bes probeer om in 'n verstaanbare taal te skryf. By die bestudering van haar dokumentasie is dit duidelik waarneembaar dat sy van 'n betreklik suiwer Hollandse skryfstyl al meer na 'n 'praat'-Afrikaans oorgeslaan het. Tog het sy, wanneer dit nodig was, haar korrespondensie in 'n formele styl gelewer en dan was dit meer Hollands as Afrikaans.

Die Brandt-versameling bevat 'n aansienlike hoeveelheid korrespondensie van VNP. Daarvan is die meeste haar eie getikte afskrifte van korrespondensie wat sy met haar 'tikkertjie' en deurslagpapier gemaak het. Hierdie taak moes baie van haar tyd in beslag geneem het. Dit was 'n veeleisende, onbaatsugtige daad maar so het sy ook haar vinger op die verloop van gebeure gehou en het 'n omvattende bron van inligting, veral oor die eerste jare van die VNP, bewaar gebly.

Aangesien die VNP aanvanklik twee 'hoofkantore' gehad het – die een in Pretoria en die ander in Johannesburg – het die moontlikheid van misverstande in verband met kommunikasie ontstaan. Dit het skynbaar dan ook vroeg in 1916 – met ander woorde reeds voor die eerste

---

<sup>68</sup> NHKA, LIX 170/i, brief van mev. W.A. Hofmeyr, Organiserende sekretaresse, VNP, Kaapstad aan mev. Greyvensteyn, Hulp-sekretaresse, VNP, Barkly-Oos, Kaapstad, 30 Augustus 1917.

kongres – gebeur toe mev. Melt Marais, ’n lid van die hoofbestuur in Pretoria, ’n omsendbrief (‘sirkulaire’) aan al die takke versend het en dit as sekretaresse onderteken het, skynbaar sonder om toestemming van die hoofbestuur te verkry. Die brief is deur die Pretoriase VNP saamgestel en gedruk. Johanna het ’n brief aan die hoofbestuur van die VNP gerig waarin sy beswaar gemaak het en aangevoer het dat dat mev. Marais (en andere) van hul posisie in Pretoria misbruik gemaak en verwarring ten opsigte van toekomstige reëlins veroorsaak het. Johanna was so ontsteld dat sy namens die hoofbestuur gevra het dat die omsendbrief geïgnoreer moet word.<sup>69</sup> Hierdie was maar een van vele skrywes wat dui op swak skakeling tussen die twee ‘bestuursgroepe’.

In Februarie 1916, steeds voor die formele kongres in April plaasgevind het, het die ‘misverstand’ tussen Johanna en mev. Marais verdiep. Volgens “De Nationale (mannen) Partij van Tranvaal” sou Johanna op 24 Februarie aan hulle ‘n “sirkulaire” gestuur het wat “een verkeerde indruk heeft teweeg gebracht, iets wat toch zeker niet uwe bedoeling kan zijn geweest, teen U epistel samenstelde en daarna uitzond! Voorop stellende dat ik hoegenaamd niets met de uitzending van een sikulaire te doen heb gehad.” Die “mannen” het aangevoer dat Johanna na valse bewerings geluister het en dat sy die VNP-tak in Pretoria onregverdiglik beskuldig van ’n vals dokument (“sikulaire”) wat mev. Marais sou uitgestuur het. Die beskuldiging is verwarrend aangesien daar nêrens spesifiek oor die inhoud van Johanna se sogenaamde “epistel” gepraat word nie. Johanna is ter afsluiting deur die “mannen” NP versoek om in ’n skrywe aan die lede van die sentrale komitee van die NP verskoning te vra en dat sy hulle moes inlig dat sy “onder een verkeerde indruk” verkeer het toe sy die beskuldiging gemaak het. Die brief is deur H. Postma, sekretaris, NP, onderteken.<sup>70</sup>

Johanna het voet by stuk gehou dat sy niks verkeerd gedoen het nie. In ’n brief aan Brandt het sy enkele dae later, naamlik op 7 Maart, geskryf: “Donderdag is er Hoofd Bestuurs vergadering [Witwatersrand-tak] over de brief van Pretoria tak waarin onmiddelijke herroeping van onze uiterst beledigende circulaire ge-eischt wordt en nogal excuus vragen aan de mannen!!! De poppe gaan nu aan’t dansen want ik zal in geen geval excuus vragen. Dan liever aftreden ... wat er op die verg. gebeurd is waar ik niet by was, weet ik niet”.<sup>72</sup> Volgens Johanna het die

---

<sup>69</sup> NHKA, LIX 170/i, Johanna aan VNP Pretoria, 24 Februarie 1916, verwysende na die omsendbrief van 28 Januarie 1916.

<sup>70</sup> NHKA, LIX/167/i, mev. H. Postma aan die sentrale komitee, 3 Maart 1916. <sup>72</sup>  
NHKA, LIX/ 167/vii, Johanna aan Brandt, 7 Maart 1916 <sup>73</sup> NHKA,  
LIX/167/ vii, Johanna aan moeder, 14 Maart 1916.



hoofbestuur van Pretoria die brief opgestel en het sy nie eers geweet wat daarin gestaan het nie.<sup>73</sup> Hier kom Johanna se onvoorspelbaarheid vir die eerste keer na vore want op 15 Maart het sy aan Tielman Roos, 'n leier van “De Nationale (mannen) Partij van Transvaal”, regsgeleerde en NP-parlementslid, geskryf dat sy weens haar moeder se siekte nie persoonlik met hom kon praat nie, maar sy erken die volgende: “Ik ben heelemaal verantwoordelik voor die opschudding over die circulaire door die Pretoria tak van de V.N.P. uitgezonden is”, aangesien sy dit ten sterkste afgekeur het en sy 'n spesiale vergadering van de hoofbestuur aangevra het en dat die persone wat verantwoordelik was vir die “circulaire” beslis teenwoordig moes wees. “Dit was een zaak tussen my en myn bestuur en zou, na een opheldering van beide kanten, waarskynlik nie verder zou gegaan behalve dat ik ook een voorstel gereed had om de takken bekend te maken dat die circulaire van Pretoria niet officieel was, enz”. Dan herhaal sy effe teenstrydig in die brief: “Ik wens hiermede zeer beslist en duidelijk bekend te maken dat ik persoonlijk niet in het minste verantwoordelik ben voor het misverstand”.<sup>71</sup>

Na die kongres van April 1916 het die interne woelinge in die VNP voortgeduur. Johanna was intens daarby betrokke. Een van die kwessies wat haar oneindig gegrief het, was dat die Pretoria-tak van die VNP tydens 'n vergadering op 1 September 1916 besluit het om die samestelling van die bestuur in hulle guns te wysig. Dit het, wat Johanna betref, teen die konstitusie van April 1916 ingedruis en sy het 'n versoek dat die besluit gekanselleer moet word en by die konstitusie gebly moet word, aan die Pretoria-lede gerig.<sup>72</sup> Ook hier is dit nie duidelik wat van Johanna se beswaar geword het nie want daar is geen verwysing hierna in die talle briewe tussen die twee bestuursgroepe nie, maar dit wil voorkom asof die Pretoriatak die oorspronklike reëling aanvaar het.

Dit was allermens die einde van Johanna se twis met die Pretorianers. In Oktober 1916 het sy aan haar moeder geskryf dat sy tot haar verbasing in dokumentasie van die VNP-hoofbestuur gelees het dat sy “het als Sec bedank ten gevolge van haar menigvuldige werkzaamheden in huis en in die gemeente en dat Mev. M.M. in haar plaats aangesteld is!!” In hierdie brief het sy wel haar moeder meegedeel dat sy en mev. Nel beide op 26 September 1916 bedank het, maar geen dokumentasie van haar aan die bestuur waarin verklaar word hoekom sy bedank het, kon opgespoor word nie. Sy stem egter nie saam met die redes wat die Pretorianers aangegee het vir haar bedanking nie – volgens haar was dit oor die valse beskuldigings wat die bestuurslede

---

<sup>71</sup> NHKA, LIX 169/iv, Johanna aan Tielman Roos, 15 Maart 1916.

<sup>72</sup> NHKA/ LIX/ 165/iii, Johanna aan Pretoria-bestuurstak, 13 September 1916.

in Pretoria teen haar (en mev. Nel) gerig het. Johanna het vervolgens haar moeder meegedeel dat mev. Nel se naam as vise-voorsitster onder aan die brief aangebring is. Ene mnr. Smal het vir Johanna die stories vertel, want hy het haar teen “hulle” gewaarsku want “hulle” was van plan om haar ‘n poets te bak. Die Pretoriase dames het mev. Nel belowe dat hulle Johanna in haar pos sal herstel as sy [Mev. Nel] die omsendbrief teken, maar mev. Nel het reeds op 25 September bedank “en herhaalde malen geweiger het om haar bedanking terug te trek ... nou zet hulle haar naam onder een document waarvan de inhoud de hele oorsaak is van ons aftreden, n.l. dat die hele administrasie nou in Pretoria is. Verbeeld u dat hulle nou myn laaste steun van my wil aftroggel! (Hulle weet dat ik verloren is als zy [mev. Nel] my ook in die steek laat – maar hulle wil my ten gronde breng. O, ik het hulle leer ken!)”. Ds. Van Broekhuizen het volgens Johanna vir mev. Nel besoek en ’n uur lank haar probeer oorhaal om haar bedanking terug te trek, maar hy is woedend daar weg toe sy geweier het. Intussen het gerugte oral die rondte gedoen dat Johanna nie saam met mev. Van Broekhuizen as voorsitster wou werk nie. Johanna het die gerug ontken wat glo deur mev. Marais versprei is.<sup>73</sup>

Sedert die tweespalt tussen die twee groepe in die VNP ontstaan het en veral na die uittrede van Johanna uit die Hoofbestuur, het talle lede van die VNP briewe aan Johanna geskryf. Die Brandts het die gewoonte gehad om al hulle korrespondensie te bêre. Gevolglik bestaan daar heelwat geskrewe inligting oor Johanna se betrokkenheid by VNP-kwessies. Daar het weliswaar meestal briewe van getroue ondersteuners wat aan Johanna gerig is, in die haar versameling bewaar gebly. Haar kant van die saak word daarin gesteun. Tog werp dit waardevolle lig op die verwickelinge as geheel. ’n Besondere voorbeeld was die brief van mev. J.M. Petersen van Germiston aan Johanna wat toe nie direk by haar nie, maar by die Pretoria-tak uitgekome het. Dit is op 4 November 1916 deur mev. M. Marais in haar hoedanigheid as sekretaresse beantwoord. Sy het as volg geskryf:

“Geagte Vriendin,

Ik is jammer dat ik so onbekend is met die ligging van die Rand takke, ons wil so graag ’n vergadering bywoon van uw tak. Kan u my a.u.b. kennis gee van uw volgende vergadering dan sal een van die Hoofd bestuurs lede dié verg. by woon om u alle inligting te gee van sake aangaande die H.B. [Hoofbestuur]. U weet misschien dat Mev. Brandt en Mev. Nel albei bedank het van die H.B. beide plekke word opgevolg deur lede van die W.W.Rand. Neem dus a.u.b. geen notitie van enig kennisgewing of Circulaire deur die twee ondertekende. Ter wille van ons

---

<sup>73</sup> NHKA, LIX167/iv, Johanna aan haar moeder, 30 September 1916.

tegenparty het ons alles gedaan om vrede te herstel, maar te vergeefs. Nu het die twee lede bedank en sal ons weer lekker saam werk. Hartelik gegroet,

M. Marais. (Sek. H.B.)”<sup>74</sup>

Hierdie brief werp weinig lig op die twispunte in die VNP, maar gee duidelik die indruk dat Johanna en mev. Nel bloot net bedank het sonder dat daar wesenlike aanklagte teen hulle was. Mev. Petersen het hierop ’n brief aan Johanna gerig waarin sy die brief van mev. Marais aan haar ingesluit het gestuur. Mev. Petersen het dit in haar brief duidelik gemaak dat sy Johanna steeds steun: “Moet tog nie zoo een gedachte maak nie dat die Nationale Party u nie meer nodig het ... maar wat dan van de nageslacht, ons moet maar zame staan tot die Rand weer sy rechte terug het, maar Pretoria sal hulle zin nie kryg nie”<sup>75</sup>

Volgens Johanna het wanorde in die VNP na haar bedanking uit die Hoofbestuur hoogty gevier. Sy het die takke op die Witwatersrand opgeroep om op Vrydag 27 Oktober by Nel’s Rust Dairies, wat na alle waarskynlikheid mev. Nel-hulle se woning was, te vergader. In die oproepkennisgewing, waarvan sy 60 getik en om middernag die voorafgaande Woensdagaand gepos het, het sy aangedui dat “wij zullen moeten voor de rechten van de Rand [VNP] vechten. De leden van Pretoria zeggen dat de V.N.P. niet op de Rand gesticht is, en hebben de hele administrasie in Pretoria genomen. Wij zyn dus uit protest afgetreden als leden van het H.B ... Wij hebben alles opgeofferd en zwaar geleden in onze pogingen om de rechten van de Rand te handhaven, en vragen U nu om ons niet langer alleen te laten vechten, maar de vergadering zeker by te wonen, anders is de zaak verloren”. In die kennisgewing het sy voorts aangedui dat sy gehoor het dat die Hoofbestuur ook van plan was om die Randse takke op ’n slinkse wyse op te roep deur self ’n geheimsinnige vergadering te belê.<sup>76</sup>

Daardie vergadering het wel plaasgevind, het skynbaar rumoerig verloop en het vir Johanna op ’n mislukking uitgeloop, want die dames van die Hoofbestuur in Pretoria het daar opgedaag en die verrigtinge oorgeneem. In ’n brief aan ’n belangstellende op Klerksdorp het sy gekla dat sy

---

<sup>74</sup> NHKA, LIX 165/iii, Mev. Petersen aan Johanna, foutiewelik na Pretoria-tak gestuur is en bogenoemde is die antwoord van Mev. Marais aan mev. Petersen, 4 November 1916.

<sup>75</sup> NHKA, LIX 165/iii, Mev. Petersen, Germiston, aan Johanna, 27 November 1916.

<sup>76</sup> NHKA, LIX 165/iii, Kennisgewing van Johanna aan Randse besture, 25 Oktober 1916.

en haar ondersteuners behandel is asof hulle “niet op de wereld bestonden. Zoiets koude en ongevoelig en onrechtverdiging is ondenkbaar van Nationalisten tegen Nationalisten”.<sup>77</sup>

Johanna het ook in ’n twis met die Hoofbestuur in Pretoria betrokke geraak in verband met die stigting van die VNP-tak in Barkly-Oos. Daardie takstigting, waaroor in die vorige subhoofstuk geskryf is, het eers na haar bedanking as ere-sekretaresse uit die Hoofbestuur plaasgevind. Johanna het die verloop van gebeure as volg verduidelik:

“In de begin van November [1916] ging ik op een dringende uitnodiging van Tak Barkly Oost naar de Kaapprovinsie om de vrouens te helpen daar meer takken te stichten en een eigen Hoofd Bestuur te kiezen voor de K.P. [Kaapprovinsie]. Hiertoe had ik geen permissie nodig van ons H.B. want wy hebben niet te beskikken over andere Provinsies. De Konstitusie in acht nemende, heb ik geen enkele tak meer gesticht na mijn aftreden van het H.B. in Transvaal, maar ik was volkome vry om een uitnodiging aan te nemen naar een andere Provincie, en toch heeft het H.B. myn karakter zover geschonden door advertenties van publieke waarschuwing te plaatsen tegen my in *De Burger* en *De Volksblad* in de eerste helft van December. Deze grove [growwe] misdaad was niet alleen bestemd om my persoonlik te benadelen maar heeft op het oog de vernietiging van de V.N.P. beweging in de K.P. Daarvan heb ik al de bewyzen die ik nodig heb en ik verzeker U dat er zoveel kwaad gedaan is door ons eige Hoofd Bestuur en soveel vooroordeel gezaaid, dat het nu zeer moeilik zal gaan om de Unie verder te organiseren vóór de volgende electies. Ik heb echter uitgevonden dat de advertenties geplaatst waren namens H.B. deur Mev. Marais, zonder opdracht van het H.B. De zaak van Barkly Oost treft de beweging meer dan myzelf”.<sup>78</sup>

Bo en behalwe al die onmin wat daar reeds geheers het, is Johanna boonop destyds daarvan beskuldig dat sy ’n tekort van £72 in haar boeke van die VNP getoon het. Na die Kongres van April 1916 het Johanna ’n uitvoerige verslag saamgestel om die totale finansiële posisie uiteen te sit. Die verslag bestaan uit vier getikte bladsye en verduidelik al die uitgawes wat Johanna op haar eie aangegaan het om die Kongres in April 1916 in Johannesburg aan te bied, aangesien

---

<sup>77</sup> NHKA, LIX 158/vii, Johanna aan mev. Smit, voorsitster van die VNP, Klerksdorp, 10 Maart 1917. Sy het navraag gedoen wat met Johanna en die hoofbestuur aangaan. In dieselfde leer is daar ’n “Verklaring” van Johanna, gedattee 31 Januarie 1917, waarvolgens die vergadering rumoerig was.

<sup>78</sup> NHKA, LIX 158/vii, Johanna aan mev. Smit, 10 Maart 1917.

die hoofbestuur toe nog min fondse gehad het. Die hoofinkomste was ledegelde wat hoofsaaklik eers by die kongres inbetaal is, soos in die VNP-publikasie na die kongres uiteengesit is. Johanna het, nadat sy alle gelde ontvang het, haar finansiële state na Pretoria geneem om dit aan mev. F. Beyers, wat die tesourier van die VNP was, te oorhandig. Aangesien dit na haar mening 'n heel ingewikkelde dokument was, wou Johanna dit graag aan die tesourier verduidelik. Laasgenoemde was nie teenwoordig nie en Johanna het die state aan mev. Marais voorgelê. Volgens Johanna het mev. Marais na “een kort gesprek” aangedui dat “de boeken in orden waren. Ek wees haar daarop dat zy dit kon bevestiging door mijn eigen kas-boek na te gaan. Ik ontvang geen bewys van haar dat my kas-boek in orde was en ek denk daar niet aan, zoiets van haar te vragen”. Volgens Johanna het sy wel daarop aandrang dat 'n ouditeur die boeke moes nagaan, want sy het vermoed dat die Hoofbestuur haar nog “een kleine som schuldig was. Dat is nooit gedaan”. Daarom was sy uiters verbaas toe daar op 'n vergadering van die Hoofbestuur met takke aan die Rand vermeld is dat “de menschen van de Rand niet zoveel zouden denken van Mevr. Brandt als zy wisten dat zy £73 verduisterd uit de kas van het H.B.”.<sup>79</sup>

Johanna het besluit om die saak nie daar te laat nie, maar om die hulp van die VNP-takke van die Witwatersrand in te roep. In 'n skrywe aan haar ‘vriendinne’ (spesifieke name nie vermeld nie) het sy op 30 Oktober 1916 gemeld dat “de zaak is nog niet tot een beslissing gekomen. De stryd moet blyven tussen de Rand en Pretoria (om de schande van publiciteit te vermyden) maar als recht nie triomfeert, zullen wij een beroep doen op al de takken. Maar in geen geval zullen wij de stryd opgeven”.<sup>80</sup> Aangesien die kwessie teen die begin van 1917 nog hangende was, het Johanna haar voorneme tot uitvoer gebring en op 18 Januarie 'n vergadering van die VNP (Witwatersrandtakke) in die Vrymesselaarsaal, in Johannesburg gehou. Brandt het as voorsitter opgetree. Daar was mans- en vrouelede teenwoordig. Die agenda het uit 17 punte bestaan waarvan punt 8: “Inlichtingen door Mevrouw Brandt”, waarskynlik die grootste deel van die vergadering in beslag geneem het, aangesien haar handgeskrewe, verkorte notas uit agt foliobladsye bestaan het. Haar kort notatjies in die kantlyn dui daarop dat sy erg verontreg gevoel het, want sy het woorde soos die volgende gebruik: “Geheime tegenwerken, schending van karakter, afgetreden om te vechten, uitvluchten en drog-reden van H.B. leden”. Sy het stap vir stap die gebeure aangedui, vanaf die stigting van die eerste tak van die VNP op 21 Julie 1915 tot op dag van vergadering. Sy het onder meer aangevoer dat sy “nooit goede samewerking met Pretoria leden gehad”, want hulle het “fouten gevonden met al myn werk”

---

<sup>79</sup> NHKA, LIX 158/vii, “Verklaring” van J. Brandt, 31 Januarie 1917.

<sup>80</sup> NHKA, LIX 165/iii, Johanna aan haar VNP-vriendinne, 30 Oktober 1916.

en “[be]plan om van my ontslae te raak”. In een van die briewe van mev. Van Broekhuizen oor die verskuiwing van administrasie na Pretoria, het sy skynbaar aan Johanna meegedeel dat die “land en volk word uit Pretoria regeer”.<sup>81</sup> Dit was duidelik dat Johanna goed voorbereid by die vergadering opgedaag het en dit is waarskynlik dat, nadat sy haar hele voorlegging aan die vergadering vertel het, veral die mans teenwoordig ’n beter begrip van die probleme gehad het. Volgens die kort handgeskrewe notules wat Johanna van die vergadering gehou het, het mnr. Mondriaan, redakteur van die koerant *Spectator*, raad aan die vergadering gegee dat hulle nie oorhaastig moet optree nie en aanbeveel dat hulle moes aandrang dat ’n kommissie van ondersoek aangestel moes word.<sup>82</sup>

’n Volgende vergadering om die kwessie te bespreek het op 27 Januarie 1917 in Johannesburg plaasgevind. Tydens dié vergadering het Tielman Roos as voorsitter opgetree. Hy “waarschuwt die vrouen ernstig teen een scheuring in deze kritieke tyd”.<sup>83</sup> Die mans van die NP het besluit om op die stadium nie by die twis betrokke te raak nie. Johanna moes weer haar toespraak van die vorige vergadering herhaal want die lede van die “mannen” NP van Pretoria was hier teenwoordig. Sy het voorgestel dat Roos se aanbeveling dat ’n kommissie van ondersoek op die tweespalt moes ingaan, aanvaar word. Na ’n lang en luidrugtige vergadering is daar besluit dat ’n deputasie uit Johannesburg na Pretoria moes gaan om met die hoofbestuurslede daar samesprekings te voer. Die deputasie het uit ’n groep vroue bestaan en is kortweg die “Seven Vrouwen” genoem. Die lede was mevv. Vlaskamp, Kruger, Spydell, Du Toit, Van Heerden, Carr en Mathee. Hulle sou “handelen in verband met moeilikheden [van die] Hoofd Bestuur” en dit onpartydig ondersoek. Mevv. Brandt en Nel mag nie as lede van die deputasie dien nie, maar dit is gereël dat hulle “naar Pretoria zouden gaan met de Deputatie als beschuldigers van het H. Bestuur”.<sup>84</sup>

Die samesprekings van die “Seven Vrouwen” met lede van die VNP hoofbestuur in Pretoria het op 31 Januarie 1917 plaasgevind. Volgens Johanna se verslag daaroor was “de ontmoeting zeer onbevredigend. In geen enkel opzicht was er enige tegemoetkoming van het Hoofd Bestuur ... de Deputasie keerde huiswaarts zeer teneer beslachen over het bedrog en schandelike onregtvaardigheden van het Hoofd Bestuur”. Tog het sy bygevoeg dat die Hoofbestuur “ontkende dat ... er ooit sprake was geweest van een tekort, er was integendeel, een som van £4

---

<sup>81</sup> NHKA, LIX 170/i, toespraak van Johanna tydens vergadering op 18 Januarie 1917, sowel as haar handgeskrewe toespraak.

<sup>82</sup> NHKA, LIX 170/i, Johanna se notuleboek, gedateer Januarie tot April 1917.

<sup>83</sup> NHKA, LIX 170/i, Johanna se notuleboek, gedateer Januarie tot April 1917.

<sup>84</sup> NHKA, LIX 170/i, Johanna se notuleboek, gedateer Januarie tot April 1917.

of £5 te veel in kas”. Dit het geblyk dat die hoofbestuur ’n dubbel inskrywing van £75 gemaak het en dat dit die oorsprong van die fout en latere aantygings was.<sup>85</sup>

Op 5 Februarie het Johanna ’n brief van mev. Marais as sekretaresse van die hoofbestuur ontvang waarin sy opdrag gegee het dat die deputasie van Sewe Vroue twee lede moes benoem wat op die Kommissie van Ondersoek sou dien, “ten einde die rede van die aftrede van Mev. Brandt onpartydig te ondersoek”. Die hoofbestuur sou ook twee lede aanstel en ’n vyfde sou deur die vier lede gekies word.<sup>86</sup> Drie van die lede wat deur die Sewe Vroue benoem is, het uiteindelik op die kommissie gedien, naamlik advokaat Van Hees en mnre. C. Van Veyeren en W.F. Mondriaan. Die dames van Pretoria het mnre. H.S. Webb en J.A. Joubert aangewys. Voorts is ooreengekom dat ’n Akte van Submissie sal opgestel word en dat die saak by die volgende vergadering verder bespreek sou word.<sup>87</sup> Dit is interessant dat daar gaan dames op die Kommissie van Ondersoek gedien het nie, alhoewel dit ’n damesaangeleentheid was. Dit is ook eienaardig dat dit aan die begin van die periode van die ontwaking van vroueregte was met die stigting van die VNP, maar dat mans gedien het as ‘regters’ van die saak.

Die Akte van Submissie is op 1 Maart deur die twee groepe onderteken.<sup>88</sup> Dit het behels dat die “betreurenswaardige geschil” opgelos moet word in belang van die nasionale beweging. Die punte wat bespreek sou word en oplossings voor gevind moes word, het oor Johanna se aftrede as bestuurslid gehandel. Oor die beskuldiging dat Johanna sowat £75 van die VNP verduister het, is niks in die akte vermeld nie, maar Johanna het dit so aanvaar. Die sitting van die Kommissie van Ondersoek het op 21 Maart 1917 in die Eendracht Koffiehuis, Johannesburg plaasgevind. Die Sewe Vroue sowel as Johanna was teenwoordig, laasgenoemde as *sekretaresse* en as *getuie*! Verskeie getuies waaronder mev. Nel is ondervra. Alhoewel die ‘verhoor’ in ’n koffiehuis en nie in ’n hofsaal plaasgevind het, was dit ’n ernstige saak. ’n Opsienbare insident het tydens die ondersoek plaasgevind. Volgens die notule het mev. Recourt, wat as ’n bestuurslid teenwoordig was, maar ook die verpleegster was wat Johanna na die dood van haar moeder in Desember 1916 versorg het, verwys na die ‘diefstal’ van die VNP-geld deur Johanna. Sy het bygevoeg dat Johanna “van haar verstand” was toe sy haar verpleeg het. Johanna het dit volgens die notule ontken: “Mev. Brandt verklaard dat mev. Recourt haar nooit gezien had toen zy ‘mal’ was. Gelach! De Voorzitter vraagt wat dat alles betekent van dat

---

<sup>85</sup> NHKA, LIX 170/i, Johanna se notuleboek, gedateer Januarie tot April 1917, inskrywing op 31 Januarie 1917.

<sup>86</sup> NHKA, LIX 165/i, brief van Mev. M. Marais aan Johanna, 5 Februarie 1917.

<sup>87</sup> NHKA, LIX 164/ii, die Akte van Submissie: voorlopige dokument.

<sup>88</sup> NHKA, LIX 165/ii, afskrif van ondertekende Akte.

mev. Brandt van haar verstand was. Mev. Brandt leest een certifikaat voor van drie dokters dat sy gedurende Desember 1916, ten gevolge van vervolgingen van zekere personen in een zeer bedenklige toestand verkeerde, maar nu weer heel normaal was”.<sup>89</sup>

Dié insident werp lig op die nydigheid wat by die bestuurlede waargeneem kan word. Voorts is dit opmerklik dat Johanna, toe daar tydens ’n ernstige vergadering met haar siekte en trauma gespot is, kalm gebly het en terug geantwoord het. In die lang brief aan mev. Smit het Johanna meer hieroor vertel, naamlik dat: “H.B. verspreid het gerucht dat ik krankzinnig ben geworden. Het is waar dat ik na de vreeslike dood van myn moeder (aan kanker) een zwaar siekbed had en helemal niet verantwoordelik was voor myn woorden ... en de hartverlamming waarin ik leed in Desember het gevolg waren van de volterende stryd die ik sinds eind Augustus doorgemaakt had met het hoofd Bestuur. Meer kan ik niet zeggen”.<sup>90</sup> Tydens ’n kongres van die VNP in Potchefstroom op 27 Junie 1917 het Johanna geprotesteer teen die ongeregthede van die hoofbestuur. Sy is gevolglik versoek om die saal te verlaat. “Ik voel toen dat ik voor altyd gebroken had met de VNP. Maar die vrouwe zend en Deputatie van drie van de oudste Moeders van het Volk met een verzoek, namens het Kongres dat ek terug komen en de ere-presidentschap aanneem”. Sy vervolg in ’n brief aan haar vriende: “De stem van het Volk is de Stem van God en ik heb geen ogenblik getwyfeld dat ik terug moest gaan. Ik werd toe begroet met een geesdriftig gejuigen”.<sup>91</sup>

Die rede vir die optrede van die kongres kan moontlik daarin lê dat die rapport van die Kommissie van Ondersoek die vorige dag aan die kongres voorgelees is, “en toen werd daar besloten om het niet publiek te maken maar te berusten daarin en ter wille van de zaak niets aan de wereld bekend te maken”. Johanna moes ook daarin berus dat sy nooit werklik geweet het wie in die hoofbestuur haar lewe so moeilik gemaak het nie. Sy het wel haar bedenkinge gehad. In ’n ope brief het sy verklaar: “Ik wil niets met den Hoofd Bestuur te doen hebben en zal myn tyd wyden aan het opbouwen van onze Party op de Witwatersrand”. Sy het daardie brief afgesluit met die woorde dat die kommissie “heeft my erkend als de wettige stichter van de V.N.P. en verklaren dat myn kasboeken zuiver waarin er is dus geen enkele vlek meer op mijn naam zyn”.<sup>92</sup>

---

<sup>89</sup> NHKA, LIX 170/i, NHKA, LIX 170/i, Johanna se notuleboek, gedateer Januarie tot April 1917, Notule van ondersoek op 21 Maart (deur Johanna gehou!)

<sup>90</sup> NHKA, LIX 158/vii, brief van Johanna aan mev. Smit, 10 Maart 1917.

<sup>91</sup> NHKA, LIX 165/iii, Ope brief van Johanna aan de lede van die VNP, Kaapprovinsie, 27 Junie 1917.

<sup>92</sup> NHKA, LIX 165/iii, Ope brief van Johanna aan de lede van die VNP, Kaapprovinsie, 27 Junie 1917.



Nadat die probleme opgelos is, het Johanna op 17 September 1917 in 'n brief vir mev. Vlaskamp, die voorsitster van die Sewe Vroue, ingelig dat “de ontbinding van de Deputatie van Vrouwen op deze dag sluit een van de treurigste tydperken in de geschiedenis van onze Party [af], en ik kan niet nalaten, U en onze mede-leden myn hartelike dank te brengen voor het vertrouwen en de ondersteuning die ik steeds van U allen heb ondervonden in de afgelopen stryd”. Sy het herhaal dat: “Ek heb myself teruggetrokken van alle werksaamheden in de Party”, en dit ten spyte daarvan dat sy uit verskeie oorde briewe van steun ontvang het.<sup>93</sup>

Teen 1920 was daar vrede in die geledere van die VNP, maar die tweespalt wat daar tussen die twee vrouetakke vir ongeveer 'n jaar intens geduur het, het Johanna persoonlik diep geraak. Sy het bykans vanselfsprekend probeer om haarself totaal te verontskuldig. In 'n skrywe aan Mondriaan in Januarie 1917 het sy aangevoer dat sy en mev. Nel op 'n vergadering vroeër daardie maand soos “misdadigers” moes buite sit; op 'n ander takvergadering was daar 'n poging aangewend om hulle oor te haal om weg te bly; sy was glo altyd die “ruzie-maakster” gewees: eers in die SAVF wat sy glo tot niet laat gaan het en toe word dit later weer opgebou; daar was bewerings dat sy ook die Hollandse Dames Vereniging “opgebroken” het – bloot omdat sy nie kans gesien het om die sekretaresse van die VNP en presidente van die Hollandse organisasie gelyktydig te wees nie en daar niemand anders beskikbaar was by die Hollanders nie. Sy is beskuldig van diefstal van VNP-fondse en beswadder in die koerante omdat sy 'n VNP-tak in die Kaap (Barkly-Oos) gestig het en nie die reg daartoe gehad het nie. En dan was daar die ou stories dat sy net vir eie eer gewerk het en gesorg het dat sy altyd in die koerante verskyn het.<sup>94</sup>

In die lang brief aan mev. Smit het Johanna geskryf sy dat reeds met die eerste gesamentlike vergadering van die twee partye, “kon ik ... voorzitster zyn geworden als ik dat self gewild had, maar ik stelde voor om de hoofdstad de eer te geven”. Sy wou ook eerder as sekretaresse werk omdat die werk so belangrik was. Mev. Marais het as sekretaresse van die Pretoria-tak £10 per maand ontvang, maar sy het nooit 'n pennie gekry nie. Toe sy verneem het dat die administrasie alles na Pretoria moes verskuif en sy beswaar daarteen gemaak het, is sy daarvan beskuldig dat

---

<sup>93</sup> NHKA, LIX 179/i, Johanna aan mev. Vlaskamp, 17 September 1917. In NHKA, LIX 160/ii is daar verskeie briewe van steun aan Johanna, insluitende een uit die Kaapprovinsie van mev. M.J. Rautenbach, 20 November 1917.

<sup>94</sup> NHKA, LIX 165/iii, Johanna aan Mondriaan, 24 Januarie 1917. <sup>98</sup>  
NHKA, LIX 158/vi, Johanna aan mev. D. Smit, 10 Maart 1917.

sy dit doen omdat sy mev. Van Broekhuizen se amp as voorsitster wou hê, wat totaal onwaar was.<sup>98</sup>

Dit is duidelik dat Johanna uiters gegriefd gevoel het. Gevolglik het sy 'n sondebok nodig gehad om haar misnoë op te rig. In 'n lang brief aan Brandt het sy in Oktober 1918 die volgende oor haar probleme met die VNP-hoofbestuur geskryf: “Natuurlik had je geen idee wie en wat er achter zat. Hoe zou je weten van al het gestook en geknoei van de Van Broekhuizens? Hoe, denkt je, is het gekomen dat die aartshuichelaar [ds. Van Broekhuizen] ooit jou kansel ontheiligde? Door verraad in ons eigen kringen! ... Die menschen weten alles van onze omstandigheden en bewerken alles door schynbaar vertrouwbare vrienden van ons”. Dan waarsku sy hom om op sy hoede te wees: “[I]k verseker je dat de sluwste bloedhonden nog steeds onze verderf zoeken”. Die hoofbestuur van die VNP het boonop 'n kennisgewing aan die takke gestuur dat Johanna se boek (*Millennium*) nie aanbeveelbaar was nie. Sy het afgesluit af met die woorde: “Ik vind het tegenwoordig vreselijk moeilijk om myself in toom te houden. ‘t Is een geweldige verzoeking om naar de Pastorie [van die Van Broekhuizens] te gaan en in een privaat onderhoud die twee menschen te vertellen wat ik weet, en welk oorlog ik over hen gezien heb. Genoeg om het menselik hart te doen sidderen! Maar ik mag niet. Ik kon ze in één oogenblik vernietigen door alles te publiceren, maar de tyd is nog niet daar. In lydzaamheid moeten wy alles verdragen”.<sup>95</sup>

Intussen het Johanna na afloop van die konres in Potchefstroom in Junie 1917 haar in 'n groot mate van die VNP onttrek, maar sy het nie vergeet van die gebeure nie. Op 10 Februarie 1919 het sy aan 'n ‘vriend’, wat nie identifiseerbaar is nie, op 'n briefhoof van die VNP, waarop sy as Ere-Presidente aangedui word, geskryf: “There was a time when I proudly used this paper – I the founder of the the most wonderful woman’s organisation S.A. has ever seen. The Spirit of God brooded over it. It grew and flourished in a manner little short of miracilous, and then ... and then the enemy crept into its ranks and worked its doom”. Sy verwys dan na haar boek *Millennium* waarin die storie van die VNP (indirek) verskyn.<sup>96</sup> In die Afrikaanse weergawe van daardie boek het sy geskryf: “Tot onse verbasing vind ons uit dat dit voorkom uit die vroomste onder ons – en dat ons werk ondermijn word in die naam van Jesus Christus, onse Heer. Dan

---

<sup>95</sup> NHKA, LIX 39/iv, Johanna aan Brandt, 4 Oktober 1918.

<sup>96</sup> NHKA, LIX 160/ii, Johanna aan “vriend”, 10 Februarie 1919.<sup>101</sup>  
J. Brandt, *Millennium*, p. 137.

gaat daar bij ons een groot lig op, en ons verstaat waarom sulke ongehoorde dinge plaas geneem het in onse kerk, of in die vereniging waarvoor ons ons interesseer”.<sup>101</sup>

Johanna het nooit in enige dokument of brief die naam van die ‘vyand’ voluit genoem nie. Sy het aanvanklik gedink dat dit is mev. Melt Marais was en later dat dit mev. Van Broekhuizen en dié se man was. Sy was selfs soms skuldig aan oneerbare optredes, en dit strek tot haar eer dat sy later erken het dat sy soms in eie reg opgetree het. In ’n brief aan ‘n vriend het sy geskryf: ”In spite of their efforts I am still the Honorary President, but for my own reasons I have withdrawn from the work. My time is coming again, I know, but in the meantime the message must do its work”.<sup>97</sup> Uit haar korrespondensie en ander dokumente in die Brandtversameling is dit egter duidelik dat Johanna teen 1919 heeltemal wegbeweeg het van die politiek en haar toenemend in godsdienslike en natuurgeneeskundige kwessies begin verdiep het.

## 7. Ten slotte

Wat het vroue in Johanna se leeftyd gedoen om hulle plek as gelykes van mans in die samelewing te verwerf? Daar was ongetwyfeld vroue wat die patriargie van hulle tyd gekonfronteer het – soms direk, soms subtiel – in hul pogings om vir hulself ’n alternatief teen die patriargale domineerder te skep.<sup>98</sup> Die mans het egter in beheer gebly. Afrikanervroue het nooit *en masse* in opstand gekom om die patriargale las af te werp nie. Hulle geleidelike ontsnapping aan die patriargie het saamgeval met historiese gebeure soos die AngloBoereoorlog waartydens dit vir die Afrikanergemeenskap as geheel gegaan het oor selfbehoud teen die vyand, beide teen die Britse soldate en teen Boereverraaiers, op die slagveld, in besette dorpe en in die konsentrasiekampe. Vroue soos Johanna het ’n doelbewuste bydrae tot die verset teen die vyand gelewer en onder die indruk gekom van die onmisbare rol wat hulle gespeel het. Na afloop van die Anglo-Boereoorlog het hulle nie bloot net weer op die agtergrond getree as die onderdanige metgeselle van hulle mans nie. Wêreldgebeure soos die Eerste Wêreldoorlog, het sigbare verset van vroue in Europa en elders in die wêreld teen die patriargale stelsel opgelewer en het die Afrikanervroue geleidelik beïnvloed. Daar was nie massa-optogte nie, maar enkele feministe soos Olive Schreiner en Marié du Toit het in hierdie

---

<sup>97</sup> NHKA, LIX 161/ii, Johanna aan “vriend”, 10 Februarie 1919.

<sup>98</sup> Gaul, “Performativity”, p. ix.

tydperk na vore getree – waarskynlik onbewus daarvan dat daar later na hulle as voorlopers van die vroue-beweging as sodanig verwys sou word nie.<sup>99</sup>

Volgens Barnard-Weiss “het die emansipasie van die vrou teen die einde van die vorige eeu [19de eeu] momentum begin kry en het die Eerste Wêreldoorlog ’n groot invloed op die Afrikaanse samelewingstruktuur gehad deurdat vroue noodgedwonge sekere tradisioneel manlike aktiwiteite moes behartig”. Dit het meestal in die stedelike gebiede, waar Johanna bedrywig was en rigtinggewend in hierdie beweging was, gebeur. “Iets van die veranderde klimaat het in ons land begin deurskemer en het die weg voorberei vir die meer aktiewe deelname van die vrou aan die gemeenskaps- en kerklike lewe. In verskeie gemeentes [spesifiek in die NHK, waaroor Barnard-Weiss geskryf het] het dames op kommissies gedien wat fondse ingesamel het deur goedere wat deur lidmate geskenk is”.<sup>100</sup>

Johanna het deur die stigting van die VNP ’n groot tree gegee in die rigting van gelyke status tussen die man en die vrou. Tydens vergaderings was daar soms mans teenwoordig en is daar van bekende persoonlikhede soos Tielman Roos raad gevra wanneer daar probleme opgeduik het. Johanna het vele manskorrespondente, wêreldwyd gehad en hulle het wedersydse respek vir mekaar getoon. Waar nuwe denkrigtings hoofsaaklik na die Eerste Wêreldoorlog sterk na vore getree het, het dit soms op Johanna se denkwysse ’n invloed gehad, maar sy het dit nooit aktief beoefen nie. Sy het eerder die vrou saam met die man gesien, nie as sy ondergeskikte nie, maar sy gelyke.

---

<sup>99</sup> Gaul, “Performativity”, p. 47. Die woord “performativity” dui op vroue se optrede teen die patriargale stelsel deur die eeue.

<sup>100</sup> Barnard-Weiss, *Die vrou*, p. 48.

## Hoofstuk 6

### Johanna se verknogtheid aan Harmony, 1895–1921

#### 1. Inleiding

Wanneer daar na die lewensgeskiedenis van Johanna in die geheel gekyk word, speel die landgoed Harmony die sentrale, konstante punt waarom haar lewe gedraai het en vorm dit die kern van haar lewe sedert haar ma dit in 1895 gekoop het. Selfs toe die eiendom nie meer vir haar toeganklik was nie, het die woord “Harmony” nog steeds die naam gedra van al die organisasies wat sy sedert 1916 gestig het, sowel as van sekere van haar publikasies. Die stryd wat sy gevoer het om Harmony te behou – ten spyte van haar siektes, swak finansies en talle probleme in die Brandts se gesins- en huwelikslewe – was soos ’n parasiet wat haar verteer het en almal om haar meegesleur het. Die gehegtheid wat sy aan die woning gehad het, word in hierdie hoofstuk bespreek.

Die komplekse wisselwerking tussen Johanna en die landgoed Harmony het veral op twee vlakke in haar lewe sterk na vore getree. Die eerste was haar verknogtheid aan die landgoed en ten tweede haar ongewone ervarings daar wat ingesluit het die kere wat sy visioene gesien het en allerhande bonatuurlike ervarings beleef het. Ter aanvang word in hierdie hoofstuk haar pogings om die eienaar van Harmony te word, onder die loep geneem, waarna haar ervarings met bonatuurlike kragte by Harmony sowel as haar publikasies wat met die tydperk saamval, in die volgende hoofstuk ontleed word.

In hoofstuk 2 is aangedui dat Johanna 19 jaar oud was toe mev. Van Warmelo in 1895 die landgoed Harmony, wat suid-oos van Sunnyside in Pretoria geleë was, gekoop het. Johanna was van meet af besonder geheg aan die nuwe tuiste en het in haar dagboeke en publikasies die landgoed wat aan die Apiesrivier gegrens het, byna liries beskryf: “Before me is a perfect view of our fruit-laden garden, the great pear trees with their burden of yellow fruit, the vines with their bunches of purple and white grapes, the orange trees with their thousands of dark green unripe oranges and in the distance the apple trees with their fruit in every imaginable shade of crimson and yellow – the whole a perfect picture to rest one’s weary eyes upon”.<sup>1</sup> Na haar verlowing aan Brandt het sy ’n skets van die huis aan hom gestuur en bygevoeg dat sy dit as ’n

---

<sup>1</sup> NHKA, Skrif 2 van Dagboek, inskrywing op 20 Januarie 1901, p. 16.

idilliese woonplek beskou.<sup>2</sup> Toe Brandt die huis in 1904 vir die eerste keer gesien het, het hy weer op sy beurt aan sy ouers in Nederland die huis beskryf. Hy het dit “een heerlijk plekje” genoem maar bygevoeg dat dit beslis nie so deftig was as dít waaraan hy in Holland gewoon was nie.<sup>3</sup> Harmony het landswyd bekendheid verwerf toe Johanna se boek *Die Kappie Kommando* in 1913 in druk verskyn het, waarin sy die huis as sentrum van spioenasieaktiwiteite tydens die laaste fase van die Anglo-Boereoorlog beskryf het.

Toe die huis in 1922 deur onderwysstudente bewoon is, het dit nog steeds dieselfde gelyk. ’n Student het daarvoor geskryf dat hy “met 10 maats een der kleinere huizen bewoon, ver achter de andere gebouwen, te midden van ruige bomen, wild ziet, dichte bosjes en heerlike vruchtebomen. ‘t Is hier rondom ‘Harmonie’ – zo heet onse residentie – een waar Rustoord”.<sup>4</sup>

Nadat die Brandts hulle in 1904 as pastoriepaar in Pietersburg gevestig het, het Johanna dikwels per trein na Pretoria gereis om haar moeder, wat steeds in Harmony gewoon het en aan wie sy besonder geheg was, te besoek. Dieselfde het gebeur nadat die Brandts in 1908 na Johannesburg verhuis het. Teen 1914 was haar moeder – wat nog steeds in Harmony gewoon het – 66 jaar oud en sieklik. Johanna was oor haar besorgd. Sy, haar broer Dietlof en dié se vrou het mev. Van Warmelo so ver moontlik versorg toe sy as gevolg van die siekte algaande verswak het. Sy is op 2 Desember 1916 oorlede. Op daardie stadium het die vyf Van Warmelo-kindere aanvaar dat hulle Harmony sou erf. Johanna was baie opgewonde oor die vooruitsig.<sup>5</sup>

## 2. Johanna se ontsteltenis oor die finansiële situasie rondom Harmony

Mev. Van Warmelo se kinders was nie ten volle op hoogte van haar finansiële situasie nie. Hulle was wel daar bewus van dat sy en haar jongste seun, Fritz, finansiële reëlins gehad het en dat hy by haar geld geleen het. Die ander vier kinders het nie die implikasies daarvan besef nie. Toe mev. Van Warmelo te sterwe kom, was dit vir Johanna ’n groot skok toe die realiteit haar getref het dat hulle waarskynlik Harmony sou verloor. In ’n manuskrip met die titel “Redeeming Harmony” (Verlossing van Harmony) het sy in Januarie 1919 hieroor uitgewei en

---

<sup>2</sup> NHKA, Skrif 3 van Dagboek, pp. 1-2; Van der Merwe, *Johanna Brandt*, Addendum: Skets van woonhuis op Harmony.

<sup>3</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, p. 212.

<sup>4</sup> Oberholtzer.

<sup>5</sup> NHKA, LIX 160/i, Manuskrip met die titel “Redeeming Harmony”, deur Johanna opgestel in Januarie 1919, p. 1. (Hierna in voetnote bloot aangedui as “Redeeming Harmony”.)

terselfdertyd lig op haar emosionele band met daardie woonhuis en die grond daaromheen gewerp. Sy het inderdaad in die fynste besonderhede beskryf hoe sy die gebeure ten opsigte van die verlies van Harmony beleef het. Die volgende uittreksels is van belang: “The following is a mere outline of the tragedy which cost my Mother untold suffering and in the end, her life, and which ruined us all financially. When my father died in 1892 we were very comfortably off. My Mother had two pensions and a good deal of valuable property, of which ‘Harmony’ was the most valuable. There was no debt on it and after a few years she decided to live there. She insured her life for £5 000 so that each of her children could have £1 000 in event of her death”.<sup>6</sup>

Johanna se broer Fritz het na die oorlog in vennootskap met ’n oom Frans, ’n familievriend van die Van Warmelo’s, ’n eiendomsagentskap gehad. Dit is destyds ’n “land and estate firm” genoem. Die onderneming het mettertyd finansiële besonder goed gedoen. Johanna het oom Frans as volg beskryf: “[He] was a good, honest fellow, but had a great weakness. At times he drank heavily and then all the cares and responsibilities fell on my brother’s shoulders”. In 1905 het Fritz ’n reis na die Kaap onderneem om sy huweliksreëlings te gaan afhandel. Voor sy vertrek het hy seker gemaak dat alles by die werk in orde onder die toesig van oom Frans was. Na sy terugkeer twee weke later het hy egter agtergekom dat oom Frans en sy vriende intussen “on the booze” was. Volgens Johanna “[they] had squandered over £20 000”, wat hoogswaarskynlik ’n oordrywing was, maar die bedrag was tog so groot dat dit tot die ineenstorting van die firma gelei het. Johanna beweer dat dit talle mense tot selfmoord of totale wanhoop gedryf het en dat daar volgens vertellings nie ’n pennie in die bank oor was nie.<sup>7</sup>

Fritz het hom hierna tot sy moeder om hulp gewend, maar sy het geen kontant beskikbaar gehad nie en die eiendomsmark was so swak dat sy nie ’n goeie prys vir haar plase in die destydse Noord-Transvaal en ’n kleiner plase naby Heidelberg sou kry nie. “The weeks went by. My brother begged and prayed to her to help him. He had no rest night and day and he gave her none”. Uiteindelik het hy haar oortuig om aan hom £5 000 te leen sodat hy enkele families van totale ruïnasie kon red. Na deeglike oorweging het sy besluit om ’n verband van £5 000 op Harmony uit te neem. Die rente was 10% per jaar, wat op £500 per jaar neergekom het. Aanvanklik kon sy die rente betaal maar mettertyd kon sy dit nie bekostig nie. Gevolglik het sy begin om gedeeltes van Harmony te verkoop. Naderhand kon sy ook nie meer die premie op haar lewenspolis bekostig nie en moes sy dit noodgedwonge prysgee. “Everything she

---

<sup>6</sup> “Redeeming Harmony” p. 2.

possessed was eaten up by the interest on the £5 000. She made frantic endeavours to rid herself of this horrible nightmare. How to extricate herself from the labyrinth of debt ... into which she had voluntary plunged herself for the sake of people who had no claim whatever on her". Naderhand het sy daarin geslaag om 'n lening van £5 000 teen 6% rente by Frederik Bezuidenhout van Heidelberg te kry, maar selfs die £300 rente was nog steeds te veel vir haar. Bezuidenhout, wat jare tevore 'n gemeentelid van Johanna se pa op Heidelberg was, het alles in sy vermoë gedoen om mev. Van Warmelo te help, maar teen dié tyd was sy reeds ernstig siek aan kanker en kon sy nie meer onderhandel nie.<sup>7</sup>

Die enigste wyse om die probleem op te los, was om Harmony te verkoop. Mev. Van Warmelo kon waarskynlik 'n goeie prys vir die eiendom gekry het, want die waterregte alleen was volgens Johanna £6 000 werd. Dit was waarskynlik ook 'n oordrywing. Mev. Van Warmelo het egter nie kans gesien om die eiendom te vervreem nie, as gevolg van die idealistiese en historiese gevoel wat sy vir Harmony gehad het. Johanna het hieroor rapporteer: "For the sake of 'The Petticoat Commando' (Engelse vertaling van *Die Kappie Kommando*), if not from purely sentimental and family reasons, she clung to the place. I was the only one in the family who shared this strange obsession of hers and stood by her". Die ander Van Warmelo-kindere was voorstanders van die idee om Harmony te verkoop sodat hulle iets kon red vir die toekoms. Selfs net die noem van die naam Harmony het onmin onder die broers en susters veroorsaak en almal, behalwe Johanna, het gevoel dat daar 'n vloek op die plek gerus het.<sup>9</sup>

Na mev. Van Warmelo se dood in Desember 1916 was dit moeilik om haar boedel af te handel, want sy het geen dokumentasie oor haar onderhandelings oor die leen van geld nagelaat nie. Die enigste bronne wat geredelik lig daarop gewerp het, was Johanna se briewe aan Brandt en enkele ander geskifte van haar. Na haar moeder se dood het die Brandts Kersfees by Harmony deurgebring. Bezuidenhout het kort daarna begin navraag doen oor die afbetaling van mev. Van Warmelo se skuld aan hom. Aangesien nie een van die Van Warmelo-kindere kans gesien om die verband af te los nie, het die firma Dely en De Kock op 28 Julie 1917 'n publieke veiling van Harmony gehou.<sup>8</sup> Johanna en haar broers Dietlof en Fritz het die veiling bygewoon. Sy was hoog ontsteld oor die verloop van gebeure maar het haar broers belowe dat sy haar emosies in toom sou hou. Toe die biederij begin het, kon sy nie haarself daarvan weerhou om ook 'n bod in te sit nie. Die uiteinde was dat die finale bod vir £5 050 op haar toegeslaan is. Sy het agterna beweer dat sy gedink het die afslaer waai vir haar en toe waai sy terug! Sy het verder in

---

<sup>7</sup> "Redeeming Harmony" p. 2.

<sup>8</sup> NHKA, LIX 158/ii, kennisgewing van veiling.



“Redeeming Harmony” hieroor geskryf: “The new owner was trembling so violently that it was some time before she could control herself sufficiently to sign the document placed before her, and even then it was altogether illegible. She had not a penny in the world ... Her second brother [Fritz] ... saved her from all unpleasant consequences by informing the bond-holder and various agents concerned in the transaction, that she was not responsible for her actions and never heard another word about the matter!! All future negotiations were carried on privately, without consulting her”.<sup>9</sup>

Die afslaaers het vervolgens die tweede hoogste bod – dié van £5 000 van die Pretoriase munisipaliteit – toegeslaan, maar Bezuidenhout wou dit nie aanvaar nie. Hy het gevolglik die eienaar van Harmony geword en sou dit uitverhuur. Johanna se kommentaar was: “Yes, that was the end that my mother had seen coming. Her estate was declared bankrupt and we lost Harmony”.<sup>12</sup>

### **3. Johanna se verblyf in Harmony as huurder, Augustus 1917 – September 1919**

Bezuidenhout het vanaf Augustus 1917 Harmony verhuur en Johanna het besluit om ’n kamer daar te huur. Die kinders het gedurende die tydperk soms in Johannesburg in die pastorie gebly en dan weer by Johanna in Harmony gebly, terwyl sy met tye die pastorie ‘besoek’ het. In die periode wat Johanna in Harmony gewoon het – hetsy as loseerder of as huurder – het die persoonlike korrespondensie tussen haar en Brandt meestal oor huishoudelike sake soos die heen en weer stuur van die wasgoed, die gesondheid van die kinders, haar skryfwerk en wanneer sy na hom sou terugkeer, gehandel. Haar briewe was soms vol ongeduld en dan weer liefdevol. Op 7 Januarie 1918 het sy pas nadat sy na Harmony teruggekeer het nadat sy ’n ruk lank by hom en die kinders in die pastorie gewoon het, geskryf: “Ik zal niet veel aan jullie schryven want myn arm is voor andere doeleinden nodig hier”.<sup>10</sup> Op die 16de van dieselfde maand het sy gekla dat sy dit geensins maklik daar gehad het nie en bygevoeg: “ik het verlede week amper huistoe gekom. Die angst en droefheid – die sielesmart wat ik hier doorgemaak het die eerste week in die oude omgewing met al die herinneringe (alles nou so veranderd!) sal ik nooit vergeet nie. Ik was verlate als ooit een mens was ... die taak die op my rust [die selfopgelegde taak om ’n boek te skryf] was vir my te groot”. Sy het bygevoeg dat sy nie alles alleen kon behartig nie, maar dat sy nie ’n finansiële las wou wees nie. “Dit is al genoegd dat jy geen vrou meer het – of is dit een vergoeding vir al jou ander smart?” As trooswoordjie het sy belowe dat

---

<sup>9</sup> “Redeeming Harmony” p. 4.

<sup>10</sup> NHKA, LIX 39/iv, Johanna aan Brandt, 7 Januarie 1918.

sodra die manuskrip [van die boek *Millennium*] klaar geskryf was, “kom ik naar huis.”<sup>11</sup> Vier dae later het sy geskryf dat sy verlang na haar man en na die kinders, wat op daardie stadium by hom in die pastorie was, maar toe weer haar misnoeë uitgespreek oor prokureurs in sake die verlies van Harmony.<sup>12</sup>

Dit is duidelik dat Johanna in ’n staat van ontkenning geleef het oor die spanning wat haar verblyf in Harmony veroorsaak het. In Augustus 1918 het sy selfs verklaar dat: “I am one of those happy women who are safe in the love and protection the good men of the earth. My mate is working with me heart and soul in the spreading the message, we and our seven little children are united in the glorious work of preparation, not a single cloud rests on our home life”.<sup>13</sup>

Ten spyte van Johanna se tevredenheid met haar situasie, het Brandt se familie mettertyd oor hom bekommerd begin raak. Sy broer George, wat destyds in Durban gewoon het, was ontevrede omdat hy gevoel het dat Johanna na die pastorie moes terugkeer, want Brandt “heft er recht op, en het is niet goed dat je daar als een misrabele bachelor alleen in Johannesburg zit”.<sup>14</sup> Brandt het probeer om so min as moontlik van sy ware gevoelens te toon en het ’n neutrale houding ingeneem. In werklikheid was hy dalk in twee geskeur, maar hy het geweier om iets teen Johanna te sê.

Brandt se gemeente was nie tevrede met die feit dat Johanna en die kinders meeste van die tyd nie in die pastorie bewoon het nie. Toe Johanna oor hulle ontevredenheid ingelig is, het sy aan Brandt geskryf dat die gemeentelede wat haar ekritiseer het, bloot kwaadwillig was: “Ik verseker je dat de sluwste bloedhonden nog steeds onze verderf zoeken”.<sup>15</sup> Haar standpunt was dat haar optrede – wat ook haar man en kinders betrek het – heeltemal aanvaarbaar was. Sy het erken dat sy skuld gemaak het om “de Boodschap uit te sturen!”, maar het Brandt teen die kritiek op haar verdedig deur te verklaar dat hy al sy verpligtinge teenoor die kerk en die gemeente nakom en dat die kerkraad gevolglik “er niets mee te maken [hebben] als jou familie tydelik ergens anders woont”.<sup>16</sup>

---

<sup>11</sup> NHKA, LIX 39/iv, Johanna aan Brandt, 16 Januarie 1918.

<sup>12</sup> NHKA, LIX 39/iv, Johanna aan Brandt, 20 Januarie 1918.

<sup>13</sup> NHKA, LIX 160/iii, Johanna aan “Friend”, 13 Augustus 1918.

<sup>14</sup> NHKA, LIX 183/iii, George Brandt aan Brandt, 3 Januarie 1919.

<sup>15</sup> NHKA, LIX 39/iv, Johanna aan Brandt, 4 Oktober 1918.

<sup>16</sup> NHKA, LIX 181/I, Johanna aan Brandt, 27 Maart 1918.

In een van die lang briewe wat sy aan een van haar geestesvriende geskryf het, het sy die volgende erken: “[W]hen I broke up my home in Johannesburg, left my husband in the lurch, ran away with all our children, I compromised with my lord and master. I promised him faithfully that if nothing happened from June 7<sup>th</sup> 1918 to June 7<sup>th</sup> 1919, to confirm my visions, I would give up Harmony and return to Johannesburg ... I know the promise I gave my husband was inspired”. Hierdie was maar net een van haar vele voornemens. Haar emosies was verward, want twee weke later het sy geskryf sy dat sy nie ’n ideale predikantsvrou was nie en dat sy nie tevrede was met Brandt nie, want hy het vir die kerk gewerk!<sup>17</sup>

Al het Johanna met haar verblyf in Harmony vir Brandt soveel hartseer en verleentheid veroorsaak, het sy steeds in haar briewe bewondering vir hom geopenbaar. In Februarie 1919 het sy aan haar vriend Haarhoff oor Brandt geskryf: “He is overwhelmed with care and work and responsibility in his church, I would not dream of turning to him. How he works! With calm and steady devotion, devoid of enthusiasm, how selfless he is in the fulfilment of his task. I cannot share his work. The Church has never appealed to me, and if I have felt time and again that he could not understand me in this, I have keenly realized his loss – a devout and devoted minister of religion without helpmate. Such a beautiful, noble man too! So sensitive and self contained ... so lenient towards others. The tragedy of my married life has been to be linked by the closest ties to such an ideal of perfection – and to be so starved! The one fault to be found with him – his faultlessness!”<sup>18</sup>

Of Brandt bewus was van Johanna se volgehoue bewondering vir hom terwyl sy in Harmony gewoon het, is nie seker nie, want hulle het mekaar selde gesien. In elke brief aan haar en aan sy familieledede het hy tog duidelik getoon dat hy gehoop het op haar spoedige terugkeer sodat hulle soos voorheen as ouers en pastoriepaar, wat ’n besige maar vervulde lewe gelei het, kon voortgaan. Op 1 Mei 1919 het hy in hierdie trant aan sy moeder in Nederland oor die situasie geskryf: “Onse afspraak is dat Johanna voor een jaar naar Harmony sou gaan, in de hoop dat sy Harmony sou kunnen behouden voor de familie. Dat jaar is in Junie om en dan moet sy hierheen terug komen, als er niet een of ander gebeurt, waardoor ik ook in Pretoria kon komen wonen en wij allen samen op Harmony kunnen zijn. Johanna hoopt dat ik mijn ampt als predikant zal neerleggen en iets anders soeken, maar dit wil ik onder geen omstandigheden doen, tensy die kerk my afset of so iets”.<sup>19</sup>

---

<sup>17</sup> NHKA, LIX 160/iii, Johanna aan haar vriend, Haarhoff, 4 Februarie en 18 Februarie 1919.

<sup>18</sup> NHKA, LIX 160/iii, Johanna aan Haarhoff, 14 Februarie 1919.

<sup>19</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 1 Mei 1919.

Omdat Brandt se moeder bejaard en sieklik was, wou hy haar waarskynlik nie ontstel nie, maar hy was duidelik nie tevrede met Johanna se optrede nie. Hy het besef dat hy Johanna moes oortuig om na die pastorie terug te keer, want die skeiding was geheel en al onnatuurlik. Hy was boonop ongelukkig om so alleen te woon, terwyl Johanna skynbaar ongestoord in Harmony aangebly het. Hy het aan sy moeder vertel: “Het is heel onaangename om Johanna en die kinderen zoo zelden te zien en om hier een ‘bachelors’ leven te leiden maar dat kan niet anders”. Hy het gemeld dat sy in haar briewe sekere dinge meld wat nie waar is nie en sluit af met die woorde: “Lieve Moeder, laat ik u versekeren dat ik u altyd openhartig de waarheid geskrewen heb, niets achterhouden of verbloemd. U weet zelf hoe ons leven hier is en zooals het was in 1913 en 14 zoo is het nog, alleen Johanna is met de kinderen in Pretoria en ik ben hier. Wy hebben geen gebrek, de kerkeraad betaald mijn salaris geregeld, de kinderen groeien flink en lief op en gaan goed vooruit op school, en geven aan Johanna geen last”.<sup>20</sup> Die oudste kind, Louis, was toe 16 jaar oud en die jongste, Christiaan, drie.

Johanna het tot aan die einde van 1918 in Harmony loseer en het die eerste paar maande van 1919 na die pastorie in Johannesburg teruggekeer waar sy haar besig gehou het met die publikasie van haar derde boek, *Millennium*. Sy het besef dat sy nie Harmony kon terugkoop nie – sy kon nie eers die rente bekostig nie – maar sy het aanhou hoop dat dit eendag sou kon gebeur. Toe Bezuidenhout haar laat weet het dat sy huurder Harmony aan die einde van April 1919 sou verlaat en dat Johanna dit mag huur, het sy dit is ’n bestiering beskou. In “Redeeming Harmony” het sy daarvoor geskryf: “I knew at once that the time had come, and hired Harmony from the 7<sup>th</sup> June. This was with my husband’s full consent and approval, I may add. The rumours that I have deserted him and that he is bitterly opposed to the book [*Millennium*], are false. Throughout he has stood by me. No one does more to spread the Message than he and he fully intends to come and live here as soon as this can be arranged”.<sup>21</sup> Haar familie was ontsteld dat sy weer in die “vervloekte” plek gaan woon het en hulle het voorspel dat dit haar hele gesin sou vernietig. Johanna het egter bly glo dat daar uitkoms sou wees.<sup>22</sup>

Die ooreenkoms tussen Johanna en Bezuidenhout en Johanna wat haar periode van huur aanvanklik tot einde Junie sou geld, is verleng sodat sy finaal op 31 Desember 1919 sou uittrek, “als ek niet vóór dien tyd vaste verzekering kan geven dat wy zullen kopen voor £6 300. Dat

---

<sup>20</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 1 Mei 1919.

<sup>21</sup> NHKA, LIX 160/ii, “Redeeming Harmony”, p. 5.

<sup>22</sup> NHKA, LIX 160/ii, “Redeeming Harmony”, p. 7.

kan ik natuurlik niet doen”.<sup>23</sup> Sy het egter aan Brandt geskryf dat sy beplan het om nie te trek nie maar tot Januarie 1920 aan te bly om te wag en te sien wie daar gaan oorneem.<sup>24</sup>

#### 4. Besware van die Johannesburgse kerkraad oor Johanna se verblyf te Harmony

Brandt se lewe was as gevolg van sekere optredes van Johanna gedurende sy dienstyd in Johannesburg vol uitdagings. Sy kerkraad wou in die eerste plek antwoorde hê oor haar verblyf buite die pastorie. In Oktober 1918 het ontevredenheid daaroor na die oppervlak geborrel en het die kerkraad inderdaad vir Brandt gekonfronteer oor Johanna se afwesigheid of soos hulle dit gestel het “de tijdelike verlaaten van de pastorie”. Hulle standpunt was dat ’n predikantsvrou aan haar man se sy moes wees om hom te ondersteun. Die twee wonings wat deur die Brandts gebruik is, het boonop onnodige uitgawes veroorsaak. Die saak het onteenseglik vir Brandt ’n verleentheid veroorsaak. Die kerkraad het waarskynlik die volste reg gehad om vrae te vra aangesien hulle, alhoewel dit indirek was, ’n deel van die huishuur betaal het vir die tyd wat Johanna in Harmony gewoon het omdat hulle Brandt se traktement betaal het en hy die huur help betaal het.<sup>25</sup> Boonop het Brandts sommige van die kamers in die pastorie, wat op hulle koste deur die kerkraad tot sy beskikking gestel is, uitverhuur ten einde sy eie uitgawes te dek.

Agt maande later het Johanna steeds in Harmony gewoon en het die kerkraad weer keelvol geraak oor haar volgehoue afwesigheid uit die pastorie. In Junie 1919 het broeder Lingenfelder weer navraag gedoen “of Mrs Brandt aan het einde van deze maand terug sal komen naar Johannesburg aangesien dan een jaar verlopen is sedert sy naar Pretoria gegaan is”. Ander broeders het aangedui dat “sommige gemeente leden kwaad spreken in verband daarmee – hun wil gaarne weten hoe saken staan”. Brandt se reaksie was om hulle te verseker “dat er niets verkeerd tusschen hem en zijne vrouwen zijde [en] dat hy gelooft, dat alles in God’s hand is”. Die kerkraad het hierop die hoop uitgespreek dat sy binne ses maande sou terug wees.<sup>26</sup>

Tydens ’n volgende kerkraadsvergadering op 16 Augustus 1919 moes daar gestem word oor Brandt se verhoging, wat al 11 jaar tevore aan hom belowe is. Sommige kerkraadslede het gevoel dat hy dit moes kry, maar dan moes Johanna eers na die pastorie terugkeer. Brandt was nie teenwoordig nie, want hy was op reis om eers die Afrika-gemeentes van die Nederduitsch

---

<sup>23</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 27 Oktober 1919.

<sup>24</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 12 November 1919.

<sup>25</sup> NHKA, Kerkraadnotule Johannesburg, 23 September 1918.

<sup>26</sup> NHKA, Kerkraadsnotule gemeente Johannesburg, broer Lingenfelder, 21 Junie 1919.

Hervormde Kerk en daarna het sy familie in Nederland te besoek.<sup>27</sup> Ds. Barger, wat as voorsitter waargeneem het, het gewys op Brandt se harde werk en lojaliteit en die mening uitgespreek dat die verhoging niks met Johanna se teenwoordigheid al dan nie te doen gehad het nie. Die kerkraad het uiteindelik gestem dat hy wel die verhoging sou kry. Daarbenewens het die kerkraad besluit dat 'n kommissie vir Johanna moes besoek om by haar te verneem wat haar planne was.<sup>28</sup> Die kommissie het Johanna in die pastorie te woord gestaan. Sy het sekere van hulle vrae beantwoord maar oor ander, soos waarom sy meestal in Pretoria bly en nie in die pastorie nie, aangedui dat die antwoorde in haar boek *Millennium* te vinde was.<sup>29</sup>

Die kerkraad was steeds nie tevrede met haar verblyf in Harmony nie, veral toe sy dit bly verleng het nie. Dit het Brandt in 'n moeilike situasie geplaas, want Johanna was eenvoudig van mening dat dit nie die kerkraad se saak was waar sy woon nie.<sup>30</sup> Die kerkraadsvergadering van 5 Desember 1919 is hoofsaaklik aan Johanna se terugkeer na die pastorie gewy. Sommige ouderlinge het voorgestel dat die pastorie verkoop moes word. Hulle argument was dat Brandt as 'n vrygesel beskou kon word en gevolglik geen meer aansprake op die pastorie gehad het nie. Ander kerkraadslede het egter gevoel dat die kerkraad nie die reg gehad het om die pastorie van hom weg te neem nie – dit was aan hom gegee en “hy is nu baas”. Gevolglik kon hy soveel kamers uitverhuur as wat hy wou. Sodra Johanna teruggekeer het, sou aan die huurders kennis gegee word.<sup>31</sup>

Alhoewel Johanna se verblyf te Harmony vir Brandt in 'n moeilike posisie geplaas het, is dit opmerklik dat hy self soms daar by Johanna tuis was. Toe hy in Oktober 1919 'n ruk lank siek was, het hy aan sy moeder geskryf: “ik ben nog op Harmony waar ik logeer bij Johanna.”<sup>32</sup> Die Brandt-kindere het vanselfsprekend ook soms daar gewoon en Brandt was selfs bereid om hulle permanent daar te laat bly. In 'n vroeëre skrywe aan sy moeder het hy verduidelik: “Johanna heeft Harmony gehuurd ... sy gaat voorlopig alleen, en as de vakantie begint nomen de kinderen ook. En die zullen waarschijnlijk daar blijven om op een goede Hollandsche school te gaan, want de Engelsche scholen hier zijn te ellendig slecht”.<sup>33</sup>

---

<sup>27</sup> Botes, Brandt, pp. 392-399.

<sup>28</sup> NHKA, Kerkraadsnotule gemeente Johannesburg, 6 Augustus 1919.

<sup>29</sup> NHKA, Kerkraadsnotule, gemeente Johannesburg, 20 September 1919, p. 57.

<sup>30</sup> NHKA, Algemene Kerkraadsvergadering notules, 1918-1919, 27 September 1919.

<sup>31</sup> NHKA, Kerkraadsnotule Johannesburg-gemeente, 5 Desember 1919.

<sup>32</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 29 Oktober 1919.

<sup>33</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 30 Mei 1919.

Johanna het terwyl sy in Harmony gewoon het, al haar uitgawes self probeer dek. Sy het gehoop om deur £30 per maand aan die eiendomsagente Dale, wat Bezuidenhout se agent was, te betaal, so Harmony oor 'n tydperk van vyf jaar af te betaal. Die poging het misluk, maar sy moes nog steeds huur betaal om op die gronde te bly. Sy het besef dat sy 'n plan sou moes maak om vinniger geld te genereer. Die plan waarop sy besluit het, was om nog 'n boek te publiseer. Sy het haar plan dramaties aan Brandt bekendgestel: “Hiermee kondig ik aan: ‘In die Smeltkroes’”. Sy het vertel dat sy reeds met hierdie nuwe publikasie, wat sy 'n “vlugschrift” genoem het, begin het. Sy het bygevoeg dat sy die geld wat sy daaruit sou verdien, sou gebruik om haar finansies oor die volgende paar maande aan die gang te hou. Die wins uit die verkoop van vrugte en groente uit die Harmony-tuin sou daar bygetel word.<sup>34</sup>

### **5. Die laaste fase van Johanna se verblyf op Harmony, Oktober 1919 – Februarie 1921**

Johanna was intussen steeds ontsteld oor die Van Warmelo's se verlies van Harmony en het nie veel geduld met oom Frans, wat in die eerste plek vir die verlies verantwoordelik was, gehad nie. In Oktober 1919 het sy die eerste keer sedert die verlies van Harmony van oom Frans gehoor. Sy het hieroor aan Brandt rapporteer dat hy 'n brief van 31 bladsye, wat sy as “puure raserny” afgemaak het, aan haar geskryf het. Hierin het hy vertel van plase wat hy in Graaff-Reinet, in die Kaapprovinsie, besit het maar sou verkoop om Harmony terug te koop, maar sy het dit nie geglo nie. Gevolglik het sy Brandt onder die indruk gelaat dat sy aan die einde van Desember Harmony sou verlaat.<sup>35</sup>

Johanna was op hierdie stadium besonder verbitterd oor oom Frans se optrede in verband met Harmony. In 'n opvolgbrief aan Brandt het sy hom eers vervloek, maar nog steeds in haar nimmereindige behoefte om Harmony te besit, sou sy hom van die vervloeking verlos sodat sy sy geld kon gebruik om Harmony terug te koop: “Ik heb nu een gelegenheid gehad om myn ziel, myn eer, myn persoonlikheid, myn onafhankelikheid te verkopen om Harmony te redden, maar ik geloof dat ik je niet eens behoef de versekering te geven dat het voor my geen ogenblik selfs een verzoeking geweest is. Tegenover Oom Frans doen ik asof alles afgelopen is maar aan jou mag ik vertellen precies hoe het zal gaan. Oom Frans zal geloven dat ik voor goed my van alles terugtrek en zal tot bezinning komen. Vreselik zal hy lyden ... maar hy zal dan van zyn

---

<sup>34</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 10 Oktober 1919. Hierdie boek word in hoofstuk 7 bespreek.

<sup>35</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 27 Oktober 1919.

legioen verlost worden door Christus Zelf of door my in den geest, als de Heer terugkomt voordat zyn stryd volstreden is, en dan zal het voor my mogelijk zyn om met hem mee te werken en zyn geld te gebruiken voor Harmony”.<sup>36</sup> Uiteindelijk het daar niks van hierdie planne gekom nie, want volgens Johanna het oom Frans van sy kop af geraak en nie ’n koper vir sy plase gekry nie.<sup>37</sup>

Johanna het aan die einde van 1919 ook ’n brief van haar broer Fritz ontvang waaroor sy aan Brandt rapporteer het: “Wel, gister heb ik een berouwvolle brief van Fritz gehad. Hy vraagt om vergiffenis maar die ware geest van berouw is er nog niet en ik antwoord niet. Ik schryf helemaal niet aan hem”. Johanna het wel aan Fritz se vrou ’n kort briefie geskryf waarin sy geïmpliseer het dat dit sy skuld was “dat ik myn werk op Harmony moet opgeven en terug moet gaan naar Johannesburg”.<sup>38</sup> In haar laaste brief aan Brandt in 1919 het sy wanhopig erken dat al haar planne om geld te kry om langer daar aan te bly, deur die mat geval het. Sy het egter nog steeds bly hoop dat sy iewers geld sou kry.<sup>39</sup>

Aangesien Bezuidenhout teen die begin van Januarie 1920 nog nie daarin kon slaag om Harmony van die hand te sit nie, het Johanna steeds gehoop dat sy die huis by hom sou kon koop. Sy het intussen £1 000 wins uit die verkope van die boek *Millennium* gemaak en hierdie geld vir daardie doel gespaar, alhoewel sy besef het dat dit nog nie genoeg was om die koopsom by te bring nie. Sy het aan Brandt geskryf dat as sy hierdie £1 000 by die bank kon deponeer en dan 6% rente op die balans betaal, sy dit sou kon koop, want sy het gereken dat sy ’n verdere inkomste uit haar skryfwerk sou verdien en so genoeg geld sou maak om Harmony op een of ander manier te bekom. Daarbenewens het sy beplan om saam met Rudolf, die pligsgetroue tuinier, genoeg groente, vrugte en eiers te produseer wat hulle in die buurt kon verkoop. Sy het as volg aan Brandt oor hierdie bedrywighede gerapporteer: “Een van die swart tuiniers stoot ’n kruitwa met produkte en Rudolf draagt een zak op de rug”. Hy het glo na hartelus gewerk “en bring daaglik geldjies in”. Sy was egter baie onrealisties want sy het nie eers geld gehad vir alledaagse uitgawes en om haar rekeninge te betaal nie.<sup>40</sup>

---

<sup>36</sup> NHKA LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 12 November 1919.

<sup>37</sup> NHKA LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 13 November 1919.

<sup>38</sup> NHKA LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 12 November 1919.

<sup>39</sup> NHKA LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 29 Desember 1919.

<sup>40</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 9 Januarie 1920; NHKA, LIX181/i, Johanna aan Brandt, 18 Januarie 1920.



In April 1920 het Johanna 'n formele skrywe van die prokureursfirma Findley & Niemeyer ontvang dat Frederik Bezuidenhout Harmony aan die [Transvaalse] Provinsiale Administrasie verkoop het en dat laasgenoemde op 1 Mei 1920 besit daarvan sou oorneem. Die firma het in die skrywe bygevoeg: “We understand that the property is to be used in connection with the Normaal College”.<sup>41</sup> Dit was destyds die algemeen gebruikte naam vir die tersiêre instelling waar onderwysers opgelei is. Dit was ook inderdaad wat uiteindelik met Harmony gebeur het.

Dit het Johanna met net tien dae gelaat om Harmony te ontruim. Haar reaksie was dat as sy dan nie in die huis mag bly woon nie, sy op die grond van Harmony sou aanbly. Op 20 April 1920 het sy haar planne uitvoerig aan Brandt uiteengesit: “Louis [hulle oudste seun, wat toe 17 jaar oud was] en ik zyn de hele middag in de stad geweest en hebben twee marqués (oop tente) gehuurd voor £7.10 per maand, (één van 12 x 21 en één van 12 x 14) [dit is in metrieke mate een van sowat 4,7 x 6,5 meter en een van 3,7 x 4,3 meter] van Simpson, en toe 12 pakkisten gekocht by een Indiër-winkel, prachtige sterke kisten die desnoods een regen-buitjie kunnen verdragen – voor sowat £3.10. Verder zullen wy een ‘shanty’ moeten laten bouwen als keuken en de municipality vragen om een w.c. [toilet] op te richten. Als’t niet te duur komt, zullen wy een kraan krygen – voor water leiding”. Die bure, met die van Coenens, was haar goedgesind en het, aangesien sy min meubels gehad het, aan haar stoorplek in 'n kamer en in die ‘garage’ aangebied vir die stoor van haar goeie meubels.<sup>42</sup> Op 12 Mei 1920 was Johanna-hulle nog steeds besig om uit Harmony na die tente te trek. Tussen die warboel was dit ook nog Mira se dertiende verjaarsdag op die Saterdag (8 Mei), maar sy het net so hard as haar broers en suster gehelp met die trekkery.<sup>46</sup>

Johanna was skynbaar bewus van die uitdagings wat hierdie onnatuurlike bestaan aan haar en haar kinders sou stel en het daarvoor aan Brandt geskryf: “Toch zullen wy’t zwaar hebben. De bedden moet allen buiten staan onder de blote hemel. Van morgen af, beginnen wy in te pakken. Al de boeken, schilderyen, ornamenten, ens. Alles dat overbodig is wordt ingepakt en alleen de nodigste dingen voor een kamp leven zullen uitgehoud worden. Ik ben van plan om al de kisten te nummeren en een lyst van inhoud te houden ingeval wy iets nodig krygen. Wij zullen drie maanden erg goedkoop leven, Mei, Juni en Juli, maar vanaf 1 Aug. moeten wy ergens onderdak zyn omdat wy somtyds in die maand regen en zware kou krygen. In de drie maanden hoop ik

---

<sup>41</sup> NHKA, LIX 187, Findley & Niemeyer aan Johanna, 19 April 1920; NHKA, 164/ii, Johanna aan Brandt, 20 April 1920.

<sup>42</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 20 April 1920. <sup>46</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 12 Mei 1920.

myn vastboek klaar te maken voor de pers”. Sy het Brandt gesmeek dat hy tog aan niemand moet vertel dat sy in ’n tent gaan woon nie.<sup>43</sup>

Tot hoe ’n mate Brandt hom aan Johanna se smeking gesteur het, is nie bekend nie, maar hy het wel in Mei 1920 aan sy moeder geskryf van al haar bedrywighede en bygevoeg dat sy in ’n tent woon, “maar niet voor goed, en dit siet Johanna ook wel in. Sy verwacht binnen kort weer terug te gaan naar Harmony”,<sup>44</sup> waarmee hy bedoel het dat sy weer in die huis sou kon intrek. In ’n volgende brief het hy gemeld dat hy ’n paar dae lank in Pretoria was vir vergaderings en “had toen weer een paar heerlijke dagen met de familie”. Hy het vertel dat Johanna toestemming gekry het om tot 31 Julie in Harmony te bly sonder om huur te betaal. Al die meubels was weer terug in die huis en die kinders het daar geslaap, “maar Johanna slaapt self heel alleen in een heel klein soort van huisje, dat meer lijkt op een kippen hok [hoenderhok] dan iets anders”. Dit is al wat oorgebly het van haar tentkamp. Hy het afgesluit met die versugting dat sy nie lank meer daar kon bly nie, maar gelukkig heel gezond gelyk het.<sup>49</sup>

Terwyl Johanna in die tente by Harmony oorwinter het, het die ongeduld dat haar voorspellings nie bewaarheid word nie, duidelik uit die trant van haar briewe na vore gekom. Sy was ook verbitter omdat sy nie eers ’n “stukkie” van Harmony kon bekom nie. “De menschen kunnen nu doen wat ze willen maar ze krygen my hier niet weg. Ik zal doodstil hier blyven totdat ze my naderen, en dan zal ik zeggen dat ik myn best gedaan heb maar ik kan niet weg gaan”. Dan vervolg die brief oor alledaagse gebeure en geldsake. Teen die einde het die trant van die brief skielik weer verander en het sy bykans pleitend vir Brandt meegedeel: “Ik heb ze nodig ...”.<sup>45</sup>

Danksy die talle briewe wat die Brandt-egpaar gedurende dié tydperk aan mekaar geskryf het, sowel as Johanna se briewe aan talle korrespondente en verdere geskrifte, is dit moontlik om haar lewens- en wêreldbeskouing gedurende die periode taamlik akkuraat te peil. Voorts kan daar uit die inhoud van die briewe afgelei word dat die meeste van hulle binne ’n dag of twee beantwoord is. Die briewe is meestal nie gepos nie, maar per hand vervoer. Die Brandts se oudste seuns het dikwels met die trein tussen Pretoria en Johannesburg heen en weer gery en dan die briewe saamgevat en per hand aan hul ouers afgelewer. Dit was moontlik omdat die treinstasie in Pretoria binne loopafstand van Harmony geleë was en Johannesburg was die

---

<sup>43</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 20 April 1920.

<sup>44</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 11 Mei 1920. <sup>49</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 8 Junie 1920.

<sup>45</sup> NHKA, LIX/181/ii, Johanna aan Brandt, 7 Augustus 1920.

pastorie in Jutastraat ook nie ver van die stasie af geleë nie. Brandt het selfs sy vuil wasgoed van Johannesburg af na Harmony gestuur en dan het Johanna dit 'n dag of wat later skoon terug gestuur.<sup>46</sup>

So gebeur dit dat Johanna nog steeds teen Desember 1920 op Harmony woonagtig was. Die briewe was gevul met beloftes dat sy na Johannesburg sou terugkeer, maar terselfdertyd het sy voorspel dat sy gaan sterf.<sup>47</sup> 1921 het aangebreek en Johanna het nog steeds nie Harmony verlaat nie. Vroeg in Januarie 1921 was Johanna steeds in Harmony en het Brandt openlik aan haar geskryf oor hul situasie en dat dit nie langer so kon aangaan nie.<sup>48</sup> Johanna het onverwyld geantwoord met 'n vyf bladsy-lange brief waarin sy oor haar werk, haar verwagtinge, haar stryd, oor die stemme wat haar dag en nag geroep het, asook oor hulle onderlinge verhouding opmerkings gemaak het. Sy het in hierdie skrywe die indruk geskep dat sy haarself as verhewe bo hom (en alle mense) beskou het: “Myn Dierbaarste, Ik ben altyd zo dankbaar als je openhartig schryft aan my dat ik liever een ‘afkeuring’ van je heb dan niets. Ik ben nooit ‘reserved’ met jou maar jy wel met my en daarom begrypen wy elkander niet ... ’t verwonderd my nooit als mensen de dingen, die ik verwacht, niet kunnen geloven. Ik heb nog nooit iemand ontmoet die in de verte een begrip kan vormen van myn ervaring van 4 jaar geleden”. Sy het gevoel dat as sy op daardie stadium sou “moed opgee en vlucht – dan kan er niets gebeuren – [maar] als ik op God vertrouw ... [en aanbly op Harmony] dan is alles moegelik. Myn leven is niet in myn eigen hand”. Sy het die brief beeindig met die woorde dat sy “erg onvoldaan [voel] over deze zwakke poging om myn standpunt duidelik te maken. Woorden zyn nutteloos, de tyd is nu gekomen om met daden te bewyzen. Ik bid veel voor jou en de kinderen en ben dankbaar te weten dat jullie my gedurig gedenken. Zoen al de kinderen en laat ze allen jou omhelsing en soenen, van je liefhebbende Johanna”.<sup>49</sup>

Toe Johanna enkele dae later verneem het dat Brandt weer siek geword het, het sy aan hom geskryf dat dit 'n senuwee-verskynsel was en dadelik behandel moes word. Sy het bygevoeg dat hy rus nodig gehad het, maar dadelik weer haarself voor hom geplaas: “[L]aat ons nu maar geduldig wachten en vertrouwen” op 28 Januarie, haar groot dag, wanneer sy “in de

---

<sup>46</sup> NHKA, LIX/181/ii en iii, korrespondensie tussen Johanna en Brandt, Augustus 1920 – Januarie 1921.

<sup>47</sup> NHKA, LIX 181/ii, briewe van Johanna aan Brandt, o.a. op 4 September, 12 Oktober, 3 Desember en 20 Desember 1920.

<sup>48</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brand aan Johanna, 2 Januarie 1921.

<sup>49</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 6 Januarie 1921.

Heerlikheid in ga – om daarna terug te komen om jullie te dienen”.<sup>50</sup> Drie dae later het sy gevra dat hy nie moet kom kuier nie – sy vas en is in afsondering. Sy het wel in die laaste sin van hierdie brief navraag oor sy gesondheid gedoen, maar dit is duidelik dat sy geheel en al in haar eie wêreld vasgevang was en nie gesteur wou word nie.<sup>51</sup> In ’n brief op 26 Januarie het sy vir Brandt meegedeel dat sy op 28 Januarie sou weet of sy sou sterf of nie. Sy het bygevoeg dat sy besef het dat indien sy nie te sterwe kom nie, sy Harmony sou moes verlaat.<sup>52</sup>

Johanna het toe nie op 28 Januarie 1921 gesterf nie. Sy het besef dat die skrif aan die muur was en dat sy Harmony sou moes verlaat. Sy het beplan om voor haar vertrek haar koeie en pluimvee te verkoop, maar sy kon geen kopers kry nie. Ene Pennink was gewillig om die diere vir ses maande oor te neem maar Johanna het gereken dat dit beter sou wees om die diere saam Johannesburg toe te vat. Sy het opdrag gekry om die huis heeltelmal te ontruim en het aan Brandt voorgestel dat hy moes “komen om my te help om die piano en grote kast uit te bring. Ek sal ... al die boeke en klein dinge inpak en na die tent vervoer ... Die studente kom op die 7de (Februarie)”.

So het die einde van Johanna se verblyf op Harmony aangebreek. Brandt het alreeds vroeg in Januarie 1921 ’n wa in gereedheid gekry om die laaste van Johanna se besittings na Johannesburg terug te neem. In ’n skrywe aan sy moeder het hy sy oorweldigende dankbaarheid oor daardie verwickeling uitgespreek: “Zoo zal dan eindelijk de familie weer by elkaar komen ... Het zal een geweldige blijdschap zijn voor mij en voor de geheele gemeente en [ek glo] dat dit een groot verschil zal maken voor de heele gemeente en voor mij en de kinderen”.<sup>53</sup> Vroeg in Februarie het Brandt haar in Pretoria gaan haal en die gemeente was skynbaar oorstelp van blydskap om haar te sien. Hy het aan sy moeder geskryf: “Ek kan nu eindelijk vast bericht sturen over Johanna. Haar groote datum, waarop alles zou gebeuren 28 Januarie is voorby gegaan, zonder dat iets gebeurd is, en nu hebben de studenten hun intrek genomen ... en al het goed dat nog in Pretoria is terug te brengen naar Johannesburg. Zoo zal dan eindelijk de familie weer by elkaar komen”.<sup>54</sup>

---

<sup>50</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 13 Januarie 1921.

<sup>51</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 16 Januarie 1921.

<sup>52</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 26 Januarie 1921.

<sup>53</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy moeder, 11 Januarie 1921.

<sup>54</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy moeder, 11 Februarie 1921.

Teen die middel van Februarie 1921 was Johanna terug in die pastorie gevestig. Brandt het vreugde aan sy broer George geskryf dat Johanna met al haar goed terug was en dat sy tevrede was en berus het in die feit dat sy Harmony moes verlaat het.<sup>55</sup> Terselfdertyd het hy sy moeder daaroor ingelig: “Ik kan u nu het seer verblijdend news senden dat Johanna met al haar goed hier terug is in de pastorie ... en dat zij ook volkome tevreden is en berust in wat toch vir haar een vreeselijk moeilike zaak was, nl. om haar geliefde Harmony te verlaten”. Hy het sy moeder in vertroue geneem oor sy ware gevoelens in verband met Johanna se optrede: “Ik ben nu zoo blij dat ik nooit geweld gebruik het teenover Johanna en haar nooit gedwongen heb, want nu is zij uit eigen overtuigen terug gekomen en kon er nooit eenig verwijdt sijn, dat ik haar belet heb haar plannen uit te voeren ... ik heb haar altyd volkomen vryheid gegee om te doen wat sy meende sy moet daan. Sy zal zeker nou erkennen dat zij misleid was, wat ik altijd gesegd heb, hoewel zij self altyd oprecht was en eerlijk [in dit waarin sy geglo het]”.<sup>56</sup>

Ten spyte van Brandt se gerusstelling aan sy moeder is dit te betwyfel dat Johanna haar by die verloop van sake berus het. Uit die algemene skrywe wat sy in hierdie dae aan talle van haar kennisse geskryf het ten einde hulle op hoogte van die stand van sake te bring, kry mens die indruk dat haar hart steeds in Harmonie was: “Een paar woordjies om U te vertel dat ik nou verpligt is om Harmony te verlaat, totdat die Heer my weer hierheen roep. Intussen is ek van plan om die tyd te gebruik om myn twee boeke [*Die Vast-boek* (in Engels gepubliseer as *Fasting Book*) en *Die Smeltkroes*] waaraan ik al so lang besig is, af te maak en so gauw moeglik te publiseer. Myn lesers het lang gewag, maar hier was soveel moeilikhede dat dit vir my byna onmoontlik was om te skryf. Ik hoop dat dit nou beter sal gaan en dat ons volk die vrugte sal pluk van die grote stryd om Harmony te behou en die skat van kennis en geestelike ervaring hier opgedaan”.<sup>57</sup> Wat opvallend van hierdie brief was, was dat sy bo, op die gebruiklike plek, die Harmony-adres geplaas het, maar onderaan getik het: voorlopige adres en die pastorie-adres in Johannesburg verskaf het. Sy het ongetwyfeld steeds gehoop om eendag terug te kon gaan en praat van “ons volk” asof al die mense – ten minste dié van Transvaal – saam met haar deur die worstelstryd gegaan het en gewag het op die wederkoms van Christus.

Haar vriendin Gladys wat in die VSA gewoon het, het haar probeer opbeur: “Do not let your great disappointment (losing Harmony) take away your desire to live here on earth to the end of a normal life.” Sy het geskryf dat Johanna so baie het om voor dankbaar te wees en dat

---

<sup>55</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy broer George, 1 Maart 1921.

<sup>56</sup> NHKA, LIX 175/ ii, Brandt aan sy moeder, 1 Maart 1921.

<sup>57</sup> NHKA, LIX 161/iii, Johanna aan mede-korrespondente, 25 Februarie 1921.

Harmony iets idillies uit haar jeugjare is en sy moet dit laat gaan, “Christ will certainly come to all the Harmonies in the world.”<sup>58</sup>

Die raps meer as vier jaar wat Johanna meestal op Harmony gewoon het (einde 1916 – vroeg in 1921), het beslis ’n nadelige uitwerking op haar huweliks- en gesinslewe gehad. As hierdie tydperk met haar en Brandt se verblyf in Pietersburg (1904 – 1908) vergelyk word, is daar ’n reuse verskil wat haar houding teenoor Brandt betref. Op Pietersburg het hulle saam met die gemeente swaar gekry en geswoeg om te oorleef, maar hulle was daar vir mekaar. Teen 1916 het Johanna geestelik en toe ook fisies van Brandt begin wegbreek en was nooit weer dieselfde vrou wat in belang van andere gewerk het nie. Die vraag doem op: Het sy ooit besef wat sy aan haar gesin gedoen het? Uit haar korrespondensie kry mens die indruk dat sy eerlik geglo het dat Brandt tevrede was met die opset. Dit verklaar moontlik waarom sy goedsmoeds, nadat sy in Februarie 1921 na die pastorie in Johannesburg terug gekeer het, gou weer ’n eie koers ingeslaan het.

## 6. ’n Sigbare nalatenskap van Harmony leef voort

Johanna se lewe was vir meer as 25 jaar op een of ander wyse aan Harmony gekoppel. Nadat sy dit aan die begin van 1921 vir goed verlaat het, het die woord “harmonie” vir haar ’n bykomende betekenis gekry as net ’n geliefde tuiste. Vir haar het dit beteken die vreedsame samesyn van waarskynlik die hele wêreld, nadat elke individu (of hervormer, soos sy dit genoem het) eers hom- of haarself hervorm het. Dit het gelei tot haar stigting in 1916 in Pretoria van “The World Harmony Movement Incorporated” wat hom volgens die manifes wat sy in 1919 opgestel het, beywer het “for the promotion of Peace on Earth, Universal Brotherhood and International Friendship.” Die manifes was ’n samevatting van Johanna se ideologieë deur die jare: “This is HARMONY, the first Principle of Divine Love, harmony between the races; the sexes; religion and politics; faith and reason; nature and science; mysticism and intellect; percept and practice; Harmony, in one word, between God and Man”.<sup>59</sup>

---

<sup>58</sup> NHKA, LIX 143/iii, Gladys uit die VSA aan Johanna, 11 Maart 1922.

<sup>59</sup> NHKA, LIX 151, lêer met dokumente oor die World Harmony Movement. Die Manifes van die World Harmony Movement is sonder datum maar verwys na “Armistice Day”, 11 November 1918, die dag van die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog. Daar is talle pamflette en ander publikasies oor “Harmony” as organisasie in die lêer, maar daar is meestal geen datums by nie. <sup>65</sup> NHKA, LIX 158/iv, Johanna aan Leadbeater, 16 Oktober 1917.

Johanna het telkens daarna weer die naam Harmony met haar bedrywighede in verband gebring. Die meeste van die organisasies wat met haar werksaamhede ten opsigte van natuurgeneeskunde verband gehou het, was daaraan verbind, soos die “Order of Harmony”, die “Harmony Health and Rest Resort”, die “The World Harmony Movement of America”, die “Harmony Maternity Home” en die “The Commonwealth of Harmony”. Sy het van die sewe letters waaruit die woord *harmony* bestaan as haar kenteken gebruik gemaak, met die letters H en A bo-aan is, R, M en O in die middel en N en Y onderaan, elkeen in ’n sirkel. Die woord harmonie verteenwoordig ’n eenheid en die sirkels om elke letter, dui op ’n geslote gebondenheid.<sup>65</sup> Verdere simboliek was wat haar betref geleë in die sewe letters van die woord wat vir haar magiese betekenis gehad het. In 1916 het sy in ’n brief spesifiek gewys op “the constant recurrence of the number seven in everything that befalls me”.<sup>60</sup> Nadat Johanna nie meer in Harmony in Pretoria kon woon nie, het sy die naam met haar saamgedra toe sy in die 1920’s die wye wêreld ingevaar het. In die “Harmony News-Letter” van 1957-1958 wat sy aan haar Harmony-ondersteuners gerig het, het sy hulle bedank vir die gelukwense met haar 81e verjaarsdag, wat aangedui dat sy steeds deur die jare haar bande met Harmony deur haar verskeie organisasies of instansies, behou het.<sup>67</sup>

Hierdie hoofstuk handel oor ’n lewensveranderende periode in Johanna se lewe. Sy het tot die einde bly glo dat sy Harmony sou behou en dat sy en die hele Brandt-gesin uiteindelik in ware harmonie daar sou kon woon. Toe sy besef het dat dit nie sou gebeur nie, het sy haarself wysgemaak dat sy sou sterf en dan weer sou terugkeer as ’n wese wat as “goddelike” beskou sou wees. Wat haar eggenoot, ds. Brandt, betref het hy in haar as lewensmaat bly glo, al het hy haar leerstellings en profesieë verwerp. Tog het hy geweier om negatiewe uitsprake oor haar in die kerk te lewer en het hy haar nooit verwerp nie, al het vir meer as vier jaar apart van hom gewoon. Dit is waarskynlik dat sy broer George, wat in Durban gewoon het en sy bejaarde moeder in Nederland die enigste twee mense was wat werklik van sy hartseer, onrus en verwydering kennis gedra het. Vroeg in Januarie 1921 het Brandt byvoorbeeld in ’n brief aan George met empatie oor Johanna geskryf dat die las wat sy vir haarself opgelê het “ongelooflyk” gelyk het, veral die afgelope paar maande.<sup>68</sup>

Brandt se gemeente in Johannesburg was ook angstig dat sy na die pastorie moes terugkeer. Sekere uitsprake in haar publikasies het sommige kerkraads- en gemeentelêde negatief teenoor haar gestem, veral omdat daar destyds van ’n predikantsvrou verwag is om in die eerste plek

---

<sup>60</sup> NHKA, LIX 161, Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1916.

haar man by te staan. Johanna het haar geensins aan die verwagtinge van die gemeente of van haar man gesteur nie. Opvallend genoeg het Johanna en Brandt na haar terugkeer na die pastorie skynbaar niks verder oor Harmony gepraat (of geskryf nie), maar bloot met 'n nuwe era in hul lewens begin.

<sup>67</sup> NHKA, LIX 200, dokument wat haar dogter Emmie Kellerman in die 1980's aan die argief gestuur het.

<sup>68</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy broer George, 5 Januarie 1921.



## Hoofstuk 7

### Die impak van visioene op Johanna en die neerslag daarvan in publikasies, ± 1916–1921

#### 1. Inleiding

In hierdie hoofstuk val die klem op Johanna se bemoeienis met bo-natuurlike geestelike tendense en ervarings, insluitende die visioene wat sy van 1916 af begin sien het en die impak daarvan op haar lewens- en wêreldbeskouing. Die eerste vermeldings wat Johanna van bonatuurlike ervarings in haar briewe asook in haar dagboek gemaak het, was gedurende die oorlogsjare in 1902. Op daardie stadium wil dit voorkom asof sy haar bemoeienis daarmee net as tydverdryf of as 'n aardigheid beskou het.<sup>1</sup>

Wanneer mens Johanna se korrespondensie bestudeer, val dit op dat sy goed belese was. Dit is duidelik dat sy oor talle onderwerpe nagelees het, in Engels sowel as Nederlands. Haar ouers was ook albei intelligente mense en hulle het seker gemaak dat hul kinders 'n goeie opvoeding ontvang het.<sup>2</sup> Tydens Johanna se jeugjare was daar nie 'n groot verskeidenheid leesstof beskikbaar nie. Daarom het sy alles gelees wat sy in die hande kon kry. So het sy kennis gemaak met verskeie okkulte en bonatuurlike praktyke. Deur die eeue heen was daar 'n voortdurende groei en ontwikkeling van verskillende godsdienstige bewegings. Die bewegings is soms kultusse (“cults”) genoem. Alternatiewelik is daarna verwys as die okkulte. Dié terme het mettertyd verander, waarskynlik om nie aanstoot te gee nie, want in meer resente publikasies word daarna verwys as nuwe godsdienstige bewegings (Engels: “new religious movements”).<sup>3</sup> In Johanna se geskrifte het sy telkens verwysings gemaak na sodanige verskynsels waarin sy belang gestel het. Haar belangstelling het gedurig na nuwe geestesstudies en bo-natuurlike verskynsels verander.

---

<sup>1</sup> NHKA, LIX 159/ii, Johanna aan vriendin, 6 Februarie 1902.

<sup>2</sup> Van der Merwe, *Johanna Brandt*, pp. 12-15.

<sup>3</sup> I. Hexam (et al., eds), *Encountering New Religious Movements. A Holistic Evangelical Approach*, p. 4.

## 2. Bonatuurlike aktiwiteite en kultusse waarby Johanna betrokke geraak het, 1902–1908

### 2.1 Séances

Sover vasgestel kon word, het Johanna haar eerste vermelding oor séances, of te wel byeenkomste van spiritiste, waarby hulle probeer het om met die gees van 'n afgestorwene in verbinding te tree, vroeg in 1902 gemaak. 'n Séance word deur 'n persoon wat as 'n medium beskou word – iemand wat die gawe het om met geeste kontak te maak – aangebied. Die medium stel dan die vraag wat deur een van die persone wat teenwoordig is gevra word aan die gees, wat dit deur middel van die medium beantwoord. Daar bestaan bewyse dat hierdie vorm van kommunikasie moontlik is. Die woord *séance* word afgelei van die ou Franse woord *seoir*, wat eintlik beteken “om te sit”. Hierdie vorm van kommunikasie word as kontak met die okkulte beskou. Europeërs is veral gedurende die Middeleeue deur die Rooms-Katolieke Kerk vervolg as hulle dit sou waag om die ‘spel’ te speel.<sup>4</sup>

Dit was kort voor die einde van die Anglo-Boereoorlog, tydens 'n besoek van haar suster Deliana aan Harmony, dat Johanna vir die eerste keer kennis geneem het wat 'n séance was. Deliana, wat 'n medium was, het een aand terwyl sy daar gekuier het, vir Johanna gewys hoe dit werk.<sup>5</sup> Toe haar vriend Andrew Brown 'n paar dae later by haar en haar moeder in Harmony kom kuier het, het hulle aan hom 'n séance gedemonstreer. Dit het Johanna só gefassineer dat sy selfs in 'n brief vir haar aanstaande skoonmoeder daarvan vertel het.<sup>6</sup> Sy het verder in haar dagboek verwys dat hulle ook 'n séance saam met haar oom, Paul Maré, gehou het en dat hy baie verbaas was oor die korrektheid van inligting wat die gees van die afgestorwene tydens die séance aan hulle oorgedra het. Johanna se kommentaar was: “Spiritualism is a most wonderful thing”.<sup>7</sup>

Teen die aanvang van die twintigste eeu en selfs vir nog dekades daarna was séances beskou as 'n snaaksigheid – 'n “parlour game” wat saam met gaste as tydverdryf gespeel is. Alhoewel daar nie veel oor gepraat is nie, het dit onder Afrikaners 'n lewendige subkultuur geword. Spiritiste

---

<sup>4</sup> Séance – Crystallinks, <http://crystallinks.com/seance.html>, geraadpleeg op 19 Mei 2013.

<sup>5</sup> Grobler, *War Diary*, pp. 448-450 (inskrywing op 12 April 1902).

<sup>6</sup> NHKA, LIX 149/ii, Johanna aan mev. Brandt, 25 April 1902.

<sup>7</sup> Grobler, *War Diary*, pp. 452-453 (inskrywing op 12 April 1902).

het landwyd in groepies bymekaar gekom om met die afgestorwenes te kommunikeer. Die kommunikasie het gewoonlik tydens séances plaasgevind.<sup>8</sup>

## 2.2 Spiritisme/spiritualisme

Dit is duidelik dat Johanna op daardie stadium van haar lewe nie tussen die begrippe spiritisme en spiritualisme onderskeid getref het nie. Spiritisme kan beskryf word as die verering van die siele van afgestorwenes en van onsigbare geeste, of anders gestel 'n geloof aan gemeenskap met geeste van afgestorwenes. Spiritualisme aan die ander kant is die leer waarvolgens alles teruggebring kan word tot 'n verskyningsvorm van die gees.<sup>9</sup> Toe Johanna, haar moeder en haar suster Deliana in April 1902 séances gehou het, was hulle met spiritisme besig. Sy het na die oorlog selde weer oor séances geskryf en haar skynbaar nie na haar huwelik meer daarmee besig gehou nie. Tog het sy dit nie verwerp nie. In 1908 het sy aan haar skoonmoeder “photos van geesten” en 'n familie wat “erg in spiritisme” glo en gereeld met hul oorlede seun kommunikeer, gestuur.<sup>10</sup> Sy het gewonder: “Hoe kunnen wij deze dingen verklare? Als spiritisme en omgang met geeste verkeerd is hoe kan er zooveel goeds van uitgaan?” Sy het bygevoeg: “In Zuid Afrika zyn de meeste menschen vatbaar voor spiritisme, te minste, de meest Afrikaners. In onze familie zit het sterk zooals u weet, ben ik zelf een medium”.<sup>11</sup>

Wat Brandt se standpunt oor Johanna se belangstelling in bo-natuurlike kragte betref, het hy dit skynbaar nie sonder meer afgekeur nie. Kort na haar aankoms in Europa ten einde met hom in die huwelik te tree het sy in Julie 1902 uit Nederland hieroor aan haar moeder geskryf: “We have talked much about spiritualism [waarskynlik bedoelende spiritisme] because he [Brandt] knows less about it than I do, he is not exactly against it and we are going to read books on the subject. He believes in palmistry and all the things we are interested in”.<sup>12</sup> Drie weke voor haar huwelik het Johanna weer in 'n brief aan haar moeder en aan haar suster Deliana oor die onderwerp geskryf: “Lou believes both in palmistry and spiritualism and he is much interested in the occult arts but he is not sure yet whether they are right or wrong. Palmistry he approves as long as it deals with character, the past and the present but he thinks we may not look into the future, even if we could. He has personally never had anything to do with spiritualism, but

---

<sup>8</sup> J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 27.

<sup>9</sup> M.S.B. Kritzinger & F.J. Labuschagne, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 1003.

<sup>10</sup> NHKA, LIX 26, Johanna aan skoonfamilie, 5 Augustus 1908.

<sup>11</sup> NHKA, LIX 26, Johanna aan skoonfamilie, 6 September 1908.

<sup>12</sup> NHKA, LIX 157/ii, Johanna aan haar moeder, 16 Julie 1902.

he is anything but sceptical, only he does not know enough about it ... [he] will never have anything to do with it unless he is sure it is right".<sup>13</sup>

Brandt se standpunt het deur die jare nie verander nie. In 1909 het hy 'n artikel in *De Hervormer*, die mondstuk van die NHK, geskryf oor die bekende Britse joernalis W.T. Stead, die redakteur van *Review of Reviews* met wie Johanna tydens die Anglo-Boereoorlog kortliks gekorrespondeer het. Brandt het gemeld dat Stead 'n "geesten informatie bureau" gestig het, kontak gemaak het met ene Julia op haar sterfbed en dat sy hom belowe het om hom te laat weet "hoe het geestenwereld uitziet", wat sy inderdaad gedoen het. Brandt vergelyk dit met koning Saul wat gaan toevlug soek het by die heks van Endor "omdat God hem niet meer antwoordde". Hy het die artikel met die volgende opmerking beëindig: "Gruwelijk als menschen tot zulke dingen vervallen",<sup>14</sup> min wetende dat sy eie vrou binne die volgende 12 jaar later haar betrokkenheid by die okkulte sover sou voer as wat gebeur het en dat sy nooit weer dieselfde Johanna sou wees met wie hy in 1902 getrou het nie.

Dit was meer as 'n dekade na haar huwelik eers dat Johanna diep betrokke geraak het by ernstige bonatuurlike verskynsels. In haar korrespondensie aan haar vriende en familie het sy deur die jare ook na handlesery, mistisisme, spiritisme en spiritualisme verwys, maar selde in die openbaar daarvan gepraat.

### 2.3 Handlesery

Handlesery behels dat 'n persoon se verlede en toekoms volgens die plooië op sy/haar hand 'gelees' kan word. Dit word as een van die oudste studies in die wêreld beskou. Die oorsprong van handlesery is waarskynlik in Indië, waarna dit deur die hele Sjina versprei het en uiteindelik sy weg gevind het na Egipte en van daar via Griekeland na Europa. Dit word tot vandag nog bestudeer. Handlesery word nie bloot as 'n bygeloof beskou nie, maar is sedert die antieke tye as 'n wetenskap aanvaar en dit word tot vandag nog deur aanhangers daarvan so aanvaar. Sommige dokters en sielkundiges wat die kuns bestudeer het, het tot die gevolgtrekking gekom dat "hands have the potential to reveal a person's character, health and psychological status".<sup>15</sup>

---

<sup>13</sup> NHKA, LIX 167/ii, Johanna vanaf Rheden, Nederland, aan haar moeder en suster, 5 Augustus 1902.

<sup>14</sup> L.E. Brandt, *Varia, De Hervormer*, 15 November 1909, p. 8.

<sup>15</sup> 'Palmistry Lines' Through History, <http://palmistryinhand.com/history-palmistry>, geraadpleeg 20 Mei 2013.

In 1907 het Johanna voor die Pietersburg Library and Debating Association 'n lesing oor "Scientific Palmistry" gelewer. Die plaaslike koerant, *Zoutpansberg Review*, het agterna berig dat die lesing baie goed ontvang is en dat die gehoor met groot belangstelling daarna geluister het, alhoewel baie mense nie in handlesery geglo het nie. Sy het die geskiedenis van die ontstaan van handlesery sowel as 'n verduideliking van die "leesproses" breedvoerig uiteengesit. W. Wyheyn het in dieselfde koerant oor die lesing geskryf: "All who had heard Mrs Brand's exposition have been impressed by her commonsense way of dealing with the subject and by her happy knack of making it not only comprehensible but deeply interesting".<sup>16</sup>

Johanna se geloof in handlesery is waarskynlik versterk deur 'n spesifieke gebeurtenis. Ene mev. Antrobus het, nadat sy in ongeveer 1905 Brandt se handpalm bestudeer het, voorspel dat hy twee jaar later op 'n oorsese reis sou gaan, Nederland toe. Nadat sy by dieselfde geleentheid Johanna se hand gelees het, het mev. Antrobus voorspel dat sy nie sou saamgaan nie. Johanna en Brandt het van die insident vergeet "totdat Lou ene poosje geleden er over sproken", enkele dae voor sy onverwagte reis na Nederland in 1907. Die gebeure het naastenby presies plaasgevind soos mev. Antrobus dit voorspel het.<sup>17</sup> Johanna se belangstelling in handlesery het daarna mettertyd vervaag, waarskynlik omdat sy meer van die onsigbare toekoms wou weet, of omdat daar te veel ander gebeure plaasgevind het, wat haar tyd in beslag geneem het. In die jare onmiddellik na hul verhuising na Johannesburg in 1908 het Johanna aanvanklik soveel tyd aan haar man en kinders, haar publikasies asook gemeentelike en landsake gewy dat sy nie tyd gehad het om haar aan okkulte-bedrywighede te steur nie. Dit beteken nie noodwendig dat haar belangstelling in die verskynsels van die bonatuurlike totaal vervaag het nie. Alhoewel sy baie besig was, het sy steeds 'n dors na kennis gehad, soos wat uit haar uitgebreide korrespondensie afgelei kan word. Die feit dat sy in 'n pastorie grootgeword het, 'n Christelike opvoeding ontvang het en met 'n predikant getroud was, het 'n groot impak op haar aanvanklike lewens- en wêreldbeskouing gehad en sy het dit minstens vir die eerste 40 jaar van haar lewe aanvaar dat sy 'n ortodokse Christen was.

---

<sup>16</sup> NHKA, LIX 158/ii, knipsels uit *Zoutpansberg Review*, 13 Maart 1907.

<sup>17</sup> NHKA, LIX 149/iii, Johanna aan haar skoonmoeder, 17 Februarie 1907.

### 3. Johanna se hernude belangstelling in die bo-natuurlike van 1916 af

Johanna se gedurige soeke na verklarings vir traumatiese en frustrerende insidente en verwickelinge in haar lewe het uiteindelik meegebring dat sy haar van die einde van 1916 af openlik na nuwe belangstellingsvelde gewend het. Dit het haar lewe so beïnvloed dat sy 'n totaal nuwe rigting ingeslaan het – moontlik omdat sy na ontvlugtig gesoek het. Gevolglik het sy haar begin verdiep in 'n nuwe geesteswêreld van onder andere teosofie, wat bygedra het om haar hele lewens- en wêreldbeskouing en persoonlikheid te verander.

Van 1916 af het Johanna 'n toegewyde aanhanger geword van die mistisisme, wat beskryf kan word as “die geloof aan die geheimsinnige gemeenskap tussen God en die mens; verborgenheidsleer; neiging tot die wondergeloof, die bonatuurlike; mistiek”.<sup>18</sup> Sy het dit inderdaad as deel van haar godsdienstige opvattinge beskou en in haar boek *Millennium* die beginsels van mistisisme en spiritualisme beskryf as skakels tussen God en die mens.<sup>19</sup>

Bouyer, soos aangehaal deur Gaul, beskryf mistisisme as “the mystery of the Cross ... [it] could refer to something hidden, and is peculiarly Christian”. Dan beweer Gaul self dat die ware mistisisme gegrondves is in 'n blywende verbinding met God, sodat die mens getransformeer word tot eenheid met God en 'n ware gelowige word.<sup>19</sup> Uit bogenoemde verklarings kan afgelei word dat mistisisme die verbinding tussen God en die spiritualistiese mens vorm.

Mistisisme het reeds lank voor die geboorte van Jesus bestaan. Ou Testamentiese tekse het dit duidelik beskryf: God “het in die Tuin met die mens gestap”; Jakob het die hemel geopend gesien; God het met Josef deur middel van drome gepraat; Moses het met God op die berg Sinaï gepraat en nog vele meer soortgelyke insidente. In die Nuwe Testament word die talle wonderwerke en ander verskynsels ook as van mistiese aard beskou. Deur die eeue daarna was mense beïnvloed deur Christelike mistici – van apostels tot martelare, kerkvaders, monnike en nonne van godsdienstige ordes en leke predikers – wat almal geglo het dat hulle direkte kontak met God het. Mistisisme bestaan dus nie bloot uit 'n mistieke ervaring nie.<sup>20</sup> Publikasies met 'n feministiese inslag, soos dié van Gaul, gaan van die veronderstelling uit dat die vrou wat

---

<sup>18</sup> M.S.B. Kritzinger & F.J. Labuschagne, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 610. <sup>19</sup> J. Brandt, *Millennium*, p. 92.

<sup>19</sup> Gaul, “Performativity”, pp. 84-85.

<sup>20</sup> What is Christian mysticism? An introduction to the heart of the Christian way, <http://frimmin.com/faith/mysticismintro.php>, geraadpleeg 21 Mei 2013.

haarself wou bemagtig teen die rigiede sosiale voorskrifte van die man (patriarg), dit kon regkry deur op mistisisme te steun. Deur die mistieke ervarings het hulle God as beide Moeder en Vader beleef. Hulle het deur die ervarings hulself as gelyke van die man gesien. “Certain women, however, realised that, through their deep and sincere devotion to God, they were to be granted a gift which provided a channel for their religious expression – the gift of mysticism”.<sup>21</sup> Met verwysing na die standpunt van De Beauvoir verduidelik Gaul voorts dat: “[U]nlike the ordinary loving relationship between a woman and a man, wherein the woman seeks God in the man she loves, the female mystic chooses instead to disregard the male body, and seek godliness in Divinity Himself. She suggests that this constitutes a type of ‘desperation’ on the part of the mystic as she experiences an overwhelming and irristible need to approach God and live her life close to him”.<sup>23</sup> Wanneer daar na Johanna se lewenswyse en geskrifte van die einde van 1916 gekyk word, dan wil dit voorkom asof sy goed inpas by Gaul en De Beauvoir se beskrywings van die mistisistiese vrou. Dit was waarskynlik hoe Johanna haar eie belewenisse met God ervaar het. Sy het byvoorbeeld haar mistieke belewenisse in haar publikasie *Millennium* as skakels tussen God en die mens beskryf.<sup>22</sup>

Johanna het van ongeveer 1916 af ook direk by spiritualisme betrokke geraak. Kortweg gestel was ’n spiritualis iemand wat geglo aan ’n opperste wese wat onsigbaar was. Spiritualisme het die term bonatuurlike ingesluit wat na ‘iets’ verwys wat groter as die natuurlike wêreld was en bygedra het tot die ontwikkeling van die spiritualis se geloof.<sup>23</sup> Parks beskryf spiritualiteit as volg: “Spirituality begins and is perpetually an internal process, though there is the moving outward from oneself through self-transcendence, correctedness to self and others, and relationship which lies beyond the known and knowable world ... Religion, with its beliefs practises, rituals, prayers and spiritual exercises, can be, and is for many people, a wonderful means through which one can explore one’s spiritually”.<sup>24</sup>

Al het sy soms voor 1909 die begrip spiritualiteit gebruik wanneer sy eintlik spiritisme bedoel het, het Johanna in daardie jaar in korrespondensie direk na ware spiritualiteit verwys. In ’n lang brief aan haar skoonmoeder het sy vertel dat sy, nadat sy die boek *Spirit Teachings* gelees het,

---

<sup>21</sup> Gaul, “Performativity”, pp. 84-86. <sup>23</sup> Gaul, “Performativity”, pp. 86-87.

<sup>22</sup> Brandt, *Die Millennium*, p. 114

<sup>23</sup> P.G. Love, Differentiating Spirituality from Religion, <https://characterclearinghouse.fsu.edu/differentiating-spirituality-from-religion/>, geraadpleeg 16 Mei 2013.

<sup>24</sup> S. Parks, *Big questions, worthy dreams*, p. 361.

in 'n “toestand van verrukking” verkeer het, dat haar geloof daardeur versterk was en dat sy krag ontvang het om haar laste te dra en standvastig te wees. Sy het bygevoeg dat sy bnatuurlike boodskappe “uit God’s hand ontvang en heb”.<sup>25</sup> Op daardie tydstip van haar lewe het dit haar nie geestelik beheer nie, maar sy was beslis vatbaar vir hierdie verskynsels wat van 1916 af 'n groot impak op haar lewe gehad het. In haar boek *Millennium* het sy geskryf dat die werklike abstrakte wese vir haar die Heilige Gees was.<sup>26</sup>

Johanna het mettertyd in haar denkwêreld ook die beginsels van reïnkarnasie as 'n gegewe aanvaar. Reïnkarnasie is een van die beginsel van die teosofie wat in stryd is met die Christelike geloof. Die betekenis van reïnkarnasie kom hoofsaaklik daarop neer dat die siel van die gestorwene na die dood in die liggaam van 'n ander lewende wese ingaan. Dit is 'n besondere ou geloof. Die antieke Grieke en Egiptenare sowel as latere Boeddhiste en Brahmane van Indië het dit almal eeue gelede al nagevolg. Die algemene geloof was dat die siel uiteindelik deur al die transmigrasies gesuiwer word en dan na die oorspronklike Skeppergod terugkeer het.<sup>27</sup>

In 1912 het Johanna haar interpretasie van wat reïnkarnasie was, met haar Christelike geloof probeer versoen. Sy het geskryf reïnkarnasie word vir haar “hoe langer hoe mooier en ik vind het zoo heerlyk dat er zooveel bewyzen van in de Bybel staan, waar de menschen Jesus bv. vragen wie gezondig had, de blindgeborene of zyn ouders. Hy self [die blindgeborene] kon natuurlyk alleen gezondig hebben in een vorige leven want hy was blind geboren, en waar die discipelen Jesus vragen of hy Elia was die weer komen zou, en een massa voorbeelden in de voorspellingen van de profeten. Jesus zelf heft ook beloofd om weer terug te komen”. Sy het verwys na die talle mense wat in 1912, toe die *Titanic* gesink het, hul lewens verloor het – veral die jong mense – en bygevoeg dat dit haar troos dat hulle sal terugkeer “om in anderen omstandigheden verder te ontwikkel en [en] betere kansen voor hun vooruitgang sal krygen”.<sup>28</sup> Teen 1918 was Johanna steeds in vervoering oor reïnkarnasie: “[It] is the Key, or one of the keys, to the Scriptures”.<sup>29</sup> In 1919 het sy geskryf dat sy verseker geweet het dat sy die produk van reïnkarnasie was: “I have been a voortrekker and I have known every phase of the history

---

<sup>25</sup> NHKA, LIX 150/ii, Johanna aan skoonmoeder, 25 November 1909.

<sup>26</sup> J. Brandt, *Millennium*, p. 128.

<sup>27</sup> Williams, K., Reincarnation in Christian history,  
<http://www.neardeath.com/reincarnation/history/christian-history.html>, geraadpleeg op 20 Mei 2013.

<sup>28</sup> NHKA, LIX 31, Johanna aan skoonfamilie, 22 April 1912.

<sup>29</sup> NHKA, LIX 160/3, Johanna aan ‘Friend’, 17 Desember 1918.



of South Africa. I have been bound up with its development in one way or another ever since our forefathers took their refuge to this land”.<sup>30</sup>

Brandt het hom totaal van Johanna se geloof in reïnkarnasie gedistansieer. In ’n brief aan sy moeder het hy verduidelik: “Johanna schreef u over mrs. Besant en de theosofie van reïncarnatie. Ik schryf daar liever niet over, want ik kan er hoegenaamd niet in gelooven en voor mij is het geheel en al in strijd met het werken en leven van den Heer Jesus. Johanna en ik spreken daar haast nooit over omdat wij van elkaar weten, dat wij daarover te veel verschillen. Tusschen Johanna en mij is dit geen verschil punt dat ons hinder ook al maakt het onse opvatting van het leven heel anders”.<sup>31</sup>

Johanna het nie net in reïnkarnasie geglo nie, maar het haar ook verdiep in die bestudering van teosofie. Die leerstellings van die teosofie, of die ‘goddelike wysheid’, behels die soeke na die mistieke waarheid wat die middelpunt van alle gelowe en esoteriese (geheimsinnige) leerstellings is.<sup>32</sup> Kennis van die goddelike wysheid en hoe dit werk kan verkry word deur die benutting van gewaagde (“speculative”) filosofieë of deur spesiale openbarings.<sup>33</sup> Teosowe het die volgende doelstellings, naamlik eerstens om ’n universele broederskap te vorm waar ras, geslag, godsdiens of kleur geen rol speel nie; tweedens om vergelykende studie tussen godsdienste, wetenskappe en filosofieë aan te moedig; en derdens om die onverklaarbare wette van die natuur en die latente krag daarvan op die mensdom, te bestudeer.<sup>34</sup> Geen verpligte geloof is op die lede afgedwing nie, want hulle is verenig deur “a common search for Truth and desire to learn the meaning and purpose of existence by engaging themselves in study, reflection, purity of life and loving service”.<sup>35</sup>

Annie Besant word naas Helena Blavatsky as een van die bekendste van al die teosowe beskou. Uit Besant se publikasie *The meaning of Theosophy* het Johanna, volgens haar, die kern van die denkrigting neergeskryf: “What is the essence of Theosophy? It is the fact that man being himself divine, can know the Divinity whose life he share. The divine life is the spirit in everything that exists, from the atom to the Archangel; the grain of dust could not be, were God

---

<sup>30</sup> NHKA, LIX 160/3, Johanna aan Haarhoff, 11 Februarie 1919.

<sup>31</sup> NHKA, LIX 181/ii, Brandt aan sy moeder, 5 November 1920.

<sup>32</sup> B. Whitworth, *New Age Encyclopedia. A Mind, Body, Spirit Reference Guide*, p. 214.

<sup>33</sup> G.T. Bettaway, *Encyclopedia of the World Religions*, p. 20.

<sup>34</sup> B. Whitworth, *New Age Encyclopedia. A Mind, Body, Spirit Rederence Guide*, pp. 214-215.

<sup>35</sup> Theosophical Society of South Africa, <http://www.theosofie.org.za.html/aboutus>, geraadpleeg 12 April 2013.

absent from it; the loftiest seraph is but a spark from the eternal fire which is God. Shares in one Life, all from one Brotherhood. The imminence of God, the solidarity of man, such are the basic truths of Theosophy”.<sup>36</sup> Sommige van hierdie beginsels stem baie ooreen met dié van die Christelike godsdiens.

’n Internasionale Teosofiese Vereniging is in 1875 in New York in die VSA gestig. Dit het ook bekend gestaan as die “Universal Brotherhood of Humanity”.<sup>37</sup> Dit het vinnig gegroei sodat die organisasie teen die begin van die 20e eeu reeds verskeie takke elders in die wêreld gehad het. Aan die begin van die twintigste eeu is daar ook takke van die organisasie in Johannesburg, Durban, Kaapstad en Pretoria in Suid-Afrika gestig. Terwyl Johanna nog in Pietersburg gewoon het, het sy die volgende oor teosofie te sê gehad: “Ek ben zelf geen theosoof maar ik heb veel meer respect voor dit geloof of beweging of wat men het noemt dan voor al die andere nuwigheden samen, en wij moeten op die hoogte blijven van wat er gebeurt in de wereld ter wille van onze kinderen die zeker met alles precies zullen denken zoals wij en onze voorouers”.<sup>38</sup>

Op 14 Maart 1914 het Johanna by die Teosofiese Vereniging in Pretoria aangesluit. Sy het dit aanvanklik as ’n doodgewone byeenkoms van mense met eners belangstellings beskou, maar na die eerste byeenkoms het dit haar lewe begin geabsorbeer.<sup>39</sup> Ten spyte van al haar ander verpligtinge op daardie stadium het haar toenemende aanklank by die teosowe van 1917 af tot ’n uitgebreide korrespondensie tussen haar en Charles Leadbeater, ’n eertydse leier van die Teosofiese Vereniging en een van die bekendste teosowe van sy tyd, aanleiding gegee. Sy het Leadbeater as die mees vooraanstaande lewende teosoof beskou en sy het gewet dat net hy haar visioene en ander bo-natuurlike ervarings sou verstaan. In haar eerste brief het sy aan hom geskryf: “Allow me to introduce myself as one of your most ardent followers – a lover of your books, a humble discipline of your teachings. I meant to write to you long ago but ... I hesitated long before something happened that made it absolutely necessary for me to turn to the only human being who would understand me and perhaps bring me to the light I seek. I have no doubt that we have often met ‘out of body’ ... but I have alas, no recollection of these meetings, for I have not yet attained to the levels on which you spend your time”.<sup>40</sup> In die brief bestaande uit tien getikte bladsye het sy 21 maande later vir Leadbeater vertel van haar visioene en van

---

<sup>36</sup> NHKA, LIX 157/i, geskryf deur Johanna, eerste bladsy verlore, datum onbekend.

<sup>37</sup> What is Theosophy, <http://theosophy.org.za/>, geraadpleeg 12 April 2013.

<sup>38</sup> NHKA, LIX 28, Johanna aan skoonfamilie, 13 Junie 1908.

<sup>39</sup> NHKA, LIX 161/iii, Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1917.

<sup>40</sup> NHKA, LIX 161/iii, Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1917.

haar behoefte om met hom kontak te maak, want niemand anders sou verstaan wat sy ervaar en alleen moes deurgaans nie. “I have sorely felt the need of a man’s firm hand guiding my affairs. My own husband is a man in every sense of the word but our paths are apart”.<sup>41</sup> Dit is moontlik dat sommige van die briewe wat sy aan “Friend” geskryf het, aan Leadbeater gerig was.

Dit is moeilik om te peil watter invloed die teosofie en die Teosofiese Vereniging op Johanna lewe gehad het. Aangesien sy by so baie aktiwiteite betrokke was, het sy nie deurgaans die tyd gehad om na teosofiese byeenkomste te gaan nie, maar tog het sy telkens tyd daarvoor ingeruim. Sy het nie gekroom om te erken dat sy ’n teosofis was nie. Brandt was ten volle bewus van haar betrokkenheid by die organisasie.<sup>42</sup>

As gevolg van haar aanhang van teosofie het Johanna geglo dat sy die toekoms kon sien. In 1919 het sy voorspel wat die uitwerking van die vredesluiting na die Eerste Wêreldoorlog sou wees: “It will be followed by the sudden destruction of the world empires, the overthrow of thrones and altars. This was revealed to me in a vision on the day that peace was declared”. Sy het die visioen in haar boek *Millennium* bespreek.<sup>43</sup> Al reeds aan die begin van die jaar 1919 het sy voorspel dat dit ’n jaar van sosiale verandering sou wees, aangesien “the long suffering, down-trodden masses ... will now turn and ruin their oppressors”.<sup>44</sup>

Dit is duidelik dat Johanna dwarsdeur haar volwasse lewe ’n behoefte gehad het om meer van die vreemde kwasi-godsdienste en dit wat daarmee verband gehou het, te weet en sy het by talle organisasies aangesluit. In ’n brief aan haar getroue korrespondent en vriend vir wie sy deurentyd as ‘Mnr. Haarhoff’ aangespreek het, het sy in 1919 geskryf oor die Rosekruisers.<sup>45</sup> Hulle was aanhangers van ’n denkrigting wat in antieke Egipte ontstaan het, nadat die mens begin bewus word het van die feit dat hy nie net ’n liggaam het nie, maar ook ’n innerlike, geestelike wese het. Van daar af het dit mettertyd na Europa versprei en na 1500 ook na die Europese kolonies. Die Rosekruisersleer het volgens Johanna nie veel van die teosofie verskil nie. Tydens Johanna se besoek aan die VSA in 1927-28 was die Rosekruisers se hoofkwartier in San Jose, Kalifornië, waar sy dit besoek het. Sy was nie intens betrokke by die organisasie

---

<sup>41</sup> NHKA, LIX 160/iii, Johanna aan Leadbeater, 14 Februarie 1919.

<sup>42</sup> NHKA, LIX 181/ii, Brandt aan sy moeder, 5 November 1920.

<sup>43</sup> J. Brandt, *Millennium*, hoofstuk XIII, p. 86.

<sup>44</sup> NHKA, LIX 160/3, Johanna aan Haarhoff, 5 Januarie 1919.

<sup>45</sup> NHKA, LIX 160/3, Johanna aan Haarhoff, 5 Januarie 1919.

nie maar het gereeld met hulle kontak gehou, soos uit bogenoemde besoek afgelei kan word. Hulle het destyds wêreldwyd kantore gehad.<sup>46</sup>

#### 4. Johanna se visioene in die tydperk 1914-1916

Visioene is nie aan die begin van die 20ste eeu as 'n ongewone verskynsel gedurende beskou nie. Intendeel, dit is in Europa, in die VSA en ook in Suid-Afrika as 'n algemene onderwerp van bespreking aanvaar. Die buitengewone verskynsel van visioene word volgens “kenners” veroorsaak deur die direkte tussentrede van 'n krag sterker en groter as die mens. Dié visioene word waargeneem as werklike wesens. Volgens die *Catholic Encyclopaedia* kan visioene in drie groepe geklassifiseer word. Ten eerste is daar die liggaamlike of stoflike (*corporeal*) visioen. Hierdie visie is wanneer 'n mens iets in werklikheid sien. Tweedens is daar die denkbeeldige (*imaginative*) visioen wat 'n aanvaarbare voorwerp is wat slegs deur die verbeelding waargeneem kan word. Soms is die siener van so 'n visioen bewus daarvan dat die voorwerp slegs in sy/haar verbeelding bestaan en dat dit net 'n hersenskim is wat denkbeeldig is, met ander woorde 'n bonatuurlike hallusinasie. Die derde visioen is die intellektuele visioen. Dit word ervaar sonder 'n beeld en is gebaseer op suiwer begrip.<sup>47</sup>

Bestaan daar werklik iets soos visioene? Ten spyte van aansprake van talle mense dat hulle visioene gesien het, word die bestaan daarvan deur talle mense verwerp. Die Protestantse dogma maak byvoorbeeld geensins voorsiening vir visioene nie. Tog bestaan daar talle verhale van mense wat vas staan by die standpunt dat daar wel visioene is. In die Bybel is daar beide in die Ou sowel as die Nuwe Testament verwysings na visioene wat aan mense verskyn het.<sup>48</sup> Volgens teologiese verklarings was dit 'n metode van kommunikasie tussen God en die mens.<sup>49</sup> Ander godsdienste soos Boeddhisme leun sterk op die visioene in die verklaring van hul geloofsbeginsels. Gedurende die Europese Middeleeue, toe die kloosters die middelpunt van die behoud van die Christelike godsdienst was, het enkele nonne en monnike soms in 'n beswyming geraak en het hulle dan getuig dat hulle visioene gesien het of geestelike ervarings gehad het. Sommige van hierdie insidente (visioene?) is deur hulle self of ander geletterde persone gedokumenteer. Sommige van hierdie ‘sieners’ is tot ‘Heiliges’ (*Saints*) verklaar, maar ander, wie se beweerde visioene in twyfel getrek is, is soms as kettters beskou en deur die

---

<sup>46</sup> *Mastery of life*, <https://www.rosicrucian.org/booklet-download>, geraadpleeg op 12 April 2013. Haar besoek kom in hoofstuk 9 ter sprake.

<sup>47</sup> Herbermann, C.G. (et al.), *The Catholic Encyclopaedia*, vol. 15, p. 231.

<sup>48</sup> *Die Bybel. Nuwe vertaling*, Genesis 3:22; I Sameul 17; Matteus 17:1-8; Handeling 9:1-18.

<sup>49</sup> J.J. Burden en F.E. Deist, *Kom ons doen Bybelstudie*, p. 4.

Rooms-Katolieke Kerk vervolg. Volgens Gaul was dit veral vroue in wie se visioene daar twyfel getrek is.<sup>50</sup>

Volgens De Villiers is dit nie “presies seker wanneer die siener-tradisie in Suid-Afrika opgeduik het nie, maar dit was teen die 20ste eeu wyd verspreid, prominent en vir meeste mense aanvaarbaar”. Die taamlik algemene opvatting was “dat sommige mense visioene van sodanige belang kon sien dat hulle tot volwaardige Boereprofete kon ontwikkel”. Dit blyk volgens De Villiers “duidelik uit die loopbaan van Johanna Brandt, wat naas Niklaas van Rensburg dalk die beroemdste en mees invloedrykste Boereprofeet was”.<sup>51</sup>

Johanna het ongeveer 18 maande nadat sy in 1914 in Pretoria by die Teosofiese Vereniging aangesluit het, aan Charles Leadbeater geskryf dat sy haar eerste visioen later daardie aand gesien het:

“I found myself in a round or oval building – a Temple of some sort – rather low, cool, dim, sacred – with a small circle of people. We all seemed to be waiting for somebody to ‘lay hands on us’. At last a glorius Being, in the shape of a man, dressed in long flowing white garments, entered. I can never tell anyone with what feelings of exultation the mere sight of Him filled me. He was very darkcomplexioned, with black eyes and hair ... He clasped the hand of each person and said a few words to each individually until He came to me and then he stopped. I waited a moment and then stretched out my hand impulsively. He drew back and said in a tone of tender approach, ‘You must take off your gloves first.’ In utter humiliation I obeyed and then waited for Him to speak again, and when He did His voice was the sweetest music I heard. His words where simple but ferwent and heartfelt as he clasped my hands in both His own, ‘I am very glad that you have come to us.’ In the ecstasy that followed, the Vision melted away”.<sup>52</sup>

Johanna het ook in ander geskrifte, waaronder haar geskrewe dokument “Redeeming Harmony”, van hierdie eerste visioen melding gemaak, maar dit nie beskryf het nie.<sup>53</sup> In hierdie

---

<sup>50</sup> Gaul, “Performativity”, pp. 233-234.

<sup>51</sup> J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 101.

<sup>52</sup> NHKA, LIX 161/iii, Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1917.

<sup>53</sup> NHKA, LIX 161/ii, “Redeeming Harmony”.

eerste visioen, soos in meeste van haar ander visioene, beskryf sy dit maar nie waar sy op die oomblik was nie en hoe lank dit geduur het nie.

Dit sou twee en 'n half jaar duur voordat Johanna weer 'n geestelike ervaring in die vorm van 'n visioen gehad het, maar sy het dit eers lank daarna aan die lig gebring. In 'n brief van 5 November 1920 het sy naamlik vermeld dat dit presies vier jaar tevore was dat sy na Barkly-Oos gegaan het om met die stigting van 'n tak van die VNP daar behulpsaam te wees. Toe sy op die Johannesburg-stasie op die trein geklim het, “is de H[eilige] G[ees] op my neergedaald (5 November 1916) in voorbereiding van de gebeurtenissen van 7 Dec. [1916 – bedoelende haar visioene direk na haar moeder se dood] en die hele maand heb ik myself niet gekend of kunnen begrypen”.<sup>54</sup> Die besoek aan Barkly-Oos het, soos reeds bekend is, met omstredenheid gegaan en daartoe bygedra dat Johanna haar later van die VNP gedistansieer het. Die vraag kan gestel word of sy werklik daar op die stasie die gevoel van heiligheid gekry het? Indien wel, waarom het sy dit nie vroeër bekend gemaak nie, al was dit net in 'n brief aan haar man? Daar kan met geen sekerheid verklaar word dat Johanna hier 'n visioen gesien het nie, maar kan moontlik beskou word as 'n bo-natuurlike gewaarwording.

Soos in hoofstukke 2 en 6 vermeld is, het Johanna 'n besondere nou emosiele band met haar moeder gehad. Toe haar moeder ernstig siek geword het, het Johanna haar in Harmony gaan versorg. Sy is oorlede terwyl Johanna by haar gewaak het. Johanna het later geskryf dat sy haar tweede visioen dié nag, op 1-2 Desember 1916, gesien het.<sup>55</sup> Hierdie visioen het waarskynlik die grootste invloed op haar lewe gehad en sy het dikwels in haar publikasies en briewe daarna verwys. Sy het op haar eie versoek alleen by haar ma gewaak toe dit gebeur het:

“Beside her death-bed ... a voice told me that the gift of prophecy had been laid on me, in token of which I would know the exact hour when my Mother would depart. Then in the spirit I saw my watch pointing to 5 minutes to 5 and although the actual hour at the time was only 2 o'clock a.m. I never doubted, but waited quietly beside my dying Mother and assembled the household at ten to 5. She had been in a unconscious state for 48 hours but at the appointed moment she became fully conscious, came back from the dead as she so often promised to do if she possibly could, to tell us of the glories of Heaven-world and to take leave of us all. Every trace of pain had disappeared and she was young and lovely ... after a most

---

<sup>54</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 5 November 1920.

<sup>55</sup> NHKA, LIX 160/ii, “Redeeming Harmony”.

wonderful hour she sank into [an] unconscious state, from which she never recovered, so that her actual parting had been as prophesised to me, between 5 and 6 o'clock that morning".<sup>56</sup>

Johanna het voorts vertel dat sy in die nag na haar moeder se begrafnis in Heidelberg op 7 Desember 1916, om twee uur in die nag wakker geword het. 'n Gevoel van die dood het skielik oor haar gekom – koud en klam – met byna geen pols, maar geen vrees nie.

“Unable to move I waited, for I seemed to know that I was in the presence of something very great and the same Voice told me that I had acquitted my task faithfully, that an approving hand had been laid on my efforts to serve with devotion our suffering Humanity, but the question was whether I would be willing to go further – would I be prepared to give my life for some great purpose?”<sup>57</sup> Dit was haar derde visioen.

Sy het nog visioene gedurende die nag van 7-8 Desember 1916 gesien, onder andere van haar man en kinders, “so gloriously happy and blessed that I could not possibly regret the sacrifice of my life, for the great God who had taken me away”. Verder het sy oor haar gesin geskryf: “He [God] had decreed in His infinite Wisdom and Mercy that I should remain on earth as their guardian angel to live with them night and day until they no longer needed me”. Haar eie gevolgtrekking oor die visioene van daardie nag was dat: “My whole life has been transformed and I know that I can never be the same again”.<sup>58</sup>

Dit is duidelik dat Johanna in ekstase was oor hierdie visioene. Sy wou terstond met haar opgelegde taak op aarde begin, naamlik om die wêreld in te lig van haar visioene en voor te berei vir die wederkoms van Christus, maar is deur die Stem of Teenwoordigheid beveel om dadelik die gebeure neer te skryf. Dit sou dan na haar dood gepubliseer sou word en sou die wêreld verbaas. Sy het bygevoeg dat sy nooit stemme gehoor het nie, maar haar kommunikasie as 'n intuïtiewe vertolking (“*sort of divination*”) ontvang het. Voorts het sy vertel dat haar suster Deliana, wat saam met haar in die kamer geslaap het, agtergekom het dat sy (Johanna) siek was. 'n Dokter het haar besoek, waarna sy in 'n diep slaap verval het. Sy het vas geglo dat sy daardie aand sewe uur tot sterwe sou kom. Gevolglik het sy elke keer wanneer sy wakker geword het,

---

<sup>56</sup> NHKA, LIX 161/ii, Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1917.

<sup>57</sup> NHKA, LIX 160/ii, “Redeeming Harmony”, pp. 5-6.

<sup>58</sup> Brandt, *Millennium*, hoofstuk XIV, pp. 107; NHKA, LIX 161/iii, Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1917.

koorsagtig geskryf: 45 bladsye op daardie enkele dag! Sy het aangevoer dat sy in opdrag van die Wese geskryf het, hoofsaaklik “prophecies for my beloved South Africa and the future of the whole world”. Sy het dit so gestel: “I seemed to realize with wonder that I was the Saviour of the world – that my death for the sake of suffering Humanity was a thing of such stupendous importance that it would bring the world-war to an end. I could do any miracle I chose and through me the world will be blessed”. Sy het in haar binneste gewonder of sy die volgende stap sou kon neem: “Would I be prepared to give my life for some great purpose?” Boonop was sy absoluut verbaas dat sy gekies sou word vir so ’n edele doel, maar sy was gewillig “to fly at once”.<sup>59</sup>

Toe sewe-uur die aand aangebreek het, het sy gevra om alleen gelaat te word. Wat opvallend was, was dat sy haar man vir wie sy so innig lief was, afgejak het toe hy gesmeek het om by haar te bly en vir haar te bid. Daaroor was haar kommentaar: “Pray for me? Was it possible that he was not conscious of the Mighty Presence in the room?” Sy is toe alleen gelaat. “At seven o’clock the Christ Himself entered the room, took full possession of my soul, and with Him ... were countless legions of His hosts”. Sy kon agterna nie presies onthou wat daarna gebeur het nie, maar wel dat sy tussen lewe en dood ’n keuse moes maak en op eersgenoemde besluit het. Volgens haar was dit nie die maklike uitweg nie, want “it was made plain to me some weeks afterwards that I had chosen the harder path, the greater sacrifice – continued service in the flesh. But this I know without a doubt that during that hour (or eternity) that He spent with me I knew I would live on earth until He came again”.<sup>60</sup> In September 1918 het sy steeds daardie mening gehuldig: “He would return to me in the Spirit, before His final decent to earth as he came on Dec. 7<sup>th</sup> [1916] so he would come again when the message was sent – but in far greater power & glory. I was to wait for Him at Harmony. And this is what I am waiting for now”.<sup>61</sup>

Die opwinding van die gebeure (sy het die woord “ecstasy” gebruik) het vir Johanna totaal uitgemergel, “and for many weeks my life hung in balance. Partial heart-failures were the order of the day”. Sy het bygevoeg dat ’n bose gees haar besete laat voel het, maar op die nag van 28 Desember, “after a most fervent and desperate appeal for one ray of light on my tempest-tossed soul, a heavenly peace fell on me and the Divine assurance that all had been good, from first to last. My whole life has been transformed and I know that I can never be the same again”. Daar

---

<sup>59</sup> NHKA, LIX 160/ii, “Redeeming Harmony”, pp. 6-7; NHKA, LIX 161/iii, Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1917.

<sup>60</sup> NHKA, LIX 160/ii, “Redeeming Harmony”, pp. 8-10.

<sup>61</sup> NHKA, LIX 163/iii, Johanna aan Leadbeater, September 1918.



was volgens haar heelwat besonderhede wat sy nie durf bekend maak nie, maar die belangrikste was: “that my experience on December the 7<sup>th</sup> was my First Great Initiation, the birth of Christ in my heart”. Sy het groot vertroue in Leadbeater se verklarings gehad en het gewonder, “perhaps I am over presumptuous in this – if so, I hope you will tell me the truth”.<sup>62</sup>

Op 23 Julie 1917 het Leadbeater Johanna se eerste brief aan hom beantwoord. Hy het ter aanvang opgemerk dat hy aanvanklik bekommerd was oor haar. Hy het haar verseker dat hy begrip daarvoor gehad het dat sy in God geglo het, maar dat haar siel te onrustig was. Oor haar visoene aan die einde van 1916 het hy geskryf: “Such an experience should, indeed, have a permanent effect upon you, so that for ever after you will be more full of love, gentler, more tolerant, more anxious to spend the whole of your time in the service of others”. Daarom het hy in ’n ernstiger trant vervolg: “One thing I do not like. Even after that experience you speak of your soul as temper-tossed and say that you feared you were losing your reason, and you felt forsaken ... Your nature is evidently strongly emotional, and therefore you pass sometimes from the one extreme to the other. I should counsel you to cultivate a deep serenity, an unfathomable calm of one who knows that God is ruling the world, and therefore that all is forever well”.<sup>63</sup> Dit blyk dat hy Johanna se persoonlikheid goed opgesom het en sy raad aan haar om te leer om selfbeheersing toe te pas, was wel deurdag. Dit is net so duidelik dat Johanna nie sy aanbevelings gevolg het nie, waarskynlik omdat dit nie vir ’n belangrike genoeg rol vir haar in die toekomstige gang van die wêreldgeskiedenis voorsiening gemaak het nie.

Johanna het vas geglo dat sy die uitverkorene en die redder van die mensdom was. In haar briewe en ander geskrifte wat sy gedurende die tyd geskryf het, het sy net na haarself verwys: haar man en kinders word nie in haar toekomsplanne in ag geneem nie, dit is asof hulle nie meer bestaan het nie. Sy het werklik geglo dat sy gaan sterf ter wille van die mensdom en dan sou sy weer terugkom ... maar as dit nie gebeur nie, sal alles maar net gewoonweg aangaan. In hierdie fase het sy haarself as verhewe en bo gewone mense beskou. Dit is asof sy aan ’n grootheidswaansin gely het en sy onaantasbaar was.

Volgens De Villiers sou ’n sielkundige waarskynlik terugskouend al in Johanna se vroeë lewensjare tekens van ’n sienersgees gewaar het. Haar aktiwiteite voor haar huwelik het volgens hom reeds tekens van onvergenoegdheid met die ondergeskikte rol waarvoor vroue steeds in

---

<sup>62</sup> NHKA, LIX 160/iii, Johanna aan Leadbeater, 24 Mei 1917.

<sup>63</sup> NHKA, LIX 181/ii, Leadbeater aan Johanna, 23 Julie 1917.

daardie era bestem was, getoon.<sup>64</sup> Tog bly dit 'n vraag of sy werklik van 1916 af visioene ervaar het en of haar aansprake dat sy visioene gesien het, nie eerder aan haar emosionele traumas wat met haar moeder se dood in verband gestaan het en haar onderdrukte begeerte om met 'iemand' te kommunikeer, in verband staan nie. Dalk het haar onderbewussyn as Christen en predikantsvrou haar daarvan weerhou om die visioene en bonatuurlike verskynsels te ervaar terwyl sy normaal en by haar volle bewussyn was. Gevolglik het dit net gebeur wanneer sy emosioneel onstabiel was.

In die loop van die tydperk na haar moeder se dood toe Johanna soms op die oog af waansinnig opgetree het, het sy hope briewe geskryf en getik en boonop aan haar boek *Millennium* gewerk. Die meeste van haar destydse geskrifte het herhaaldelik oor dieselfde onderwerp, naamlik oor haar visioene, gehandel. Sy het in al haar korrespondensie aangedui dat sy vasbeslote was om in Harmony aan te bly ten spyte van die vele probleme wat dit tot gevolg sou gehad het. Selfs al het haar optrede haar man in sy werk benadeel, het sy botweg geweier om Harmony te verlaat. Dit het haar skynbaar nie ontstel nie.

Na 'n lang tyd van stilswye het sy vroeg in 1918 weer 'n brief aan haar gesin geskryf. Sy het gekla dat sy 'n "dodelike vermoënis" het en met vele ander klagtes oor haar gesondheid vorendag gekom. Verder het sy voorspel dat sy nie meer lank sou lewe nie, maar "myn geest zal hier blyven. Dat weet ik zeker. Die profetieën [profesieë] over myn gedurige tegenwoordigheid zullen vervuld worden, en ik wens hierop nadruk te leggen. Ik blyf by jullie, Lou en de kinderen, en jullie moeten leren om met my gewoon omgang te hebben. [Ik] blyf op Harmony. Daar ontmoeten wy elkander weer wanneer Christus komt". Sy het verder in die fynste besonderhede uitgebrei oor die ronde tempel wat op die gronde gebou gaan word, met die geld wat sy uit haar boekverkope sou maak; Harmony sou opgeknop word maar geen veranderings mag aangebring word nie.<sup>65</sup> Alles het vir haar om Harmony gewentel. In "Redeeming Harmony" het sy in Januarie 1919 verklaar: "I have seen a great light ... [but] I am still the 'forsaken one', waiting at Harmony for His promised return in Might and Majesty".<sup>66</sup>

---

<sup>64</sup> J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 122.

<sup>65</sup> NHKA, LIX 151/i, Johanna aan gesin, 5 Februarie 1918.

<sup>66</sup> NHKA, LIX 160/ii, "Redeeming Harmony", p. 7.

In 'n brief aan “My wonderful Friend” (waarskynlik Haarhoff) sewe maande later het sy weer gewag gemaak van die opdrag wat sy die aand van 7 Desember 1916 van die Wese ontvang het om by Harmony op Hom te wag. Sy het bygevoeg dat sy in die visioen daardie aand ook vir Brandt gesien het: “My Mate!! ... I saw my husband, on Dec. 7<sup>th</sup> as mighty apostle, healer and performer of miracles, casting out devils and raising the dead”. In die res van die brief van sewe bladsye het sy uitgebrei oor die beginsels van reïnkarnasie en teosofie waaraan sy geglo het en wat sy ernstig bestudeer het. Laastens het sy aangedui dat sy gewag het op die wederkoms van Christus.<sup>67</sup>

In een van haar vele briewe aan haar “Vriend” het sy dit met haar woordkeuse laat klink asof sy geglo het dat sy die wêreld alleen dra: “I have gone through so much since I wrote ‘The Petticoat Commando’. I lost so many illusions; I have gained so much life-experience and knowledge of human nature that no revelations of any sort can upset my mental and spiritual poise. This seems a big statement to make but I died to the world on Dec. 7<sup>th</sup> 1916 and know what it means to be in the world and yet not of it. I am here only to serve”.<sup>68</sup>

Sy het haar vriend Haarhoff van advies probeer bedien: “My own experience is that when we have the lowest depths and have lost everything – we find ourselves ! God’s message could not strike to the heart of the lukewarm being – you must be somebody! Try and find out who you are. Don’t try to believe. That comes naturally when, after emerging from the abyss, we have found ourselves. For we are God’s. On Dec. 7<sup>th</sup> 1916 I was God. On the only day in my existence, I was the Christ. God, the Christ and I were One. And yet there were three ... Find God within yourself and other things will be added unto you”.<sup>69</sup>

Teen die einde van 1919 het sy aan Brandt geskryf dat sy die visioen van 7 Desember 1916 aanvanklik onderskat het en dit nie fisies kon hanteer nie, want sy was nie gereed en sterk genoeg nie. Later het sy besef dat die grootheid “langzaam toeneemd. Dat wil niet zeggen dat geen slag my kinnen treffen, integendeel, de hele bedoeling van die staat [van ‘Cosmic Consciousness’] is vooreerst om my in staat te stellen de zwaarste slagen van myn ‘verlatenheid te verzagen’, en ten tweede, om myn ‘vibratie’ te verhogen (juist door die slagen en de

---

<sup>67</sup> NHKA, LIX 160/iii, Johanna aan “Vriend” (Haarhoff), 7 September 1918.

<sup>68</sup> NHLA, LIX 160/ii, Johanna aan “Vriend” (Haarhoff), sonder datum.

<sup>69</sup> NHKA, LIX 160/iii, Johanna aan “Vriend”, 12 November 1918. <sup>72</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 12 November 1919.

overwinning daarvan) voor het heerliker vinde van de ‘verlatenheid’. Ik heb verwacht dat de verlatenheid steeds dieper zou worden maar ik heb niet deze hulp verwacht, waardoor het moegelik voor my is om in deze tyd staande te blyven. Het terugkeer van de boodschapper en de verhoogen van vibratie zyn voortekens dat de verlatenheid niet lang meer duren zal, maar op zigsself kunnen zy de verlatenheid niet eindigen (hoe heerlik zy ook zyn). Er is maar één ding dat dat tot stand kan brengen en dat is de beloofde wederkomst in grote kracht en heerlikheid. En omdat dit op handen is, mag ik Harmony niet verlaten”.<sup>72</sup>

In April 1920 het sy weer aan Brandt verduidelik waarom sy nie na Johannesburg terug wou gaan nie: “Wel, omdat ek ervan oortuigd ben dat wanneer ik Harmony verlaat, de toorn Gods over Zuid Afrika zal uitgestort word en dat dit land in een hel veranderd zal zyn totdat ik weer hier terug kom. Omdat ik ervan oortuigd ben dat de grote tennis- en hockey-velden van die Normaal School niet zullen komen waar onze oude bomen nu staan, en dat hun statige gebouwen niet op deze heilige plaats zullen verryzen. Omdat ik weet dat de tyd van deze Regering zeer kort is en dat de a.s. Nationale Regering van onafhanklik Zuid Afrika de knie voor Baal niet zal buigen, maar deur vreselike vervulling van myn profetieën geloven zal, en door God regeerd zal worden.”<sup>70</sup> Wat Brandt van Johanna se voorspellings gedink het, is nie duidelik nie.

Johanna se derde visioen (naamlik dié van 7 Desember 1916) het waarskynlik die grootste indruk op latere belangstellendes gemaak en word herhaaldelik deur hulle aangehaal, onder meer op die internet.<sup>71</sup> Annalize Morgan beskryf dit in detail in haar boek *Die visioene van Johanna Brandt*, waarin sy sterk steun op Johanna se twee publikasies *Millennium* (1918) en *Die Smeltkroes* (1920).<sup>72</sup>

## 5. Johanna se wedervaringe met die besoekers van Booyens en die ‘groot doop’

Terwyl Johanna deurlopend vir die eerste sowat vyf jaar na haar moeder se dood op Harmony gevestig was en verbete in briewe en boeke oor haar visioene geskryf het, het sy steeds gewag op tekens. Dit was teen die einde van hierdie periode wat sy besoek ontvang het van die susters of vroue van Booyens. Dit was nie vir Johanna duidelik of hulle in die plek van nuwe visioene

---

<sup>70</sup> NHKA, LIX 169/iii, Johanna aan Brandt, 20 April 1920.

<sup>71</sup> Byvoorbeeld Op-soek-na-gesigte-van-Johanna-Brandt, <http://boerevryheid.co.za/forums/showthread>, geraadpleeg op 12 November 2012.

<sup>72</sup> A. Morgan, *Die Visioene van Johanna Brandt*.

verskyn het nie, maar dit is duidelik dat sy haar aan hulle bevele asook aan die ‘Vader’, wat met hulle geassosieer was, gesteur het – minstens tot op ’n stadium.<sup>73</sup>

Die ‘vrouwen uit Booyens’ (’n suidelike voorstad van Johannesburg) se eerste besoek aan Johanna op Harmony in April 1920 was vir haar onverwags. Hulle was geensins aan haar bekend nie, maar sy het hulle nogtans ontvang. Hulle het aangedui dat hulle ’n boodskap van die ‘Vader’ ontvang het om haar te besoek. Dit was net op daardie stadium dat Johanna die woonhuis op Harmony moes verlaat en besig was om die tente en kaste in gereedheid te kry om op die werf buite die huis te kon woon. In ’n brief aan Brandt het sy vertel dat die besoek op ’n tydstip plaasgevind het toe sy in verwarring verkeer het oor wat haar te doen gestaan het – moes sy na die pastorie in Johannesburg terugtrek of moes sy op Harmony aanbly? “Alles was over myn a.s. vertrek en de ‘wakende’ engelen, maar achter Harmony was een ‘gewapende’ engel, wy moesten niets vrezen”. Sy het Brandt voorts meegedeel dat sy self die besluit moes neem of sy moes aanbly of nie en niemand gehad het om haar te ondersteun oor die weg wat sy moes inslaan nie, want sy wou hom nie onder druk plaas om haar te ondersteun nie. Die besoek van die vroue was onder daardie omstandighede vir haar ’n uitkoms en sy het dadelik aanklank by hulle gevind. “Toen de zusters kwamen en wy in gebed waren, was onze eerste vraag of ik nu maar hier moest blyven. ‘t Antwoord was ‘De tent is daar en de tyd is daar!’”, wat vir haar daarop neergekom het dat sy moes bly.<sup>74</sup>

Johanna het mettertyd ook kennis gemaak met ander lede van die Booyens-groep, waaronder die ‘Vader’ wat die ‘predikant’ van die groep was asook enkele ‘broeders’. Sy het slegs een persoon se naam dikwels genoem, naamlik suster Helliwell, wat skynbaar ’n leiersposisie beklee het en soms alleen vir Johanna kom kuier het.<sup>75</sup> Teen die middel van Mei het Johanna in ’n brief aan Brandt gemeld dat sy na die ‘Vader’ verlang want hulle het hom lank gelede laas gesien.<sup>76</sup>

Terwyl Johanna en haar kinders nog besig was om te Harmony op die werf in die tente en ‘hut’ in te trek, het een van die ‘broeders’ van Booyens daar aangekom. Hy het verklaar dat hy ’n opdrag van die ‘Vader’ ontvang het om Harmony te besoek. Hy bygevoeg dat hy nie geweet

---

<sup>73</sup> Die korrespondensie gedurende hierdie tyd is gefragmenteerd. Die korrespondensie tussen haar en die vroue – indien daar korrespondensie was – het skynbaar nie bewaar gebly nie. Die enigste bron hieroor is Johanna se mededelings oor hulle in briewe, veral aan Brandt.

<sup>74</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 21 April 1920.

<sup>75</sup> NHKA, LIX 181, in lêers i, ii en iii verwys Johanna in haar briewe (meestal aan Brandt) na suster Helliwell en die “susters”.

<sup>76</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 20 Mei 1920.

het wat hy moes doen nie, maar dat hy oor baie gewes beskik het soos om tale uit te lê, te profeteer en mense te genees. Hierdie broeder het 'n aantal dae daar gebly, tot Sondagoggend 16 Mei, ten einde te help om die groot tent in gereedheid te bring, want Johanna “verwachte iets groots”. Blomme is oral geplaas en Johanna het aan die bediendes opdrag gegee dat sy nie gesteur mag word nie, want sy was in die kerk. Johanna se verslag oor die gebeure lui as volg: “Zeven van ons kwamen om 10.30 byeen in de grote tent, de Br.[oeder] en ik en de vyf oudste kinderen. De Br. hield een gewone dienst ... toen bid hy vurig dat de Heer zyn wil aan ons zou openbaar maken, legde myn grote moeilijkheden voor Hem en vroeg of ik voor een woning moest voorziening maken. Het antwoord was ‘Wacht op My’”. Terwyl die broer gebid het, het sy vertel, het sy gevoel daar is “iets vreemds aan de gang met myn tong die als een levend iets in myn mond omkrulde. Ik kon het met geen mogelijkheid stilhouden. In eens stond ik op en begon met gesloten ogen de Ave Maria van Gounod in het Latyns te zingen in een krachtige, klokhelderen stem, heerlijk zuiver en schoon. De ander luistern in ademlose spanning ... daarna ging de stem over in andere vreemde muziek – gewyde muziek, heerlike lof-gezangen en vele, vele talen en met galmende kracht die in de hele buurt gehoord werd: ... [die swart werkers] in de oude keuken hier hoorden die heerlike muziek en zeiden, ‘Hoor hoe sing die missis!’ ... meestal was’t Latyn maar somtyds ook iets dat klonk op Italiaans, somtyds was het heel vreemd en onbekend maar altyd harmonieus, zoet en galmend zoals geen mensen stem klinkt”. Nadat sy 'n lang ruk gesing het, het sy met nog steeds geslote oë begin praat. “Ik was bewust met het bewustsyn van 7 Dec. 1916 maar had geen gevoel, absoluut geen emotie. Ik was slechts een instrument ... Een glas water stond voor my op de tafel. Die nam ik op en ik zeide met vaste stem ‘Harmony, ik doop U in den naam des Vaders, en des Soons en des H[eilige] G[eestes]’”. Daarna het sy gewoonweg begin praat maar “’t was de Heer my mond gebruiken en my toesprak als syn dochter – ‘Ik de Heer uw God, die u tot deze dacht geleid heb, Ik zal verder uw Leidsman zyn ... De uitnemende gave der profetie heb ik u gegeven by het sterfbed uwer Moeder. Gy zult nu profeteren. Harmony, deze plaats is voor eewig geheilicht, een deel van uw Harmony, gedoopt in den naam van V[ader], Z[oon] en H[eilige] G[eestes] op deze dag, deze grote dag! Harmony is beskermd deur ontelbare legioenen van engelen”. Sy het Brandt meegedeel dat sy bly praat het oor die ellendes wat kom, maar het voorspel: “In Zuid Afrika zullen de eerste grote wonderen van de nieuwe eeu van mystieke openbaring geschieden. Door Zuid Afrika zal de wereld gedwongen worden om te geloven dat de Wederkomst van den Zaligmaker op handen is”. Laastens in hierdie lang relaas, het Johanna vir Brandt meegedeel dat sy van hom wou weet met sy “dierbaar leven in Johannesburg ... wat van hom?” Die antwoord kom: “O, Hy zou zyn

post niet verlaten. Hy zou mee helpen, redden en troosten en onder al dat vreselike gevaar zou geen haar van hem geschend worden”.<sup>77</sup>

Johanna het hierna geduldig gewag vir die vervulling van die doopbelofte. Ten spyte van die feit dat sy gereeld kontak met die besoekers van Booyesen gehad het en hulle saam gebid en gesing het, het hulle gesê sy moet wag tot die tyd reg was. Die dag het uiteindelik aangebreek toe twee susters van Booyesens haar aan die begin van Junie 1920 besoek het en sy die bevel gekry het om die volgende Sondag saam met hulle te gaan om die waterdoop te ontvang, sodat sy die volle doop van die Heilige Gees kon beleef. Sy het agterna aan Brandt geskryf dat daardie bevel “door myn eigen persoon met twyfel, tegenzin en ongelovigheid” ontvang is, want dit sou daarop neerkom dat sy in die “Apostoliese Kerk ... gedoopt worden”. Sy het gebid om leiding, want haar verstand het vir haar gesê dat dit eerstens haar eie werk kan benadeel as sy aan ’n sekte verbonde raak, en tweedens kon dit probleme vir Brandt en vir “onze” kerk skep. Nogtans het sy besluit dat sy die stap moes neem en na die Apostoliese kerkdien moes gaan.<sup>78</sup>

Hierdie brief van Johanna aan Brandt dui daarop dat sy niks vir hom weggesteek het nie. Sy het selfs geskryf dat as daar tyd was om hom op te laai, sy hom sou nooi om saam na die diens in die Apostoliese Kerk te gaan. Oor wat daar gebeur het, het sy vertel: “Ik heb nog nooit zulk [een] diens tevoren bygewoond”, alhoewel sy al “een beetje gewoond aan de uitroepen, tesamen bidden, enz.” was. Ene Broeder Welsh en nog twee broeders het haar uitgeroep en ’n halfuur lank in ’n klein kantoortjie ondervra sodat hulle kon besluit of sy die onderdompeling waardig was. Hulle het toe teen haar boek, *Millennium*, beswaar gemaak en dit veroordeel as anti-Christelik. “Als ik zekere dingen wou terugtrekken kon ek gedoopt worden. Dat kon ik niet, en ongedoopt ben ik weer thuis gekomen, verlicht en overgelukkig”. Maar, het sy bygevoeg, sy was nie totaal ongedoop nie, want die Heilige Gees was volgens haar in daardie klein kantoortjie van die kerk teenwoordig en het daar aan haar verklaar dat “myn waterdoop, door myn gehoorsaamheid, voldaan was en dat de volle Geestes Doop nu geschieden zou sonder de uiterlike ceremonie ... De heerlike geest is nog over my en alles wyst op de spoedige vervulling van myn vurigste verlangen. Hoe lang zal ik nog op het veld moeten wachten? Hoe lang, o Heer”.<sup>79</sup> Dit is nie duidelik in watter vorm die Heilige Gees in die kerkkantoortjie aan haar verskyn het nie, maar sy het vas geglo dat sy nou “volledig” gedoop was. En nou dat sy gedoop

---

<sup>77</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 20 Mei 1920.

<sup>78</sup> NHKA, LIX /ii, Johanna aan Brandt, 9 Junie 1920.

<sup>79</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 9 Junie 1920.

was sou sy, soos Jesus nadat Hy deur Johannes die Doper gedoop is, deur die Gees na die woestyn of dan die veld gelei word waar sy beproef sou word.<sup>80</sup>

Ten spyte van die feit dat Johanna geglo het dat die Heilige Gees haar gedoop het, was sy tog ten gunste van die sogenaamde groot doop. Die doop van Jesus deur Johannes in die Jordaanrivier, waartydens Jesus volgens die Bybel in die water ingegaan het,<sup>81</sup> was volgens haar die ware manier hoe mens gedoop behoort te word. Daarom het sy enkele dae later aan Brandt 'n kort briefie geskryf waarin sy gevra het: “Waarom moeten wy onze kerken verlaten as wy [groot] gedoop worden? Al deze dingen zyn verkeerd. Ek geloof dat de Heer zelf alles aan jou openbaar zal maken en dat deur jou en my de Hervormde Kerk de eerste zal zyn om ordeningen van het Nieuwe Testament letterlik aan te nemen en in te voeren, en dat daarom het bevel aan my gegeven werd ‘verlaat uw kerk niet’”.<sup>82</sup>

Al het Johanna teen die middel van 1920 besluit om Harmony te verlaat en na die pastorie in Johannesburg terug te trek, het boodskappe van die “Vader” haar tot ander insigte gebring. Dit dui daarop dat sy steeds onder die invloed van die Apostoliese Kerk was, al is haar boek *Millennium* deur hulle veroordeel.

Johanna het die situasie só aan Brandt verduidelik: “Vader heeft boze invloeden toegelaten om my weer te plagen en tegelykertyd my belet om hier weg te gaan ... ’t Spyt my vreselik voor jou [Brandt] want ik was werkelijk van plan om naar Johannesburg te gaan (en ‘t heeft my grote moeite gekost om tot zulk een besluit te komen) maar nu is alles veranderd ... Ik heb de Heer beloofd om hier [by Harmony] te wachten ... en Hy verwacht een yzeren geloof van my. ‘Hier ben ik. God helpe my. Ik kan niets anders’. Ik heb zelf nog nooit getwyfeld maar ik verwacht om nog zwaar beproefd te worden ... Ja, ik verwacht de grote wonderen nu heel spoedig – maar eerst nog veel lyden, zwaar lyden ... Ik bid dag en nacht over al deze problemen maar alles wordt met opzet zo duister mogelijk voor my gehouden om te zien of ik nog staande zal blyven”.<sup>83</sup>

Johanna se “doop” het belangrike implikasies vir Brandt as predikant asook vir Johanna gehad, aangesien dit later 'n besprekingspunt geword het toe Brandt die predikant van die Gemeentes

---

<sup>80</sup> *Die Bybel, Nuwe vertaling*, Nuwe Testament, Matteus 4:1, p. 8.

<sup>81</sup> *Die Bybel, Nuwe vertaling*, Nuwe Testament, Matteus 3:16, p. 8.

<sup>82</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 13 Junie 1920.

<sup>83</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 4 September 1920.



Kensington mn Turffontein van die NHK was.<sup>84</sup> Brandt het op grond van Johanna se brief aan hom op 9 Junie 1920 aangedui dat hy geweet dat sy gedoop sou word, maar dat dit nie plaasgevind het nie en dat sy dit nie daarna weer oorweeg het om die onderdompeling deur te gaan nie. Volgens haarself was sy reeds deur die Heilige Gees gedoop.

Johanna het hierna in haar korrespondensie net nog enkele vermeldings van die besoekers van Booyens gemaak, waarvan een op 3 Desember 1920 was, toe suster Helliwell vir drie dae op Harmony gekuier het. Johanna was op die stadium besig met die skryf van haar boek oor die vas-kuur asook met haar finale voorbereidings om na Johannesburg terug te trek. Gevolglik het sy dit nie as 'n geskikte tyd vir die susters om haar te besoek, beskou nie.<sup>85</sup>

Johanna het haar laaste vermelding van suster Helliwell en die besoekers van Booyens het sy vroeg in 1921 gemaak toe sy aan Brandt geskryf het dat dit op 28 Januarie sou wees wat sy sou sterf.<sup>86</sup> Sy het inderdaad in die laaste maande van 1920 in een brief na die ander aan Brandt geskryf dat sy moes doodgaan. Op 4 September het sy byvoorbeeld aan Brandt geskryf: “Ik hebt nou de boodschap ontvangen dat de slaap van 7 dagen geen trance sal zyn maar de dood. Myn geest wordt helemaal weggenomen – en dat heb ek duidelik maken. Ik ben hier uit overtuigen en gaan weg uit overtuigen”.<sup>87</sup> Op Oujaarsdag het sy haar brief aan Brandt afgesluit met die woorde: “Bid voor ons. Vóór Zondag is alles afgelopen ... dan zullen wy jou misschien hier nodig hebben. Ik ben nu in de valley van de schaduwee des Doods.”<sup>88</sup>

Feitlik al Johanna se briewe in Januarie 1921 het gehandel oor haar siekte en skryfwerk terwyl sy gewag het om te sterf.<sup>89</sup> In een brief het sy vir Brandt meegedeel dat “ik vecht dezen week nog in de woestyn – vastende en biddende – en als je hierheen wilt komen om my van myn overtuigen af te brengen dan wil ik je liever niet zien. Ik heb alreeds te veel te dragen en mag je ook niet toelaten om je invloed zo tegen den wil van God te gebruiken maar in de laatste week van myn leven als gewoon mens zou ik je graag weer eens willen zien, maar ik moet vroeg tydlig weten welke dag zodat ik het voornaamste schryfwerk daarop kan inrichten.

---

<sup>84</sup> Dit word in hoofstuk 10 behandel.

<sup>85</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 3 Desember 1920.

<sup>86</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 6 Januarie 1921.

<sup>87</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 4 September 1920.

<sup>88</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 31 Desember 1920.

<sup>89</sup> NHKA, LIX 181/iii, briewe van Johanna aan Brandt gedateer 3,13,16,19, 23, 24 en 26 Januarie 1921. Die meeste van hierdie briewe was 2 tot 3 bladsye lank.

Maandag, 24ste zou voor my het beste zyn. Ik mag Vrydag nacht (21 ste) weer in de hut slapen, heerlijk, dan is al myn leed voorby”.<sup>90</sup>

Dit is ironies dat sy op dié stadium begin vas het, aangesien sy vermoed het dat sy maagkanker gehad het. Aan die een kant het sy beweer dat sy daarna uitsien om te sterf, maar aan die anderkant het sy ’n poging aangewend om gesond te word. Haar rede? Sy “verwacht om te sterven en op de sewenden dag weer opgewekt te worden. My lichaam moet absoluut zuiver zyn”. Die bevel dat sy moes sterf het sy al op 26 Desember 1920 gekry terwyl sy in ’n droomtoestand was. “Ik ben nu bezig alle aardse dinge af te leggen en all banden los te maken voordat ik de Heerlikheid in ga – om daarna terug te komen om jullie te dienen, Zuid Afrika vry te maken en een zegen te zyn door de openbaring van Christus in en door my, voor de hele wêreld”.<sup>91</sup> Op 24 Januarie het sy gewonder wat sou gebeur, want sy het aan Brandt geskryf: “Ik zal dus vroeg in Feb. thuis zyn als hier niets gebeurt maar bid toch dat de wonderen Gods mogen beginnen en dat de redding van de wereld mag geschieden”. Vir Johanna het dit gevoel of sy besig was om die opdragte van ’n sondige wêreld uit te voer en sy het in daardie trant aan Brandt vertel: “Zie zoo, nu heb ik mijn plicht als wereldse, ongelovige, ontroue Christen gedaan – nu wil ik niets meer van deze zaak weten”.<sup>92</sup> Haar reaksie was om haar rug op die wêreld te draai en te wag op die vervulling van haar visioene.

Teen 25 Januarie 1921 was Johanna nie meer seker dat sy wel drie dae later sou sterf nie, maar tog het alles rondom haar moontlike naderende dood tot in die fynste besonderhede gereël. Aan Brandt het sy duidelike instruksies gegee wat om te doen indien sy sou sterf: “Als je Vrydag [28 Januarie] geen telefoon boodskap ontvangst, wacht dan maar tot Zaterdag morgen. En wanneer de boodskap ook mag komen, ga a.j.b. direkt naar Booyens om de drie zusters te halen. Kom hierheen in de motor als’t kan. Je sal de motor hier veel nodig hebben. Alle instruksies zullen hier klaar leggen en dinge ik niet neerschryf zal zuster Helliwell aan je vertellen. Je moet in alles gehoorzaamt worden want de Heer spreekt door haar en geeft haar al zyn bevelen”. Terselfdertyd het sy Brandt ingelig dat sy nie noodwendig sou sterf nie. “Je moet niet denken dat ik myn verstand niet gebruik in deze saak. Ik weet heel goed dat ’t mogelijk is dat wy alles verkeerd hebben en nog eens zwaar op de proef gesteld mag worden, maar ik moet

---

<sup>90</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 13 Januarie 1921.

<sup>91</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 13 Januarie 1921.

<sup>92</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 24 Januarie 1921 en ook Johanna aan Brandt, 9 Februarie 1921.

handelen naar 't licht dat ik ontvangen heb. Als de boel hier mis loopt, zal 't niet zyn door myn ongelooft, ontrouw of wankelmoedigheid. Dan is de tyd nog niet daar".<sup>93</sup>

Brandt was skynbaar nooit bekommerd dat Johanna wel sou sterf nie en het nie eers die moeite gedoen om hom op 28 Januarie na Harmony te begewe nie. Mens kan aanvaar dat as Brandt geglo het dat sy moontlik sou sterf, sou hy beslis daar gewees het, al het sy hom verbied om te kom. Verder was twee van hulle seuns, Louis (17 jaar oud) en Frans (15 jaar oud) in hierdie tyd by Johanna te Harmony.<sup>94</sup> Hulle sou dus daar gewees het as sy gesterf het – 'n gebeurtenis waaraan Brandt hulle sekerlik nie sou wou blootstel nie. Wat wel duister is, is hoekom Johanna bereid was om haar seuns aan haar dood bloot te stel. Omdat sy geglo het dat sy weer uit die dood sou opstaan? Of moes hulle vir Brandt laat weet dat sy dood is? Hierdie gedrag van Johanna bly 'n raaisel, maar die vernaamste faktor was dat sy werklik geglo het dat sy visioene gesien het, gedoop is deur die Heilige Gees en dat die besoekers van Booyens deel van haar goddelike openbarings was. Net so het sy werklik geglo dat sy sou sterf en weer sou opstaan, alhoewel die datums waarop dit sou gebeur telkens verander het.

28 Januarie het gekom en gegaan sonder dat Johanna gesterf het. Haar eie, onmiddelijke interpretasie was dat dit nie vir haar nodig was om te sterf ten einde haar "stryd" af te lê nie. Die dag nadat sy sou gesterf het, het sy aan Brandt geskryf: "Alles wel hier. Ek ben wel erg uitgeput van de vreselike stryd in de woestyn. De boze machten slaan de muren in met zware hamers en maken een duivelse lawaai maar ik heb nu, Goddank, alle vrees overwonnen!!! Ek ben nu reeds meer dan overwinnaar maar er zyn nog twee van die nachten – ja, en dagen ook – en dan kom ik gereinig en zegevierend uit de woestyn. Reeds nu ben ik door de heerlijkheid overschaduw". Teen die einde van die brief meld sy: "Wel er is niets gebeurd! Ek weet niet wat ik ervan denken moet. Dr. Veale heeft my Vrydag goed ondersoekt en vond alle organen volmaakt gezond, behalwe dat één nier wat los is".<sup>95</sup>

Johanna het kort hierna na die pastorie in Johannesburg teruggekeer. Die hoogty van haar behepthed met bo-natuurlike magte en visioene was verby. Die vroue van Booyens het uit haar lewe verdwyn. Daarmee het 'n hoofstuk in haar omstrede lewe afgesluit. Dit beteken nie dat alles in haar verhouding met Brandt hierna maanskyn en rose was nie. Hy was in 'n bitter moeilike situasie. Hy het besluit om haar te laat begaan, maar was diep ontsteld oor haar

---

<sup>93</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 25 Januarie 1921.

<sup>94</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 24 Januarie 1921.

<sup>95</sup> NHKA, LIX181/iii, Johanna (van Harmony) aan Brandt, 29 Januarie 1921.

handelswyse. Soms het hy nie geweet wat om te doen nie, maar as ware Christen het hy gehoop sy keer terug na hom, ten spyte van die feit dat sy nie meer dieselfde vrou was met wie hy in 1902 getroud is nie, vir wie hy sy vaderland verlaat het, omdat dit is wat sy wou gehad het. Haar vriende en familie kon ook nie glo dat sy so drasties verander het nie, aangesien sy gedurende die laaste jare van die 1910's al haar tyd gewy het aan haar skryfwerk en nie belang gestel het in haar pligte as predikantsvrou nie – sy het nie kerk toe gegaan nie, sy was nie meer geïnteresseerd in haar man (vir wie sy op 'n stadium so lief was) se werksaamhede nie en haar jonger kinders het of by familie of vriende ingewoon.<sup>96</sup>

By 'n ontleding van die redes vir Johanna se beheptheid met die bo-natuurlike en met visioene in veral die tydperk van haar moeder se dood in 1916 totdat sy Harmony vroeg in 1921 finaal verlaat het, duik daar heelwat faktore op. Johanna was vroeg in Desember 1916, toe haar moeder tot sterwe gekom en begrawe is en sy haar belangrikste visioene gesien het, alles behalwe gesond. Volgens dr. Veale, wat haar gereeld besoek het, het sy in hierdie tyd 'n senuwee-ineestorting gehad wat haar hart en niere aangetas het. Van toe af tot aan die einde van Januarie 1921 het sy boonop deurentyd geglo dat sy ernstig siek is. Ten spyte van haar ware of miskien gewaande siektetoestand, het sy onvermoeid die pen opgeneem om te skryf: briewe aan haar “geestes”-vriende en lang verklarings van die gebeure soos in “Redeeming Harmony”.

'n Volgende vraag is of sy werklik deur bo-natuurlike wesens aangetas was en of sy nie beetgepak was deur sielkundige fiksasies wat besmoontlik in die moderne tyd deur dokters en medikasie onder beheer gebring sou kon word nie? Wat wel afgelei kan word, is dat sy gedrewe was – van die dae van die konsentrasiekampe tot die finale afskeid van Harmony.

## 6. Die neerslag van Johanna se visioene in haar skryfwerk, 1916-1921

Johanna se fase van beheptheid met bo-natuurlike kragte en met visioene van 1916 tot 1921 het eerstens in haar omstrede boek *The Millennium – A Prophetic Message to the Native Tribes of South Africa* neerslag gevind. Die titel van Afrikaanse uitgawe daarvan was “*Die Millennium*”, een voorspelling. Daar het ook gedeeltes daarvan in Zoeloe en Xhosa verskyn. In hierdie proefskrif word kortweg na die publikasie as *Millennium* verwys. Al die uitgawes het in 1918 die eerste keer in druk verskyn. Vervolgens het sy *Die smeltkroes* geskryf. Dit het in 1920 verskyn en was 'n politieke vlugskrifwat nie soveel bekendheid verwerf het nie, maar wel nuwe

---

<sup>96</sup> NHKA, LIX 39/iv, Brandt aan sy moeder, 25 Maart 1921.

politieke denke verkondig het. Die bespreking van die twee publikasies mag dalk 'n blik op Johanna se denke en geestelike vertroebeling gedurende die jare onder bespreking werp.

## 6.1 *Millennium*

Die rede waarom Johanna die boek geskryf het, was om haar visioene te verklaar en dit aan die mensdom bekend te maak. Die gedeelte wat oor haar visioene handel, beslaan egter net 'n klein gedeelte van die boek. Die res word gewy aan gebeurtenisse wat sy beskou as profetiese hoogtepunte in die kerkgeskiedenis. Volgens Johanna self het sy die boek geskryf, “omdat dit aan my geopenbaar is by die heengaan van my moeder, toe ek bevel gekry het om te skryf en my ervaringe sonder voorbehoud te gebruik in diens van my medemens ... Daarom het ek die titel as een woord gekies wat onveranderd in alle tale sal bly ten einde verwarring te vermy”.<sup>97</sup>

Die betekenis van die titel hou sterk verband met die inhoud van die boek. “Soos elkeen wat met die wêreld van godsdiens bekend is, weet dat die woord *Millennium* afkomstig is uit Latyn – Mille = Duisend, Annum = jaar, en dit is die enigste woord wat in alle tale dieselfde ding beskryf – die Duisendjarige Ryk van Vrede, of soos dit ook genoem word: Die eerste opstanding of die Wederkoms van Christus. Dit kan alles in een woord Millennium gesê word”.<sup>98</sup>

Johanna het in 1918 'n pamflet saamgestel waarin sy 'n verkorte weergawe van die inhoud van die *Millennium* uiteengesit het. Die eerste deel van die boek het as opskrif “Die skarlaken koord der Martelare” en is histories van aard. Dit handel oor die geboorte van Christus en die betekenis daarvan deur die eeue; oor 'n tyd van bloed en geweld wat Christus voorspel het; oor profete en oor die vervulling van die visioene wat eeue gelede voorspel is, waaronder dié van Paulus, van Pieter Amiens en van Jeane d'Arc. Dit eindig met die voorspelling dat nog openbarings gemaak sal word sodat daar “een geestelike ontwaking” sal plaasvind. Deel twee het as opskrif “Een Fragment Autobiografie”. Dit handel oor haar eie lewe en beskryf haar eie visioene en belewenisse. Dit het ingesluit dat rampe en ellende Suid-Afrika sou tref en dat almal daarop moes voorberei. Voorts het sy aangedui dat sy op bevel van die BoodsAPPER haar vir 15 maande van die wêreld moes onttrek om voor te berei om die boodskap die wêreld in te stuur. In die derde deel het sy onder die opskrif “Mistiek” geskryf dat Suid-Afrika 'n “Mystieke Orde”

---

<sup>97</sup> Aangehaal in A. Morgan, *Die visioene van Johanna Brandt*, p. 21.

<sup>98</sup> Aangehaal in A. Morgan, *Die visioene van Johanna Brandt*, p. 25.

moes stig om vir die wederkoms voor te berei. Dit moes nie 'n nuwe godsdiens of sekte wees nie, maar 'n geheime orde waarvan die lede se identiteit net aan God bekend sou wees. Hulle sou 'n gelofte aflê wat in die hemel geregistreer sou word waarvolgens hulle alles in hulle vermoë sou doen om deur gebed en 'n rein lewe Suid Afrika, en deur Suid Afrika, die hele wêreld vir die “Wederkoms van die Verlosser” voor te berei. Johanna het gemeld dat sy die “Orde van Mystiek, een Centrum van Idealisme vir Suid Afrika”, te Harmony, Pretoria wou stig. Johanna het laastens in die boek aangedui dat die volle opbrengs van die verkope daarvan aangewend sou word om die wêreld op die verwagte wederkoms van Christus voor te berei.<sup>99</sup>

Volgens Landman het Johanna se visioene haar met toekoms hoop vervul en wou sy daardie hoop deur die boek *Millennium* verkondig. Wat van verdere belang was, was dat die boek 'n staat van volkome harmonie tussen die geslagte behels, gegrondves op totale gelykheid tussen die geslagte. Landman beskou die boek gevolglik as 'n pleidooi vir die “recognition of sexual difference, by mutual respect and understanding leading ultimately to ... a new kind of inclusiveness”.<sup>100</sup>

Johanna het in die jaar 1917 elke oomblik tot haar beskikking aan die skryf van *Millennium* gewy. Teen die begin van 1918 was die manuskrip voltooi en het sy die Central News Agency en Juta met die oog op die publikasie daarvan genader. In haar skrywe aan hierdie maatskappye het sy gemeld: “I have just completed a book of prophecies on the Second Advent in connection of the European war and the future of South Africa ... You will perhaps know me as the authoress of the *Petticoat Commando*”. Sy het gemeld dat dit die eerste boek was wat sy sedert laasgenoemde publikasie geskryf het, maar dit is “of an entirely different nature ... it deals with the mystery of visions, signs and wonders”.<sup>101</sup> Sy het 'n spoedige publikasie versoek, maar hulle kon uiteindelik nie 'n ooreenkoms bereik nie – moontlik weens die omstrede inhoud van die manuskrip.

Aan die einde van Maart 1918 het Brandt aan sy moeder in Holland geskryf dat Johanna geen uitgewer kon kry wat bereid was om die boek te publiseer nie en dat sy alles self op eie koste sou doen, insluitende die bekendstelling en advertering. Alhoewel dit baie werk was, het sy nie nodig gehad om geld te leen nie want sy het as gevolg van die opbrengs van haar ander

---

<sup>99</sup> NHKA, Argiefplakboekversameling, *De Hervormer*, 15 Oktober 1918, p. xiv, boekbespreking deur Johanna.

<sup>100</sup> Aangehaal in Gaul, “Performativity”, p. 220.

<sup>101</sup> NHKA, LIX 160/ii, Johanna aan C.N.A. en Juta, Johannesburg, 2 Januarie 1918.

skryfwerk, voldoende fondse gehad. Brandt het bygevoeg dat na die eerste verspreiding van die pamflette oor die boek, “word er tamelijk veel over gepraat en de menschen neemt het natuurlijk heel verschillend op”.<sup>102</sup> Dit dui daarop dat die boek van meet af omstrede was.

Die eerste oplaag van veral die Afrikaanse uitgawe van *Millennium* het uitstekend verkoop, maar die Engelstalige uitgawe het nie so goed gevaar nie. Brandt het aan sy moeder geskryf dit was “omdat de Engelsche pers er zoo tegen geschreven hebt”.<sup>103</sup> Nadat die eerste Afrikaanse oplaag binne enkele maande uitverkoop was, het Johanna van De Nationale Pers, Beperkt gebruik gemaak om die tweede druk te publiseer. Brandt moes £125 tot die drukkoste bydra. Die uitgewers het verklaar dat dit jammer was dat sy nie by hulle ’n kwotasie vir die eerste druk gevra het nie, want dan sou die tweede druk heelwat goedkoper gewees het en sou Johanna nie alles self moes laat doen het nie.<sup>104</sup>

Die tweede uitgawe het in Augustus 1918 verskyn en het net so vinnig verkoop. Johanna het aan Brandt geskryf: “Ik heb success verwacht maar niet zo!”<sup>105</sup> Sy het beplan om met die geld ’n bankrekening te open en het gehoop om nooit weer skuld te hê nie. Met die oog op die derde druk het sy weer van uitgewer verander. Dié keer het sy *Die Volkstem* gebruik. Boonop het sy besluit om self die reklame te doen – alles ten einde geld te spaar, want sy het daaraan begin dink om ’n toer na die VSA te onderneem.<sup>106</sup> Die verkope van *Millennium* het uiteindelik op 3 500 eksemplare te staan gekom, wat hoër was as die aantal kopieë van die Nederlandse uitgawe van *Die Kappie Kommando* wat verkoop is. Johanna het die sukses van die verkope toegeskryf aan die pamflet oor die boek wat sy voor die tyd versprei het.<sup>107</sup>

Alhoewel *Millennium* goed verkoop het, het die publisiteit wat Johanna daaruit verkry het, heelwat verskil van die publisiteit wat *Die Kappie Kommando* aan haar besorg het. Waar laasgenoemde boek haar roem as Boereheldin bevestig het, het sy meer ernstige kritiek as lof oor die inhoud van *Millennium* ontvang. Haar kritici het nie net joernaliste, teoloë en die

---

<sup>102</sup> NHKA, LIX 175, Brandt aan sy moeder, 30 Maart 1918.

<sup>103</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 29 Augustus 1918.

<sup>104</sup> NHKA, LIX 175/i, Brandt aan sy moeder, 18 Junie 1918; NHKA, LIX 160/ii, L.H. Otto, bestuuder van *De Nationale Pers, Beperkt*, Bloemfontein aan Johanna, 21 Augustus 1918.

<sup>105</sup> NHKA, LIX 39/iv, Johanna (Harmony) aan Brandt (Johannesburg), 16 Augustus 1918.

<sup>106</sup> NHKA, LIX/ 165/ii, Johanna aan die bestuurder van *de Nationale Pers Beperkt*, 6 September 1918.

<sup>107</sup> NHKA, LIX 165/ii, dokumentasie, Johanna se boekhouding t.o.v. die verkope en drukwerk van *Millennium*, Junie – Augustus 1918; LIX 160/iii, Johanna aan Haarhoff, 5 Februarie 1919.

algemene leserspubliek ingesluit nie, maar ook mense in Johanna se kring van korrespondente en vriende. Sommige koerante het selfs geweier om enige berigte oor *Millennium* te plaas of enige publisiteit aan die publikasie te gee.<sup>108</sup>

Johanna is selfs oor 'n biljet wat sy versprei het om *Millennium* te adverteer, gekritiseer. Die bewoording daarvan was die volgende:

**1918** – Een van die kritiekste jare In die geskiedenis van  
die Wereld!

EEN NIEUWE BOEK

Deur Johanna Brandt, Skryfster “Kappie Kommando” sal binnekort Gepubliseer word  
in Afrikaans en Engels.

Getiteld

*Die Millennium*

EEN VOORSPELLING

In 'n brief aan Brandt teen die einde van 1918 het Johanna haar hart uitgestort oor al die kritiek. Sy het onder meer geskryf dat *Het Westen* die enigste koerant was wat die advertensiebiljet gepubliseer het. Oor die feit dat sy na die gewildheid van *Die Kappie Kommando* verwys het om verkope van die *Millennium* te probeer verhoog, alhoewel die twee boeke absoluut teenoorstaande van aard is, is sy ook gekritiseer. Die kritici het dit as swak smaak beskou. Oor die gebruik van die woorde ‘kritiekste jare’ in die biljet is die volgende vraag deur kritici gevra: watter kritieke gebeurtenis gebeur dié jaar wat verband hou met die publikasie? Haar broer Dietlof het gesê dat sy haar ‘erg gekompromiteerd’ het deur juis die jaar 1918 uit te sonder.<sup>109</sup>

Die kritiek op die advertensiebiljet was 'n kleinigheid in vergelyking met die striemende kritiek wat die inhoud van die boek self ontlok het. Johanna het in Junie 1918 aan Brandt geskryf dat daar in die koerante *Star* en *Cape Times* in Junie 1918 kritiese berigte oor *Millennium* was en dat: “Reverend Horsfall van Pietersburg skreef my een hartelike brief ... en zeide dat ik my op ‘sneering criticisms’ moet voorbereide”. Maar dan vertel sy dat “de orders stromen nog

---

<sup>108</sup> NHKA, LIX 167/ii, notas en koerantberigte oor *Millennium*, insluitende 'n nota van Johanna se broer Dietlof van Warmelo waarin hy die boek kritiseer. Sy het selfs kritiek van die Brandtfamilie in Nederland af ontvang. Koerante soos die *Rand Daily Mail* het na die publikasie van

<sup>109</sup> NHKA, LIX 18/i, Johanna aan Brandt, 14 November 1918.



steeds in van alle kanten”.<sup>110</sup> Dit is te betwyfel of sy op daardie stadium voorbereid was op die bombardemente van werklik snedige kritiek op *Millennium* wat sou volg.

Dr. Willem van Zyl het aan haar geskryf dat hy die styl en woordeskat in die boek positief beoordeel, maar ten opsigte van die inhoud sien hy dit as “een grote, onuitwisbare persoonlike grief” wat die ganse effek van die werk bederf. Hy het aanbeveel dat sy spesifieke gedeeltes moes verander of uitlaat en nie moes wraakneem nie. Johanna se reaksie was dat dit moeilik sou wees om alles oor te doen.<sup>111</sup>

Die kerkraad van Brandt se gemeente in Johannesburg het mettertyd bewus geword van omstrede uitsprake wat Johanna in *Millennium* gemaak het. Op versoek van die kerkraad is Brandt gevra om die gemeente daarvoor toe te spreek oor. Hy het besluit om eers die kerkraad toe te spreek en dan die publikasie vanuit godsdiensstige en liturgiese standpunte, sowel as Johanna se doel met die publikasie, te bespreek. Dit was in Junie 1919. Hy het verduidelik dat dit Johanna se manier was om voor te berei op die wederkoms van Christus – soos die maagde van Matteus 25 wat gereed was toe hulle vir die bruidegom moes wag.<sup>112</sup> Die kerkraad het steeds nie die aard van die publikasie gelate aanvaar nie. Sommige van die kerksraadslede, insluitende ouderling A.D.W. Wolmarans, het daarop aangedring dat die inhoud van *Millennium* voor die Algemene Kerkvergadering, wat die hoogste besluitnemende liggaam van die NHK van Afrika was, bespreek moes word. Die boek is toe inderdaad by die byeenkoms van die Algemene Kerkvergadering in September 1919 bespreek. Brandt was die voorsitter van die vergadering en het hom absoluut gedistansieer van sy vrou se standpunte soos dit vervat is in dié boek. Nadat die saak breedvoerig bespreek is en in die lig van Brandt se verklaring dat hy hom geheel en al van sy vrou se sienings, soos vervat in *Millennium*, distansieer, was die besluit dat: “De Algemene Kerkvergadering, kennis genomen hebbende van het antwoord van Ds. Brandt over het boek ‘*Millennium*’ van Mevr. Brandt, is hiermee tevrede, en dat daar geen klachten sijn ingekomen over de leer en de wandel van Ds. Brandt”.<sup>113</sup>

---

<sup>110</sup> NHKA, LIX 39/iv, Johanna aan Brandt, 20 Junie 1918.

<sup>111</sup> NHKA, LIX 39/ii, Johanna aan Brandt, 15 Julie 1918

<sup>112</sup> NHKA, Kerkraadnotules Johannesburggemeente, verslag van vier getikte bladsye deur Brandt, 12 Junie 1919.

<sup>113</sup> Botes, Brandt, p. 389; NHKA, Notule Algemene Kerkvergadering, 1918-1919, 27 September 1919.

J.H.L. Schumann het in sy pamflet *Antichrist en de wederkomst van Christus zinde een antwoord op mev. Brandt's Millennium*, vir Johanna oor meer as een aspek gekritiseer. Hy het haar beskuldig dat sy haar visioene aan spiritisme gekoppel het, alhoewel sy verklaar het dat sy nie aan *spiritisme* geglo het nie, maar wel aan *spiritualisme*. Schumann het beweer dat hierdie neiging gekoppel is aan die Eerste Wêreldoorlog, waar vrouens wou kontak gemaak het met hul mans wat as soldate op die slagvelde gesneuwel het. Sy het ook gemeld dat die gees van haar moeder die plek van die onbekende 'Boodskapper' ingeneem het, wat volgens hom nog 'n kenmerk van spiritisme was. Hy het beweer dat Satan gebruik gemaak het van die geleentheid om sy eie soort mistisisme te bevorder en daardeur baie mense afvallig van Gods woord te maak. Schumann het vervolg dat: "Die wereld het nie Ordes nodig nie – daar is reeds meer as te veel. Die verlore gaande mensdom het behoefte aan Jesus Christus die Saligmaker ... nie aan Mystieke Ordes en die Bouwers van Harmonie of Tempels nie". Volgens die hom was die stigting van die sentrum nie in ooreenstemming met Gods openbaringe nie. Schumann het nie ontken dat daar visioene was nie, hy het ook nie ontken dat Johanna visioene gesien het nie, want volgens die Bybel het God mense gesigte laat sien. Daar was volgens hom in die loop van die geskiedenis talle mense wat gesigte gesien het en uitleg daaraan gegee het, wat nie ooreengestem het met die Woord van God nie, of nie reg verstaan was deur die persoon wat dit gesien het. Sy indruk was dat Johanna nie suiwer Bybels in haar verklaring van haar visioene was nie. Aan die ander kant het haar bespreking van haar visioene maar net 'n klein gedeeltjie van die boek van 145 bladsye uitgemaak. Schumann het ook Johanna se bladuitleg van die voorblad, met die foto van die skryfster wat uit die dae van *Die Kappie Kommando* kom, gekritiseer. Hy het nie daarvan gehou nie want wat hom betref het sy sommer hierdie nuwe publikasie, wat sy ewe vroom 'n 'allerheiligste Openbaring' noem, gebruik as 'n advertensie vir *Die Kappie Kommando*, wat uit 'n ander era en milieu gekom het. Samevattend het Schumann vir Johanna as 'n swak, nietige mens gesien wat in dwalinge verval het of deur verkeerde ywer meegevoer was.<sup>114</sup>

Dr. Jos het ook in antwoord op *Millennium* 'n boekie van kritiek geskryf. Johanna het aan Brandt gekla dat Jos geskryf het dat "myn boek uit die borse is ... [en dit] zal veel kwaad doen as de Heer nu zelf tusschen beide tredt". Jos het boonop geen rede gesien vir die doemprofessië in *Millennium* nie, want alles was kalm in Suid-Afrika.<sup>115</sup>

---

<sup>114</sup> J.H.L. Schumann, *Antichrist en wederkomst van Christus zinde een antwoord op mev. Brandt's Millennium*, pp. 4-13.

<sup>115</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 20 Julie 1919. Dit is nie bekend wie Jos was nie.

Johanna het oor die loop van drie-vier jaar na die eerste publikasie van *Millennium* steeds briewe van beide bekende vriende asook onbekendes ontvang waarin die inhoud van die boek ter sprake gekom het. In 1922 het 'n vriendin in die VSA, ene Gladys, aan haar laat weet dat die bekende teosoof, Winterscale, “does not approve of your politics – and would not read his copy of the *Millennium*”.<sup>116</sup> Ook in 1922 het Izaak Haarhoff nie doekies omgedraai toe hy sy mening gelug het nie. “Dit spijt mij erg wat gebeurd het met u voorspelling want zoals mij gedachte mijn zegt het u een grote en ernstige fout begaan. Dit is een zeer gewigtige ding om zo iets te voorspel want daar is natuurlijk veel mense wat daaraan geloof en hulle handel min of meer daarna ... Wat mij dit zo onbegrijpelijk maakt is dat na al die harde lesse wat u doorgemaakt hebt dat u nog volhoudt ... en de beste raad wat ek u kan gee is bid dat onze Lieve Heere die dinge van u moet wegneem ... ik voel als een vriend van u, dat ik rechtuit moet praat voor u eigin ontwil. Al wat ik op de oogenblik kan doen is om te bidt, en dit heb ik al lang gedaan”.<sup>117</sup>

Die *Millennium* het, ten spyte van al die kritiek, in 1922 steeds bly aandag trek. In Junie daardie jaar het sy by die Milner Parkskool in Johannesburg 'n lesing gegee. In die *Rand Daily Mail* van 8, 9 en 14 Junie is daar in artikels skerp kritiek op die inhoud daarvan gelewer. Die lesing het oor die pas afgelope mynwerkerstaking op die Witwatersrand, waartydens bloedvergieting en ontwrigting hoogty gevier het, gehandel.<sup>118</sup> Johanna het in haar lesing daarop aanspraak gemaak dat sy die gebeure reeds in die *Millennium* voorspel het en dat die staking net die begin was van dít wat sou kom. Haar voorspellings, visioene en publikasies oor die opstande aan die Rand het veral die inwoners van Vrededorp ontstel. Ten spyte van die kritiek wat sy van die inwoners van Vrededorp gekry het, het sy volstaan by die feit dat daar rampe gaan plaasvind en dat sy net “an ordinary housewife was ... and she wish that her message can go out to the people through the press”.<sup>119</sup>

Johanna het selfs verneem dat haar skoonfamilie in Nederland ontsteld was om in 'n Franse koerant van haar optredes te lees. Johanna se antwoord op al die kritiek op haar omstrede uitsprake was: “Ik kan het niet helpen. Ik ben op 7 Des. 1916 gevraagd of ik gewillig was om myn leven voor Zuid Afrika te geven en myn antwoord was ‘Ja’. Sinds dien tyd ben ik niet

---

<sup>116</sup> NHKA, LIX 143/iii, Gladys uit die VSA aan Johanna, 11 Maart 1922.

<sup>117</sup> NHKA, LIX 159/iii, Izaak Haarhoff (Gezina, Pretoria) aan Johanna, 14 Julie 1922.

<sup>118</sup> NHKA, LIX 167/ii, uitknipsel van 'n berig in die *Rand Daily Mail*, 8 Junie 1922.

<sup>119</sup> NHKA, LIX 180/ii, Johanna aan Brandt, 15 Junie 1922.

meer myn eigen eigendom, ... O, onze arme mense is vreselik neerslagtig ... maar nu kom die groot Revolusies”.<sup>120</sup>

Annelize Morgan se kommentaar op Johanna se *Millennium* was: “Hoewel sy dit in daardie stadium nie besef het nie, het haar toenemende ongeduld en haas om die visioene op skrif te stel en te ‘verklaar’, grootliks daartoe bygedra dat haar vertolking en uitsprake soms erg onbekook en argaïes was. Uiteindelik het dit haar saak meer skade berokken as iets anders, want dit was juis haar persoonlike uitsprake oor die betekenis van die visioene wat aan haar kritici ’n slaanstok verskaf het”.<sup>121</sup>

## 6.2 *Smeltkroes*

Johanna se eerste vermelding dat sy aan nog ’n boek aan ’t skryf was, was in ’n brief aan Brandt in Oktober 1919. Sy het vertel dat haar doel met die boek was om te “wys op die wereldtoestande als vervulling van die profetieën van ‘*Die Millennium*’, en wat ons nog te wachten staat ... ‘In die Smeltkroes’ zal het eerste deeltjie zyn van dit boek ‘Die WonderDokter’ (vastkuur), Deel Twee (een voorbereiding voor onze komende hongersnood) en op het eind als troost en belofte als redding, het verhaal van Oom Frans 1925 A.D.”. Sy het bygevoeg dat die boek nie dik sou wees nie en dat sy so baie ervaring opgedoen het met haar vorige publikasie dat sy die meeste van die werk self sou doen. Sy het nie ’n groot sirkulasie verwag nie aangesien die publikasie net in Afrikaans sou wees. Sy het haar skrywe op ’n entoesiastiese noot afgesluit: “Ik heb stof in overvloed, en een vurige ywer, ’t moet nu gebeuren! Feitlik is ’t klaar in my hoofd en moet alleen een ‘vorm’ krygen”.<sup>122</sup>

Mens kan aanvaar dat Johanna gehoop het om ’n bietjie geld uit die publikasie te maak, want haar plan toe sy teen die einde van 1919 daaraan begin werk het, was steeds om uiteindelik Harmony terug te koop. In Januarie 1920 het sy aan Brandt geskryf dat sy baie besig is en “myn vlugschrift vordert goed maar langsam, te weinig tyd”. Soos sy voortgegaan het, het sy bladsy vir bladsy by die drukkers ingegee en sy weet nie presies “what is coming next”. Die inhoud van die boek moes sy volgens die ‘Boodskapper’ eers ’n absolute geheim hou, nie eers die

---

<sup>120</sup> NHKA, LIX 18/i, Johanna aan Brandt, 14 November 1918.

<sup>121</sup> A. Morgan, *Die Visoene van Johanna Brandt*, p. 21.

<sup>122</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 10 Oktober 1919.

familie mag daarvan geweet het nie, maar sy was vol vertrouwe dat: “’t Zal Zuid Afr. onderste boven werpen”.<sup>123</sup>

Teen die tyd dat die boek ’n jaar later in druk verskyn het, het Johanna aan Brandt geskryf: “Als jy nu tyd had om de ‘Smeltkroes’ over te lezen en je wist, zoals wy met vaste zekerheid weten, dat alles dat daarin onder de grootste inspiratie geschreven werd, nu vervuld moet worden, zouden je ogen waarlik open gaan. Ik val je niet veel lastig met myn geschriften maar nu stuur ik je (met verontschuldiging) een exemplar van de ‘Smeltkroes’ met enige aantekeningen. Probeer om tyd te maken, dit door te lezen, onder vurig gebed: De tyd is nu zo vreselik kort – ik weet niet meer wat te doen om je te helpen de waarheid te zien voordat de bewyzen er zyn”.<sup>124</sup> Brandt het egter nooit, so ver as wat vasgestel kan word, vir haar laat weet of hy die boek gelees het nie.

Wat die inhoud van die boek betref het Johanna haar voorneme waaroor sy in Oktober 1919 aan Brandt geskryf het om in die eerste hoofstuk onder die titel ‘Die Wonder-Dokter’ oor natuurgenesing te skryf, laat vaar ten einde dit in ’n aparte boek te publiseer. Voorts het sy die boek se titel verkort na bloot *Smeltkroes*. Dit bestaan uit twee afdelings en het ’n sterk polities/nasionalistiese inslag. Twee faktore het die inhoud van die boek bepaal: eerstens die opkoms van die NP (en tesame daarmee Afrikaner nasionalisme) en tweedens die Eerste Wêreldoorlog en die impak daarvan op veral Europa.<sup>125</sup>

Deel een se titel is “Die tydperk van verdeeldheid”. Hierin het sy, kortliks gestel, die volgende geskryf:

- Christus het 2000 jaar tevore ’n tydperk van verdeeldheid voorspel, wat na die Eerste Wêreldoorlog sou volg.
- Die VSA en Engeland sal veilig wees tot ±2020.
- Nog ’n groot Europese oorlog sou volg.
- Engeland sal van bloedvergieting tydens die koloniale tydperk beskuldig word en anti-koloniale opstande sal volg.
- Duitsland was nog nie verslaan nie maar gebonde a.g.v. die Verdrag van

---

<sup>123</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 8 Januarie 1920.

<sup>124</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 19 Januarie 1921.

<sup>125</sup> J. Brandt, *Smeltkroes*, pp. 1-3.

Versailles.

- “n Ryk van vrede ... sal volg. Duitsland sal in ’n ware blijwende grootheid verrijs uit die puinhope van verwoesting”.
- Die VSA sal na die Eerste Wêreldoorlog as bemiddelaar tussen verskillende volke optree.
- Suid-Afrika sal die land van toekoms word. Haar boodskap aan die mense van Suid-Afrika was dan ook: “Nou stuur Hy uw een belofte van bevryding op die vooraand van die politieke omwenteling in uw land”.<sup>126</sup>

Deel twee se titel is “Land van die toekoms” en dit handel oor die volgende:

- “Die Nasionale Partij en die Vrouwe Nasionale Partij” se prestasies van 1915 as deel van die politieke geskiedenis van Suid-Afrika.
- Die NP sal sorg vir ’n onafhanklike Suid-Afrika.
- Daar sal geweld wees maar die NP sal nie betrokke wees nie.
- Bloed sal vloei, maar dit sal nie weens nasionaliste se groot vervolging wees nie en dit sal nie die dood van die Afrikaner kos nie.
- Vroue moet eers leer van politiek: hulle is nog te onervare om ten volle deel te neem.
- Daarna moet hulle help om Suid-Afrika se “korrupte regering” omver te gooi.
- Suid-Afrika sal in die politieke, geestelike, industriële en ekonomiese krisis wat aan die kom is, deur ’n smeltkroes moes gaan en geduldig moes wag om uit die smeltkroes te kom.<sup>127</sup>

Haar laaste woorde in *Smeltkroes* het sy tot haar eie mense in Suid-Afrika gerig: “Weet dit dat Suid-Afrika die laaste sal wees om die smeltkroes in te gaan en die eerste om daaruit te voorskyn te kom”.<sup>128</sup>

Toe die boekie in 1920 verskyn het, was daar spoedig baie navrae daaroor en vele bestellings. Die publikasie was goedkoop en dun en het heelwat positiewe inligting oor die NP bevat. Inderdaad het Johanna, terwyl sy publisiteit vir *Smeltkroes* verkry het, verkondig dat die ‘Boodskapper’ haar meegedeel het dat NP die volgende algemene verkiesing in 1925 (wat

---

<sup>126</sup> J. Brandt, *Smeltkroes*, pp. 4-23.

<sup>127</sup> J. Brandt, *Smeltkroes*, pp. 24-28.

<sup>128</sup> A. Morgan, *Die visioene van Johanna Brandt*, p. 91.

uiteindelik reeds in 1921 plaasgevind het) sou wen.<sup>129</sup> Dit was vir Nasionaliste voldoende rede om dit te koop en dit het dan ook uitstekend verkoop. Daar was op 28 Mei 1920 alreeds 5 000 eksemplare verkoop. Dit is 'n besondere prestasie, aangesien die boekie op 21 Januarie 1920 eers klaar geskryf was.<sup>130</sup>

*Smeltkroes* is goed deur die Afrikaanse lesers ontvang. Waar *Millennium* onder skerp kritiek deurgeloopt het, was dit nie die geval met *Smeltkroes* nie. Die rede was waarskynlik omdat *Millennium* godsdienstige interpretasies bevat het wat teen die godsdienstige opvattinge van talle lesers in gedruis het. *Smeltkroes* daarenteen het in 'n gunstige tyd verskyn, naamlik toe die politieke ontwaking van Afrikaners sterk op die voorgrond getree het en dit het nie omstrede godsdienstige uitsprake bevat nie.

In 1926 het Johanna steeds sterk by haar beginsels wat sy in *Smeltkroes* verkondig het, gestaan. In daardie jaar het sy aan haar aanstaande skoonseun, Kellie Kellerman, geskryf:

“Ik kan jou verseker dat die uur aangebreek het van verlossing van al die sware stryd en kommer en sorg van die afgelope jare. Die wereld gaat nou die smeltkroes van verdrukking in, maar die voorlopers van die eeuw van vrede kom daar nou uit. Hulle is klaar gelouterd, gereinigd, geheiligd door lyden – bekwaam vir die grote taak van die redding van die mensdom in die ontsaglike en kritieke tydperk wat voor die deur leg. Die storm sal in Engeland losbars en daarvandaan na Europa versprei, naar Amerika, Indië en Egipte, totdat die hele wereld aan die brand is. Dan gaat S. Afrika ook vir 'n rukkie die smeltkroes in, om die eerste te wees om triomfant daaruit te verrys. Ons tyd van verdrukking sal ontsettend wees, dog kort van duur, en ons het volop tyd om ons daarvoor voor te berei want ons sal die rampe van die wereld vanuit die verte aanskou en weet dat onse dag nie meer ver is nie.”<sup>131</sup>

## 7. Ten slotte

Johanna se verblyf in Harmony, wat begin het met haar moeder se siekte, haar stryd om Harmony te behou, die stigting van vreemde organisasies wat op een of ander manier verstrengel was met die woning Harmony, sowel as in die okkulte, sou waarskynlik nooit soveel

---

<sup>129</sup> J. Brandt, *Smeltkroes*, p. 32.

<sup>130</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan Brandt, 21 Januarie 1920

<sup>131</sup> NHKA, LIX 152/iv, Johanna aan Kellerman, 13 Junie 1926.

opslae gemaak het nie as sy nie haar kontroversiële boek, *Millennium*, gepubliseer het nie. Die inhoud daarvan dui aan dat sy al haar smart oor haar ma se dood en die verlies van Harmony gekoppel het aan haar vele visioene wat sy aan hand van Bybeltekse verklaar en die wêreld in gestuur het. Dit kon die indruk skep dat sy weer as heldin gesien wou word – Johanna Brandt: verpleegster in die Irene-konsentrasiekamp, vroulike Boerespioen en skrywer van die *Kappie Kommando*, mede-stigterslid van vele organisasies soos die SAVF en die VNP, ’n weldoener bekend vir haar positiewe humanitêre dade – wat nou weer ’n dramatiese stap neem deur die wêreld in te lig oor haar wedervarings in die na-oorlogse Harmony: hierdie keer nie as humanis of patriot nie, maar as ’n persoon wat bo-natuurlike boodskappe oor die heil van die mensdom ontvang met die opdrag om dit wêreldkundig te maak.

Aan die ander kant sou dit nie vir haar maklik gewees het om al hierdie bonatuurlike ervarings bloot net ‘op te maak’ nie, al was sy volgens haarself die *enigste een* wat so iets, wat baie moeilik is om te verstaan en te belewe, fisies en geestelik sou ervaar het. Sy het noukeurig verslag gehou van alles – of in haar vele briewe wat bewaar gebly het, of in haar talle geskifte waarmee sy tydens haar ‘buitewêreldse’ ervarings en beswymings volgehou het. Wat ook al die motief agter haar optredes was, dit het daartoe bygedra dat sy oorvloedige terugvoering van die leserspubliek gekry het. Die meeste negatiewe kritiek het van die Afrikaanse leserspubliek gekom. Sy het wel in die proses heelwat ondersteuners vanuit die VSA gekry, aangesien talle mense daar aan haar geestelike verklarings geglo het en daar baie meer aanhangers van die okkulte as in Suid-Afrika woonagtig was. Dit het inderdaad daartoe gelei dat sy binne ’n paar jaar haar rug op haar gesin en geboorteland gedraai en die VSA as ’n soort van toevlugsoord begin verheerlik het.

Na voorspellings van haar naderende dood en terugkeer uit die dode – waarvan daar niks gekom het nie – het sy telkens aan Brandt belowe om na die pastorie in Johannesburg terug te keer, net om elke keer ’n verskoning aan te bied om nie te gaan nie. In Februarie 1921 het sy uiteindelik terug gegaan, maar die Brandts se lewe sou nooit weer dieselfde wees as wat dit voor Desember 1916 was nie.



## Hoofstuk 8

### Gereelde verhuisings en lesingstoere, 1921–1927

#### 1. Inleiding

Teen 1 Maart 1921 was Johanna na haar bykans vyf jaar lange, stormagtige verblyf te Harmony in Pretoria met haar meubels, boeke en al terug in die pastorie in Jutastraat, Johannesburg. Die gemeente, sowel as haar gesin, was bly dat sy terug was, maar vir Johanna was dit moeilik om weer aan die lewe as pastorievrou gewoond raak. Sy het wel probeer om na haar daaglikse huishoudelike aktiwiteite waarmee sy haar voor haar verhuising na Harmony in 1916, besig gehou het, terugkeer te keer. Daarbenewens het sy vele ure aan haar korrespondensie gewy. Sy was soms in die siekbed en het met tye vir dae aaneen gevas en daarna van dikmelk alleen geleef. Sy het vas geglo dat sy gewasse in haar maag het en dat die maagkanker waaraan sy kwansuis 'n paar jaar tevore gely het, weer opgevlam het.<sup>1</sup>

Die Brandt-gesin het wel weer ondereen dak saam gewoon, maar die eertydse eenheid het nie meer bestaan nie.<sup>2</sup> Boonop het die twee dogters, Emmie en Mira, teen die einde van 1921 op aandrang van Brandt se moeder na Nederland vertrek om by haar in Velp te gaan woon. Die bejaarde mev. Brandt het gevoel dat haar kleindogters se opvoeding verwaarloos word – onder meer omdat Johanna te min tyd aan hulle bestee het – en dat hulle nie die nodige “afronding” in Transvaal kon kry in vergelyking met Europese meisies van hulle ouderdom nie. Die twee dogters het saam met Brandt via Kenia – waar hy die gemeentes van die NHK van Afrika besoek het – na Nederland gereis. Mira, wat destyds 13 jaar oud was, was van die begin af gelukkig in die Europese atmosfeer en klimaat. Aan die ander kant het Emmie, wat 16 jaar oud was, nie goed aangepas nie. Louis, die oudste seun, het intussen gematrikuleer en het verder gaan studeer – ook in Nederland. So het dit gebeur dat daar nog net die vier jongste seuns, naamlik Frans (14 jaar oud), Andries (11 jaar), Willem (nege jaar) en Chris (vyf jaar) in die pastorie in Johannesburg agtergebly het.<sup>3</sup>

---

<sup>1</sup> NHKA, LIX 181/ii, Johanna aan haar skoonmoeder, 6 Januarie 1922.

<sup>2</sup> NHKA, LIX 175/ii, Johanna aan Brandt, 19 Januarie 1922; Brandt aan Johanna terwyl hy na Velp op reis was met die dogters, 26 Januarie 1922.

<sup>3</sup> NHKA, LIX 153/i, Johanna aan haar skoonmoeder, 23 Desember 1921.

Emmie en Mira het die Nederlandse tradisies en opvoeding waarmee hulle by hulle ouma kennis gemaak het, aanvanklik vreemd gevind. Mev. Brandt het oor die ‘revolusie’ wat sy daar met hulle ervaar het, geskryf. Volgens haar was hulle nie aan dissipline gewoond nie en het hulle daarteen gerebelleer. Die Brandt-huishouding in Transvaal het altyd huishulpe gehad, maar in Nederland was daar hoogstens een blanke huishulp en moes die huisbewoners self verskeie huishoudelike take uitvoer. Elkeen het sekere pligte gehad – iets waaraan die twee Brandt-dametjies nie gewoond was nie. In April 1922 het Johanna in ’n brief haar skoonmoeder bedank vir al die liefde en sorg wat sy aan die dogters gegee het. Sy het geen kommentaar op hulle opstandigheid gelewer nie, want sy het waarskynlik geweet dat sy mede-verantwoordelik was omdat sy haar plig as moeder versuim het deur nie genoeg aandag aan hulle opvoeding te gee nie en hulle nie geleer het om hul pligte na te kom nie, want daar was genoeg huishulpe.<sup>4</sup>

In die jaar nadat Johanna na Johannesburg teruggekeer het, was sy telkens verward en versteurd. Op aanbeveling van dr. Veale (haar dokter in Pretoria), het sy skokbehandeling ondergaan – iets wat op daardie stadium die begin van ’n nuwe mediese prosedure was en Johanna normaalweg nie sou aanvaar het nie, maar sy was te siek om te weet wat gebeur het. Die uitwerking was volgens Brandt positief en hy het dankbaar aan sy moeder gerapporteer: “Johanna word steeds beter, de gevolgen van de elektriske schok syn nu heelemaal over en sij klaagt ook niet meer over haar maag”.<sup>5</sup> Aangesien haar gesondheid, volgens haar, oor die algemeen baie swak was, het sy wel van dr. Veale se geneesmiddels gebruik gemaak.<sup>6</sup>

Die mynwerkerstaking op die Witwatersrand in die eerste paar maande van 1922 het die Johanna en haar gesin se daaglikse aktiwiteite ontwrig. Brandt kon telkens nie normaalweg met sy werk voortgaan nie. Die stakende massa het soms die paaie toegemaak en het die spoorwegwerkers gedreig dat hulle huise afgebrand en hulle gesinne vermoor sou word as hulle aanhou werk. Gevolglik kon Brandt nie vryelik rondry nie en was daar geen treine nie.<sup>7</sup> Verder was Brandt se gesondheid ook nie van die beste nie. Johanna het aan sy moeder geskryf “hy is erg afgefallen en is vermoeid ... maar hy is gelukkig in die huis en in zyn werk”.<sup>8</sup>

---

<sup>4</sup> NHKA, LIX 175/ii, Johanna aan haar skoonmoeder, 19 April 1922.

<sup>5</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy moeder, 5 Februarie 1922.

<sup>6</sup> NHKA/ LIX 63/ii, Johanna aan Brandt, 1 Maart 1922.

<sup>7</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy moeder, 15 Maart 1922.

<sup>8</sup> NHKA, LIX 175/ii, Johanna aan haar skoonmoeder, 19 April 1922.

## 2. Die aanvang van Johanna se betrokkenheid by natuurgeneeskunde

Johanna het reeds voor haar terugkeer na die pastorie in Johannesburg vroeg in 1921 in natuurgeneeskunde belang gestel. Dit het binne die eerste jaar na haar terugkeer tot die publikasie van twee boeke, waaraan sy veral in harmony hard gewerk het, aanleiding gegee. Natuurgeneeskunde is gebaseer op die beginsel dat die liggaam homself kan genees. Natuurgenesers glo dat die liggaam die vermoë het om te kan herstel van 'n siekte indien dit ondersteun word deur 'n gesonde omgewing. Die helingsproses van die pasiënt word bespoedig deur van natuurlike medikasie gebruik te maak volgens die behoefte van die pasiënt. Genesing geskied deur die helende krag van die natuur wat die minste inbreuk op die liggaam maak en sag met die liggaam werk. Die helende kragte vanuit die natuur sluit die volgende in: sonlig, vars lug, water, 'n gesonde dieet en kruie. Vervolgens moes die natuurgenesers uitgebreide opleiding ondergaan en lesings bywoon wat oor natuurlike terapieë, soos voeding, water-terapie, kruie, plante/blomme, homeopatie en massering handel.<sup>9</sup>

Natuurgeneeskunde word beskryf as 'n noodsaaklike element van “Therapeutic Universalism”, 'n filosofiese rigting geformuleer deur die Amerikaner Benedict Lust. Hy het in die 1890's, nadat hy deur 'n Duitse water-heler, ene Kneipp, van tuberkulose genees is, met die ontwikkeling van natuurkundige genesingstegnieke begin. Hy was vasbeslote om sy geneser te vereer deur die Kneipp-sisteem in die VSA te verkondig. Mettertyd het hy diëte, kruie, massering, elektroterapie, sonbaddens en ander elemente van die Duitse natuurgenesingstradisies, bygevoeg. Kort daarna het hy ook die bewegingsterapie van sommige vroeëre osteopate en chiropraktisyns by sy helingsmetodes gevoeg. In 1901 het Lust besluit dat die offisiële naam van die wye spektrum van sy geneesmiddelle en -metodes *naturopathy* (natuurgeneeskunde) genoem sal word. In daardie jaar is die “American School of Naturopathy” in New York gestig en die volgende jaar het die landswye “Naturopathic Society of America” tot stand gekom. Lust het tot met sy dood in 1945 die organisasie se president gebly.<sup>10</sup>

---

<sup>9</sup> What is a Naturopathic Doctor?, <http://www.naturopathic.org/content.asp?contentid=60>, geraadpleeg op 20 Maart 2010.

<sup>10</sup> J.C. Whorton, Benedict Lust, Naturopathy, and the Theory of Therapeutic Universalism, *Iron Game History: The Journal of Physical Culture*, Vol 8, issue 2, October 2003, <http://www.starkcenter.org/article-archive/>, geraadpleeg op 20 Maart 2010.

Volgens Lust het die naam “natuurgeneeskunde” na die beginsel verwys dat die kuur van enige geval van siekte uiteindelik bereik word deur die helende krag wat in elke wese teenwoordig is. Die vernaamste doel van natuurgeneeskunde was dus om die mens se liggaam, brein, hart en alle liggaamsfunksies met die natuurgeneeskundige behandeling van siektes te herenig. Kwale soos akute maagsere, asma, griep, vetsug en uitputting word vandag nog deur homeopate met natuurgeneeskundige middele behandel. Hierdie behandelings kan saam met gewone medikasie wat deur die geneesheer voorgeskryf is, gebruik word.<sup>11</sup> Die gebruik van natuurgeneeskundige middele was aan die begin van die 20e eeu baie gewild en wyd beskikbaar in die VSA. Teen 1920 was daar oor die lengte en breedte van daardie land natuurgeneeskundige mediese skole, daar was letterlik honderde natuurgeneeskundige dokters en duisende der duisende natuurgeneeskundige pasiënte. Natuurgeneeskundige studies was deur verskeie institusies geakkrediteer en deur verskeie state gelisensieer. Natuurgeneeskundige praktisyns het aan kolleges studeer en was aktief betrokke by opleidingsinstansies waar hulle kwalifikasies erken en benut is.<sup>12</sup>

Johanna se belangstelling in natuurlike geneesmiddele strek terug tot die paar weke wat sy tydens die Anglo-Boereoorlog in die Irene-konsentrasiekamp as hulpverpleegster gedien het. Vroue in die voor-oorlogse Afrikaner-boeregemeenskap het op plase gewoon wat in vele gevalle buite die bereik van dokters was. Wanneer daar siekte was, moes hulle maar self na eie goeddunke behandeling gegee het. Die meeste van hulle het gebruik gemaak van sogenaamde ‘boererate’. Die eerste boek daaroor in Suid-Afrika is reeds in 1866 gepubliseer.<sup>13</sup>

Johanna het in haar boek *Het Concentratie-kamp van Iréne* geskryf: “De Boeren zijn soms zeer eigenaardig met nieuwe geneesmiddelen”. Dit was nadat sy op ’n sterwende babadogtertjie afgekom het wie se ouers besig was om haar ’n lepel hondebloed in te gee. Die arme hondjie het voor die tent gesit met ’n gewonde oor waaruit bloed gedrup het. Sy het by die ouers aanbeveel om die kindjie liefsvol met rus te laat – die bloed sou op daardie stadium nie meer goed of kwaad kon doen nie. ’n Uur later, toe sy weer die tent besoek het, was die ouers op die punt om die babatjie ’n warm mosterdoetbad te gee. Die baba het kort daarna gesterf. Volgens Johanna was meeste van die middele wat die kampbewoners gebruik het, algemeen in gebruik.

---

<sup>11</sup> J.C. Whorton, Benedict Lust, Naturopathy, and the Theory of Therapeutic Universalism, *Iron Game History: The Journal of Physical Culture*, Vol 8, issue 2, October 2003, <http://www.starkcenter.org/article-archive/>, geraadpleeg op 20 Maart 2010.

<sup>12</sup> NHKA, LIX 158/ii, pamflet met opskrif *Centrum for natural medicine*, geen datum of plek van publikasie aangedui. Inhoud dui op Amerikaanse oorsprong daarvan.

<sup>13</sup> F.L.C. Biccard, *Volksgeneeskunde in Zuid-Afrika*.

Party middele was nutteloos maar skadeloos, maar sommige was wel produktief.<sup>14</sup> Sy het gereeld aan haar moeder vertoë gerig om geneesmiddels (per trein) na Irene te stuur. Sy vra onder andere die volgende: “cherry pectotral and nourishing food for the weak ones... heuning, en asyn om hoesmedisyne te maak”.<sup>15</sup>

As predikantsvrou het Johanna haar sporadies in die openbaar oor natuurgeneeskunde uitgelaat. Sy het geglo dat die liggaam “suiwer” (skoon van binne en buite) moes wees om weerstand teen siekte te kon bied. Haar natuurlike aanvoeling vir die behandeling van siekes deur natuurgenesing en natuurlike medisyne kan hierin waargeneem word. Tydens die vernietigende griep epidemie in 1918 het sy byvoorbeeld gou besef dat die siekte aansteeklik was en dat vars lug en aparte vertrekke vir die huisvesting van siekes verhinder het dat hulle mekaar aansteek. Nogtans het sy self en vier van haar en Brandt se kinders siek geword.<sup>16</sup>

Natuurgeneeskunde het na Johanna se terugkeer na die pastorie in Johannesburg in Februarie 1921 prominent in haar skryfwerk gefigureer. Sy het uiteindelik twee publikasies oor daardie onderwerp gepubliseer, naamlik *Die Nieuwe Wyn* en *The Fasting-Book*

## 2.1 *Die Nieuwe Wyn*

Johanna het vroeg in 1921 aan hierdie boek begin skryf. Advertensies waarin dit bekendgestel word, het reeds in Januarie 1921 in verskeie koerante, waaronder die *Rand Daily Mail*, *De Volkstem*, *Ons Vaderland*, *The Star*, *De Westelik Stem* en *De Burger*, laat verskyn.<sup>17</sup> Die titel van die boek verwys na die vernuwing wat in die toekoms gaan plaasvind, veral op godsdienstige en mediese gebied. Die inhoud van die boek in geheel het gehandel oor spiritisme, sektes, gebedsgenesing en die Afrikaanse taal.<sup>18</sup> In hierdie boek het Johanna onder meer kommentaar gelewer oor verskillende leerstukke van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Sy het onder meer die kinderdoop en die onderhouding van die Sabbat op Sondag verwerp.<sup>19</sup> In ’n hoofstuk met die titel “Tempel van God” het sy haar mening oor die nadele van operasies

---

<sup>14</sup> Brandt-Van Warmelo, *Irène*, pp. 38-40.

<sup>15</sup> NHKA, LIX167/i, Johanna aan haar moeder, 16 Mei 1901. Volgens H.W. Fowler & F.G.Fowler (first eds.), *The Concise Oxford Dictionary of Current English*, “Pectoral is a cough syrup used for chest diseases”, p. 877.

<sup>16</sup> NHKA, LIX165/ii, Johanna aan haar skoonmoeder, 20 November 1918.

<sup>17</sup> NHKA, LIX 181/iii, koerantuitknipsels, 29 Januarie 1921.

<sup>18</sup> J. Brandt, *Die Nieuwe Wyn*, pp. 3-5 (Inhoudsopgawe).

<sup>19</sup> J. Brandt, *Die Nieuwe Wyn*, p. 77.

uitgespreek: “Dit is omdat die wetenskap God nie erken nie. Die wetenskap hou geen rekenskap met Hem of die wette van Syn Skepping. Daar is geen respect vir die liggaam as mens nie ... Dit is ’n skending van die Tempel Gods wanneer daar onnodig aan die liggaam gesny word of organe uitgehaal word ... en dan hoor ons elke dag van gevalle waar organe weggeneem word ... Maar daar is ander maniere om gesond te word en gesond te blyf – en dit is deur die toevlug alleen te neem tot die Natuur”.<sup>20</sup>

Toe *Die Nieuwe Wyn* later in 1921 in druk verskyn het, toe Johanna reeds in Johannesburg gewoon het, het dit tot selfs groter beroeringe onder Brandt se gemeentelede gelei as wat dit die geval met die publikasie van *Millennium* was.<sup>21</sup> Haar verwerping van die kinderdoop en kritiek op die onderhouding van die Sabbat op Sondag het daartoe gelei dat die kerkraad van die Gemeente Johannesburg eenparig besluit het om die verspreiding van die publikasie onder die gemeentelede verbied. Terselfdertyd het die kerkraad ’n kommissie aangewys om die boek te bestudeer en daarna met Johanna ’n gesprek te voer. Die uitslag van die gesprek was dat Johanna geweier het om afstand van haar standpunt te doen. Die kerkraad het dit aanvaar as “de private mening ... van Mevr. Brandt”.<sup>22</sup> Johanna se standpunte het reg teenoor dié van ds. Brandt en die kerk se leerstellings gestaan. Dit moes vir hom baie moeilik gewees het om hom met haar standpunte te versoen, maar sy was onwrikbaar.

## 2.2 *The Fasting-Book*

*The Fasting-Book* het ook reeds in 1921 verskyn. Advertensies daarvoor het reeds voor die publikasie daarvan tesame met dié vir *Die Nieuwe Wyn* in koerante verskyn.<sup>23</sup> Die boek beslaan 179 bladsye en skep die indruk van ’n handboek. Deel een handel oor wat Johanna as die sewe groot wette van die natuur beskou het, naamlik die menslike denke of geesteskrag, ooreenstemming (na God se beeld), vibrasie/beweging, polariteit, ritme, oorsaak en gevolg en voortplanting. Deel twee handel oor die fisiologie van die mens soos die bloed, sirkulasie, die senuweestelsel en spysvertering. Deel drie handel oor patologie. Die gebruik van medisynes, stimulant, tabak en verkeerde eetgewoontes word onder andere bespreek. Deel vier handel spesifiek oor die vas-kuur, want volgens Johanna was “the fast ... Nature’s first cure for one of

---

<sup>20</sup> J. Brandt, *Die Nieuwe Wyn*, p. 123.

<sup>21</sup> Botes, Brandt, p. 390.

<sup>22</sup> NHKA, Kerkraadsvergaderingnotuleboek, Gemeente Johannesburg, 12 November 1921 – 20 Mei 1922, Notule van vergadering op 15 Februarie 1922.

<sup>23</sup> NHKA, LIX 181/iii, koerantuitknipsels, 29 Januarie 1921.

your own”.<sup>24</sup> Deel vyf handel oor die voedingswaarde van kossoorte en wanneer om die vas te staak of te onderbreek.

Hoewel Johanna na die wetenskaplike metodes en bevindinge van wetenskaplikes soos Horace Fletcher (oor spysvertering) en Anton Leeuwenhoek (bioloog, kundige oor bakterieë) verwys het, het sy nie gehuiwer om haar eie mening uit te spreek nie. Sy het onder andere sterk standpunt oor die nadele van die rookgewoonte ingeneem. Volgens Johanna kon rook tot kanker lei. In die 1920's was rook 'n aanvaarde sosiale gewoonte. Mans het veral pyp of sigare gerook en dames het dit as modieus beskou om gedurende sosiale funksies in die openbaar te rook. In *The Fasting-Book* het sy die uitwerking van rook op die menslike liggaam as volg beskryf: “Tobacco coming in contact with a scratch on the lips, face, tongue, throat or surface of the body, may cause cancer. The germs of the cancer are not believed to be in tobacco, but tobacco is a powerful poison, and when this poison in the form of smoke, enters the lungs, it pushes aside pure oxygen needed by the blood, and in its place forces into the blood the same nicotine poison that causes cancer growth on the surface of the flesh. Nicotine in the form of smoke interferes with the making of the best blood, and as the tissue of the blood suffers in consequence, the growth may at any time become abnormal”.<sup>25</sup> As in ag geneem word dat Johanna nooit formele mediese opleiding van enige aard ontvang het nie, is dit merkwaardig om te sien hoe oortuigend haar fisiologiese beskrywings en mediese diagnoses veral in *The Fasting-Book* was.

### 3. Johanna verhuis weereens alleen na Pretoria (Julie 1922)

Nadat Johanna net meer as 'n jaar saam met haar gesin in die pastorie in Jutastraat gewoon het, het sy hulle in Julie 1922 weer verlaat en haar in Mountain View, 'n ylbewoonde voorstad in die noorde van Pretoria gevestig. Haar doel was om voltyds, in stilte, haar aandag aan haar skryfwerk te gee. Toe Johanna na Mountain View verhuis het, het sy seker gemaak dat dit die stilste plek is wat sy kon kry en waar niemand anders haar sou kon opspoor nie: sy moes selfs aan haar man verduidelik waar die huis was!<sup>26</sup> Uit haar beskrywings kry mens die indruk dat daar destyds nie veel strate in die omgewing was nie. Sy het dan ook vir Brandt versoek om haar te laat weet indien hy by haar besoek wou aflê, sodat sy hom by die treinstasie kon ontmoet,

---

<sup>24</sup> J. Brandt, *The Fasting-Book*, p. 124.

<sup>25</sup> J. Brandt, *The Fasting Book*, pp. 168-169.

<sup>26</sup> NHKA, LIX 152/ii, Johanna aan Brandt, 2 Julie 1922.<sup>27</sup> NHKA, LIX 175/ii, Johanna aan Brandt, 9 Julie 1922.

want anders sou hy dalk nie haar woonplek kon opspoor nie. Maar, het sy bygevoeg: “Wy zullen bly zyn je te ontvangen. Als je misschien onverwagts overkomt, klim dan af by Mountain View stasie en loop dan langs het spoor met de trein mee in de richting van Pretoria Noord en Wonderboom, totdat je by het tweede huis aan de linkerkant komt. Schuins teenover ons is ’n klein bruin huisje”.<sup>27</sup>

Brandt het haar daar besoek en was nie beïndruk met die huis nie. Hy het aan sy moeder en twee dogters in Nederland geskryf: “Sy [Johanna] wonen in een heel ongeschikt huis”. Hy het bygevoeg dat sy van plan was om aanbouings te doen.<sup>27</sup> Sy het heeltemal alleen daar gewoon, maar het tog kontak met haar gesin behou. Uit haar korrespondensie met Brandt blyk dit dat sy somsvrolik en lighartig was, en dan weer by tye swaarmoedig. Die brief wat sy in Augustus 1922 aan Brand geskryf het ter herinnering aan hulle 20ste huweliksherdenking bevat humoristiese sinsnedes van die hoogste gehalte. Een gedeelte lui as volg:

“Myn Dierbaarste, Om je geluk te wensen met de 20 jaren van huweliks-smart – stuur ik je kousen, kousen en nog eens kousen – bruin en blou en groen en vaal en pink en geel en swart en heliotrope – een hele trop – gestopt en ongestopt, gepaard en graswedunaars, opgerold en vasgebonden; genummerd; geletterd, gewewen, gebreid; gesponnen; wol, katoen, zyde, lisle thread, oud en nieuw – sommige met prehistoriese geskiedenis; andere familie-stukke; en nog eens anderen wild-vreemden; zonder eienaars, zwerwelingen van Pietersburg naar Doornfontein, Doornfontein naar Ameshoff St., en daarvandaan naar de Jutta Straat. Allemaal kousen. Nu ’n paar explanasies. Die voor jou te klein zyn kan Frans erven, sommige onparen moet hy ook maar dragen. Er zyn opgerold zyn die nog gaatjes hebben, die zyn fatsoenlik genoeg om naar danspartye te dragen totdat ze klaar zyn. Die aanmekeer gebonden zyn, zyn heel slecht maar ik heb de hielen gestopt zodat er te minsten geen gaten boven de schoenen kom”.<sup>28</sup>

Op 2 September 1922 het Johanna sy weer haar voorspellings opgehaal en gekla omdat Brandt dit verwerp het: “Ik ben nooit meer bekommerd over de vervulling van my voorspellings maar ik voel ook somtyds alsof ik niets meer dragen kan. Alleen wil ik hier nog eens zeggen – myn gezichten zyn uit den Heer en zullen allen vervuld worden. Ook die je afschuwelik’ noemt! Ja, het vermoorden van vrouwen en kinderen, door barbaren, is afschuwelik”.<sup>29</sup>

---

<sup>27</sup> NHKA, LIX 175/ii, Brandt aan sy moeder en sy twee dogters, 29 Augustus 1922.

<sup>28</sup> NHKA, LIX 187/ii, Johanna aan Brandt, 25 Augustus 1922.

<sup>29</sup> NHKA, LIX 157/iii, Johanna aan Brandt, 15 Oktober 1922



Johanna en Brandt het byna daaglik met mekaar gekommunikeer deur briefwisseling en die kinders het of in Johannesburg of in Pretoria gebly, afhange van hul aktiwiteite, soos waar hulle skool gegaan het.<sup>30</sup> Johanna het van die jonger kinders by haar gehou – sy was baie lief om aan hulle stories te vertel. Hulle was meestal gedurende skoolvakansies by haar.<sup>31</sup>

Ten spyte van haar gebruik van natuurgeneesmiddele het Johanna terwyl sy in Mountain View gewoon het, sieklik gebly. Sy het gedurig gevas, maar haarself soms ooreis met haar skryfwerk. As sy sleg gevoel het, het sy gevas. Die gedurige vas, het haar waarskynlik swak en depressief gemaak. In Oktober 1922 het sy hieroor aan Brandt geskryf: “Ik is nog altyd siek. Ik vast nog en doet niks als slaap ... Janhanna is nou in die diepte van verlatenheid. Julle moet nou baie bid vir my. Ik sou huistoe kom as ek nie seker was dat al myn werk dan sou verval nie”.<sup>32</sup> Haar fisiese sowel as geestestoestand was steeds ongebalanseerd, want in die volgende brief het sy geskryf: “Ik ben beter, eet weer iets maar alles valt my zwaar”.<sup>32</sup> ’n Paar maande later het sy aan Brandt geskryf dat sy steeds ’n gewas in haar maag gehad het. Sodra haar maag leeg was, het die pyn begin, dag en nag, ’n knaende, vretende pyn. Sy kon die gewas duidelik voel en haar ingewande was vol harde knoppe. Sodra sy vyf dae gevas het, het stukkies of korrels van die gewas af los gekom. Sy het in die fynste besonderhede beskryf hoe aaklig alles lyk en wat alles gebeur. Om haar te help om beter voel, het sy tot ses groot bottels water per dag gedrink, oefeninge gedoen en sonbaddens geneem. Sy het laastens verklaar dat hoe meer ‘gif’ uit haar gestel gekom het, hoe sterker het haar hart geword. Dit het nie meer gebewe nie. Haar gees het helder geword en die pyn in haar voorkop was weg, maar dan het die gewas teruggekom, veel groter, want “it is spreading over the whole stomach”.<sup>33</sup>

Dit is opvallend dat sy, ten spyte van haar geloof in natuurgeneeskunde, haar kinders, veral vir Chris wat ’n swak gestel gehad het en wie se maaggedurig probleme gegee het, gereeld na dr. Veale geneem het, sy raad getrou gevolg het en die medisyne wat hy voorgeskryf het, toegedien het. Sodra daar tekens van beterskap was, het sy dan met haar eie behandeling begin, soos dikmelk elke twee uur en daarna word daar weer vir ’n dag gevas.<sup>34</sup> Toe Andries by geleentheid

---

<sup>30</sup> NHKA, LIX 157/iii, 15 Oktober 1922, is een van die vele briewe van Johanna aan Brandt oor die kinders en algemene reëlins,

<sup>31</sup> NHKA, LIX 181/i, Johanna aan Brandt, 5 September 1922,<sup>33</sup> NHKA, LIX 157/ii, Johanna aan Brandt, 15 Oktober 1922.

<sup>32</sup> NHKA, LIX 157/ ii, Johanna aan Brandt, 18 Oktober 1922.

<sup>33</sup> NHKA, LIX 181/ iii, Johanna aan Brandt, 18 Januarie 1923.

<sup>34</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna Brandt, 10 Januarie 1923.

’n kwaai maagaandoening gekry het, het dr. Veale dit as volg diagnoseer: “He has evidently been threatened with enteric [tifus]”. Johanna se reaksie was: “Wat ben ik dankbaar! En o, wat heb ik weer opnieuw respect gekregen voor de natuur behandeling. Wat dr. Veale zegt is waar ... maar de warme omslagen hebben wonderen gewerkt, met de vastkuur en sonbaden”. Volgens die Amerikaanse natuurdokters was dit die beste manier om tifus te behandel.<sup>35</sup> Insidente soos hierdie het daartoe bygedra dat Johanna al meer aan natuurgenesing en medikasie wat daarmee in verband gestaan het, geglo het en dit toegepas het waar nodig. Aan die ander kant het Johanna, toe sy kort daarna weer siek en swak gevoel het, haar getroue dokter besoek: “Veale heft my goed ondersoek. Erg swak. Gevaar nu veel groter – it is spreading over the whole stomach. Ik ga volgende week weer naar huis [Johannesburg] om Dr. George Murray te zien om myself weer goed onder hande te nemen”.<sup>36</sup>

#### 4. Die historiese roman *Patricia*

Terwyl Johanna in Mountain View gewoon het, het sy ’n roman oor die Voortrekker-era geskryf. Sy het van inligting wat sy in die staatsargief in Pretoria opgespoor het, gebruik gemaak. Sy het self vertel dat dit vir haar ’n wonderlike ervaring was om in die kelder van die Uniegebou – waar die staatsargief destyds gehuisves was – tussen die rakke rond te snuffel om ou dokumente van die Voortrekkers te bestudeer. “O, wat is er voor my ’n toverwereld geopend!”, het sy aan Brandt geskryf.<sup>37</sup> In ’n brief aan ene ‘Brother in Christ’ het sy aangedui dat sy haar lewensgeskiedenis sou skryf. “Ik heb nu al myn stof complete – ryk, interessant en, als ik nu maar de krag heb om het werk te voltooiën, is het success van het boek versekered”.<sup>38</sup> Dit was die enigste vermelding wat sy gemaak het dat die verhaal oor haar eie lewe sou gaan, maar dit was ten slotte nie die geval nie, want *Patricia* was op die ou end haar enigste boek wat nie oor haar visioene, siektes of ervarings in haar lewe gegaan het nie, maar bloot ’n storie was.

In haar daaropvolgende briewe aan Brandt het sy hom op hoogte van haar vordering met die boek gehou. Die titel was *Patricia*, maar sy het daarna verwys as *Pattie*. Sy het onder die skuilnaam Marcus Ramondt geskryf ten einde die leserspubliek aan ’n lyntjie te hou oor die identiteit van die skrywer. Nadat sy die eerste twee dele van die manuskrip voltooi het, het sy

---

<sup>35</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 11 Januarie 1923.

<sup>36</sup> NHKA, LIX 181/iii, Johanna aan Brandt, 18 Januarie 1923.

<sup>37</sup> Botes, Brandt, p. 402.

<sup>38</sup> NHKA, LIX 163/i, Johanna aan “Brother in Christ”, 2 Julie 1922. <sup>41</sup> NHKA, LIX 154/iii, Johanna aan Brandt, 13 September 1922.

dit aan drie dames gegee om te proeflees en vir die drukkers gereed te kry.<sup>41</sup> Daarna het sy met die derde deel van *Patricia* begin. Oor haar gemoedstoestand op daardie stadium (Oktober 1922) het sy Brandt meegedeel: “Als ik er nu daar in slaag om weer in de stemming van inspiratie te komen voor *Pattie* en het derde deel even goed maak als de eerste twee, zal de opoffering niet te groot zyn geweest”. Terselfdertyd het sy gehoop dat wanneer sy sou terug keer pastorie toe, “de Heer ons nu ’n poosje van verademing zal geven”.<sup>39</sup> Aan die begin van Desember 1922 was sy nog steeds besig en rapporteer sy: “ik hebben vandaag rustig kunnen werken aan de expeditie van *Pattie*”.<sup>40</sup> Teen Junie 1923, toe Johanna al terug in Johannesburg was, was die publikasie van *Patricia* bykans afgehandel, want sy het vroeër die jaar aan Brandt geskryf dat sy “’s morgens, ’s middags en ’s avonds, drukproeven corrigeren. Dat is ’n groot werk ... ongeveer 600 bladzyden”.<sup>41</sup>

Kort nadat *Patricia* in druk verskyn het, het Johanna ’n ope brief aan haar lesers gerig waarin sy die boek en sommer ook haarself opgehemel het en waaruit dit blyk dat sy hoë verwagtinge van die boek gehad het:

“Because of the continued persecution I published this novel under the name of Marcus Ramondt. It flowed from my pen without thought or interruption and certain parts of it were written under high inspiration after my recovery from cancer. It was magnificently received, the author being favourably compared with Milton and other famous writers, until her identity became known. After that, dead silence. But *Patricia* will live. I created the pure and beautiful character with the express purpose of making her fall into sin that other girls may be saved. The book will some day be filmed and beauties of the ancient Netherlands will form a glorious setting”.<sup>42</sup>

Ten spyte van Johanna se hoë verwagtinge was die boek nooit juis gewild nie – moontlik omdat dit nie sensasioneel genoeg van aard was nie. Die boek het oor die algemeen swak verkoop. In een geval het ’n boekverkoper aan Johanna geskryf: “I have to state that I have sold no copies of *Patricia*. I do not want any copies of the 2<sup>nd</sup> vol.”.<sup>43</sup> ’n Ander boekverkoper het geskryf dat hy net een boek verkoop het.<sup>44</sup> Die tydskrif *Women’s Weekly* het laat weet dat hulle eers die

---

<sup>39</sup> NHKA, LIX 154/iii, Johanna aan Brandt, 18 Oktober 1922.

<sup>40</sup> NHKA, LIX 158/i, Johanna aan Brandt, 3 Desember 1922.

<sup>41</sup> NHKA, LIX 152/ii, Johanna aan Brandt, 7 Februarie 1923.

<sup>42</sup> NHKA, LIX 156/i, Johanna se *Open letter to readers*, deur Johanna (geen datum aangebring).

<sup>43</sup> NHKA, LIX 158/ii, R.N. Boyes aan Johanna, 23 Oktober 1923.

<sup>44</sup> NHKA, LIX 158/ii, R.O. Basson aan Johanna, 30 Oktober 1923.

boek wou laat deurlees voordat hulle dit te koop sou aanbied.<sup>45</sup> Hierdie reaksie dui daarop dat *Patricia* nie 'n suksesvolle publikasie was nie. Aan die ander kant het die tydskrif *Die Boerevrou* aan Johanna laat weet dat: “We will be pleased to review ‘Patricia’ in our paper and ... we are waiting for the second volume”.<sup>46</sup>

## 5. Johanna terug in die pastorie in Johannesburg, 1923

Teen die herfs van 1923 was Brandt in die pastorie besig om vir 'n besoek aan Nederland voorbereidings te tref. Johanna het begin planne maak om finaal na Johannesburg terug te keer aangesien sy reeds belowe het om op 10 September 1922 tuis te wees.<sup>50</sup> Sy het vol vertroue geskryf: “Ik zal dan Zaterdag 7 April [1923] voor goed thuis zyne – al my werk klaar”.<sup>47</sup> Dié keer het sy minstens gedeeltelik die voorneme uitgevoer, alhoewel haar ‘werk’ alles behalwe afgehandel was. Na haar terugkeer het sy aanvanklik haar aandag aan die huishouding gewy. Sy het die huis skoon gemaak, het maaltye voorberei en het vrugte en groente ingelê, net soos sy direk na haar terugkeer van Harmony af gedoen het. Haar briewe aan haar dogters en haar skoonmoeder in Nederland het daarop gedui dat daar weer 'n normale huishouding in die pastorie sou wees. Dit was asof Johanna nooit vir bykans ses jaar haar gesin verwaarloos het terwyl sy haar met haar siek moeder, visioene, teosofie, natuurgeneeskunde en wat nog bemoei het nie. Sy het geen berou getoon nie. Brandt het skynbaar teenoor haar opgetree asof haar handelswyse nie soms vir hom 'n groot verleentheid en ongerief was nie. Die kinders het met Stoïsynse gelatenheid hul ongewone huislike omstandighede aanvaar. Johanna het die destydse atmosfeer saans in die pastorie in 'n brief aan haar dogters probeer beskryf: “Ik zit op de grote canapé in de studeerkamer, te schrywen. Vader [Brandt] tikt. Al de lichten branden, de radiator is aan en ... de lange gordyne dicht – alles gezellig”. Al wat hulle kort kom, is geld – wat sy met haar pen help verdien – en 'n tweetalige klerk, “dit zal de ‘drudgery’ uit Vaders leven nemen”, maar dan sal hy weer net ander werk doen. “Vader en ik hebben zo hard gewerkt dat wy zonder de minste gewetens wroegen het nu meer gemakkelijk kunnen nemen”. Die seuns was meesal by die huis en daar was “geen gevaar dat ons ganse huislik leven bedorven wordt”. Dit klink asof sy deurentyd by die pastorie was. Sy het die brief afgesluit met 'n voorspelling: “de Heer komt om alle dingen te herstellen”.<sup>48</sup>

---

<sup>45</sup> NHKA, LIX 158/ii, *Women's Weekly* aan Johanna, 10 Desember 1923.

<sup>46</sup> NHKA, LIX 158/ii, *Die Boerevrou* aan Johanna, 8 Maart 1923. <sup>50</sup> NHKA, LIX 157/ii, Johanna aan Brandt, 2 September 1922.

<sup>47</sup> NHKA, LIX 181/i, brief met slegs die woord “geheim” bo-aan, geen name of datum nie.

<sup>48</sup> NHKA, LIX 157/ii, Johanna aan dogters in Nederland, 26 Junie 1923.

In een brief aan haar skoonmoeder het Johanna oor Brandt geskryf dat hy “nog altyd knapper en flinker [geword het]. Hoe zwaarder hy ’t heeft in de wereld, hoe mooier wordt hy! Ik ben thuis gekomen om’t leven nog moeiliker te maken sodat hy nog mooier en meer edel en prachtig daaruit moet zien – om zyn haar spierwit te maken zodat’t nog beter afsteekt by zyn jong gezicht. Als iemand zo ontwikkel onder verdrukking en overwerk, geef hem dan in hemels naam nog meer werk, verdruk hem nog meer”. Hierop het sy in ’n ernstiger trant vervolg: “wy zyn nog nooit gelukker geweest dan nu. ‘t Is overheerlik om thuis te zyn en ik neem my alweer voor om nooit weer weg te gaan – maar ongelukkig kan ik het leven hier niet volhouden. Ik kom thuis, 20 jaar jonger, mollig en blosend (!! Na enige dagen begin ik moeg worden – kringen onder de ogen – pyn in de rug. Het ergste is geweldige depressie van myn geest wanneer ik ’n onnatuurlik leven moet lyden. ’t Neemt my al myn tyd en krachten om dit te bestryden, zodat er niets oorblyft voor myn werk”.<sup>49</sup>

Tydens die eerste skoolvakansie nadat Johanna van Mountain View af teruggekeer het, in die winter van 1923, het sy een aand aan haar dogters geskryf dat sy besig was om die pastorie skoon te maak. “Gordynen en dekens wassen, meubels boenen, hier en daar de muren by plakken. De Pastorie ziet er akelig vervallen uit want de kerk is te arm om’t huis op te knappen”. Sy het vertel dat sy en Chris daardie aand alleen by die huis was. “Chris zit hier met zyn blote voetjies onder mijn eiderdown by het warm kruikje. Nu moet ik proberen ... ’n brief te schrywe onder zyn gebabbel. ‘Moeder, skryf u Hollekaans of Afrihol? Zeg aan Mira dat ’n aasvogel my gebreng het”. Johanna het voorts oor haar seuns se skoolrapporte aan hulle susters geskryf: “Louis ... heeft op school uitstekend gewerkt, heeft ’n pragtige rapport en is no. 5 in zyn klas. Frans is weer no. 2. Alleen Andries heft heel slegt gedaan”.<sup>50</sup> Teen die einde van 1923 het Andries se rapport gelukkig heel skaflik gelyk en kon Johanna aan haar skoonmoeder rapporteer dat “de ‘loafer’ van de familie is helemaal veranderd vandat hy besloten heft om predikant te worden ... hy is ernstig geworden ... leest de Bybel aan tafel en is helemaal ‘hervormd’”.<sup>51</sup>

Johanna het baie tyd aan korrespondensie spandeer. Sy het steeds ’n groot vriende- en familiekring gehad en het pligsgetrou aan almal geskryf. Dit is duidelik dat sy daarvan gehou het om te skryf. Sy het graag haar nuutste openbaringe met haar skoonmoeder gedeel maar die

---

<sup>49</sup> NHKA, LIX 157/ii, Johanna aan dogters in Nederland, 26 Junie 1923.

<sup>50</sup> NHKA, LIX 157/i, Johanna aan dogters in Nederland, 1 Julie 1923.

<sup>51</sup> NHKA, LIX 157/iii, Johanna aan skoonmoeder, 14 Desember 1923.

ywer waarmee sy vroeër aan almal wat moontlik sou belangstel geskryf het of pamflette gestuur het, het afgeneem. Op 5 September het sy in een van haar briewe aan haar skoonmoeder oor die aardbewing in Japan geskryf. Dit word as een van die mees verwoestende aardbewings in die geskiedenis van die mensdom gereken. Tokyo en 'n groot deel van Yokohama is vernietig en sowat 90 000 mense is dood. Johanna het dit dadelik met voorspellings verbind en haar skoonmoeder ingelig dat: “Al de geestelike ingewyden hebben in de afgelopen zes maanden nieuwe openbaringe ontvangene”. Volgens die teosoof Leadbeater was daar net 'n jaar of twee oor voordat die einde van die wêreld daar sou wees. Johanna het voorts opgemerk dat dit erg was om as profeet alles vooruit te weet. “By my is't zo erg dat ik dag en nacht kerm (inwendig), geestelik, niemand merkt het en ik doe gewoon myn werk natuurlik, maar daar gaat elk ogenblik een kreun op tot den Heer – ‘O, God, bescherm – help – wees genadig – myn God; myn God!’” Na 'n lang brief waarin sy haar skoonmoeder probeer oortuig het dat 'n sterk geloof nodig was om die behoud van die mensdom te verseker, het sy ter afsluiting verklaar dat haar geloof en als wat met haar gebeur, “alles werkt mee tot de versterking van myn overtuigen. Ook myn fouten – waar ik misverstaan heb en afgedwaald ben juist daarmee heb ik de grootste lessen geleerd: Ik heb vreselijk fouten gemaakt – b.v. ik heb Harmony uit onze handen laten gaan doordat ik te veel rekende op ‘wonderen’ van boven ... maar ik dacht dat de Heer ons redden zou. Persoonlik heb ik wel myn best gedaan om myn belofte aan myn stervende moeder uit te voeren. Omdat ik dat idée van wonderen uit den hemel in myn hoofd had, heb ik niet alles in myn vermoogen gedaan. Daarom hebben wy Harmony verloren. De Heer doet niets voor ons wanneer wy niet zelf ons best doen”.<sup>52</sup>

Sowat 'n maand later het Johanna vroeg in Oktober 1923 weer aan haar skoonmoeder geskryf. Sy het aan die een kant haar blydskap uitgespreek dat Emmie terug van Holland af was en nou met die huishouding kon help, en aan die ander kant gekla dat sy weer siek was. “Ek ... moet nou weer 'n lange vastkuur ondergaan. De organise kwaal waarteen ik jaren vecht, neem weer toe en deze keer wil ik ontslagen raak daarvan. Dag en nacht pyn en steeds afnemende krachten”.<sup>53</sup> Dit was kort voordat hulle van Johannesburg afskeid geneem het, aangesien Brandt 'n beroep na die gemeentes van die NHK in Vereeniging en Heilbron aanvaar het. Hy was nie geneë om die Johannesburgse gemeente te verlaat nie, maar was bewus daarvan dat Johanna se lang periodes van afwesigheid en omstrede publikasies negatiewe gemoedere binne die gemeente opgewek het. Reeds in Junie 1923 het hy in 'n brief aan die kerkraad in Johannesburg

---

<sup>52</sup> NHKA, LIX 150/iii, Johanna aan skoonma, 5 September 1923. Inligting oor die aardbewing verkry uit die *New Standard Encyclopaedia and World Atlas*, vol.3, p. E 22.

<sup>53</sup> NHKA, LIX 150/i, Johanna aan haar skoonmoeder, 3 Oktober 1923.

daaroor geskryf. Met verwysing na die “tijden van onaangenaamheid toen soms lelike dinge gezegd werde, ook in zake prs’s [die predikant se] vrouw”, het Brandt die mening uitgespreek dat hy werklik begin dink het dat dit “het beste zou zijn dat nu een nieuwe predikant komt”.<sup>54</sup>

## 6. Johanna se aanvanklike bedryghede in die Vereeniging-era, 1923-1925

In Johanna se brief aan haar skoonmoeder aan die einde van Oktober 1923 waarin sy op entoesiastiese wyse vertel het van die roerend plegtigheid met Brandt se ontvangs op Vereeniging, het sy nogmaals die geleentheid benut om ’n professie uit te spreek. Sy het naamlik vertel dat net toe Brandt die “segens ontvang, toen vloog die duif [wat hom ongenooit binne-in die kerk bevind het] na die preekstoel en vestigde zich boven op die electriese lichten, vlak boven die preekstoel. Daar zat hy doodstil en eerbiedig zolang Prof. Greyvenstein bezig was – toen Lou met plechtige stem zyn ‘Ja, ik zal van ganser harte’ uitsprak en terwyl de andere dominés Lou zegenden. Toen wy ‘dat’s Heren zegen op u daal’ zongen, waren vele ogen op die mooie duif gevestigd”. Johanna het die duif as ’n simbool van vrede, rus en liefde beskou. “Ik dink dat wy ’n tyd van ‘harmonie’ in de gemeente tegemoet gaan – ’n tyd van meer rustig, huiselik leven; van geestelike voorspoed en vooruitgang”. Sy het bygevoeg dat sy besig was om te profeteer, want die duif was donker van kleur – hy moes eintlik wit gewees het. “Dat betekent donkere tyden in het land ... donkere wolken, zware beproewingen zullen over ons komen. Wy zul deur diepe wateren gaan – maar wy zullen vervuld zijn van innelike vrede, grote geestelike kracht en blydschap”.<sup>55</sup>

Johanna was aanvanklik bedrywig in die nuwe gemeente en het probeer om haar rol as predikantsvrou asook pastoriemoeder vol te staan. Sy was vir die eerste anderhalfjaar gesond, maar in Maart 1925 het sy aan haar skoonmoeder geskryf: “Ik ben niet zo wel in de laatste tyd – vreselik moe, veel pyn in de oude zogenaamde ongeneeslike zieke plaats in myn maag – altyd rugpyn. Ik heb het te moeilik met al myn werk”. Sy het besluit om weer te vas, maar dit was te bedrywig by die huis. Gevolglik het sy besluit om vir ’n paar weke by haar broer Dietlof en sy vrou in Pretoria te gaan inwoon, terwyl haar “lieve mensen” self sou moes toesien “hoe ze hier klaar komen”. Sy het skuldig gevoel om die huiswerk so aan Emmie oor te laat, maar “ik weet

---

<sup>54</sup> NHKA, LIX 152, Brandt aan Vrededorpse kerkraad, 11 Junie 1923.

<sup>55</sup> NHKA, LIX 150/iii, Johanna aan skoonmoeder, 23 Oktober 1923.

dat het nu weer myn plicht is om voor myn gezondheid te zorgen. Als deze ernstige kwaal weer de overhand krygt, twyfel ik zeer of ik er weer bovenop zal komen”.<sup>56</sup>

## 7. *The Grape Cure*

Terwyl Johanna in Pretoria gekuier het, het sy op 3 Mei 1925 opgehou met vas. Sy het toevallig agtergekom dat wanneer sy ’n paar korrels druiwe eet, haar maag beter voel. Mettertyd het sy meer druiwe geëet en beseft dat dit haar beter laat voel het. Sy het aan haar skoonmoeder geskryf dat sy totaal verlig was. “Alles is nu voorby. Wy kunnen nu maar alleen hopen dat de behandeling van druiven my op de duur zal genezen”.<sup>57</sup>

Johanna het kort daarna na die pastorie in Vereeniging teruggekeer, maar sy het die druiwekuur – soos sy dit genoem het – bly gebruik wanneer sy maagpyn gekry het. Sy het op haar hele gesin eksperimente met druiwe gedoen en het vas geglo dat dit haar van haar kanker genees het.<sup>58</sup> Sy het aan haar groot vriendekring wat veral in natuurgeneeskunde belanggestel het, van haar bevindings met die druiwekuur vertel. Voorts het sy steeds in 1925 ’n boekie oor die kuur geskryf en laat druk. Dit is *The Grape Cure* genoem. Daarbenewens het sy ’n aantal brosjures en pamflette oor die kuur in beide Afrikaans en Engels, wat sy in Suid-Afrika sowel as oorsee versprei het, laat druk. In 1928 het sy die boekie herskryf en in ’n groter formaat met hardeblad uitgegee.<sup>59</sup>

Die geheim van die kuur het volgens Johanna daarin gelê dat die druiwe met geen ander medisyne of kos gemeng mag word nie. In *The Grape Cure* het sy verduidelik: “When taken alone, the medicinal properties of the GRAPE cannot be overestimated. These, on the other hand, are chemically converted into poison when mixed with other substances in the laboratory of the stomach”.<sup>60</sup> In die Afrikaanse pamflet oor die boek het sy die presiese volgorde aangedui wat mens moes volg om die beste resultate te verkry: Drink een of twee glase skoon, koue water vroeg in die oggend. Eet ’n halfuur later ontpitte druiwe. Geniet om agtuur die oggend tot agt

---

<sup>56</sup> NHKA, LIX 150/iii, Johanna aan skoonmoeder, 18 Maart 1925.

<sup>57</sup> NHKA, LIX 150/iii, Johanna aan skoonmoeder, 18 Maart 1925.

<sup>58</sup> J. Brandt, *Die Druive-kuur*, voorwoord, pp. 1-5.

<sup>59</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 252; J. Brandt, *The Grape Cure*, p. 5. Die geskiedenis van die uitgawe in Afrikaans word in hoofstuk 9 behandel.

<sup>60</sup> J. Brandt, *The Grape Cure*, p. 5.



in die aand, twee uur uit uitmekaar, 'n druiwe-ete. Waak teen uithongering. 'n Gemengde dieet van rou vrugte en groente kan na die druiwekuur gevolg word.<sup>61</sup>

Die reaksie op Johanna se boekie en pamflette was gunstig.<sup>62</sup> Sy het aan haar skoonmoeder geskryf dat sy “zulke schitterende brieven uit Amerika [ontvang] dat ik maar ook besloten heb om geen tyd meer te verliezen”. Dr. Arthur Vos, die president en algemene bestuurder van die Tilden School of Health in Denver, Colorado, wat volgens haar die bekendste skool van “Natuur Genesing in Amerika” was, het intens in haar kuur belanggestel en vir haar en Brandt uitgenooi om as sy gaste daarheen te gaan ten einde die kuur te gaan verduidelik. Dan was daar nog die Christian Mystics, die Unity-beweging en 'n hele aantal ander verenigings wat in die kuur belanggestel het.<sup>63</sup> Sy het dit oorweeg om die uitnodiging te aanvaar en om in die VSA lesings oor die druiwekuur te gaan gee, maar het besluit om eers deur Suid-Afrika te reis om lesings te gee ten einde sodoende fondse in te samel vir die reis en verblyf oorsee. Nadat sy op enkele plekke lesings aangebied het, is sy in Vereeniging gevra om 'n lesing oor haar druiwekuur by die prysuitdeling by die skool te gee. Sy het dit met graagte gedoen en het die klem op die feit gelê dat daar nie 'n hospitaal of 'n dokter naby die skool was nie. Sy het beplan om 'n eerstehulp-lokaal te laat oprig waar die kinders die basiese reëls van gesondheidsleer kon bestudeer. “Moeders het hul dogters by my gebreng en gevraag of ik hulle sou behandel en private lesse gee. Dit lyk my, hier is meer te doen dan ons kan behartig”.<sup>64</sup>

'n Opvallende verwikkeling wat saamgeval het met Johanna se voorbereidings om die groter dorpe en stede in Suid-Afrika te besoek ten einde lesings oor die druiwekuur en ander aspekte van natuurgenesing aan te bied, is 'n brief wat die burgemeester van Vereeniging aan die burgemeester van Witbank gerig het met die volgende versoek: “I should esteem it a favour if you will use your influence to obtain the necessary permission for this lady to address the natives at the compounds of the coal mines in your district”.<sup>65</sup> Dit was 'n ongewone versoek dat 'n wit vrou die woonkwartiere van swart mans moes besoek om hulle oor higiëne, beserings en medisyne in te lig. Of die versoek toegestaan is en Johanna hulle wel gaan toespreek het, is nie

---

<sup>61</sup> J. Brandt, *Die Druive-kuur*, p. 8, pamflet van 1925.

<sup>62</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 252.

<sup>63</sup> NHKA, LIX 150/ii, Johanna aan skoonmoeder, 18 Augustus 1928.

<sup>64</sup> NHKA, LIX 175/iii, Johanna aan skoonmoeder, 4 April 1926. Sy het voorbeelde van haar lesings by die brief ingesluit.

<sup>65</sup> NHKA, LIX 157/iii, burgemeester van Vereeniging aan die burgemeester van Witbank, 21 Februarie 1926.

bekend nie, aangesien daar geen ander dokumente in verband met die versoek gevind kon word nie.

## 8. Landsweye lesingtoer, April–Junie 1926

Na intensiewe voorbereidings vir en beplanning van haar landsweye reis, het Johanna in April 1926 vertrek. Vroeg in Mei het Brandt daarvoor aan sy moeder geskryf: “Johanna is verleden week vertrokken op een reis van een paar maanden. Sy is naar Bloemfontein, en Kaapstad en wil over Port Elizabeth en Durban terug komen en overal enige weke blijven. In Bloemfontein heeft zij enige lesingen gehouden over de natuur geneesmiddelen zooals zon en water en lucht en dieet, dit wil sy ook op andere plaatsen doen. En dan heeft zij nog een opdracht, nl. van een Z Afr. Schrywers club, die in Johannesburg gevormd is en waarvan zij in andere groote steden in Z. Afr. takken wil stichten en ten slotte probeert sy dan zoveel mogelijk van haar boeken verkoopen”. Oor die verloop van haar reis het Brandt vertel: “Eerst was zij een beetje teleurgesteld in Bloemfontein maar later heeft zij meer success gehad”. Daarna het Johanna Kaapstad bereik, “vanwaar wij goede berichten van haar krijgen. Zij is nu begonnen met hare lesingen en het schynt, dat er nu juist veel belangstelling is in de Kaap voor natuurgeneeswijse en dieete en lichaamsontwikkeling, zoodat zij waarschyndlyk wel success sal hebben”.<sup>66</sup>

Johanna het op 30 April tuisgegaan by die Chambers de Luxe in Kaapstad en het feitlik ekstasies aan haar skoonmoeder geskryf: “O, maar’t is verrukkelig, zalig om meteens onbelemmerd te zyn, vry om op te gaan in myn roeping van genezen, van troost en hoop brengen aan ’n gefolterde mensdom – iets te kunnen geven van wat de Heer my zo rykelik heeft geschonken – volle zalen toe te spreken, en tegelykertyd te genieten van de heerlike bergen en de prachtige zee ... Weet u, Moeder, dat ik nu helemaal gezond ben? Die aklige pyn in myn maag is weg en ik ben onvermoeid, slaap heerlik en geniet volop van de verrukkelike vruchten van de Kaap”.<sup>67</sup>

Johanna het, terwyl sy in Kaapstad was, in aanraking met verskillende gesondheidsorganisasies gekom, soos die Cape Town Practical Psychology Society, Radiant Health Association, Tromp van Diggelen se Instituut van Wetenskaplike Liggaamlike Ontwikkeling en Clifford B. Severn, Drugless Physician.<sup>72</sup> Sy het daarop aanspraak gemaak dat haar lesings so suksesvol was dat sy

---

<sup>66</sup> NHKA, LIX 157/iii, Brandt aan sy moeder, 11 Mei 1926.

<sup>67</sup> NHKA, LIX 157/iii, Johanna uit Kaapstad aan haar skoonmoeder, 30 April 1926. <sup>72</sup> NHKA, LIX 151, lêer bevat Johanna se korrespondensie met hierdie organisasies.

skaars tyd gekry het om aandag aan haar korrespondensie te gee. Dit is duidelik dat sy in die sewende hemel was toe sy as volg aan haar skoonmoeder verslag gedoen het: “De Metropolitaan Zaal was verleden Vrydag avond te klein voor al de mense en ik heb dien avond £13 ontvangen voor 1/- kaartjies, en heb veel mense vrye toegang gegee. En nu kopen de mense zoveel boeke dat myn hele reis betaald zyn”.<sup>68</sup>

Brandt het ook aan sy moeder oor Johanna se lesingtoer geskryf en van haar suksesse vertel: “Wij krygen goede berichten van haar en heeft veel success met haar lesingen en behandelt verschillende patienten op haar manier. Zij gaat vandag dorpen in het binneland zoals Stellenbosch en Wellington [besoek] en dan naar Port Elizabeth en Oos-Londen en Durban”.<sup>69</sup> Alles was egter nie deurgaans maanskyn en rose nie en sy het nie oral groot gehore gehad nie. Oor Oos-Londen het sy byvoorbeeld geskryf: “Gisteraand maar sowat 40 mense in die Stads Saal, maar baie entoesiasties, en vandaag wemel dit hier van pasiente”.<sup>70</sup>

Brandt se broer en sy vrou, George en Vivien Brandt, het in Durban gewoon en Johanna het as volg aan hulle geskryf: “I am coming to see you ... I hope to be in Durban by about the 20<sup>th</sup> June”. Sy het plek bepreek vir drie aande in die Durbanse stadsaal, waar sy haar lesings sou aanbied. Voorts het sy aan hulle geskryf: “I have been advised to take a room in the Waverley Hotel because I shall also have private consultations during the day in a room in the Town Hall and would like to be close to it”.<sup>71</sup> Die inhoud van hierdie brief asook die ander korrespondensie dui daarop dat sy beslis nie ’n vakansietoer onderneem het net om bietjie uit die pastorie weg te kom nie. Dit is duidelik dat sy deurentyd besig was.

Aangesien Brandt as die Voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHK van Afrika telkens moes reis om verpligtinge na te kom, het die gang van sake vir hom en Johanna gunstig verloop dat hy in Durban was toe Johanna haar lesings daar aangebied het. Heel aan die einde van Junie het hy daarvoor aan sy moeder geskryf: “Johanna is al een week hier voor lesingen en ik moet hier zijn voor kerksaken, en nu komt het soo mooi uit dat wij samen hier kunnen zijn ... Ik ben Vrydag en Zaterdag in Pietermaritzburg. Johanna was ook Zaterdag daar voor een lesing”. Hy het die Sondag in Pietermaritzburg gepreek en Johanna het die diens

---

<sup>68</sup> NHKA, LIX 175/iii, Johanna uit Kaapstad aan haar skoonmoeder, 19 Mei 1926.

<sup>69</sup> NHKA, LIX 157/iii, Brandt aan sy moeder, 26 Mei 1926.

<sup>70</sup> NHKA, LIX 175/iii, Brandt aan sy moeder, 26 Mei 1926.

<sup>71</sup> NHKA, LIX 143/iv, Johanna aan George en Vivien, 17 Mei 1926.

bygewoon. Daarna is hulle per trein terug Vereeniging toe.<sup>72</sup> Twee dae later het Brandt weer aan sy moeder geskryf: “Johanna siet er mager uit en niet sterk maar anders gezond. Zij is natuurlijk moe van de reis maar ik hoop, dat sij hier beter zal worden. Het is heerlijk om haar weer hier te hebben ... Johanna vertelt mij dat zij u beloofd heeft om veel bij mij te blijven en met mij in de gemeente rond te gaan, en nu gaan zij misschien overmorgen al naar Parys waar ik Zondag Nachtmaal heb”.<sup>73</sup>

Johanna het self aan haar skoonmoeder verslag oor haar lesingtoer gelewer: “Ik heb de hele reis betaald, heel veel gezien en gedaan en genoten – wat voor my verreweg het zwaarste weegt – de leer van natuurgenezing in de andere Provincies bekend gemaakt. Lou en ik hebben de zaak goed besproken en hebben besloten om met dit werk door te gaan”. Sy het voorts vertel: “Ik heb in tien weken ongeveer dertig lezingen gehouden en honderden patienten behandeld. Ik heb £95 gemaakt met lezingen en voor ruim £100 boeken verkopen”. Aangesien die verblyfkoste, huur van sale en druk van advertensies duur was, kon sy net £25 huis toe bring, maar dit het nie die wins wat sy uit boekverkope gemaak het, ingesluit nie. Gevolglik kon Brandt vir die eerste keer ’n deel van sy salaris spaar. Laastens het Johanna aan haar skoonmoeder vertel dat sy van plan was om, sodra sy alles in die pastorie weer goed georganiseer het, nogmaals op reis te gaan. Haar plan was om die Transvaalse dorpe asook Pretoria en Johannesburg te besoek. “De reiskosten zullen dan gering zyn en daar ik overal vrienden en familie heb, zal ik niet zoveel andere onkosten [te] betalen hebben”.<sup>74</sup>

Johanna het nie haar lesings volledig bewaar nie en dit is nie opgeteken presies wat sy gesê het nie. In een van haar briewe aan haar skoonmoeder het sy wel lig daarop gewerp waar sy vertel het: “Ik begin gewoonlik myn lesingen door te zeggen dat wy, terwyl wy in ’n stoffelike lichaam op ’n stoffelike wereld wonen, afhanklik zyn van stoffelike middelen en ons verstand moeten gebruiken om ziekte te overwinnen. Ik leer ook dat wy zelf verantwoordelik zyn voor onze kwalen en dat wy niet ziek kunnen worden tenzy wy de wetten van de natuur overtreden”.<sup>75</sup>

---

<sup>72</sup> NHKA, LIX 175/iii, Brandt aan sy moeder, 28 Junie 1926.

<sup>73</sup> NHKA, LIX 175/iii, Brandt aan sy moeder, 30 Junie 1926.

<sup>74</sup> NHKA, LIX 175/iii, Johanna aan skoonmoeder, 7 Julie 1926.

<sup>75</sup> NHKA, LIX 176/i, Johanna aan skoonmoeder, 2 Augustus 1926.

## 9. Johanna stig die ‘School van Harmonie’, 1926

Aangesien Johanna besef het hoeveel geld haar lesings, reise en mediese behandeling al vir haar en Brandt gekos het, het sy na haar lang lesingtoer besluit dat dit nie so kan aangaan nie en dat die tyd reg was om haar praktyk van natuurgenesing op ’n gesonde finansiële basis te plaas. Aan haar skoonmoeder het sy in hierdie verband geskryf: “Ik ben meer dan ooit overstelpt ... met leerlingen, patienten en correspondentie, zodat er in de laste maanden helemal geen tyd meer overbleef voor iets anders. Het ergste was dat myn werk my gedurig weg nam van huis. De tyd was dus gekomen om te organiseren en nu heb ik verleden week in Pretoria de ‘School van Harmonie’ gesticht ... Ons doel is om voor Harmonie te streven in alle departemente van het leven, onder de bescherming van de Bouwers van Harmonie. Wy beginnen met het lichaam. Alle schadelike gewoonten en stiften en invloeden worden verwyderd”.<sup>76</sup>

Aangesien Johanna geen mediese kwalifikasies gehad het nie, het sy soms met mediese rade en owerhede koppe gestamp. Sy kon nie wettiglik medisyne gee of enige mediese behandeling toepas nie en sy mag geen geld vir behandeling ontvang het nie. Sy het die posisie só aan haar skoonmoeder verduidelik: “Er waren sekere grote moelikheden in verband met de Mediese Wetten. Wy konden van dit werk nooit ’n betaalbare bezigheid maken omdat wy geen mediese sertifikaten hebben. Wy kunnen wel betalende leerlingen hebben. Vandaar de naam School van Harmonie. Wy stichten nu geen hospitalen, maar scholen. Wy hebben geen patienten maar leerlingen”.<sup>77</sup> In hierdie skole moes die leerlinge leer van hul siekte en hulself behandel en so sou hulle gesond word.

Johanna het met entoesiasme aan haar skoonmoeder vertel dat die skool dadelik byval gevind het en dat sy finansiëel daarby gebaat het. Sy het spoedig met behulp van haar dogter Emmie en dié se man Johannes Kellerman (noemnaam Kellie), ’n tweede skool – wat eintlik ’n sanatorium was – by Umzumbi aan die Suidkus van Natal gestig. Johanna het die lang brief waarin sy haar skoonmoeder oor hierdie verwickelinge ingelig het, afgesluit met die woorde: “Wy beginnen eindelijk de beloofde vrugten te plucken van dit door God geïnspireerde werk. Op 7 Dec. (precies tien jaar na de grote geestelike ervatingen en de mystieke inwyding te Harmonie, Pretoria) publiceren wy de Prospectus van de Harmonie School van Natuur Genesing”.<sup>78</sup>

---

<sup>76</sup> NHKA, LIX 176/i, Johanna aan skoonmoeder, 25 Augustus 1926.

<sup>77</sup> NHKA, LIX 176/i, Johanna aan skoonmoeder, 25 Augustus 1926.

<sup>78</sup> NHKA, LIX 175/iii, Johanna aan haar skoonmoeder, 24 November 1926.

## 10. Aktiwiteite die eerste ses maande van 1927

Johanna het haar gedurende die eerste ses maande van 1927 intens besig gehou met die beplanning van 'n reis na Europa en die VSA. Daardie reis en die reëlings in verband daarmee kom in die volgende hoofstuk ter sprake. Terwyl sy daarmee besig was, was sy steeds by natuurgenesing in Suid-Afrika betrokke en het sy besonder baie tyd by Brandt en haar ander gesinslede deurgebring.

Teen die einde van 1926 tot vroeg in 1927 het Johanna by Emmie en Kellie in Umzumbi besoek afgelê. Die twee Kellermans was volgens Johanna op daardie stadium so besig met die behandeling van hulle pasiënte dat daar min tyd vir rus was. Daar was onder meer Hollandse gaste wat die sanatorium vir behandeling met die vas- en druiwekuur besoek het. Johanna het gespog dat hulle “so verrukt oor die uitwerking van die kuur [is] dat hulle van plan is om daar veel werk van te maak in Holland ... Ik is meer dan verliefd op die vastkuur nou dat ik weer siet wat dit vir mense doet”.<sup>79</sup> Teen die einde van Januarie het sy weer terug huiswaarts gekeer, “voldaan, ja erg voldaan over het werk dat gedaan is en dankbaar dat wy nog allen in't leven zyn. Want de donkere schaduw des doods heeft weer eens over ons gesweeft”.<sup>80</sup> Sy het nie uitgebrei hoekom sy so neerslagtig was of oor wie gesterf het nie.

Brandt het vroeg in 1927 besef dat hy rus nodig gehad het en het 'n paar weke in Umzumbi deurgebring, terwyl Johanna ook daar was. Johanna het nie gemeld nie of hy daar een of ander kuur ondergaan het nie, maar wel dat, toe hy teen 9 Februarie terug by die huis was, al wat van sy siekte oor was, 'n “dooie gevoel in zyn linker voet [was] maar geen pyn meer” nie.<sup>81</sup>

Brandt was, wat Johanna betref, teen die einde van Februarie 1927 steeds oorwerk en nie gesond nie. Sy het haar skoonmoeder versoek om aan hom te skryf en te sê hy werk te hard. Skygbaar het sy tydelik vergeet van die jare wat sy uithuisig was, van haar lang lesingtoer in 1926 en van haar pas afgelope besoek aan Emmie en Kellie, want sy het by haar klagte dat Brandt gedurig uithuisig is, bygevoeg: “Geen enkele vrouw zou't prettig vinden als haar man altyd van huis is, maar voor my was het bizonder zwaar omdat – juist omdat ek 'n ‘homebird’ is ... Die eeuwige

---

<sup>79</sup> NHKA, LIX 154/i, Johanna van Umzumbi af aan haar skoonmoeder, 10 Januarie 1927.

<sup>80</sup> NHKA, LIX 154/i, Johanna aan skoonmoeder, 30 Januarie 1927.

<sup>81</sup> NHKA, LIX 154/iii, Johanna aan skoonmoeder, 9 Februarie 1927.

ge-rush van eene plaats naar de andere – dat kan ik niet langer aanzien”. Sy het voorts by haar skoonmoeder gekla dat alhoewel Brandt siek was, hy nie na haar wou luister en van haar kure gebruik wou maak nie, kwansuis omdat hy nie tyd het nie. Hy is gediagnoseer met iskias (heupjig) en wanneer hy ’n aanval gekry het, het hy so styf geword dat hy nie kon beweeg nie en bed toe gedra moes word. Johanna het egter gereken dat dit niks anders as senuweevergiftig was nie. Sy het ook vertel dat die kerk leeg was, want Brandt het soveel hooi op sy vurk gehad dat hy nie tyd gehad het vir studie en voorbereiding nie. Die gemeente het gevolglik afgeskeep gevoel. Haar standpunt was dat Brandt siek geword het omdat hy oorwerk en oorspanne was. Boonop het hy nat gereën en verkoue gekry omdat hy nie ’n betroubare voertuig gehad het om sy gemeentes te besoek nie. Johanna het gewens hy kon soms in samesyn met sy gesin ontspan.<sup>82</sup>

Johanna was in Maart en April 1927 dikwels besig met haar pasiënte/leerlinge of sy het saam met Brandt in die “auto gery ... die uurtjies tussen worden doorgebracht met repareren van die auto”, wat hy hyself gedoen het en sy het haar dan besig gehou met die huishouding.<sup>83</sup> In Mei en Junie het sy haar besig gehou met die reëlings vir haar oorsese reis wat in Julie in aanvang geneem het.

## 11. Ten slotte

Na Johanna se terugkeer van Harmony af na die pastorie in Johannesburg, het sy nie lank daar vertoef voordat sy weer die pad gevat het nie, hierdie keer na Mountain View in Pretoria. Mens kan die vraag vra of sy van die pastorie af weggevlug het omdat sy Harmony te veel gemis het? Of wou sy regtig net alleen wees, soos sy aan Brandt vertel het? Dit was destyds besonder ongewoon vir ’n getroude vrou – daarby ’n predikantsvrou – om doelbewus vingeralleen in ’n ander dorp as haar man in ’n vervalde huisie te gaan woon. Haar verskoning was dat sy haar volle aandag aan natuurgeneeskunde en skryfwerk kon gee. Dit getuig van ’n mate van selfbehepthheid, want sy kon dit waarskynlik tuis in die pastorie net so goed gedoen het. Brandt het dit skynbaar aanvaar.

Nadat Johanna van Mountain View af na haar gesin teruggekeer het, het sy en Brandt waarskynlik die beste huweliksverhouding gehad sedert sy haar in 1916 in Harmony gaan

---

<sup>82</sup> NHKA, LIX 154/iii, Johanna aan skoonmoeder, 27 Februarie 1927.

<sup>83</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan skoonmoeder, 1 Maart 1927.

vestig het. Uit die korrespondensie tussen hulle onderling asook hulle korrespondensie met ander mense in die jare 1923-27 kan afgelei word dat hulle noue kontak met mekaar gehad het. Dit was spesifiek vir beide van hulle 'n genotvolle tyd toe hulle in die somer van 1927 saam in Natal was en saam per trein huistoe teruggereis het.

Een van die aangenaamste oomblikke was toe Brandt en die kinders op 18 November 1926 vir Johanna 'n borsspeld vir haar 50ste verjaarsdag gegee het. Johanna het aan haar skoonmoeder geskryf dat die borsspeld uit sewe opaalsteentjies bestaan het, “magnifique geset in goud, in die vorm van het Simbool van Harmonie, of de Zeven Sferen van Volmaaktheid – 'n Okkulte teken”.<sup>84</sup> Dit is opmerklik dat Brandt van die ongewone simboliek gebruik gemaak het – asof hy haar denkwyses goedgekeur het, of moontlik was dit bloot toevallig. Ook opmerklik is dat haar verloofring wat sy in 1902 van Brandt af gekry het, ook 'n opaalsteen bevat het.<sup>85</sup>

Johanna se lesingreis oor natuurgenesing deur die grootste stede/dorpe van Suid-Afrika was hoogs suksesvol. Die driuwekuur was aanvaarbaar as geneesmiddel en die organisasie van die hele toer was deeglik uitgevoer. Die Brandts het vandat hulle getroud is finansiële swaar gekry. Die eerste keer wat hulle bietjie geld bymekaar geskraap het, was met die lesingtoer asook daarna toe haar “leerlinge” gereeld aan haar 'n inkomste besorg het.

Ten spyte van die feit dat Johanna beweer het dat sy 'n ‘homebird’ was, is dit duidelik waarneembaar dat sy te dikwels uithuisig was om met reg so 'n aanspraak te maak. Dit is moontlik dat sy 'n skuldgevoel gehad het oor haar uithuisigheid en probeer het om daarvoor te vergoed deur saam met Brandt rond te ry, besoek af lê by gemeentede en saam kerk toe te gaan.

Johanna het mettertyd weer rusteloos geraak en weer planne beraam om uithuisig te wees. Sy het vas geglo dat *The Grape Cure* goed in die VSA sou verkoop en dat sy baie geld sou kon maak met haar lesings wat sy daar sou gaan gee. Gevolglik het sy het alles betyds in gereedheid gekry en soos beplan op 4 Julie op die eerste skof van haar oorsese droomreis van Vereeniging af vertrek.

---

<sup>84</sup> NHKA, LIX155/ii, Johanna aan skoonmoeder, 30 November 1926.

<sup>85</sup> NHKA, LIX167/ii, Johanna vanaf Nederland aan haar moeder, 16 Julie 1902.



## Hoofstuk 9

### Johanna se oorsese reis, 1927-1928

#### 1. Inleiding: Johanna se beplanning van die reis, Januarie–Julie 1927

In 'n brief waarin Johanna haar skoonmoeder wat in Januarie 1927 verjaar het, gelukkigwens het, het sy haar in kennis gestel dat hulle (sy en Brandt) dalk haar volgende verjaarsdag saam met haar in Nederland sou kon vier. Hulle sou dit kon doen want hulle het skielik geld gehad omdat haar leerlinge haar betaal. “Vandat myn Prospektus uit is en wy 'n soort van ‘School’ gesticht hebben, worden de vooruitzigten steeds mooier”. Sy kry £15 per maand per leerling en het gewoonlik sewe leerlinge. Sy het ook beplan om sowat vier leerlinge in hulle pastorie in te neem. Al hierdie wins wou sy vir hulle reis na Europa spaar.<sup>1</sup>

Johanna het al jare gelede haar skoonfamilie in Nederland belowe dat sy en Brandt eendag daarheen wil reis om al die familie te besoek.<sup>2</sup> “Nu kom ik myn belofte volbrengen”, het sy in April 1927 aan haar skoonmoeder geskryf. Johanna het ook ander planne met die reis gehad, naamlik om haar natuurgeneeskundige behandeling wêreldkundig te gaan maak. Dit wou sy deur middel van lesings doen. In verband daarmee het sy geskryf dat sy van plan was om sommer aan boord van die skip waarmee hulle na Europa sou vaar, met die lesings te begin, “en in London heb ik veel vrienden die veel belangstellen in deze dingen”.<sup>3</sup>

Johanna het dit oorweeg om ook lesings in Nederland te gee, maar aangesien dit inbreuk op haar besoek aan haar skoonfamilie sou maak, het sy besluit om dit daar te laat. Sy sou egter iets moes doen om die reiskoste te betaal, want sy wou ook die VSA besoek. Haar planne het ingesluit om aan 'n aantal organisasies in Engeland en die VSA wat hulle met natuurgenesing besig gehou het, 'n besigheids-voorstel te maak. Hulle moes dan vir haar geleentheid organiseer om lesings te hou en dit behoorlik adverteer, en dan kon hulle agterna, nadat sy haar onkoste afgetrek het, die wins gelykop verdeel. Sy was absoluut seker dat haar planne sou slaag: “Ik weet dat ik in Amerika sukses zal hebben en ik verlang al jaren om persoonlik kennis te maken

---

<sup>1</sup> NHKA, LIX 154/i, Johanna aan haar skoonmoeder, 30 Januarie 1927.

<sup>2</sup> NHKA, LIX 167/iii, Johanna aan skoonfamilie, 17 April 1904.

<sup>3</sup> NHKA, LIX 152/i, Johanna aan haar skoonmoeder, 20 April 1927.

met myn vele korrespondente – de Christian Mystics, food reformers, Rosicrucians, Practical Psychologists enz.enz... en om die prachtige inrigtinge te besoek”.<sup>4</sup>

Johanna se belangrikste voorneme tydens die eerste gedeelte van haar reis was om van 19 Augustus af die internasionale kongres van die Teosofiese Vereniging te Ommen by te woon. Ommen is ’n dorpie in die noordooste van Nederland (suid van Groningen). Sy sou die ‘Orde van Harmonie’ by die kongres verteenwoordig. Haar verwagting was dat sy talle hoogaangeskrewe Amerikaners daar sou ontmoet met wie saam sy dan na die VSA sou kon reis. Haar plan was om vir vier maande na die VSA te gaan en met die terugkeer vir Brandt in Londen of in Nederland te ontmoet. “In alles siet ik die bestierende hand van die Heer”, het sy Mira meegedeel. Brandt het beplan om vier maande verlof te neem. In Nederland wou hulle byvoorbeeld ’n familiereunie op 2 Maart 1928 saam bygewoon het. Daarna sou hulle saam terug na Suid-Afrika toe reis.<sup>5</sup> Brandt kon egter op die ou end weens werksverpligtinge nie wegkom nie en het glad nie saam met Johanna gereis nie.<sup>6</sup> Hy was boonop nie ten gunste van haar reis na Amerika nie en het, toe sy voorgestel het dat hulle na Amerika moes verhuis, sy voet neergesit en volstrek geweier.<sup>7</sup>

Een van die redes waarom Johanna aanvanklik graag wou hê dat Brandt haar op die reis moes vergesel, was omdat sy bekommerd was oor sy gesondheid. Sy het aan die einde van Februarie aan haar skoonmoeder verduidelik dat Brandt wel sy werk moes staak as hy haar vergesel, maar dan sou hy dalk gesond word, veral as hy vry was van al die “beslommernisse”, soos sy dit genoem het.<sup>8</sup> Teen die einde van April het sy steeds gevoel dat Brandt ’n vakansie nodig gehad het, maar “ik kan er niets aan aan doen maar ik zal doen wat ik kan om de reis naar Europa te bevorden. De lange weke op zee zullen hem heel goed doen”.<sup>9</sup>

Teen die begin van Junie was Johanna en Brandt se aanvanklike reisplanne gefinaliseer en het sy aan haar dogter Mira geskryf: “Daar het ’n baie grote verandering plaas geneem in al ons planne ... ons gaan veel vroeger na Europa dan ons van plan was, waar ons ’n gedeelte van

---

<sup>4</sup> NHKA, LIX 152/i, Johanna aan haar skoonmoeder, 20 April 1927.

<sup>5</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan Mira, 5 Junie 1927.

<sup>6</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 258.

<sup>7</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 258. Van Johanna se voorneme dat Brandt haar op minstens ’n gedeelte van die reis moes vergesel, het daar uiteindelik niks gekom nie want sy swak gesondheid en sy werksverpligtinge het hom verhoed om saam te gaan.

<sup>8</sup> NHKA, LIX 154/iii, Johanna aan haar skoonmoeder, 27 Februarie 1927.

<sup>9</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan haar skoonmoeder, 20 April 1927.

winter by Ouma sal deurbreng”. Sy het vertel: “My hart voel so lekker en gerus oor die regeling en ik weet dat alles goed sal gaan. Maar hoe ek weg sal kom weet ik nog niet. Soveel te doen ... hier in huis en in die gemeente – paspoorte kry, fotos laat neem, tande laat nasien, klere maak en koop en alles hier in perfekte orde agterlaat”.<sup>10</sup> Gelukkig was meeste van haar en Brandt se kinders volwasse en selfstandig en kon hulle na hulself omsien. Louis was 24, besig om in Nederland te studeer en sou in Brittanje gaan werk; Emmie was reeds met Johannes Kellerman getroud en hulle het hul eie natuurgeneeskundige kliniek in Umzumbi onderhou; Frans was 21 en ’n student; Mira was 20 jaar oud en het steeds in Nederland by haar ouma gewoon; Andries was 18 en in matriek in Pretoria, het by sy oom Dietlof ingewoon en het beplan om as predikant te gaan studeer; Willem (14) en Chris (12) was die enigste twee wat nog versorging nodig gehad het en vir wie ’n huishoudster tydens Brandt se afwesigheid, aangestel sou moes word. Dit was uiteindelik nie nodig nie, want Johanna het die hele reis op haar eie onderneem.

## 2. Van Vereeniging na Europa, 4-31 Julie 1927

Toe Johanna op Maandagoggend 4 Julie 1927 van Vereeniging af op haar reis vertrek het, was Brandt nie by die huis nie. Chris het heel bewoë by haar gesmeek: “Ma moet gou terugkom”.<sup>11</sup> Min het hy geweet dat hy haar eers weer oor ongeveer 18 maande sou sien.<sup>11</sup> Johanna het aan haar skoonmoeder geskryf dat dit “heel moeilik [was] om van huis te gaan. Ze waren allen zo lief en behulpzaam”.<sup>12</sup>

Johanna het daardie eerste dag van haar reis met ’n dagboek begin waarin sy van plan was om daaglik oor haar doen en late verslag te hou. Dit het uit 140 bladsye bestaan en sy het uiteindelik ongeveer een derde daarvan gevul met die adresse van Amerikaners wat sy by familie en kennisse in Nederland en Londen gekry het. Sy het gehoop om sommige van hierdie mense te ontmoet en moontlik inligting oor woon- en eetplekke en dies meer te kry. ’n Kenmerk van die dagboek was dat dit nie streng chronologies gehou was nie. Dit begin voor met haar reis tot in Londen, tot op p. 42 en vervolg op p. 90 verder, maar die Amerikaanse reis begin op p. 34 (tussen in), die reis deur Holland begin op p. 81 tot 89. Sy het soms van agter na voor geskryf, of nou en dan in dagboekvorm (daaglik) of later aan in briefvorm met ’n datum net

---

<sup>10</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan Mira, 5 Junie 1927. <sup>11</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan Mira, 5 Junie 1927.

<sup>11</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 254.

<sup>12</sup> NHKA, LIX 176/i, Johanna (van Bloemfontein op die trein af) aan haar skoonmoeder, 7 Julie 1927.

hier en daar! In hierdie reisdagboek het sy ook noukeurig haar geldsake aangedui: elke pennie of sent word aangeteken – selfs as sy dit opgetel het! Haar eerste opskrif was: “Dagboek van reis naar Europa, Engeland en Amerika. 4 Julie 1927”. Haar eerste inskrywing het kort en kragtig gelees: “Maandag. Vertrek 10 uur v.m. uit Vereeniging. Vol trein, ongemaklike reis. Vreemd om op die Amerikaanse Dag van Onafhankelikeid op reis te gaan (toevalligheid)”.<sup>13</sup>

Op 5 Julie het Johanna in Bloemfontein afgeklim. Die volgende dag het sy by die kantore van die koerante *Friend* en *Volksblad* aangegaan. Die aand het sy haar eerste lesing gegee wat deur sowat 50 mense bygewoon is. Volgens haar was daar “veel belangstelling”. Sy het talle bekendes besoek en het op 7 Julie weer ’n lesing gegee wat ’n “grote opkomst” gehad het.<sup>14</sup> Die volgende twee dae het sy die treinreis na Kaapstad geniet waar sy tot die 15e vertoef het, enkele lesings gegee het en vriende besoek het. Sy het elke insident noukeurig aangeteken, sowel as die name van kennisse.<sup>15</sup>

Op 15 Julie het Johanna haar na die hawe begewe waar talle kennisse haar gaan afsien het.<sup>16</sup> Aan boord van die *Windsor Castle* het ’n hele stapel briewe en telegramme – 16 al te saam – op haar gewag. Haar gemoed was baie vol toe die boot by Tafelbaai uitgestoom het. Sy het die boot pragtig en baie weelderig gevind – so ook haar kajuit wat sy met ’n Skotse dame gedeel het. Sy het tweede klas gereis en dit het haar £50 vir die enkelrit gekos. Sy het net £100 gehad om al haar verdere onkoste te dek, maar het reeds voor haar vertrek aan haar skoonmoeder geskryf dat sy optimistes was dat sy op die boot waarmee sy na Londen vaar met die aanbod van lesings “veel [sal] verdien dus ik ga met ’n gerust hart op reis”.<sup>17</sup>

Johanna het die reis na Engeland geniet. Sy het gou besef dat niemand aan boord in haar lesings belanggestel het nie en het die tyd gebruik om te ontspan of aan haar skryfwerk te wy. Sy was weer besig om ’n boek te skryf. Die titel daarvan was *The Red Octopus* en sy wou dit in Londen laat druk. Dit kon vir haar nog ’n bron van inkomste gewees het. Sy het nie van die kos aan boord van die *Windsor Castle* gehou nie. Dit was vir haar te vetterig. Gevolglik het sy meestal net vrugte, wat gelukkig volop was, geëet. Sy het genoeg tyd gehad om briewe aan al die familie

---

<sup>13</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 1.

<sup>14</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 1.

<sup>15</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 11.

<sup>16</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 5.

<sup>17</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan skoonmoeder, 7 Junie 1927.

en kennis te skryf. By die eiland Madeira, waar die skip vir 'n rukkie in die hawe vasgemeer het, kon hulle die briewe pos en sy selfs pos ontvang.<sup>18</sup>

In 'n brief aan haar skoonmoeder wat sy aan boord geskryf het, het sy aangedui dat sy waarskynlik van September tot Desember 1927 in die VSA sou wees en dat sy graag Colorado en Kalifornië wou besoek. Een van die redes waarom sy angstig was om in die VSA uit te kom was dat sy oortuig daarvan was dat sy sou geld maak met haar lesings wat oor haar natuurgenesingskure gegaan het. Sy het gevul met ongegronde optimisme haar skoonmoeder meegedeel: “Dit is deur magnetise aantrekkingskrag dat sale moet gevul word wanneer ik my Boodschap bring in Amerika en Engeland. En deur die krag moet die geld stroom in die koffers van Harmonie, die geld wat ik so nodig het om die werk uit te brei”.<sup>19</sup>

In 'n volgende brief aan boord aan haar skoonmoeder het Johanna vertel dat die weer fantasties was en dat sy baie gerus het. Sy het haar skoonmoeder ook meegedeel dat sy intussen via Brandt verneem dat sy (Brandt se moeder) tydens die Europese somervakansie in Switserland sou wees waar sy by familie gekuier het. Sy het vertel dat Brandt aan haar (Johanna) opdrag gegee het om nie druk op haar (sy moeder) te plaas om na Nederland terug te gaan en haar vakansie te ontwig nie. Tog het Johanna gemeld dat sy “heel erg teleurgesteld” was dat sy haar skoonmoeder glad nie in Augustus te siene sou kry nie, want “ik dacht dat U later op reis zou gaan, en in de hoop, 'n weekje by U door te brengen vóór het Kongres”.<sup>21</sup>

### 3. Johanna se eerste besoek aan Londen, 31 Julie–12 Augustus 1927

Die *Windsor Castle* het laataand op 31 Julie in die hawe van Southampton ingevaar en op 2 Augustus was Johanna tuis in Cambridgestraat 26, Hyde Park, Londen. Die Britse hoofstad was stil en al haar kontakpersone was uitstede, want dit was die “Bank Holidays”. Sy het Eustace Mills se vegetariese “praktyk” opgespoor, maar hy was nie daar nie. Sy is nogtans kos aangebied, maar het dit as “n skandelige slegte lunch” beskryf. “Als dit proef is van sy vegetariese werk, wil ik daar verder niks mee te doen heb nie. Arme mense, als hulle vir soiets moet betaal”. Johanna het voorts die geleentheid benut om enkele van haar kontakpersone in

---

<sup>18</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 10.

<sup>19</sup> NHKA, LIX 150/i, Johanna op die *Windsor Castle* aan haar skoonmoeder, 21 Julie 1927.<sup>21</sup> NHKA, LIX 150/i, Johanna op die *Windsor Castle* aan haar skoonmoeder, 28 Julie 1927.

Londen te besoek. Sy het steeds gehoop dat sy later lesings sou kon aanbied, want sy het gereken het op die inkomste wat sy sou kry.<sup>20</sup>

Terwyl Johanna in Londen was, het sy weer in die leefwêreld van doemvoorspellings oor die toekoms verval. Sy het haar vriende in teosofiese en natuurgeneeskundige kringe in 'n lang skrywe gewaarsku: “Be Prepared ... One of the first people I met in London was a member of the BIWF (British Israel’s World Federation) ... According to these people, proof positive has been found that the Throne of Britain is the Throne of David through which our Lord will establish His Kingdom on earth when he comes again”. Sy het vervolg met die voorspelling dat die Britse Ryk die hele wêreld sou omring en dat 'n ‘Reign of Peace’ gaan afhanklik wees van uitbreiding van die Ryk. Sy was bang dat goeie mense in dieselfde slaggaat gaan val as die Jode 2 000 jaar gelede: hulle het 'n sterk, ryk heerser verwag, maar dit gaan nie gebeur nie. Sy het vertel dat sy lang gesprekke gevoer het met die leiers van die ‘Round Table Conference’ in hul hoofkwartier, wat oorkant die Buckingham-paleis geleë was. Hulle het haar meegedeel dat die Britse koninklikes gereeld hulle organisasie besoek en 'n boekie met die titel *The Protocols of the learned elders of Zion* bestudeer. Volgens haar bevat daardie boekie “a most sickening and terrifying, a most cold-blooded & diabolical account of the plan of campaign to be adopted for the overthrow of Christianity as soon as the world has been sufficiently corrupted”. Na 'n uitvoerige voorspelling van hoe sleg dit gaan wees, het sy afgesluit met die woorde: “This is what I saw in the spirit in 1916 and again one night after the strike [of] 1921-22. ... We can only meet these troubles in the strength of the Lord; in calm confidence, in a clean conscience and with righteousness”.<sup>21</sup> Sy het nie in hierdie of in ander geskifte spesifiek laat blyk dat sy enigins bewus was van die oorsprong van die *Protocols* of dat dit haar spesifiek anti-Semities of anti-kommunisties gestem het nie, maar veral laasgenoemde moontlikheid kan nie buite rekening gelaat word nie.

Johanna was uiteindelik vir net 12 dae in Londen, maar het 'n langer besoek beplan nadat sy van Nederland af teruggekeer het.<sup>22</sup> As mens die opbrengs van haar besoek vergelyk met die doelstellings waarmee sy Londen toe gegaan het, kan mens nie anders as om dit as 'n mislukking te beskou nie.

---

<sup>20</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 11.

<sup>21</sup> NHKA, LIX 155/iii, Johanna uit Londen aan “Dear Friends”, 10 Augustus 1927.

<sup>22</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 81.

#### 4. Johanna se besoek aan Nederland, 12 Augustus–21 September 1927

Johanna het op 11 Augustus aan boord van 'n veerboot van Harwich af na Hoek van Holland vertrek waar sy die volgende dag aangekom het.<sup>23</sup> Haar belangrikste doelstelling in Nederland was om die internasionale kongres van die Teosofiese Vereniging te Ommen by te woon en sy het direk daarheen vertrek. Sy het in korrespondensie daarna verwys as die Ommenkamp of ook die Sterkamp. Op 16 Augustus het sy in 'n brief van 11 bladsye aan haar teosofie-vriende in Suid-Afrika geskryf oor die gebeure wat sy oor 'n tydperk van vier dae beleef het: “Ommen is one of the most beautiful parts of Holland. It holds the magnificent estate and Castle of the noble family of the van Pallandts and these people have accepted the revelation that a sacred stone lies buried in their neighbourhood, that it is under the protection of ‘Deva’ and has been for many ages and that the place is destined to become the spiritual centre of the world ... I know not the whole history and how Mrs Besant [theosophist] came to be connected to it”.<sup>24</sup>

Johanna het vertel dat daar 'n massiewe tent was wat sitplek vir ongeveer 3 000 mense gehad het. Die lesings is daar aangebied. Benewens die lesings het die “Liberal Catholic Church” verskeie dienste gehou. Johanna het geskryf dat dit haar 'n halfdag sou neem om al hul seremonies te beskryf: “The burning of incense, the chanting of refrains, the ‘still music’, the revered worshippers, the rich purple and white robes of the priests ... They are brimming with happiness”. Sy het bygevoeg dat sy nie eers alles kon sien wat gebeur nie. “We only see the external effects, the order, the discipline, the ceremonials, etc. We do not see the spiritual leavening that is taking place”.<sup>25</sup>

Die aandfunksies het in 'n oop arena/amfiteater met 'n groot vuur in die middel plaasgevind. Volgens Johanna was dit verbasend dat dit gedurende die dag baie gereën het, maar sodra dit tyd was vir die lesings in die aand, het dit opgehou reën. Almal het in spanning op die verskyning van Annie Besant gewag. Sy was op die stadium die bekendste teosoof en het 'n groot aanhang gehad. Harpmusiek en sagte sang het haar koms aangekondig. Johanna was nie heeltemal beïndruk met haar voorkoms nie. “Mrs. Besant is a very plain old lady. I don't like the look of that jaw. I begin to understand why she is able to bend men and women to her will

---

<sup>23</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 81.

<sup>24</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna uit Ommen aan teosofie-vriende in Suid-Afrika, 16 Augustus 1927.

<sup>25</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna uit Ommen aan teosofie-vriende in Suid-Afrika, 16 Augustus 1927.

and sway the multitudes this way and that. She has an indomitable will". Die eerste aand het Krishnamurti, wat saam met mev. Besant daar aangekom het, alleen gepraat. Johanna was ook glad nie beïndruk met sy toespraak nie. "A poor speaker, an unimpressive personality". Die volgende aand het mev. Besant gepraat, "in a silence that could be felt ... nothing she says sounds commonplace. There is evidence of a stupendous intellect, combined with clear commonsense and an altogether super moral idealism".<sup>26</sup> Dit is uit Johanna se kritiese maar terselfdertyd entoesiastiese verslag duidelik dat die kongres vir haar 'n belewenis was. Dit is hoogs waarskynlik dat dit 'n beduidende impak op haar lewens- en wêreldbeskouing gehad en haar vertroue in die teosofie verstewig het.

'n Belangrike naskrif oor die kongres by Ommen is dat Johanna daar vir die eerste keer kennis geneem het van die protokolle van die internasionale Teosofiese Vereniging. Sy het toe besef dat protokolle 'n groot rol in organisasies speel. Die woord protokol het verskeie betekenisse, maar in die sin wat Johanna daarmee kennis gemaak het, beteken dit die amptelik-seremoniële voorskrifte, reëls en gedragskode van 'n organisasie.<sup>27</sup> Die protokolle wat by Ommen gegeld het, was onder streng geheimhouding. Dit was in boekvorm gedruk en Johanna het op een of ander manier een van die boekies in die hande gekry. Sy wou dit gebruik om protokolle vir die Harmony-beweging op te stel as sy terug was in Suid-Afrika. Vroeër, toe sy in Augustus in Londen was, het sy ook 'n kopie van die protokolle van die BIWF in die hande gekry. Sy was baie in haar skik met die nuwe dokumente en kon nie wag om dit in diens van die Harmonie-beweging te benut nie.<sup>28</sup>

Nadat Johanna die kongres in Ommen bygewoon het, het sy nog vier weke in Nederland rondgekuier ten einde familieledede daar te besoek. Op 16 Augustus het sy by haar neef Frans Tenbergen en sy vrou in Hilversum besoek afgelê en teen die begin van September was sy nog steeds daar. Sy het heerlik in 'n groot kamer gebly en het verder aan *The Red Octopus* geskryf. Soms het hulle haar verplig om te gaan vars lug skep en dan het sy saam met hulle in die pragtige natuurskoon gaan rondry. Andersins het sy gesit en skryf. Haar gasheer, Frans, was baie siek en Johanna was nie positief oor sy vooruitsigte nie: "Patient blocked from head to foot

---

<sup>26</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna uit Ommen aan teosofie-vriende in Suid-Afrika, 16 Augustus 1927.

<sup>27</sup> M.S.B. Kritzinger & F.J. Labuschagne, *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 808.

<sup>28</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 85, inskrywing op 17 Oktober 1927.



with most virulent poison. Very little hope”. Hy het inderdaad te sterwe gekom terwyl sy daar was en so het ’n belangrike skakel tussen Johanna en haar Nederlandse familie weggeval.<sup>29</sup>

Intussen het Johanna gereeld aan Brandt en die kinders geskryf en sy het ook baie briewe van hulle ontvang.<sup>30</sup> Van Brandt se plan om na Nederland te gaan om sy bejaarde moeder te besoek terwyl Johanna daar was, het niks gekom nie. Sy eie reise deur Afrika om gemeentes te besoek, sy gemeentelike werk en sy swak gesondheid nie toegelaat nie. Johanna sou teen die einde van die jaar al terug gewees het van die VSA af, maar in September was sy nog in Nederland. Johanna was ontsteld oor Brandt se brief waarin hy geskryf het dat hy “zeer ongelukkigd zyn” oor haar lang afwesigheid en sy misnoë oor haar chroniese uithuisigheid en voortdurende kruistogte uitgespreek het.<sup>33</sup> Haar reaksie hierop het getuig van haar radikale manier van optrede as sy teëgegaan word, want sy het gedreig nooit weer na hom terug te keer nie. Sy het verduidelik dat haar missie in die VSA ’n dwang was wat haar opgelê was vanweë haar verpligting teenoor Harmony.<sup>31</sup>

Een van die redes waarom Johanna so lank in Nederland vertoef het, was omdat sy vir haar skoonmoeder gewag het om terug te keer van haar vakansie wat sy hoofsaaklik in Switzerland deurgebring het. Om haar skoonmoeder te besoek was immers een van die vernaamste redes vir Johanna reis na Europa. Vroeg in September het sy uit Hilversum aan haar skoonmoeder geskryf: “Myn bestellengen in Londen zyn gekanselleerd omdat ik U graag eerst wil zien, en nu hoor ik van Ju [haar skoonsuster] dat u myn zult laten weten wanneer U my kunt ontvangen”.<sup>32</sup> Die herontmoeting wat hulle gerêel het, het in Hilversum plaasgevind – dit was die eerste keer sedert 1903 dat hulle mekaar gesien het – en word as volg deur Johanna aan Brandt beskryf: “Je moeder zyn heel goed er uit en we genieten de dach te samen by de Tenbergens in Hilversum. Ik ben zoo bly om haar weer te zien maar een dach zyn niet genoeg”.<sup>33</sup>

Benewens Johanna se besoeke aan Ommen en Hilversum, het sy ook na Utrecht, Amsterdam en Haarlem gegaan. Daar is geen aanduiding dat sy haar dogter Mira gesien het voordat sy op

---

<sup>29</sup> Botes, Brandt, p. 460.

<sup>30</sup> NHKA, LIX. In lêers 154, 155, 174 en 176/i (Reisdagboek), word die meeste van Johanna se briewe tydens haar reis aan haar man en kinders bewaar, sowel as hul antwoorde. <sup>33</sup>

NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, 22 September 1927, p. 15.

<sup>31</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, 25 September 1927, p.17

<sup>32</sup> NHKA, LIX 151/iii, Johanna uit Hilversum aan haar skoonmoeder, 3 September 1927.

<sup>33</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, Johanna aan Brandt, 17 Augustus 1927, p. 81.

20 September weer uit Nederland weg is om na Brittanje terug te keer nie.<sup>34</sup>

## 5. Johanna terug in Brittanje, 21 September–21 November 1927

Johanna was met haar tweede besoek aan Londen baie bedrywig. Sy het uiteindelik enkele dae nadat sy in Londen aangekom het, haar eerste van 'n aantal lesings in Brittanje gegee. Dit was vir haar uiters belangrik, want sy het geld gekort vir haar passaat na die VSA. Haar lesings het hoofsaaklik oor haar mediese kure, wat op natuurgenesing gebaseer was, gehandel of anders was dit oor teosofiese filosofieë. Sy het ook enkele pasiënte behandel – iets wat sy nie in Brittanje wettig mog gedoen het nie. Sy het aan Brandt geskryf dat een man na haar toe gekom het nadat hy deur verskeie dokters geopereer of behandel is. “Niemand kon hem zeggen wat hy had. De dokteren spraken elkander tegen en hy besloot, de natuur genezing te proberen. Maar hy was te ver heen ... hy kon geen voedsel meer gebruiken en was in verschriklike pyn. Ik kon weinig voor hem doen. Hy heeft vier dagen behoorlik gevast, veel water gedronken, lauwwater lavementen gebruikt en warm water kompressen om zyn buik en rug gedraai. Twee keer elke dag masseerde ik zyn rug. Na 48 uur begonnen de pynen te bedaren en op den vierde dag begon de vast en water behandeling: zo iets verschrikkeliks heb ik zelden gezien – emmersvol bloed heeft hy in de volgende dagen verloren – al de opgehoopte vuil van de laaste vier jaar – alles kwam uiteindelik los”. Johanna het bygevoeg dat sy die man gewaarsku het dat sy nie 'n dokter was nie en dat as hy sou te strewes kom sonder dat 'n dokter hom gesien het, daar 'n hofsak teen sy vrou gemaak kon word. Sy vrou hom toe kom haal en die saak was uit Johanna se hande. Sy het 'n dieet voorgeskryf, maar die man was te swak en het 'n paar dae later gesterf. Die toepassing van haar mediese kure was vir Johanna in Brittanje baie problematies omdat sy nie mediese kwalifikasies gehad het nie.<sup>35</sup>

As Johanna nie geskryf het of self lesings aangebied het nie, het sy wanneer daar 'n geleentheid opgeduik het, lesings oor 'n verskeidenheid onderwerpe bygewoon, soos oor William Blake by Woolwich, oor spiritisme by Crystal Palace en oor piramiedes by Mazdaznans. Sy was by 'n séance in Gypsy Hall en was by verskeie teosofiese dienste teenwoordig. Sy was lief om bioskoop toe te gaan. Dit was 'n aktiwiteit waarvoor sy nie veel tyd in Suid-Afrika gehad het nie. Kort na haar aankoms het sy *Ben Hur* en *New York* gesien. Dan was sy by opvoerings soos

---

<sup>34</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, 20 September 1927, p. 84.

<sup>35</sup> NHKA, LIX 154/ii, Johanna aan Brandt, 27 Oktober 1927.

die musiekblyspel *The Gypsy Princess* en *The Vampire Play: Dracula*. Sy het laasgenoemde afskuwelik gevind.<sup>36</sup>

Op 3 Oktober het sy op uitnodiging 'n politieke vergadering van die BWIF bygewoon. Sy het bevind dat wat daar kwytgeraak is, “vreseliks, onwaars, huigelagtigs is”. In haar reisdagboek het sy daarvoor geskryf: “ek het soveel self beheersing nodig gehad om my mond te hou, maar toe begin hulle oor die Eng. invloed oor onse Swartes. Toe fluister ik in die oor van 'n vreemde vrou naast my ‘...they have utterly ruined our natives... There is going to be a massacre one of these days and then it will be the direct result of British policy and influence.’” Sy was al te bly toe die vergadering uiteindelik verby was en die ophemeling van die “Empire” ten einde geloop het.<sup>37</sup>

Op 11 November 1927 is die eerste tak van die Harmony-beweging in die buiteland in Londen gestig. Dit het gevolg op die eerste tak wat sy reeds in Harmony, Pretoria gestig het. Johanna het voorts na die voorbeeld van die protokolle van die Teosofiese Vereniging en van die BIWF, protokolle vir die werksaamhede van die Harmony-beweging opgestel. Sy het met trots oor hierdie verwickelinge aan haar ‘Vriende’ geskryf: “Before the great work begins in America, I want to send you a brief report of what we did in London during the last month of my stay there. I proudly say ‘WE’ because I no longer stand alone for the Harmony movement in the great metropolis. A strong and representative branch has been formed, with a fine Committee. The home of the Cripps family has been made our Headquarters for London ... Great things will be born from this small beginning, for those members are most enthusiastic about the meaning of the word Harmony. Their one ambition is to have a Healing Institute like ours at Umzumbi and there are at least a dozen workers ready to be trained and to devote their lives to this Mission. Perhaps if I come back from the U.S.A. with pots of money, we may be able to set to work in earnest”.<sup>38</sup>

In die eerste week van Oktober het die weer onplesierig geraak. 'n Mistige weer het op Londen neergesak. Dit het Johanna so mismoedig gestem dat sy selfs op Saterdag 8 Oktober daarvoor in haar reisdagboek geskryf het: “'n dikke gele mist ... stikkend in die huis. Die lug is verpest.

---

<sup>36</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, verskeie inskrywings met datums van bywoning; niks oor opvoerings in briewe, net inligting oor onder meer ontmoetings, vergaderings en protokolle.

<sup>37</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 22, inskrywing op 3 Oktober 1927.

<sup>38</sup> NHKA, LIX 162/i, Johanna aan vriende in Afrika, 25 November 1927.

Keel, neus, oge, brand. Die bors is beklemd. Die nagte is 'n marteling".<sup>39</sup> Die volgende oggend het dit alles opgeklaar en het Johanna die dag in die buitelig geniet. Sy het besienswaardighede besoek en al die kerke vol aangetref toe sy wou kerk toe gaan. Daardie aand het sy in haar dagboek geskryf: "Daar is tog nog 'n geestelik lewe in hierdie Sodom".<sup>40</sup>

Uit Johanna se skrywes in verband met haar besoek aan Engeland kom dit voor asof sy alles behalwe beïndruk was met alles wat sy beleef het. Terwyl sy in November 1927 per boot van Engeland na die VSA aan't vaar was, het sy teenoor haar familie en vriende in Nederland die volgende mening uitgespreek: "De toestanden in London zyn verschrikkelijk. Ik heb veel vergaderingen bygewoond van die verskillenden bewegingen die proberen de Communistiese invloeden tegen te gaan, en zo ben ik goed op hoogte gekomen van de werkelike gevaren die dreigen. Daardoor begryp ik de toestand in Zuid-Afrika veel beter. Wy weten byna niets van wat eigenlijk gaande is, de oorsaak van de ellende, armoede, werkeloosheid, verdeeldheid, die alles word verborgen in de Imperialistiese bladen. Wy wete in Z.A. ook niet hoe kritiek de finansiële toestand van Engeland is, b.v. dat zy wekeliks een miljoen pond st[erling] uitbetaald aan werklozen, en dat de Regering afhanklik is van de drank en dobbel-belastingen. Geen wonder dat wy zelf arm blyven en morel achteruit gaan".<sup>41</sup>

Ten spyte van haar teleurstellings het sy besonder gou vriende gemaak en met belangstelling na die traumas in hul lewens geluister. In die aande het sy dit wat gedurende die dag gebeur het in haar dagboek aangeteken. Behalwe vir die dae wat sy siek was – hoofsaaklik borskwale en verkoue – was sy deurgaans bedrywig, al was dit maar selde soos wat sy graag sou wou met lesings en boekverkope. Toe sy in September van Nederland af na Brittanje teruggekeer het, het sy groot verwagtinge gehad: sy sou bekend geraak het, lesings gegee het, boeke verkoop het en nuwe boeke laat druk het. Haar ontugtering was neerdrakkend. Die feit van die saak was dat sy een was van vele wat lesings oor naturopatie en teosofie kon gee: dit was 'n "mode" in die laat twintigerjare. Haar boeke het boonop nie verkoop nie en die nuwe boek waaraan sy tydens die bootreis van Suid-Afrika af geskryf het (*The Red Octopus*), was duur om te druk. Dit is bykans ongelooflik dat sy so lank in Londen kon oorleef en so baie kon doen en dit alles met so min geld as waarmee sy daar aangekom het. Die probleem was dat daardie geld vinnig minder geword het.

---

<sup>39</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 24, inskrywing op 8 Oktober 1927.

<sup>40</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 23, inskrywing op 9 Oktober 1927.

<sup>41</sup> NHKA, LIX 160/i, Johanna aan familie en vriende in Nederland, 25 November 1927.

Johanna se reaksie was om die skuld vir die verknorsing waarin sy haar bevind het toe haar geld opgeraak het, op ander te pak. Daarvan getuig die volgende inskrywing in haar reisdagboek: “Een van die swaarste en bitterste dage wat ek nog beleef het op hierdie reis, een tegeslag op die ander ... die dieptes wat ik alleen moet door worstel, maar ek mag niks van my leed en sorg met iemand deel nie”. Daar was drie mense wie se name sy nie noem nie maar wie sy vertrou het, twee vriende en die drukker en uitgewer van *The Red Octopus* –“al drie het my bitter teleurgestel”. Sy het bygevoeg dat die storie lank en ingewikkeld is, en “daarom ... sal ek Maandag 17 Oktober 1927 nooit vergeet nie”.<sup>42</sup>

Een van die direkte resultate van Johanna se onaangename belewenisse in Londen was dat sy huis toe begin verlang het. Op 21 Oktober het sy in haar reisdagboek geskryf: “My dierbare Lou is vandag 54 jaar oud. Ik wonder waar hy is en wat hy doet. Die heimwee word steeds erger. Ik kan dit nie meer in London uithou nie. Stik hier in de walm en gas en rook en vreseslike vuile atmosfeer ... [D]aarom het ik besluit om op 1 Nov. te vertrek na die V.S.A.”<sup>43</sup>

Nadat sy sonder geld gesit het, het Johanna tog daarin geslaag om te oorleef. Een rede was omdat sy selde geld op haarself uitgegee het, behalwe om een keer haar hare te laat “golf”, soos sy dit genoem het. Dit was ’n permanente karteling en nogal duur, maar die het lank gehou.<sup>44</sup> Sy het nie altyd die vriende se name aangeteken waar sy geëet het nie, maar danksy hul gasvryheid het sy telkens gratis etes gekry. Sy het soms vriende in ’n restaurant ontmoet. Dan was sy meestal die gas en het nie betaal nie. Sy het telkens by die volgende mense of plekke geëet: die familie Bruce; die Holborn Restaurant; Princess Mary Karadja in die Lyceum Klub; en die familie Cripps.<sup>45</sup> Hierdie mense het gewoonlik een of ander godsdienstige belangstelling met haar gedeel. Johanna se geldsake was so beroerd dat sy op 30 Oktober 1927 maar te bly was om ’n ete-uitnodiging te kry. Die volgende dag het sy geen geld of kos gehad nie en het sy toe maar besluit om te vas. Ter wille van oorlewing het sy 10 sjielings by ’n vriendin geleen en aan haar suster Deliana geskryf en gevra om by haar £25 te leen. Op 3 November het Johanna dit oorweeg om terug te keer Suid-Afrika toe. Vir haar was dit ’n baie moeilike besluit. “Could I go on for ever enduring such insults & injustices? Would it not be easier to slip away?”, het sy in haar reisdagboek aangeteken.<sup>46</sup> Dit was na aanleiding van die weiering van haar

---

<sup>42</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 28, inskrywing op 17 Oktober 1927.

<sup>43</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 31, inskrywing op 21 Oktober 1927.

<sup>44</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 34, inskrywing op 6 Oktober 1927

<sup>45</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, pp. 25-26, inskrywings op 8-11 Oktober 1927.

<sup>46</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 28, inskrywing op 3 Oktober 1927.

Nederlandse familie by wie sy in Augustus-September so lank ingewoon het, die Tenbergens, om £50 aan haar te leen.<sup>47</sup>

Na 'n goeie nagrus het sy die volgende oggend beter gevoel. Sy het alles in haar kamer deursoek en op 'n paar pennies afgekom waarmee sy met die bus kon ry om 'n brood te gaan koop. Sy het nou geen vrugte of geld meer gehad nie. Gelukkig is sy genooi om by 'n familie te gaan "lunch". Daarna het sy besluit om deur te druk: "I know that to raise a new loan & to put me through the journey to Am[erica] may land me in jail ... but I am going to do it ... Turn back now? No, Father, this time I am going to decide for myself".<sup>48</sup> Die volgende dag, 5 November, het sy weer by die Cripps-familie wat aan die Sufi-organisasie (Hindu's) behoort, gaan eet. Sy kon dit nie meer uitstaan nie en vertel hulle van haar finansiële probleme. Hulle het vir haar £1 gegee om kos te koop. Dit was op daardie dag dat sy haar klaaglied oor Londen afgesluit het met die volgende woorde in haar reisdagboek: "Hier eindig die ellende. Hoog tyd ook".<sup>49</sup> Daarna het sy voluit reëlins vir haar reis begin tref, want sy het vas geglo dat "Als dit die wil van God is sal ik gaan".<sup>50</sup>

In een van Johanna se briewe aan haar skoonmoeder terwyl sy Londen was, het sy haar meegedeel dat sy haar reisplan deur Amerika klaar uitgewerk het. "Ik heb heel belangrike aanbevelings brieven aan mensen in New York, Washington, Boston, Chicago, waar ik al lang verwacht word", het sy hoopvol bygevoeg.<sup>51</sup> Haar grootste uitdaging was om genoeg geld bymekaar te skraap om vir haar passaat te betaal. Gelukkig het haar suster Deliana vir haar die £25 waarvoor sy gevra het, gestuur. Mev. Cripps van die Sufi-organisasie, wat haar vroeër met reëlins vir verblyf in die VSA bygestaan het, het vyf £1-note in haar hand gestop. Haar aanvanklike plan was om op 1 November na die VSA te vertrek, maar omdat sy eers op 8 November genoeg geld gehad om die passaat te betaal, het sy eers op 21 November vertrek. Sy het plek gekry in 'n "Tourist Class Cabin" op die passasiersskip *Leviathan*. Volgens die besprekingsklerk was dit heel gerieflik. Soos Johanna dit gestel het: "Ik reis heel nederig Tourist Cabin, dat is 'n klasse special voor toeristen iets tussen 2de en 3de klassen, en heel goedkoop".<sup>52</sup>

---

<sup>47</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 31, 25 Oktober 1927.

<sup>48</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 31, 25 Oktober 1927.

<sup>49</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 24, 5 Oktober 1927.

<sup>50</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 33, 23-24 Oktober 1927

<sup>51</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan skoonmoeder, 17 Oktober 1927.

<sup>52</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, pp. 35-36; NHKA, LIX 160/i, Johanna aan vriende en familie in Nederland, 25 November 1927.

Johanna het deurgedruk met haar reisplanne en op 21 November was sy gereed om te vertrek. Volgens haar boekhouding (wat sy pennie vir pennie aangeteken het) het haar treinvervoer van Londen na Southampton 10 sjielings gekos en die vaart na New York £23 15 0. Toe sy Engeland verlaat het, nadat sy die passaat betaal het, het sy £15 5 2 in haar beursie oorgehad.<sup>53</sup> Johanna was met die eerste oogopslag beïndruk met die *Leviathan* en het in haar reisdagboek as volg oor haar aankoms by die hawe in Southampton geskryf: “Nooit sal ik die vreemde gevoel vergeet toe ek vir die eerste keer die *Leviathan* sien ... Wonder van ’n meesterstuk”.<sup>54</sup>

## 6. Die reis na en eerste gewaarwordinge van die VSA, 21–29 November 1927

Johanna was baie gelukkig om vir die duur van die seereis alleen in kajuit 880, wat eintlik vir vier mense bestem was, geakkommodeer te word. Daar was net ongeveer 300 mense in die toeristeklas, wat beteken dit was glad nie vol nie. Hierdie toeriste het hoofsaaklik uit dokters, predikante en akademici bestaan. Johanna was tevrede met hierdie stand van sake. Die skeepspersoneel het aan haar ’n tafel in die een hoek van die groot eetsalon toegewys waar sy haar skryfwerk gedoen het en haar Corona tikmasjien gebruik het. Terwyl die vaart aan die gang was het sy aan haar familie en vriende in Nederland geskryf: “Ik hoor dat er ’n personeel van meer dan duizend mensen is aan boord. Het eten gaan heel goed, veel beter dan 2de klasse op grote boten die varen tussen Z.A. en Engeland ... gister hebben wy de grote feestdag van de Staten rojaal gevierd, wat ze noemen Thanksgiving Day.” Sy het met groot lof geskryf oor die boot, die diens, haar kajuit, die kos en dan veral die feit dat: “There is not a drop of liquor served on this great ship. What a magnificent example to the world! No wonder the [American] nation is so prosperous”. Dit was bykans vanselfsprekend dat sy die toestande op die boot met die swak toestande in Brittanje soos sy dit in die paar maande van haar verblyf daar ervaar het, vergelyk het: “In Amerika moet het heel anders gaan. Zelfs aan boord is het verschil merkbaar. Iedereen is welvarig ... Hoge salarisse worden betaald aan de scheeps-lieden. Alles gaat op rojale voet”.<sup>55</sup> Die inhoud van die brief dui daarop dat alles wat Amerikaans was op daardie stadium vir Johanna beïndruk het.

---

<sup>53</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, pp. 90-94.

<sup>54</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 35, 21 November 1927. Die *Leviathan* was van oorsprong ’n Duitse passasiersboot – die *Vaterland* – wat as gevolg van verwickelinge tydens die Eerste Wêreldoorlog in Amerikaanse besit gekom het, waarna dit herdoop is. Dit was op sy dag die wêreld se grootste en vinnigste passasiersboot. Volg: SS *Leviathan*, [https://en.wikipedia.org/wiki/SS\\_Leviathan](https://en.wikipedia.org/wiki/SS_Leviathan), geraadpleeg 7 Mei 2014.

<sup>55</sup> NHKA, LIX 160/i, Johanna aan familie en vriende in Nederland, 25 November 1927. Die afwesigheid van alkohol aan boord was as gevolg van die prohibisiewette wat op daardie stadium in die VSA gegeld het.

Al was Johanna so in vervoering met als wat Amerikaans was, het sy darem so bykans terloops in 'n kort nota onderaan haar brief aan haar vriende en familie in Nederland gemeld dat “Lou en Mira naderen langsamerhand die Europese kus.” Dit was die eerste vermelding wat sy van Brandt se komende besoek aan Europa gemaak het. Brandt en Mira was na Nederland op reis waar Brandt by sy moeder sou gaan kuier het en Mira vir 'n onbeperkte sou agterbly.<sup>56</sup> Daar is geen vermelding in die brief van haar ander gesinslede in Suid-Afrika nie. Feit is dat sy selde aan hulle geskryf het en dat hulle besmoontlik feitlik nooit in haar gedagtes was nie.

Johanna se reis na Amerika het voorspoedig verloop en teen Dinsdag 29 November het die *Leviathan* New York bereik. Aangesien slegs Amerikaanse burgers die boot dadelik mag verlaat het, het Johanna daardie nag aan boord gebly. Die volgende aand het sy in haar reisdagboek aangeteken: “Nooit sal ik my eerste indrukke van N.Y. vergeet nie, toe die *Leviathan* gisteraand langsaam stoom tussen die hoge geboue op die walle van die Hudson Riv. Die nuwe telefoon gebou van bo tot onder helder verlig – was soos 'n towerstuk – allemaal verligte skyscrapers en grote ferries op die water. Dit het lang geneem om van die skip te kom. Allerlei formaliteite. Mediese inspeksie. Paspoorste. Douane. Hulle het al my baggage doorgekyk. Niks gekry”.<sup>57</sup>

## **7. Wedervaringe in Noord-Amerika, 29 November 1927–2 November 1928**

### **7.1 Haar aankoms en verblyf in New York**

Johanna was teleurgesteld toe sy eerste keer met die trein “door vuile buurte en grote fabriek en werksplaats” van die hawe af na die stad toe gery het. Sy het in Queen’s Village tuis gegaan by mej. Jacob, 'n vriendin van die Cripps-familie van Londen. Mej. Jacob het inderdaad vir haar gratis woonplek aangebied vir solank as wat sy in New York wou vertoef het. Sy het haar verblyf daar geniet. “Nooit kan ik die Heer genoeg dank vir die heerlike tuis[te] en vriendskap”. Sy het haar egter oor haar finansies bekommer – veral oor die geld wat sy geskuld het. Sy het baie tyd aan skryfwerk en korrespondensie gewy terwyl die hele wêreld dik onder die sneeu gelê het. Toe sy vir die eerste keer na die groot winkels, waaronder Gimbels, gegaan het, het sy op 'n roltrap gery, wat vir haar vreemd was. Terwyl sy in New York was, het sy by séances

---

<sup>56</sup> NHKA, LIX 160/i, Johanna aan vriende en familie in Nederland, 25 November 1927.

<sup>57</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 37, 29 November 1927.



betrokke geraak asook by 'n groep mense wat aan mistisisme geglo het. Een van hulle was mej. Parthenia Hunter, wat die leier van die Christian Mystics was. Op haar uitnodiging het sy 'n kerkdiens van die Christian Mystics bygewoon. Na die verrigtinge is sy gevra om oor haar werk te praat. Sy het alles as 'n groot sukses beskou. Mej. Hunter het boonop vir haar “indefinitely” 'n hotelkamer in die Woodward Hotel in Queen's Village, waar sy al vir meer as 20 jaar gewoon het, aangebied. Volgens Johanna se boekhouding het mej. Hunter in die loop van die volgende vyf maande sowat £100 per maand aan haar hotelverblyf betaal.<sup>58</sup>

Terwyl Johanna nog in Londen was, het sy aan 'n nuwe manuskrip, “Golden oil of success”, begin skryf en in New York het sy verder daaraan geskryf. Haar doel was dat dit omslagtig en visioenêr moes wees en insidente van ellende moes insluit. (Dit was nie beplan om as boek gepubliseer te word nie, maar was haar eie soort verslag van gevoelens en gebeure.) Sy het daarin onder meer aangeteken: “[T]he Father took me to London, put me in hell & kept me there. Have I forgotten? Shall I ever forget? 7 000 miles from home, every friend turned into an enemy, penniless, almost starving? ... The humiliation, the loneliness and consuming heartache, all those weeks? To give up the struggle. To go home. Home? Yes, but how? No money. Not even one penny for the bus?” Sy het weereens die verlies van Harmony opgehaal: “The people of the earth, one by one ... [and God] showed me how I blundered financially. Ruined my family as my mother had ruined hers. For Harmony”.<sup>59</sup> Pat, 'n vriendin vir wie sy in New York ontmoet het (moontlik mej. Parthenia Hunter) en wat 'n mistikus was, het die eerste deel van “Golden oil of success” gelees en het aan Johanna gesê dat sy alreeds van haar slegte karma van Londen ontslae geraak het – al die ellende van siek mense het haar reeds verlaat. Mettertyd het Johanna uit die swart bui getree. Dit was asof sy haar finansiële probleme op die agtergrond geskuif het en besluit het om haar verblyf in die VSA te geniet. Dit was ook asof sy vir die eerste keer haar verblyf in Londen in retrospeksie gesien het.<sup>60</sup>

Johanna het al vanuit Suid-Afrika aan Henry Ford en sy vrou geskryf oor haar werk. As grondlegger van die Ford motorvervaardigingsmaatskappy was hy van vanselfsprekend welvarend. Dit was waarskynlik die rede hoekom sy voor haar vertrek van Vereeniging aan hom en ander bekende miljoeners soos John D. Rockefeller, geskryf het om finansiële

---

<sup>58</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, pp. 36, 38 en 110-115, inskrywings op 25 en 30 November 1927 en in Johanna se boekhoudingstate.

<sup>59</sup> NHKA, LIX 155/ii, “Golden oil of success”, pp. 1-13. Die dokument was uiteindelik 36 bladsye lank.

<sup>60</sup> NHKA, LIX 155/ii, “Golden oil of success”, pp. 1-36, 7 Desember 1927.

ondersteuning vir haar projekte te vra.<sup>61</sup> Sy het na haar aankoms in New York weer 'n lang getikte brief aan hom gerig waarin sy vertel van die “Order of Harmony” en dat sy 'n kankerkuur ontwikkel het. Voorts het sy vertel van al haar werksaamhede en dat “the Spirit insistently called me to the United States”. Sy het bygevoeg dat sy die VSA as die “cradle of the natural healing movement” beskou het. Sy het gemeld dat sy nie geld het nie en die brief as volg afgesluit: “Not for myself but for the sake of humanity, and in view of the gravity of world-conditions, I beg of you to consider this matter”.<sup>65</sup> Sy het later nog briewe geskryf en alles in haar vermoë gedoen om met Ford kontak te maak, maar daarvan het niks gekom nie. Hy het waarskynlik talle soortgelyke versoeke gekry en bloot nie kans gesien vir Johanna se versoek nie, veral nie toe sy na die “spirit” verwys het nie.

Nadat Johanna in die VSA aangekom het en haar reisdagboek vol geskryf begin raak het, het sy meer moeite gedoen om briewe aan die familie te stuur. Sommige van hierdie briewe het die rondte gedoen van Nederland tot in Vereeniging. Verder het sy sporadies dagboek gehou in “Golden oil of success”, maar dit was nie so sistematies soos in haar reisdagboek nie.<sup>62</sup>

Terwyl Johanna in Desember 1927 in New York was, het dit dikwels gesneeu en was dit bitter koud. Ten spyte daarvan het Johanna telkens deur die “snaakse strate” soos sy dit genoem het, gestap. Die koue het enige groot byeenkomste verhoed en Johanna was meestal by een van haar gratis woonplekke. Daar het sy telkens gesit en skryf, onder meer in die “Golden oil of success”, maar ook aan invloedryke kennisse en ander mense wat ondertussen leer ken het. Een van hulle was die astroloog Gladys Phillips. Almal was betrokke by natuurgeneeskunde, astrologie, mistisisme of aanverwante denkrigtings. In haar reisjoernaal het sy moedeloos aangeteken dat, “aangesien ik van die doktore en koerante niks hoor nie, moet 'n ander plan gemaak word”.<sup>63</sup> Op 11 Desember het sy 'n byeenkoms georganiseer en oor Harmony gepraat. Terwyl sy in New York bedrywig was, het sy ongeveer 80 adresse van kontakte of kennisse bymekaar gemaak en in haar dagboek aangeteken. Sy het gehoop om haar boeke te verkoop en lesings te gee om sodoende te probeer geld bymekaar maak, maar almal was so besig dat sy geen hond kon haaraf maak nie. Daaroor het sy geskryf: “I have piles of letters of introduction, but everyone I

---

<sup>61</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan “Friends” , Vereeniging, 28 Junie 1927 <sup>65</sup> NHKA, LIX 162/i, Johanna aan Henry Ford, 9 Desember 1927.

<sup>62</sup> NHKA, LIX 155/i – iii bevat briewe wat Johanna tydens haar reis geskryf het, asook ander dokumente in verband met die reis.

<sup>63</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 41, 10 Desember 1927.

approach gives me more introductions. One sends me to the other... it takes time to come into touch with the right people”.<sup>64</sup>

Terwyl sy mettertyd ander distrikte van die staat New York besoek het, het sy onder andere tot haar groot blydschap die bekende natuurgeneser dr. Benedict Lust ontmoet. Sy het hom beskryf as ’n ‘drugless healer’ wat al 15 keer in hegtenis geneem was omdat hy mense wat kanker het, behandel het en dit was onwettig. Sy het vas geglo dat kankerlyers deur natuurgenesers gehelp kon word en moontlik selfs genees kon word, maar het kort na haar aankoms in die VSA reeds besef dat omdat natuurgenesers in daardie land geen wetlike erkenning gekry het nie, die publiek onkundig oor natuurgeneeskunde was.<sup>65</sup> Sy het tot haar vreugde ook vir W.B. Clark, die bekende teosoof wat terselfdertyd beroemd was vir die praghuise wat hy gebou het, ontmoet.<sup>66</sup> Beide Lust en Clark het vir jare met haar gekorrespondeer.

Op 20 Desember het sy saam met Gladys Clark na Boston in Massachusetts gery waar hulle die “Home of Truth” se gemeente besoek het. Sy het ook die “Home of Healing Light” besoek en was daarna in Worcester, steeds in die staat Massachusetts, waar sy “one interview after another” aangebied het. Sy het die besoek as hoogs suksesvol beskou en is selfs woonplek in Boston aangebied.<sup>71</sup> Op 22 Desember het sy ’n aanbod van MacFadden, ’n uitgewer oor natuurkundige genesing, ontvang om artikels oor die kankerkuur te skryf vir publikasie in *Evening Graphic*.<sup>67</sup> Dit was vir haar asof alles beter begin gaan het. In “Golden oil of success” het sy aangeteken: “Have three keys now can enter any of these three homes any day or night”.<sup>68</sup> Nogtans was sy baie alleen en het ook nie veel geld gehad nie. Sy het Kersfees beskryf as “such a desolate day” en het Oujaarsdag stil deurgebring, want “an Inferno raged on Broadway all evening”, tot middernag.<sup>69</sup>

Johanna het bly glo dat sy nog baie werk in die VSA te doen gehad het, maar in ’n brief wat sy teen die einde van Desember aan haar “Friends” geskryf het, het sy terselfdertyd laat blyk dat sy realisties was oor haar kwesbare posisie. Sy het gemeld dat sy “get help from every side. It

---

<sup>64</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 28.

<sup>65</sup> NHKA, LIX 162/i, Johanna aan Henry Ford, 9 Desember 1927.

<sup>66</sup> NHKA, LIX 162/i, Johanna aan “Friends”, 26 Desember 1927. <sup>71</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 120, 20 Desember 1927.

<sup>67</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 121, 22 Desember 1927.

<sup>68</sup> NHKA, LIX 155/ii, “Golden oil of success”, p. 17.

<sup>69</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, pp. 120-122, 31 Desember 1927.

is marvellous. I have no money. Just trust to God to care for me, and He does ... In time I shall get money through my books, or some other way, but at the moment it is just a question of faith ... Living [in America] is frightfully expensive”.<sup>70</sup>

In Januarie 1928 was Johanna gelukkig genoeg om mej. Jessie Springer te ontmoet by wie sy dadelik aanklank gevind het. In haar reisdagboek het sy geskryf: “Sy magnitiseer my”.<sup>76</sup> Mej Springer het aangebied om terwyl Johanna in Amerika was, haar sekretaresse te wees. So het ’n jarelange vertrouensverhouding tussen dié twee dames begin. Mej. Springer het onder meer al die boekhouding en korrespondensie in verband met haar lesings vir Johanna gedoen. Johanna het boonop toenemend lesings begin aanbied, veral by die Vereniging van Christelike Mistici, en dit het volgens haar groot byval gevind. Die Vegetariese Vereniging het haar ook genooi om lesings te gee. So het dit gebeur dat sy al meer geleenthede gekry het om haar saak te stel in deftige salonne waar sy invloedryke persone ontmoet het. Sy het terselfdertyd die geleentheid benut om haar boekie, *The Red Octopus*, te versprei. Omdat sy besef het dat Brandt nooit daardie publikasie sou goedkeur nie, aangesien dit teen die “duiwelse politieke en finansiële magte in die wêreld” gerig was, was sy bly om dit in Amerika van die hand te kon sit.<sup>71</sup>

Johanna se lewe was nie sonder drama nie. In “Golden oil of success” het sy geskryf dat die gety op 11 Januarie 1928 beslissend en permanent vir haar gedraai het. Die vorige aand het ’n vreemde vrou haar kom besoek.<sup>72</sup> Volgens Johanna was die vrou maar beteuterd. Sy het Johanna genooi om die volgende aand na haar huis te kom (so het Johanna aanvaar), maar dit het agterna geblyk dat die eienaar van die huis ’n paar maande tevore oorlede is en dat die dame net die huis voorlopig opgepas het. Verskeie mense het deur die loop van die aand opgedaag. Elkeen het ’n pakkie of bondeltjie gebring wat by die voordeur gelaat is. ’n Jong man het later opgedaag, by ’n tafel gaan sit, daarop geslaan en het gesê: “This marks the turning point. Behind us lie sorrows, trails, disappointments, failures. Straight ahead of us the attainment of our goal from this evening onward, friends, by leaps and bounds we press toward the mark. For all of us this night closes a definite epoch definitely”.<sup>73</sup> Johanna het gevoel asof die stem direk met haar praat. Sy het gevra of die stem met iemand wat 11 000 kilometer van die huis af is, wil praat.

---

<sup>70</sup> NHKA, LIX 155/ii, Johanna aan “Friends”, 27 Desember 1927. <sup>76</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 126, 30 Januarie 1927.

<sup>71</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 257.

<sup>72</sup> NHKA, LIX 155/i, “Golden oil of success”, p. 25.

<sup>73</sup> NHKA, LIX 155/i, “Golden oil of success”, p. 24.

Die spreker het ingestem en bygevoeg dat hy haar van haar lewe wil vertel. Voor hy dit gedoen het, het hy haar gevra wat die doel van haar besoek aan Amerika was. Sy het haar lewensgeskiedenis vertel en het die rede vir haar besoek verduidelik. 'n Man het aan die patriarg (soos Johanna na die spreker verwys het) gevra: “What are you going to do about this?” Die patriarg het geantwoord: “I think I’ll take her to J.D.” Johanna het gevra wie dit was. Die patriarg het geantwoord: “Have you never heard of J.D. Rockefeller?” Johanna was verbaas, veral toe die patriarg met verwysing na haar geldgebrek en haar reisplanne gesê het: “That is not the way to do things. You get Mr. Rockefeller to give you 50 000 or 100 000 dollars – or as much as you think you will require – and thereafter every avenue in the United States will be open to you”.<sup>74</sup>

Johanna was uiters verbaas, veral toe sy verneem het dat al die mense wat by die ongewone byeenkoms teenwoordig was, beroemd of bekend was. Volgens haar “There was a numerologist – the Patriarch, Mr. Sleeman, was the most noted man in New York, the astrologer, Mr. King, was the most famous astrologer in the U.S. Am ... a famous journalist, etc.” Die ongewone nag het geëindig met 'n fees, want almal het saam aan die “hampers” kos gesmul. Teen twee uur die nag het Johanna besluit om huistoe te gaan. Voor haar vertrek het sy opdrag gekry om die volgende dag na 'n sekere gebou te gaan waar sy meer inligting sou kry. Hierdie gebeure het sy self beskryf as: “Die wonderbaarlikste nag van my lewe”.<sup>75</sup>

Die volgende dag het sy na die gebou toe gegaan. Dit was die bekende Van der Biltgebou. Sy het agterna vertel: “How wonderful it is when the doors of stately buildings are opened to one and clerks and secretaries bow and clear the way – when there is no dreary waiting and trembling misgiving. Never, never have I had such a royal reception”. Die persoon wat haar te woord gestaan het, was Richard Enright. Sy het agterna na hom verwys as “Commissioner Enright, High Commissioner of New York”. Volgens haar was daar twee ander mans teenwoordig, naamlik ene Sleeman en dr. Arthur Stilwell, die “prophet and mistic”, maar tog het sy haar herinner daar was tot 'n predikant van die American Reformed Church ook teenwoordig en dat die mans almal baie godsdienstig was. Sy het die situasie so beskou: “The people who have taken my affairs in hand are the aristocracy of this nation”.<sup>76</sup>

---

<sup>74</sup> NHKA, LIX 155/i, “Golden oil of success”, pp. 14-15.

<sup>75</sup> NHKA, LIX 155/i, “Golden oil of success”, pp. 7-24; NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, pp. 1718, 11 Januarie 1928.

<sup>76</sup> NHKA, LIX 155/i, “Golden oil of success”, pp. 24-25.

Johanna het kopieë van al haar publikasies saamgeneem en nadat sy aan Enright voorgestel is, het hy eerste na *Millennium* gekyk. Hy het haar in kennis gestel dat niks onmoontlik was nie, dat al haar probleme iets van die verlede was en gevra wat sy nodig gehad het. Haar dankbare antwoord was: 'n uitgewer. Daarna wou sy net een ding weet: “Won’t you please be quite frank with me? I have no one to advise me. Tell me exactly why you are doing this for me. How do you know that I am not an adventuress? That I am telling the truth? How can you be sure that all this about the cancer-cure is not a trumped-up story? You have no proof until an operation has been performed!” Hulle antwoord aan haar was: “When you told us your story we could have staked our lives on your sincerity. And even if you never had the cancer, isn’t it enough for us that you are teaching people to live the right life? But apart from that you have your mission of Harmony! We are going to put you and Harmony at the top of the ladder, where you belong!”<sup>77</sup>

Johanna is hierna versoek om sekere dokumente te lees en te voltooi. Dr. Stillwell het haar verseker dat wat die Millenniumwerkers doen (soos die groep bekend gestaan het), “is for the betterment of the world – the upliftment of the human race. And now God has brought Harmony to them for the spiritual and physical aspect ... in any case we finance all your affairs”. Hulle het haar aangeraai om deur Amerika te reis en om ander invloedryke Amerikaners te ontmoet. Verder het hulle haar genooi om vir enkele jare in Amerika te kom woon. Sy was welkom om haar man en haar hele gesin saam te bring. Johanna was totaal verslae. Sy was onseker of Brandt bereid sou wees om die kerk vir 'n paar jaar prys te gee, maar sy het besef “all my dreams will now be realized”. Aan die ander kant was daar nog 'n hindernis wat Johanna in die gesig gestaar het: hulle het nie geweet van die Harmonybeweging se beginsels nie. Sy het haar natuurgeneeskundige werk, want dít was waarvoor hulle al die geld aan haar sou gee, as deel van die beweging beskou. Toe hulle daarvan verneem wou hulle hê sy moes die twee bewegings geskei het aangesien hulle nie met al die beginsels van die Harmony-beweging saamgestem het nie. Sy het aangedui dat sy eers terug na Suid-Afrika sou gaan om haar man en gesin te gaan haal en dan vir ses maande terug sou kom. Daarmee was hulle ook nie tevrede nie, want vir hulle was ses maande te kort om iets uit te rig. Sy moes vir 'n paar jaar terug gekom het en moes haar man oortuig het, met die geld wat hulle hom aangebied het, om ook te kom. Haar verweer was “it is not a question of money at all, but of duty”. Sy het nie eers geweet of sy weer sal kan terugkeer as sy eers terug was in Suid-Afrika nie.<sup>78</sup>

---

<sup>77</sup> NHKA, LIX 155/i, “Golden oil of success”, pp. 32-33.

<sup>78</sup> NHKA, LIX 155/i, “Golden oil of success”, pp. 33-37.

Johanna se besoek aan die VSA het op die oog af suksesvol begin verloop: talle mense het haar lesings begin bywoon en het afsprake gemaak om haar persoonlik te kom sien. Terwyl sy nog in New York was het sy as volg aan haar dogter en skoonseun, Kellie en Emmie Kellerman, verslag gedoen:

“Die werk hier is gesegend ver bowe alle verwagting. Die New Yorkers vertel my dat niemand nog ooit soveel tot stand gebreng het in die korte tyd. Ons het honderde van die beste name op onse lyste, en die beste van alles is die feit dat ons so ’n pragtige staf van medewerkers het, mediese dokters, verpleegsters, chiroprakters en Natuur dokters, om nie te praat van sielkundige genesers. Rockefeller het aan sy vriende geseg dat hy bereid is om een miljoen dollars te skenk als ons kan bewys dat dit waar is dat ons met die druive-kuur kanker kan genees. Mev. Enright, vrou van die Kommissaris, is aangestel om met my rond te ry om die pasiënte te besoek die onder my behandeling is. Gelukkig het die Heer Self hulle onder Sy Beskerming geneem. Hulle was buite hoop, onder die invloed van morfien, en nou is hulle beterende en sonder pyn. Ik was verplig om die verdowende middels te stop want daar is geen hoop vir iemand die, als het ware, verlamd is nie. Dit was ’n grote waagstuk. Hulle was ook te ver heen vir ’n korte vastkuur, ik moes hulle somaar op die Druive-Kuur set. En waarlik daar was geen komplikasies nie.”<sup>79</sup>

Teleurselling het spoedig op die horison begin wink. Terwyl Johanna met die “Galdeers” soos sy die Rockefeller-groep genoem het, besig was, het sy nie veel tyd gehad om lesings te gee nie. Teen die einde van Januarie 1928 het sy in haar reisdagboek geskryf: “Doodmoe en baie bekommerd oor die toekoms, (want dit begin ernstig te lyk asof Sleeman en Enright my in die steek laat)”<sup>80</sup> ’n Maand later het sy uit moedeloosheid direk aan Rockefeller geskryf, want van al die beloftes het nog niks gekom nie: “I have appealed to you, dear Sir, because I am obliged to return to South Africa with my mission unfulfilled. My object has been to bring this discovery to the notice of science and to have research work done by experimenting with the Grape Cure on so-called incurables ... I plead with you ... provide us with a small, wellequipped building in which ... volunteers can be treated free of charge”<sup>81</sup>

Teen die tweede week van Maart 1928 het Johanna en haar groep ondersteuners ander planne gemaak terwyl haar dokumente en ’n kopie van *The Grape Cure* “under consideration” by

---

<sup>79</sup> NHKA, LIX/ii, Johanna aan Emmie en Kellie, 12 Februarie 1928.

<sup>80</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 126a, 30 Januarie 1928.

<sup>81</sup> NHKA, LIX/ii, Johanna aan Rockefeller, 28 Februarie 1928.

Rockefeller was. Johanna het hieroor aan Emmie geskryf: “[O]ns wag nie vir hem nie. Mr. Moskowitz en 10 of 12 van sy rykste vriende werk nou al in die saak”. Sy het ’n aanbod gekry om op ’n toer te gaan: ’n drie maande kontrak, £150 per maand en 50% van die wins, maar was te besig om New York op daardie stadium te verlaat, alhoewel sy Kalifornië en Colorado graag wou besoek, want dit sou ’n goeie manier wees “om die saak te versprei”.<sup>82</sup>

Teen die middel van Maart het Johanna in ’n brief aan haar familie geskryf dat sy voortaan te besig sou wees om te skryf want alhoewel sy ’n groot personeel gehad het, was sy geheel en al oorwerk. Sy het vertel dat “The Harmony Headquarters for the United States has been established in a seven-roomed flat in ... Broadway” en dat daar ook ’n sentrum in New Jersey by die First National University of Naturopathy, wat onder die beheer van ene dr. Collins was, gestig is. Hy het geglo dat die druiwekuur die oplossing van kanker sou wees en wou die Harmony Healing Movement by die universiteit ingeskakel het. Alles was goeie nuus vir Johanna. “The news that the patients who were suffering from inoperable cancer have recovered under my treatment, has spread like a wild fire. We are besieged. All the funds required to carry on the work have been provided”. Volgens Johanna self het die die naturopate en mediese dokters oor mekaar geval om haar te vereer “for the lives saved in the state of New York. I am now Dr. Brandt. If I am not mistaken I now possess the honorary degree of D.N. Doctor of Naturopathy of the American Schools of Naturopathy in New York, in New Jersey and in Florida; Ph.N [Philosopher of Naturopathy] through the United States of Naturopathy, and M.A. Master of Arts, indicating Master in the Art of Healing, through the Mecca College of Chiropractors. That is, I think, as far as we have got ... This M.A. degree is the most coveted by people and the most difficult to get. Only about ten people have it, including men like [Charles] Lindenberg, whose title is, King of the Air and Master in the Art of Flying”. Daarbenewens het sy ’n doktersgraad van die Oregon Naturopathic Association verwerf sowel as eretoekennings van die American Women’s Federation of Health. Sy het nie geweet wanneer sy huis toe sal terugkeer nie. “I am trying not to brood on the thought. I am in God’s hands”.<sup>83</sup>

Johanna se boek *The Grape Cure* was skielik baie gewild en is uitverkoop. Sy het hard gewerk aan die hersiene weergawe daarvan waarin sy uitgebrei het oor die metodes van behandeling. Dit is in die VSA herdruk met haar titels vir die eerste keer op die voorblad: Johanna Brandt, N.D., PhN., M.A. Sy het daarop aanspraak gemaak dat sy “honderde orders” vir die boek gekry het en dat dokters verklaar dit is ’n “meesterstuk ... dit is die meest wetenskaplike ontdekking

---

<sup>82</sup> NHKA, LIX/ii, Johanna aan Emmie, 9 Maart 1928.

<sup>83</sup> NHKA, LIX 162/i, Johanna aan familie, 17 Maart 1928.



van die 20ste eeuw – heel meer belangrik dan radium”.<sup>84</sup> Haar sukses het egter vir haar ’n hindernis geword as gevolg van die teenkanting van die mediese professie. Sy mag nie die dokterstitel gebruik het nie en is met boetes en tronkstraf gedreig. Boonop het die drukkers vir eers die boeke teruggehou.<sup>85</sup>

Die Orde van Harmony is op 16 April 1928 offisiël in New York gestig en Die HARMONYsirkel is amptelik geregistreer as simbool daarvan. Wetsgeleerdes, ouditeurs en trustees het volgens Johanna deel van die organisasie gevorm. Die *Grape Cure* is terselfdertyd onder die mediese wette van die VSA, die Verenigde Koninkryk en Frankryk geregistreer. Toe Johanna ses maande later by die Harmony Centre, Broadway, New York, ’n toespraak gelewer het, het sy gesê dat die Harmony Beweging “is a spiritual science; faith and reason; harmony between precept and practices; harmony, in other words, movement for the promotion of harmony on earth – harmony between the races; the sexes; religion and politics; spirit and matter; mysticism and science; faith and reason; harmony between precept and practice; harmony, in other words, between God and Man”.<sup>86</sup>

In die Junie-uitgawe van die tydskrif *Physical Culture*, wat deur MacFadden uitgewers in New York gepubliseer is, het daar ’n artikel oor Johanna se suksesse met kankerpatiënte wat met die druiwekuur behandel is, verskyn. MacFadden het aangebied om die uitgawe ook in Suid-Afrika te versprei.<sup>87</sup> Een gevolg hiervan was dat meer mense bewus geword het van Johanna se kuur, haar hulp wou opsoek en telegramme en ander vorme van navrae aan Brandt gerig het om te vra wanneer sy terugkeer. Hy kon nie antwoord nie want hy het nie geweet nie.<sup>88</sup> Hy het ook nie geweet dat Johanna op daardie stadium nog steeds op Rockefeller en die ander miljoenêrs se ondersteuning gewag het en steeds geglo dat hy wat Brandt was en hulle kinders na Amerika toe sou kom om haar te help met die talle sentrums wat oral in Amerika gestig sou word. Sy het een brief na die ander gekry wat van die sukses van die behandeling vertel het. Ene mev. McLea het geskryf dat sy met kanker gediagnoseer was en nadat sy Johanna se artikel gelees het, het sy dadelik met die druiwekuur begin. “After being on the grapes for two weeks I went back to my doctor and he made another examination. He said ‘This is wonderful how this has cleared up!’ I did not tell him as yet that it was the grapes that was doing the work, and not the

---

<sup>84</sup> NHKA, LIX 156/ii, Johanna aan haar gesin, 4 April 1928.

<sup>85</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 259.

<sup>86</sup> NHKA, LIX 151/iii, pamflet: The World Harmony movement of America, 31 Oktober 1928.

<sup>87</sup> NHKA, LIX 158/ vii, leer bevat pamflet van Macfadden aan Suid-Afrikaners asook uitgawe van die tydskrif *Physical Culture*, 17 Maart 1928.

<sup>88</sup> NHKA, LIX 155/ii, Brandt aan Johanna, 6 Julie 1928.

medicine he was prescribing”. Mev. McLea het bygevoeg dat al haar familie en vriende die kuur vir alle kwale gebruik het en almal het baat gevind. “I can not praise Mrs. Brandt’s grape cure enough for what it has done for me and my relatives”.<sup>89</sup>

Alles het egter nie altyd voor die wind met Johanna se bedrywighede gegaan nie. Die miljoenêrs het steeds nie sover gekom om haar werksaamhede te ondersteun nie. Volgens die regsgeleerders wat sy gebruik het, het sy die saak van die druiwekuur verkeerd aangepak. Johanna het hulle standpunt aan haar skoonmoeder verduidelik: “Door de kuur te combineren met godsdienst en de Harmonie Beweging zal ik nooit daarvan ’n sukses maken. Verder, dat het hopeloos is om tegen de mediese machten te stryden. Ik ben dikwyls aangeraden om het werk van genesing niet te mengen met godsdienst, maar dat is juist het geheim van myn sukses. Wie kan geest en lichaam scheiden? Ik weet niet wat ik doen moet”.<sup>90</sup> In dieselfde brief het sy haar skoonmoeder probeer wysmaak dat sy graag terug huis toe sou wou gegaan het, maar sy het begin sukses behaal en dit sou verkeerd gewees het om op die stadium weg te gaan. Verder het die owerhede in die New York-staat haar met rus begin laat en kon haar boek [*The Grape Cure*] uiteindelik daar gedruk en verkoop word. Sy het besluit dat sodra haar skuld betaal was en sy genoeg geld vir reiskoste gehad het, sy via Nederland terug SuidAfrika toe sou gaan. Sy sou sommer ook haar skoonmoeder besoek en, “tenzy er iets groots gebeurt”, dan haar hele gesin Amerika toe vat. Sy het afgesluit met ’n versugting: “Arme Lou, ik vind het meer dan ellendig dat wy zolang gescheiden zyn en verlang ontzaglik naar hem en de kinderen”.<sup>91</sup> Om daad by die woord te voeg het sy in Augustus 1928 in ’n smeekbrief vir Brandt versoek om sy werk as predikant voorlopig te staak en so gou as moontlik met die kinders na die VSA te kom. Sy het vir die hele Brandt gesin ’n wonderlike toekoms in die Amerika voorsien.<sup>92</sup> Brandt het dit nie eers oorweeg nie: sy werk was te belangrik vir hom en hy het nooit Johanna se werk as sodanig goedgekeer nie.

## 7.2 Johanna reis deur die VSA, 16 Junie–13 September 1928

In Junie 1928 het Johanna besluit om New York tydelik te verlaat ten einde ’n konferensie in Portland, Oregon, by te woon. Sy het ’n uitnodiging van die “American and the Oregon Naturopathic associations combined” ontvang om haar druiwekuur by hulle jaarlikse kongres

---

<sup>89</sup> NHKA, LIX 162/ii, mev. McLea aan mej. Springer vir aandag: Johanna, 20 Junie 1928.

<sup>90</sup> NHKA, LIX 175/iv, Johanna aan haar skoonmoeder, 16 Junie 1928.

<sup>91</sup> NHKA, LIX 155/iv, Johanna uit New York aan skoonmoeder, 16 Junie 1928.

<sup>92</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 19 Augustus 1928.

daar in Julie te gaan uiteensit. Dit sou aan haar die geleentheid bied om die Amerikaanse weskus te besoek en haar boonop in aanraking met honderde mense wat in haar kuur belangstel, bring. Teen Juliemaand was Johanna op reis na die konferensie. Sy het aan haar vriende oor die wondere van Amerika geskryf. Van New York deur Pennsylvania en Ohio tot in Chicago het sy met die Pennsylvania Pullman gereis. Van daar af is sy met die Great Northern Railway, wat ook 'n Pullmantrein was, maar net meer luuks en vinniger, na Portland. Die reis het 50 uur geduur. Die trein het van Chicago af by onder meer die volgende plekke aangedoen: St Paul en Minneapolis in Minnesota, Bismarck in Noord Dakota, die staat Montana en die staat Washington. Daar het sy die volgende stede en natuurskoon bewonder: Spokane, Seattle, Everett, Mount Rainier, Tacoma, Olympia en die Columbiarivier.<sup>93</sup>

In 'n brief aan haar gesin wat sy tydens die treinreis geskryf het, het sy haar verwondering uitgespreek oor alles wat sy gesien het: “Van die grootheid van die VSA kan die mens geen besef vorm nie. Ik weet dat Afrika veel groter is maar hier reis ons dag en nag en sover als die oog kan sien is die wereld bewerkt. En tog geef dit die indruk van wilde natuur ... al my vriende het my aangeraai om hierheen te kom. Hulle het hulle geskaam vir N.Y. Voordat julle in Amerika gewees het, kan julle geen idee vorm van die vernuft van die mens nie ... dis die land van automatiese bediening”, het sy geskryf en het na alles verwys – die wonderlike brugkonstruksies, die Pullmanbed, tot die druk van knoppies wat seep uitspuit.<sup>94</sup>

Die konferensie in Portland in die staat van Oregon het 'n week lank geduur. Johanna het agterna aan Brandt geskryf dat sy daar heelwat geleer en talle nuwe vriende gemaak het. Sy het bygevoeg dat sy “the most popular guest at the Convention” was. Daar is oral van haar 'n ophef gemaak en sy is selfs “the adopted daughter of America” genoem, het sy met trots vertel. Verder het sy die konferensie beskryf as 'n plek waar daar “love, unity, harmony, beauty, zeal, enthusiasm and high altruism” was. Sy was ook in haar skik dat die druiwekuur met drs. Lust en Collins se ondersteuning as natuurgeneeskundige behandeling goedgekeur is.<sup>95</sup>

Na die konferensie het sy met 'n lang draai na New York teruggekeer. Daaroor het sy onder meer geskryf: “On the homeward journey I travelled in a motor-car with a party along the Pacific Highway which extends from Canada to Mexico ... This is the most famous and

---

<sup>93</sup> NHKA, LIX 154/ii, Johanna aan vriende van Hotel Wolverine, Michigan, af, 28 Augustus 1928.

<sup>94</sup> NHKA, LIX 152/iv, Johanna vanuit die Great Northern-trein aan haar gesin, 9 Julie 1928.

<sup>95</sup> NHKA, LIX 152/iv, Johanna vanaf Portland aan Brandt, 14 Julie 1928.

wonderful Highway in the world, of concrete polished smooth as billiard-table, winding to dizzy heights along snow-capped mountain ranges, through timber-forests or beside peaceful lakes set like jewels in slumbering valleys. Nowhere in the world will you find the mighty works of the Creator combined to such perfection with Man's handiwork as on that Pacific Highway". Die natuurskoon in Kalifornië was vir haar asemrowend. Sy het daar San Francisco, Sacramento, Berkeley, Oakland, San Jose, waar sy by die hoofkwartier van die Rosekruisers aangedoen het, Santa Barbara en Los Angelos (Hollywood ingesluit) besoek. Vandaar af het sy en haar reisgenote die vaal woestyn noord van Arizona en suid van Nevada oorgesteek. Hulle het Salt Lake City in die staat van Utah besoek en daarna deur Wyoming tot in Colorado gereis waar sy die natuurskoon van die fonteine en berge bewonder het. In die vir haar pragtige stad Denver wou sy die "Tilden School of Health" besoek het, maar dit was ongelukkig vakansietyd en die skool was gesluit. Hulle het die reis voortgesit deur die pastorale en idilliese natuurskoon van Nebraska en vandaar deur Iowa totdat hulle weer Chicago bereik het.<sup>96</sup>

Van Chicago af het sy die pad na Detroit in Michigan gevat waar sy gehoop het om met Henry Ford kontak te maak. Op 16 Augustus het sy van Detroit af 'n brief aan sy privaat sekretaris gerig waarby sy 'n brief aan Ford self ingesluit het met 'n versoek om sy seën oor haar werksaamhede uit te spreek: "Great publicity was given to the Grape Cure. But there are millions of people who have not heard of it and what we need at present time is the protection of someone with influence and power, so that we may go forward fearlessly".<sup>97</sup> Haar dekbrieff aan die privaat sekretaris, waarin sy hom versoek het om bogenoemde versoek aan Ford oor te dra, het afgesluit met die woorde: "Perhaps if you will tell Mr. And Mrs. Ford that a woman, a wife and mother, has travelled 12 000 miles to see them, they may be persuaded to listen to her plea in the interests of Science and Humanity".<sup>98</sup> Sy het haar adres as Hotel Wolverine, Michigan, aangedui maar daar was geen antwoord vir haar toe sy daar aangekom het nie. Dit lyk tog of haar pleidooi nie totaal tevergeefs was nie. Ongeveer 'n maand later het sy vanuit Kanada aan Brandt geskryf: "Daar is uiteindelik goeie nuuws. Die Henry Ford Hospitaal in Detroit is besig om die kuur te ondersoek en het getelefoneer naar die Hotel Wolverine om my te vra om weer naar die Hospitaal te kom. Dit is baie belangrik, want dit is die meest beroemde en die meest wetenskaplike en up-to-date-hospitaal in die wêreld".<sup>99</sup>

---

<sup>96</sup> NHKA, LIX 154/ii, Johanna aan vriende van Hotel Wolverine, Michigan, af, 28 Augustus 1928.

<sup>97</sup> NHKA, LIX 155/iii, Johanna aan Henry Ford, 16 Augustus 1928.

<sup>98</sup> NHKA, LIX 155/iii, Johanna vanaf Detroit aan privaat sekretaris van mnr. H. Ford, 16 Augustus 1928.

<sup>99</sup> NHKA, LIX 152/ii, Johanna vanaf Windsor, Kanada, aan Brandt, 17 September 1928.

Teen die einde van Augustus het Johanna verwag dat haar besoek aan die VSA op 'n einde was en dat sy spoedig die terugreis na Suid-Afrika via Europa sou kon aanpak. Gevolglik het sy die ledige ure wat sy in Detroit deurgebring het, benut om aan haar vriende 'n afskeidsbrief te skryf – min wetende dat sy meer as tien weke later eers sou vertrek. In hierdie brief het sy gewys op die vordering wat daar gemaak is met die Orde van Harmonie. Sy was in haar skik daarmee dat hulle 'n Harmonie-beweging met sy eie sanatorium in New York kon gestig het. Sy het voorspel dat dit net die begin van nog vele Harmonie-bewegings en -sanatoriums sou wees. Sy het haar oortuiging uitgespreek dat: “As long as there is someone at the head of the Order of Harmony who is inspired and directed by the Spirit of God I believe the outward organisation will prosper”. As 'n positiewe gebaar het sy die uitgawe van haar boek *The Grape Cure* wat in Amerika gedruk is, aan die Harmonie-beweging in daardie land opgedra. Daarna het sy afgesluit met die woorde: “As far as America is concerned I believe my mission is over. My real work lies in South Africa”.<sup>100</sup>

### 7.3 Johanna se onbeplande besoek aan Kanada, 13-25 September 1928

Terwyl Johanna nog in Detroit en omgewing vertoef het en besig was om reëlings te tref vir haar terugkeer na Suid-Afrika, het 'n vriendin, dr. Irma Fisher, haar oortuig dat hulle twee met die veerboot oor die Ontariomeer moes vaar en vir 'n dag in Kanada moes gaan kuier.<sup>101</sup> Johanna het oor hierdie impulsiewe heen-en-weertjie agterna in haar dagboek aangeteken: “With [\$]7.66 in purse I set out for Canada on a summer's afternoon for an outing of a few hours and was detained by authorities for twelve days”.<sup>102</sup> 'n Relas oor Johanna se wedervarings in Kanada word in verhaalvorm deur Bep du Toit vertel.<sup>103</sup> Dit het kortliks as volg verloop:

Nadat haar sekretaresse Jessie Springer haar paspoort vir haar gestuur het, verpak in 'n dosie sjokolade, het Johanna en Irma die sjokolade opgeëet en die dosie weggegooi – net om te verneem dat die paspoort onder in die dosie was. Johanna het na die hotel waarin hulle tuis was se agterplaas gegaan, die asblikke deursoek en gelukkig die dosie met die paspoort in opgespoor! Vroeg die volgende oggend het hulle met 'n bus van Detroit af die grens oorgesteek tot in die Kanadese dorp Windsor. Van daar af het hulle aan boord van 'n veerboot 'n wye draai op die meer gery voordat hulle die aand weer aan die Amerikaanse kant afgeklim het. Daar

---

<sup>100</sup> NHKA, LIX 154/ii, Johanna aan vriende, 28 Augustus 1928.

<sup>101</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 263.

<sup>102</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 118a, 13 September 1928.

<sup>103</sup> Du Toit, *Die verhaal*, pp. 263-267.

moes hulle hul paspoorte toon. Johanna was stomverbaas toe grensbeampte haar meedeel dat haar visum al drie maande tevore verstryk het en dat sy gevolglik nie van die veerboot mag afklim nie. Sy moes toe terug Kanada toe en het die nag in 'n goedkoop losieshuis geslaap. Die volgende dag het sy weer met die veerboot na die grens gevaar. Daar gekom het 'n hoë amptenaar haar ondervra. Toe hy vasgestel het wat haar oogmerke was, het hy haar daarvan beskuldig dat sy nie 'n gewone toeris was nie, maar besigheid wou doen, wat beteken dat sy onder valse voorwendsels die land binnegekom het. Hieroor het Johanna in 'n verontwaardigde toon aan haar dogter Emmie geskryf: “Hulle seg ik werk in die U.S.A. Ek is nie 'n tourist nie, maar ‘besigheids mens’. Wel, dis nou waar maar hulle het my skandelik behandel. Ek is nie 'n misdadiger nie. Ek sit nou al vyf dage in dieselfde klere. Slaap kaal tussen die lakens”.<sup>104</sup>

Dit het daarna nog meer as 'n week geneem voordat sy uiteindelik in Kanada 'n tydelike visum gekoop gekry het wat vir ses maande in die VSA geldig sou wees. Nogtans is sy by die grenspos 'n boete van \$600 opgelê omdat sy onder suspisieuse omstandighede gereis het. Dit was betaalbaar voordat sy Detroit kon verlaat. Jessie Springer en Irma Fisher het haar bygestaan om by die immigrasieraad teen die boete te appelleer. Haar appèl was egter net gedeeltelik suksesvol, want die bevinding van die immigrasieraad was dat sy die boetegeld kon terugkry wanneer sy die VSA finaal verlaat, maar sy moes dit eers betaal.<sup>105</sup> Haar vriende het geld bymekaar gemaak om haar boete te betaal. “Gladys Clark sent me 90 dollars with a promise of more. Jessie sent 250, dr. Collins 100”.<sup>106</sup> Die volgende dag het sy opgewonde geskryf: “Dearest ones. Rejoice with me that the deep, deep tribulation of the past two weeks is over, and I am about to depart for New York.”<sup>107</sup>

#### **7.4 Die laaste vyf weke in die VSA, 27 September–12 November 1928**

Na haar wederverings in Kanada kon Johanna nie wag om met die terugtog na Suid-Afrika te begin nie. Daar het uiteindelik sowat vyf weke tussen die einde van haar besoek aan Kanada en haar vertrek uit die VSA verloop. Dit kan in hoofsaak daaraan toegeskryf word dat sy nog enkele verpligtinge gehad om na te kom. Boonop moes sy haar geldsake agtermekaar kry voordat sy kon vertrek. Dit het ingesluit dat sy haar skuld moes betaal en haar passaat na Nederland moes koop. In hierdie verband is sy deur 'n Suid-Afrikaner wat hom in Amerika

---

<sup>104</sup> NHKA, LIX 152/iv, Johanna vanuit Windsor, Kanada, aan Emmie, 17 September 1928.

<sup>105</sup> Du Toit, *Die verhaal*, pp. 263-267.

<sup>106</sup> NHKA, LIX 147/iv, Johanna aan haar gesin vanaf Windsor Hotel, Windsor, Kanada, 23 September 1928.

<sup>107</sup> NHKA, LIX 147/iv, Johanna aan haar gesin, 27 September 1928.

gevestig het, Fanie Ferreira, bygestaan. Hy het aan haar die geld geleen om vir haar terugreis te betaal. In ruil daarvoor sou sy 'n boek oor sy lewe skryf.<sup>108</sup>

Op 16 Oktober 1928 het sy haar eerste radiopraatjie oor die stasie WBBR in New York gelewer. Sy het eerstens die “World Harmony Movement” bekend gemaak, maar daarby die wondere en voordele van die druiwekuur gepromoveer en vertel hoe dit veral kanker, maar ook ander kroniese toestande soos reumatiek en “digestive disturbances”, genees het. Daarna het sy haar lewensgekiedenis vertel, haar siektes en hoe die druiwekuur haar genees het.<sup>109</sup> Intussen het Jessie Springer 'n onthaal ter ere van Johanna gereël. Sy het dit só aangekondig: “Mrs. Johanna Brandt, author of *The Grape Cure* and founder of the World Harmony Movement, is planning to return shortly. Knowing that many who have read her book or heard her lecture will be desirous of seeing her before she leaves these shores, we have arranged a reception in her honor, to be given ...October, 31<sup>st</sup>, at 8 P.M.”<sup>110</sup> Johanna het tydens die funksie onder andere die volgende gesê: “[In] bidding farewell to my friends and fellow-workers in Amerika, I wish to announce that the purpose for which I came to the United States has been fulfilled. The Grape Cure has been established... see to it that this wonderful remedy of Nature does not fall into oblivion. Another result of my visit has been the founding of the World Harmony Movement, it is ...

- a spiritual movement...promoting harmony between races ...

-a Universal Peace Movement, non political, non-sectarian ...

-a Union of Reformers... teaching that a pure spirit shall dwell in a healthy body ...”<sup>111</sup>

Aan die begin van November het Johanna nog steeds briewe van ondersteuners in verskeie stede wat hulp gevra het met die stigting van 'n Harmony Sentrum ontvang, soos die volgende versoek: “Before you leave us [help us] to get started here in Los Angeles with regard to organising a centre”.<sup>112</sup> Dit was egter nou die verantwoordelikheid van mej. Jessie Springer, wat Johanna se organisatoriese werk oorgeneem het, om die navrae te hanteer en die nodige advies en dokumente te verskaf sodat sentrums gestig kon word. Johanna het op 2 November

---

<sup>108</sup> Du Toit, *Die verhaal*, pp. 259-260 en 267.

<sup>109</sup> NHKA, LIX 155/iii, Johanna se radiopraatjie, New York, 16 Oktober 1928.

<sup>110</sup> NHKA, LIX/156/ii, kennisgewing van Jessie Springer.

<sup>111</sup> NHKA, LIX/156/iii, pamflet: “The World Harmony Movement” – toespraak van Johanna, 31 Oktober 1928.

<sup>112</sup> NHKA, LIX/157/iii, S.D. Tittley, Los Angeles aan Johanna, 2 November 1928.

1928 finaal van die VSA afskeid geneem toe sy aan boord van die *Mauretania* na Europa gevaar het met die doel om van daar af na Suid-Afrika terug te keer.

## 8. Johanna se terugreis na Suid-Afrika, 2 November–16 Desember 1928

Johanna was tydens haar reis van Europa af na die VSA, baie opgewonde en kon nie uitgepraat raak oor die voorkoms en luukse van die *Leviathan* nie. Met die terugreis het sy in haar korrespondensie niks oor die *Mauretania* geskryf nie, al was dit ook destyds een van die wêreld se vinnigste en grootste passasiersbote en was dit ook baie luuks toegerus.<sup>113</sup> Dit kan daaraan toegeskryf word dat sy uitgeput was na al die onsekerhede en komplikasies wat met haar lang buitelandse reis, wat toe al meer as 16 maande aan die gang was, gepaard gegaan het. Haar grootste verlange was om weer tuis te wees, soos bevestig word deur die inhoud van die brief wat sy tydens die vaart tussen New York en Southampton aan Brandt geskryf het: “Dit was nou nie verkeerd om Amerika te verlaat, maar geen konsiderasie kon my langer daar hou nie. Alle goeie dinge het op die laaste minuut plaasgevind. Heel onverwags, toe ik byna alle hoop verloor het, ’n hartlike brief van Dr. McClure (Henry Ford Hospitaal) om te seg dat hy nou twaalf kankerpatiënte op die Druwe Kuur het en dat hulle allemaal beterende is ... Nou begin iedereen naar my te vraag dit is net goed dat ek nou weg is. Hulle kon my veel beter behandel het, om die reuse taak te volbreng. Soos dinge nou is, het ek skitterende vooruitsigte, maar ik kom naar huis met lege beurs. Die onkoste was geweldig en onse medewerkers is arm”. Sy het verder vertel dat McClure haar belowe het: “You will have full recognition” en bygevoeg dat “Henry Ford was die hele doel van my Amerikaanse reis. Wetende dat hy van al die millioenaires absoluut seker een van die ‘ingewyde siele’ was wou ik hom wen vir Harmonie en die Kanker Kuur”. Sy het byna hoop verloor maar was bly dat hulle nou die kuur in sy hospitaal toegepas het. Oor die seereis self het sy bloot aan Brandt geskryf: “Nare reis. Ik is al moeg van slaap. Kan niks anders uitvoer nie. Goed om te rus na die grote drukte van N.Y.”.<sup>114</sup>

Nadat hulle die aand van 13 November Southampton bereik het, was sy as gevolg van ’n fout wat die betaalmeester met haar bespreking gemaak het, die laaste wat aan wal gestap het. Sy het gevolglik die boottrein na Harwich verpas. Haar kommentaar daaroor aan Brandt was: “Dit is vreemd hoe mense altyd flaters begaan als hulle met my te doen kry”.<sup>121</sup> In die nag van 14

---

<sup>113</sup> RMS *Mauretania* (1906), *Mauretania*, <https://en.wikipedia.org/wiki/RMSMauretania> (1906), geraadpleeg op 2015-11-16.

<sup>114</sup> NHKA, LIX 147/iv, Johanna aan boord van die *Mauretania* aan Brandt, 12 November 1928.<sup>121</sup> NHKA, LIX 147/iv, Johanna aan Brandt, 19 November 1928,



op 15 November het sy met die veerboot oor die Engelse kanaal na Hoek van Holland gevaar. Van daar af is sy met die sneltrein na Rotterdam, toe met 'n stadige trein na Arnhem en uiteindelik met 'n taxi na Velp. Haar skoonmoeder en Mira was baie bly maar stomverbaas om haar te sien, want hulle het nie haar brief ontvang waarin sy hulle oor haar koms meegedeel het nie. Sy het haar 52ste verjaardag op Sondag 17 November saam met 'n groep Nederlandse familie en kennisse by 'n luukse vakansieoord, die Wildbaan, met 'n groot fees gevier. Sy het die paar dae wat sy daar deurgebring het, baie geniet en was verheug oor al die familieleden wat sy te siene gekry het. Op 22 November het sy per trein van Velp na Amsterdam gereis en vandaar steeds per trein na Hoek van Holland. Tydens hierdie rit het sy haar skoonmoeder en Mira in 'n brief bedank vir die hartlike ontvangs wat sy by hulle ontvang het: “Nooit sal ik het genot, de rust en vrede van de afgelopen week vergeten”, het sy hulle verseker.<sup>115</sup>

Nadat sy sowat nege dae by Louis, haar oudste seun, wat in Londen ingenieurswese studeer en gewerk het, deurgebring het, het sy op 3 Desember aan boord van die *Saxon*, 'n passasiersboot van die Union Castle Line, van Southampton af na Kaapstad vertrek.<sup>116</sup> Toe die boot op 15 Desember Kaapstad genader het, het sy in 'n opgewonde stemming haarself as volg in 'n brief uitgelaat: “My hart is soos 'n Springbokkie vandaag – weet van blydschap nie watter kant om te huppel nie. Moeilik om te gloo dat ons oor dertig uur in Tafel Baai sal wees. Die reis was meer dan verruklik”.<sup>117</sup> Die boot het op 16 Desember in Tafelbaai vasgemeer. Johanna het onverwyld die trein na Johannesburg gehaal, waar Brandt asook al hulle kinders buiten Louis, Emmie en Mira haar ingewag het.

Wat Brandt betref: sy korrespondensie aan sy moeder in Nederland, wie sy vertroueling was tydens die onstuimige jare in Johanna se lewe, toon dat hy Johanna se reis met berusting aanvaar het. Sy korrepondensie met Johanna self tydens haar reis dui ook daarop. In Augustus 1928 het hy selfs aan sy moeder geskryf: “Ik begin nu wel te verlangen dat sy moet terugkomen, maar sy moet eerst haar werk daar klaar maken als sy ooit soover zal komen, dat het klaar is, want het schynt zich steeds uit te breiden”.<sup>118</sup> Hy het op 19 Desember 1928 haar tuiskoms as volg aan sy moeder beskryf: “Johanna is direct doorgekomen naar Johannesburg, waar zy Dinsdag middag tegen half vijf aankwam. Frans was aan den trein om haar te halen.” Brandt self was aanvanklik nie van plan om stasie toe te gaan nie, aangesien hy 'n paartjie moes trou, maar op

---

<sup>115</sup> NHKA, LIX 175/iv, Johanna op trein aan skoonmoeder en Mira, 23 November 1928.

<sup>116</sup> NHKA, LIX 175/iv, Johanna op *Saxon* aan skoonmoeder, 3 Desember 1928.

<sup>117</sup> NHKA, LIX 175/iv, Johanna op *Saxon* aan Emmie en Kellie, 15 Desember 1928.

<sup>118</sup> NHKA, LIX 154/iii, Brandt aan sy moeder, 12 September 1928.

die ingewing van die oomblik het hy en Andries tog gegaan. “Wij ry heel hard en kwam om 3.50 in Johannesburg ... en om 4.20 waren wij ook aan den trein.” Hy en die vier seuns was verheug om haar weer te sien.<sup>119</sup> Johanna het aanvanklik beplan om slegs vier maande weg te wees maar haar reis het uiteindelik byna 18 maande lank geduur. Haar jongste seun Chris het twee keer verjaar terwyl sy weg was. Moontlik het hy met haar terugkeer vergeet hoe hy haar met haar vertrek gesmeek het om tog gou terug te kom.

## 9. Johanna se publikasies tydens haar reis na en verblyf in die buiteland

### 9.1 *The Red Octopus*

Johanna het op pad na Brittanje al begin met die skryf aan *The Red Octopus*, maar sy het nie ver gevorder nie. Toe sy in Londen was, net na haar besoek aan Nederland (waar sy ook ’n bietjie aan die boek gewerk het), het sy in alle erns verder geskryf, want sy besef dat haar fondse raak min. Die potensieële inkomste van die boek was broodnodig vir haar reisplanne. Dit is opvallend dat sy in haar reisdagboek aangeteken het dat sy nie wou hê dat brandt moes weet dat sy die boek skryf nie, want hy sou nie met die strekking daarvan tevrede wees nie.<sup>120</sup>

Die boekie wat uit 56 bladsye bestaan het, handel oor die opkoms van Kommunisme en hoe dit die hele wêreld in ’n greep gaan vasdruk. Sy het in Londen “de blok ... laten maken voor omslag – ’n kaart van de wereld met de R.O. [*Red Octopus*] in die Atlantiese O[seaan] met zyn armen de wêreld delen omsingelende”.<sup>121</sup> Dit stel visueel voor hoe die lande oor die aarde heen “opgesuig” gaan word en deel gaan word van die kommunistiese ideologie. Volgens Johanna het dit al reeds na 1917, met die Bolsjewistiese rewolusie in Rusland, begin en sou dit oor ’n hele aantal dekades voortduur. Sy het ook haar mening gelug oor die gevaar wat kommunisme ingehou het en het lande gewaarsku om te waak teen die ‘opsuig’, want dit sypel onverwags die lande binne. Sy het voorspel dat Suid-Afrika nie ’n prooi sal word nie, want teen daardie tyd sou kommunisme al verswak het. Die tentakels van die seekat op die voorblad raak ook nie aan Suid-Afrika nie.<sup>122</sup>

---

<sup>119</sup> NHKA, LIX 175/v, Brandt aan sy moeder, 19 Desember 1928.

<sup>120</sup> NHKA, LIX 176/I, Reisdagboek, p. 7.

<sup>121</sup> NHKA, LIX 153/i, Johanna aan haar skoonmoeder, 9 Oktober 1927.

<sup>122</sup> J. Brandt, *The Red Octopus*, p. 27.

Terwyl sy in Oktober 1927 in Londen was, het Johanna daarin geslaag om die dienste van 'n sekretaris, Redmond Roche, te bekom. Daar is nêrens in haar dokumentasie 'n aanduiding van hoe Roche vergoed is nie, maar Johanna het onder meer gemeld dat hy pamflette te laat druk het. Haar verwysings na hom skep die indruk dat hy haar tyd gespaar het, maar dat hy soms foute met opdragte gemaak het. Sy het hom ook ingespan om te help met die proefleeswerk en verspreiding van *The Red Octopus*.<sup>123</sup> Die drukker van die boek se van was Law. Johanna het hom beskryf as “'n Ier uit die werkmanstand, kon byna nie skryf nie, maar dit was die man wat dit gewaag het om die ‘Protocols’ te druk”.<sup>124</sup> Hy en Johanna het goed bevriend geraak. Nadat sy 'n paar uur met hom gesels het, skryf sy: “Hoe meer ik sien van die tiepiese, snaakse, regvaardige, praktiese, idealistiese ou Ier, hoe meer hou ik van hom. Waarlik, die Heer het hom op my weg gestuur”.<sup>125</sup>

Tussen al die lesings wat sy gegee het en vergaderings wat sy bygewoon het, het sy elke beskikbare oomblik gebruik om aan die boek te skryf. Soos sy die hoofstukke voltooi het, het sy dit na die drukker geneem. Hoe gouer die boek op die mark kon kom, hoe gouer sou sy die geld bymekaar kon skraap om vir haar bootreis na die VSA te kon betaal. *The Red Octopus* se manuskrip was uiteindelik om half twaalf die aand van 8 Oktober 1927 voltooi. Johanna het in haar reisdagboek aangeteken dat dit was terwyl sy depressief gevoel het, na haar man verlang het, in 'n staat van droefheid en verlatenheid verkeer het en daar digte, geel mis dig oor Londen gehang het.<sup>126</sup>

Hierna was Johanna steeds soms ongeduldig, want daar het 'n aantal haakplekke met die drukwerk opgeduik voordat alles persgereed was. Dit het ingesluit dat daar suiërs vir die seekat op die voorblad ingeteken moes word.<sup>127</sup> Op 18 Oktober het sy in haar reisdagboek aangeteken dat sy besluit het dat sy op haar eie bene moes staan, op die Here moes vertrou en die gevaar alleen moes trotseer.<sup>128</sup> 21 Oktober breek aan, die dag waarop die uitgewers belowe het dat die publikasie afgehandel sou wees, maar helaas, hulle was nog nie klaar nie. Die drukker het haar inderdaad meegedeel dat dit nog ten minste twee tot drie weke sou duur voordat *The Red Octopus* gereed sou wees.<sup>129</sup>

---

<sup>123</sup> NHKA, LIX 153/i, Johanna aan haar skoonmoeder, 9 Oktober 1927.

<sup>124</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 18, inskrywing op 30 September 1927.

<sup>125</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 19, inskrywing op 1 Oktober 1927.

<sup>126</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 24, inskrywing op 8 Oktober 1927.

<sup>127</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 28, inskrywing op 27 Oktober 1927.

<sup>128</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 29, inskrywing op 18 Oktober 1927.

<sup>129</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 31, inskrywing op 21 Oktober 1927.

Alhoewel die grootste oplaag van *The Red Octopus* uiteindelik in Brittanje en die VSA gedruk is, is die boek later ook in Suid-Afrika gedruk. Daar is nêrens 'n aanduiding van die totale aantal wat gedruk is nie. Die inkomste wat sy uit die publikasie gemaak het, was nie groot nie, want dit is destyds teen net een sjieling per boek verkoop. Sy het honderde advertensiepamflette daarvoor laat druk en dit wêreldwyd aan boekhandelaars versend,<sup>130</sup> wat natuurlik ook 'n uitgawe was. Dit is nie bekend hoe die boek deur die publiek ontvang is nie. Die feit dat sy nie in Suid-Afrika was toe die publikasie op die mark verskyn het nie, kan waarskynlik as verklaring dien waarom daar geen resensies van of persverslae oor die publikasie in die Brandt-argiefversameling opgespoor kan word nie.

## 9.2 *The Grape Cure/Die Druivekuur*

In hoofstuk 8 is die geskiedenis van Johanna se eerste uitgawe van *The Grape Cure* asook reaksie op daardie boek bespreek.<sup>131</sup> Vroeër in hierdie hoofstuk is aangedui dat sy vroeg in 1928 die oorspronklike manuskrip hersien en met die oog op 'n herdruk uitgebrei het. Die Engelse uitgawe daarvan is teen die einde van Maart 1928 in Amerika gepubliseer en was, nadat 'n aantal hindernisse oorkom moes word, so suksesvol dat daar vinnig nuwe uitgawes verskyn het.<sup>132</sup> Een van Johanna se grootste aanvanklike hindernisse in die VSA was om die *The Grape Cure* gedruk te kry. Nadat die Harmonie-organisasie 'n eie, onafhanklike drukkerij gekry het, het dit veel beter gegaan. Die agtste uitgawe is reeds teen die einde van 1928 gedruk en die boek het goed verkoop.<sup>133</sup>

Die eerste Afrikaanse weergawe van die hersiene uitgawe het eers in 1948 verskyn. Johanna het dit self vertaal en in die voorwoord geskryf: “Die *Druivekuur* is nog nooit in S.A. gepubliseer nie, omdat ik al my lesings in het winter gehou het toe daar geen druive was nie. In Amerika ... is hier altyd volop druive”. Sy het bygevoeg dat sy in 1928 so besig was met lesings aanbied en met skryfwerk, dat sy nie tyd gehad het om aan die Afrikaanse weergawe te werk nie. Buitendien was dit nie daar niemand in Amerika wat die Afrikaanse weergawe sou kon lees nie. Op daardie stadium het sy inderdaad nie gedink sy sal dit ooit in Afrikaans vertaal nie, maar toe die NP in 1948 aan bewind gekom het, het sy die Afrikaanse taal as deel van die

---

<sup>130</sup> NHKA, LIX 176/i, Reisdagboek, p. 27, inskrywing op 12 Oktober 1927.

<sup>131</sup> NHKA, LIX 158/vii, brosjure: *The Grape Cure*, 1925.

<sup>132</sup> NHKA, LIX 156/ii, Johanna aan gesin, 4 April 1928; Du Toit, *Die verhaal*, p. 259.

<sup>133</sup> NHKA, LIX 158/vii, kennisgewing: *The Grape Cure*, 1928. (Gedruk in New York).

“oorwinning” beskou en besluit om die *The Grape Cure*, wat nog steeds gewild was, in Afrikaans te laat verskyn. Die drukkers en uitgewers was die Nasionale Boekdrukkery, Kaapstad.<sup>134</sup>

Die voorwoord tot die sewende Engelse uitgawe (1928) is deur Benedict Lust, wat volgens Johanna die bekendste natuurgeneeskundige in die VSA was, geskryf. Johanna het ’n vertaalde weergawe daarvan in haar voorwoord tot die Afrikaanse uitgawe van *Die Druiwekuur* in 1948 opgeneem. Daarvolgens het Lust geskryf: “Dit was my voorreg om haar aan Amerika voor te stel, en vir die dienste wat sy bewys het aan die lydende mensheid het die Amerikaanse Skool van Natuur-Genesing haar die eregraad van dokter vir die bekwaamheid uitgereik”.<sup>135</sup>

Die inhoud van die publikasie in beide Afrikaans en Engels het uit nege hoofstukke bestaan. Dit het nie net oor die kuur gehandel nie, maar het inligting ingesluit oor haar lewensverhaal. In die eerste hoofstukke het Johanna vertel van haar siektes, haar eksperimente met onder meer kruie en boererate en van die vaskuur. Sy het voorts vertel hoe sy op druiwe as geneesmiddel in Suid-Afrika afgekom het, maar bygevoeg dat die dokters in die VSA nie aan die vas- of die druiwekuur geglo het nie en dat sy hulle moes gaan oortuig. Hierna het sy vertel van haar besoek aan die VSA, aan mej. Jessie Springer krediet gegee vir die onbaatsugtige hulp wat sy verleen het, van hulle stigting van die Sentrum vir Harmonie (in Engels *The Order of Harmony*) en van haar besoek aan die westelike state van die VSA.<sup>136</sup>

Hoofstukke 4 tot 9 van die publikasie het gehandel oor medies-verwante studies en pasiënte. Die eerste proefgevalle beskryf drie gevalle van uiters siek pasiënte wat tydens operasies vermink is maar wat sy met ’n kombinasie van die vaskuur en die druiwekuur behandel het. Daarna het sy die oorsake van kanker bespreek. Sy het dit as die hooforsaak van kanker uitgesonder. Daarna het sy verduidelik dat die natuurgeneser aan vars lug, koue water, rou kos, koue baddens en kompresse geglo het. Johanna het die gebruik hiervan in twee hoofstukke bespreek omdat sy dit as uiters belangrik beskou het.<sup>137</sup>

Die laaste hoofstukke handel oor natuurlike dieëte. Wenke word gegee oor die eet van ander voedsel en gekookte maaltye. Druiwe moet altyd apart geëet word. Verder word die verskil

---

<sup>134</sup> J. Brandt, *Die Druiwekuur* (1948-uitgawe), voorwoord.

<sup>135</sup> J. Brandt, *Die Druiwekuur* (1948-uitgawe), voorwoord.

<sup>136</sup> J. Brandt, *Die Druiwekuur* (1948-uitgawe), hoofstukke 1-3, pp. 1-50.

<sup>137</sup> J. Brandt, *Die Druiwekuur* (1948-uitgawe), hoofstukke 4-6, pp. 51-102.

tussen organies (afkomstig van plante en diere) en anorganies (bestaan nie uit dierlike of plantaardige voedingstowwe nie) verduidelik en hoe dit die dieet beïnvloed. Ten slotte word 'n geheimsinnige vuur, of die siekte *tic doulouteux*, bespreek. 'n Persoon kan geweldige hoofpyn kry as gevolg van are wat versprei in die brein. Dit is baie pynlik, oorerflik en ongeneeslik. Sy het geglo dat die druiwekuur kan help vir dié siekte, maar nog nie genoeg pasiënte is behandel om dit te bewys nie.<sup>138</sup>

Daar het heelwat artikels en besprekings oor Johanna se *The Grape Cure* die lig gesien. Die eerste hiervan het reeds tydens haar besoek aan die VSA asook kort daarna in tydskrifte en koerante verskyn. Daar duik vandag steeds sporadies internet-artikels daaroor op. Tipiese voorbeelde van kommentaar oor *The Grape Cure* sluit die volgende in:

- 'n Artikel van R. Lincoln Graham, M.D., in die tydskrif *Light of Truth* van 27 Desember 1928 waarin hy Johanna die volgende lof toeswaai: “The Readers of this work of Mrs. Brandt should recognise extreme efforts of this self-sacrificing noble woman, in bringing her messages to unfortunate victims of grave and ... hopeless diseases, and her almost superhuman labours to tell you and the world what she knows the “Grape Cure” has done for herself and for many others ... in the simple uses of Grape eating and Water Drinking.” Hy het die artikel afgesluit met die stelling: “I am encouraged in my hope of proving the great remedy will succeed where all else has failed”.<sup>139</sup>
- 'n Artikel van Frederic W. Collins, M.D., A.M., met die titel “Advice to cancer sufferers who contemplate taking the Grape Cure”, wat in die tydskrif *Light of Truth* van The School of Liveable Christianity verskyn het. Hierin het hy pasiënte aangeraai om dadelik medikasie, x-strale en radium-behandeling te staak en na tien dae met die druiwekuur te begin, soos mev. Brandt dit in haar boek, *The Grape Cure*, voorskryf. Hy bespreek die behandeling van velkanker, “Reynaud’s” se siekte en enkele ander vorms van kanker deur middel van die druiwekuur. Aangesien hy groot sukses behaal het, beskou hy dit as “a great victory for Physical Culture and Drugless Healing methods”.<sup>140</sup>
- Die artikel “Cancer and the ‘Grape Cure’”, wat ook in die tydskrif *Light of Truth* verskyn het. Hierin word Johanna se vaskuur en die druiwekuur daarin geassosieer met “the

---

<sup>138</sup> J. Brandt, *Die Druiwekuur* (1948-uitgawe), hoofstukke 7-9, pp. 103-135.

<sup>139</sup> NHKA, LIX 156/ii, uittreksel uit artikel, 27 Oktober 1928.

<sup>140</sup> NHKA, LIX 155/iii, *Light of Truth*, 1 November 1928.

spiritual unfoldment, and is considered an important discipline by which the will of the flesh is subjected to the Divine Will”. Die hele artikel het ’n godsdienstige inslag en toon ooreenkomste met Johanna se boek *Millennium*.<sup>141</sup>

- Stephen Barrett, M.D., het in *The Grape Cure* Johanna se behandeling van kanker met die druiwekuur baie negatief beskryf. Barrett het selfs nie Benedict Lust, dr. Potter en Macfadden – groot naturopate van die 20e eeu – se geloof in die druiwekuur aanvaar nie. Die Amerikaanse poswese het in 1950 op grond van Barrett en sy navolgers se aansprake dat daar geen mediese bewyse van suksesvolle behandeling met druiwe gevind kon word nie, geweier om voortaan Johanna se boeke per pos te verkoop. Dit is en word steeds as kwaksalwery beskou.<sup>142</sup>
- “Return of the Grape Cure” is ’n artikel op die internet wat verwys na die vele kere wat die druiwekuur al as geneesmiddelgebruik is, veral vir kanker. Volgens die artikel is baie van die naturopate wat aan die druiwekuur geglo het, “quackbusters” genoem, maar die skrywers van die artikel spreek die hoop uit dat die “American Medical Association will reserve a spot in its alternative pantheon for the much maligned Ms. Brandt”.<sup>143</sup>
- Basil Shackleton se boek *The Grape Cure*. Dit is in die 1960’s geskryf. Die skrywer was vir ongeveer 40 jaar ernstig siek aan nephritis (lewerinfeksie) en het uit desperaatheid homself met druiwe begin behandel. Hy het nie presies geweet hoe om dit te gebruik nie want hy het net vaagweg daarvan gehoor. Hy het in Suid-Rhodesië (vandag Zimbabwe) gewoon en het nie geweet die kuur is deur Johanna in Suid-Afrika ontwikkel nie. Alhoewel hy sy eie medisyne van druiwe gemaak het, het hy ’n kans gevat en dit gebruik. “The outcome, after twenty-three days on the treatment, was so successful that it can be likened to an absolute miracle!”, het hy in die boek verklaar.<sup>144</sup> Terwyl hy daarna op besoek in Kaapstad was, het hy by ’n natuurgeneser van Johanna se publikasie gehoor, dit in die hande gekry en ook daarin geslaag om Johanna, wat toe in Kaapstad gewoon het, te ontmoet. Daaroor het hy geskryf: “Dr. Johanna Brandt was a remarkable old lady ... who, I am happy to relate, became a staunch and lovable friend. She was hale and hearty

---

<sup>141</sup> NHKA, LIX 156/ii, *Light of Truth*, Augustus 1928, pp. 41-43.

<sup>142</sup> *The Grape Cure*, <http://www.stephenbarrett.com/cach382.html>, geraadpleeg op 30 Januarie 2010.

<sup>143</sup> *Return of the Grape Cure*, <http://www.ralphmoss.com/cach382.html>, geraadpleeg op 30 Januarie 2010.

<sup>144</sup> B. Shackleton, *The Grape Cure. A Living Testament*, p. 7.

on her 85<sup>th</sup> birthday, with not one of her faculties impaired, and she was still visiting and treating patients with the magical grape”. Shackleton het absoluut aan Johanna se kuur geglo en het haar boek beskryf as “an inspired classic, brilliantly and very beautifully written from the heart”, wat in elke huis behoort te wees.<sup>145</sup>

Hierdie is slegs enkele voorbeelde van kommentaar op die *The Grape Cure*. Geen kommentaar in Afrikaans kon opgespoor word nie. Dit is duidelik dat haar omstrede druiwekuur uiteenlopende reaksie ontlok het. Daar is nog nooit wetenskaplike toetse gedoen oor die waarde van Johanna se bevindinge nie. Dit is duidelik dat sy aan die een kant lof gekry het (en steeds kry), maar aan die ander is daar skeptici wat met reg vra of die kuur regtig werk. Sommige kritici verwerp haar summier. Die boek *The Grape Cure* word nogtans tot vandag toe nog te koop aangebied.<sup>146</sup>

### 9.3 *Anchored in America*

Dit is die verhaal van Fanie Ferreira, die oud-Suid-Afrikaner vir wie Johanna in Amerika raakgeloop het en wat aan haar die geld vir haar terugreis na Suid-Afrika geleen het.<sup>147</sup> Johanna het aan boord van die *Mauretania* tydens die terugreis aan Brandt geskryf dat dit vertel hoe Fanie “als kind gesteel is en met ’n sirkus aanvanklik weggevoerd is, hoe hy vir land en volk geveg en gebloei het, hoe hy geswerf het op die aarde omdat hy nie [na die Anglo-Boereoorlog] die eed van getrouheid [aan die Britse koning] wou neem nie en hoe hy eindelijk in Amerika te lande gekom het en daar nou geanker is met vrou en kind”. Sy het verklaar dat die boek baie meer sensasioneel as *Die Kappie Kommando* was en het bygevoeg dat die publiek in Amerika gretig was vir sulke boeke. Ene Madam Bouvet het haar gehelp om ’n ‘scenario’ (draaiboek) te skryf en om dit na Hollywood te stuur. Johanna het \$10 000 gevra en het 12 kopieë aan die grootste maatskappye wat die rolprente kontroleer, voorgelê. As die draaiboek iewers aanvaar word, het sy gehoop om miskien twee keer soveel vir die filmregte te kry.<sup>148</sup>

---

<sup>145</sup> B. Schackelton, *The Grape Cure. A Living Testament*, p. 111.

<sup>146</sup> Grape Cure Mass Market Paperback – May 19, 2015 – by Johanna Brandt (Author), <https://www.amazon.com/Grape-Cure-Johanna-Brandt/dp/0879040025>, geraadpleeg op 1 Julie 2016.

<sup>147</sup> NHKA, LIX 155/i, *Anchored in America* (Johanna se verhaal van Fanie Ferreira).

<sup>148</sup> NHKA, LIX /147iv, Johanna, op *Mauretania*, aan Brandt, 12 November 1928.



Aangesien daar in geen van haar latere korrespondensie melding gemaak word van Fanie Ferreira en *Anchored in America* nie, kan aanvaar word dat haar verwagtinge nie verwesenlik geraak het nie. Daar is ook geen aanduiding dat sy ooit die reisgeld aan Ferreira terugbetaal het nie.

## 10. Ten slotte

Johanna het sedert sy met natuurgeneeskunde begin eksperimenteer het, die begeerte gehad om die bekende natuureenskundiges waarvan 'n groot aantal in die VSA bedrywig was, te ontmoet. Die sukses wat sy geglo het dat sy behaal het met die vaskuur (in ongeveer 1920) en later met die druiwekuur (1925) het, het haar begeerte versterk. Op die uiteinde het sy halsoorkop via Europa na die VSA vertrek, sonder om ag te slaan op wat van haar gesin en haar ander verpligtinge sou word. Sy het gevoel dat haar “werk” van soveel belang was dat dit haar gedwing het om te gaan. Toe die moontlikheid om haar in die VSA te vestig opgeduik het, het sy van haar gesin verwag om by haar aan te sluit – sonder enige waarborg dat hulle finansiële sekuriteit sou hê. Brandt het geweier om te verhuis en hulle so van 'n moontlike dilemma gered.

Haar ondeurdagte vooraf reëlings het van swak beplanning getuig. In die eerste plek het sy nie genoeg geld gehad om so 'n uitgebreide reis te kon aanpak nie, met die gevolg dat sy soms letterlik moes bedel om te kon oorleef. Sy het wel genoeg kontakpersone in Engeland, Nederland en die VSA gehad en aan hulle geskryf dat sy aan die kom is, maar het nie seker gemaak watter datums hulle sou pas om haar te ontvang nie. Gevolglik het sy in die vakansietyd in Engeland en in Nederland aangekom en was selfs haar skoonmoeder nie tuis toe sy haar wou besoek nie. Sy was nie voorbereid op die konflikte wat sy met die mediese owerhede in beide Brittanje en die VSA ondervind het nie. Die grootste flater wat sy begaan het, was om nie seker te maak van haar dokumentasie nie, al was dit nie die eerste keer wat sy oorsee gereis het nie. Die probleem wat sy in Kanada met haar visum opgedoen het, kon veel groter gewees het as dit nie was dat haar vriende haar te hulp gesnel het nie. Sy het gesukkel om haar boeke gedruk te kry en te verkoop. Dit kom voor asof sy blindelings opgetree het – net om haar drome te verwesenlik.

Een van Johanna se grootste swakhede was dat sy bekend wou raak en met bekendes geassosieer wou wees. Sy het waarskynlik gereken dat sy sodoende erkenning (of selfs dalk roem) vir haar eie prestasies sou kry. Sy kon nie daarin slaag om direk met John D. Rockefeller

of Henry Ford kontak te maak nie, maar sy het hulle name gebruik waar sy kon. Sy was in haar noppies oor die titels en toekennings wat sy in die VSA gekry het en het dit later met trots in Suid-Afrika op haar publikasies en dokumente gebruik.

’n Besondere persoonlikheidskenmerk van Johanna wat deur haar reis onderstreep is, was haar onblusbare weetgierigheid en daarmee saam haar drang om haar kennis met almal te deel. Sy het haar besoek aan die konferensie by Ommen as ’n belangrike ondervinding beskou. In Londen het sy soveel moontlik oor die Joodse organisasie, die BIWF, probeer uitvind. Sy is seker een van die min mense wat vreemde geestelike ervarings beleef het, soos die besoek aan die huis in New York, waar haar fortuin vertel is. Al hierdie ervarings was vir haar interessant, leersaam en is pligsgetrou deur haar iewers aangeteken. Wat ook opval was die skerpsinnige wyse waarop sy al die besienswaardighede op die *Leviathan* en in die VSA aangeteken het. Haar reis na die weste van VSA en weer terug na New York is kleurvol en geografies korrek beskryf: op so ’n manier dat die leser in die gees saam met haar gereis het. Sy het selfs haar traumatiese wedervarings in Kanada op ’n humoristiese wyse aangeteken.

Johanna se verlange na haar man en kinders het telkens in haar briewe aan hulle duidelik na vore gekom, maar dit het haar nie verhoed om langer as die beplande tyd weg van hulle te wees nie. Uit die laaste briewe voor sy tuis gekom het, is dit duidelik dat sy opgewonde was om hulle weer te sien. Brandt was beslis net so opgewonde, soos wat uit die brief aan sy moeder direk na haar terugkeer afgelei kan word.<sup>149</sup> Haar reis het sy nadele gehad maar ook sy voordele: iets wat sy waarskynlik nooit vergeet het nie.

---

<sup>149</sup> NHKA, LIX 175/v, Brandt aan sy moeder, 19 Desember 1928.

## Hoofstuk 10

### Johanna se laaste dekade as predikantsvrou, 1929 – 1939

#### 1. Inleiding

Johanna het op 19 Desember 1928 weer tuisgekom na haar 18 maande lange reis na Brittanje, Nederland en die VSA. Vir die volgende sowat 18 maande het sy haar daarop toegespits om haar ten volle as moeder en predikantsvrou aan die sy van haar man uit te leef. In 1930 het die Brandts na Johannesburg verhuis waar sy haar natuurgeneeskundige bedrywighede hervat het. Boonop het sy by die Nuwe Era-beweging betrokke geraak. Sy het steeds graag gereis en selfs weer Europa besoek. Die Brandts het in die 1930's finansiële noustrop getrek en Brandt se gemeente was onder druk. Uiteindelik is hy gevra om die tuig as predikant neer te lê. Kort daarna het hy as gevolg van 'n fratsongeluk gesterf, waarna Johanna grotendeels uit die openbare oog verdwyn het.

#### 2. Die laaste tydjie in Vereeniging

Johanna was pas terug tuis toe daar 'n nuweling tot hulle gesin toegevoeg is. Dit was nog voor die einde van 1928. Bep du Toit beweer dat dit as volg gebeur het: 'n Bejaarde egpaar het een aand vir Brandt laat roep. Hulle dogter het swanger geword en aan 'n dogtertjie geboorte geskenk. Daardie babetjie was net 'n paar dae oud toe die dogter haar by haar ouers afgelaai het, waarna sy spoorloos verdwyn het. Die ou mense kon nie die kind versorg nie. Johanna het Brandt vergesel ten einde hom te ondersteun. Sy het onmiddellik aangebied dat hulle vir die babetjie sou sorg. Later het hulle, ten spyte daarvan dat hulle albei al in hul vyftigs was, haar amptelik aangeneem. Hulle het haar Benedictine genoem. Sy was volgens Johanna baie soet en 'n plesier vir die boeties om mee te speel. Mettertyd het sy net Bennie geword.<sup>1</sup>

Brandt se gemeentede in Vereeniging het skynbaar nie protes aangeteken oor Johanna se lang afwesigheid tydens haar oorsese reis in 1927-28 nie. Tydens 'n gemeentevergadering op 12 Januarie 1929 is sy inderdaad hartlik terug verwelkom: “Mrs Brandt vertelt een en ander van haar lange reizen in Europa en Amerika en kondigt aan, dat zij later een publieke lezing

---

<sup>1</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 270.

daarover zal houden en over de genezing van kanker en andere ziekten door druiven. Ouderling Basson stelt een motie van hartelike welkom voor aan Mrs. Brandt, die door de gemeente staande wordt aangenome”.<sup>2</sup>

Hierdie positiewe gebaar het moontlik daartoe bygedra dat Johanna haar voorgeneem het om weer haar plig as predikantsvrou uit te leef. Sy het haar na haar terugkeer voltyds met kerklike aktiwiteite besig gehou soos in daardie jare van ’n predikantsvrou verwag was. Sy het selfs op 23 Januarie 1930 in die gemeente ’n Sustersbond gestig. In ’n nuusbrieff aan die gemeente het sy verduidelik: “Die doel van die Vrouevereniging was om die belange van die Hervormde Kerk te behartig deur o.a. te arbeid vir Sondagskool en vir die Weeshuis”.<sup>3</sup>

Dit wil voorkom asof Johanna ’n skuldgevoel gehad het oor die verwaarlosing van huis en haard as gevolg van haar langdurige omswerwinge. Sy het die eerste paar maande na haar terugkeer met groot ywer aan haar huishouding gewerk.<sup>4</sup> Sy het byvoorbeeld gesorg dat die vrugte ingelê word en die konfytbottels vol is. Sy het baie tyd saam met haar kinders deurgebring. Wat haar opgeval het, was hoe baie haar jongste seuns in die 18 maande wat sy weg was, gegroei het.<sup>5</sup> Daar was boonop ander verpligtinge ook. In Februarie 1929 het sy aan haar skoonmoeder verduidelik: “Ik heb weinig tyd om te schryven. Het Amerikaanse mail, vergadering vanmiddag in de Kerk, van de Kommissie van Vrouwen die voor de Bazaar in April werken, en morgen gaan Lou en ik voor vier dagen naar Heilbron voor huisbezoek en nachtmaal. En in de huis is er soveel te doen voordat ik naar Natal ga”.<sup>6</sup> Later dieselfde maand het sy net tyd gehad om ’n kort notatjie onderaan ’n brieff van Brandt aan sy moeder by te voeg: “Vergeef my toch dat ek nie schryf. Te veel te doen in huis, naaldwerk voor saans, bazaar”.<sup>7</sup>

Ten spyte van die tydrowende aard van al hierdie bedrywighede het Johanna nie haar betrokkenheid by natuurgenesing laat vaar nie. Pasiënte het inderdaad van oral af die pastorie kom besoek om hulp vir hul siektes te kry. Sy het oor een van haar pasiënte, ene mnr. Barnard, wat in die publiek van sy genesing getuig het, as volg geskryf: “Hy was zo ellendig ziek en zyn hart zo zwak dat ek bang was om met hom te beginnen. Vreselike aambeien. Huid-uitslag en slechte spysvertering. Hy werd deur twee personen ... in gebracht, half gedragen, en na tien

---

<sup>2</sup> NHKA, Notule, Gemeentevergadering Vereeniging, 12 Januarie 1929.

<sup>3</sup> NHKA, LIX 158/ii, Nuusbrieff van Johanna aan gemeentelede, 23 Januarie 1930.

<sup>4</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 289.

<sup>5</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 269.

<sup>6</sup> NHKA, LIX 175/i, Johanna aan skoonmoeder, 6 Februarie 1929.

<sup>7</sup> NHKA, LIX 166/ii, Johanna aan skoonmoeder, 22 Februarie 1929.

dagen stapte hy ... jong en vrolik, maar met zyn handen en voorarmen in verbanden gewikkeld ... hy was aan de vervellen ... Dit heeft enige weken geduurd voordat hy 'n nieuw vel had. Intussen zyn de aambeiden helemaal genezen, total verdwenen... [en] zyn hart is nu sterker. En dat alles binnen vier weken op dieet van tomaten, verse vruchten en karnemelk”.<sup>8</sup>

### 3. Verhuising na Johannesburg, 1930

'n Verwikkeling wat van groot belang vir Johanna en haar gesin was, was dat Brandt 'n beroep na twee Johannesburgse gemeentes in kombinasie, naamlik Turffontein en Kensington, ontvang het. Hy het dit aangeneem en was positief oor hierdie wending.<sup>9</sup> Op 6 Junie het hy van die Vereeniging-gemeente en op 10 Augustus 1930 van die Heilbron-gemeente afskeid geneem. In die sewe jaar wat hy in Vereeniging gearbei het, het die lidmaat-getal gegroei van 400 tot ongeveer 800.<sup>10</sup>

Vir Brandt en sy gesin was die belangrike implikasie dat hulle weer sou moes verhuis. Johanna het dadelik begin soek na 'n groter huis as die een in Vereeniging wat as pastorie kon dien, maar wat ook plek vir pasiënte sou hê. Brandt se standpunt oor haar planne was positief, want hy het gevoel dat dit “zal ... een voordeel zijn dat de kinderen weer in huis kunnen wonen, en dat het werek minder sal zijn”.<sup>9</sup> Die uiteinde was dat hulle met die finansiële hulp van Brandt se moeder 'n plasie suid-oos van Johannesburg, genaamd Oakdene, gekoop het. Daar was destyds sprake van die vrygewigheid van twee Suid-Afrikaanse kerklike persone wat bygedra het tot die aankoop van die eiendom, maar hul name word nêrens vermeld nie.<sup>10</sup> Die oppervlakte van die plasie was 10,11 hektaar. Daar was 'n redelik goed versorgde vrugteboord met 'n totaal van sowat 700 amandel-, pere-, perske-, appelkoos- en vyebome op Oakdene. Voorts was daar 'n boorgat wat water voorsien het. Die plasie was taamlik afgesonder, maar daar was paaie en 'n spoorwegstasie nie te ver van die eiendom af geleë nie.<sup>11</sup> Die plaashuis het op die noordoostelike hoek gestaan. Daar was geen elektrisiteit nie. Dit was skynbaar geen probleem nie, want die Brandts was gewoon aan kerse en lampe. Die plasie was tussen Turffontein en

---

<sup>8</sup> NHKA, LIX 175, Johanna aan haar skoonmoeder, 6 Februarie 1929. <sup>9</sup> NHKA, Buitengewone Kerkraadsvergadering, Vereeniging, 5 Junie 1930 <sup>10</sup> Botes, Brandt, p. 474.

<sup>9</sup> NHKA, LIX196/ii, Brandt aan sy moeder, Vereeniging, 2 Junie 1930.

<sup>10</sup> Botes, Brandt, p. 502.

<sup>11</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 273.

Kensington geleë. Beide sy gemeentes sou dus vir Brandt maklik bereikbaar wees.<sup>12</sup> Die Brandts het in die middel van Augustus 1930 na hul nuwe woning getrek.

Teen 1932 was Johanna se briewe aan haar skoonmoeder steeds vol nuus oor die kinders, veral van Mira wat vroeër vir 'n lang tyd by haar ouma gebly het en nou weer terug by haar ouerhuis was.<sup>13</sup> Die gesin het telkens gesellig saam verkeer, al het sommige van die kinders reeds die huis verlaat. In een brief het Johanna aan haar skoonmoeder vertel hoe hulle “braai vlys” gehou het: “Wy hadden prachtige kamp-vuren en toen de kolen rood waren begonnen de geurige operaties. Iedereen zat met zyn worst... op 'n lange stok en onder veel gescherts maakten ze hun eigen eten klaar”. Verder was daar koffie, meliepap, karringmelk en perskes.<sup>14</sup>

Die “groot depressie” in die 1930's wat wêreldwyd finansiële ellende veroorsaak het, het ook die Brandts – wat maar altyd met finansies gesukkel het – onkant gevang. Teen Augustus 1932 was die situasie benard. Brandt se salaris was £300 agterstallig. Tog was Johanna steeds positief toe sy aan haar skoonmoeder geskryf het dat “alle dinge werken ten goede. Wy zyn niet verslagen. Ons geloof is nog sterk. Wy maken veel door, maar omdat wy altyd ons best doen zyn wy niet hopeloos, nie te zeer bezorgd”.<sup>15</sup> Vier dae later het sy weer haar skoonmoeder gerus gestel dat hulle ten spyte van die swaarkry steeds positief bly: “Hoe zwaar wy ook hebben, er is altyd iets interessants, iets leerzaams voor ons. Wy maaien geestelike vruchten van onze droewig ervaringen – en [dit] kunnen niet in woorden geschreven worden”.<sup>16</sup>

#### **4. Die Brandts bou 'n sanatorium vir Johanna se werksaamhede**

Omdat Johanna 'n sanatorium op Oakdene wou vestig om haar pasiënte te behandel, het Brandt homself in die skuld gedompel om die inrigting op te rig.<sup>17</sup> Sy moeder het hom gewaarsku “om het werk van genezing nie te combineren met gemeente-werk”.<sup>18</sup> Johanna het haar skoonmoeder gerus gestel deur haar te verseker van die groot toekoms wat vir die inrigting

---

<sup>12</sup> NHKA, LIX 165/i, Johanna aan haar skoonmoeder, 12 Augustus 1930.

<sup>13</sup> NHKA, LIX 176/iii, Johanna aan haar skoonmoeder, 20 April 1932.

<sup>14</sup> NHKA, LIX 176/iii, Johanna aan haar skoonmoeder, 10 Julie 1932.

<sup>15</sup> NHKA, LIX 166/iii, Johanna aan skoonma, 15 Augustus 1932.

<sup>16</sup> NHKA, LIX 177/ii, Johanna aan haar skoonmoeder, 19 Augustus 1932.

<sup>17</sup> Botes, Brandt, p. 503.

<sup>18</sup> NHKA, LIX 165/ii, mev. Brandt aan Brandt, 12 Augustus 1930.

beskore was. Sy het haar skoonmoeder voorts probeer oortuig dat sy en Brandt baie goed saam gewerk het in die gemeente: sy het aan die liggaam gewerk en hy aan die siel.<sup>19</sup>

Die sanatorium wat Brandt en Johanna opgerig het, was amptelik bekend as die “Harmonie Gesondheids Oord” bekend, maar daar is dikwels in die wandel na die inrigting verwys as “die hospitaal”. Die formele opening daarvan het op Saterdag 6 Desember 1930 plaasgevind. Die sanatorium het bestaan uit drie kamers met twee beddens elk, asook ’n groot kombuis met ’n koolstoof waar Johanna se spesiale disse vir pasiënte voorberei kon word.<sup>20</sup> Aanvanklik het die Brandt-egpaar se skoonseun en dogter, Johannes en Emmie Kellerman, Johanna in die sanatorium bygestaan.<sup>23</sup>

Johanna het, behalwe vir die gesondheidskure, ’n kraaminrigting in die sanatorium gehuisves. In een van haar brosjures het sy dit as volg geadverteer: “Expectant mothers are advised to be treated in the Home for two or three weeks before the event. The dangers and sufferings of child-birth are greatly mitigated by a course of natural treatment ... [T]his, more than anything, ensures a normal delivery. The institution is under the personal supervision of dr. Johanna Brandt, with a fully qualified and registered midwife in attendance”.<sup>21</sup> Sy het die afkortings van die toekennings wat sy in die VSA gekry het – doktors en meestersgrade – boaan haar briefhoofde geplaas en ook op die deure van haar spreekkamers aangebring. Sy het algemeen bekend gestaan as “Dokter Brandt”.<sup>22</sup>

Johanna het waarskynlik gevoel dat haar werksaamhede ’n goeie getuigskrif vir die hele praktyk van natuurgeneeskunde was. Daarom het sy die vrymoedigheid geneem om ’n “S.O.S.”-pamflet aan verskeie Amerikaanse natuurgeneeskundiges te stuur. Daarin het sy verklaar: “The sum of twenty five dollars from each of you, is required to carry out this scheme and we earnestly request to our fellow-practitioners overseas to contribute towards this fund. We further need a fully qualified Naturopathic Practitioner, one holding the medical degree, if possible, to come over and take charge of this Institution. Donations in kind will be greatly appreciated, such as books, magazines, textbooks, and other suitable literature, utensils and instruments, health food and herbal remedies, installations for biological bloodwashing method, all of which will serve

---

<sup>19</sup> Botes, Brandt, p. 503.

<sup>20</sup> NHKA, LIX 158/iii, Brosjures/advertensiebiljet oor die sanatorium. <sup>23</sup> Botes, Brandt, pp. 502-503.

<sup>21</sup> NHKA, LIX 159/ii, brosjure oor die “Harmony Maternity Home”.

<sup>22</sup> NHKA, LIX 165/ii, Johanna aan haar skoonmoeder, 30 Augustus 1930.

as advertisements for American health products while benefitting our patients”.<sup>23</sup> Die reaksie van haar Amerikaanse mediese vriende was goed en sy het veral baie leesstof oor die nuutste uitvindings en metodes van behandeling ontvang.<sup>24</sup>

Johanna het die voorwaardes vir verblyf en behandeling in haar ‘gesondheidsoord’ baie duidelik aan haar voornemende pasiënte verskaf. Sy het £15 per maand gevra vir die behandeling wat aanvanklik met ’n vaskuur begin het, wat moontlik uit die druiwekuur bestaan het, en ’n week se verblyf in die sanatorium ingesluit het. Daarna het die pasiënte verblyf in die oord se kamers gehad waar hulle ’n “ruskuur” gevolg het. “There is no form of entertainment beyond the lovely country walks”.<sup>25</sup>

Johanna het in enkele gevalle krisisse ervaar toe familielede haar behandeling van pasiënte as te drasties beskou het. Ene mej. Katie Sackeris is na Johanna gebring. “Apart from the distortion of her limbs I found her full of catarrh and is in an almost complete state of stagnation”. Johanna het besef dat sy eers die inwendige infeksie moet behandel voor sy met die uitwendige behandeling van haar ledemate kon begin. Die behandeling was veeleisend vir die pasiënt. In die eerste plek moes sy vir drie dae vas en het sy net water gedrink. Mettertyd het sy begin naar word. Toe Johanna dit nie kon stop nie, het sy die familie gevra om haar na ’n mediese dokter toe te neem. Sy het verduidelik dat: “The laws of the land do not permit me to handle such cases except under medical supervision”. Mej. Sacker is sak en pak uit die oord verwyder. Johanna het hoogs ontsteld teenoor die betrokke dokter gereageer: “I did not expect anything like the way you [dr. Furnam] and the relatives of the patient walked over me in my own house. I did not dream that you would have the patient removed by force, against her will”. Sy het gevra dat die pasiënt teruggebring moes word, aangesien sy begin beter word het, sodat Johanna haar verder met die “Nature Cure” kon behandel het om haar te help om nie meer so kreupel en verlam te wees nie. Die familie het egter geweier.<sup>26</sup>

In ’n ander geval het een van die pasiënte se man haar na slegs drie dae kom haal omdat sy nie van die behandeling gehou het nie. Haar man het boonop die geld vir die behandeling van

---

<sup>23</sup> NHKA, LIX 158/iii, pamflet van Johanna oor haar “Harmony Health Resort” aan “Drugless Practitioners of the United States to assist the World Harmony Movement”, geen datum.

<sup>24</sup> NHKA, LIX 158/iii, Korrespondensie van die Amerikaanse “Drugless Healers”, waaronder Benedict Lust, aan Johanna, 1930.

<sup>25</sup> NHKA, LIX 16/iii, Johanna aan mnr. Sharp in sake sy vrou se behandeling, 23 April 1932.

<sup>26</sup> NHKA, LIX 187/i, Johanna aan dr. Furnam, 16 Mei 1931.



Johanna teruggevra. Sy het geweier. Die geskil het toe op 'n hofspraak uitgeloop, wat gunstig vir Johanna verloop het, want “the Public prosecutor turned the case down, stating that false charges had been brought against me”.<sup>27</sup>

Bogenoemde insidente het dit aan Johanna duidelik gemaak dat sy 'n gekwalifiseerde mediese dokter in die sanatorium moes hê om die nodige mediese behandeling te gee en pasiënte in te lig oor haar gesondheidskuur as een metode van behandeling, benewens mediese behandeling deur geneesher. Verder moes sy dringend aan die registrasie van die sanatorium aandag gee, maar daarmee het sy nie gevorder nie. Dieselfde het in die geval van die Umzumbisanatorium, wat vroeër reeds deur haar opgerig is en waar haar dogter Emmie en dié se man, Johannes Kellerman, werksaam was, gebeur. Sy het verskeie kere probeer om die inrigting by die Departement van Volksgesondheid te registreer sodat sy wetlik die sanatorium kon bestuur, maar daar was geen kategorie wat voorsiening gemaak het vir die registrasie van dié soort van inrigting nie. Johanna het die Departement duidelik ingelig dat die inrigting nie mediese behandeling gee nie. “The people who go there from time to time are convalescents in need of rest and change and no medical treatment is given”.<sup>28</sup> Die Departement het haar geantwoord dat die inrigting nie genoegsaam voldoen aan die wetlike vereistes vir registrasie nie.<sup>29</sup> Die stryd om wetlike erkenning vir die sanatorium te kry, het hierna voortgesleur. Johanna se dokumentasie werp nie lig daarop of sy uiteindelik sukses behaal het nie.

Alhoewel die Brandts se finansiële posisie ellendig was, het Johanna 'n mediese dokter uiters nodig gehad. 'n Dr. Keyter het aansoek gedoen. Volgens Keyter was hy 'n natuurgeneeskundige, 'n osteopaat en 'n radioloog wat sy studies in Londen en Edinburgh voltooi het. Hy het beweer dat hy sy eie sanatorium in 'n verafgeleë gebied in Suid-Afrika gehad – hy was baie vaag omtrent die ligging – maar dit was nie suksesvol nie. Johanna het nogtans 'n mondelinge ooreenkoms met hom bereik. Ingevolge daarvan sou hy op 1 Augustus 1932 met sy personeel en 28 pasiënte sy intrek in Oakdene geneem het. Keyter, sy vrou – wat glo 'n gekwalifiseerde verpleegster was – en 'n huishoudster het met 'n vragmotor vol luukse meubels, troeteldiere en 'n pragtige motor opgedaag en hul intrek geneem.<sup>30</sup> Johanna het haar opgewondenheid oor

---

<sup>27</sup> NHKA, LIX 175/iii, Johanna aan Lust, VSA, 18 Junie 1932.

<sup>28</sup> NHKA, LIX 166, Johanna aan Departement van Volksgesondheid, 7 September 1929.

<sup>29</sup> NHKA, LIX 166/i, Sekretaris van Volksgesondheid, Pretoria aan Johanna, 18 November 1929.

<sup>30</sup> NHKA, LIX 166/iii, briewe van Johanna aan Benedict Lust, 5 Julie 1932 en weer op 20 Augustus 1932.

hierdie verwikkelinge as volg uitgedruk: “We sincerely rejoice to know that there is hope at last of making a success of this wonderful place”.<sup>31</sup>

Aanvanklik het dit goed gegaan. Op 6 Augustus het Johanna aan haar skoonmoeder rapporteer: “De nieuwe dokter bewerk de grootste wonderen”.<sup>32</sup> Twee weke later was daar nog geen sien van die beloofde 28 pasiënte nie en het Johanna in ’n brief aan Lust, wat sy in antwoord geskryf het op sy gelukwensingsbrief aan haar met die verkryging van ’n goedgekwalifiseerde dokter, haar deuntjie verander toe sy prontuit verklaar het: “alas, we have been doomed to swift and sudden disappointment”. Sy het naamlik vasgestel dat Keyter se vorige praktyk glad nie verafgeleë was nie – dit was vlak oos van Johannesburg geleë – en dat hy onder ’n wolk daar weg is. Sy het Lust in haar vertrouwe geneem en vertel dat Brandt, wat intussen na Suid-Rhodesië (vandag Zimbabwe) vertrek het ten einde lidmate van die NHK van Afrika daar te besoek, voor sy vertrek vir Johanna gewaarsku om die Keyter se werksaamhede en opleiding deeglik te laat ondersoek voordat sy ’n kontrak met hom aangaan. Gelukkig vir haar het sy net ’n mondelinge ooreenkoms met hom gesluit. Alhoewel dit gelyk het of Keyter baie bekwaam was, was hy byna nooit daar nie, maar altyd met sake soos die vervanging van sy motor besig. Daaroor het sy geskryf: “I believed all this until other things begin to happen. A week after their arrival this Centre of Harmony became strangely haunted ... not by ghosts, but by creditors, law agents, solicitors, the Messenger of the Court with summonses for Dr. Keyter, telephone calls, letters and telegrams, and finally, police agents and detectives ALL ON THE TRACK OF DR. KEYTER AND HIS WIFE”. Dit het toe aan die lig gekom dat die Keyters van een plek na die ander getrek het, deur skelmstreke besittings bekom het, van ander mense se goedgesindheid geleef het, maar aan die einde van hul kriminele planne gekom toe hulle by Johanna uitgekome het. Sy was waarskynlik in die kol met haar mening dat: “(They) moved in here with no notion whatever of paying board and lodging”. Die meubels, die motor en al die ander goedere wat die Keyters daar aan gebring het, is deur die woedende eienaars kom opeis. Johanna het die Keyters gevra om die hospitaal te verlaat. Hulle het geweier. Sy het die Kommissaris van Polisie gekontak en met soveel klagtes van diefstal en bedrog wat daar teen hulle was, was dit nie vir die polisie moeilik om hulle te verwyder nie. Ongelukkig het die enkele pasiënte wat oor was nou ook die sanatorium verlaat.<sup>33</sup>

---

<sup>31</sup> NHKA, LIX 166/iii, Johanna aan dr. en mev. Akerman, 1 Augustus 1932.

<sup>32</sup> NHKA, LIX 176, Johanna aan haar skoonmoeder, 6 Augustus 1932.

<sup>33</sup> NHKA, LIX 166/iii, Johanna aan Lust, 20 Augustus 1932.

Die gebeure in verband met die Keyters het beide die Brandts se naam en die reputasie van die Harmonie Gesondheids Oord geskend. Johanna het gevoel dat haar beeld daardeur beskadig is, maar sy is van geen misdade beskuldig nie. Inteendeel, sy was een van die hoofgetuies teen die Keyters, teen wie daar meer as 17 klagtes was. Die meubels en ander besittings het hulle alles verloor en dit as aan die regmatige eienaars, waaronder winkels teruggegee. Keyter se mediese ‘kwalifikasies’ is boonop as vals verklaar. Daar was ander klagtes ook wat ondersoek moes word wat nie die Brandts geraak het nie. Sy het nie vermeld wat die uiteinde van die saak was nie.<sup>34</sup>

Dietlof van Warmelo, Johanna se broer, het aan haar geskryf nadat hy van die Keyterdilemma gehoor het: “Dit is van harte te hope dat jy hulp van ondersteuners sal kry om te voorkom dat ‘Harmony Health Resort’ uit julle hande sal gaan. Die hospitaal is ’n nuttige instelling en behoort gehandhaaf te word. Dit is al weer ’n les vir ons om geen besigheid met mense aan te knoop sonder getuigskrifte nie”.<sup>35</sup>

## 5. Finansiële probleme van die Brandts in die 1930’s

Die Keyter-kwessie is wat die Brandts betref, relatief vinnig uit die weg geruim. ’n Groter uitdaging wat vir hulle voorgelê het, was die hantering van hulle benarde finansiële posisie. Hulle het nie geld gehad om die kostes verbonde aan hulle eiendom te kon betaal nie. Reeds in Julie 1932 het Johanna aan Lust geskryf: “We have been going from bad to worse steadily, had few patients, dismissed our staff, could not pay interest and instalments on this property, until the bond-holder threatened to foreclose. All this misery is due to ‘Depression’, my husband does not receive his stipend ... What is to become of us all?”<sup>36</sup> Lust se antwoord was dat sy alles in haar vermoë moes doen om die sanatorium te behou: “Hold on to it, explain to those who have the control of it in a financial way that they must make special arrangements, remit the payment or give some indulgence until the time comes when the sanatorium will be a business success. The hard times cannot last forever”.<sup>37</sup>

Johanna het uit desperaatheid aan haar sekretaressse in Amerika, Jesse Springer, om finansiële hulp gevra. Sy het aan Lust die rede vir die stap as volg verduidelik: “[W]e are no longer young

---

<sup>34</sup> NHKA, LIX 165, Johanna aan haar skoonmoeder, 14 September 1932.

<sup>35</sup> NHKA, LIX 144/iii, Dietlof aan Johanna, 31 Augustus 1932.

<sup>36</sup> NHKA, LIX 166/iii, Johanna aan Lust, 5 Julie 1932.

<sup>37</sup> NHKA, LIX 166/iii, Lust aan Johanna, 15 Augustus 1932.

and if my husband and I have to lose this property and the fifteen thousand dollars that we have put into it, it will hardly be possible for us to begin again. As far as we are concerned our mission in the field of Drugless Healing will be over and the fruits of sixteen years of hard work lost”.<sup>38</sup> Johanna het intussen met haar werk in haar kantoor voort gegaan, lesings gegee en skryfwerk gedoen. So het sy daarin geslaag om geld bymekaar te maak – tot £120 per maand – maar nog steeds was dit nie genoeg om al die gate toe te stop nie.<sup>39</sup> Brandt het ook aan sy ma geskryf dat hy geweldig swaar kry om sy finansiële verpligtinge na te kom, veral vanweë die groot skuld las wat hy moes aangaan om die eiendom te kon bekostig en die hospitaal na die tyd op te rig.<sup>40</sup>

Intussen het Johanna die sanatorium probeer opvul deur dit aggressief maar met empatie teenoor moontlike pasiënte wat deur die finansiële depressie verarm is, te bemark. In ’n algemene kennisgewing het sy geskryf: “The work in my Hospital in the Valley is carried on as usual under my direction. My treatments are carried out by careful and experienced assistants. For the coming Summer season we are making special reductions to meet the circumstances of those who are suffering from the depression”.<sup>41</sup> Dit is opvallend dat Johanna gedurende die depressiejare waar moontlik haar pasiënte so goedkoop moontlik behandel en dikwels gratis hulp verleen het. Sy het boonop die kopiereg van haar boek *The Grape Cure* aan die “World Harmony Movement” verkoop en dit het ’n bietjie op finansiële gebied gehelp.<sup>42</sup> Verder het sy en Brandt geld “by elkaar geskarreld” om die verband op hul eiendom af te betaal.<sup>43</sup>

Teen die begin van September 1932 was Johanna weens die finansiële probleme asook die Keyter-kwessie genoodsaak om die sanatorium tydelik te sluit. Sy het aan haar skoonmoeder geskryf dat sy die vorige tien maande altesaam £1 200 gemaak het deur die behandeling van pasiënte en verkoop van boeke, maar nou het sy byna geen inkomste meer gehad nie. Die algemene tekort aan geld het sy tol meedoënloos geëis. Johanna het vertel dat “de armen mense gaan maar dood of word vanzelf beter, maar kan geen dokter meer betaal”. Na die sluiting van die werksaamhede van die sanatorium was daar net een moontlikheid oor om ’n inkomste uit die gebou te kry. Johanna het haar skoonmoeder ingelig dat “Lou en ik hebben

---

<sup>38</sup> NHKA, LIX 166/iii, Johanna aan Lust in VSA, 23 Augustus 1932.

<sup>39</sup> NHKA, LIX 166/iii, Johanna aan haar skoonmoeder, 15 Augustus 1932.

<sup>40</sup> Botes, Brandt, p. 504.

<sup>41</sup> NHKA, LIX 159/ii, kennisgewing van Johanna, September 1932.

<sup>42</sup> NHKA, LIX 163/iii, Johanna aan mev. (ds.) Akerman, 7 September 1932.

<sup>43</sup> NHKA, LIX 176/iv, Johanna aan skoonma, 23 November 1932.

ons Hospitaal in 'n logieshuis verander". Mira was van plan om die losieshuis te bestuur en Johanna het gereken dat sy bekwaam genoeg sou wees om dit te kon doen, maar sy was nie so seker dat hulle genoeg huurders sou kry nie, "omdat byna iedereen teenwoordig kamers verhuur en kostgangers in huis te neem teen geringe prys".<sup>44</sup>

Dit is nie duidelik of die beplande losieshuis ooit realiseer het nie, want in November was die sanatorium weer aan die gang. Met die intrapslag het Johanna weer haar vingers verbrand deur 'n swak aanstelling te maak. Hierdie keer was dit 'n dr. Jay, van wie sy hoë verwagtinge gekoester het. Dit blyk uit 'n brief van Johanna waarin sy haar skoonmoeder van Jay vertel het: "Hy heeft uitstekende Amerikaanse mediese graden, is 'n gekwalifiseerde M.D. maar nie geregistreerd in Zuid Afrika omdat hy as Natuur Geneser praktiseert. Heeft negen jaar lang anatomie gestudeerd nadat hy zyn mediese graden had behaald en gespecialiseert in beroerte, kinderverlamming, rumatiek, bloeddruk en heeft drie jaar ervaring gehad in 'n grote hospital in Londen".<sup>48</sup> Dit het egter gou geblyk dat hy, soos Keyter, nie 'n opgeleide mediese dokter was nie. Hy is kort na sy aanstelling gearresteer en het uiteindelik in die tronk beland. Die sanatorium het, ten spyte van al hierdie probleme, tog vir enkele jare staande gebly.<sup>45</sup>

## 6. Toestande verbeter na afloop van die droogte en depressie

Teen die begin van 1934 was die ergste impak van die groot depressie wat in 1929 begin het, in Suid-Afrika aan die verbygaan en was die groot droogte van 1933 gebreek. Daar het inderdaad nadat beide die droogte en die depressie verby was, 'n tydperk van finansiële voorspoed in Suid-Afrika ingetree wat vir Johanna entoesiasies gestem het omdat dit onder meer haar sanatorium positief bevoordeel het. In 1936 het sy daarvoor aan haar vriende in die VSA geskryf: "This tide of prosperity affects every department. Even my little Sanatorium is flourishing. We have plenty to do, wonderful cures are order of the day, the staff has to be enlarged, and we are consequently able to pay our way".<sup>46</sup> Dit was nadat Johanna ene Kurt Schmidt in diens geneem om te help met die tuinwerk en algemene instandhouding van die hospitaal. Die werksaamhede in die hospitaal het goed verloop, alhoewel daar nie veel pasiënte was nie.<sup>51</sup>

---

<sup>44</sup> NHKA, LIX 176/iii, Johanna aan haar skoonmoeder, 6 September 1932 <sup>48</sup> NHKA, LIX 176/iv, Johanna aan haar skoonmoeder, 23 November 1932.

<sup>45</sup> Botes, Brandt, p. 504.

<sup>46</sup> NHKA, LIX 195/iii, Johanna aan "Friends in Amerika", 17 Maart 1936. <sup>51</sup> Du Toit, *Die verhaal*, pp. 278-279.

Reeds in November 1932 het Johanna in verband met haar bedrywigheede aan haar skoonmoeder geskryf: “Ik trek myself hoe langer hoe meer van alles terug en concentreer op het werk van genesing, om twee reden (1) omdat er zoveel nood is, zoveel lyden dat door de mediese dokters niet kan verlig word, en (2) omdat wy afhankelik zyn van de inkomste van onze patienten”.<sup>47</sup> ’n Vraag wat in hierdie verband beantwoord moet word, is die volgende: Wat het die behandeling van Johanna se pasiënte behels en wat kon hulle by haar sanatorium te wagte wees?

Die basis van haar behandeling was die druiwekuur. Pasiënte moes ’n dieet van druiwe alleenlik volg. Buite die druiweseisoen is ander vars vrugte in plaas van druiwe gebruik. Die doel was om die pasiënt se bloed te reinig, se senuweestelsel stabiel te maak en se sisteem van ontstekende bestanddele te reinig. Sodra dié punt dan bereik word, was die fisiese oorsaak van ’n onnatuurlike eetlus, van abnormale behoeftes en neigings, van haatgevoelens en negatiewe emosies verwyder. Hierdie veronderstelling was die kern waarop die *Druiwekuur* gebaseer was.<sup>48</sup> Johanna het egter nie net aan die druiwekuur as geneesmiddel nie geglo nie. Geestelike genesing was na haar mening net so belangrik. “I find that the ordinary flesh and blood cannot stand the strain on Divine Illumination and continue working, so I am purifying the system for the outpouring of the Spirit which I feel to be close at hand.”<sup>49</sup>

Talle brosjures en pamflette, koerant-advertensies en opmerkings in Johanna se publikasies werp lig op hierdie behandeling. Een van haar pamflette het as volg geles: “Mevrou Brandt sal ’n lesing hou oor die volks-gesondheid als oplossing van die ekonomiese depressie, en ’n demonstrasie gee van die bereiding van ongekokte groente”.<sup>50</sup> ’n Ander pamflet met die opskrif “Harmony, Health and Rest Resort” het onder meer ’n somerkamp en ’n “Fountain of Youth” adverteer. Laasgenoemde het behandeling met spesiaal vervaardigde “shower-heads for the biological system of cleansing the blood”, wat in Amerika vervaardig is, ingesluit.<sup>56</sup>

In ’n verdere geskrif is daar sprake van die “Nature Cure Sanatorium under supervision of Dr. Johanna Brandt, (N.D., Ph.N., M.A.)”. Die behandeling word as volg beskryf: “No medicines.

---

<sup>47</sup> NHKA, LIX 176/iv, Johanna aan haar skoonmoeder, 23 November 1932.

<sup>48</sup> NHKA, LIX 164/iii, Brandt, *The order of Harmony* (pamflet 1929).

<sup>49</sup> NHKA, LIX 164/iii, Johanna aan vriende in VSA, 17 Maart 1936.

<sup>50</sup> NHKA, LIX 187/i, pamflet van “Lesing en Demonstrasie”, 30 April 1931. <sup>56</sup> NHKA, LIX 158/iii, brosjure, 1931.

No injections. No Drugs. No Radium. No operations. No Electricity. No x-ray nor any other artificial treatments”. Die beginsels van die gesondheidskure is as volg beskryf: “We draw on the forces of Nature for the restoration of human health, strength and energy – the earth, the air, the sun, the sky, water, and the fruit of the earth”. So word die bloed dan gesuiwer, die senuwees gekalmeer, die inwendige organe word so gestimuleer met nuwe aksie en die belangrike magnetisme word so herstel. Die wetenskap van self-genesing word so gepraktiseer. Daar word ook aandag aan die massering van die rugwerwels gegee.<sup>51</sup>

’n Verdere behandelingsmetode wat Johanna toegepas het, was rugoefeninge met behulp van toue. Sy het tydens haar besoek aan die VSA in 1928 daarvan kennis geneem. In 1929 het sy ’n strooibiljet in Engels oor die behandeling versprei. Daarin is melding gemaak van “*The Sacret Spine*” (*Being an Outline for the Adjustment of the Spine at home, by Gratification, without Manipulation.*)<sup>52</sup> Vroeg in 1930 het sy in ’n brief aan haar natuurgeneser-vriende daaroor geskryf: “One of the valuable methods of healing brought to the notice of Mrs. Brandt while in the States was a new system of adjusting the spine on the law of gravitation, without manipulation. This wonderful discovery, when used in conjunction with the Grape Cure, has unfailing results, as it directly affects the nervous system and the circulation of the blood”. Johanna het daarop aanspraak gemaak dat hierdie behandeling van die rug met hierdie eenvoudige apparaat die rugstring versterk het. Sy het dit die “Spinal Sling” genoem. “No matter what your age, the adjustment of your spine by gravitation is going to lengthen and straighten it.” Aanvanklik is van sterk toue gebruik gemaak vir die oefening. Sy het kortliks verduidelik hoe mens te werk moes gaan: “Fasten to a cross beam two stout pieces of rope, 2 ft. apart with the ends hanging about 7 feet from the ground. To the ends of the ropes fasten the ends of the ‘Spinal Sling’ very securely, forming a swing”. Duidelike instruksies word dan gegee hoe om die apparaat te gebruik sodat die persoon wat die oefening doen, veilig is. Indien ’n persoon oorgewig is, moet hy/sy eers vir ’n paar weke die druiwekuur volg, of andersins die eksklusiewe vrugtediëet, as dit nie druiweseisoen is nie. Johanna het in die sanatorium die apparaat gebruik vir die behandeling van die pasiënte met rugprobleme. Sy het in haar pamflet gewaarborg dat geen ongeluk nog ooit plaasgevind het nie. Sy het verder ook die apparaat per pos en ook in haar kantoor verkoop teen vyf sjielings en ses pennies (5/6) en het sodoende ’n redelike inkomste daaruit verkry. Sy het ook tydens haar lesings, soos in Pietermaritzburg in

---

<sup>51</sup> NHKA, advertensiebladsy voor in *Elinda*, 1938.

<sup>52</sup> NHKA, LIX 187/iv, pamflet, Februarie 1929.

1929, “demonstrations of the adjustment of the spine” gegee. Haar bevinding was dat die toeskouers daar groot belangstelling in gehad het.<sup>53</sup>

Johanna het nie al haar pasiënte in haar sanatorium behandel nie. Nadat sy ene mev. Campbell ondersoek het, het sy aan haar geskryf: “I have found your liver much congested, narrowing the descending colon, and a general condition of acidity, congestion and inflammation”. Die behandeling wat sy voorgeskryf het was die volgende diëte: “Gloria grape juice and sour milk, the grape cure, fruit breakfast [and] regular sun-bathing”.<sup>54</sup> Soos in mev. Campbell se geval het sy talle pasiënte deur middel van korrespondensie behandel. Sy het soms selfs uit die buiteland briewe van pasiënte oor hul behandeling ontvang, of sodanige briewe is deur Jesse Springer uit die VSA aan haar deurgestuur. Sy het dan aan sodanige pasiënte geskryf wat hulle moes doen om hulle kwale te behandel. Dan was daar ontelbare gevalle waar sy pasiënte by wyse van spreke van ’n geneesmiddel voorsien het sonder dat sy enigsins van hulle bewus was. Een voorbeeld van so ’n pasiënt van wie sy uiteindelik wel gehoor het, was Ann Watson Ayres, wat longontsteking en allerhande borskwale gehad het. Sy het in ’n hospitaal beland waar spesialiste gesê het sy gaan sterf. ’n Europese spesialis wat haar ondersoek het, het druiwesap as kuur voorskryf. Teelepelgewys het sy kort-kort van die sap ingeneem omdat, volgens die dokter, “grape juice is equal to a transfusion of blood”. Mev. Ayers het geskryf dat sy stadigaan beter geword het, maar, “I would not have lasted longer than a few weeks if it had not been for the grape juice”.<sup>55</sup>

Johanna het gereeld met natuurgenesers in die VSA gekorrespondeer en inligting oor en weer uitgeruil. In 1935 het sy van die Mediese Vereniging in die VSA verneem dat hulle daarin geslaag om dit te wettig dat die natuurgenesers nie meer mag praktiseer nie en dat die natuurgeneeskundige hospitale en skole in sekere state, insluitende dié van Benedict Lust met wie Johanna al die jare gekorrespondeer het, gesluit moet word. Lust het vervolgens na ’n ander staat verhuis en daar ’n hospitaal geopen. Johanna was bang dat dieselfde wetgewing in Suid-Afrika ook ingestel sou word en dat sy haar sanatorium sou moes sluit.<sup>56</sup> Toe die wetgewing in Suid-Afrika wel in 1936 verander is, is sy egter nie outomaties benadeel nie. Een van die bepalings in die wysiging het gelui dat “academically unqualified practitioners ... who have had a good deal of experience and are of a good character”, wat sonder twyfel vir Johanna ingesluit

---

<sup>53</sup> NHKA, LIX 147/iv, omsendbrief van Johanna aan vriende in Suid-Afrika, 3 Januarie 1930.

<sup>54</sup> NHKA, LIX 156/i, Johanna aan mev. Campbell, 1 Desember 1934.

<sup>55</sup> NHKA, LIX 166/iii, Ann Watson Ayers, New York, aan mej. Springer, 13 November 1930.

<sup>56</sup> NHKA, LIX 195/iii, Johanna aan “Friends in Amerika”, 9 Oktober 1935.



het, kon steeds praktiseer en van sertifikate voorsien word.<sup>57</sup> Dit was vir haar 'n welkome verligting, want al die jare wat sy in natuurgenesing gepraktiseer het, het die swaard oor haar kop gehang omdat sy bekommerd was dat sy enige dag verbied kon word om met haar genesingspraktyke en haar sanatorium, wat sy as haar hospitaal beskou het, voort te gaan.

Te same met die sanatorium het Johanna in die vroeë jare dertig 'n kantoor, wat as haar spreekkamer gedien het, in die middestad van Johannesburg gehad. Daar het sy onder die vaandel van die “World Harmony Movement” onder andere haar boeke verkoop waarin haar verskillende kure beskryf word. “Die zwaarste voor my is dat leven op kantoor!”, het Johanna aan haar skoonmoeder geskryf, maar bygevoeg dit was noodsaaklik omdat talle van haar pasiënte in die omgewing gewoon het.<sup>58</sup> “Ik ga vóór 8 uur uit en word door de Beardmores (onze bureu) in hun auto meegenomen tot wy 'n bus of tram bereiken in Rosettenville, dan reis ik verder alleen en ben gewoonlik om 8.35 op kantoor. Het leven op kantoor bevalt my goed in sommige opzichten – ik kan naar hartelust propaganda maak voor natuurgenesing, alles gaan op tyd en heerlijk om weer tuis te komen, maar ... die afstand is zo groot!” Brandt het haar soms teen die aand opgelaaï of andersins het sy met 'n trem terug huiswaarts gekeer. Dit was dan vir haar lang dae, maar die kantoor was die één plek waar sy geld gemaak het, veral deur die verkoop van haar boeke.<sup>59</sup>

## 7. Johanna se belangstelling in die Nuwe Era-beweging

Johanna het benewens haar belangstelling in en betrokkenheid by mistisisme, teosofie en natuurgenesing, in die jare dertig ook by die Nuwe Era-beweging (in Engels *New Age Movement*) betrokke geraak. Hierdie beweging het gegroei uit die teosofie van Helena Blavatsky, wat later deur Annie Besant en in die 1920's deur Alice Ann Bailey uitgebrei is. Blavatsky het veral bekendheid verwerf vir haar twee publikasies *Isis Unveiled* en *The Secret Doctrine*, wat nie net deur die teosowe benut was nie, maar die belangrikste studiebronne van die *New Agers* geword het.<sup>60</sup>

---

<sup>57</sup> NHKA, LIX 157/i, “Report of discussions re admission of academically unqualified practitioners”, 14 Maart 1936.

<sup>58</sup> NHKA, LIX 176/iv, Johanna aan haar skoonmoeder, 23 November 1932.

<sup>59</sup> NHKA, LIX 176/iv, Johanna aan haar skoonmoeder, 27 September 1932.

<sup>60</sup> J.D. Fuller, *The extraordinary Life and Influence of Helena Blavatsky, Founder of the Modern Theosophical Movement*, p. 914; S. Raven & A. Weir, *Women in History. Thirty-Five Centuries of Feminine Achievement*, p. 52; A.A. Bailey, *Letters on occult meditation*.

Die vernaamste leerstellings van hierdie beweging was dat dit die Christendom, Judaïsme en die Islamitiese geloof verwerp het, maar terselfdertyd die eenheid van alle gelowe promoveer het. Hulle het beweer dat hul leerstellings geopenbaar is deur “geeste”. Hulle het ’n enkele Nuwe Era-godsdiens en een sosiale orde beklemtoon.<sup>61</sup> Die Nuwe Era-groepe word dikwels daarvan beskuldig dat hulle op een of ander manier by satanisme betrokke is. Hulle verwerp die aantuiging deur aan te voer dat die meeste Nuwe Era-groepe nie besonder belangstel het in die duiwel se werksaamhede nie.<sup>62</sup>

Ten spyte van die groot verskeidenheid geloofsbeginsels in die Nuwe Era-beweging, is daar sekere basiese beginsels wat hulle tot ’n eenheid saamgebind. Daardie beginsels kan as volg opgesom word:

- Aanhang van die beginsel van holisme: ’n gedeelte van enige godsdiens moet saamstem met die godsdienste as ’n geheel.
- Radikale veranderinge moet in die wêreldgemeenskap aangebring word, sodat alles en almal gereinig kan word van al die skete van die wêreld.
- Die humanisme van die Weste en die spiritualiteit van die Oosterse okkulte mistisisme moet ’n eenheid vorm.<sup>63</sup>

Hierdie neopolitieke/godsdiensige orde het stilweg ontstaan. Dit word saamgebind deur ’n wêreldwye netwerk van derduisende organisasies wat verenig is in ’n bond van esoteriese en okkulte leerstellings, met die doel om een “wêreldorde” daar te stel. Daar is verskeie Nuwe Era basiese gelowe of leerstellings soos monoteïsme, panteïsme, reïnkarnasie, karma, aura, persoonlike transformasie, ekologiese verantwoordelikheid, universele geloof en die “New World Order” wat deel vorm van die beweging. Aangesien daar nog nooit een verenigde liggaam was wat die Nuwe Era-aanhangers verteenwoordig het nie, was hulle doelstellings nog altyd taamlik uiteenlopend.<sup>64</sup>

---

<sup>61</sup> D.A. Robbins, *The New Age Movement: What Christians Should Know*, <http://www.victorious.org/pub/new-age-120>, geraadpleeg op 9 Augustus 2009.

<sup>62</sup> F. Theron, “Verraad’ teen vader Abraham”, *Insig*, November 1989, p. 27.

<sup>63</sup> New Age Spirituality, <http://www.religioustolerance.org/newage.htm>, geraadpleeg op 30 Junie 2011.

<sup>64</sup> New Age Spirituality, <http://www.religioustolerance.org/newage.htm>, geraadpleeg op 30 Junie 2011.

Alhoewel die Nuwe Era-beweging eers werklik in die 1960's begin groei het, loop die wortels daarvan terug tot vroeg in die 19e eeu. Johanna word as een van die eerste wegbereiders van hierdie beweging in Suid-Afrika beskou. Die visioene wat sy in 1916 gesien het, naamlik dat daar 'n tydperk van verdrukking en ongekende smart op aarde sou wees, maar dat dit sou verbygaan en dan sou die Millennium op aarde aanbreek, word alles as deel van die Nuwe Era-leerstellings gesien.<sup>65</sup>

Terwyl Johanna besig was om pasiënte in haar sanatorium te behandel, het sy steeds met skryfwerk voortgegaan. In 1936, toe sy 60 jaar oud was, het sy *The Paraclete or Coming World Mother* geskryf. (Die woord *Paraclete* beteken in Afrikaans Heilige Gees of Trooster, ook bemiddelaar of voorspraak. Dit is afkomstig van die Griekse woord *paracletos*: vertrooster.)<sup>66</sup> Die boek van 95 bladsye handel hoofsaaklik oor die nuwe lewe of tydperk wat kom, maar daar word baie klem gelê op sterrewiggelary wat ten nouste verbind word met die sterreteken, die Waterdraer (of Akwarius), asook die Heilige Gees wat met die Wederkoms in die vorm van 'n vrou gaan verskyn. Op die eerste bladsy van die boekie is daar 'n afbeelding van die Waterdraer en die bladsy daarna bevat die volgende opdrag: "DEDICATED to the Mothers of the New Age, in whose hands the splendid future lies."<sup>67</sup> Dit is op grond van hierdie boek dat daar na haar verwys word as die moeder van die Nuwe Era-beweging. Sy het gevoel dat sy vir iets meer as die rol van pastoriemoeder bestem was – dat daar 'n boodskap van enorme belang was wat deur haar aan die wêreld geopenbaar moes word, al was sy nie seker wát die boodskap sou wees nie.<sup>68</sup>

Die inleiding van *The Paraclete* het bestaan uit sewe en 'n half bladsye. 'n Gedeelte van die res van die boek sentreer op die 12 sterretekens waarvan die Waterdraer die vernaamste plek inneem. Volgens die tekens van die *Zodiac* was die era van die Waterdraer ook bekend onder die volgende name: die blou- of lewegewende straal, die lewe-geër wat die Moeder is. Die Era van Akwarius was gesien as die Era van die Vrou.<sup>69</sup> In *The Paraclete* beskryf Johanna dan weer haar moeder se siekte en dood asook die visioen wat sy toe gesien het. Daardie visioen het vir haar die toekoms voorspel en het aan haar die opdrag gegee om sekere inligting geheim te hou naamlik om op die gronde van Harmony te bly en te wag vir die wederkoms van Christus. Sy

---

<sup>65</sup> P. Muller, *New Age: Is dit Ketterry of nuwe waarheid?*, *Insig*, November 1989, p. 18.

<sup>66</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 124; D.B. Bosman *et al.*, *Tweetalige Woordeboek Afrikaans – Engels*, p. 1495.

<sup>67</sup> J. Brandt, *The Paraclete or Coming World Mother*, voorste bladsye.

<sup>68</sup> J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 121.

<sup>69</sup> NHKA, J. Brandt – kantonhouer, pamflet: *A Message of Vast Cosmic Significance*.

het nie die geheim gehou nie en die worstelstryd wat sy daarna deurgegaan het, het die indruk geskep dat “my brain was turned and the story soon got abroad that the strain of nursing my late Mother and the sight of her agonising death had unhinged my mind”.<sup>70</sup>

Sy het vervolgens in *The Paraclete* geskryf dat die genadige Vader deur die visioen aan haar die opdrag gegee om die Boodskap van die Wêreld Moeder te ondersoek. “The vision of Feminine Loveliness revealed to me in the spirit beside my dying mother flooded my being with rapture ... but I failed to understand the connection between the appearance of a Woman and the expected Second Advent. It was a mystery to me after years of research and which I have tried to bring before the public.”<sup>71</sup> Sy het bygevoeg dat dit nie sou help om te spekuleer oor die tyd en wyse wanneer die wederkoms sou plaasvind nie, maar wat vas gestaan het, was dat dit die Vertrouster, die Heilige Gees sou wees wat ons deur die bodemlose dieptes sou lei. “I believe that the Revelation of our Mother-God is only the beginning of Cosmic Surprises awaiting us in the Age of Women”. Al verskil wat Johanna tussen die Bybel en *The Paraclete* gesien het, was dat die Heilige Gees, volgens *The Paraclete*, ’n vroulike figuur in die gewaad van ’n vrou was. “Time alone will show us whether this is correct or not”.<sup>72</sup>

Volgens Johanna sou die Drie-eenheid (Vader, Seun en Heilige Gees) tydens die era van Akwarius verander in ’n groepering van die Heilige Familie: God die Vader (die Skepper), God die Moeder (die Heilige Gees of Vertrouster) en God die Seun (Christus). Verder het Johanna na die Wêreldmoeder verwys as “die Mystieke Genie, die Mystieke Organiseerder, die Mystieke Staatsman, die Mystieke Vorst”.<sup>73</sup>

Volgens Hoofstuk VII van die *Paraclete* sou die woning van die Vertrouster Suid-Afrika wees: Hoop van die Wêreld, Land van die Toekoms en die Vasteland van Harmony. In Suid-Afrika sou die eerste groot wonderwerke van die Nuwe Era van die Mistieke Openbaring, uitgevoer word – DEUR DIE MOEDER VAN DIE MENSLIKE RAS. Ten slotte het Johanna aandag gewy aan hoe die Vertrouster (“Comforter”) universele oorlog kon voorkom.<sup>74</sup>

---

<sup>70</sup> J. Brandt, *The Paraclete, or Coming World Mother*, pp. i-ii.

<sup>71</sup> J. Brandt, *The Paraclete, or Coming World Mother*, pp. iii-iv.

<sup>72</sup> J. Brandt, *The Paraclete, or Coming World Mother*, pp. v-vi.

<sup>73</sup> J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 124.

<sup>74</sup> NHKA, J. Brandt – kartonhouer, pamflet: *A Message of Vast Cosmic Significance*.

In September 1936 het Johanna 'n omsendbrief aan die “Broeders Predikante van die Hervormde Kerk, Transvaal” geskryf waarin sy *The Paraclete* promoveer het. Daarbenewens het sy haar optrede probeer verduidelik: “Die boek gee 'n verklaring van die geestelike gebeurtenis wat aanleiding gegee het van my kranksinnigheid in Pretoria in 1916 ... [Ek] het die bevel gekry om dit [die openbaring] aan niemand te vertel nie, totdat die wereldomstandighede ryp was nie... Weinig het ik gedenk dat daar twintig jaar sou heengaan voordat die bevel om dit te publiseer sou kom. Dit is waar die mensdom op wag... die openbaring van die Heilige Gees als Moeder van die heelal, als Trooster van die verdruktes, als Tolk van die werke en woorde van ons Heer en Saligmaker, Jesus Christus. 'n Begrip van hierdie verborgenheid laat ons besef hoe NABY die toenemende koms van die Heer is”. In dieselfde brief het Johanna die predikante gevra om haar man se standpunt oor haar denkwyses te volg. Wat was haar man se standpunt? Om “niks te verwerp nie, niks te veroordeel nie, alles te ondersoek, alles te toets aan die leer van die Evangelie, te let op die tekens van die tyd, te wag vir die vervulling”.<sup>75</sup> Geen spesifieke reaksie op hierdie skrywe kon opgespoor word nie.

Volgens Landman het Johanna deur die jare ontwikkel van 'n vrou wat aan haar man se posisie onderdanig was tot iemand wat bereid was om die leerstellings van die geestelike hierargie te verwerp. Sy het uiteindelik selfs die God-Moeder voorgestel en gepromoveer. Sodoende is haar visioene aan die vroulike Afrikaner en later aan 'n heel groot gehoor bekend gestel. Volgens Landman het die kerk nie veel aandag geskenk aan wat sy te sê gehad het nie. Waarom nie? Omdat sy 'n vrou was en, volgens Landman se siening van die kerk se standpunt, nie beskou is as iemand wat intelligent en rasioneel kon dink en redeneer nie. Landman voeg by dat: “Her husband was, however, advised by the ecclesiastical hierarchy to distance himself from her ideas, advice that he, significantly, accepted without demurrals”.<sup>76</sup>

Landman se interpretasies kan bevraagteken word. Johanna het nooit die kerk veroordeel nie. Sy is nooit op grond van haar standpunte uit die kerk geskop nie. Sy het wel by die kerk in die moeilikheid beland oor die gerugte dat sy haar aan die grootdoop onderwerp het, maar nadat sy gebieg het oor die gebeurtenis wat nooit plaasgevind het nie, en haar geloof opnuut bely het, is sy weer terug verwelkom. Haar reaksie op gerugte dat sy 'n spiritis was, was om dit ten sterkste te ontken: sy was wel 'n siener maar nie beslis nie 'n spiritis nie.<sup>77</sup>

---

<sup>75</sup> NHKA, J. Brandt – kartonhouer, pamflet van Johanna aan predikante, September 1936.

<sup>76</sup> Aangehaal in Gaul, “Performativity”, p. 234.

<sup>77</sup> J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 125.

Aan die ander kant kan dit nie ontken word nie dat Johanna se gehamer op haar voorspellings die lewe vir haar man, die waardige ds. Brandt, moeilik gemaak het en dat hy hom vroeër by geleentheid in die openbaar van sekere van haar stellings in *Millennium* gedistansieer het nie. Die skryfster Bep du Toit voer aan dat dit Brandt ontstel het dat Johanna so meegevoer geraak het deur haar eie visioene. Hy was volgens Du Toit glo bekommerd oor die “gloed in haar oë” en het dit met dokters en spesialiste bespreek. Hulle het behandeling voorgeskryf en hy het, ten spyte daarvan dat sy dit wou weier en selfs aggressief geword het, haar ooreed om dit te neem. Nogtans het hy volgens Du Toit verklaar dat die werklikheid haar ontglim.<sup>78</sup> Dit was asof sy gedrewe gevoel het om haar boodskap te versprei.

## 8. Johanna weer op reis, 1938-1939

In Augustus 1938 was Johanna weer na Europa op pad, maar sy en Brandt het eers per motor met vakansie na Durban gegaan en op pad by hulle dogter, Emmie en haar man en babaseuntjie, by Umzumbi aangegaan.<sup>79</sup> Van Durban af het sy op haar eie met die *Carnarvon Castle* na Kaapstad gevaar en op 12 Augustus die reis na Brittanje voortgesit. Na twee weke het die boot die hawe van Southampton binnegevaar. Johanna het die hele September in Londen vertoef waar sy haar “geestes vriende” ontmoet en vergaderings gehou en lesings gegee het. Daarna het sy na Skotland, Nederland, Switserland, Duitsland en Italië gereis. Terug in Brittanje het sy beplan om met dieselfde boot terug te keer na Suid-Afrika waar sy op 30 November in Durban aan wal sou stap, maar van die planne het eers niks gekom nie, want sy het in Londen gebly waar sy lesings gegee het.<sup>80</sup>

Johanna het op hierdie stadium gebruik gemaak van ’n pamflet wat sy al in 1919 geskryf het.<sup>81</sup> In hoofstuk 7 is gewys op die kritiek wat J.H.L. Schumann in sy publikasie *Antichrist en de wederkomst van Christus zinde een antwoord op mev. Brandt’s Millennium*<sup>82</sup> op Johanna uitgespreek het. Johanna het destyds haar eie *Antichrist en de Wederkomst van Christus* opgestel om daardie kritiek te weerlê. Dit was die eerste keer dat Johanna in ’n uitvoerige geskrif in ’n Nuwe Era rigting beweeg het, maar aangesien sy ook met ander skryfwerk besig was, het

---

<sup>78</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 285.

<sup>79</sup> NHKA, LIX 164/ii, Brandt aan kinders, 5 Augustus 1938.

<sup>80</sup> NHKA, LIX 164/ii, Johanna aan haar gesin, 17 Desember 1938.

<sup>81</sup> NHKA, J. Brandt – kartonhouer, pamflet van J. Brandt, *Antichrist en de Wederkomst van Christus, 1919*.

<sup>82</sup> J.H.L. Schumann, *Antichrist en de wederkomst van Christus. Zinde een antwoord op mev. Brandt’s Millennium*.

sy dit nie toe al aan die lig gebring nie. Sy het inderdaad eers weer die brosjure aangehaal toe sy in 1938 in Brittanje en Europa rondgereis het.

Johanna het tydens haar reis in haar briewe aan haar familie dikwels verwys na haar publikasies en geskrifte soos *Millennium*, *Paraclete* en *Antichrist en de Wederkomst van Christus*. So het sy aan Brandt 'n verwarrende brief geskryf waarin sy onder andere gemeld het dat die “‘Plan’ gereed is en ek kan dadelik begin in London” en dan het sy vervolg: “Onthou dat daar net een ding is waar die anti-Chr. bang voor is en dit is die mens wat onafhanklik denk ... Hy is nie so bang vir God Self nie want hy weet dat God alleen werk. Pas op, pas op vir elke vorm en dogma wat jy geleer het – denk dit self uit en maak jou oë oop vir alles wat splinternew is, al lyk dit nog so onaanneemlik”.<sup>83</sup>

Gedurende haar Europese reis van 1938–39 was haar briewe telkens onsamehangend. Kort nadat sy in London aangekom het, het sy as volg aan Brandt geskryf: “Pray for Mother”, want volgens haar “was daar groot gevaar dat ek self sou ondergaan ... Lou die grootste gevaar is die Kundalini. 'n Mens se verstand staat daarby stil maar die Antichrist werk ook deur Kundalini. Daarom is ek ook bang. Dit is die vrees van die onkunde ... en as dit als te erg word sal ek Londen gou verlaat”.<sup>84</sup> Brandt het waarskynlik net sy kop in verbystering oor hierdie brief geskud, want geen antwoord van hom daarop kon opgespoor word nie. Dit is nie duidelik presies wat Johanna met Kundalini bedoel het nie. 'n Woordeboek-definisie daarvan lui dit is: “The Yogic life force that is held to lie coiled at the base of the spine until it is aroused and sent to the head to trigger enlightenment”.<sup>85</sup>

'n Volgende geskrif waaraan Johanna tydens haar reis aandag gegee het, was die hersiening van haar roman *Patricia*, wat sy in 1923 geskryf het en wat nie 'n goeie afset gekry het nie. Sy het dit in 1932 onder die nuwe titel *Elinda, or Love in Carnation Valley*, herskryf. Die verhaal speel in Transvaal in die 1880's af. “Elinda ... was under the influence of a spiritually gifted grandmother, she grew up with psychic powers which were further developed by her husband”. Die verhaal verwys na abnormale verskynsels, soos “the Dark Night of the Soul, ... irregularities in the Solar System, ... depopulation, ... visions ... At that time these things were

---

<sup>83</sup> NHKA, LIX 158, Johanna naby Madeira op pad na Brittanje, aan Brandt, 21 Augustus 1938.

<sup>84</sup> NHKA, LIX 158, Johanna uit Londen aan Brandt, 8 September 1938.

<sup>85</sup> Kundalini, [www.merriam-webster.com/dictionary/kundalini](http://www.merriam-webster.com/dictionary/kundalini), geraadpleeg op 14 Januarie 2015.

unthought of”.<sup>86</sup> Sy was steeds nie oortuig dat die inhoud reg was nie en het aan Benedict Lust in die VSA geskryf: “I am not so very sure about the book at present. ‘Elinda’ may be a very useful book, a story of a great message ... but the main thing is selling a book”.<sup>87</sup> Sy het in 1938 daarin geslaag om die boek in Londen persgereed te kry en voor die einde van 1938 op die mark te kry. Aangesien dit ’n roman was, het die boek redelik verkoop en Johanna het daarin geslaag om haar finansies te verbeter sodat sy langer in Londen kon aanbly.<sup>88</sup>

Dit is bekend dat daar in 1938 in Europa konfrontasie gedreig het as gevolg van Adolf Hitler van Duitsland se beleid en optrede. Dit was veral sy opbou van ’n massiewe militêre mag en sy besetting van gebiede rondom Duitsland soos Sudetenland en Oostenryk wat die spanning verhoog het. Johanna het vas geglo dat sy daarin sou kon slaag om die dreigende oorlog af te weer deur in die hoogste regeringskringe in te meng. Reeds voor haar vertrek uit Suid-Afrika het sy volgens Bep du Toit aan Brandt gesê dat sy na Engeland en Duitsland moes gaan, met Churchill en Hitler moes gaan praat en dat hulle na haar moes luister.<sup>89</sup> Terwyl sy in Londen was, het sy aan Brandt geskryf dat sy geglo het dat ’n oorlog onafwendbaar was. Maar sy sou haar bes doen om dit te verhoed. As eerste stap het sy inderdaad daarin geslaag om ’n onderhoud met Charles te Water, Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in Londen, te reël waartydens sy by hom daarop aangedring het “dat daar ’n Krygswet moet kom en dat Eng[eland], D[uitsland], Fr[ankryk] en It[alië] same al die gifbomme moet konfiskeer. Dit is die allergrootste gevaar”.<sup>90</sup> Dit is nie bekend wat Te Water se antwoord aan Johanna was nie. Wat wel betekenisvol was, was dat Brandt kort daarna ’n brief van die Suid-Afrikaanse ambassade in Londen ontvang, waarin dit duidelik gemaak is dat dit vir betrekkinge tussen Brittanje en Suid-Afrika beter sou wees as hy vir Johanna kon oorreed om na Suid-Afrika terug te keer. Brandt het ’n dringende brief aan sy seun Louis, wat op daardie stadium in Brittanje was, geskryf om dadelik na Londen te gaan en sy ma te oorreed om terug huistoe te gaan. Louis het dit met groot moeite reggekry, maar Johanna het tot op die bitter einde bly veg. Sy het volgens Bep du Toit teenoor Louis uitgevaar dat sy nog nie klaar met haar taak was nie en nog na Duitsland moes gaan, maar nou verhinder word deur haar eie man en kinders wat doelbewus haar werksaamhede ondermyn. Dit was toe Louis haar op die skip gegroet het.<sup>91</sup>

---

<sup>86</sup> J. Brandt, *Elinda, or, Love in Carnation Valley*, voorblad.

<sup>87</sup> NHKA, LIX 166/iii, Johanna aan Benedict Lust, 8 Julie 1932.

<sup>88</sup> NHKA, LIX 157/i, Johanna aan Brandt, 6 Oktober 1938.

<sup>89</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 285.

<sup>90</sup> NHKA, LIX 158, Johanna in Londen aan Brandt, 21 Oktober 1938.

<sup>91</sup> Du Toit, *Die verhaal*, pp. 285-286.



Terug in Suid-Afrika was sy nie gesond nie. Sy was verward en opstandig en het aanvanklik geweier om die medisyne wat die dokter voorgeskryf het, te gebruik. Brandt en hul seun Frans het haar gedwing om die medisyne te neem en na 'n paar weke het sy rustiger geraak.<sup>92</sup>

## 9. Brandt se laaste jare as predikant, 1930-1939

Terwyl Johanna in die 1930's met haar aktiwiteite as naturopaat bedrywig was en steeds telkens uithuisig was, het Brandt met sy werksaamhede as predikant en voorsitter van die Algemene Kerkvergadering van die NHK, die amp wat hy sedert 1916 bekleed het, voortgegaan. Ten spyte van knaende gesondheidsprobleme wat hom gekniehalter het, waaronder artritis in sy heup, het hy in 1929 sy tweede besoek aan die kerk se gemeentes in Oos-Afrika afgelê. Na sy terugkeer het hy net 'n motorfiets as vervoermiddel gehad. Aangesien dit hom aan wind en weer blootgestel het wanneer hy huisbesoek moes doen, het hy en Johanna aan die begin van 1930 besluit om 'n motorkar aan te skaf en word hulle die trotse eienaars van 'n klein, tweedehandse Ford.<sup>99</sup> Nadat Brandt kort daarna van die Vereeniginggemeente en van die Heilbrongemeente afskeid geneem het, het hy saam met Johanna hul intrek in "Harmony", Oakdene, hul eerste eie woonplek, geneem.

Tydens 'n ringsvergadering van die Witwatersrandse gemeentes van die NHK te Brakpan in 1933, het sommige van die predikante-afgevaardigdes vir Brandt meegedeel dat hulle briewe van lidmate uit sy gemeentes ontvang het, waarvolgens Johanna ongeveer 16 jaar tevore die groot gedoop by die Apostoliese Geloofsending ondergaan het. Dit was die eerste keer dat hierdie beweerde insident tydens 'n kerkvergadering aan die lig gekom het. Dit het natuurlik ernstige implikasies gehad op Brandt se loopbaan as gerespekteerde predikant gehad. Hy is inderdaad gedwing om uit die Turffonteingemeente te bedank. Die kerkraadslede wou hom nie meer daar hê nie en het selfs gedreig om die kerkdeure te sluit.<sup>93</sup> Tydens 'n kerkraadsvergadering van die Kensingtongemeente op 22 April 1933 het Brandt ingewillig om te emeriteer. Johanna was ook teenwoordig. Sy het erken dat sy deur ene Pochenpoel (leier van die Apostoliese Kerk, Pretoria) in haar huis gedoop is. Sy het bely dat sommige van haar kinders daarvan geweet het, maar nie haar man nie. Die kerkraad het Johanna se dwaling eendragtig afgekeur. Sy is gevra om die vergadering te verlaat en is vervolgens as nie-lidmaat beskou.

---

<sup>92</sup> NHKA, LIX 159/i, Brandt aan seun Louis in Engeland, 23 November 1938 <sup>99</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 269.

<sup>93</sup> NHKA, Notule, Kerkraadsvergadering, Kensington-gemeente, 13 Maart 1933.

Beide Brandt se kerkrade en die meeste lidmate het hom steeds ondersteun, maar Johanna is ook deur die Turffontein-gemeente as 'n 'apostolie' beskou.<sup>94</sup>

Sake het 'n nuwe wending geneem toe daar op 17 Junie 1933 tydens 'n Turffonteinkerkradsvergadering 'n brief van Johanna gelees is waarin sy haar dwaling bely en 'n versoek gerig het om opnuut die geleentheid te kry om voor die gemeente belydenis van geloof af te lê. Die versoek is toegestaan en sy sou die volgende dag (Sondag) tydens die erediens die geleentheid kry tot belydenisbelydenis. Brandt het op dieselfde vergadering sy bedanking teruggetrek en besluit om nie te emeriteer nie. Dit is aan hom toegestaan om voort te gaan as predikant van die Turffontein-gemeente.<sup>95</sup> Tydens die volgende kerkradsvergadering het Brandt 'n beroep op samewerking, liefde, vrede en verdraagsaamheid gedoen. Hy het boonop £5 van sy salaris afgestaan om die gemeente tegemoet te kom. In die notule is aangeteken dat: "Mev. Brandt is ook weer terug onder die gemeente en wil opnieuw saamwerk".<sup>96</sup>

Die hele ongelukkigheid oor Johanna se beweerde groot doop het ietwat eienaardig verloop. Haar korrespondensie terwyl sy in 1916-1921 te Harmony in Pretoria gewoon het dui wel daarop dat sy met die Apostoliese Geloofsending deurmekaar geraak het en op die punt was om haar te laat groot doop. Sy het egter nie sover gekom nie. Haar belydenis in 1933 dat sy wel groot gedoop is strook nie met haar dokumentasie in die periode toe dit sou gebeur het nie.

Brandt was intussen op die oog af gelukkig in Oakdene en het op sy normale, deeglike wyse sy gemeentelike werk voortgesit, ten spyte van die swak finansiële omstandighede van sy gemeentes en gemeentelede en die feit dat hy persoonlik gesukkel het om die skuld wat hy vir die oprigting van die hospitaal aangegaan het, af te betaal.<sup>97</sup> In 1935 het hy sy laaste reis na die buiteland onderneem. Hy het onder andere sy bejaarde moeder in Arnheim, Holland besoek en op 16 Maart die huwelik van sy dogter, Mira, met Albert Dunant, die seun van die stigter van die Rooikruisbeweging, in Switserland, bygewoon.<sup>98</sup>

---

<sup>94</sup> NHKA, Notule, Kerkradsvergadering, Turffontein-gemeente, 22 April 1933 en ook 20 Mei 1933.

<sup>95</sup> NHKA, Notule, Kerkradsvergadering, Turffontein-gemeente, 17 Junie 1933.

<sup>96</sup> NHKA, Notule, Kerkradsvergadering, Turffontein-gemeente, 4 Julie 1933.

<sup>97</sup> Botes, Brandt, p. 502.

<sup>98</sup> NHKA, LIX 174/ii, lêer oor Brandt se reis na Europa.

’n Terugslag het Brandt in 1937 getref toe hy nie weer tot Voorsitter van die Algemene Vergadering van die NHK verkies is nie – dit nadat hy, soos sy biograaf H. Botes dit stel, “vir 21 jaar ... stylvolle dog koersvaste leiding” aan die kerk gegee het.<sup>99</sup>

Terwyl Johanna in 1938 na Europa gereis het, het Brandt onverpoosd met sy werk as predikant volhard. Toe Johanna aan die begin van 1939 in ’n uitgeputte en sieklike staat van Europa af teruggekeer het, het Brandt haar versorg en toegesien dat sy die nodige medikasie gekry het.<sup>100</sup> Hy inderdaad deur al haar vreemde optredes heen immer die lojale eggenoot gebly.

Die finansies van talle gemeentes van die NHK was in die dertigerjare in ’n swak toestand. Die meeste gemeentes, waaronder Turffontein/Kensington, kon naderhand nie meer die salarisse van hul predikante bekostig nie. Dit was as gevolg van hierdie omstandighede dat die Algemene Kerkvergadering in Mei 1939 vir Brandt versoek het om as gemeentepredikant uit te tree. Die kerk het terselfdertyd aan hom die spesiale pos van hospitaalpredikant geskep, maar hy het besluit om eerder sy eervolle emeritaat as predikant aan te vra. Hy was 65 jaar oud en was daarop geregtig. Dit is op 16 Junie 1939 aan hom toegestaan.<sup>101</sup>

Op 2 Augustus 1939 sou daar ’n groot afskeidsgeselligheid vir Brandt in die Selbornesaal in Johannesburg aangebied word. Die gedagte was dat al sy gemeentelede van die Johannesburg/Vereeniging omgewing daarheen uitgenooi sou word.<sup>102</sup> Dit het egter nooit plaasgevind nie. Die dag nadat hy die emeritaat ontvang het, is hy ernstig beseer toe hy ’n stoofpyp by die sanatorium op Oakdene wou vervang het. Hy het teen ’n leer opgeklim wat bo-op ’n tafel gestaan het ten einde die pyp te kon bykom, maar die pote van die tafel het gebreek. Brandt het geval en ernstige hoofbeserings opgedoen. Hy is op die sewende dag na die ongeluk, op 23 Junie, oorlede. Sy begrafnisdiens was op Sondag 26 Junie 1939 in die kerkgebou van die NHK in Cottesloe, Johannesburg en hy is in die Brixton-begraafplaas ter ruste gelê. Daar was bykans vanselfsprekend ’n groot skare mense teenwoordig, insluitende talle

---

<sup>99</sup> Botes, Brandt, p. 526.

<sup>100</sup> NHKA, LIX 153, Brandt aan seun Louis in Skotland i.s. Johanna se gesondheidstoestand na haar terugkeer van Engeland af, 17 Maart 1938

<sup>101</sup> NHKA, Notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Band 3: G.68, 16 Junie 1939.

<sup>102</sup> NHKA, Notule van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, Band 3: G.68, 20 Mei 1939.

hoogwaardigheidsbeksleërs wat in toesprake by dié geleentheid aan Brandt hulde gebring en hom as nederige mens en groot Christen beskryf het.<sup>103</sup>

Johanna het die begrafnisdiens bygewoon en was vergesel van vier van haar en Brandt se kinders, naamlik Emmie, Frans, Willem en Chris. Hulle vyf, asook George, Brandt se broer wat in Durban woonagtig was, het as draers opgetree. Die ander vier Brandt-kinders kon om praktiese redes nie daar wees nie. Louis, die oudste, was 'n ingenieur in Skotland, getroud, met twee kinders; Mira was in Italië, getroud met twee kinders; Andries was as predikant op besoek aan die Hervormde gemeentes in Kenia en Bennie was op 'n plaas in Natal.<sup>104</sup>

Brandt se dood was vir Johanna 'n geweldige skok. Sy het hom as iemand wat altyd daar sal wees, beskou. Bowendien was hy haar steunpilaar en het sy daarop gereken dat hy, wanneer sy elders besig was, altyd sou instaan om haar pligte in die gesin en later in die sanatorium uit te voer. Kort na sy dood het sy 'n "Ope brief aan die vriende van wyle ds. L.E.Brandt" geskryf waarin sy almal bedank het vir hul simpatie, steun en troos tydens die familie se verbysterende verdriet. Verder het sy die omstandighede van sy dood verduidelik en gemeld dat hy na die ongeluk net die volgende twee woorde geprewel het: "Help my". Voorts het sy in die brief verduidelik waarom hy sy emeritaat aangevra het en bygevoeg dat hy beslis nie die kerk verlaat het nie, maar hom net losgemaak het van die sleur en roetine van gemeentewerk ten einde meer tyd aan Christelike eensgesindheid te wy, sowel as om meer tyd te gee aan veral verskeie jeugorganisasies waarby hy betrokke was, soos kindersorg, verbeteringsinrigtings, industriële skole, weeshuise en reddingshuise.<sup>105</sup>

Na Brandt se dood het Johanna haar uit die openbare lewe teruggetrek, want sy het gevoel dat sy die anker in haar lewe verloor het. Bep du Toit maak die stelling dat Johanna se optrede na Brandt se dood daarop dui dat, "ondanks alle verskille het die twee mense suiwer huweliksgeluk beleef en het die liefde vir mekaar letterlik alles oorwin".<sup>106</sup> Dat Brandt en Johanna opreg lief vir mekaar was is ongetwyfeld waar, maar dit is ook waar dat Johanna se ongewone optredes telkens 'n stok in die speke van hulle huweliksgeluk gestee het. Dit was dan gewoonlik Brandt

---

<sup>103</sup> NHKA, LIX 185/i, Koerantberigte en ander dokumente oor ds. Brandt se dood.

<sup>104</sup> NHKA, LIX 43/iii, Johanna se "Ope brief aan die vriende van wyle ds. L.E. Brandt", Junie 1939. Dieselfde lêer bevat knipsels van berigte oor Brandt se dood en begrafnis in *Die Transvaler*, 27 Junie 1939 en *Die Vaderland*, 28 Junie 1939.

<sup>105</sup> NHKA, LIX 43/iii, Johanna se "Ope brief aan die vriende van wyle ds. L.E. Brandt", Junie 1939.

<sup>106</sup> B. du Toit, Die eintlike Kappiekommando, *De Kat*, April 1986, pp. 19-20.

wat alles in sy vermoë gedoen het en het vele opofferinge gemaak het om daar te wees vir haar en haar as sy vrou by te staan.

Johanna het vir Brandt met 24 jaar oorleef. Direk na sy dood het sy probeer om op haar eie met die sanatorium aan te gaan, maar sy kon dit nie sonder die hulp van haar aangenome dogter, Bennie, vermag nie. Haar seun Frans moes help om die geldsake te hanteer. Johanna het gans verlore gevoel en besef dat sy nie meer in staat was om besluite oor die behandeling van pasiënte te kon neem nie. Gevolglik het sy agt maande na Brandt se dood die sanatorium gesluit, die eiendom verkoop en die meubels aan haar kinders uitgedeel. Die vuur binne-in haar was geblus. Die res van haar lewe het sy soos 'n bejaarde deurgebring. Boonop het sy na die Kaapse Skiereiland getrek waar sy by haar seun Andries gaan inwoon het. Sy huis was stil, want Andries, wat 'n predikant was, en sy vrou het nie kinders gehad nie. Die huis was in Vishoek, wat in die 1940's 'n barre plek was, met ongelyke strate. Die huis was hoog teen 'n heuwel met 'n uitsig oor die see.

Andries se huis was 'n skynbaar pragtige plek, maar Johanna was van hom afhanklik vir vervoer om iewers uit te kom. Gevolglik het sy besluit om liewers alleen te gaan woon, waar sy onafhanklik van enigiemand sou wees. Boonop wou sy graag stilte hê, want sy is soms deur kwaai hoofpyne gepla. Sy het haar in 'n woonstel in die Dean-woonstelblok, Nuweland, gevestig. Daar het sy busvervoer gehad en kon sy fiets ry, veral om bioskoop toe te gaan: iets wat sy nog altyd van gehou het. Op Sondag het sy gereeld kerk toe gegaan. In die aande het sy radio geluister en geskryf. Al was sy bejaard, het sy steeds bly skryf en allermens haar korrespondensie aan haar oorblywende vriendekring gestaak. Haar talle boeke, geskrifte en stapels papiere waarvan sy nie ontslae wou raak nie, is in twee leë motorhuise naby haar woonstel geberg. Hierdie dokumentasie is na haar dood vernietig.

Johanna se bekendste boek is waarskynlik *Die Kappie Kommando*, wat in 1913 in beide Nederlands en Engels in druk verskyn het. Dit het eers in 1958 in Afrikaans verskyn met Johanna as die vertaler. Sy het in die voorwoord tot hierdie uitawe te kenne gegee dat Afrikaans in 1913 no nie regtig 'n taal was nie. Haar woorde het 'n groot waarheid ingehou, want Afrikaans is wel in 1925 as amptelike landstaal erken, maar sedert daardie erkenning is massas nuwe woorde tot die taal toegevoeg, wat meegebring het dat dit al makliker geskryf het en soos Eric

Rosenthal gesê het, 'n “hedendagse taal” geword het.<sup>107</sup> Johanna het op die ouderdom van 82 gevoel die tyd is reg om die *Kappie Kommando* in Afrikaans te laat verskyn. Dit was haar laaste skryfwerk wat sy gedoen het.

Op Donderdag 23 Januarie 1964 het die volgende berig in die dagblad *Vaderland* verskyn: “Mevrou Johanna Brand, een van die kleurrikste figure uit die Tweede Vryheidsoorlog en skryfster van die bekende *Kappie-Kommando*, is Dinsdagnag in Nuweland, Kaapstad in haar slaap oorlede. Sy was 87 jaar oud”.<sup>108</sup>

---

<sup>107</sup> Brandt, *Kappiekommando*, voorwoord van 1958-uitgawe; E. Rosenthal, Kampvegter van die Kappiekommando, *Fleur*, Maart 1948, p. 34.

<sup>108</sup> Du Toit, *Die verhaal*, p. 298.

## Hoofstuk 11

### Tyd- en geestesgenote van Johanna

#### 1. Inleiding

Vir 'n persoon wat byna nege dekades lank geleef het en bekend was vir die verskeidenheid aktiwiteite waarby sy betrokke was, is dit nie ongewoon dat Johanna se naam bly voortleef het nie. Sy het 'n veelsydige lewe gelei met die produktiewe fase van haar volwasse lewe wat hoofsaaklik in die eerste helfte van die twintigste eeu afgespeel het. Die tydperk was die begin van die snelle ontwikkelinge, onder meer op die gebied van kommunikasie. Johanna het op groot skaal van die beskikbare kommunikasiekanale – die poswese, drukkerswese, spoordiens, pad- of seevervoer – gebruik gemaak. Dit het inderdaad 'n onmisbare rol in haar lewe gespeel.

Die vernaamste wyse van kommunikasie vir Johanna was deur te skryf: boeke, dagboeke en veral briewe. Johanna het 'n groot deel van haar lewe aan korrespondensie gewy – aan familie, vriende, sakekennisse en geestesgenote. Die korrespondensie was tydrowend en het soms goeie tydsberekening geverg. Die briewe aan familie in Nederland moes byvoorbeeld op sekere tye gepos word, sodat dit die vinnigste posverbinding kon haal ten einde binne 'n redelike tyd by hulle bestemming uit te kom.

Van hoofstuk 2 in hierdie tesis af is daar telkens melding gemaak van bekende figure wat Johanna op haar lewenspad leer ken het. Omdat haar vader 'n gesiene predikant was en haar moeder uit 'n hooggeplaaste familie gekom het, was Johanna van kleins af gewoond om in 'belangrike mense' se geselskap te verkeer. Tydens en die Anglo-Boereoorlog het haar diens as hulpverpleegster in die Irene-konsentrasiekamp en haar betrokkenheid by spioenasieaktiwiteite aan haar bekendheid besorg – selfs by president Paul Kruger en Emily Hobhouse. Terwyl sy in Nederland was vir haar huwelik met Brandt het sy die drie wêreldberoemde Boeregeneraals, Botha, De la Rey en De Wet, ontmoet. Haar twee publikasies wat oor oorloggebeure gehandel het, *Het Concentratie-Kamp van Iréne* en *Die Kappie Kommando*, het haar bekendheid nog verder laat uitkring. Daar was destyds nie veel leesstof oor Suid-Afrika nie, veral nie uit die pen van 'n vrou nie, en daarom was die twee boeke uiters welkom by die leserspubliek.

Van al die bekendes waarmee Johanna te doen gekry het of met wie sy in sekere opsigte heelwat in gemeen gehad het, was daar drie figure wat uitstaan, naamlik Olive Schriener, Siener van Rensburg en Tromp van Diggelen. In hierdie hoofstuk word vervolgens aan vergelykende aspekte tussen die loopbane van Johanna en hierdie drie uiteenlopende mense aandag gegee. Dit sal bydra tot begrip oor die komplekse aard van Johanna se persoonlikheid en selfs verdere lig op haar veelsydigheid werp.

## 2. Olive Schreiner (1855-1920)

Sekerlik die bekendste Suid-Afrikaanse vrou wat deels 'n tydgenoot van Johanna was en wat as skrywer beroemd geword het, was Olive Schreiner. Ter wille van hierdie vergelyking word daar in die res van hierdie subhoofstuk na haar as Olive verwys. Alhoewel sy ouer as Johanna was, het hul lewens vir 44 jaar ooreenleef. Johanna het in Nederlands, Engels en Afrikaans gepubliseer, maar Schreiner het uitsluitlik in Engels geskryf. Tog kan hulle in verskeie opsigte met mekaar vergelyk word. Hulle skryfstyl het tot 'n sekere mate ooreengestem en so ook hulle lewenstyl.

Karel Schoeman skryf in sy boek *Only an anguish to live here – Olive Schreiner and the Anglo-Boer War*: “By 1899 Olive Schreiner was probably the best known South African beside Rhodes and President Kruger, ... her fame being based only on one single novel, *The Story of an African Farm*. She had also ... achieved increasing fame as an eloquent and impassioned defender of the people and their cause, and her opinion were eagerly sought by the world”.<sup>1</sup>

Die lewensverhale van Johanna en van Olive Schreiner het grotendeels verskil, maar tog was daar merkwaardige ooreenkomste. Hulle het skynbaar nooit mekaar ontmoet nie. Een moontlike verklaring daarvoor is dat Olive 20 jaar ouer as Johanna was. Tweedens het hulle ver van mekaar af gewoon: Johanna in Transvaal en Olive hoofsaaklik in die Karoo. Olive is op 24 Maart 1855 op Wittenberge in die Oos-Kaap gebore. Sy was die negende van 12 kinders, maar net sewe van hulle het hulle kinderjare oorleef. Haar een broer, William Philip Schreiner, het later 'n prominente Kaapse politikus geword.<sup>2</sup> Hulle pa, Gottlob, was van Duitse afkoms en was as 'n sendeling in diens van die Londonse asook die Wesleyaanse Sendinggenootskappe.

---

<sup>1</sup> K. Schoeman, *Only an anguish to live here – Olive Schreiner and the Anglo-Boer War*, p. 12.

<sup>2</sup> D.R. Beeton, Schreiner, Olive Emilie Albertina, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, p. 727.



Hy het later 'n handelaar geword maar kon van ongeveer 1864 af nie sy vrou en kinders onderhou nie.<sup>3</sup>

Olive was van haar kleuterdae af besonder skrand. Volgens Meintjies het sy reeds as kleuter destyds daarop aangedring dat haar ma haar moes leer lees en skryf. In haar kinderjare was sy skaam en gereserveerd maar tog was sy baie uitgesproke wanneer sy uitgetart word. Sy het intellektuele gawes en wysheid ver bo dié van haar portuurgroep openbaar. As kind was sy gesond en energiek. Godsdienst was vir haar 'n sinvolle en diep ervaring en nie bloot 'n formaliteit nie. Sy het reeds op sewejarige ouderdom van haar “personal identity” gepraat. Toe haar een sussie, Ellie, op tweejarige ouderdom gesterf het, het dit haar baie ontstel en het sy skynbaar by die begrafnis abnormaal opgetree.<sup>4</sup> Olive het inderdaad die voortydige dood van haar vyf broers en susters wat as kindertjies oorlede is, veral dié van Ellie, moeilik verwerk. Op 15-jarige ouderdom het sy op grond daarvan haar ouers se godsdienst verwerp: die godsdienst en die dood van onskuldige kinders het nie vir haar die antwoorde gegee wat sy gesoek het nie. Hierdie standpunt het deur die res van haar lewe haar aan ernstige depressie laat ly.<sup>5</sup> Sy het van Ellie die volgende geskryf: “[M]y love for her has shaped all my life ... and her death made me a free thinker”.<sup>6</sup>

Olive het self geskryf dat sy haar intellektuele gawes van haar moeder, wat haar onderrig het, geërf het en haar idealisme oor die menslike lewe van haar vader.<sup>7</sup> Sy was net nege jaar oud toe sy saam met haar gesin 'n swerwersbestaan in die eensame Karoo begin voer het, waar hulle by familie of vriende ingewoon het. Sy het weinig formele onderrig ontvang. Toe sy 12 jaar oud was, het sy huishoudster vir van haar ouer broers en susters geword, terwyl hulle skoolgegaan het. As tienermeisie het sy soms by ander gesinne as haar eie as goewernante opgetree. Haar kinderdae was vroeg verby. Die afsondering van die Karoo waar sy die grootste deel van haar jeugjare deurgebring het, het ongetwyfeld 'n diep indruk op haar as mens en op haar skryfwerk gelaat.<sup>7</sup>

---

<sup>3</sup> T.S. Emslie (ed.), *Karoo Moon*, pp. i & xiii. Die publikasie van Emslie bevat drie vroeë werke van Schreiner asook notas oor haar lewensgeskiedenis.

<sup>4</sup> J. Meintjies, *Olive Schreiner. Portrait of a South African Woman*, pp. 4 en 14.

<sup>5</sup> Olive Emilie Albertina Schreiner, <http://zar.co.za/schreiner.htm>, geraadpleeg op 16 Februarie 2010.

<sup>6</sup> T.S. Emslie (ed.), *Karoo Moon*, p. 54. (In haar roman *From man to man* in dié publikasie word na Ellie, die oorlede sussie, as Rebekah verwys.) <sup>7</sup> O. Schreiner, *Arbeid en die vrou*, p. vii.

<sup>7</sup> D.R. Beeton, Schreiner, Olive Emilie Albertina, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, p. 727.

As haar omstandighede met dié van Johanna vergelyk word, het Johanna, wat as kind in die Transvaal in die beskermende omgewing van Heidelberg, sorgelose jare deurgebring en in Kaapstad formele onderrig ontvang het, baie verskil. As jong vrou het sy in Harmony in Pretoria tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in 1899 'n bykans idilliese bestaan gevoer, wat in direkte kontras met dié van Olive was.

Volgens oorlewing het Olive elke moontlike geleentheid wat aan haar gegun is, benut om te lees – boeke soos dié van Goethe, Darwin, Spencer en Emerson. Sy het aan die filosofieë van die 'vrye denkers' geglo. Sy het mettertyd 'n progressiewe lewensdenke ontwikkel en die stereotipe rol van die man en vrou verwerp. In plaas daarvan het sy 'n voorstander van verdeelde arbeid tussen mans en vrouens geword. Emslie se kommantaar op hierdie fase van haar lewe is: "Perhaps the Karoo isolation of this formidable, intelligent, passionate, freethinking young woman was, paradoxically, the key to her hunger for books, her literary ambition and her intellectual sophistication".<sup>8</sup> In 1873 was sy vir 'n wyle in Kimberley, waar sy 'n diamantdelwerskamp belewe het. Daar het sy haar ervarings begin neerskryf, wat spoedig uitgeloop het op haar eerste roman, *Undine*. In 1875 het sy in die Cradock distrik vir 'n jaar as goewernante op die plaas Klein Gannahoek gewerk. Daar het sy op 20-jarige leeftyd, ten spyte van al haar verpligtinge, haar beroemde roman *The Story of an African Farm* begin skryf.<sup>9</sup> Die manuskrip was teen 1879, toe sy 24 was, voltooi. Sy het ook gedeeltes van haar roman *From Man to Man* gedurende dié tydperk geskryf.<sup>10</sup>

In 1881 is Olive met haar drie manuskripte na Brittanje, om na 'n uitgewer te gaan soek asook om in die medisyne te studeer. Van laasgenoemde plan het niks gekom nie, maar nadat drie uitgewers haar manuskripte afgekeur het, het Chapman en Hall in Londen uiteindelik ingestem om *The Story of an African Farm* te publiseer. Die eerste uitgawe het in Januarie 1883 onder die skuilnaam van Ralph Iron verskyn. Dit het vinnig uitverkoop, want dit is 'n klassieke verhaal wat tot vandag toe nog as een van die beste Suid-Afrikaanse letterkundige werke van alle tye beskou word. Die tweede uitgawe het spoedig verskyn. Hierin het sy haar eie naam as skrywer aangedui. Toe dit bekend geword het dat sy die skrywer was, het sy skielik beroemd geraak, "a fame which steadily increased in wider and wider circles ... she caused a furore of interest ...

---

<sup>8</sup> T.S. Emslie (ed.), *Karoo Moon ...*, p. xii.

<sup>9</sup> D.R. Beeton, Schreiner, Olive Emilie Albertina, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, p. 727.

<sup>10</sup> T.S. Emslie (ed.), *Karoo Moon*, p.xii.

She was the first of an astounding list of brilliant women authors produced by the country, and as such holds a position of permanence and honour”.<sup>11</sup>

Wanneer die inhoud van Olive se *The story of an African farm* met die van Johanna se *Die Kappie Kommando* vergelyk word, is daar groot verskille maar ook tog ooreenkomste. Olive het in Engels geskryf – haar moedertaal wat sy aan die knie van haar moeder, ’n Engelse dame, geleer het. Johanna het haar *Kappie Kommando* eers in Engels – die skryftaal waarin sy die mees bedrewe was en waarin sy in haar oorlogsdagboek aantekeninge gemaak het – geskryf en die Engels uitgawe, *The Petticoat Commando*, het voor die Hollandse uitgawe verskyn. Vir laasgenoemde moes sy eers ’n bedrewe Hollandse vertaler kry. Olive se boek is fiksie, met haar gesin en omgewing en mense met wie sy te doen gekry het wat as die basis gedien het vir haar verhaal. Sy het baie van haar ervarings uit haar kinderdae, asook belewenisse van die konflik tussen individuele regte en sosiale waardes in haar boek uitgebeeld.<sup>12</sup> Johanna se *Kappie Kommando* was meer outobiografies van aard en het haar belewenis van en bedrywighede tydens die Anglo-Boereoorlog, insluitende haar betrokkeheid by spioenasie, bykans in die vorm van ’n avontuurverhaal vertel. Sy wys na haarself as Hansie. Die groot verskil tussen die twee skryfsters se geskrifte is geleë in die inhoud en styl. Olive se taal was van hoë gehalte, terwyl Johanna van ’n meer basiese en alledaagse skryftaal gebruik gemaak het.

Beide Johanna en Olive het by geleentheid gesondheidsprobleme ervaar. Olive was deur asma-aanvalle geteister vandat sy in haar tienderjare was. Die asma was stuipagtig van aard en volgens Olive was dit veroorsaak deur ’n verkoue of ’n allergiese toestand. In haar volwasse jare het dit erger geword. Sy het gewonder wat die oorsaak was: “what does make me feel like this? It is as much my mind as my body that is ill. My chest is getting worse, but my head is wonderfully clearer. Oh, it isn’t my chest ... it’s I myself, my life ...”. Latere navorsing het inderdaad bevind dat: “Olive’s ‘asthma’ was a convenient label for a number of psychosomatic disorders which had nothing to do with a genuine asthmatic case whatsoever”.<sup>13</sup> Kritici glo dat haar jeugjare in die Karoo, toe sy gedwing was om te oorleef as “as a governess to various Afrikaans en English families ... between 1877 and 1881, fuelled by unhappiness, struggle and conflict”, tot die aanvalle bygedra het. Ten spyte van haar siekte – hetsy fisies of emosioneel – het sy volhard in haar skryfwerk en in daardie selfde tyd het haar belangrikste kreatiewe werk

---

<sup>11</sup> T.S. Emslie (ed.), *Karoo Moon*, pp. 24, 50-51; D.R. Beeton, Schreiner, Olive Emilie Albertina, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek Deel I*, pp. 727-728.

<sup>12</sup> J. Meinjies, *Olive Schreiner. Portrait of a South African Woman*, p. ix.

<sup>13</sup> T.S. Emslie (ed.), *Karoo Moon*, p.81

die lig gesien.<sup>14</sup> Johanna was in haar jeugjare heel gesond en het eers in haar volwasse jare allerhande skete ontwikkel, waarvan die meerderheid nooit gediagnoseer was nie. Sy was onder meer daarvan oortuig dat sy maagkanker gehad het en dat sy haarself met die druiwekuur genees het. Sy het mettertyd van baie van die kwale ontslae geraak en het eers op 89-jarige ouderdom gesterf. Beide van hulle het dus op een of ander manier aan 'n psigosomatiese siekte gely. Dit kan dalk toegeskryf word aan die ongewone lewenswyses wat hulle albei gelei het.

Olive het as gevolg van haar faam as skrywer, verskeie prominente mense in Suid-Afrika en elders leer ken. Haar broer Will se bekendheid as openbare figuur in die Kaapkolonie het haar boonop met verskeie hooggeplaaste figure in aanraking gebring. Cecil John Rhodes was een van hulle. Hulle was aanvanklik goeie vriende, maar as gevolg van Rhodes se minagting van die swartmense van Masjionaland (vandag in Zimbabwe) en sy fanatiese imperialistiese ideale, het sy al haar respek vir hom verloor. Dit kom onder meer na vore in haar fiktiewe boek, *Trooper Peter Halket of Masjionaland*, wat deels handel oor die haglike toestande waaronder die swart werkers onder Rhodes gelewe het.<sup>15</sup> In die 1890's het sy bevriend geraak met die bekende Britse skrywer Rudyard Kipling, asook met mev. Marie Koopmans-de Wet, wat die volgende oor haar geskryf het: "It's hard for my unskilled pen to describe your South African Olive. One gained breath and grandeur from her. She gave me the immitable feeling of the veld".<sup>16</sup> Sy was ook bevriend met John X Merriman, wat van 1908 tot 1910 eerste minister van die Kaapkolonie was. Nadat Olive se boek *Woman and Labour* gepubliseer is, in 1911, het Merriman aan haar geskryf dat hy twyfel of sy sukses sou behaal met haar aandrang op vrouestemreg, want "man ... will always be a brute". Olive het van hom gehou omdat hy graag sy gehore geskok het met sy spitsvondigheid.<sup>17</sup> In Europa het sy by 'n prominente groep jong sosialiste, insluitend Eleanor Marx (die dogter van Karl Marx), George Bernard Shaw en Edward Carpenter aangesluit.<sup>18</sup> Olive het beide in Brittanje en in Suid-Afrika 'n magdom vriende gehad, maar weens haar swak gesondheid het sy nie baie onthaal nie en soos Johanna was sy voortdurend besig met skryfwerk alhoewel sy nooit weer so 'n meesterstuk soos *The story of an African farm* gelewer het nie. Johanna het ook baie vriende en kennisse gehad en het 'n baie groot korrespondensie-netwerk aan die gang gehou.

---

<sup>14</sup> I. Vivian (ed.), *The Flawed Diamond. Essays on Oliver Schreiner*, p. 45.

<sup>15</sup> I. Vivian (ed.), *The Flawed Diamond. Essays on Oliver Schreiner*, pp. 91-92.

<sup>16</sup> T.S. Emslie (ed.), *Karoo Moon*, p. xii.

<sup>17</sup> J. Meintjies, *Olive Schreiner*, p. 169.

<sup>18</sup> Olive Emilie Albertina Schreiner, <http://zar.co.za/schreiner.htm>, geraadpleeg op 16 Februarie 2010.

Benewens die uitsonderlike kenmerke wat Olive in haar kinderdae geopenbaar het, het sy as volwassene soms omstrede standpunte ingeneem en boonop soms vreemd opgetree. Sy het nie net verligte standpunte betreffende die regte en voorregte van die vrou gehandhaaf nie, maar haar aktief beywer om mense tot haar standpunte oor te haal. Daarbenewens was sy 'n voorstander van nuwe denke oor verhoudings tussen mans en vrouens, oor arbeid en kapitaal, oor kuns en industrie. Sy het aan die radikale beginsel geglo dat 'n vrou nie noodwendig getroud moes wees nie, dat sy finansiële onafhanklik moes wees en dat dit onregverdig was om te verwag dat dit 'n vrou se belangrikste plig was om haar gesin te bedien en versorg. Dit kom daarop neer dat sy sterk feministiese standpunte ingeneem het, maar sy was nooit aggressief oor dié beginsels nie, self nie in haar skryfwerk nie. Sy het met die moderne Engelse feministe, soos Millicent Fawcett, saamgestem dat daar nie van vroue verwag kon word om sonder meer onderdanig te wees nie en dat hulle die geleentheid gegun moes word om self te dink en besluite te neem.<sup>19</sup>

Olive se boek *Woman and Labour* het wêreldwye sensasie veroorsaak. Dit is die “Bible of the Women’s Movement” genoem en is in verskeie Europese tale vertaal. Die vernaamste pleidooi in die boek was dat vrouens tot geskoolde arbeid toegelaat moes word.<sup>21</sup>

Olive was lewenslank 'n pasifis. Van die einde van die 19de eeu af was haar gedagtes veral deur die sosiale probleme wat deur oorloë veroorsaak is, in beslag geneem. Sy het Emily Hobhouse, wat soveel vermag het tydens en na die Anglo-Boereoorlog, bewonder. Dat geregtigheid in Suid-Afrika haar na aan die hart gelê het, is onderstreep toe sy haar onder meer daarvoor uitgelaat het in 'n reeks artikels wat in 1926 as die boek *Thoughts on South Africa* gepubliseer is.<sup>20</sup> Haar sterkste kwaliteite as skrywer en mens het daarin gelê dat sy “had moral courage, fearless speech, and a reliance on the voice of a conscience in times of crisis”.<sup>21</sup>

Johanna was, soos Olive, 'n pasifis, maar het haar nie in haar skryfwerk oor die stryd om geregtigheid in Suid-Afrika uitgelaat nie. Sy het soos Olive beide romans en kritiese geskrifte, waaronder *The Red Octopus*, gelewer, asook geestelik-verwante skryfwerk en boeke oor die behandeling van kwale en skete. Haar skryfstyl het heelwat van dié van Olive verskil. Dit was

---

<sup>19</sup> B. Caine, *Victorian Feminists*, p. 255. <sup>21</sup> T.S. Emslie (ed.), *Karoo Moon*, p. 81.

<sup>20</sup> Olive Emilie Albertina Schreiner, <http://zar.co.za/schreiner.htm>, geraadpleeg op 16 Februarie 2010.

<sup>21</sup> I. Vivian (ed.), *The Flawed Diamond. Essays on Oliver Schreiner*, p. 40.

meer vertellend en minder poëties. Die belangrikste vergelykende aspek is dat hulle beide 'n verskeidenheid publikasies nagelaat het en onder die eerste vroueskrywers van naam in die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis gereken kan word.

Olive en Johanna se persoonlike lewensgeskiedenis het baie verskil. Die verhaal van Olive word deur Gerdener as haar “liefdesleed” beskryf.<sup>22</sup> Kort nadat sy in 1893 van Engeland af na Suid-Afrika teruggekeer het, het sy op 24 Februarie 1894 met Samuel “Cron” Cronwright, 'n volstruisboer en Kaapse parlamentslid, in die huwelik getree. Sy was destyds 39 jaar oud. Sy het haar van behou en hy het as Cronwright-Schreiner bekend geword. Olive het na 'n aantal miskrame, nadat hulle 18 maande getroud was, geboorte geskenk aan 'n babadogtertjie wat skaars een dag lank gelewe het. Olive het daarna nooit weer kinders gehad nie, maar die dood van die baba het soos dié van haar tweejarige sussie, Ellie, 'n blywende litteken op haar gelaat.<sup>23</sup>

In die oë van die breë publiek was Olive en Cronwright-Schreiner gelukkig getroud. Na haar dood het dit bekend geword dat sy oor 'n tydperk van 30 jaar, letterlik duisende briewe aan die Britse filosoof en skrywer Havelock Ellis (1859-1939) geskryf het. Hierdie brieweskate verteenwoordig een van die wêreld se mees uitgebreide korrespondensies en is in 1992 gepubliseer. Hulle het mekaar in 1884 ontmoet en 'n hegte vriendskap het ontstaan. Hy het haar skynbaar voor haar huwelik by meer as een geleentheid gevra om met hom te trou en in 1914 het sy aan hom geskryf dat sy hom lief het. Sy het dan ook haar korrespondensie met Ellis volgehou ten spyte van haar huwelik met Cronwright-Schreiner. Nie baie mense, veral in Suid-Afrika, was van dié ‘verhouding’ bewus nie.<sup>24</sup>

Johanna se huwelikslewe het in sekere opsigte van dié van Olive verskil, maar daar was ooreenkomste. Johanna het ook 'n hegte vriend buite haar huwelik gehad, naamlik Andrew Brown, en hulle het oor die loop van jare telkens met mekaar gekorrespondeer. Daar was egter, sover vasgestel kan word, geen sprake van 'n liefdesverhouding tussen hulle nie. Johanna was ten spyte van haar ongewone lewenstyl, vele reise, lang afwesighede van die huis af en groot vriendekring, na haar huwelik aan net een man getrou. Lou Brandt was haar een groot liefde. Dit blyk duidelik uit hulle omvattende persoonlike korrespondensie, want al was daar soms

---

<sup>22</sup> T. Gerdener, *Suid-Afrika se groot liefdesverhale*, p. 188.

<sup>23</sup> O. Schreiner, *Arbeid en die Vrou*, pp. 180-181.

<sup>24</sup> T. Gerdener, *Suid-Afrika se groot liefdesverhale*, p. 189; O. Schreiner, *Arbeid en die Vrou*, p. ix; D.R. Beeton, Schreiner, Olive Emilie Albertina, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, p. 728.

geskille tussen hulle, het hulle briewe aan mekaar gewoonlik met liefdeswoorde afgesluit. Wanneer hulle nie saam was nie, het hulle gereeld vir mekaar geskryf, selfs al het die skeiding net enkele dae geduur.

Olive was, soos reeds vermeld, byna haar hele lewe lank 'n asmalyer en dit het mettertyd, saam met haar toenemende depressie, net erger geword. Haar reise na en lang tye van verblyf in Europa het moontlik daartoe bygedra om haar depressie te verlig, maar nie om haar asma te demp nie. Intendeel het die vogtige Europese klimaat dit waarskynlik vererger. Sy was juis in Brittanje toe sy die laaste keer ernstig siek geword het en het by wyse van spreke op die laaste na Kaapstad teruggevaar om in haar geboorteland te sterf. Sy is op 11 Desember 1920 in Kaapstad aan 'n hartaanval oorlede. Sy was 65 jaar oud. Sy is aanvanklik in Kaapstad begrawe maar na 'n paar maande op Cronwright-Schreiner se versoek op die kruin van Buffelskop buite Cradock herbegrawe.<sup>25</sup>

Johanna het meer as 20 jaar langer as Olive gelewe. Sy het mettertyd van haar baie siektes ontslae geraak en was in haar sanatorium toe Brandt in 1939 oorlede is. Daarna het sy baie van haar lewensywer verloor. Teen die einde van haar lewe het sy alleen in haar woonstel in Kaapstad gewoon, waar sy, soos Olive, alleen was toe gesterf het.<sup>26</sup>

### 3. Nicolaas Pieter Johannes Jansen (Siener) van Rensburg (1862-1926)

Volgens De Villiers het die sieners-tradisie teen die begin van die 20ste eeu ontwikkel tot op die punt waar talle Afrikaners sonder gewetensbesware regstreeks met die bonatuurlike omgegaan het en het daar “'n klas van supersieners onder die Boerevolk ontstaan”. Die bekendstes onder hulle was psigiese helde van die volk. Hulle voorbodes was die mees algemene vorm van sienery en het meer as enige ander tipe visioen gedoen om hulle medemense te oortuig dat gewone mense die toekoms kan voorspel.<sup>27</sup> Net sekere mense het die gawe van heldersienendheid – met ander woorde om visioene te kan sien – gehad en hulle is gewoonlik “sieners” genoem. Een van die bekendste sieners in die ou Transvaal was Nicolaas Jansen van Rensburg, wat gewoonlik net na verwys was as ‘Siener’ van Rensburg.<sup>28</sup> Reeds in sy eie leeftyd

---

<sup>25</sup> D.R. Beeton, Schreiner, Olive Emilie Albertina, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, p. 729.

<sup>26</sup> Dit is in hoofstuk 10 hierbo handel.

<sup>27</sup> A. Grundlingh & S. Swart, *Radelose rebellie?*, pp. 81-88.

<sup>28</sup> A. Snyman, *Stem van 'n Profeet*, p. 32.

was hy 'n soort legende. Alhoewel Johanna en die Siener tydgenote was, het hulle mekaar glad nie geken nie en waarskynlik nooit ontmoet nie. Johanna het nêrens in enige geskrif of brief van hom melding gemaak nie. Tog is daar opmerklike ooreenkomste tussen Van Rensburg se gesigte en Johanna se visioene. Annalize Morgan het in haar boek *Die Visioene van Johanna Brandt* op 'n aantal van hierdie ooreenkomste gewys:

- Johanna: “Dit is skemer in Suid-Afrika! Van alle kante bekruij die stikdonker nag ons en in die komende stryd moet ons omgord wees met die wapenrusting van geregtigheid”.
- Van Rensburg: “Maar in die moeilike tyd wat kom, sal dit so donker wees dat ek nie my hand voor my oë kan sien nie”.
- Johanna: “Suid-Afrika sal die laaste wees om die smeltkroes in te gaan en die eerste wees om daaruit te kom”.
- Van Rensburg: “Ons, die Unie, gaan heel laaste in die ding [in], maar ons kom ook heel eerste daaruit”.
- Johanna: “Maar Suid-Afrika, soos alle ander dele van die wêreld, moet nog eers die laaste suiweringsproses deurmaak!”
- Van Rensburg: “Die Afrikanervolk gaan andermaal gesuiwer word. Maar niks kan dit dan meer stuit nie. En hoewel die verraad en broedertwis verskriklik onder ons mense sal wees, sien ek dit nog steeds voortworstel op pad wat God vir ons bepaal het”.
- Johanna (oor die swartmense in Suid-Afrika): “Hulle mag geen hand hê in die verdrukkery en swaarkry nie, hulle mag nie ou griewe regstel nie. Dit maak nie saak wat hulle griewe is, dit maak nie saak hoe geregverdig hulle ontevredenheid is nie, want as hulle inmeng, sal hulle vernietig word!”
- Van Rensburg: “Ek sien 'n magtige kryger wat heeltemal uit die aarde te voorskyn kom, en die assegaai en skildvel wat hy bokant sy kop uitstoot se skaduwee val dwarsoor ons land. Dis vër vorentoe, en dan sien ek dat hy agter 'n newel verdwyn. Maar voor die tyd het ek ook 'n donkerte oor die land sien neerdaal”.



- Johanna: “Want in daardie tyd sal God met die Afrikanervolk in gerig gaan en hulle in die smeltkroes neem weens hulle gruwelike sonde en ongeregtigheid”.
- Van Rensburg: “In 1914 (met die Rebelle) het ons deur ’n sif gegaan; maar wanneer die Donker Tyd aanbreek, sal ons deur ’n smeltkroes gaan”.<sup>29</sup>

Alhoewel die visioene op die oog af vergelykbaar lyk, was daar groot verskille tussen hulle, en so ook tussen die lewensgeskiedenis van onderskeidelik Johanna en Van Rensburg. Haar geskiedenis is reeds indringend in hierdie tesis onder die loep geneem. Wat Van Rensburg betref kan kortliks die volgende gemeld word: Hy is op 30 Augustus 1864 op die plaas Rietkuil in die distrik Wolmaransstad gebore en was dus 12 jaar ouer as Johanna. Soos vele boerekinders van sy tyd, het hy weinig formele skoolonderrig ontvang. Sy moeder het hom die grondslae van lees en skryf geleer. Die Bybel was die handboek waaruit hy, soos ander kinders, geleer het. As skaam en teruggetrokke kind het hy baie van sy tyd as skaapwagter deurgebring. Dit was skynbaar die enigste taak waarvoor sy pa hom bevoeg geag het. Daar word in meer as een bron verwys na sy tingerige voorkoms en hoe hy van sy pa verskil het. Hy het skynbaar sy eerste visioen gehad toe hy sewe jaar oud was. Dié visioen het met die insident te doen waar ’n plaaswerker kom vertel het dat ’n vyandige bende beplan het om hulle gesin uit te moor. Die jonge Nicolaas se moeder wou vlug, maar hy het haar op grond van ’n voorgevoel verseker dat hulle veilig sou wees as hulle by die huis sou bly. Hy was reg: hulle is nie aangeval nie. Hierdie episode het Van Rensburg se moeder se geloof aan sy gesigte finaal bevestig. Volgens haar het hy die visioene van Bo gekry. Van Rensburg het glo geweet hy mag nooit sy gawe vir eie gewin gebruik nie, want dan sou dit van hom weggeneem word en daarvoor was die boodskap wat hy aan sy volk moes bring, veels te kosbaar.<sup>30</sup>

Johanna se kinderdae in Heidelberg was in vergelyking met dié van Van Rensburg op die plaas onbesorgd en gelukkig. Sy was ’n dorpskind wat, behalwe vir die tyd wat sy in die Kaap skoolgegaan het<sup>31</sup> veilig in die pastorie saam met haar ouers gewoon het. Daar is geen sprake dat sy ooit in haar kinderjare visioene gesien het nie.

---

<sup>29</sup> A. Morgan, *Die Visioene van Johanna Brandt*, pp. 22-24.

<sup>30</sup> Z.L. Pretorius, Van Rensburg, Nicolaas Pieter Johannes Jansen, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, p. 749; J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 105; A. Snyman, *Siener van Rensburg. Boodskapper van God*, pp. 17-18; A. Grundlingh, Probing the Prophet, The psychology and politics of the Siener van Rensburg phenomenon.

*South African Historical Journal*, vol 34, 1996, pp. 228, 235-236.

<sup>31</sup> NHKA, LIX 4/i, J.W.G. van Oordt aan Deliana van Warmelo, 21 September 1892.

Die meeste beskrywings van Van Rensburg as volwasse man skets hom as 'n swaarmoedige persoon wat nie graag geglimlag het nie en allermens 'n charismatiese figuur was, gegee. C. Louis Leipoldt, bekende digter, medikus en skrywer, het vir Van Rensburg persoonlik geken. Volgens De Villiers het die prevalensie van sienergelowe onder die armoedige en ongeletterde Boere van ou Transvaal vir Leipoldt verstom. Dit blyk dat hy talle mense teëgekoms wie se enigste boekekenis die Bybel was. Sommige van hierdie mense het heldersindheid as natuurlike deel van hul werklikheid beskou. Hy het Siener beskryf as 'n fynbesnaarde siel onder 'n rowwe uiterlike.<sup>32</sup> Op 51-jarige ouderdom het hy volgens 'n destydse beskrywing soos 'n Ou Testamentiese profeet gelyk: afgeleef, met 'n lang grys baard.<sup>33</sup> As sy voorkoms met dié van Johanna vergelyk word, dan het sy op dieselfde ouderdom haar reis na Europa en Amerika onderneem en ten spyte van haar vele kwale het sy volgens haar foto's nog goed gelyk. Sy was gesteld op haar voorkoms, al moes sy soms ou gordyne gebruik om 'n deftige tabberd te vervaardig. Sy het boonop tot die rype ouderdom van byna 90 geleef, maar Van Rensburg is op 61 oorlede. Hul lewensloop het baie verskil, want die Wes-Transvaal was 'n armoedige gebied en hy het meestal stilweg op sy plaas gebly terwyl Johanna in 'n mate 'n wêreldbürger was.

Van Rensburg het tydens die Anglo-Boereoorlog, wat kort na sy 35ste verjaardag uitbreek het, wye bekendheid begin verwerf as gevolg van sy visioene. Die bekendste daarvan was sy visioen van vluggende vroue en afgebrande plase wat hy kort na die aanvang van die oorlog gesien het, asook sy visioen van 'n gewonde rooi bul kort voor die Slag van De Klipdrift waartydens generaal Koos de la Rey 'n roemryke oorwinning behaal en generaal Methuen gewond is. Talle van sy medeburgers het vas geglo dat sy visioene hom in staat gestel het om in die toekoms te kon sien. Sommige het selfs van hom begin praat as 'Die Profeet.'<sup>34</sup>

Johanna was net soos Van Rensburg intensief by die oorlog betrokke en het veral in die tydperk toe sy hulpverpleegster in die Irene-konsentrasiekamp was die trauma en lyding wat deur die konflik meegebring is, intens beleef. Op hierdie stadium van haar lewe was sy egter nog nie bemoeid met visioene en abnormale verskynsels nie.

---

<sup>32</sup> J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 102.

<sup>33</sup> S. Swart, *Desperate Men, The 1914 Rebellion and the Politics of Poverty*, *South African Historical Journal*, vol 42, 2001, pp. 168-169.

<sup>34</sup> Z.L. Pretorius, Van Rensburg, Nicolaas Pieter Johannes Jansen, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, p. 749; A. Grundlingh, *Probing the Prophet, The psychology and politics of the Siener van Rensburg phenomenon*. *South African Historical Journal*, vol 34, 1996, p. 230.

Van Rensburg het geglo dat sy visioene direk van God af kom en hy het hom glad nie met die okkultisme (praktyke soos sterrewiggelary en die lees van handpalms) bemoei nie. Hy het voorts geglo dit is die mens se plig om tot eer van God te lewe. Hy het nooit self sy visioene verklaar nie. Dit was deurentyd ander visionêre wat die uitleg van die visies gegee het, byvoorbeeld dié oor die dood van Koos de la Rey in 1914.<sup>35</sup> Johanna, aan die ander kant, het self haar visioene verklaar en telkens in haar boeke soos *Millennium* en *Smeltkroes* uitvoerige godsdienstige uitlegte daaraan gekoppel. Daar word nêrens vermeld dat Van Rensburg vergoed was vir sy voorspellings soos Johanna vir haar lesings betaal is nie, maar hy is soms met 'n bietjie tabak omgekoop om oor sy bonatuurlike gewaarwordinge te praat.<sup>36</sup>

Van Rensburg se reputasie het nie na die Anglo-Boereoorlog, waartydens twee van sy dogtertjies in 'n konsentrasiekamp gesterf het, afgeneem nie maar eerder toegeneem. Sy visioene het van politiek tot sprinkaanplae gestrek. Dit was hoofsaaklik net tot die Wes-Transvaal, waar die na-oorlogse sosio-ekonomiese omstandighede benard was, beperk. Die ekonomiese nood en geldskaarste waarin 'n groot deel van die boerebevolking vasgevang was, het hulle al ook meer vatbaar vir sy invloed gemaak. Die toestand het in 1912-1913 vererger toe die Wes-Transvalers deur 'n verwoestende droogte getref is, wat tot ellende en verhongering van die bevolking gely het. Die oorsake van die Afrikanerrebelle van 1914 is nie hier ter sake nie, maar daar kan aanvaar word dat die radelose en reddelose posisie van talle Afrikanerboere tot hulle geneigdheid om die opstand te steun, bygedra het. Van Rensburg was een van hulle. Die feit dat hy indirek die Rebelle voorspel het, het sy aansien in die Wes-Transvaal nog verder laat toeneem. Die visioene wat hy gesien het, het verder daartoe gelei om aan die rebelle hoop te gee.<sup>37</sup>

Van Rensburg is teen die einde van die Rebelle gevang en het die grootste gedeelte van 1915 in die tronk deurgebring. Die tronkstraf wat aan sommige van die leiers van die Rebelle opgelê is, het talle Afrikaners dwars in die krop gestee. Die historici Albert Grundlingh en Sandra Swart het in verband daarmee opgemerk: “Een van die ervarings ná die rebelle wat die

---

<sup>35</sup> A. Snyman, *Siener van Rensburg. Boodskapper van God*, p. 13.

<sup>36</sup> J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p. 108.

<sup>37</sup> A. Grundlingh & S. Swart, *Radelose rebelle?*, pp. 88-92; S. Swart, *Desperate Men, The 1914 Rebellion and the politics of poverty*. *South African Historical Journal*, vol 42, 2001, pp. 82, 92; J.B. de Villiers, *Agter die somber gordyn*, p.107.

nasionalistiese momentum aangevuur het, was die vernedering van tronkstraf toe die populistiese Boereprofeet Siener van Rensburg se [lang,wit] baard hardhandig afgeskeer is”.<sup>38</sup>

Johanna se rol in die Rebelle het eers na die onderdrukking daarvan ’n aanvang geneem en het juis met die lot van die rebelle aan wie tronkstraf opgelê is, verband gehou. Sy was naamlik betrokke by die organisering van die massa-optog van Afrikaner-vroue van Kerkplein in Pretoria af na die Uniegebou ten einde op die vrylating van daardie gevangenes aan te dring.<sup>39</sup>

Van 1916 af het Van Rensburg dogter, Anna Sophia Badenhorst, sy drome/visioene begin neerskryf. Sy het daarmee volgehou tot en met sy dood in 1926 en uiteindelik sowat 700 visioene opgeteken. Dit het sy eerste jeug visioene, wat mondeling aan haar oorvertel is, ingesluit. Dit is nie seker presies hoeveel visioene hy gesien het nie. Al sy visioene is nie verklaar nie, volgens Snyman omdat “talle van sy gesigte of visioene [is] op hierdie stadium nog nie verklaar of uitgelê ... nie. Die meeste verklarings ... word nou vir die eerste keer geopenbaar gemaak. Die uitleg en betekenis van die meeste van die visioene was vir baie jare slegs aan enkele persone bekend”.<sup>40</sup> Snyman beweer voorts dat Van Rensburg se visioene heelwat verder as sy eie leeftyd gestrek het. Dit blyk dat die hele geskiedenis van die Afrikanerdom in die 20ste eeu aan hom geopenbaar is. Hy het selfs “die sluipmoord op eerste minister Hendrik Verwoerd in 1966 voorsien, sowel as die Afrikaners se prysgawe van mag aan die swart meerderheid gedurende die 1990’s”.<sup>41</sup> Verder het hy in ’n reeks visioene ’n skemerte oor die land sien daal, en aan die einde van sy lewe het hy weer byna die selfde visioen gehad – maar hierdie keer was dit baie donker.<sup>42</sup> “Maar”, het hy volgens oorlewering bygevoeg, “ek sien ook ’n ongelooflike wonderwerk wat sal plaasvind ... eers dan sal dit waarna my volk nog altyd strewe waar word ... en dan sal die tyd van my visioene ook verby wees”.<sup>43</sup>

Dit is nie die doelwit in hierdie proefskrif om ’n oordeel uit te spreek oor die kwessie of Van Rensburg se visioene bewaarheid is al dan nie, maar bloot om op die verskynsel dat daar wyd geglo is (en steeds geglo word) dat hy waarlik visioene gesien het, te wys. Dieselfde is die geval wat Johanna betref. Dit val op dat daar vertel word dat Van Rensburg, wanneer hy visioene

---

<sup>38</sup> A. Grundlingh & S. Swart, *Radelose rebellie?*, p. 50.

<sup>39</sup> Johanna se betrokkenheid by die Rebelle is in hoofstuk van hierdie proefskrif bespreek.

<sup>40</sup> A. Snyman, *Siener van Rensburg. Boodskapper van God*, pp. 11, 13, 34-35.

<sup>41</sup> A. Snyman, *Siener van Rensburg. Boodskapper van God*, p. 82.

<sup>42</sup> Z.L. Pretorius, Van Rensburg, Nicolaas Pieter Johannes Jansen, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, p. 749.

<sup>43</sup> A. Snyman, *Siener van Rensburg. Boodskapper van God*, p. 31.

gesien het, telkens fisies deur die ervaring aangeraak is. Grundlingh en Swart skryf oor sy optrede toe hy by geleentheid 'n visioen gesien het, dat sy oë bloedbelope en sy gesig vertrek was, dat hy sy klere geskeur het, neergeval het en in die grond gekrap het totdat sy naels omtrent afgeskuur was. Hulle kommentaar is dat hierdie simptome met aanvalle van epilepsie verbind kan word.<sup>44</sup> Dit is egter nooit bewys nie. Johanna het tydens haar ervarings van visioene ook soms in 'n beswyming geraak en in enkele gevalle ure of selfs dae lank in daardie toestand verkeer. Ook in haar geval is daar nooit enige vorm van epilepsie of neurologiese versteurings gediagnoseer nie.<sup>45</sup> Dit was net 'n tydelike toestand en sy het dit mettertyd ontgroeï – nie soos Van Rensburg wat dit sy lewe lank ervaar het nie.

#### 4. Tromp van Diggelen (1885-1976)

Tromp van Diggelen was 'n tydgenoot van Johanna. Hulle het mekaar by enkele geleenthede ontmoet en soms gedurende lesings of vergaderings met mekaar gesels. Beide van hulle het meer as 80 jaar oud geword. Van Diggelen se belangstellingveld het met een van Johanna se vele belangstellingsvelde oorvleuel en hy was, net soos sy, 'n bekende persoonlikheid van sy era, beide in Suid-Afrika en buitelands. In die res van hierdie subhoofstuk val die soeklig op raakpunte tussen hulle.

Hendrik Cornelis Tromp van Diggelen is in Dewetsdorp in die Oranje-Vrystaat gebore. Sy vader is in Nederland gebore. Nadat hy hom as regsgeleerde bekwaam het, het hy in 1877 na Suid-Afrika geëmigreer. Tien jaar later het hy, kort na die totstandkoming van Johannesburg, hom daar gevestig.<sup>46</sup> Van Diggelen het later vertel dat sy vader deur president Kruger as vrederegter van die hele ZAR aangestel is, wat 'n buitengewoon belangrike pos was, en dat hy na die Anglo-Boereoorlog deur die Britse koloniale owerheid in daardie amp (naamlik “Justice of Peace”) behou is.<sup>47</sup> Van belang is dat beide Johanna en Van Diggelen beide in die huise van vooraanstaande vaders wat beide in Nederland gebore en getoë is, opgegroeï het. Van Diggelen het aan die Marist Brothers-skool in Johannesburg onderrig ontvang. Na die Anglo-Boereoorlog het sy ouers hom teen sy sin oorsee gestuur waar hy in Brittanje skoolgegaan en

---

<sup>44</sup> A. Grundling & S. Swart, *Radelose rebellie?*, pp. 85-87; A. Grundlingh, Probing the Prophet, The psychology and politics of the Siener van Rensburg phenomenon. *South African Historical Journal*, vol 34, 1996, pp.228 – 230.

<sup>45</sup> Dit is in hoofstuk 7 bespreek.

<sup>46</sup> R.R. Langham-Carter, Van Diggelen, Hendrik Cornelis Tromp, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, p. 730.

<sup>47</sup> T. van Diggelen, *Worthwhile Journey*, p. 16.

hom toe in Duitsland as as myningenieur bekwaam het. Daarna het hy na Suid-Afrika teruggekeer waar hy eers by die Premiermyn buite Pretoria en daarna het by die SubNigel-myn as ingenieur gewerk het.<sup>48</sup>

As kind was Van Diggelen maer en sieklik. In sy outobiografie het hy daarvoor geskryf:

“Whilst other boys were on the playing fields, I was taught by a kindly master who gave me individual coaching in elementary physiology. But his simple story of the miracle of human life was the seed of hope that I might not always be the lonely, weakling child ... Blood, oxygen and food – circulation, breathing and digestion became my constant study and, on myself I made experiments and discoveries, that not only brought me health and physique to become of world champion calibre, but enabled me to give others a method by which they too might throw off disease and use the mighty power of Nature to find strength of mind and body beyond their wildest dreams”.<sup>49</sup> Sy ouers het hom aangemoedig om sy gesondheid en liggaamsbou op alle maniere te probeer verbeter. Hy het dit ook gedoen deur te oefen. “Deur bestaande tegnieke te bestudeer en toe te pas en deur self na te vors het hy ’n geweldige sterk man geword”.<sup>50</sup>

Die eerste 25 jaar van Van Diggelen se lewe het aansienlik van dié van Johanna verskil. Waar hy ’n tenerige en sieklike seuntjie was, was Johanna sterk en gesond. Waar hy sy eie liggaamskrag deur rigiede oefening aansienlik versterk het, bestaan daar geen aanduiding dat sy ooit liggaamsoefening gedoen het nie. Beide van hulle het skoolgegaan, maar waar Van Diggelen hom in die buiteland op tersiêre vlak bekwaam het, het Johanna nooit verder studeer nie, alhoewel daar kort voor die Anglo-Boereoorlog sprake was dat sy in Europa in musiek sou gaan studeer, waarvan daar niks gekom het nie.<sup>51</sup>

Nadat Van Diggelen net enkele jare as myningenieur gewerk het, het hy in 1912 sy rug op daardie beroep gekeer. Die ongesonde toestande waaronder mynwerkers ondergronds gewerk het, was vir hom onaanvaarbaar. Baie mynwerkers het as gevolg van die hoë vlakke van stof ondergronds in die myne myntering opgedoen – ’n mediese toestand wat destyds skaars behandelbaar was. Voor hy bedank het, het Van Diggelen oefeninge uitgewerk om die hele

---

<sup>48</sup> R.R. Langham-Carter, Van Diggelen, Hendrik Cornelis Tromp, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, p. 730; T. van Diggelen, *Wortwhile Journey*, p. 149.

<sup>49</sup> T. van Diggelen, *Wortwhile Journey*, p. 246.

<sup>50</sup> R.R. Langham-Carter, Van Diggelen, Hendrik Cornelis Tromp, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, p. 730.

<sup>51</sup> NHKA, LIX 147, Johanna aan Brandt, 13 November 1897.

liggaam op te bou en te versterk. Die basis van sy oefeninge het daarop neergekom dat die longe korrekte asemhalingsoefeninge moet kry ten einde sterk en gesond te word. Hy het selfs in die myne aan die mynwerkers vertonings van longoefeninge gegee. Boonop het hy teen daardie tyd reeds landswyd bekendheid verwerf op grond van die liggaamsoefening vertonings wat hy oor naweke in die groter dorpe en stede aangebied het. Dit het vertonings van sy ongelooflike krag ingesluit. “I had done so many exhibitions of ‘muscle control’ ... that I was already a fully fledged showman”. Hy was daar seker van dat hy ’n kliëntebasis sou hê ten einde voltyds ’n loopbaan in die aanbied van sy liggaamsoefeningprogramme te kon volg.<sup>52</sup>

Van Diggelen het in 1916 die Van Diggelen Institute of Health in Kaapstad gevestig. Hy het jare lank daar onderrig aangebied. Die beginsels met sy oefeninge was gebaseer op die volgende: “Health lay within the reach of those who put their faith in Nature, the Infinite Power that I thought upon as God”.<sup>53</sup> Die raakpunt hier met Johanna is dat sy ook onwrikbaar geglo het aan ’n ‘gesonde gees in ’n gesonde liggaam’. Toe sy na haar terugkeer uit die VSA aan die einde van 1928 besluit het om ’n sanatorium op te rig, het sy daar beide haar mediese kure asook liggaamsbou oefeninge, soos deur Van Diggelen in hierdie tyd beoefen is, toegepas.

In 1920, toe Van Diggelen 35 jaar oud was, het hy begin om sy kursus per pos aan te bied. Hy het sy poslesings “Health through Common-sense” (“Logiese gesondheidsoefeninge” in Afrikaans) genoem en dit was in talle koerante en tydskrifte geadverteer.<sup>54</sup> Hy het duisende korrespondensie-studente gehad en by tye tot tien tiksters in diens geneem om sy lesings te tik. Van Diggelen was nie net in Suid-Afrika vir sy oefeninge bekend nie, maar ook in die buurstate soos Suid-Rhodesië (vandag Zimbabwe) is sy oefeninge geadverteer en het hy studente gehad.

In 1926 het Van Diggelen, sy vrou en hul jongste dogter wat vier jaar oud was, ’n reis na die VSA onderneem. Op die stadium van sy lewe was hy wêreldberoemd as liggaamsbouer, beide vanweë die talle vertonings wat hy gegee asook op grond van sy korrespondensiekursus. Van Diggelen het die reis op uitnodiging van ’n vriend, G. Jowlett, die redakteur van die *Strength* tydskrif en president van die Amerikaanse Atletiek Unie, onderneem. Toe Van Diggelen in Londen aangekom het op pad na die VSA, het van sy kliënte wat hy nog nooit gesien het, vir hom ’n groot onthaal gereël. Hy is ’n geleentheid aangebied om lesings te gee

---

<sup>52</sup> T. van Diggelen, *Worthwhile Journey*, p. 257.

<sup>53</sup> T. van Diggelen, *A worthwhile journey*, p. 211.

<sup>54</sup> T. van Diggelen, *A worthwhile journey*, p. 212.

maar moes dit van die hand wys, omdat hy en sy gesin reeds vir hulle plekke op 'n passasierskip wat die volgende dag na die VSA vertrek het, bespreek het.<sup>55</sup>

Johanna se soortelyke reis ongeveer twee jaar later het heel anders verloop. Sy het met groot verwagtinge, maar op haar eie, uit Suid-Afrika vertrek. In Londen aangekom het sy gehoop om talle nuwe geestesvriende te ontmoet, oral verwelkom te word en gevra word om verskeie lesings te gee om sodoende geld in te samel vir haar verdere reis. Sy was baie teleurgesteld dat dit nie gebeur het nie en het vol teleurstellings na die VSA vertrek. Dit is ironies dat Van Diggelen sonder enige verwagtinge die reis onderneem het en met ope arms in Londen ontvang is.

Van Diggelen is ook met groot entoesiasme in die VSA ontvang. Daar is na hom verwys as “a great teacher, being scholarly and energetic”.<sup>56</sup> Hy is gevra om lesings te gee waar deskundiges na hom kom luister het. Sy verblyf in die VSA was vir hom van groot betekenis. Hy het nie besef dat hy soveel kliënte daar het nie. Hy het ook dikwels erkenning gekry vir sy bekwaamheid as sportman. Dit was juis in laasgenoemde hoedanigheid wat hy in 1948 weer op besoek aan Londen was. Hy het in sy outobiografie as volg daarvoor geskryf: “Many honours came my way, but I consider the greatest of these to have been the invitation to act as one of the panel of judges in London in the ‘Mr. Universe’ contest held during the Olympic Games in 1948 ... As I strode on to the centre of the big stage on receiving my call, I was flabbergasted at the reception that was accorded me ... my pulses throbbed with the surge of blood ea my heart pumped with excitement at those wild cheers that beat on my ear-drums”.<sup>57</sup>

Johanna se enigste besoek aan die VSA was waarskynlik vir haar grotendeels 'n frustrasie, alhoewel sy erkenning vir haar kure gekry het deur meesters- en doktersgrade te ontvang. Sy het nie naastenby soveel lesings gegee as wat sy wou nie, wat meegebring het dat haar finansiële posisie benard gebly het, alhoewel sy geld ontvang het vir die boeke wat sy laat druk het en verkoop het. Daarteenoor het Tromp finansiël goed gedoen. Sy gesondheidskursus *Health through common sense* het meer as 'n honderdduisend lede in SuidAfrika alleen gehad.<sup>58</sup>

---

<sup>55</sup> T. van Diggelen, *A worthwhile journey*, pp. 213-214.

<sup>56</sup> T. van Diggelen, *A worthwhile journey*, p. 215.

<sup>57</sup> T. van Diggelen, *A worthwhile journey*, p. 216; R.R. Langham-Carter, Van Diggelen, Hendrik Cornelis Tromp, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, p. 730.

<sup>58</sup> R.R. Langham-Carter, Van Diggelen, Hendrik Cornelis Tromp, in C.J. Beyers (hoofred.), *SuidAfrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, p. 730.



Alhoewel daar geen bewyse bestaan dat hulle dit ooit met mekaar bespreek het nie, is dit opvallend dat beide Johanna en Van Diggelen aan die beginsel van vas geglo. Van Diggelen het byvoorbeeld aan boord van die passasiersboot op reis na die VSA in 1926 vir vier dae gevas ten einde nie by sy Amerikaanse eweknie, Jowlett, af te steek nie. Dit het die kokke en die kombuispersoneel ontstel totdat Tromp hulle ingelig het oor die belangrikheid om soms te vas.<sup>59</sup> Daar bestaan wel 'n enkele bewys dat Johanna en Van Diggelen die gebruik van die “spinal swing” vir pasiënte met rugprobleme met mekaar bespreek het. Van Diggelen het naamlik in 'n brief aan Johanna aangedui dat hy van plan was om daardie oefenapparaat op homself uit te toets voordat hy sy mening daarvoor sou kon uitspreek.<sup>60</sup>

Van Diggelen was as volwassene nooit sieklik nie en was 81 jaar oud toe hy weens bloeding op die brein oorlede is. Daarenteen was Johanna, soos vroeër in hierdie proefskrif bespreek is, dikwels sieklik. Dit is nie bekend wanneer hulle mekaar die eerste keer gesien het nie, maar hulle het albei van mekaar se werksaamhede geweet. Toe Johanna in Mei 1916, sowat ses maande voor haar moeder se dood, haar suster Deliana in Kaapstad besoek het, het sy vir Van Diggelen daar opgesoek. In 'n brief daarvoor aan Brandt het sy van Van Diggelen gepraat as 'n sielsgenoot wat ook aan natuurgenesing geglo het.<sup>61</sup>

## 5. Ten slotte

Johanna was van haar 25ste jaar af tot sy ongeveer 70 jaar oud was 'n ‘beroepsvrou’ van die twintigste eeu. Wat haar lewe merkwaardig gemaak het, is die verskeidenheid beroepe wat sy beoefen het. Soos die meer konvensionele vrouens van die tyd waarin sy gelewe het, was sy 'n huisvrou, moeder van agt kinders en 'n predikantsvrou. Tydens die Anglo-Boereoorlog het sy o.a. verpleeg, na haar huwelik is sy haar eerste boek – *Het Concentratie-Kamp van Iréne* – gepubliseer. Daarna het sy stigterslid van die SAVF en die VNP geword; sy het in natuurgeneeskunde en teosofie begin belangstel; sy het boeke, waaronder *Millennium* en *The Paraclete*, wat oor visioene en verkillende godsdienste handel het, gepubliseer. Dan het sy nog navorsing gedoen oor verskillende kure en oefeninge wat sy toegepas het in die hospitaaltjie wat sy in die 1930's naby hul huis net buite Johannesburg tot stand gebring het.

---

<sup>59</sup> T.van Diggelen, *A worthwhile journey*, p. 218.

<sup>60</sup> NHKA, LIX 160/ii, Van Diggelen aan Johanna, 12 Julie 1937. Dit is die enigste brief van Van Diggelen wat in die Brandt-versameling opgespoor kon word.

<sup>61</sup> NHKA, LIX/i, Johanna aan Brandt, 17 Mei 1916.

Hieruit kan afgelei word dat sy 'n besondere veelsydige persoon was, veral die tyd waarin sy gelewe het in ag genome.

Johanna se geestesgenote soos hierbo vermeld, was ook begaafd met een of ander talent – maar in elke geval met net een oorheersende talent. Dit is wetenswaardig om elkeen van hulle se gawes met dié van Johanna te vergelyk, aangesien juis dit help om haar veelsydigheid te beklemtoon. Johanna het daarin geslaag om soveel aktiwiteite te beoefen dat sy met reg gekritiseer kan word omdat sy haar man, kinders en huis verwaarloos het. Aan die ander kant het sy haar lewe voluit gelewe, veel bereik en boonop bykans 90 jaar oud geword.

## Hoofstuk 12

### Die vrou van Harmony se unieke lewe

Johanna Brandt-Van Warmelo het vir die grootste deel van haar lang lewe haar eie persoonlike lewenspad gevolg en gevorm. Soms het dit gesins- en familieledede of kennisse ingesluit, soms was sy alleen en soms het sy deur die stigting van organisasies, groot groepe mense betrek. Uit al die menigvuldige bronne wat lig op haar loopbaan werp, blyk dit deurentyd asof sy die middelpunt wou wees van elke paadjie waarop sy geloop het. Dit kom duidelik na vore uit haar persoonlike geskrifte, beide boeke en briewe, wat beskikbaar is om haar lewenspad aan die navorser te ontbloot. Johanna se lewe het uit soveel dimensies bestaan dat dit van haar 'n buitengewone persoon gemaak het, selfs tot aan die einde van haar lewe toe sy as eksentriek beskou is.

Dit is nie net Johanna self wat 'n buitengewone lewe gehad het nie – haar verhouding met Louis Brandt en hulle twee se huwelik was insgelyks in verskeie opsigte buitengewoon vir die tyd waarin hulle gelewe het. Ook dit kan tot in fyn besonderhede waargeneem word in die magdom briewe wat hulle aan mekaar geskryf het of waarin hulle aan naasbestaendes en vriende oor hulle lewe saam inligting verstrek het. Veral in verband met hulle vroeë huweliksjaare kom daar 'n beeld van sterk kameraderie tussen hulle skerp na vore. Hulle latere korrespondensie weerspieël eerder alledaagse gebeure, finansies en reisplanne: als in ongelooflike besonderhede.

Toe Johanna in 1876 gebore is, was die ZAR (Transvaal) nog relatief woest en onontwikkeld. Binne die eerste drie dekades van haar lewe het daar groot omwentelinge in die gebied plaasgevind, waaronder die ontdekking van die rykste goudrif in die wêreld op die Witwatersrand in Johanna se tiende verjaardagjaar. Dit het die Transvaal feitlik oornag van 'n agterlike landbouland in 'n landbou-mynbouland met 'n uitgebreide spoorwegnetwerk verander. Kort voor haar 20ste verjaardag het Johanna en haar moeder na Pretoria verhuis, waar hulle onmiddellik in die kring van vooraanstaande Hollands/Afrikaanssprekende inwoners van die hoofstad opgeneem is. Hulle toelating tot hierdie kring is ongetwyfeld moontlik gemaak deur die feit dat haar vader tot en met sy dood in 1892 as een van die mees gesiene predikante in die ZAR beskou is en dat haar moeder self in 'n vooraanstaande familie grootgeword het. As sodanig is hulle as twee gekultiveerde dames aanvaar.

Tot en met haar 23ste jaar het Johanna saam met haar moeder die landgoed Harmony onderhou en haar ongebonde jongmensjare geniet. Na die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het sy nie net die gebeure rondom haar in 'n dagboek begin aanteken nie, maar as verpleegster direk daarby betrokke geraak – eers in hospitale in die hoofstad en later in die Irene-konsentrasiekamp. Dit was 'n boeretradisie en is as deel van 'n vrou se plig beskou om siekes te versorg. In hierdie periode van haar lewe het sy sterk onder die indruk van verskynsels soos onreg en verraad gekom. Dit het onder meer neerslag gevind in haar eerste boek, *Het Konsentratiekamp van Irène*, wat in 1905 gepubliseer is.

Een van die eerste buitengewone fases in Johanna se lewe het teen die einde van die oorlog gevolg toe sy by die Republikeinse spioenasienetwerk in Pretoria betrokke geraak het. Sy het haar ervaringe hieroor later in haar tweede boek, *Die Kappie Kommando*, bekendgestel. Daardie boek bevat unieke inligting oor die oorlog waarvan sy groot hoeveelhede eerstehands in haar oorlogsdagboek aangeteken het. 'n Opvallende kenmerk van hierdie publikasie was Johanna se geneigdheid om haar eie belangrikheid in die spioenasienetwerk te oordryf. Hier het dit reeds duidelik begin raak dat sy onbewustelik na erkenning vir 'haar dapper dade' gesmag het.

Johanna se 'pos-romanse' met Louis Brandt in Nederland, waarvan die hoogtepunt hulle verlowing per brief was, was vanselfsprekend ook buitengewoon. Toe sy kort voor die einde van die oorlog uit die ZAR na Nederland vertrek het om met Brandt in die huwelik te tree, was meer as net troukoors ter sprake. Dit was vir Johanna 'n vorm van ontvlugting uit die oorlogsontwrigting wat besig was om haar sielkundig te knou. Met haar aankoms in Nederland het haar aanstaande skoonfamilie haar as heldin op die hande gedra – 'n status waaruit sy genot geput het. Sy het haar eie gevoel van belangrikheid gevoed deur moeite te doen om die drie bekende Boeregeneraals, Botha, De la Rey en De Wet, tydens hulle besoek aan Nederland te gaan ontmoet asook deur met president Kruger kontak te maak.

Na 'n kortstondige maar ongelukkige verblyf as predikantsvrou in Nederland het Johanna en Brandt na Suid-Afrika verhuis waar sy vir die volgende tien jaar as pastoriemoeder, soos haar moeder voor haar, haar pligte getrou nagekom het, al was dit onder haglike toestande op die verwoeste platteland in die Soutpansbergdistrik en daarna in die hartjie van Johannesburg. Sy het op haar eie verskeie inisiatiewe van stapel gestuur ter wille van die opheffing van haar en

Brandt se gemeentelede. Dit het haar ‘bedeltogete’ na die ‘tradisionele vyand’, dit is die Britse owerhede en Engelssprekende kapitaliste in die na-oorlogse Transvaal, haar betrokkenheid by die SAVF en haar stigting met die hulp van Emily Hobhouse van ’n spinskool in Pietersburg ingesluit. Veral met hierdie inisiatiewe het sy duidelike blyke gegee van haar vermoë om mense te organiseer.

Een van die belangrikste kenmerke van Johanna se optrede in die eerste 40 jaar van haar lewe was dat sy besonder energiek was en telkens nuwe uitdagings aangepak het. Haar aktiwiteite was veral in die vroeë fase van haar loopbaan, meestal in belang van haar medemense soos haar hulpverlening aan die reddelose Boeremense tydens en na die Anglo-Boereoorlog, haar bedrywighede in belang van haar man se gemeentes en haar aktiwiteite in die veld van natuurgeneeskunde. Later in haar loopbaan – veral na 1916, toe sy 40 jaar oud was – was dit soms asof sy daarop aanspraak gemaak het dat sy in belang van haar medemense optree, soos haar waarskuwings dat hulle op haar visioene moes ag slaan, maar inderdaad geneig was om haar eie beuel te blaas en haarself op die voorgrond te forseer.

Te midde van haar opheffingswerk en haar bedrywighede as predikantsvrou het Johanna sewe kinders gehad en later nog een aangeneem. Sy het deurentyd aan haar familielede, maar veral aan haar eie moeder en aan haar skoonmoeder, oor haar man en kinders asook haar eie doen en late in briewe verslag gedoen. Dit kom voor asof sy soms so betrokke by buitenshuise bedrywighede was dat sy in die proses haar gesin afgeskeep het. Haar oudste dogter, Emmie (Kellerman), het hierop gesinspeel toe sy tydens ’n onderhoud op 21 September 1989 gesê het: “Moeder was altyd daar, maar sy was nooit by ons nie”.<sup>62</sup>

Johanna en Brandt was albei op hoogte van wêreldgebeure. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het hulle neutraal gestaan. Hulle was geensins by die opstand in Afrikanergeledere teen Suid-Afrika se deelname aan Britse kant in die oorlog betrokke nie. Na afloop die Rebelle het beide van hulle by hulpverlening aan die verslane rebelle, waarvan sommige in die tronk was en talle se gesinne verarmd was, betrokke. Johanna het insgelyks ’n leidende rol in die organisasie van die Vroue-optog in Pretoria in 1915 gespeel. Nie sy of Brandt was militaristies van aard nie. Hulle betrokkenheid was gevolglik tot humanitêre optrede beperk. Tog het die politieke woelinge in Suid-Afrika wat uit die oorlog en die Rebelle voortgevloei het, tot die

---

<sup>62</sup> Tydens ’n gesprek tussen mev. E. Kellerman en M.E. van der Merwe, Pretoria, 21 September 1989.

Brandt-egpaar se kortstondige belangstelling in die politiek aanleiding gegee. Johanna was in hierdie verbind by die stigting van die Vroue Nationale Party in 1915 betrokke en Brandt was in dieselfde jaar 'n kandidaat in die algemene verkiesing van parlamentslede. As gevolg van nydigheid wat tussen die dames in die VNP ontstaan het, het Johanna binne twee jaar haar belangstelling in die VNP geheel en al verloor, waarna sy nooit weer 'n besondere belangstelling in die politiek getoon het nie.

Godsdienstige opvattinge en waardes was haar lewe lank vir Johanna belangrik, maar het tot groot omstredenheid aanleiding gegee. Nadat sy in 1914 by die teosofiese beweging aangesluit het en veral nadat sy aan die einde van 1916 by haar moeder se sterfbed visioene gesien het, het sy opvattinge begin huldig wat in stryd was met die leerstellinge van die kerk waarin sy opgegroeï het en waarin haar man 'n ampsdraer was. Dit was asof Johanna weggeskeur het van die 'volksmoeder-tradisie' van Afrikaner-vrouens, al het sy haar nooit in enige geskifte oor die volksmoeder-konsep uitgelaat nie. Haar korrespondense dui daarop dat sy steeds haar man as die hoof van die huis geag, maar haar eie besluite oor haar optrede geneem het en haar eie rigting ingeslaan – soms sonder om hom en hulle kinders enigsins in ag te neem. So het sy vir meer as vyf jaar van 1916 tot 1921 haar pligte as pastoriemoeder geïgnoreer, haar eie godsdienstige seremonies nagevolg en by ander kerkgenootskappe soos die Apostoliese Geloofsending betrokke geraak.

Dit was in hierdie tyd dat Johanna haar mees omstrede boek, *Millennium*, geskryf het. Dit het onder meer gehandel oor haar visioene en haar persoonlike verklarings uit die Bybel. Die boek het aan die een kant heelwat kritiek ontken. Selfs haar man het dit noodsaaklik geag om hom van die inhoud van die boek te distansieer. Aan die ander kant het die boek aan haar 'n groot aanhang besorg. Johanna is veral deur die teosowe lof toegeswaai vir haar ongewone denke.

Johanna se enigste doelbewuste poging om na die swart gemeenskappe van Suid-Afrika uit te reik waaroor daar enige getuienis bestaan, was die pamflette met uittreksels uit *Millennium* wat sy in Zoeloe en Xhosa laat druk het. Sy het vas geglo dat die swart bevolking moet weet van die gevare wat voorlê en dat die wederkoms van Christus naby was. Geen terugvoering oor of reaksie op die pamflette kon tussen Johanna se dokumentasie gevind word nie. Die waarskynlikheid is dat weinig swart mense ooit die pamflette gelees het. Voorts het sy skynbaar nooit gepoog om belangstelling in die onderwerp van visioene by swart gemeenskappe op te wek deur persoonlik na hulle uit te reik nie.

Alhoewel Johanna nooit 'n tipiese “volksmoeder” was nie – haar opvoeding en haar individualistiese lewenswyse het haar daarvan onderskei – en al was sy op subtiële wyse 'n voorstander van die beginsel van vroueregte, het sy tot in 1916 nog die tradisionele pad van die oorgrote meerderheid van Afrikanervroue geloop. Gaul lê in hierdie verband klem op Johanna se diepgewortelde karaktertrekke: “Her conservative beginnings, characterised by a focus on patriotic Afrikaner nationalism, which she was well prepared to act upon”.<sup>63</sup> Teen 1920 was daar weinig van daardie fokus op patriotiese Afrikanernasionalisme by Johanna oor en was dit byna onmoontlik om haar te herken as een van die toegewyde vroue van Pretoria van twee dekades tevore: die hardwerkende verpleegster in Irene of die vurige patriot en Boerespioen gedurende die Anglo-Boereoorlog en stigterslid van organisasies om na die oorlog hulp te verleen aan hulpbehoewendes. Die redes hiervoor kan verskuil lê in die vele gedagterigtings, hoofsaaklik ideologies van aard, wat haar lewe verander het.

'n Volgende opvallende faset van Johanna se buitengewone lewe was haar bykans beheptheid met Harmony. Dit was die woonplek waar Johanna en haar moeder voor en tydens die Anglo-Boereoorlog 'n besondere sterk band met mekaar gevorm het. Na die oorlog was dit was asof Harmony deel van Johanna se wese geword het. Die band is nog verder versterk deur die visioene wat sy in 1916 daar gesien het. Sy het vervolgens geglo dat sy juis daar op die wederkoms van Christus moes wag. Dit was gevolglik vir haar 'n groot emosionele skok toe sy vroeg in 1921 Harmony vir goed moes verlaat. Hierna het sy steeds die naam “Harmony” oral met haar “saamgedra”: dit was deel van haar menswees en het haar lewe waarskynlik die meeste beïnvloed, meer as haar belangstelling in natuurgeneeskunde en die druiwekuur, haar skryfwerk of selfs haar gesin. So het sy die “Orde van Harmony” met sy drie takke, een in Suid-Afrika, een in Brittanje en een in die VSA gestig. Dit het uitgeloop op die *World Harmony Movement*, wat die gedagte van die wederkoms verteenwoordig het. Sy en Brandt se laaste woonhuis was te Oakdene buite Johannesburg. Dit was ook hulle eerste eiendom, en daar het Johanna die sanatorium wat deur hulle opgerig is, dadelik Harmony genoem. Hierdie verknogtheid aan die plek en die naam Harmony was 'n onnatuurlike obsessie wat deur die jare soos 'n kanker net groter en groter geword het. Dit kan waarskynlik beskou word as 'n abnormale verskynsel wat nie normaalweg by so 'n hoogsintelligente persoon voorkom nie. Dit dui voorts op nog 'n dimensie van haar komplekse lewe wat moeilik is om vandag in retrospeksie te verklaar.

---

<sup>63</sup> Gaul, “Performativity”, p. 223.

In die jare twintig het Johanna toenemend by natuurgeneeskunde en die ontwikkeling van verskeie kure betrokke geraak. Dit het spoedig haar totale denkwêreld oorheers – tot so 'n mate so dat sy weer by wyse van spreke uit die pastorie in Johannesburg gevlug het ten einde vir ongeveer twee jaar in Mountain View, Pretoria, te gaan woon. Daar kon sy in relatiewe stilte aandag aan haar skryfwerk oor natuurgeneeskunde aandag gee. Haar optrede gee blyke daarvan dat sy 'n hoogs intelligente persoon was, want sy het verskeie geneesmiddels ondersoek, bevraagteken en gedokumenteer. Haar uitvoerige skryfwerk dui op 'n drang in haar om die wêreld bekend te stel met haar denke, bevindinge en oortuigings.

In 1927-28 het Johanna 'n lang reis oorsee onderneem om Nederland, Brittanje en die VSA te besoek. Dit was destyds hoogs buitengewoon vir 'n getroude vrou in die Afrikanergemeenskap om so 'n onderneming op haar eie aan te pak. Sy het skynbaar nie omgee of haar man met haar planne instem of nie. Sy wou hom inderdaad oorreed om sy beroep te laat vaar ten einde haar te vergesel en later om na die VSA te verhuis. Hy het voet by stuk gehou en geweier. Sy het doodeenvoudig haar man en kinders tuis agtergelaat en haar eie agenda gevolg. Haar optrede het getoon dat, alhoewel sy intelligent was, goed kon organiseer en wye belangstellings gehad het, sy ook as koppig, selfsugtig en selfgesentreerd beskou kan word. As sy 'n besluit geneem het, het sy dit uitgevoer, maak nie saak of dit in oorlegpleging met haar man, die kerk of haar pasiënte was nie.

Dat Johanna tydens hierdie reis daarin geslaag het om vir meer as 18 maande te kon oorleef en selfs boeke te publiseer, dui op 'n besondere vindingrykheid en deursettingsvermoë, want sy het telkens weinig of selfs absoluut geen geld gehad nie. Van haar vooraf verwagting dat sy met haar natuurgeneeskundige behandeling en teosofiese lesings met ope arms ontvang sou word en wye bekendheid sou verwerf, het feitlik niks gekom nie. Sy het ook gehoop om beroemdes en rykes te ontmoet, sodat sy met baie geld na Suid-Afrika sou kon terugkeer ten einde hier onbesorgd met haar aktiwiteite te kon voortgaan. Geen van haar drome het waar geword nie. Sy het telkens op vriende se genade gereken, maar ook wanneer sy kon teen betaling lesings aangebied en haar boeke verkoop om 'n inkomstetjie te verseker. Nogtans het sy volgens haar nagelate dokumentasie die oorsese besoek geniet. Die toekennings wat sy in die VSA gekry het, was vir haar voldoende erkenning en sy het dit met trots in Suid-Afrika vertoon en in haar natuurgeneeskundige aktiwiteite gebruik.



Tesame met al bogenoemde ervaringe en faktore wat Johanna se lewens- en wêreldbeskouinge gevorm het, moet daar ook in ag geneem word dat sy met 'n hoogsontwikkelde, verdraagsame Europese man getrou wat nie van die patriargale Voortrekkers afgestam het nie, nie 'n semi-ongeletterde Boer en/of boer was nie, baie tyd aan sy studies en later aan sy beroep bestee het en Johanna toegelaat het om haar gang te gaan. In die aanvangsjare van hulle samesyn in die destydse Transvaal, het hulle oor die algemeen dieselfde idees en ideale gehuldig. Die predikantsvroue van die NHK het veral in die eerste helfte van die twintigste eeu 'n hoë status geniet wat hulle met 'n magsposisie beklee het, want dit is van hulle verwag om as leiers in die uitgestrekte gemeentes op te tree. Volgens Jordaan “is dit opvallend dat [dit] veral die predikantsvroue met 'n Nederlandse agtergrond [is] wie se name telkens opval, soos Ida Ruysch van Dugteren en Johanna Brandt”. Jordaan beskou Johanna as “een van die bekendste vroue van haar tyd, ook buite die Hervormde Kerk”.<sup>64</sup> Sy wys op haar skeppende talente, wye belangstellingsveld, buitengewone idees en sterk individualisme. Tot 1916 was hierdie gedragpatrone aanvaarbaar, maar na 1916 het Johanna te ver gegaan met haar veranderde lewenswyse en het dit haar omstrede gemaak.

Die laaste dekade van Johanna se huwelik met Brandt was 'n periode vol uitdagings, waarvan geldnood as gevolg van die impak van die wêreldwye depressie van 1929 af een van die grootstes was. Brandt moes boonop deurloop onder kritiek op grond van Johanna se optredes en publikasies. Inderdaad het sommige van haar uitsprake bygedra tot die feit dat Brandt naderhand nie weer as Voorsitter van die Algemene Vergadering van die NHK van Afrika herverkies is nie. Tog het Brandt in hierdie dekade telkens vir Johanna ondersteun in haar pogings om haar sanatorium aan die gang te kry en haar drome in realiteit te omskep.

Kort voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het Johanna weer op haar eie oorsee gereis. Haar doel was onder meer om vir Hitler en Churchill te gaan oorreed om af te sien van optrede wat tot die uitbreek van 'n oorlog kon lei. Brandt het hulle seun Louis se hulp ingeroep om te help om haar op 'n passasierskip te kry wat haar terug na Suid-Afrika kon bring. Sy het op daardie stadium medikasie gebruik en haar gesondheid het geleidelik begin verbeter. Kort nadat sy weer in die sanatorium begin werk het en Brandt op 65 jarige ouderdom sy emeritaat aanvaar het, het hy in die sanatorium geval. Sy beserings was van so 'n ernstige aard dat hy op 23 Junie 1939 te sterwe gekom het. Johanna was destyds 63 jaar oud.

---

<sup>64</sup> Jordaan, *Vyftig jaar*, pp. 98-100. Johanna was nie 'n gebore Nederlander nie, maar beide haar vader en haar man was wel.

Brandt se dood was vir haar so 'n groot skok dat sy die meeste van haar bedrywighede en belangstellings summier laat vaar het. Haar buitengewone lewe was verby.

'n Laaste verskynsel wat van Johanna 'n besondere en buitengewone mens gemaak het, was haar skryfstyl. As in ag geneem word hoe min akademiese opleiding sy gehad het, is dit verbasend om haar pragtige skryfstaal en woordgebruik in briewe en boeke te sien. Haar woordeskat was uitgebrei en interessant en sy het deurgaans korrekte Engels, wat haar voorkeur skryftaal was, geskryf. Nogtans het sy ook 'n goeie taalgevoel gehad as dit by Afrikaans/Hollands gekom het. Soos die Afrikaanse taal gegroei het, het haar gebruik van die taal saam daarmee gegroei. Sy het soms haar eie woorde geskep, soos “tikkertjie” vir tikmasjien. In 1918 het sy geskryf dat sy hoop om eendag oor haar wedervaringe te skryf, maar sy het nooit sover gekom nie. Indien sy dit wel gedoen het, sou dit 'n lywige publikasie gewees het, want sy het 'n lang lewe gevul met wedervaringe gehad. Net die kern van haar loopbaan is in hierdie proefskrif saamgevat.

## Bronne

### I. ARGIVALE BRONNE

#### i. Argief van die Aktekantoor

Akte T1519/1895

Akte T7330/1920

Kaart DB49, Folio 18

#### ii. Argief van die Nederduitsch Hervormde Kerk, Pretoria

Brandt, Johanna: Anglo-Boereoorlog-dagboeke

L.E. Brandt-versameling, LIX

N.J. van Warmelo-versameling, LIII

Vergaderingnotules

#### iii. Gepubliseerde argivale bronne

Leyds, W.J., *Vierde Versameling (Correspondentie 1900-1902)*. 's-Gravenhage: N.V. Geuze & Co., 1934.

#### iv. Britse regeringspublikasies

Parliamentary Papers published by Command of the British Government:

Cd. 893: Report on the Concentration Camps in South Africa, by the Committee Ladies, appointed by the secretary of State for War of the Ladies, appointed by the Secretary of State for War, 1902.

## 2. Literatuur

### 2.1 Boeke en hoofstukke in boeke

ALLEN, V. *Kruger's Pretoria: Buildings and personalities of the city in the nineteenth century*. Kaapstad, 1971.

BARNARD-WEISS, M., *Die vrou in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Haar beeld en kerklike rol, 1940 – 1983*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1999.

BAILEY, A.A. *Letters on occult meditation*. New York, Lucifer Publishing, 1922.

BEETON, D.R., Schreiner, Olive Emilie Albertina, in DE KOCK, W.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1968, pp. 727-730.

BETTAWAY, G.T., *Encyclopedia of World Religions*. Londen, sine anno.

BICCARD, F.L.C., *Volksgeneeskunde in Zuid-Afrika*, Kaapstad, Juta, 1866.

BLAKE, A., *Boereverraaier. Teregstellings tydens die Anglo-Boereoorlog*, Kaapstad, Tafelberg, 2010.

BOSMAN, D.B. *et al.*, *Tweetalige Woordeboek Afrikaans – Engels*, Sewnde, Verbeterde Uitgawe, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg, Nasionale Boekhandel Beperk, 1969.

BOSMAN, H.S., *Een terugblik op kerklike en godsdienstige in die Transvaal*. Kaapstad, 1923.

BOTES, H.J., Ds. L.E. Brandt (1873-1939) as kerklike leier en bouer. Ongepubliseerde D.D.proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1989.

BOTES, H.J. *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika: Gemeente Johannesburg, sine anno*.

BRANDT, J., *Die Kappie Kommando of Boerevrouwen in Geheime Dienst*, Amsterdam, 1913; in Engels gepubliseer as *The Petticoat Commando, or Boer women in Secret Service*, London, 1913, en in Afrikaans as *Die Kappiekommando of Boerevroue in geheime Diens*, Kaapstad-Pretoria, 1958.

BRANDT-VAN WARMELO, J., *Het Concentratie-Kamp van Iréne*, Amsterdam-Kaapstad, 1905.

BRANDT, J., *Die Druive-kuur*, Goodwood, 1948.

BRANDT, J., *Die Nieuwe Wyn*, Bloemfontein, 1921.

BRANDT, J., “*Die Millennium*”, *een voorspelling*. Bloemfontein, 1918, in Engels gepubliseer as *The Millennium, A Prophetic Message*, Bloemfontein 1918.

BRANDT, J., *Elinda, or, Love in Carnation Valley*, London, Harmony Press, 1938.

BRANDT, J., *Patricia – a South African romance, (Pseud. Marcus Romondt)*, Johannesburg, 1923.

BRANDT, J., *The Fasting-Book*, Bloemfontein, 1921.

BRANDT, J., *The Grape Cure (How to conquer cancer naturally.)*, Kaapstad, 1927. Second, revised edition New York, 1928.

BRANDT, J., *The Paraclete or Coming World Mother*. Privaat uitgegee, 1936.

BRANDT, J., *The Red Octopus*, London, 1927.

BRANDT, J., *Smeltkroes*. Bloemfontein, 1920.

BREYTENBACH, J.H., *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, Deel I*. Pretoria, Die Staatsdrukker, 1969.

BREYTENBACH, J.H. (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*. Kaapstad, 1949.

BRINK, E. & LANDMAN, C., Man-made women: Gender, class and ideology of the volksmoeder, in C. Walker (ed.), *Women and gender in Southern Africa to 1945*, Cape Town, 1990.

BRINK, E., Die Volksmoeder, 'n beeld van die vrou, in GRUNDLINGH, A.M. & HUIGEN, S. (reds), *Van Volksmoeder tot Fokopolisiekar. Kritiese opstelle oor Afrikaanse herinneringe*. Johannesburg, 2008.

BRITS, J.P., Naudé, Jacobus Johannes, in KRÜGER, D.W. & BEYERS, C.J. (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977, p. 668.

BURDEN, J., & DEIST, F., *Kom ons doen Bybelstudie*. Pretoria, Acacia, 1991.

BUYS, M.H., Militêre regering in Transvaal, 1900-1902, ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1972.

CAINE, B., *Victorian Feminists*. Oxford, Clarendon Press, 1993.

DE VILLIERS, J.B., *Agter die somber gordyn*. Kaapstad, Griffel Media, 2011.

*Die Bybel. Nuwe vertaling*. Kaapstad, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1983.

DREYER, P.S., Brandt, Louis Ernst, in W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel II*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972, pp. 85-86.

DU TOIT, B., *Die verhaal van Johanna Brandt. Roman*. Pretoria, Protea Boekhuis, 1999.

DU TOIT, F.G.M., Brandt, Johanna, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1981, pp. 56-57.

DU TOIT, M., *Vrou en feminis: of iets oor die vroue-vraagstuk*. Bloemfontein, 1921.

EALES, R., *The Compassionate Englishwoman. Emily Hobhouse in the Boer War*. Claremont, UCT Press, 2015.

EMSLIE, T.S. (ed.), *Karoo Moon*, Cape Town, Stonewall Books, 2004.

ENGELBRECHT, B.J., Greyvenstein, Jan Hendrik Jacobus Antonij, in BEYERS, C.J. & BASSON, J.L., (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel V*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987, pp. 323-324.

ENGELBRECHT, S.P., *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Pietersburg (Zoutpansberg) 1852-1952*. Pretoria, *sino anno*.

ENGELBRECHT, S.P., *Gedenkboek van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg, 1865-1935*. Pretoria, 1935.

ESTERHUIZEN, S.J., Die ekonomiese en maatskaplike toestande van die gewese republikeinse burgers in Transvaal-kolonie, 1900-1910. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1965.

FOWLER, H.W. & FOWLER, F.G. (first eds.), *The Concise Oxford Dictionary of Current English*, Ninth edition edited by D. Thompson, Oxford, Clarendon Press, 1995.

FULLER, J.D. *The Extraordinary Life and Influence of Helena Blavatsky, Founder of the Modern Theosophical Movement*. New York, 1993.

GAUL, L., “Performativity” in the lives of Julian of Norwich (1343-1413) and Margery Kempe (1373-1438). Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, RAU, 2003.

GERDENER, T., *Suid-Afrika se groot liefdesverhale*. Johannesburg, 1951.

GILIOMEE, H., *The Afrikaners, Biography of a people*. Cape Town, 2004.

GILIOMEE, H. & MBENGA, B., *New History of South Africa*, Cape Town, 2007.

GOOSEN, D.P. (red.), *Die triomf van nasionalisme in Suid-Afrika (1910-1953) insluitende ‘n volksalbum van nasionale kampvegters in die algemene verkiesing, 1953*. Johannesburg, 1953.

GROBLER, J.E.H., Paardekraal: Eensydige herstel van die onafhanklikheid, in VAN JAARSVELD, F.A. (et al., reds), *Die Eerste Vryheidsoorlog. Van Verset en Geweld tot Skikking deur Onderhandeling 1877-1884*, Pretoria, Kaapstad, HAUM, 1980, pp. 103-116.

GROBLER, J. (ed.), *The War Diary of Johanna Brandt*. Pretoria, Protea Book House, 2007.

GROBLER, J. & GROBLER, M. *Vrouekampjoernaal. Die konsentrasiekampe van die AngloBoereoorlog*. Pretoria, Heroloda Wordworx, 2013.

GRUNDLINGH, A.M, *Die “hendsoppers” en “joiners”. Die rasionaal en verskynsel van verraad*. Pretoria, Protea Boekhuis, 1999.

GRUNDLINGH, A., Probing the prophet. The psychology and politics of the Siener van Rensburg phenomenon. *South African Historical Journal*, vol 34, 1996, pp. 225-239.

HARINGTON, A.L., Milner, Alfred, in KRÜGER, D.W. & BEYERS, C.J. (hoofreds), *SuidAfrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977, pp. 629-633.

HATTINGH, J.L., Die Irenekonsentrasiekamp, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 30/I, Pretoria, Staatsdrukker, 1967.



HEADLAM, C. (ed.), *The Milner Papers, Vol.II, South Africa 1899-1905*. Londen, Cassell & Co., 1933.

HEESE, J.A. & LOMBARD, R.T.J., *Suid-Afrikaanse Geslagregisters Volume 4 J – K*. Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1992.

HERBERMANN, C.G. (et al.), *The Catholic Encyclopaedia*, vol. 15, New York, The Encyclopedia Press, 1913.

HEXAM, I., (et al, eds), *Encountering New Religious Movements. A Holistic Evangelical Approach*. Grand Rapids, 2004.

HIND, R.J., Labouchere, Henry du Pré, in D.W. Krüger en C.J. Beyers (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel 3*, p. 504-505.

HOBHOUSE, E., *Die Smarte van die Oorlog en wie dit gely het*. In Afrikaans vertaal deur N.J. van der Merwe. Kaapstad, 1923.

HOBHOUSE, E., *The Brunt of the War and Where it fell*. Londen, 1902.

IZEDINOVA, S., *A few months with the Boers. The war reminiscences of a Russian nursing sister*, Johannesburg, 1977.

JORDAAN, M., *Vyftig jaar van Sëen, NHSV 1940–1990*. Pretoria, Nederduitsch Hervormde Sustersvereniging, 1990.

KEMP, J.C.G., *Die pad van die veroweraar*, Kaapstad, Bloemfontein en Port Elizabeth, Nasionale Pers Beperk, 1942.

KRIEL, J.D., *Emily Hobhouse en die naweë van die Anglo-Boereoorlog*. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1956.

KRITZINGER, M.S.B. & LABUSCHAGNE, F.J., *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, Sewende uitgebreide uitgawe, Pretoria, J.L. van Schaik, 1980.

KRÜGER, D.W., Stead, William Thomas, in de KOCK, W.J. & KRÜGER, D.W. (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel II*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972, pp. 724-725.

LANDMAN, C., *The piety of Afrikaans women, diaries of guilt*. Pretoria, Unisa, 1994.

LANGHAM-CARTER, R.R., Van Diggelen, Hendrik Cornelis Tromp, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1981, p. 730.

LANGNER, D. & RAATH, A. (reds.), *Die Afrikanerrebelle, 1914-1915*, Pretoria, Kraal, 2014.

LOMBARD, R.T.J., Maré, Dietlof Siegfried, in W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel II*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1972, pp. 456-457.

LOMBARD, R.T.J., Maré, Paulus, in D.W. Kruger en C.J. Beyers (hoofreds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977, pp. 595-596.

MALAN, M.P.A., *Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy Stryd en sy Prestasies, 1914-1964*. Elsiesrivier, 1964.

MARAIS, A.H., Die Oorlogsbesluit, die Rebelle en die Nasionale Party, in GEYSER, O. & MARAIS, A.H., (reds.), *Die Nasionale Party, Deel I, Agtergrond, Stigting en Konsolidasie*, Pretoria en Kaapstad, Academica, 1968, pp. 235-236.

MARITZ, L., *Afrikanervroue se politieke betrokkenheid in historiese perspektief met spesiale verwysing na die Women's National Coalition van 1991*. Stellenbosch, 2004.

MARTIN, A.C., *The Concentration Camps 1900-1902: facts, figures and fables*. Kaapstad, 1957.

MEIRING, J., *Against the tide, A story of women in war*. Westington, 2009.

MEINTJES, J., *The Anglo-Boer War 1899-1902. A Pictorial History*. Cape Town & Johannesburg, C. Struik Publishers, 1976.

MEINTJIES, J., *Olive Schreiner. Potrait of a South African Woman*, Johannesburg, Hugh Kearthland, 1965.

MORGAN, A. *Die visioene van Johanna Brandt*. Mosselbaai, 1994.

MORGAN, S. (ed.), *The Feminist History Reader*. Londen, 2006.

*Mosby's Medical, Nursing and Allied Health Dictionary*. New York, 1998.

MUSIKER, R. & N., Franks, Sir Kendal Matthew St John, in BEYERS, C.J. & BASSON, J.L. (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel V*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987, pp. 295-296.

NEW STANDARD ENCYCLOPEDIA AND WORLD ATLAS, VOL. 3, Chicago, 1968.

OTTO, J.C., *Die Konsentrasiekampe*. Kaapstad, 1954.

OTTO, J.C., Die Werk van die Pro-Boere in Engeland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, in BREYTENBACH, J.H. (red.), *Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog*, Kaapstad, 1949, pp. 401-418.

PAKENHAM, T., *The Boer War*. Johannesburg, 1979.

PARKS, S., *Big questions, worthy dreams*. San Francisco, 2000.

PEACOCK, R., *Die Geskiedenis van Pretoria 1855-1902*. Ongepubliseerde D. Phil.proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955.

PIENAAR, T.C., Armstrong, Henriette Ester Carolina, in KRÜGER, D.W. & BEYERS, C.J. (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977, p. 31.

PIENAAR, T.C., Botha, Annie Francis Bland, in KRÜGER, D.W. & BEYERS, C.J. (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977, pp. 91-92.

PIENAAR, T.C., Solomon, Georgiana Margaret, in BEYERS, C.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1981, pp. 623-624.

PIENAAR, T.C., Van Broekhuizen, Elsie Francina, in KRÜGER, D.W. & BEYERS, C.J. (hoofreds), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel III*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977, pp. 817-818.

PONT, A.D., (red.) *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente Heidelberg 1865-1965*. Krugersdorp, 1965.

PONT, A.D., Nicolaas Jacobus Van Warmelo, 1835-1892, Ongepubliseerde D.D.-proefskrif, Universiteit van Utrecht, 1955.

PONT, A.D., Van Warmelo, Nicolaas Jacobus, in W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1968, p. 877.

POSTMA, W., *Die Boervrouw, moeder van haar volk*. Bloemfontein, De Nationale Pers, Beperkt, 1918.

PRETORIUS, Z.L., Van Rensburg, Nicolaas Pieter Johannes Jansen, in C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1981, p. 749.

RAVEN, S. & WEIR, A., *Women in History: Thirty-Five Centuries of Feminine Achievement*. Londen, Weidenfeld & Nicholson, 1981.

ROBERTS, B., *Those Bloody Women. Three Heroines of the Boer War*. London, John Murray, 1991.

ROOS, J.C., “Het Transvaalse Roode Kruis” gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902. Ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa, 1943.

SHACKELTON, B., *The Grape Cure. A Living Testament*, Wellingborough, 1969.

SCHOEMAN, K., *Die Wêreld van Susanna Smit 1799-1863*, Kaapstad Johannesburg Pretoria, Human en Rousseau, 1995.

SCHOEMAN, K., *Only an anguish to live here – Olive Schreiner and the Anglo-Boer War, 1899-1902*, Cape Town & Johannesburg, Human & Rousseau, 1992.

SCHOLTZ, G.D., *Die Rebelle 1914-1915*. Johannesburg, 1942.

SCHOLTZ, G.D., *In Doodsgevaar. Die Oorlogservarings van Kapt. J.J. Naudé*. Pretoria, 1940.

SCHREINER, O., *Arbeid en die Vrou*, Johannesburg, Cosmos, 1975.

SMITH, I., *The Origins of the South African War, 1899-1902*. London & New York, Longman, 1996.

SNYMAN, A., *Siener van Rensburg. Boodskapper van God*, Vaandel-uitgewers, 1995.

SNYMAN, A., *Stem van 'n profet*. Goodwood, Hugenote-publikasies, 1993.

SPIES, S.B., Unie en onenigheid, 1910-1924, in CAMERON, T., (hoofred.), *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika in Woord en Beeld*, pp. 231-248.

STANLEY, L., *Mourning Becomes ... Post/memory, commemoration and the concentration camps of the South African War*. Johannesburg, Wits University Press, 2001.

STOCKENSTRÖM, E.E., Geskiedenis van die vroubeweging in Suid-Afrika tot 1930, met 'n inleidende hoofstuk oor die vrouestemreg in Engeland. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1944.

STREUTKER, J., Hendrina Susanna Joubert (1830-1916). Ongepubliseerde MA-verhandeling, Unisa, 1991.

SWART, S. Desperate men. The 1914 Rebellion and the politics of poverty. *South African Historical Journal*, vol 42, 2001.

SWART, S. 'Motherhood and otherhood' gendered citizenship and Afrikaner women in South Africa 1914 Rebellion,

THERON, B., *Pretoria at war 1899-1900*. Pretoria, Protea Book House, 2000.

VAN DER MERWE, M.E., Johanna Brandt en die kritieke jare in Transvaal, 1899-1908. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Universiteit van Pretoria, 1989. (Met dieselfde titel gepubliseer deur Protea Boekhuis, Pretoria, 2004).

VAN DIGGELEN, T., *Worthwhile Journey: The autobiography of Tromp van Diggelen*. Melbourne, 1955.

VAN HEYNINGEN, E., *The Concentration Camps of the Anglo-Boer War. A Social History*. Auckland Park, Jacana Media, 2013.

VAN REENEN, R. (red.), *Emily Hobhouse Boer War Letters*. Cape Town, Pretoria, Human & Rousseau, 1984.

VAN RENSBURG, T. (ed.), *Camp diary of Henrietta E.C. Armstrong: Experiences of a Boer nurse in the Irene concentration camp, 6 April-11 October 1901*. Pretoria, 1984.

VAN SCHOOR, M.C.E., *Christiaan Rudolph de Wet. Krygsman en Volksman*. Pretoria, Protea Boekhuis, 2007.

VAN WARMELO, D.S., *Mijn Commando en Guerilla-Commando Leven*, Amsterdam, A. Versluys, 1901.

VAN ZYL, M.C., *Die Protesbeweging van die Transvaalse Afrikaners 1877-1880*, Pretoria en Kaapstad, 1979.

VINCENT, L., *A Cake of Soap. The 'volksmoeder' ideology and Afrikaner women's campaign for the vote*. Johannesburg, 1999.

VISAGIE, J.C., *Voortrekkerstamouers 1835-1845*. Pretoria, Protea Boekhuis, 2011.

VIVIAN, I., (ed.), *The Flawed Diamond. Essays on Olive Schreiner*. Sydney, 2001.

WALKER, C. (ed.). *Women and gender in Southern Africa to 1945*. Cape Town, 1990.

WEIDEMAN, N.C. Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907. Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Pretoria, 1955.

WILSON, W.H., *With the Flag to Pretoria, vol.IV. Supplement: After Pretoria: the Guerilla War*. London, 1902.

WHITWORTH, B., *New Age Encyclopedia. A Mind, Body, Spirit Reference Guide*. Franklin Lakes, New Age Books, 2003.

YUVAL, Y., DAVIES, N. & ANTHIAS, F., (eds), *Women – Nation – State*. London, 1989.

## 2.2 Geleentheidspublikasies en pamflette

*Gedenkblad van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie, 1984.*

OBERHOLTZER, C.K., *Die Pretoriase Normaalkollege, 2 September 1952.*

Robson, C., *NHSV 1929-1954. Herdenkingsblad.* 1954.

SCHUMANN, J.H.L., *Antichrist en de wederkomst van Christus Zynde een Antwoord op Mev. Brandt's Millinium.* Pretoria, *sino anno.*

*South African Women's Who's Who 1938, The.* Johannesburg, 1938.

VAN DER MERWE, B.J., *1908 – 1958, 'n Halfeeu tuis in die Goudstad.* Aandenkingsprogram Nederduitsch Hervormde Kerk, Johannesburg, 1958. Johannesburg, 1958.

## 2.3 Tydskrif- en koerantartikels

BRANDT, L.E., *Varia, De Hervormer*, 15 November 1909, p. 8.

Coetzee, E.L., Johanna Brandt, *Almanak en Bybelse Dagboek van die Nederduitsch Hervormde Kerk 1985*, p. 74.

DU TOIT, B., Die eintlike Kappiekommando, *De Kat*, April 1986, pp. 5, 19-20, 28, 30.

GROBLER, J., Volksmoeders in verset: Afrikaner-vroueoptogte in Pretoria, 1915 en 1940. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 23/1, Junie 2009, pp. 26-54.

LANDMAN, C., Tussen breinaald en koeksister, *Insig*, Desember 2003, p. 18.



LOMBARD, R.T.J., F.K. en D.S.Maré – twee broers, twee landdroste in die Suid-Afrikaanse Republiek, *Historia* 13(2), Junie 1968, p. 95.

McCLINTOCK, M., ‘No longer future heaven’: Women and nationalism in South Africa, *Transition*, 51, 1991, pp 109-110.

MULLER, P., New Age: Is dit Kettery of nuwe waarheid?, *Insig*, November 1989, p. 18.

PIENAAR, T.C., Vroue voer ’n groot plan uit, *Sarie Marais*, 12 November 1958.

PRINSLOO, J.J, Die Gemeente Johannesburg. *Almanak van die Ned. Hervormde Kerk van Afrika*. Jaargang 31, 1936, p. 135.

RADDEKER, H.B., *Feminist and Postmodern Approaches in Practice*, Sceptical History, November 2007, p. 84.

ROSENTHAL,E., Kampvegter vir die Kappiekommando, *Fleur*, Maart 1948.

SMIT, A.R., ’n Vroue Organisasie in die die Ned. Herv. Kerk, *Die Hervormer*, 17 Julie 1926, p. 23.

SPIES, F.J du Toit, One day in the history of Pretoria, *Pretoriana*, vol. 56/57, 1968, p. 23.

SWART, S.S., ‘Motherhood and otherhood’ gendered citizenship and Afrikaner women in South Africa, *South African Historical Review*, vol.39, no. 2, November 2007.

THERON , F., “‘Verraad’ teen vader Abraham”, *Insig*, November 1989, p. 27.

VAN DER MERWE, R. & GROBLER, J., Dagboeke as oorlogsdokumentasie: Johanna van Warmelo se dagboek en haar beleving van die Anglo-Boereoorlog, *Literator*, 20/3, Nov. 1999, pp. 69-86.

### 3. Koerante en periodieke publikasies

*Beeld*, 26 September 1989.

*De Hervormer*, 15 Oktober 1918.

*De Spectator*, “*Speciale uitgaaaf*”, 15 Augustus 1915; 29 April 1916.

*De Volkstem*, 17 September 1915 (Byvoegsel: *De Boer*)

*Vriend des Volks*, 1 November 1915.

*Die Burger*, 23 Junie 1964.

*Die Transvaler*, 27 Junie 1939.

*Die Vaderland*, 28 Junie 1939.

*Die Volkstem*, koerantuitknipsels *sine anno*.

*Light of Truth*, Augustus 1928, 27 Oktober 1928, 1 November 1928.

*Nongqai*, November 1913.

*Ons Vaderland*, 29 November 1916.

*Physical Culture*, 17 Maart 1928.

*Rand Daily Mail*, 8 Junie 1922.

*South Africa at a glance, 2005-2006*.

*The Leader*, koerantuitknipsels *sine anno*.

*The New Age*, 24 Oktober 1901.

*Transvaal Government Gazette*, 17 April 1901.

*Transvaal Leader*, 16 August 1905.

*Zoutpansberg Review*, 16 Junie 1905; 13 Maart 1907.

### 4. Elektroniese inligtingsbronne

D.A. Robbins, The New Age Movement: What Christians Should Know, <http://www.victorious.org/pub/new-age-120>, geraadpleeg op 9 Augustus 2009.

Espionage, <http://en Wikipedia.org/wiki/Espionage>, geraadpleeg op 2012/05/20.

Grape Cure Mass Market Paperback – May 19, 2015 – by Johanna Brandt (Author), <https://www.amazon.com/Grape-Cure-Johanna-Brandt/dp/0879040025> , geraadpleeg op 1 Julie 2016.

J.C. Whorton, Benedict Lust, Naturopathy, and the Theory of Therapeutic Universalism, *Iron Game History: The Journal of Physical Culture*, Vol 8, issue 2, October 2003, <http://www.starkcenter.org/article-archive/>, geraadpleeg op 20 Maart 2010.

Johanna Brandt, <http://boerevryheid.co.za/forums/shortbread.Php.16369-op-soek-na-gesigtevan-Johanna-Brandt>, geraadpleeg op 2012-11-12.

Kundalini, [www.merriam-webster.com/dictionary/kundalini](http://www.merriam-webster.com/dictionary/kundalini), geraadpleeg op 14 Januarie 2015.

Love, P.G., Differentiating Spirituality from Religion, <https://characterclearinghouse.fsu.edu/differentiating-spirituality-from-religion/>, geraadpleeg 16 Mei 2013

*Mastery of life*, <https://www.rosicrucian.org/booklet-download>, geraadpleeg op 12 April 2013.

New Age Spirituality, <http://www.religioustolerance.org/newage.htm>, geraadpleeg op 30 Junie 2011.

Olive Emilie Albertina Schreiner, <http://zar.co.za/schreiner.htm>, geraadpleeg op 16 Februarie 2010.

Op-soek-na-gesigte-van-Johanna-Brandt, <http://boerevryheid.co.za/forums/showthread>, geraadpleeg op 12 November 2012.

'Palmistry Lines' Through History, <http://palmistryinhand.com/history-palmistry>, geraadpleeg 20 Mei 2013.

*Return of the Grape Cure*, <http://www.ralphmoss.com/cach382.html>, geraadpleeg op 30 Januarie 2010.

RMS *Mauretania* (1906), Mauretania, [https://en Wikipedia.org/wiki/RMSMauretania](https://en.wikipedia.org/wiki/RMSMauretania) (1906), geraadpleeg op 16 November 2015.

Séance – Crystallinks, <http://crystallinks.com/seance.html>, geraadpleeg op 19 Mei 2013.

SS Leviathan, [https://en.wikipedia.org/wiki/SS\\_Leviathan](https://en.wikipedia.org/wiki/SS_Leviathan), geraadpleeg 7 Mei 2014.

*The Grape Cure*, [http://wwwstephenbarrett.com/cach382.html](http://www.stephenbarrett.com/cach382.html), geraadpleeg op 30 Januarie 2010.

Theosophical Society of South Africa, <http://www.theosofie.org.za.html/aboutus>, geraadpleeg 12 April 2013.

Victoria League for Commonwealth Friendship, <http://www.vcleague.com.au/wp/history>, geraadpleeg op 2012/04/08.

What is Christian mysticism? An introduction to the heart of the Christian way, <http://frimmin.com/faith/mysticismintro.php>, geraadpleeg 21 Mei 2013.

What is a Naturopathic Doctor?, <http://www.naturopathic.org/content.asp?contentid=60>, geraadpleeg op 20 Maart 2010.

What is Theosophy, <http://theosophy.org.za/>, geraadpleeg 12 April 2013.

Williams, K., Reincarnation in Christian history, <http://www.neardeath.com/reincarnation/history/christian-history.html>, geraadpleeg op 20 Mei 2013.

## 5. Persoonlike mededeling

Gesprek tussen mev. E. Kellerman (oudste dogter van Johanna Brandt) en M.E. van der Merwe (skrywer hiervan), Pretoria, 21 September 1989.

-----

## OPSOMMING

### 'n Historiese perspektief oor die kontroversiële lewe van Johanna Brandt

Johanna Brandt neé Van Warmelo het tydens die Anglo-Boereoorlog in Pretoria gewoon toe sy as verpleegster in hospitale en later in die Irene-konsentrasiekamp asook as Boerespioen by die stryd betrokke geraak het. Kort na die oorlog is sy in Nederland met ds. L.E. Brandt getroud. Hulle het in 1903 na Suid-Afrika gekom waar Brandt predikant in die Soutpansberggemeente van die Nederduitsch Hervormde Kerk geword het, terwyl Johanna 'n spinskool gestig en by die SAVF betrokke was. Die Brandts het in 1908 na die Johannesburg-gemeente verhuis. Na die Afrikanerrebelle was Johanna betrokke by die Vroue-optog (1915) asook by die Vrouwe Nasionale Party, maar na interne twis het sy haar onttrek. Sy was 'n voorstander van vroueregte maar nooit 'n aktiewe feminis nie.

Die dood van Johanna se moeder in 1916 was vir haar traumaties en sy het geglo dat sy visioene gesien het waaroor sy die boek *Millennium* geskryf het. Haar trauma is verhoog deur haar onvermoë om die woonhuis Harmony, waar sy 'n paar jaar gaan woon het terwyl sy op die wederkoms van Christus gewag het, te behou. Sy het voorts by teosofie en natuurgeneeskunde betrokke geraak en 'n boek oor die druiwekuur geskryf. In 1923 het die Brandts na Vereeniging verhuis. Johanna het daarna op haar eie lang reise onderneem om haar kure te propageer en was onder meer vir 18 maande in Europa en die VSA. In 1930 het die

Brandts na Johannesburg verhuis waar Johanna 'n sanatorium opgerig het. Sy was ook by die Nuwe Era-beweging betrokke

Johanna en Brandt het sewe eie kinders gehad en een aangeneem. Hy is in 1939 kort na sy aftrede as gevolg van 'n fratsongeluk oorlede, waarna sy haar aan die openbare lewe onttrek het. Sy het haar in Kaapstad gevestig en steeds geskryf. Sy is in 1964 op 88-jarige leeftyd oorlede.

Verpleging	Spioenasie
Rebellie	Visioene
Feminisme	Ideologie
Sanatorium	Teosofie
Naturopatie	Kontroversieel

## ABSTRACT

### **A historical perspective on the controversial life of Johanna Brandt (1876–1964)**

Johanna Brandt (born Van Warmelo) lived in Pretoria during the Anglo Boer War. She became involved in the events as a nurse in hospitals and later on in the Irene concentration camp and also as a Boer spy. She married the Reverend L.E. Brandt in the Netherlands soon after the war. In 1903 they came to South Africa where Brandt became minister of the Zoutpansberg congregation of the *Hervormde Kerk* while Johanna organised a spinning school and joined the South African Women's Federation. In 1908 they moved to the Johannesburg congregation. After the Afrikaner Rebellion Johanna helped organize the women's march as well as the Woman's National Party, but she withdrew after internal quarrels. She was interested in women's rights but never became an active feminist.

The death of her mother in 1916 was for her traumatic and she sincerely believed that she saw visions which she explained in her book *Millennium*. While she desperately clung to her mother's home Harmony where she lived for a few years, she awaited the second coming of Christ. She also became involved in theosophy and naturopathy and wrote a book on the grape cure. In 1923 the Brandts moved to Vereeniging. Johanna subsequently undertook long tours on her own to publicize her cures, including a visit lasting 18 months to Europe and the USA. In 1930 the Brandts moved to a smallholding near Johannesburg where Johanna established a sanatorium. She also became involved in the New Age movement.

Johanna and Brandt had seven children of their own and adopted another one. He retired in 1939 but died soon afterwards in a freak accident. Johanna subsequently withdrew from public life and settled in Cape Town, where she continued writing. She died in 1964 at the age of 88.

\*\*\*\*\*

Nursing

Rebellion

Feminism

Sanatorium

Naturopathy

Espionage

Visions

Ideology

Theosophy

Controversial